

**'n Onderzoek na die seleksie en funksie van internasionale
kinderboeke wat in Afrikaans vertaal is
vir die tydperk 1990-2018**

deur

Anzette Williams

Proefskrif ingelewer vir die graad

Doktor in die Wysbegeerte (PhD) in Vertaling

*in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
aan die Universiteit van Stellenbosch*

Studieleier: Prof. A.E. Feinauer

Maart 2020

Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Anzette Williams

Maart 2020

Kopiereg © 2020 Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

Opsomming

Afrikaanse vertalings van internasionale herkoms speel 'n belangrike rol in die Afrikaanse kinderboekbedryf. Afrikaanse kinderboekuitgewers beskou die vertaling van internasionale kinderboeke as 'n ekonomiese publikasie-opsie om hiate te vul in plaaslike Afrikaanse boekproduksie. Uit 'n aanbod van talle internasionale kinderboeke word daar egter net 'n handvol geselekteer vir vertaling in Afrikaans. Hierdie studie stel ondersoek in na die plaaslike en internasionale magstrukture wat 'n rol speel in die seleksie van kinderboeke van internasionale herkoms vir vertaling in Afrikaans in die tydperk 1990-2018 en die funksie wat sodanige vertalings in die Afrikaanse doelkultuur verrig.

Die ondersoek geskied hoofsaaklik in twee fases. Eerstens deur die analise van 'n inventaris van internasionale kinderboeke wat in Afrikaans vertaal is vir die tydperk 1990-2018 en wat spesifiek vir die doeleindes van hierdie studie saamgestel is. Tweedens deur die analise van onderhoude wat met die prominentste uitgewers van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms gevoer is.

Die inventaris van internasionale kinderboeke wat in Afrikaans vertaal is dui aan watter boeke vir vertaling geselekteer is in die tydperk 1990-2018. 'n Analise van die inventaris lê ook breë seleksietendense bloot. Hierdie seleksietendense wys op die hiate wat internasionale kinderboeke in plaaslike Afrikaanse boekproduksie vul en dit bied ook inligting oor die uitgewers wat in die tydperk 1990-2018 by die vertaling van internasionale kinderboeke in Afrikaans betrokke was. Onderhoude met die prominentste uitgewers van vertaalde internasionale kinderboeke in Afrikaans bied insig in die ideologiese magstrukture wat 'n invloed uitoefen op die seleksieproses. Dié magstrukture gaan sowel beperkend as motiverend in die seleksieproses te werk en is naamlik die poëtika, vertaalnorme, die habitus van die uitgewer sowel as plaaslike en internasionale politieke en ideologiese magsverhoudings.

Hierdie studie het primêr ten doel om 'n bydrae te lewer tot vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur in Suid-Afrika deur insig te bied in die ideologiese magstrukture wat 'n invloed uitoefen op die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans en die funksie wat sodanige vertalings in die Afrikaanse doelkultuur verrig. Die inventaris van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-2018 vul ook 'n belangrike hiaat in produksiestatistiek.

Abstract

Afrikaans translations from international source texts are an important part of the Afrikaans children's book industry. Afrikaans children's book publishers regard the translation of international children's books as an economically viable publication option to fill the gaps in local book production. Although many international children's books are on offer, only a handful of these books are translated into Afrikaans. This research aims to investigate local and international power relations at play in the selection of international children's books for translation into Afrikaans for the period 1990-2018 and the function of these translations in the Afrikaans target culture.

The study unfolds in two stages. Firstly, by means of an analysis of an inventory of international children's books that were translated into Afrikaans during the period 1990-2018. The inventory has been compiled especially for this research project. Secondly, by means of an analysis of interviews conducted with the most prominent publishers of translated international children's literature in Afrikaans.

The inventory of translated international children's books indicates which books have been selected for translation into Afrikaans during the period 1990-2018. An analysis of the inventory also reveals broad selection trends. These selection trends indicate which gaps in local Afrikaans children's book production are filled by translations and also provide information about the publishers involved in the translation of international children's books into Afrikaans. Interviews with the most prominent publishers of translated international children's books provide insights into the ideological power relations that influence the selection process. These are poetics, translation norms, the habitus of the publisher, and local and international political and ideological power relations. These power relations can either act as constraints or as incentives in the selection process.

This research primarily aims to contribute to studies in translated Afrikaans children's literature in South Africa and to provide insight into the ideological power relations that influence the selection of international children's books for translation into Afrikaans and the function of these translations in the Afrikaans target culture. The inventory of translated Afrikaans children's books of international origin for the period 1990-2018 also fills an important gap in publication statistics.

Bedankings

Ek bedank graag die volgende persone en instellings vir hulle bydraes tot hierdie studie:

- my studieleier, professor Ilse Feinauer, vir haar tyd en waardevolle insette;
- die personeel van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum in Bloemfontein;
- die personeel van die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek in Pretoria;
- die uitgewers wat ingestem het om aan hierdie studie deel te neem;
- my man, John Williams, vir sy volgehoue liefde en ondersteuning.

*Opedra aan my ma,
wat my leesgierigheid van kleins
af aangemoedig het.*

Inhoud

Verklaring	ii
Opsomming	iii
Abstract	iv
Bedankings	v
Inhoud	vii
Lys figure	xvi
Lys tabelle	xix
Lys afkortings	xx
HOOFSTUK 1: Agtergrond en kontekstualisering	1
1.1 Inleiding	1
1.2 Probleemstelling, navorsingsvrae en doelstellings	5
1.3 Konteks	6
1.3.1 'n Definisie vir die begrip kinderliteratuur	6
1.3.2 Enkele faktore wat die seleksie van kinderliteratuur vir vertaling beïnvloed	10
1.3.2.1 Die volwasse bemiddelaar in kinderliteratuur	10
1.3.2.2 Vertaalnorme in kinderliteratuur	13
1.3.2.3 Die funksie van 'n vertaling in die doelkultuur	16
1.3.2.4 Die mark	18
1.3.2.5 Die habitus van die uitgewer	20
1.4 Die uiteensetting van hierdie studie	21
HOOFSTUK 2: Metodologie	22
2.1 Inleiding	22
2.2 Navorsingsontwerp	26
2.2.1 Wat is 'n navorsingsontwerp?	26
2.2.2 Wat is 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering?	27
2.2.3 Waarom 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering?	28
2.2.4 Watter tipe kwalitatiewe navorsingsbenadering?	28
2.2.4.1 Wat is 'n historiese navorsingsbenadering?	29
2.2.5 Watter tipe data?	30
2.2.6 Watter tipe data-insamelingstegnieke?	31

2.2.6.1 Die inventaris van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-2018	31
2.2.6.1.1 Die data-insamelingsproses	32
2.2.6.1.1.1 Dataparameters	35
2.2.6.1.1.2 Genre-indelings	37
2.2.6.1.1.3 Herdrukke, heruitgawes, ko-produksies, prysweners en finansiële steun uit die buiteland	39
2.2.6.1.2 Tekortkomings van die inventaris	40
2.2.6.2 Semigestruktureerde onderhoude met prominente kinderboekuitgewers in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms	41
2.2.6.2.1 Etiese klaring	42
2.2.7 Metodes vir data-analise	43
2.2.7.1 Analise van die inventaris	43
2.2.7.2 Analise van semigestruktureerde onderhoude met kinderboekuitgewers	44

HOOFSTUK 3: 'n Sisteemteoretiese benadering tot vertaalde internasionale kinderliteratuur in Afrikaans	46
3.1 Inleiding	46
3.2 Die literêre polissisteem	52
3.2.1 Intraverhoudings in die literêre polissisteem	53
3.2.1.1 Sentrum vs. periferie	53
3.2.1.2 Gekanoniseerd vs. niegekanoniseerd	54
3.2.1.3 Primêre modelle vs. sekondêre modelle	55
3.2.2 Interverhoudings in die literêre polissisteem	56
3.3 Afrikaanse kinderliteratuur as 'n subsisteem van die Afrikaanse literêre polissisteem	56
3.4 Vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur as 'n subsisteem van die Afrikaanse literêre polissisteem	60
3.4.1 Die funksionering van die vertaalde Afrikaanse kinderliteratuursisteem	63
3.4.1.1 Die produsent(e)	65
3.4.1.2 Die gebruiker(s)	66
3.4.1.3 Die institusie	68
3.4.1.4 Die mark	70
3.4.1.5 Die repertorium	73
3.4.1.6 Die produk	75

3.4.2 Sisteeme wat 'n invloed uitoefen op die funksionering van die vertaalde kinderliteratuursisteem	76
3.4.2.1 Die opvoedkundige sisteem	76
3.4.2.2 Die politieke en ekonomiese sisteem	78
3.5 Beheermeganismes in die literêre polissisteem	81
3.5.1 Ideologie en poëtika	82
3.5.2 Norme	85
3.5.2.1 Die vertaling van kinderliteratuur as 'n normbeheersde aktiwiteit	88
3.5.2.1.1 Die inisiële norm	89
3.5.2.1.2 Die preliminêre norm	96
3.5.2.2 Die bestudering van vertaalnorme	96
3.6 Kritiek teen Even-Zohar se polissisteemteorie en Toury se normteorie	99
3.7 Samevatting	104

HOOFSTUK 4: Sisteemteoretiese benadering: 'n Toepassing op vertaalde

internasionale kinderliteratuur in Afrikaans	106
4.1 Inleiding	106
4.2 Inventarisondersoek: Seleksietendense in vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-2018	107
4.2.1 Genres en subgenres wat vir vertaling geselekteer is in die tydperk 1990-2018	108
4.2.1.1 1990-1999	111
4.2.1.2 2000-2009	114
4.2.1.3 2010-2018	117
4.2.2 Innoverende vertalings	123
4.2.2.1 Vernuwende prenteboeke	123
4.2.2.1.1 Eksperimentele prenteboeke	124
4.2.2.1.2 Prenteboeke wat tot 'n volwasse leesgehoor spreek	126
4.2.2.1.3 Prenteboeke vir volwassenes	133
4.2.2.1.4 Taboe-deurbrekkende prenteboeke	134
4.2.2.2 Vernuwende fiksie: kid(d)ult- of oorgangsliteratuur	137
4.2.3 Die vertaling van internasionale prysweners	142
4.2.3.1 Pryswenners uit die Verenigde State van Amerika	143
4.2.3.1.1 Die Boston Globe-Horn Book-toekenning	143
4.2.3.1.2 Die Caldecott-medalje	143

4.2.3.1.3 Die Charlotte Zolotow-toekenning	144
4.2.3.1.4 Die Children & Teen Choice-boektoekenning	144
4.2.3.1.5 Die Coretta Scott King-toekenning	145
4.2.3.1.6 Die E.B. White Read Aloud-toekenning	145
4.2.3.1.7 Die (Theodor Seuss) Geisel-toekenning	146
4.2.3.1.8 Die Golden Kite-toekenning	146
4.2.3.1.9 Die Lewis Carroll Shelf-toekenning	146
4.2.3.1.10 Die National Book Award for Young People's Literature	147
4.2.3.1.11 Die Newbery-medalje	148
4.2.3.2 Pryswenners uit die Verenigde Koninkryk	148
4.2.3.2.1 Die British Book-toekennings: Die Children's Book of the Year-toekenning.....	148
4.2.3.2.2 Die Carnegie-medalje	149
4.2.3.2.3 Die Costa-boektoekenning	150
4.2.3.2.4 Die Kate Greenaway-medalje	150
4.2.3.2.5 Die Nestlé Smarties-boekprys	150
4.2.3.2.6 Die Red House Children's Book-toekenning	151
4.2.3.2.7 Die Scottish Children's Book-toekenning	152
4.2.3.2.8 Die Waterstones Children's Book-prys	152
4.2.3.3 Pryswenners uit Australië	153
4.2.3.3.1 The Children's Book Council of Australia Book of the Year-toekenning	153
4.2.3.4 Pryswenners uit Nederland en België	153
4.2.3.4.1 Die Boekenleeuw	153
4.2.3.4.2 Die Gouden Griffel	153
4.2.3.4.3 Die Gouden Penseel	154
4.2.3.4.4 Die Zilveren Griffel	155
4.2.3.4.5 Die Zilveren Penseel	155
4.2.3.4.6 Die Vlag en Wimpel	156
4.2.3.4.7 Die Woutertje Pieterse-prys	156
4.2.3.5 Pryswenners uit Duitsland	157
4.2.3.5.1 Die Deutscher Jugendliteratur-prys	157
4.2.3.6 Pryswenners uit Italië	157
4.2.3.6.1 Die Premio Alpi Apuane-prys	157
4.2.4 Die vertaling van klassieke en/of wêreldliteratuur	158

4.2.5 Die vertaling van kommersiële kinderboeke	163
4.3 'n Sistemiese ondersoek: Die posisie wat die subsisteem van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms in die sisteem van Afrikaanse kinderliteratuur inneem vir die tydperk 1990-2018	167
4.3.1 Resensie-analise	168
4.3.1.1 Die rol van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem	170
4.3.1.2 Die opname van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem	172
4.3.1.2.1 Die kritiese oorweging van die vertaalhandeling in resensies	175
4.3.1.2.2 Die polemieë oor Harry Potter in Afrikaans	180
4.3.2 Literêre toekennings vir kinderliteratuur in Afrikaans	184
4.3.2.1 Literêre toekennings waarvoor hoofsaaklik oorspronklike Afrikaanse kinderliteratuur in aanmerking kom	185
4.3.2.1.1 Die Scheepersprys vir Jeuglektuur	186
4.3.2.1.2 Die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die Beste Afrikaanse Kinderboek	186
4.3.2.1.3 Die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur	187
4.3.2.1.4 Die Katrine Harries-toekenning vir Kinderboekillustrasies	187
4.3.2.1.5 Die Alba Bouwer-prys vir Kinderliteratuur	188
4.3.2.1.6 Die M.E.R.-prys vir Kinder- en Jeuglektuur	189
4.3.2.1.7 Die Sanlam-prys vir Jeuglektuur	189
4.3.2.1.8 Die ATKV-kinderboektoekenning	190
4.3.2.2 Die polemieë oor pryse vir Afrikaanse kinderliteratuur	190
4.3.2.3 Literêre toekennings waarvoor hoofsaaklik vertalings en/of vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur in aanmerking kom	192
4.3.2.3.1 Die Suid-Afrikaanse Akademieprys vir Vertaalde Werk	193
4.3.2.3.2 Die Elsabé Steenberg-prys vir Vertaalde Kinder- en Jeugliteratuur in Afrikaans.....	194
4.3.2.3.3 Die SAVI-prys vir die Voortreflike Vertaling van Kinderliteratuur	195
4.3.2.3.4 Die IBBY Internasionale Toekenning vir Vertaling	198
4.4 Uitgewery-ondersoek: Die invloed van ideologie in die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans	199
4.4.1 Die inisiële norm: Geskiktheid vs. aanvaarbaarheid in die seleksie van kinderboeke vir vertaling in Afrikaans	201

4.4.2 Die preliminêre norm: 'n Onderzoek na die vertaalbeleid van Afrikaanse uitgewers	203
4.4.3 Die rol of funksie van internasionale vertalings in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem	205
4.4.4 Uitdagings en beperkings in die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans	206
4.4.5 Patronaat	208
4.5 Samevatting	214

HOOFSTUK 5: 'n Sosiologiese benadering tot vertaalde internasionale

kinderliteratuur in Afrikaans	220
5.1 Inleiding	220
5.1.1 Veld	222
5.1.1.1 Veld vs. mark	225
5.1.2 Kapitaal	225
5.1.2.1 Ekonomiese kapitaal	227
5.1.2.2 Kulturele kapitaal	227
5.1.2.3 Sosiale kapitaal	229
5.1.2.4 Simboliese kapitaal	229
5.1.3 Habitus	230
5.1.3.1 Habitus vs. norme	231
5.2 Die literêre veld	233
5.2.1 Die veld van Afrikaanse kinderliteratuur	237
5.2.2 Die ontstaan en ontwikkeling van 'n veld van Afrikaanse kinderliteratuur in ooreenstemming met die Afrikaanse taal tot 1990	238
5.2.3 Die invloed van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms op die ontwikkeling van 'n veld van Afrikaanse kinderliteratuur: 1875-1990	246
5.2.3.1 ±1875-1925	246
5.2.3.2 ±1925-1948	253
5.2.3.3 ±1948-1990	255
5.2.4 Die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms	261
5.3 Die habitus van die uitgewer	262

5.4 Vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur en die internasionale veld van mag: Vertaalstrome, dominansie en taal as kulturele kapitaal	266
5.5 Kritiek teen Bourdieu	270
5.6 Samevatting	274

HOOFSTUK 6: Sosiologiese benadering: 'n Toepassing op vertaalde internasionale kinderliteratuur in Afrikaans	279
6.1 Inleiding	279
6.2 Inventarisondersoek: 'n Uiteensetting van die struktuur van die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-2018	281
6.2.1 'n Ondersoek na uitgewers in die subveld	281
6.2.1.1 In die tydperk 1990-1999	282
6.2.1.1.1 Anansi Uitgewers	282
6.2.1.1.2 Human & Rousseau	283
6.2.1.1.3 Grolier	284
6.2.1.1.4 Daan Retief/Kennis Onbeperk	285
6.2.1.1.5 Garamond Uitgewers	285
6.2.1.1.6 Tafelberg Uitgewers	286
6.2.1.2 In die tydperk 2000-2009	287
6.2.1.2.1 Jacklin Ondernemings	288
6.2.1.2.2 J.P. van der Walt en Seun/LAPA Uitgewers	288
6.2.1.2.3 Fantasi Boeke	289
6.2.1.2.4 Pearson Education/Maskew Miller Longman	289
6.2.1.3 In die tydperk 2010-2018	289
6.2.1.3.1 Protea Boekhuis	290
6.2.1.3.2 Bargain Books	291
6.2.2 'n Ondersoek na die posisie van uitgewers in die subveld	291
6.2.2.1 In die tydperk 1990-1999	296
6.2.2.1.1 Anansi Uitgewers	296
6.2.2.1.2 Human & Rousseau	297
6.2.2.1.3 Grolier	298
6.2.2.1.4 Daan Retief/Kennis Onbeperk	298
6.2.2.1.5 Garamond Uitgewers	299
6.2.2.1.6 Tafelberg Uitgewers	300

6.2.2.1.7 Die posisie van uitgewers in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur vir die tydperk 1990-1999	301
6.2.2.2 In die tydperk 2000-2009	303
6.2.2.2.1 Human & Rousseau	303
6.2.2.2.2 Jacklin Ondernemings	304
6.2.2.2.3 LAPA Uitgewers	305
6.2.2.2.4 Fantasi Boeke	306
6.2.2.2.5 Pearson Education/Maskew Miller Longman	307
6.2.2.2.6 Die posisie van uitgewers in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur vir die tydperk 2000-2009	308
6.2.2.3 In die tydperk 2010-2018	310
6.2.2.3.1 Protea Boekhuis	310
6.2.2.3.2 Human & Rousseau	312
6.2.2.3.3 LAPA Uitgewers	314
6.2.2.3.4 Fantasi Boeke	315
6.2.2.3.5 Bargain Books	315
6.2.2.3.6 Die posisie van uitgewers in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur vir die tydperk 2010-2018	316
6.2.3 Die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms en die veld van mag	320
6.3 Uitgewery-ondersoek	325
6.3.1 Die habitus van die uitgewer	325
6.4 Samevatting	328
HOOFSTUK 7: Gevolgtrekkings	332
7.1 Inleiding	332
7.2 Die idee van literatuur as 'n polisistiem vs. die idee van literatuur as 'n veld van kulturele produksie	334
7.2.1 Sisteem vs. veld	335
7.2.2 Kanonisering in die literêre sisteem vs. die stryd om ortodoksie of heterodoksie in die literêre veld	336
7.2.3 Die repertorium in die literêre sisteem vs. beskikbare posisies in die literêre veld	337
7.3 Gideon Toury se norme vs. Pierre Bourdieu se habitus	338
7.4 Gevolgtrekkings	339

7.4.1 Navorsingsvraag 1: Watter internasionale kinderboeke is geselekteer vir vertaling in Afrikaans vir die tydperk 1990-2018?	339
7.4.2 Navorsingsvraag 2: Wat is die motiewe en beperkings wat die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans beïnvloed het vir die tydperk 1990-2018?	341
7.4.2.1 Die poëtika	341
7.4.2.2 Vertaalnorme	342
7.4.2.2.1 Die inisiële norm	342
7.4.2.2.2 Die preliminêre norm	343
7.4.2.3 Die habitus van die uitgewer	344
7.4.2.4 Die invloed van plaaslike politieke en ideologiese magstrukture	346
7.4.2.5 Die invloed van internasionale politieke en ideologiese magstrukture	348
7.4.3 Navorsingsvraag 3: Wat is die funksie van internasionale kinderboeke wat in Afrikaans vertaal is vir die tydperk 1990-2018?	349
7.5 Wetenskaplike bydrae en relevansie	351
7.6 Tekortkomings van hierdie studie	352
7.7 Voorstelle vir verdere navorsing	353
7.8 Slotopmerkings	355
Bronnelys	357
Primêre bronne	357
Fiksie-bronne	391
Addenda	393
Addendum A: Institusionele toestemmingsbrief: Deelname aan studie	393
Addendum B: Individuele toestemmingsbrief: Deelname aan semigestruktureerde onderhoude	396
Addendum C: Vrae aan uitgewers tydens semigestruktureerde onderhoude	398
Addendum D: Inventaris van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-2018	400

Lys figure

FIGUUR 1: DATA-INSAMELING EN DATA-ANALISE AS 'N ITERATIEWE PROSES (MAREE, 2010)	31
FIGUUR 2: DIE FUNKSIONERING VAN DIE LITERÊRE SISTEEM (EVEN-ZOHAR, 1990b)	63
FIGUUR 3: DIE KOMMUNIKASIEPROSES IN DIE LITERÊRE SISTEEM VIR VOLWASSENES (GHESQUIERE, 1993)	64
FIGUUR 4: DIE KOMMUNIKASIEPROSES IN DIE KINDERLITERATUURSISTEEM (GHESQUIERE, 1993)	64
FIGUUR 5: POËTIKA EN IDEOLOGIE AS BEHEERMEGANISMES IN DIE LITERÊRE SISTEEM (MUNDAY, 2012)	83
FIGUUR 6: GENRES IN VERTALING VIR DIE TYDPERK 1990-2018	109
FIGUUR 7: SUBGENRES WAT VERTAAL IS VIR DIE TYDPERK 1990-2018	110
FIGUUR 8: BREË SELEKSJETENDENSE IN GENRES VIR DIE TYDPERKE 1990-1999, 2000-2009 EN 2010-2018	111
FIGUUR 9: BOURDIEU SE METODOLOGIE (HARKER, 1990)	264
FIGUUR 10: PROMINENTE EN NAASPROMINENTE UITGEWERS VIR DIE TYDPERK 1990-1999	282
FIGUUR 11: PROMINENTE EN NAASPROMINENTE UITGEWERS VIR DIE TYDPERK 2000-2009	287
FIGUUR 12: PROMINENTE EN NAASPROMINENTE UITGEWERS VIR DIE TYDPERK 2010-2018	290
FIGUUR 13: GENRES VERTAALDE AFRIKAANSE KINDERBOEKE DEUR ANANSI UITGEWERS: 1990-1999	296
FIGUUR 14: GENRES VERTAALDE AFRIKAANSE KINDERBOEKE DEUR HUMAN & ROUSSEAU: 1990-1999	297

FIGUUR 15: GENRES VERTAALDE AFRIKAANSE KINDERBOEKE DEUR GROLIER:	
1990-1999	298
FIGUUR 16: GENRES VERTAALDE AFRIKAANSE KINDERBOEKE DEUR DAAN	
RETIEF/KENNIS ONBEPERK: 1990-1999	299
FIGUUR 17: GENRES VERTAALDE AFRIKAANSE KINDERBOEKE DEUR	
GARAMOND UITGEWERS: 1990-1999	300
FIGUUR 18: GENRES VERTAALDE AFRIKAANSE KINDERBOEKE DEUR	
TAFELBERG UITGEWERS: 1990-1999	301
FIGUUR 19: GENRES VERTAALDE AFRIKAANSE KINDERBOEKE DEUR HUMAN &	
ROUSSEAU: 2000-2009	304
FIGUUR 20: GENRES VERTAALDE AFRIKAANSE KINDERBOEKE DEUR JACKLIN	
ONDERNEMINGS: 2000-2009	305
FIGUUR 21: GENRES VERTAALDE AFRIKAANSE KINDERBOEKE DEUR LAPA	
UITGEWERS: 2000-2009	306
FIGUUR 22: GENRES VERTAALDE AFRIKAANSE KINDERBOEKE DEUR FANTASI	
BOEKE: 2000-2009	307
FIGUUR 23: GENRES VERTAALDE AFRIKAANSE KINDERBOEKE DEUR PEARSON	
EDUCATION/MASKEW MILLER LONGMAN: 2000-2009	307
FIGUUR 24: 'N EENVOUDIGE VOORSTELLING VAN DIE STRUKTUUR VAN DIE	
SUBVELD VAN VERTAALDE AFRIKAANSE KINDERLITERATUUR VAN	
INTERNASIONALE HERKOMS VIR DIE TYDPERK 2000-2009	310
FIGUUR 25: GENRES VERTAALDE AFRIKAANSE KINDERBOEKE DEUR PROTEA	
BOEKHUIS: 2010-2018	311
FIGUUR 26: GENRES VERTAALDE AFRIKAANSE KINDERBOEKE DEUR HUMAN &	
ROUSSEAU: 2010-2018	313
FIGUUR 27: GENRES VERTAALDE AFRIKAANSE KINDERBOEKE DEUR LAPA	
UITGEWERS: 2010-2018	314
FIGUUR 28: GENRES VERTAALDE AFRIKAANSE KINDERBOEKE DEUR FANTASI	
BOEKE: 2010-2018	315

FIGUUR 29: GENRES VERTAALDE AFRIKAANSE KINDERBOEKE DEUR BARGAIN	
BOOKS: 2010-2018	316
FIGUUR 30: 'N EENVOUDIGE VOORSTELLING VAN DIE STRUKTUUR VAN DIE	
SUBVELD VAN VERTAALDE AFRIKAANSE KINDERLITERATUUR VAN	
INTERNASIONALE HERKOMS VIR DIE TYDPERK 2010-2018	318
FIGUUR 31: TALE WAARUIT AFRIKAANSE KINDERBOEKE VERTAAL IS IN DIE	
TYDPERK 1990-2018	322

Lys tabelle

TABEL 1: WENNERS VAN DIE BOSTON GLOBE-HORN BOOK-TOEKENNING	143
TABEL 2: WENNERS VAN DIE CALDECOTT-MEDALJE	143-144
TABEL 3: WENNERS VAN DIE LEWIS CAROLL SHELF-TOEKENNING	147
TABEL 4: WENNERS VAN DIE CHILDREN'S BOOK OF THE YEAR-TOEKENNING	149
TABEL 5: WENNERS VAN DIE NESTLÉ SMARTIES-BOEKPRYS	151
TABEL 6: WENNERS VAN DIE RED HOUSE CHILDREN'S BOOK-TOEKENNING	151-152
TABEL 7: WENNERS VAN DIE GOUDEN GRIFFEL	154
TABEL 8: WENNERS VAN DIE ZILVEREN GRIFFEL	155
TABEL 9: WENNERS VAN DIE VLAG EN WIMPEL	156
TABEL 10: VERTALINGS WAT BEFONDSING ONTVANG HET VANAF DIE NEDERLANDS LETTERENFONDS	209-210
TABEL 11: VERTALINGS WAT BEFONDSING ONTVANG HET VANAF DIE STICHTING MONDRIAAN	211
TABEL 12: VERTALINGS WAT BEFONDSING ONTVANG HET VANAF DIE VLAAMS FONDS VOOR DE LETTEREN	212
TABEL 13: 'N EENVOUDIGE VOORSTELLING VAN PROTEA BOEKHUIS SE SELEKSIE VAN PRYSWENNERBRONTEKSTE	312
TABEL 14: 'N EENVOUDIGE VOORSTELLING VAN HUMAN & ROUSSEAU SE SELEKSIE VAN PRYSWENNERBRONTEKSTE	314

Lys afkortings

A	–	Avontuurverhale
B	–	Bildungsromans
D	–	Didaktiese boeke
DV	–	Diereverhale
F	–	Fantasieë en sprokies
G	–	Gruwelverhale
GKB	–	Geïllustreerde kinderboeke
H	–	Humoristiese verhale
HV	–	Historiese verhale
KB	–	Kartonboeke
KSI	–	Kinderboeke sonder illustrasies
KV	–	Kinderverse en boeke in rymvorm
M	–	Mitologie
OB	–	Opwipboeke en boeke met flappies
P	–	Probleemboeke
PB	–	Prenteboeke
PLB	–	Plakkerboeke
R	–	Realistiese verhale
RB	–	Reeksboeke
S	–	Simboliese verhale
SP	–	Strokiesprente
SS	–	Slaaptydstories
V	–	Vermaaklike boeke
VV	–	Volksverhale en fabels
WF	–	Wetenskapfiksie

Hoofstuk 1

Agtergrond en kontekstualisering

1.1 Inleiding

It is thanks to translators that children from all over the world can step through the magical looking-glass and venture into the beguiling world of Andersen's fairy tales and Alice's unexpected, mind-boggling Wonderland, or can indulge in the charmingly anarchistic fabrications of Pippi Longstocking, and – more recently – the thrilling, often spine-chilling, universe of Harry Potter (Van Coillie & Verschueren, 2006:v).

Waarom word boeke vir kinders vertaal? Eiselen (2005:135) voer die volgende redes aan: om gehaltelektuur, soos pryswenner, plaaslik aan kinders beskikbaar te stel; om kinders op 'n vroeë ouderdom bloot te stel aan ander lande en mense se kulture; om as inspirasie te dien vir plaaslike skrywers en illustreerders en sodoende literêre standaarde te verhoog (Frank, 2007:28; Ghesquiere, 2006:25); om kinders bloot te stel aan internasionale tendense soos blitsverkopery; en om met behulp van ko-produksies boeke meer bekostigbaar te maak (Eiselen, 2005:135). In 'n kleiner taal soos Afrikaans word kinderboeke ook vertaal om hiate in plaaslike boekproduksie te vul (Kruger, 2010:101).

Vertalings speel 'n belangrike rol in die Afrikaanse kinderboekbedryf (Kruger, 2010:49; 2012:10) en bied al sedert die neëntiende eeu aan Afrikaanse kinders toegang tot wêreldliteratuur.¹ Ons leeservaring en dié van ons kinders sou aansienlik armer wees sonder die Afrikaanse vertalings van internasionale boeke soos *Alice se avonture in Wonderland*, *Pippie Langkous*, *Die wonderbaarlike reis van Nils Holgersson*, *Winnie-die-Poeh* en die fabels en sprokies van Andersen en die Grimm-broers, om net 'n paar te noem.

Volgens Van der Walt (2005a:14) het Afrikaanse kinderliteratuur sy beslag gekry ná die Eerste Taalbeweging, teen die einde van die neëntiende eeu. Dit is in hierdie tyd dat die heel eerste boeke in Afrikaans vir kinders geskryf is.² Weinig kinderboeke is op eie bodem

¹ Volgens Eiselen (2005:138) is vertaalde inheemse sprokies, volksverhale en diereverhale gepubliseer in die tydskrif *Ons Klyntji*, wat in 1896 ontstaan het.

² Voorheen is weinig literatuur gepubliseer wat vir kinders geskryf is (skoolboeke uitgesluit), en moes kinders tevrede wees met die boeke wat hulle ouers lees (Van der Walt, 2005a:15).

geskep en die vertaling van kinderboeke van internasionale herkoms is onderneem om te dien as aanvullings tot die beperkte inheemse verhaalskat (Eiselen, 2005:135).

Ná die oorwinning van die Nasionale Party in 1948 en in die apartheids-era is die Afrikaanse taal, letterkunde en kultuur bevoordeel (Venter, 2006:4) en het die produksie van Afrikaanse boeke voorrang geniet (Venter, 2006:2). Dit het ook vir die Afrikaanse kinderboek 'n vrugbare tydperk ingelui. Hierdie tydperk het gestrek vanaf die 1940's tot in die 1990's, toe die politieke omwenteling in Suid-Afrika eensyds gelei het tot die bevryding van die Suid-Afrikaanse uitgewerswese (Fairer-Wessels & Van der Walt, 1999:9) en andersyds tot skielike ekonomiese druk op Afrikaanse uitgewers: Weens veranderde markomstandighede moes uitgewers hulle publikasie- en bemerkingstrategieë drasties hersien (Struik, 2008:220).

Gedurende die vrugbare ontwikkelingstydperk tussen 1940 en 1990 is vertalings van gekanoniseerde kinderboeke en prysweners van regoor die wêreld in Afrikaans onderneem (Eiselen, 2005:135). Hierdie vertalings het oorspronklike Afrikaanse kinderliteratuur in só 'n mate beïnvloed dat dit bygedra het tot 'n vernuwing in die oorspronklike Afrikaanse kinderboek in die 1950's (Van der Walt, 2005a:22).

Vertalings van internasionale herkoms het deur die jare verskillende funksies in die Afrikaanse literêre sisteem verrig: Vanaf 1900 tot sowat 1950 het vertalings daartoe bygedra om Afrikaans as spreek- en skryftaal uit te bou en te vestig (Eiselen, 2005:138); sedert die 1950's was daar 'n opbloeï en herlewing in die Afrikaanse literêre polisteseem (Oosthuizen, 2010:70), waartoe die vertaling van die room van Europese boeke 'n groot bydrae gelewer het (Eiselen, 2005:138); en nog tot in die twintigste eeu het vertalings 'n belangrike bydrae gelewer in die voorsiening van leesstof vir Afrikaanse kinders omdat dit nie vir Afrikaanse skrywers moontlik was om genoeg inheemse boeke te produseer nie. Suid-Afrikaanse uitgewers beskou vertaling vandag nog as 'n ekonomies haalbare manier om te voorsien in die groot aanvraag na kinderboeke in Suid-Afrika (Kruger, 2010:51). Trouens, vertalings oorheers die Afrikaanse kinderboekemark (Kleyn & Snyman, 2010:37).

Die politieke transformasie sedert 1990 het 'n groot impak op die uitgewersbedryf in Suid-Afrika gehad: Ná die verdwyning van die voorskryf-³ en biblioteekmark kon uitgewers nie

³ Die voorskryfmark het in 1998 ineengestort weens gebrek aan aankope van die onderwysdepartement. In hierdie jaar het besteding van sowat R850 miljoen gedaal tot R260 miljoen (Barnard, 2005:26).

meer soveel inheemse Afrikaanse kinder- en jeugboeke publiseer soos voorheen nie (Barnard, 2005:21; Fairer-Wessels & Van der Walt, 1999:98; Venter, 2006:7). Uitgewers moes skielik begin voorsiening maak vir boeke wat by die publiek in aanvraag sou wees eerder as boeke wat by die regering sou byval vind (Fairer-Wessels & Van der Walt, 1999:98; Struik, 2008:252). Boonop is daar 'n tekort aan plaaslike skrywers en illustreerders van kinderliteratuur in Afrikaans. Kleyn en Snyman (2010:35) beweer dat slegs 'n klein groepie skrywers en illustreerders bydra tot oorspronklike literatuur vir kinders in Afrikaans.

Uitgewers word dus, weens ekonomiese druk en gebrek aan plaaslike skrywers, genoodsaak om staat te maak op vertalings en herdrukke (Kleyn & Snyman, 2010:36). Daarby is die Suid-Afrikaanse kinderboekmark relatief klein (Fairer-Wessels & Van der Walt, 1999:100). Uitgewers is in 'n groot mate van vertalings en ko-produksies afhanklik om die drukkoste laag te hou ten einde die publikasie van kinderboeke meer lewensvatbaar te maak (Fairer-Wessels & Van der Walt, 1999:100).

Literêre vertalings, waaronder boeke vir kinders, gaan gepaard met 'n lang proses van seleksie van 'n bronteks deur byvoorbeeld die uitgewer (Broomans, Linn, Vogel, Van Voorst & Bay, 2006:1) – wat in wese 'n kommersiële besigheid is (Ghesquiere, 1993:50). Soos Fairer-Wessels en Van der Walt (1999:99) opmerk: “Die feit van die saak is ... dat uitgewers geld wil maak.” Terwyl die seleksie van kinderboeke vir vertaling in Afrikaans vóór 1990 (toe Afrikaanse biblioteke en skole nog ruim staatsubsidies verkry het) meer klem kon lê op die literêre meriete van 'n bronteks, moes uitgewers ná 1990 in 'n vrye (en bevryde) boekmark hulle publikasie- en bemarkingstrategieë drasties hersien ten einde die winsaspek goed in berekening te bring.

As gevolg hiervan heers daar kommer oor vertalings in die Afrikaanse kinderboekbedryf. Sommige rolspelers meen dat die seleksie van kinderboeke vir vertalings in Afrikaans gemotiveer word deur gewildheid eerder as literêre meriete (Eiselen, 2005:143). Besware word ook geopper dat die Afrikaanse kinderboekmark toegegooi word met die vertaling van goedkoop internasionale massaprojekte wat vir uitgewers ekonomies is om te publiseer (Van der Walt, 2005b:136). Daarby volg kommer oor veramerikaansing van die Afrikaanse kinderliteratuursisteem, aangesien 'n groot aantal vertalings uit Amerikaans-Engelse brontekste afkomstig is (Hugo, 2004:12).

Die kommer oor vertaalde Afrikaanse kinderboeke is nie ongegrond nie, want “translation activities and their products not only can, but do cause changes in the target culture” (Toury, 1995:27). Ook Lefevere (1992:viii) plaas klem op die mag van vertalings en verwys na vertalings as ’n “shaping force” in die doelkultuur (Lefevere, 1992:viii). Voorts meen Ghesquiere (2006:30) dat vertalings nie altyd positief tot ’n doelkultuur bydra nie en dat vertalings soms die ontwikkeling van ’n eie kinderliteratuur kan verhinder of selfs inhibeer (sien ook Bamberger, 1978:23). ’n Oplossing vir dié probleem is moontlik te vinde in ’n weldeurdagte vertaalbeleid:

Stimulating the development of indigenous children’s literature in the non-Western world is the biggest challenge of all. If translations and a well-considered translation policy can contribute to this, then children’s literature will unquestionably remain in need of translations (Ghesquiere, 2006:32).

Vertalings is en bly belangrik vir Afrikaanse kinderliteratuur en hoewel boeke beskik oor ’n ekonomiese waarde, beskik dit ook oor ’n kulturele waarde (Barnard, 2005:21). Indien ’n weldeurdagte vertaalbeleid gehandhaaf word tydens die seleksie van kinderboeke vir vertaling in Afrikaans, kan vertalings van internasionale herkoms die publikasie van oorspronklike kinderliteratuur in Afrikaans stimuleer (sien Ghesquiere, 2006:32).

Volgens Thomson-Wohlgemuth (1998:42) is daar hoofsaaklik vier belangrike rolspelers by die vertaling van kinderliteratuur betrokke:

The four principal players in the translation process, who influence a children’s book from its conception onwards, are the author, the translator, the publisher and the critic.

In hierdie studie word daar spesifiek ondersoek ingestel na die rol van die doelteksuitgewer in die seleksie van tekste vir vertaling. Die uitgewer speel ’n belangrike rol in die seleksieproses (Broomans *et al.*, 2006:1; Buchholtz, 2001:19).⁴ As boekhandelaar tree die uitgewer as ’n bemiddelaar op by die aankoop van buitelandse boeke vir vertaling en die uitgewer word ook as “opdraggewer” vir vertalings beskou (Ghesquiere, 1993:53), want “[u]it het massale aanbod selecteren ze een beperkt aantal boeken die ze om een of andere reden waardenvol vinden” (Ghesquiere, 1993:25).

⁴ Die seleksie van tekste vir vertaling berus nie noodwendig op slegs die goedkeuring van die uitgewer nie. Daar kan ’n netwerk van agente betrokke wees by die seleksie van ’n teks vir vertaling, waaronder die uitgewer, bemarker(s), boekverkenner(s) (*scouts*) en selfs vertalers (Broomans *et al.*, 2006:1; Buchholtz, 2001:19).

Op dié manier vervul die uitgewer 'n dubbele rol: dié van boekhandelaar, maar ook dié van hekwagter (Ghesquiere, 1993:50, 51). Soos Bay (2006:24) dit stel:

In het literaire veld fungeert de uitgever als “gatekeeper”, een instantie die bepaald wie of wat toegang tot een bepaalde markt krijgt en daardoor beschikbaar kan worden gesteld aan het publiek.

1.2 Probleemstelling, navorsingsvrae en doelstellings

Uit 'n aanbod van talle internasionale kinderboeke word net 'n handvol geselekteer vir vertaling in Afrikaans. Die motiewe en beperkings wat werksaam is in die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans in die tydperk 1990-2018 en die funksie van sodanige vertalings in die Afrikaanse doelkultuur word in hierdie studie ondersoek. Die studie word deur die volgende navorsingsvrae gerig:

- Watter internasionale kinderboeke is geselekteer vir vertaling in Afrikaans vir die tydperk 1990-2018?
- Wat is die motiewe en beperkings wat die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans beïnvloed het vir die tydperk 1990-2018?
- Wat is die funksie van internasionale kinderboeke wat in Afrikaans vertaal is vir die tydperk 1990-2018?

Die doel van die studie is om 'n bydrae te lewer tot die ondersoek na vertaalde kinderliteratuur in Suid-Afrika, spesifiek vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur. Die seleksie van internasionale kinderliteratuur vir vertaling in Afrikaans en die funksie van sodanige vertalings in die Afrikaanse doelkultuur het nog geen grondige navorsing ontvang nie. Deur insig te bied in die motiverings, beperkings en magstrukture wat 'n invloed uitoefen op die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans, sowel as die funksie wat sodanige vertalings in die Afrikaanse doelkultuur verrig, bied hierdie studie inisiële data waarop verdere navorsing kan voortbou.⁵

⁵ Ten einde diepte-navorsing te doen oor die seleksie en funksie van vertalings in die Suid-Afrikaanse konteks, is hierdie studie se fokus geplaas op vertalings uit alle internasionale tale na slegs een Suid-Afrikaanse doeltaal, naamlik Afrikaans. Vir 'n omvattender studie oor die seleksie en gebruik van vertalings in die Suid-Afrikaanse konteks met 'n fokus op plaaslike sowel as internasionale vertalings in Engels, Afrikaans en Suid-Afrika se inheemse Afrika-tale, raadpleeg Kruger 2010 en 2012.

Die studie het ook ten doel om 'n inventaris van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms saam te stel wat in die tydperk 1990-2018 in Suid-Afrika gepubliseer is. Hierdie inventaris vul 'n belangrike hiaat in produksiestatistiek en lê die grondslag vir verdere ondersoek in die veld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur in Suid-Afrika.

1.3 Konteks

Vir kontekstualisering word 'n gepaste definisie van die begrip kinderliteratuur vir die doeleindes van hierdie studie geformuleer (afdeling 1.3.1). Hierop volg enkele faktore wat die seleksie van kinderliteratuur vir vertaling beïnvloed (afdeling 1.3.2), naamlik die volwasse bemiddelaar in kinderliteratuur (afdeling 1.3.2.1), vertaalnorme in kinderliteratuur (afdeling 1.3.2.2), die funksie van 'n vertaling in die doelkultuur (afdeling 1.3.2.3), die mark (afdeling 1.3.2.4) en die habitus van die uitgewer (afdeling 1.3.2.5).

1.3.1 'n Definisie vir die begrip kinderliteratuur

Kinderliteratuur verwys in die algemeen na 'n variasie van uiteenlopende tekste (Desmet, 2007:29; Ghesquiere, 1993:137; Nieman, 2005:123; O'Sullivan, 2013:451). Dit sluit in kinderverse, sprokies, prenteboeke, strokiesprente, geïllustreerde niefiksie (soos plasboeke, telboeke en 'n verskeidenheid ensiklopedieë) asook fiksie (waaronder avontuurverhale, fantasieverhale, humoristiese boeke en reeksboeke).

Die juiste betekenis van die samestelling "kinderliteratuur" is egter onduidelik. Stevenson (2011:179-180) maak hieroor die volgende uitlating:

To define children's literature we need, at bare minimum, to define a child and to define literature, and then to define what combination of their meeting counts as the genre. Defining children isn't always as simple as it would seem.

Kinderliteratuur word algemeen geïnterpreteer as een van (minstens) drie moontlikhede: literatuur wat deur kinders geskryf word, literatuur wat vir kinders geskryf word of literatuur wat deur kinders gelees word (Desmet, 2007:26; Ghesquiere, 1993:9; Lesnik-Oberstein, 1999:15; Rose, 1984:12).

Al drie hierdie betekenis is gedeeltelik waar, maar blyk op hulle eie ontoereikend te wees. Weinig gepubliseerde kinderliteratuur word deur kinders self geskryf (Desmet, 2007:27; Ghesquiere, 1993:10) en hoewel kinderliteratuur algemeen beskou word as literatuur wat

vir kinders geskryf word (Desmet, 2007:27), is hierdie perspektief nie omvattend genoeg nie: Kinders lees graag boeke wat vir volwassenes geskryf word en andersom (Oittinen, 2006:35).

Boeke soos *Robinson Crusoe* deur Daniel Defoe en *Gulliver's travels* deur Jonathan Swift is vir volwassenes geskryf, maar het weldra kinderboeke geword (Nieman, 2005:124). Daarteenoor is byvoorbeeld *The hobbit* van J.R.R. Tolkien en die *Harry Potter*-reeks van J.K. Rowling vir 'n kindergehoor geskryf, maar dit word deur kinders en volwassenes gelees (Nieman, 2005:125). Boonop heers daar by sommige boeke onduidelikheid of dit tot 'n volwasse of kindergehoor spreek, byvoorbeeld *Die dinge van 'n kind* deur Marita van der Vyfer. Hierdie boek is bemark as literatuur vir volwassenes, maar is deur resensente as jeugliteratuur getipeer, enersyds omdat die verhaal uit 'n kind se perspektief vertel word en andersyds omdat die boek inderdaad 'n jeugdige gehoor aantrek (sien Fairer-Wessels & Van der Walt, 1999:96).

Hierdie soort grensoorskrydende literatuur wat sowel 'n kinder- as volwasse leesgehoor het, word geklassifiseer as oorgangsliteratuur (Nieman, 2005:135). Om kinderliteratuur te definieer as “die boeke wat kinders lees”, is dus veels te breed. Soos Gubar (2011:209) tereg meen:

If we define it as literature read by young people, any text could potentially count as children's literature, including Dickens novels and pornography.

Sou die begrip “kinderliteratuur” se onderskeie dele, naamlik “kind(er)” en “literatuur” ter verheldering as 'n samestelling ontleed word, slaag dit steeds nie daarin om hierdie komplekse begrip voldoende te verklaar nie. Die “kind” in kinderliteratuur verwys nie net na een enkele kind nie, maar dit kan ook nie na 'n groep kinders verwys nie, want geen groep kinders is eenvormig nie. Of soos Zipes (2001:40) dit stel: “As we all know, children cannot easily be lumped together in one amorphous category.” Kinders verskil in byvoorbeeld ouderdom en geslag (Nodelman, 2008:6). Boonop verander die gehuldigde persepsie van “die kind” van een eeu na die volgende (Nodelman, 2008:6). Soos Nodelman (2008:6) opmerk:

The children implied as the audience for these texts of “children's literature” are not necessarily the same or even similar children ... The uniformity implied by the shared label is, apparently, illusory.

Trouens, die kind in kinderliteratuur bestaan nie:

To say that the child is inside the book – children’s books are after all as often as not *about* children – is to fall straight into a trap. It is to confuse the adult’s intention to get at the child with the child it portrays. If children’s fiction builds an image of the child inside the book, it does so in order to secure the child who is outside the book, the one who does not come so easily within its grasp (Rose, 1984:2).

Die tweede komponent van die samestelling, naamlik “literatuur”, is ook problematies. Kinderliteratuur word nie as ernstige literatuur, oftewel “Literatuur”, beskou nie. Volgens Van Coillie en Verschueren (2006:v) word ernstige literatuur met volwasse literatuur vereenselwig. Die begrip “Literatuur” verwys na tekste van erkende skrywers wat as waardevol geag word (Ghesquiere, 1993:20). Sodanige tekste word gehuldig as “die beste” wat die kultuur kan bied (Hunt, 1991:50). Hierdie betekenis van die begrip is normatief van aard en bevat waardeoordele oor wat as “goed” of “minderwaardig” beskou moet word (Ghesquiere, 1993:20). Kinderliteratuur en die skrywers daarvan geniet inderdaad minder aansien (Ghesquiere, 1993:23; Kleyn & Snyman, 2010:27); literatuur vir kinders word dus as minderwaardig geag en kan nie as “Literatuur” beskou word nie.

Boonop heers daar verwarring oor die presiese omvang van die begrip “kinderliteratuur” – dit word dikwels as ’n sambreelterm ingespan om te verwys na sowel kinder- as jeugliteratuur (sien Fairer-Wessels & Van der Walt, 1999:95-105 en Nodelman, 2008:6) en net so word jeugliteratuur gebruik om te verwys na sowel jeug- as kinderliteratuur (sien Ghesquiere, 1993:10 en Oosthuizen, 2010:27). Trouens, albei begrippe word soms uitruilbaar gebruik asof dit dieselfde betekenis het (vergelyk Nieman, 2005:123).

Kinderliteratuur blyk ’n uiters komplekse verskynsel te wees waarvan die presiese betekenis nie maklik in een definisie saamgevat kan word nie (Gubar, 2011:212; Hunt, 1991:42). Gubar (2011:214) sê dat een definisie moontlik, maar nie wenslik is nie:

The point is not that it is impossible to do but rather that any definition attentive to the glorious messiness and multiplicity of children’s literature would be so long, complicated, and qualified that it would be of no value to us.

Daarteenoor meen Hunt (1991:42) dat definisies bepaal word deur hulle doel: “Just as most questions imply their answers, so definitions are controlled by their purpose.” In die lig van

die problematiek om 'n enkele definisie vir die begrip “kinderliteratuur” saam te stel, word talle studies volgens Hunt (1991) se doelgeoriënteerde definisie gebaseer op 'n pragmatiese perspektief wat vir die doeleindes van daardie studie geskik is (Desmet, 2007:23, 29). Dit is 'n uitgangspunt wat ook in hierdie studie gevolg word.

Ten einde 'n inventaris van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms saam te stel wat in Suid-Afrika gepubliseer is in die tydperk 1990-2018, is kinderliteratuur vir die doeleindes van dié studie beskou as dit wat op Afrikaanse kinderboekuitgewers se publikasielyste as vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur verskyn, asook dit wat in die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) en die Nasionale Suid-Afrikaanse Biblioteek in Pretoria (NSAB) as vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur in katalogusse opgeneem is (sien afdeling 2.2.6.1). In die opsig stem hierdie studie se definisie van kinderliteratuur ooreen met dié van Nodelman (2008:4):

[C]hildren's literature might be defined as those texts produced in the hope of attracting an audience of children. Children's literature is not so much what children read as what producers hope children will read (sien ook O'Sullivan, 2013:451-452).

Weens die problematiek wat betref die breë ouderdomsgroepering van die begrip “kinderliteratuur” wat moontlik probleme kan inhou indien data vanaf meer as een bron ingesamel word, is die ouderdomsgroepering wat vir die Elsabé Steenberg-prys vir Vertaalde Kinder- en Jeugliteratuur in Afrikaans as kinderliteratuur geld, naamlik literatuur vir kinders tussen die ouderdom van vyf en 12 jaar, ook vir die doeleindes van hierdie studie gebruik (sien afdeling 4.3.2.3.2). Wanneer die studie vervolgens na kinderliteratuur verwys, verwys dit slegs na literatuur vir dié ouderdomsgroep.

Voorts is die begrip “literatuur” in die samestelling “kinderliteratuur” volgens die polisisteamteorie van Even-Zohar (1978a; 1978b; 1990a; 1990b) geïnterpreteer. Volgens Even-Zohar se polisisteamteorie word literatuur as 'n hiërargies gestruktureerde en dinamiese sisteem beskou waarin diverse subsisteme in voortdurende wisselwerking is met mekaar (Even-Zohar, 1978b:125).

Volgens die polisisteamteorie funksioneer Afrikaanse kinderliteratuur as 'n subsisteem naas ander literêre sisteme (sien ook Fouché, 2012:91; Kruger, 2010:8; Oosthuizen, 2010:24). Hierdie interpretasie van literatuur hou geen implisiete waardeoordele in nie en dien slegs as 'n heuristiese konsep om literatuur, in welke vorm ook al, te bestudeer (Ghesquiere,

1993:21). Die polisisteamteorie maak dit dus moontlik om gemarginaliseerde vorms van literatuur, soos vertaalde literatuur en literatuur vir kinders te bestudeer (Even-Zohar, 1990a:13). Even-Zohar se polisisteamteorie word in hierdie studie ook aangevul met Pierre Bourdieu (1990a:87-88; 1993:163-164) se konsepte “veld”, “kapitaal” en “habitus”.

1.3.2 Enkele faktore wat die seleksie van kinderliteratuur vir vertaling beïnvloed

1.3.2.1 Die volwasse bemiddelaar in kinderliteratuur

Volgens Desmet (2007:16) word kinderliteratuur dikwels in direkte teenstelling tot volwasse literatuur beskou, en is die didaktiese funksie van kinderliteratuur een van die hoofkenmerke wat dit van volwasse literatuur onderskei:

Children’s literature is usually defined in opposition to adult literature. Whereas aesthetic considerations dominate present-day discussions of adult literature a major concern in children’s literature discussions is its pedagogical function.

Vanaf die ontstaan van kinderliteratuur is dit nou aan die pedagogiek verbonde (Ghesquiere, 1993:14). Die belang wat volwassenes aan kinderliteratuur as opvoedingsmiddel heg, is ook een van die hoofredes waarom volwassenes met die inhoud van kinderliteratuur gemoeid is (Ghesquiere, 1993:111). Hieroor maak Stevenson (2011:180) die volgende uitlating:

Didacticism remains a strong element of contemporary children’s books ostensibly designed for pleasure (Dr. Seuss, for instance, is one of the most unflaggingly moralistic authors in children’s literature history), and children’s literature remains an important instrument of education; even the library science advocacy for reading often boils down to encouraging children to find pleasure in books so that they may progress better in education.

Kinderliteratuur word algemeen beskou as literatuur wat “goed” is vir die kind (Hunt, 1991:43; Lesnik-Oberstein, 1999:15), en dit altyd vanuit die perspektief van die volwassene. Daarby is volwassenes ook met die inhoud van kinderliteratuur gemoeid omdat dit in ’n mindere of meerdere mate ’n sosialiserende funksie verrig en ’n kultuur se norme en waardes aan kinders oordra (Desmet, 2007:69; Frank, 2007:20; Ghesquiere, 1993:165). Kinderliteratuur het dus altyd ’n dubbele leesgehoor, want “over de hoofden van zijn jongen

lezers heen knipoogt de auteur naar de volwassene meelezers” (Ghesquiere, 1993:26; sien ook Oittinen, 2006:35).⁶

Buiten die dubbele leesgehoor, word kinderliteratuur boonop geskryf deur volwassenes, uitgegee deur volwassenes, gekritiseer deur volwassenes vir die gebruik van ander volwassenes, terwyl dit eintlik vir kinders bestem is (Desmet, 2007:31; Ghesquiere, 1993:25; O’Sullivan, 2013:452). Kinderliteratuur word gekenmerk deur ’n asimmetriese verhouding tussen die bestemde leesgehoor, kinders, en die volwasse produsente, verspreiders en kritici (Desmet, 2007:19; O’Sullivan, 2013:452). Gevolglik speel die volwassene ’n groter rol in kinderliteratuur as die kind self. Dit is waarom Rose (1984:1) meen kinderliteratuur is onmoontlik:

Children’s fiction is impossible, not in the sense that it cannot be written (that would be nonsense), but in that it hangs on an impossibility, one which it rarely ventures to speak. This is the impossible relation between adult and child.

Zipes (2001:39) gaan selfs verder en verklaar dat kinderliteratuur nie net onmoontlik is nie, maar dat dit inderwaarheid nie bestaan nie:

I am not being coy – children’s literature does not exist. If we take the genitive case literally and seriously, and if we assume ownership and possession are involved when we say “children’s literature” or the literature of children, then there is no such thing as children’s literature, or for that matter, children.

Zipes (2001:40) meen dat sowel “kinderliteratuur” as “die kind” verbeelde konsepte of konstruksies is wat deur volwassenes geskep en onderhou word. Daarom verwys Zipes (2001:40) nie na kinderliteratuur nie, maar na die “institusie van kinderliteratuur”. Kinders is magteloos teen die aanslag van die volwasse-beheerde institusie van kinderliteratuur wat as’t ware op hulle afgedwing word (Zipes, 2001:40).

As gevolg van hierdie magswanbalans tussen die kind en die volwassene heers daar spesifieke ideologiese beperkings in kinderliteratuur: Dit word dikwels ingespan as

⁶ Kinderliteratuur met ’n dubbele leesgehoor verskil van kinderliteratuur as oorgangsliteratuurverskynsel. Alle kinderliteratuur het ’n dubbele leesgehoor, aangesien volwassene boeke lees en goedkeur alvorens hulle dit vir kinders koop en dikwels ook boeke aan kinders voorlees. Kinderliteratuur met ’n dubbele leesgehoor spreek derhalwe primêr tot ’n kinderleesgehoor, en sekondêr tot volwassene wat meelee. Hierteenoor word oorgangsliteratuur beskou as ’n literatuurverskynsel waar kinderboeke deur sowel kinders as volwassene gelees word; oorgangsliteratuur het dus ’n primêre leesgehoor van sowel kinders as volwassene.

instrument vir opvoedkundige, religieuse en morele instruksie (Ghesquiere, 1993:20; Lathey, 2006a:6). Daarby word die seleksie van boeke vir kinders beïnvloed deur die heersende ideologie van wie “die kind” is en wat “die kind” behoort te lees (Lathey, 2006a:6), die einste konstrunkte waarna Zipes (2001:40) verwys. Oittinen (2006:41) stel dit as volg:

From this we might draw the conclusion that children’s literature tends to be adapted to a particular image of childhood ... Child image is a very complex issue: on the one hand, it is something unique, based on each individual’s personal history; on the other hand, it is something collectivized in all society. Anything we create for children reflects our views on being a child.

Die konsep van “kindwees” of “kinderjare” (*childhood*) word universeel deur volwassenes geskep en onderhou, en volwassenes bepaal die omvang en die grense daarvan (Lathey, 2006a:5). Dit funksioneer binne elke kultuur as ’n soort sosiale raamwerk wat morele en etiese waardes huldig en met die verloop van tyd verander (Lesnik-Oberstein, 1999:17; sien ook Zipes, 2001:40). Soos Thomson-Wohlgemuth (1998:17) dit stel: “The images of childhood and the child concept respectively have undergone profound changes over the course of time. This becomes evident in children’s reading materials from the past as this is where childhood images are reflected.” Thomson-Wohlgemuth (1998:25-26) is ook van mening dat die volwassenes wat by die produksie van kinderliteratuur betrokke is, die konsep van “kindwees” in daardie kultuur bepaal. Sy maak die volgende uitlating:

There is much pressure on children’s literature; partly for economic reasons and partly for ideological and educational ones, which determine what kind of literature children are provided with in a certain culture at a certain time. Adults who provide children with books naturally take a very protective attitude. Most reactions will probably be over-sensitive but no one wants to take any risks. At the same time, adults want their children to internalise order and discipline so that the children are easier to deal with. They also want to bring up their children in such a way that they adopt their parents’ social values. Booksellers and publishers, feeling the pressure from parents, will adapt in order to sell their books; or rather, they will anticipate what it is that parents want and will censor anything that they feel would not meet with parental approval. Authors will adapt to survive in the market and write only “good” books – that is, meaning superficial, sanitised books – avoiding controversial and taboo subjects. What society wants, in the end, are good citizens who function according to society’s norms. It will therefore exercise pressure on its citizens, i.e. the people working and bringing up their children, and so the circle closes again. At the root of every society is a kind of “moral watchdog” which influences the concept of childhood and censors children’s books accordingly.

Ghesquiere (1993: 20) is van mening dat die ideologie van die kind dikwels op twee uiterste maniere deur volwassenes geïnterpreteer word: óf die kind word as 'n klein volwassene beskou wat so vinnig moontlik met die realiteite van die wêreld moet kennismaak, óf die kind word beskou as 'n onskuldige wese wat in 'n afgeskermdede wêreld behoort te leef waar enigiets moontlik is, en aan wie slegs 'n positiewe beeld van die werklikheid voorgehou moet word. Laasgenoemde beskouing is die hoofrede waarom sensuur dikwels in verskillende vorms op kinderboeke toegepas word.

Die beeld wat volwassenes van die kind huldig, bepaal dus die inhoud van kinderliteratuur (Ghesquiere, 1993:20). Derhalwe speel dit ook 'n belangrike rol in die seleksie van tekste vir vertaling: Tydens die seleksieproses van tekste vir vertaling, word die gepastheid of aanvaarbaarheid van 'n teks in gedagte gehou. 'n Teks waarvan die inhoud as onvanpas beskou word, sal nie vir vertaling oorweeg word nie (Desmet, 2007:77; Oittinen, 2006:40).

Lefevere (1992:14) beskryf die invloed van die idee van “die kind” en wat as gepaste leesstof vir “die kind” beskou word as poëtika – 'n ideologiese beheermeganisme in die literêre sisteem wat verseker dat dié sisteem tred hou met die ander subsysteme wat deel uitmaak van die samelewing (byvoorbeeld die opvoedkundige sisteem en die politieke sisteem). Die poëtika manipuleer literatuur om op 'n spesifieke manier in 'n gemeenskap te funksioneer, en is van binne die literêre sisteem werksaam deur middel van die professionele agente wat by die produksie van literatuur betrokke is (Lefevere, 1992:vii). 'n Tweede ideologiese beheermeganisme, die patronaat, tree van buite die literêre sisteem op in die vorm van agente of institusies wat die produksie en verspreiding van literatuur kan bevorder of onderdruk (Lefevere, 1992:15). Die ideologiese beperkings waaraan vertalings in 'n literêre sisteem onderhewig is, manifesteer dikwels as vertaalnorme.

1.3.2.2 Vertaalnorme in kinderliteratuur

Norme reguleer menslike interaksie en dra by tot die stabiliteit van interpersoonlike verhoudings deur onsekerheid te verminder (Hermans, 1999:80). Norme funksioneer ook as probleemoplossings in sekere situasies, byvoorbeeld in die veld van vertaling (Desmidt, 2006:86; Frank, 2007:8).

O'Connell (2006:23) maak die volgende uitlating oor die invloed van norme op die seleksie van kinderliteratuur vir vertaling:

As we have seen, translation, like all other cultural activity, is conducted according to certain norms. In the case of translation for children, these may be didactic, ideological, ethical, religious, etc. They determine what is translated when and where and they change continually.

Shavit (2006:26) meen dat toeganklikheid 'n belangrike vertaalnorm is in kinderliteratuur. Vertalers word toegelaat om die doeltteks te manipuleer sodat dit gepas en bruikbaar is na gelang van die betrokke kultuur se persepsie van "die kind" en wat "goed" is vir die kind en om die verhaallyn, karakters en taal sodanig te verander dat die kind dit maklik sal kan lees en verstaan (Shavit, 2006:26, 34).

Ook Frank (2007:13) beaam dat toeganklikheid van die doeltteks 'n belangrike linguistiese en stilistiese norm is in die vertaling van kinderboeke:

[T]here is a systematic tendency for translators to prioritize the accessibility of the text for the child reader in another culture. Translation for children is, in effect, pre-consumption of the text; its goal is to make the content as explicit as possible, and as such involves recodification, transfer of meaning, and tailoring of the text to the target audience.

Vertalers van kinderboeke is geneig om die doelkultuurleser se kennis en ervaring in gedagte te hou tydens vertaling en die bronteks daarvolgens aan te pas soos nodig (Frank, 2007:14; sien ook Lathey, 2016:37). Sodanige vertaalstrategieë wat die toeganklikheid van die doeltteks vooropstel, beskerm die doeltteksleser dikwels teen die vreemdheid van die bronteks deur kultuurvreemde elemente aan te pas of eenvoudig weg te laat. Dit kan byvoorbeeld lei tot 'n domestikerende vertaalstrategie, aldus Venuti (1995).

Venuti (1995:20) meen daar is twee hoofbenaderings waarvolgens 'n vertaler te werk kan gaan: vervreemding (*foreignization*) en domestikering (*domestication*).⁷ 'n Domestikerende vertaalbenadering vervang bronkultuurspesifieke merkers in die bronteks (soos klere, kos,

⁷ Venuti se insigte spreek primêr vanuit 'n postkoloniale perspektief van mag en onderdrukking. Hoewel hierdie studie nie deel uitmaak van die postkoloniale diskoers nie, is Venuti se idees oor domestikering en vervreemding ook van belang in die vertaling van kinderliteratuur.

persoonsname, straatname en die name van plekke) met doelkultuurspesifieke merkers in die doelteks. Op dié manier word die volksvreemde die volkseie: Die leser word nie deur onbekende elemente in die doelteks vervreem nie en die doelteks lees soos 'n oorspronklike teks in die doelkultuur. Daarteenoor behou 'n vervreemdende vertaalbenadering die bronkultuurspesifieke merkers in die doelteks en word die doelteksleser as't ware op reis gestuur, deurdat die leser die bronkultuurspesifieke merkers in die doelteks as vreemd en nuut ervaar. Frank (2007:8) verwys na vervreemding as sigbare vertaling en na domestikering as onsigbare vertaling.

In kinderliteratuur is die keuse tussen 'n domestikerende of vervreemdende vertaalstrategie dikwels gekoppel aan didaktiese en pedagogiese norme (Van Coillie & Verschueren, 2006:viii). O'Sullivan (2013:452) meen didaktiese en pedagogiese norme het 'n bepalende invloed op kinderliteratuur weens die kinderliteratuursisteem se affiliasie met die opvoedkundige sisteem. Hierdie norme stel die kognitiewe vermoë en die ontwikkeling van die kind voorop (O'Sullivan, 2013:452). Weens dié norme is vervreemding of sigbare vertaling nie altyd in kinderliteratuur wenslik nie (Frank, 2007:14; O'Sullivan, 2013:452). Een van die hoofdoelstellings van spesifiek vertaling vir kinders, is dus om die doelteks vir die doelteksleser so deursigtig moontlik te maak (Frank, 2007:75; O'Sullivan, 2013:452). Dit beteken nie noodwendig dat domestikering die enigste aanvaarbare vertaalstrategie is vir die vertaling van kinderliteratuur nie, maar bloot dat die vertaler sy/haar vertaalstrategie aanpas om die toeganklikheid van die teks vir die leser voorop te stel.

Toury (1995:57-59) se inisiële norm (*initial norm*) herinner sterk aan Venuti (1995) se konsepte van domestikering en vervreemding, want die inisiële norm bepaal die vertaler se keuse wat betref die vertaling se algehele oriëntasie: Die vertaler kan hom/haar aan die bronteks se norme en dus die bronkultuurnorme onderwerp – dit lei tot 'n bronteksgeoriënteerde⁸ vertaling – óf die vertaler kan hom/haar aan die doelteks se norme en dus die doelkultuurnorme onderwerp – dit lei tot 'n doelteksgeoriënteerde vertaling (Toury, 1995:56). Indien doelkultuurnorme in die doelteks vooropgestel word, kan die vertaling domestikerend te werk gaan deur die behoud of voortsetting van die eie.⁹ Indien

⁸ Toury (1995:56) gebruik onderskeidelik die terme “adekwaat” (*adequate*) en “aanvaarbaar” (*acceptable*), maar weens fel konseptuele en terminologiese kritiek (sien onder meer Hermans, 1999:76) word die terme in hierdie studie vervang met “bronteksgeoriënteerd” (*adequate*) en “doelteksgeoriënteerd” (*acceptable*).

⁹ Deur byvoorbeeld die aanspreekvorms “Tannie” en “Oom” vir ouer mense in 'n Afrikaanse vertaling te gebruik, geniet doelkultuurnorme die voorrang. Dit is ook 'n vorm van domestikering wat verband hou met didaktiese en pedagogiese norme in die doelkultuur, aangesien dit te make het met die sosialisering van die kind.

bronkultuurnorme in die doeltteks vooropgestel word, kan die vertaling vervreemdend te werk gaan deur die leser bekend te stel aan bronkultuurspesifieke merkers wat deur die leser as vreemd en nuut ervaar word.

Toury (1995:57-59) meen vertaalnorme speel 'n belangrike rol in die seleksie van kinderliteratuur vir vertaling. Toury (1995:57-59) tref onderskeid tussen drie vertaalnorme: die inisiële norm (*initial norm*), die preliminêre norm (*preliminary norm*) en operasionele norme (*operational norms*). Die preliminêre norm bepaal die seleksie van tekste vir vertaling en die besluit om direk of deur middel van 'n mediërende taal te werk te gaan, en het dus te make met algemene vertaalbeleid (Toury, 1995:58). Die operasionele norme bepaal die besluite wat die vertaler neem tydens die vertaalproses (Toury, 1995:95).

Twee van Toury (1995:57-59) se vertaalnorme kom in hierdie studie aan bod: die inisiële norm en die preliminêre norm.¹⁰ Toury se preliminêre norm word gebruik om die seleksiekriteria van kinderboeke vir vertaling in Afrikaans na te vors. Toury se inisiële norm en Venuti se konsepte van vervreemding en domestikering kom ook aan bod, aangesien dit 'n bepalende rol speel in die seleksie van tekste vir vertaling (Munday, 2001:146): Uitgewers is geneig om tekste te kies wat maklik sal inpas in die doelkultuur en waarin “die vreemde” tot 'n minimum beperk word. Daarom, meen Oittinen (2006:43), kan die seleksieproses opsigself as 'n soort domestikering beskou word.

1.3.2.3 Die funksie van 'n vertaling in die doelkultuur

Volgens O'Sullivan (2013:451), het kinderliteratuur dikwels 'n pragmatiese funksie, hetsy opvoedkundig of sosialiserend van aard:

Not only must the wide variety of forms of children's literature be considered when discussing its translation, but the different functions they fulfil are of equal importance. These range from literary texts with primarily aesthetic functions to occasional texts for younger readers like lullabies, jog-along knee songs or bedtime stories, which bear a greater affinity to folklore with its open forms than to written literary texts. They also include primers that are defined by their degree of linguistic difficulty and their role in promoting literacy, as well as information books, in which content is more important than form.

¹⁰ Toury se operasionele norme kom nie in hierdie studie aan bod nie, aangesien dié studie slegs fokus op die seleksieproses van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans, nie op die besluitnemingsproses wat tydens die vertaalhandeling plaasvind nie.

Ook Frank (2007:19) beaam:

Different genres have different functions and children's literature has a more pragmatic function of initiating and socializing the child reader into a culture.

Daarbenewens vervul kinderboeke volgens Ghesquiere (1993:111-122) etlike ander funksies, naamlik psigologiese funksies (dit bevorder die identifikasieproses van die kind en bied ontspanning), maatskaplike funksies ('n maatskappykritiese of 'n emansiperende funksie) en intellektuele funksies (informatiewe en estetiese funksies).

Daar kan ook gesê word dat literatuur nie noodwendig 'n funksie het om te verrig nie en dat kinderliteratuur insgelyks nie noodwendig 'n spesifieke funksie behoort te hê nie. Sommige navorsers huldig selfs die opinie dat dit die totale gebrek is aan 'n kommunikatiewe funksie wat 'n literêre teks as sodanig uitsonder (Nord, 1997:83). Hierteenoor het vertaalde literatuur altyd 'n funksie, want vertaling is 'n doelgerigte handeling (Nord, 1997:19). Soos Nord (1997:83) dit stel:

Even if a source text has been written without any particular purpose or intention, the translation is always addressed to some audience (however undefined it may be) and is thus intended to have some function for the readers.

Vertalers tree selde uit hulle eie op en word gewoonlik deur 'n inisieerder genader wat vereis dat 'n teks 'n bepaalde funksie in 'n doelkultuur verrig (Nord, 1997:20). In hierdie opsig word vertalings doelbewus geselekteer om spesifieke hiate in die doelkultuur te vul ten opsigte van veral onderwerpe of dalk genres waaraan daar 'n tekort is. Kruger (2010:193) se navorsing het bevind dat boeke van internasionale herkoms hoofsaaklik vir vertaling in Afrikaans geselekteer word op grond van hulle vermaaklikheidsfunksie. Die klem val dus nie geredelik op sosialiserende of didaktiese funksies nie, maar op kreatiwiteit en innovering met betrekking tot taalgebruik en visuele en tipografiese tegnieke (Kruger, 2010:193). Daarby maak Spies (2013:25) die volgende uitlating:

Alhoewel literêre werke nie altyd 'n spesifieke doelwit het nie en die vertaler nie altyd 'n spesifieke doelteksleser in gedagte hou (en hoef te hou) wanneer daar vertaal word nie, het die uitgewer tog altyd die konteks (mark) waarin die doelteks moet verkoop en gelees word, in gedagte.

In hierdie studie word daar ondersoek ingestel na die funksie van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms in die Afrikaanse doelkultuur. Volgens Even-Zohar (1978a:24-25; 1990c:47-48; 2000:193-194) word die funksie van vertalings in die doelkultuur bepaal deur hulle posisie in die literêre sisteem: sekondêr en konserwatief indien vertalings hoofsaaklik op die periferie van die sisteem voorkom, en primêr en innoverend indien vertalings hoofsaaklik in die sentrum van die sisteem voorkom.

Even-Zohar (1979:295; 1990a:11; 1990d:89) se idee van die literêre sisteem word aangevul met Pierre Bourdieu se konsepte “veld”, “kapitaal” en “habitus” (1990a:143; 1993:163). Hierdie sosiologiese invalshoek verbreed die sisteemteoretiese ondersoek deur die menslike aspek in die seleksieproses meer in ag te neem. In die literêre veld wedywer teksprodusente met mekaar om posisies van mag en dominansie. Deur ondersoek in te stel na die posisies wat Afrikaanse kinderboekuitgewers teenoor mekaar in die literêre veld inneem, word uitgewers se belang by die seleksie van vertalings blootgelê en kan daar ook gekyk word na die funksie wat vertaalde kinderboeke vir hulle verrig.

1.3.2.4 Die mark

Die mark is volgens Even-Zohar (1990b:31-32) deel van ses makrofaktore wat betrokke is by die funksionering van ’n literêre sisteem, naamlik die produsent, produk, gebruiker, repertorium, institusie en mark. Volgens hierdie model “gebruik” ’n gebruiker ’n produk wat deur ’n produsent geproduseer is, maar ten einde die “produk” te produseer, moet daar ’n algemene repertorium bestaan waarvan die gebruiksmoontlikhede deur ’n institusie bepaal word. Voorts moet daar ’n mark bestaan waarin so ’n “produk” gesirkuleer kan word (Even-Zohar, 1990b:34).

Die mark is dus die ruimte waarbinne die koop en verkoop van produkte sowel as die bemerking van daardie produkte plaasvind (Even-Zohar, 1990b:38). Dit betrek onder meer boekwinkels, biblioteke en boekklubs wat literêre produkte te koop aanbied (Even-Zohar, 1990b:38) en verwys ook na die kopers in die doelteksgroep wat die literêre produk aankoop. Kruger (2010:192) het die volgende te sê oor die Afrikaanse kinderboekmark en vertalings:

In the case of the Afrikaans children’s book market, translation is seen as supplementing original production in Afrikaans, thereby providing an enriched and diversified reading experience for children.

Volgens Spies (2013:68) kan die mark binne die literêre sisteem bepaal wat vertaal word. Omdat vertalings 'n aanvullende rol speel in die Afrikaanse kinderboekemark, voel Afrikaanse uitgewers dat hulle tekste vir vertaling kan selekteer wat plaaslike Afrikaanse kinderliteratuur aanvul en verryk of spesifieke hiate in plaaslike boekproduksie vul (Kruger, 2010:101). Daarby bepaal die mark nie net wat vertaal word nie, maar ook hoe daar vertaal word ten opsigte van vervreemding en domestikering (Spies, 2013:68).

In vergelyking met Westerse lesersmarkte, is die Afrikaanse lesersmark baie klein (Fairer-Wessels & Van der Walt, 1999:100; Spies, 2013:68). Boonop is die lesersmark besig om te krimp weens mededinging van ander media soos musiek, televisie en die internet (Barnard, 2005:1-2). Ook kinderboeke moet toenemend met nuwe mediavorms meeding om gebruikers se tyd en besteebare inkomste (Barnard, 2005:2):

Die jonger geslag se voorkeure en gewoontes verskil dramaties van dié van hul voorgangers. Hoewel daar steeds gelees word, het die formaat en medium van tekste verander. Nuwe generasies groei op met die beeldskerm as belangrikste kommunikasieplatform. Tegnologiese vooruitgang het dus die sosiale (en kulturele) klimaat verander.

Veranderinge in die sosiale en kulturele klimaat beïnvloed ook die mark binne die literêre sisteem en beïnvloed sodoende ook die seleksie van tekste vir vertaling. Daarby beïnvloed die koopkrag van die mark ook die seleksie van boeke vir vertaling. Thomson-Wohlgemuth (1998:132) is van mening dat kinders al meer tot die boekemark toetree deur vir hulleself boeke te koop, en dat hierdie nuwe mark beïnvloed wat die uitgewer publiseer. Sy sê:

In all modern economies, publishers adjust to market mechanisms and will produce only what they consider can be sold. Being profit-oriented, they will conform to market trends and to the wishes of parents, teachers or librarians. However, a second market has started to grow – the market of non-canonised literature including, primarily, all literature disapproved of and objected to by adults but loved by children. This development has become possible owing to the strong financial power of children these days, which makes them a significant factor within the economy.

Hieruit volg dat die ekonomiese beginsel in die mark die botoon voer en dat die mag van geld 'n groot rol speel in die seleksie van kinderboeke vir vertaling: Dit wat in die mark verkoop, is dit wat vertaal word.

Tog het boeke 'n ekonomiese waarde sowel as 'n kulturele waarde (sien Barnard, 2005:21) en uitgewers is naas boekhandelaars ook kulturele produsente. As sodanig, kan boeke se kulturele waarde ook 'n rol speel in die seleksie van kinderboeke vir vertaling. Even-Zohar (1990b; 1997) se konsep van die mark in die literêre sisteem word in hierdie studie aangevul deur Pierre Bourdieu (1993) se idee van die veld van kulturele produksie waarin kultuur, naas geld, as 'n magsverhouding sirkuleer. In die veld van kulturele produksie, word magsverhoudings bepaal deur die verspreiding van verskillende soorte kapitaal: naas ekonomiese kapitaal ook kulturele kapitaal, simboliese kapitaal en sosiale kapitaal. Literêre agente, waaronder ook kinderboekuitgewers, wedywer met mekaar om kapitaal te bekom en in dié wedywing tree uitgewers strategies op deur spesifieke soorte kapitaal of spesifieke kombinasies van kapitaal te versamel. Hierdie strategie is 'n produk van die uitgewer se habitus.

1.3.2.5 Die habitus van die uitgewer

Want waagmoed lê ingebed in die aard van die uitgewer se werkswyse (Barnard, 2005:5).

Tydens die seleksie van tekste vir vertaling, oordeel die uitgewer watter boeke in die doelkultuur sal verkoop, al dan nie. Hierdie oordeel berus deels op marknavorsing. Buchholtz (2001:13, 19) het bevind dat bemarkers bepaal watter boeke goeie verkopers sal wees in die doelkultuur. Daarby word voorbeeldtekste aan skole gestuur vir terugvoer en word verkoopsyfers asook verkoopsgegeskiedenis, algemene marktrendense en topverkopers geraadpleeg (Buchholtz, 2001:13, 19). Hierbenewens speel die uitgewer se intuïsie 'n rol, wat Buchholtz (2001:19) as 'n "gut-feel" beskryf. De Glas (1992:294) verwys daarna as "uitgewersneus" of 'n "fingerspitzengefühl".

Hierdie instinktiewe gevoel herinner aan Pierre Bourdieu se konsep van die habitus, losweg geïnterpreteer as 'n "feel for the game" (Bourdieu, 1990a:62-63), oftewel 'n algemene intuïsie waarvolgens sosiale agente optree (Spies, 2013:88). Met die konsep "habitus" postuleer Bourdieu die idee van agentskap, maar agente se aksies word gegrond en beïnvloed deur die objektiewe sosiale strukture waarin hulle funksioneer, naamlik die veld (Bourdieu, 1993:6). Die habitus is dus 'n stel aangeleerde ingesteldhede waarvolgens agente geneig is om op te tree. Hierdie ingesteldhede is ingeprent, gestruktureerd, blywend, generatief en

verwisselbaar en rig die agent¹¹ tot wat die aanvaarbare of korrekte manier van optrede in bepaalde situasies sal wees (Bourdieu, 1991:12).

Pierre Bourdieu (1977; 1990a; 1990b; 1998; 2005) se konsep van die habitus word in hierdie studie gebruik om Gideon Toury (1995; 2000; 2012) se konsep van vertaalnorme uit te bou (sien afdeling 1.3.2.2), aangesien dit hierdie studie van 'n gepaste heuristiese konsep voorsien om die sogenaamde “intuïsie” waarmee uitgewers in die seleksieproses optree (Buchholtz, 2001:19), te ondersoek (sien afdeling 5.3 en afdeling 6.3).

1.4 Die uiteensetting van hierdie studie

Die metodologiese raamwerk wat gebruik is om hierdie studie se navorsingsvrae te beantwoord en die doel van dié studie te bereik, word vervolgens in hoofstuk 2 uiteengesit. Aangesien die studie met meer as een teoretiese invalshoek gemoeid is, is daar twee afsonderlike hoofstukke wat uit literatuurstudies bestaan. Elke literatuurstudie word gevolg deur 'n toepassing, sodat die hoofstukuiteensetting as volg daar uitsien: 'n Literatuurstudie waarin Itamar Even-Zohar se polisisteamteorie, Gideon Toury se konsep van vertaalnorme en André Lefevere se konsepte ideologie, poëtika en patronaat breedvoerig uiteengesit word (hoofstuk 3), gevolg deur 'n toepassing waarin hierdie sisteemteorieë aan die hand van 'n idee van Afrikaanse kinderliteratuur as 'n literêre polisisteam getoets word (hoofstuk 4); 'n literatuurstudie waarin Pierre Bourdieu se idee van die literêre veld, die verskillende vorms van kapitaal wat in die literêre veld sirkuleer en die habitus van die uitgewer as sosiale agent uiteengesit word (hoofstuk 5), gevolg deur 'n toepassing waarin dié sosiologiese konsepte aan die hand van 'n idee van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms as 'n subveld van die veld van Afrikaanse kinderliteratuur getoets word (hoofstuk 6). Laastens kom die gevolgtrekkings vir die studie aan bod (hoofstuk 7).

¹¹ Bourdieu verwerp die idee dat die sosiale agent 'n bewuste, berekenende en rasonele individu is. Hy meen die agent se handeling word deur sy/haar sosiale omstandighede beïnvloed en gestruktureer. Vir Bourdieu is die agent se handeling dus voorafbepaald, hoewel hy erken dat die agent wel onder spesifieke omstandighede daartoe in staat is om 'n rasonele keuse uit te oefen (Inghilleri, 2005:128).

Hoofstuk 2

Metodologie

Qualitative research as a research methodology is concerned with understanding the processes and the social and cultural contexts which underlie various behavioural patterns and is mostly concerned with exploring the “why” questions of research (Maree, 2010:51).

2.1 Inleiding

Moderne vertaalstudie is kenmerkend interdisiplinêr van aard (Wolf, 2007:2; sien ook Bassnett, 2002:3; Munday, 2012:22; Venuti, 2004:4). Dit beteken dat vertaalstudie gereeld gebruik maak van teorieë en modelle uit ander studieveld vir navorsing in vertaling. Munday (2012:24) verduidelik ’n interdisipline en sê: “An interdiscipline therefore challenges the current conventional way of thinking by promoting and responding to new links between different types of knowledge and technologies.”

Wolf (2007:2) beklemtoon die belang van interdisiplinariteit om bestaande paradigmas te bevraagteken en nuwe insigte in ’n studieveld teweeg te bring. Sy is ook van mening dat vertaalstudie as studiegebied dit as’t ware leen tot interdisiplinariteit omdat dit in die kontaksones tussen kulture beweeg en daarom meer blootgestel is aan verskillende kommunikasiestrukture, en ook omdat die ryk geskakeerde en veelvlakkige vorms van kommunikasie wat tot vertaalstudie spreek, die studiegebied noop om dissiplinêre grense te oorskry (Wolf, 2007:2). Of soos Duarte, Rosa en Seruya (2006:2) dit stel:

To study translations as facts of target cultures means to investigate translation in its correlation with the situational and sociocultural context, as communication in context, an enterprise which necessarily requires the collaboration of other disciplines, such as Linguistics, Text Linguistics, Discourse and Conversation Analysis, Pragmatics, Sociolinguistics, Literary Theory, Anthropology, Sociology, Cultural Studies, Semiotics, History, Philosophy, Cognitive Psychology, among others (sien ook Kuhiwczak & Littau, 2007:4).

Hierdie studie volg ’n probleemgeoriënteerde benadering (aldus Fokkema, 1997:184) en benut bruikbare konsepte uit verskeie studieveld: uit kulturele en literêre studies, Even-

Zohar se polisisteamteorie; uit vertaalstudie, Gideon Toury se deskriptiewe vertaalstudie (DTS); en uit sosiologie, Pierre Bourdieu se idee van die veld van kulturele produksie.

Volgens Hermans (1999:33) dien teorieë as analitiese gereedskap en is geen toegespitste waarneming moontlik sonder 'n teorie wat die waarnemer rig en lei waarna om te soek of hoe om die belang van dit wat waargeneem word, te bepaal nie (Hermans, 1999:34). Teorieë het egter hulle beperkings. Capra (1982:101, soos aangehaal in Maree, 2010:4) sê: “[E]ach theory is valid for a certain range of phenomena. Beyond this range it no longer gives a satisfactory description of nature, and new theories have to be found to replace the old ones, or, rather, to extend it by improving the approximation.”

Even-Zohar se polisisteamteorie dien in hierdie studie as navorsingsraamwerk waarin vertaalde kinderliteratuur sonder waardeoordele en binne die sosio-ekonomiese konteks bestudeer kan word. Die polisisteamteorie lei die navorser na waar om redes te soek vir die seleksie van kinderliteratuur vir vertaling, naamlik in die doelkultuur (Even-Zohar, 2000:193). Volgens die polisisteamteorie word 'n teks vir vertaling geselekteer om 'n spesifieke funksie in die doelkultuur te verrig of om spesifieke hiate te vul (Gentzler, 2001:118). Deur te kyk watter kinderboeke van internasionale herkoms geselekteer is vir vertaling in Afrikaans vir die tydperk 1990-2018 kan daar met behulp van die polisisteamteorie bepaal word hoe vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur in die Afrikaanse literêre sisteem funksioneer deur enersyds te kyk na die hiate wat vertalings in die literêre sisteem vul, en andersyds na die posisie wat vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur in die Afrikaanse literêre sisteem inneem.

Gideon Toury (1995; 2000; 2012) se deskriptiewe vertaalstudie (DTS) verbind polisisteamteorie en die funksie van vertalings in die doelkultuur met norme. Norme beïnvloed die vertaalproses vanaf die seleksie van 'n teks vir vertaling tot die resepsie van die doelteks in die doelkultuur. Toury se preliminêre norme dien in hierdie studie as teoretiese gereedskap om te kyk na uitgewers se vertaalbeleid, met ander woorde: uitgewers se kriteria vir die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans. Die inisiële norme wat betrokke is by die seleksie van kinderliteratuur vir vertaling geniet ook aandag, aangesien uitgewers dikwels toeganklikheid vir die doelteksleser in gedagte hou by die seleksie van kinderboeke vir vertaling, sodat vervreemdende kulturelemente tot 'n minimum beperk word (sien Munday, 2001:146).

Om determinisme en abstrakte teoretisering teë te werk, word Pierre Bourdieu se sosiologiese teorie oor die veld van kulturele produksie gebruik om die polisisteamteorie en normteorie aan te vul. Om van 'n sisteemteoretiese benadering na 'n sosiologiese invalshoek te beweeg, lê vir vertaalstudie nuwe navorsingsmoontlikhede bloot. Hoewel Even-Zohar se sisteemteoretiese perspektief tot innoverende insigte lei, laat dit na om die magspel tussen agente wat by die produksie van vertalings betrokke is, in ag te neem (Bourdieu, 1993:33; Wolf, 2007:6). Soos Wolf (2007:127) dit stel:

[S]ystem theory does not seem to take into proper account the social and political interests (involving producers and consumers of translations as well as institutions) linked to translation practices. It is the material, social milieu of translation which is somehow overlooked: for example, questions of power and ideology, issues of primary concern for researchers and practitioners alike, run the risk of appearing obscure and ineffectual if they are not linked to the actual people involved in translation activities.

Gouanvic (2005:149) gaan selfs so ver om te sê dat polisisteamteorie in die konteks van Bourdieu se metodologie heeltiemal herevalueer moet word. Hy maak die volgende uitlating:

It is not only the notion of norms that needs to be redefined, but that of system, and it is fundamental that the notion of capital – essential to Bourdieu's theory – be included. It is necessary, then, for polysystem theory to be completely reevaluated in the context of Bourdieu's social theory, to the point where polysystem theory might have to renounce its own paradigm in order to accommodate that of Bourdieu.

Daarby is Simeoni (1998) van mening dat Bourdieu se idee van “habitus” Toury se konsep van “norme” as't ware verleng: Waar Toury se norme klem lê op motiewe en beperkings wat agente se optredes rig en lei, verplaas Bourdieu se habitus die fokus na hoe die optredes van agente self bydra tot die totstandkoming en instandhouding van norme (Simeoni, 1998:26).

Hoewel hierdie navorsing nóg Even-Zohar se polisisteamteorie nóg Gideon Toury se normteorie probeer diskrediteer of herevalueer,¹ word die toepassing van Pierre Bourdieu

¹ Soos Pym (1998:125) sê: “Despite the shortcomings in some of the ways norms and systems have been applied to translation history, the concepts themselves should be treated with respect. Our task is not to do away with norms and systems but to adapt them to the specific concerns of translation history.”

se sleutelkonsepte “veld”, “habitus” en “kapitaal”² in hierdie studie gebruik ter aanvulling van die sisteemteoretiese benaderings in ’n poging om die rol van mag en agentskap in die seleksie van kinderliteratuur vir vertaling bloot te lê (sien Gouanvic, 2005:149; Inghilleri, 2005:126).³

Hierdie sosiologiese invalshoek verbreed as’t ware die sisteemteoretiese ondersoek deur die menslike aspek wat in die seleksie van tekste vir vertaling betrokke is, meer in ag te neem. Die klem lê dus op die mag van agente wat in die veld van Afrikaanse kinderliteratuur werksaam is en ’n invloed uitoefen op die seleksie van kinderliteratuur vir vertaling in Afrikaans. In ’n sosiologie van vertaling word daar nie net gekyk na die hiate wat vertaalde tekste in die doelkultuur vul of na die funksies wat vertalings in die doelkultuur verrig nie, maar spesifiek ook na die belange (*interests*) van die produsente van hierdie kulturele objekte – naamlik die uitgewers self – en die funksies wat vertalings ook vir hulle verrig. Die rol van die agent (die uitgewer) word geanaliseer binne die sosiale konteks waarin agente optree (die Afrikaanse literêre veld) en waarin agente met mekaar meeding om magsposisies met behulp van die hulpbronne waaroor hulle beskik (kapitaal).

Hierdie benadering tot vertaling ontbloot die onderliggende sosiale magstrukture wat die produksie en gebruik van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur beheer en plaas dermate klem op die onderliggende ideologie van die dag. Soos Thomson-Wohlgemut (1998:133) dit stel: “[T]he world of children’s literature is not as ‘cute’ and ‘innocent’ (qualities generally associated with children) as one would like and expect it to be. Rather, it is an arena of manipulation, economic power, competition and struggles between various forces.”

Vervolgens word die studie se metodologiese onderbou uiteengesit. Eerstens word daar uitgewy oor die aard van die studie se navorsingsontwerp (afdeling 2.2.1), naamlik ’n kwalitatiewe navorsingsbenadering (afdeling 2.2.2) en die redes waarom ’n kwalitatiewe navorsingsbenadering vir hierdie studie gekies is (afdeling 2.2.3). Vervolgens kom die tipe kwalitatiewe benadering wat in die studie gebruik word aan bod, naamlik ’n historiese

² Hoewel hierdie konsepte van kernbelang is vir ’n interpretasie van Bourdieu se metodologie, sal ander Bourdieuaanse konsepte ook aandag geniet, soos “agentskap” en “strategie”.

³ Bourdieu noem dat dit wat hy postuleer, nie ’n “grand theory” is nie (Bourdieu, 1998:2). Daar kan dus na regte nie werklik na Bourdieu se idees verwys word as ’n teorie nie (byvoorbeeld Even-Zohar se polisisteemteorie). Bourdieu (1998:vii) verwys wel na sy idees as ’n “philosophy of science” en ook as ’n “philosophy of action”, en sê voorts: “This philosophy is condensed in a small number of fundamental concepts – habitus, field, capital – and its cornerstone is the two-way relationship between objective structures (those of social fields) and incorporated structures (those of habitus).”

benadering (afdeling 2.2.4), en word daar uitgewy oor wat 'n historiese benadering in vertaalstudie behels (afdeling 2.2.4.1).

Hierna geniet die tipe data wat tydens die studie ingesamel is (afdeling 2.2.5) asook die data-insamelingstegnieke wat gebruik is, aandag (afdeling 2.2.6). Die inventaris van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-2018 (afdeling 2.2.6.1) kom eerste aan bod, met 'n bespreking van die data-insamelingsproses (afdeling 2.2.6.1.1) waaronder die dataparameters wat ingestel is vir die opstel van die inventaris (afdeling 2.2.6.1.1.1), die genre-indelings wat gevolg is (afdeling 2.2.6.1.1.2), asook aantekeninge wat gemaak is oor herdrukke, heruitgawes, ko-produksies, pryswenners en finansiële steun uit die buiteland (afdeling 2.2.6.1.1.3), gevolg deur 'n bespreking van die inventaris se tekortkomings (afdeling 2.2.6.1.2). Semigestruktureerde onderhoude met kinderboekuitgewers by die prominentste uitgewerye in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms vir die tydperk 2010-2018 kom tweedens aan bod (afdeling 2.2.6.2), met 'n bespreking van die etiese klaringsproses wat gevolg is om verantwoordelike navorsing te verseker (afdeling 2.2.6.2.1). Die metodes vir data-analise (afdeling 2.2.7) wat gebruik is in die analise van die inventaris (afdeling 2.2.7.1) en die analise van die semigestruktureerde onderhoude met kinderboekuitgewers (afdeling 2.2.7.2) geniet ook aandag.

2.2 Navorsingsontwerp

2.2.1 Wat is 'n navorsingsontwerp?

'n Navorsingsontwerp is 'n plan of strategie vir die seleksie van respondente, data-insamelingstegnieke en die tipe data-analise wat uitgevoer gaan word met die doel om antwoorde op navorsingsvrae te kry (Maree, 2010:70).

Hierdie studie berus op 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering. As sodanig, ondersteun dit wetenskaplik gefundeerde verduidelikings wat die kompleksiteit, interafhanklikheid en wederkerige kousaliteit van verskynsels en die moontlikheid vir verskillende interpretasies en perspektiewe op realiteit aanvaar (Maree, 2010:49).

Daarby aanvaar hierdie studie dat die uitkomst van die navorsing bevindings sal lewer wat tentatief en relatief is tot die spesifieke konteks wat bestudeer word, eerder as bevindings wat universeel veralgemeenbaar is (Maree, 2010:49).

2.2.2 Wat is 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering?

Volgens Leedy en Ormrod (2013:139) het alle kwalitatiewe navorsingsbenaderings twee dinge gemeen: “First, they focus on phenomena that occur in natural settings – that is, in the ‘real world’. And second, they involve capturing and studying the complexity of those phenomena.”

As 'n navorsingsbenadering, is kwalitatiewe navorsing hoofsaaklik daarmee gemoeid om die prosesse en die sosiale en kulturele kontekste wat menslike gedragspatrone onderlê, te probeer verstaan. Dit plaas klem op die kwaliteit en diepte van inligting, en is dikwels gemoeid met “waarom”-vrae met die fokus op mense, oftewel “human events” (Maree, 2010:4, 50, 51), soos Maree (2010:50) dit verduidelik:

People often describe qualitative research as research that attempts to collect rich descriptive data in respect of a particular phenomenon or context with the intention of developing an understanding of what is being observed and studied. It therefore focuses on how individuals and groups view and understand the world and construct meaning out of their experiences.

Kwalitatiewe navorsing probeer dus om individue se aksies binne die kulturele konteks te verstaan deurdat menslike aktiwiteite op grond van betekenis ondersoek word – waarom mense sê wat hulle sê, of doen wat hulle doen, en wat mense se onderliggende motiewe is (Maree, 2010:4).

As sodanig, poog die kwalitatiewe navorser om sin te maak van sosiale verskynsels. Uit 'n kwalitatiewe navorsingsperspektief, is die navorser ook self die instrument waardeur data ingesamel en geanaliseer word, want “the researcher’s ability to interpret and make sense of what he or she observes is critical for understanding any social phenomenon” (Leedy & Ormrod, 2013:139).

2.2.3 Waarom 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering?

'n Kwalitatiewe navorsingsbenadering is gekies omdat hierdie studie 'n konstruktivistiese epistemologie ondersteun, naamlik dat realiteit deur die mens self gekonstrueer word, en dus 'n sosiale konstruksie is. Maree (2010:4) sit dit as volg uiteen:

Social life and reality as constructed entities are thus purely human products, and the human mind is the purposive source or origin of meaning. The social world does not exist independently of the human mind and is not predetermined by some independent law of nature. "Reality" as portrayed by qualitative researchers therefore tends to follow the constructivist cue that reality is a social construction; it accepts that the researcher cannot be separated from the research; and it asserts that research findings are *created* rather than *discovered*.

'n Tweede rede waarom hierdie studie van 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering gebruik maak, is omdat dit die navorser van 'n gepaste navorsingsontwerp voorsien om die studie se navorsingsvrae te beantwoord. Om Leedy en Ormrod (2013:139) weer aan te haal:

To answer some questions, we cannot skim across the surface. We must dig deep to get a complete understanding of the phenomenon we are studying. In qualitative research, we do indeed dig deep: We collect numerous forms of data and examine them from various angles to construct a rich and meaningful picture of a complex, multifaceted situation.

2.2.4 Watter tipe kwalitatiewe navorsingsbenadering?

In der waarheid is "kwalitatiewe navorsing" 'n sambreelterm vir 'n wye reeks navorsingsbenaderings en -ontwerpe, soos konsepsuele studies, aksienavorsing, gevallestudienavorsing, etnografie, gegronde teorie (*grounded theory*) en historiese navorsing. Hierdie studie is hoofsaaklik op 'n historiese navorsingsbenadering gegrond, hoewel data uit onderhoude met kinderboekuitgewers wat tans in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms aktief is, ook gebruik is (sien afdeling 2.2.6.2). Die aard van 'n historiese navorsingsbenadering sal vervolgens aandag geniet.

2.2.4.1 Wat is 'n historiese navorsingsbenadering?

Maree (2010:5) gee die volgende definisie van 'n historiese navorsingsbenadering:

Historical research is a systematic process of describing, analysing and interpreting the past, based on information from selected sources as they relate to the topic under study. Historical researchers tend to focus on the description (what happened?) of events and their analysis (why did it happen?).

Historiese navorsing poog om die verlede te verstaan deur tendense uit die verlede te ondersoek en hierdie inligting toe te pas op teenswoordige en toekomstige tendense (Maree, 2010:5). Of soos Pym (1998:16) dit stel: “Greater knowledge of the past can give us wider frames for assessing the future.”

Pym (1998:4-6) meen dat historiese navorsing in vertaling drie hoofkomponente insluit. Eerstens vertaalargeologie (*translation archeology*), “a set of discourses concerned with answering all or part of the complex question ‘who translated what, how, where, when, for whom and with what effect?’” (Pym, 1998:5). Vertaalargeologie behels enigiets vanaf die saamstel van 'n inventaris van vertalings tot 'n biografiese ondersoek na vertalers, en die woord “argeologie” verwys (aldus Pym, 1998:5) na die komplekse speurwerk en selfopoffering wat hierdie tipe ondersoek van die navorser verg.

Tweedens historiese kritiek, “the set of discourses that assess the way translations help or hinder progress” (Pym, 1998:5), en derdens verduideliking (*explanation*), “the part of translation history that tries to say why archeological artefacts occurred when and where they did, and how they were related to change” (Pym, 1998:6).

Vertaalargeologie en historiese kritiek is dus meestal gemoeid met feite en tekste, terwyl verduideliking gemoeid is met die oorsaak van die data, “particularly the causation that passes through power relationships” (Pym, 1998:6). Verduideliking is dus belangrik, aangesien dit wys op die menslike agentskap wat verantwoordelik is vir die ontstaan van die tekste wat in historiese navorsing oor vertaling bestudeer word. Dit is ook belangrik dat al drie hierdie komponente by die navorsing betrek word, sodat die navorsing nie eensydig is nie. Oor die interafhanklikheid van dié drie komponente sê Pym (1998:6) die volgende:

All translation history comprises or assumes discourses from all the above categories. The discourses are not really “parts” in the sense that they can be

detached from the whole. They might be thought of as parts that individuals or individual groups can sing in order to make up full harmonies as they go along. The parts can be sung by themselves. There can even be a few star soloists. Yet each individual part assumes a relation to the wider whole.

Aangesien hierdie studie navorsing doen in vertaalgeskiedenis, sal al drie dié komponente in 'n mindere of meerdere mate in die verloop van die studie aan bod kom. Hoewel hierdie studie hoofsaaklik gemoeid is met vertaalargeologie in die vorm van 'n inventaris van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-2018 wat saamgestel is en geanaliseer sal word (sien afdeling 2.2.6.1 en addendum D), kom historiese kritiek aan bod in die invloed van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms op die ontwikkeling van Afrikaanse kinderliteratuur (sien afdeling 5.2.3), en in 'n poging tot verduideliking, word daar gewys op die hiante wat vertalings in die Afrikaanse doelkultuur vul (sien afdeling 4.2) asook op die agentskap van uitgewers wat by die seleksieproses van kinderboeke vir vertaling in Afrikaans betrokke is (sien afdeling 6.3).

2.2.5 Watter tipe data?


In 'n historiese navorsingsbenadering, maak die navorser gebruik van dokumente as hoofinligtingsbron. Die objek in vertaalgeskiedenis is vertaalde tekste. Soos Pym (1998:38) getuig: “In translation history, the object usually comprises translational documents (either translations as documents or documents as translation).”

In hierdie studie, word daar ook van dokumente gebruik gemaak, naamlik vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms wat vir die tydperk 1990-2018 in Suid-Afrika gepubliseer is. Hierdie titels is in die vorm van 'n inventaris saamgestel en geanaliseer ten einde seleksietendense in vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms bloot te lê (sien ook afdeling 2.2.6.1).

In 'n poging om die geldigheid van bevindings en die betroubaarheid van die navorsing te verhoog, maak hierdie studie ook van 'n tweede tipe data gebruik, naamlik onderhoude met kinderboekuitgewers by die prominentste uitgewerye van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms vir die tydperk 2010-2018 (sien ook afdeling 2.2.6.2).

2.2.6 Watter tipe data-insamelingstegnieke?

In 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering, is data-insameling 'n iteratiewe proses. Met ander woorde: data-insameling en data-analise word nie beskou as twee aparte prosesse nie, maar as een aaneenlopende proses. Die rede hiervoor is dat die meeste kwalitatiewe benaderings gelei word deur die dataversadigingskriterium. Dit is naamlik die punt waar geen nuwe idees of insigte meer na vore tree nie. Hierdie proses kan as volg uitgebeeld word:



Figuur 1. Data-insameling en data-analise as 'n iteratiewe proses (aangepas uit Maree, 2010:82).

Die data-insamelingstegnieke wat in hierdie studie gevolg is, word vervolgens breedvoerig bespreek.

2.2.6.1 Die inventaris van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-2018

Die studie maak gebruik van 'n inventaris wat spesifiek vir die doeleindes van hierdie navorsing saamgestel is. Die inventaris is op 'n reduktiewe manier saamgestel. Met ander woorde, dataparameters is ingestel om die aanvanklike aantal titels in die inventaris te verminder. Dit is gedoen in 'n poging om die studiegebied te probeer afbaken en 'n werkbare inventaris te skep wat aan die studie se spesifieke vereistes voldoen. Vervolgens word die data-insamelingsproses, soos dit op die inventaris van toepassing is, bespreek.

2.2.6.1.1 Die data-insamelingproses

Vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms, uit enige taal, wat vir die tydperk 1990-2018 in Suid-Afrika gepubliseer is, is by die inventaris ingesluit. 1990 is as die onderste afsnypunt gekies omdat daar sedert die aanloop tot 'n demokratiese Suid-Afrika baie veranderinge op politieke, sosiaal-maatskaplike en ekonomiese terrein plaasgevind het (Adendorff, 2003:44) wat tot grootskaalse herstrukturering in die uitgewersbedryf gelei het (Eiselen, 2005:142). 2018 is as die boonste afsnypunt gekies ten einde die navorsing so eietyd en relevant moontlik te hou. Die volgende gegewens is in die inventaris opgeneem:

- die oorspronklike titel;
- die vertaalde titel;
- die oorspronklike taal;
- die naam van die outeur(s);
- die naam van die vertaler(s);
- die naam van die uitgewer wat die bronteks uitgegee het;
- die naam van die uitgewer wat die doelteks uitgegee het;
- die genre van die doelteks;
- die datum (jaartal) van publikasie van elke bronteks;⁴
- die datum (jaartal) van publikasie van elke vertaling;
- die datum (jaartal) van herdrukke en heruitgawe(s) van elke vertaling.⁵

Vir die opstel van 'n aanvanklike lys titels vir die inventaris, is 'n soektog op *WorldCat*⁶ uitgevoer vir die tydperk 1990-2018 met die sleutelwoordkombinasie: “Afrikaans” – “Juvenile” – “Fiction”. *WorldCat* is 'n omvattende bibliografiese databasis en bevat die katalogusse van meer as 10 000 biblioteke van regoor die wêreld, onder meer ook Suid-Afrikaanse biblioteke.⁷ Volgens Fourie en Burger (2007:103) vul die katalogiseerders van die Nasionale Suid-Afrikaanse Biblioteek publikasie-inligting, soos van toepassing op Suid-Afrika, direk in *WorldCat* aan.

⁴ Die navorser het 'n poging aangewend om die datum van eerste publikasie van elke bronteks in die inventaris weer te gee.

⁵ Die groottes van drukoplae en verkoopsyfers sal nie ingesluit word nie. Uitgewers beskou dit as kompeterende inligting en dus vertroulik, en daarom is hierdie data nie geredelik beskikbaar nie (sien Venter, 2006:18).

⁶ *WorldCat* staan vir *world catalogue*.

⁷ Besoek <https://www.worldcat.org>.

Die navorser het ook persoonlike korrespondensie met pligleweringbiblioteke aangegaan ten einde 'n katalogus van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-2018 te versoek. In Suid-Afrika heers die Wet op Pliglewering, Wet No. 54 van 1997 (Suid-Afrika 1997; sien ook Fourie & Burger, 2007:97; Penzhorn, Snyman & Snyman 2007:59; Venter, 2006:245). Hierdie wet verplig uitgewers om vyf kopieë van elke boek wat in Suid-Afrika gepubliseer word aan pligleweringbiblioteke landwyd vir bewaring te lewer.

Hierdie wet is vir die eerste keer in 1842 in Suid-Afrika ingestel in die vorm van die Britse Kopieregwet. Die Britse Kopieregwet was op die hele Britse Ryk van toepassing (waarvan Suid-Afrika in 1842 nog deel uitgemaak het), en het bepaal dat daar een kopie van elke boek wat in 'n Britse kolonie gepubliseer is, aan die Britse Museum gelewer moes word. In die neëntiende eeu is pligleweringbiblioteke in Suid-Afrika self aangewys en in 1965 het die Kopieregwet in Suid-Afrika van krag geword (Wet No. 63 van 1965), gevolg deur 'n wysiging as Wet No. 17 van 1982 wat in die 1990's weer hersien is tot die Wet op Pliglewering, Wet No. 54 van 1997.⁸

Daar is tans vyf pligleweringbiblioteke in Suid-Afrika: die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika in Pretoria, die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika in Kaapstad, Mangaung Biblioteek (voorheen Bloemfontein Openbare Biblioteek), Msunduzi Munisipale Biblioteek (voorheen Natal Gemeenskapsbiblioteek te Pietermaritzburg) asook die Parlementsbiblioteek in Kaapstad. Die Nasionale Biblioteke in Pretoria en Kaapstad funksioneer saam as 'n eenheid.

Ná persoonlike korrespondensie met die Nasionale Suid-Afrikaanse Biblioteek (NSAB) in Kaapstad asook in Pretoria en met die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) in Bloemfontein, het NALN en die NSAB in Pretoria die navorser voorsien van 'n katalogus van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms wat in die tydperk 1990-2018 in Suid-Afrika gepubliseer is.⁹

⁸ Dit is hoofsaaklik gewysig weens 'n toename in digitale media. Ten spyte van dié wysiging om digitale media in 1997 te akkommodeer, is die pliglewering van digitale media vandag steeds problematies. Dit is onder meer weens 'n gebrek aan institusionele beleid om dié materiaal in te vorder en te bestuur, kwessies oor wetgewing, asook veranderinge in tegnologie. Vir meer hieroor, sien Nsibirwa, Hoskins en Stilwell (2014).

⁹ Hoewel NALN nie 'n pligleweringbiblioteek is nie, word Mangaung Biblioteek se pliggelewerde Afrikaanse kinderboeke (waaronder vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms) tans by NALN gestoor.

Die titels in hierdie katalogusse is op *WorldCat* nagegaan om te kyk of dit aan die studie se dataparameters voldoen (sien afdeling 2.2.6.1.1.1) en by die inventaris gevoeg. Die inventaris is ook aangevul met data soos verkry uit uitgewers se elektroniese katalogusse (op die internet beskikbaar), vertalings wat in resensies in die Suid-Afrikaanse media bespreek is, en titels soos verkry uit ander navorsing (byvoorbeeld Eiselen, 2005 en Fouché, 2012).

Aangesien die inventaris ná die invoer van hierdie data steeds hiate getoon het, en omdat inligting in die katalogusse soos verkry van NALN en die NSAB soms nie gestrook het met inligting wat in *WorldCat* opgeneem is nie, het die navorser besluit om NALN in Bloemfontein en die NSAB in Pretoria persoonlik te besoek ten einde boeke met die hand na te gaan vir insluiting in die inventaris. Sodoende is daar gepoog om te verseker dat die inventaris so volledig en akkuraat moontlik is ten einde die geloofwaardigheid van hierdie studie se navorsingsbevindings te verhoog.

Die inventaris maak nogtans geensins aanspraak op algehele volledigheid nie. By die opstel van die inventaris is die dataversadigingskriterium toegepas: Data-insameling is voltrek nadat geen nuwe titels meer tydens die navorsing na vore gekom het nie. Volgens Penzhorn, Snyman en Snyman (2007:65) is daar uitgewers in Suid-Afrika wat versuim om aan die Wet op Pliglewering te voldoen.¹⁰ Dit impliseer ook dat, al is die dataversadigingskriterium toegepas, die inventaris steeds nie volledig sal wees nie.

Die persoonlike hantering van die vertaalde kinderboeke het die navorser in staat gestel om die data in die inventaris na te gaan teen die kopieregbladsy van elke vertaling ten einde die korrektheid van data te probeer verseker. Dit het die navorser ook in staat gestel om die vertalings te lees en volgens genre te klassifiseer ten einde te kan vasstel watter hiate in die doelkultuur gevul word deur vertalings van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-2018 (sien afdeling 4.2.1). Voorts kon ander relevante inligting soos verkry op boeke se voorblaaië of flaptekste ook tot die inventaris gevoeg word (byvoorbeeld gevalle van indirekte vertaling, boeke wat pryse in die bronkultuur verower het of boeke wat met behulp van finansiële steun uit die buiteland in Afrikaans vertaal is), en kon titels waarvan die inhoud

¹⁰ Dit is meestal klein uitgewers. Die pligleweringssyfers vir medium en groot uitgewers is relatief goed (sien Penzhorn, Snyman & Snyman, 2007:62). Dit volg dus dat kleiner uitgewers se publikasielyste moontlik nie volledig in die inventaris verteenwoordig sal wees nie.

nie met die navorsing se dataparameters strook nie, uit die inventaris verwyder word (byvoorbeeld boeke met 'n religieuse inslag wat nie uit die titel duidelik was nie).

Vervolgens word die dataparameters wat by die insameling van titels vir die inventaris toegepas is, kortliks bespreek.

2.2.6.1.1.1 Dataparameters

Tydens die data-insamelingsproses vir die inventaris is dataparameters toegepas om die titels wat in die inventaris opgeneem word, relevant te hou vir die doeleindes van hierdie studie. Die volgende boeke wat in die tydperk 1990-2018 gepubliseer is, is by die inventaris ingesluit:

- boeke wat aangedui is as vertalings/verwerkings/oorvertellings in Afrikaans en waarvan die brontekste deur uitgewers in die buiteland gepubliseer is;
- fiksie vir kinders van ongeveer vyf tot 12 jaar.¹¹

Die volgende boeke is nie by die inventaris ingesluit nie:

- plastiekboeke;
- vat-en-voel-boeke;
- klankboeke;¹²
- aktiwiteitsboeke;¹³
- kyk-en-soek-boeke of prentlegkaartboeke;¹⁴

¹¹ Aangesien kinderliteratuur deur die Elsbé Steenberg-prys vir Vertaalde Kinder- en Jeugliteratuur in Afrikaans beskou word as literatuur vir kinders tussen die ouderdom van vyf en 12 jaar, word dié ouderdomsgroepeerings ook in hierdie navorsing gebruik (sien ook afdeling 4.3.2.2.2).

¹² Plastiekboeke, vat-en-voel-boeke en klankboeke word uitgesluit omdat dit hoofsaaklik gerig is op kinders onder die ouderdom van vier jaar.

¹³ Aktiwiteitsboeke is uit die inventaris gelaat omdat die teks in dié boeke 'n sekondêre of geringe rol speel. Dertien, dat slegs illustreerders op die kopieregbladsye gemeld word – skrywers en vertalers word nie genoem nie. Onder aktiwiteitsboeke tel byvoorbeeld boeke met dele om 3D-modelle te bou (soos *Ons bou 3D-modelle: Wilde diere by die watergat* en *Ons bou 3D-modelle: Plaasdiere in die skuur*, albei in 2015 uitgegee deur Human & Rousseau) sowel as vingervoelboeke (kinders volg 'n paadjie in die boek met hulle vinger, soos *Soek die skapie* en *Apie se magie* albei in 2014 uitgegee deur Human & Rousseau) asook boeke met papierpoppies wat op sekere dele van die kartonboek ingeprop kan word, soos *Wie kom kuier by die apies* en *Die teddies se avontuur*, albei in 2012 uitgegee deur Human & Rousseau). Die enigste soort aktiwiteitsboek wat wel tot die inventaris toegelaat is, is plakkerboeke omdat die teks in dié boeke steeds 'n primêre rol vervul, en omdat dit op kinders van vyf jaar en ouer gerig is.

¹⁴ Dit is eintlik ook 'n tipe aktiwiteitsboek. In 'n kyk-en-soek- of prentlegkaartboek, moet die leser verskille tussen twee volbladillustrasies soek, of karakters of items soek wat in dubbelbladillustrasies weggesteek is. Hoewel 'n storielyn soms die illustrasies vergesel, speel die teks 'n sekondêre rol en word dit nie vir die doeleindes van hierdie studie as kinderfiksie beskou nie. Voorbeelde van kyk-en-soek-boeke is *Waar's Willie?* in 1996 uitgegee deur Human & Rousseau en herdruk in 2009; *Waar's Willie nou?* in 1996 uitgegee deur

- prenteboeke sonder teks;
- telboeke;
- ABC-boeke;
- boeke oor kleure en vorms;
- opvoedkundige leesreëkses;¹⁵
- religieuse boeke;
- jeugliteratuur;¹⁶
- niefiksie.¹⁷

Die volgende grensgevalle is ná oorweging by die inventaris gevoeg:

- sogenaamde “novelty”-boeke vir kinders vyf jaar en ouer, waaronder kartonboeke¹⁸ en opwipboeke;¹⁹
- boeke met plakkers, raaiselboeke,²⁰ snuffelstories²¹ en strokiesprente;
- boeke met oudioweergawes;
- boeke wat bestaan uit sowel oorspronklike, plaaslike verhale as vertalings/verwerkings/oorvertellings van ’n buitelandse herkoms;
- boeke wat geskryf en geïllustreer is deur Suid-Afrikaanse kinderboekskrywers, maar waarvan die brontekste in die buiteland gepubliseer is;²²

Human & Rousseau en ook herdruk in 2009; *Soek die koek!* in 2009 uitgegee deur Protea Boekhuis; *Verjaardag met koek* in 2012 uitgegee deur Protea Boekhuis; en *Waar is Mandie?* in 2012 uitgegee deur LAPA Uitgewers.

¹⁵ Byvoorbeeld Heinemann se opvoedkundige leesreëkses wat in verskillende leesvlakke ingedeel is en waarvan elke vlak uit ’n reeks leesboekies bestaan, asook Oxford se Storieboom-leesreëkses wat as *Stamstories* bekend staan, en ook in leesfasies ingedeel is.

¹⁶ Aangesien kinderliteratuur vir die doeleindes van hierdie studie beskou word as literatuur vir kinders van vyf tot 12 jaar, word jeugliteratuur beskou as literatuur vir kinders bo 12 jaar. Uit ’n kwalitatiewe navorsingsperspektief is die navorser self die instrument waardeur data ingesamel en geanaliseer word (sien afdeling 2.2.2), en daarom is die klassifisering van boeke as kinder- of jeugliteratuur in hierdie studie subjektief tot die navorser se oordeel. Boeke wat as jeugliteratuur beskou is en nie by die inventaris ingesluit is nie, sluit in die vertaling van John Green se *The fault in our stars* as *Die fout by ons sterre*, vertaal deur Tinus Horn en in 2016 uitgegee deur Penguin Books, asook Jenny Downham se *Before I die*, in Afrikaans vertaal as *As ek val* deur Lydia du Plessis en in 2014 uitgegee deur LAPA Uitgewers.

¹⁷ Onder niefiksie tel enige feiteboeke. Ook humoristiese boeke wat hoofsaaklik feite weergee, is uitgelaat (byvoorbeeld die *Dinosaurusse: feite en geite*-reeks deur Aleksei Bitskoff en Ruth Symons, soos: *Daar’s ’n trikeratops op die trampolien*, *Daar’s ’n T. Rex in die tuin* en *Daar’s ’n stegosaurus in die storie*, in Afrikaans vertaal deur Kobus Geldenhuys en in 2014 uitgegee deur Human & Rousseau).

¹⁸ Kartonboeke kan strek tot by die ouderdom van vyf jaar, daarom is dit wel by die inventaris ingesluit. Kartonboeke wat op die flaptekste aangedui is as bababoeke, is wel uitgelaat.

¹⁹ Opwipboeke het 3D-illustrasies wat opwip op elke bladsy of karakters wat opwip op elke bladsy of flappies wat opgelig kan word.

²⁰ Raaiselboeke bevat raaisels wat die leser moet oplos om die storie uit te pluis.

²¹ In snuffelstories kies die leser self wat volgende gebeur.

²² Byvoorbeeld *Oupa Allie se skaduwee*, wat in die Bo-Kaap afspeel. Dit is in 1992 as ’n ko-produksie gedruk deur Human & Rousseau in samewerking met The Bodley Head in Brittanje. Die oorspronklike titel heet *Papa*

- boeke waarvan daar nie in die bronkultuur 'n gelyksoortige kopie bestaan nie, maar waarvan die inhoud as vertaal en van buitelandse herkoms aangedui word;²³
- prentboeke wat as kinderliteratuur vir volwassenes bemark word en as humoristiese boeke vir ouers bedoel is.²⁴

2.2.6.1.1.2 Genre-indelings

Volgens Frank (2007:26) is genres belangrik omdat dit data uitmaak waarmee die navorser kan bepaal wat die seleksie van tekste vir vertaling motiveer. In hierdie studie het die genreklassifikasies ten doel om data-analise vir die sisteemteoretiese toepassing te rig en lei ten einde hiate in die Afrikaanse doelsisteem bloot te lê en die funksie van vertalings van internasionale herkoms in die Afrikaanse literêre sisteem te peil.

Tydens die data-insameling by NALN en die NSAB is daar op 'n induktiewe manier uit die hantering van die boeke afgelei tot watter genre en subgenre 'n kinderboek behoort. Ten einde dié genre-klassifikasies te maak, het die navorser elke boek wat in die inventaris opgeneem is, gelees. In 'n poging om ryk, deskriptiewe data te verkry en oormatige interpretasie of subjektiwiteit deur die navorser te probeer vermy, is vertalings, waar een genre-klassifikasie reductief sou wees, in meer as een genre ingedeel. Op dié manier is byvoorbeeld die boeke in J.K. Rowling se *Harry Potter*-reeks as sowel reeksboeke, fantasie- én avontuurverhale geklassifiseer.

Boeke is in die volgende genres ingedeel:

- fantasieverhale (**F**) (sprokies en ander boeke waarin die fantastiese 'n groot rol speel);
- volksverhale (**VV**) (tradisionele volksverhale uit verskeie lande asook dierestories of fabels);
- diereverhale (**DV**) (stories oor troeteldiere, soos honde, katte, ponies of perde);

Lucky's shadow (1992) en is geskryf deur Niki Daly – 'n Suid-Afrikaanse outeur wie se kinderboeke dikwels internasionaal gepubliseer word.

²³ Byvoorbeeld *Die spreek met foete*. Philip de Vos het in Amsterdam die werk van Annie M.G. Schmidt ontdek en besluit om sommige van haar verse uit Nederlands in Afrikaans te vertaal. Hierdie publikasie het dus nie 'n eweknie in Nederland nie. Hoewel die afsonderlike verse uit Nederlands afkomstig is, is dit 'n oorspronklike publikasie in Afrikaans met vertaalde verse uit Nederlands.

²⁴ Prentboeke vir volwassenes is 'n nuwe posisie of genre wat deur middel van internasionale vertalings in die Afrikaanse doelkultuur geskep is (sien afdeling 4.2.2.1.3).

- avontuurverhale (**A**) (verhale waarin aksiebelaaide en/of spannende gebeure voorop staan);
- realistiese verhale (**R**) (verhale waarin daar van sowel mens- as dierekarakters gebruik gemaak kan word, maar waar die storielyn handel oor realistiese of alledaagse gebeure en emosies wat 'n kind ervaar, dikwels op 'n vernuwende wyse of met 'n verdieping, maar altyd sonder 'n sterk didaktiese inslag; die verhaal is dus nie noodwendig realisties nie, maar die dieper betekenis wys op die realiteit);
- simboliese verhale (**S**) (waar simboliek in die storielyn gebruik word om 'n boodskap oor te dra);
- didaktiese verhale (**D**) ('n storielyn wat feite weergee of waaruit die kind duidelik 'n lesie moet leer, asook boeke vir beginnerlesers);
- humoristiese verhale (**H**); (verhale waarin humor voorop staan);
- slaapydstories (**SS**); (verhale wat geskik is vir lees voor slaapyd);
- reeksboeke (**RB**) ('n reeks boeke waarin dieselfde karakter(s) telkens figureer, hoewel die gebeure verskil);
- probleemboeke (**P**) (waar die kind deur middel van 'n storie gehelp word om alledaagse uitdagings en/of struikelblokke te hanteer, byvoorbeeld die koms van 'n nuwe boetie of sussie, die opgee van 'n geliefde kombens of fopspeen, of hoe om die dood te hanteer);
- kinderverse of versverhale (**KV**) (rympies vir kinders, asook verhale wat in rymvorm geskryf is);
- vermaaklike boeke (**V**) (wat deel uitmaak van die vermaaklikheidsindustrie, soos *Barbie-* of *Disney-*boeke);
- mitologie (**M**) (verhale oor mites en legendes);
- gruwelboeke (**G**) (bangmaakfiksie wat sentreer rondom die fantastiese en/of die groteske, asook boeke met 'n gotiese inslag);
- wetenskapfiksie (**WF**) (futuristiese verhale wat dikwels van konsepte gebruik maak soos gevorderde wetenskaplike tegnologie, ruimte-reise en/of ruimtewesens);
- historiese verhale (**HV**) (verhale wat in spesifieke tydperke in die geskiedenis afspeel);
- bildungsromans (**B**) (verhale wat sentreer rondom die sielkundige en morele groei van karakters en waarin die fokus lê op karakters se grootwordproses).

Boeke is ook in die volgende subgenres ingedeel:

- prenteboeke (**PB**);
- geïllustreerde kinderboeke (**GKB**);
- kinderboeke sonder illustrasies (**KSI**);
- strokiesprente (**SP**);
- kartonboeke (**KB**);
- plakkerboeke (**PLB**);
- opwipboeke en boeke met flappies (**OB**).

'n Vertaling is as 'n prenteboek geklassifiseer wanneer daar deurgaans van volkleur-illustrasies gebruik gemaak is en wanneer die illustrasies die teks duidelik oorheers. 'n Vertaling is as 'n geïllustreerde kinderboek geklassifiseer wanneer daar van illustrasies gebruik gemaak is (volkleur of swart en wit), maar die teks duidelik die illustrasies oorheers.²⁵ 'n Vertaling is as 'n kinderboek sonder illustrasies geklassifiseer as daar geensins van illustrasies gebruik gemaak is nie, hoewel die boek op 'n kindergehoor gerig is.

Buiten genreklassifikasies, is daar ook gepoog om herdrukke en heruitgawes, ko-produksies, pryswenners en finansiële steun uit die buiteland in die inventaris aan te dui. Hierdie data is ingesamel met die doel om die data-analise vir die vertaalsosiologiese toepassing te rig en lei, en word vervolgens bespreek.

2.2.6.1.1.3 Herdrukke, heruitgawes, ko-produksies, pryswenners en finansiële steun uit die buiteland

Uit 'n vertaalsosiologiese perspektief neem die uitgewers van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms asook die vertalings self op grond van beskikbare kapitaal, verskillende posisies in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms in (sien afdeling 6.2). In 'n poging om ondersoek in te stel na die verskillende soorte kapitaal wat in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur sirkuleer, is daar in die inventaris aantekeninge gemaak oor herdrukke, heruitgawes, ko-produksies, pryswenners en finansiële steun uit die buiteland soos dit op die

²⁵ Selfs indien daar net een of twee keer in 'n hoofstuk 'n klein skets voorkom of as daar eenvoudige potloodsketse of 'n klein illustrasie bo-aan elke nuwe hoofstuk verskyn, is dit steeds in die inventaris as 'n geïllustreerde kinderboek aangedui.

kopieregbladsy, op die voorblad, of op die flapteks van vertalings aangedui is. Aangesien aantekeninge oor herdrukke, heruitgawes en ko-produksies in die inventaris moontlik nie heeltemal volledig is nie (sien afdeling 2.2.6.1.2) en derhalwe onbetroubare resultate kan lewer, is daar besluit om nie van hierdie data gebruik te maak nie. Slegs inligting oor pryswenners en finansiële steun uit die buiteland is gebruik (sien afdeling 6.2.2).

2.2.6.1.2 Tekortkomings van die inventaris

Tydens data-insameling vir die inventaris, is daar op die volgende tekortkomings gelet:

- Inligting op kopieregbladsye is soms gebrekkig. Vertalers word nie altyd genoem nie en soms word ander inligting ook uitgelaat, soos die outeur(s) van die bronteks, die titel van die bronteks en die bronteks se jaar van publikasie. Daar kan ook nie met sekerheid gesê word dat, indien 'n vertaling nie as 'n ko-produksie aangedui word op die kopieregbladsy, dit inderdaad die geval is nie.²⁶ Inligting wat op die kopieregbladsy ontbreek het, word in die inventaris met 'n en-streep aangedui (–).
- Sommige vertaalde reekse uit die buiteland kon weens gebrekkige inligting op die kopieregbladsye glad nie in die inventaris opgeneem word nie, byvoorbeeld heelwat boeke uit die Ladybird-reeks, oorvertel deur Vera Southgate. Die brontekste is in Londen deur Ladybird gepubliseer en die vertaalde Afrikaanse doeltekste is al telkemale uitgegee, maar die gebrekkige kopieregbladsye (geen melding van die brontekstitel, brontaal of brontekspublikasiedatum word gemaak nie en daar is ook nie melding van die Suid-Afrikaanse publikasiedatum nie) veroorsaak dat dit nie in die inventaris opgeneem kon word nie. Voorbeelde van titels uit dié Ladybird-reeks is: *Die groot pannekoek* (vertaal deur Marie Gerber), *Die prinses en die padda* (vertaal deur Marie Gerber), *Die kuikentjie klein* (vertaal deur Marie Gerber), *Katjiewewels* (vertaal deur Marie Gerber) en *Die yslike raap* (ook vertaal deur Marie Gerber).
- Inligting op kopieregbladsye is soms foutief. Daar was gevalle waarvan die jaar van publikasie van die vertaling as 'n jaar vóór die publikasie van die bronteks aangegee is, asook spelfoute in brontekstitels en vertalers en outeurs se name.
- Pliglewering word nie ewe streng deur alle Suid-Afrikaanse uitgewers nagekom nie. As gevolg hiervan kan dit wees dat nie alle vertaalde Afrikaanse kinderboeke van

²⁶ Snyman en Venter (2004:124) noem dat Anansi Uitgewers vir die tydperk 1990-2001 hoofsaaklik ko-produksies gepubliseer het; dit word egter nie pertinent op vertalings deur Anansi se kopieregbladsye aangedui nie, en is gevolglik nie as sodanig in die inventaris opgeneem nie.

internasionale herkoms wat in die tydperk 1990-2018 gepubliseer is, in die inventaris verskyn nie. Ontbrekende inligting van boeke wat nie fisiek opgespoor kon word nie, word in die inventaris met 'n vraagteken aangedui (?).

- Pligleweringsboeke neem tyd om by biblioteke afgelewer te word. As gevolg hiervan was net 'n handvol pligleweringsboeke vir die jaar 2018 in die biblioteke beskikbaar toe die navorser in Januarie en Februarie 2019 daar besoek afgelê het.
- Die navorser self kon foute in die inventaris veroorsaak het.

Om gebrekkige en/of foutiewe inligting op kopieregbladsye aan te vul en/of te korrigeer of die herkoms van 'n bronteks na te spoor, is titels soms op die internet nagegaan (teen *WorldCat*, teen inligting van die titel soos dit verskyn op *Amazon.com*, teen inligting uit resensies, en dies meer).

Die inventaris bied die grondslag vir verdere kwalitatiewe ondersoek, naamlik semigestruktureerde onderhoude met kinderboekuitgewers by die prominentste Afrikaanse uitgewers van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms in die tydperk 2010-2018. Hierdie ondersoek word vervolgens bespreek.

2.2.6.2 Semigestruktureerde onderhoude met prominente kinderboekuitgewers in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms

Data soos verkry uit die inventaris stel die navorser in staat om die uitgewers te identifiseer wat in die tydperk 2010-2018 aktief betrokke was by die publikasie van kinderboeke van internasionale herkoms in Afrikaans. In die tweede deel van hierdie navorsing is die prominentste uitgewers vir dié tydperk genader vir semigestruktureerde onderhoude met die doel om ryk, deskriptiewe data te verkry wat daartoe kan bydra dat die studie se navorsingsvrae so volledig moontlik beantwoord word.

Onderhoude is slegs gevoer met die prominentste uitgewers van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms vir die tydperk 2010-2018 omdat hierdie uitgewers vandag nog aktief betrokke is by die publikasie van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur en as sodanig, die mees geskikte literêre instansies is om vrae te

beantwoord oor die seleksie van kinderboeke vir vertaling in Afrikaans.²⁷ Dié uitgewers is: Human & Rousseau, Protea Boekhuis en LAPA Uitgewers.

Die doel van onderhoude met kinderboekuitgewers is om die volgende te probeer peil:

- Wat is die motiewe en beperkings (in die vorm van norme) wat 'n rol speel in die besluit om 'n kinderboek van internasionale herkoms te selekteer vir vertaling in Afrikaans?
- Wat is die rol van die habitus van die uitgewer (die sogenaamde “uitgewersneus”) in die seleksie van tekste vir vertaling in Afrikaans?
- Wat is die funksie van vertalings van internasionale herkoms in die Afrikaanse doelkultuur?

Ten einde onderhoude met kinderboekuitgewers te voer, is 'n proses van etiese klaring by die Universiteit van Stellenbosch gevolg. Hierdie proses word vervolgens uiteengesit.

2.2.6.2.1 Etiese klaring

Etiese klaring vir onderhoude met kinderboekuitgewers is by die Universiteit van Stellenbosch se Navorsingsetiekkomitee verkry. In die proses van versoek om etiese klaring, is die doel van semigestruktureerde onderhoude met die prominentste uitgewers in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms aan die Navorsingsetiekkomitee verduidelik en die uitgewers wat vir onderhoude geïdentifiseer is, is aan die komitee verklaar (sien ook afdeling 2.2.6.2).

Briewe is opgestel waarin uitgewers genooi is om vrywillig in die vorm van semigestruktureerde onderhoude aan hierdie studie deel te neem. In die briewe is die doeleindes van die studie kortliks uiteengesit en daar is aan uitgewers verduidelik waarom onderhoude met sleutelrolspelers in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms 'n wesenlike deel van die studie uitmaak. Uitgewers is ook verwittig dat, sou hulle tot deelname instem, hulle steeds enige tyd aan die studie sou kon onttrek. Dié briewe is ook aan die Navorsingsetiekkomitee voorgelê vir goedkeuring.

²⁷ Hoewel hierdie studie hoofsaaklik histories is, kan onderhoude nie met alle uitgewers gevoer word nie. Verskeie uitgewers wat vir die tydperk 1990-2010 'n prominente rol gespeel het in die publikasie van vertaalde kinderboeke van internasionale herkoms in Afrikaans het intussen hulle deure gesluit, of met ander uitgewers saamgesmelt (vir meer hieroor, sien afdeling 6.2).

Sjablone van hierdie briewe is in die vorm van 'n brief om verlov van toestemming vir die onderskeie Afrikaanse uitgewers (sien addendum A) en 'n ingeligte toestemmingsbrief vir die individuele kinderboekuitgewers (sien addendum B) by die studie aangeheg. Die brief om verlov van toestemming is aan uitgewers gestuur tydens die uitnodiging om deel te neem aan die studie. As die betrokke uitgewer ingestem het tot deelname, is hierdie vorm geteken en aan die navorser terugbesorg. Individuele kinderboekuitgewers het ook 'n ingeligte toestemmingsbrief onderteken en aan die navorser terugbesorg voor die onderhoude gevoer is.

Laastens, is die vrae wat aan kinderboekuitgewers tydens onderhoude gevra is, ook deur die Navorsingsetiekomitee goedgekeur. 'n Sjabloon van hierdie vrae is ook aangeheg (sien addendum C).

2.2.7 Metodes vir data-analise

Dit is belangrik om daarop te let dat data-analise en data-insameling in hierdie studie deel uitmaak van 'n iteratiewe proses (sien afdeling 2.2.6), daarom kan die insameling van data en die analise van data nie werklik as afsonderlike prosesse beskou word nie. Met inagneming hiervan en nadat daar aan die dataversadigingskriterium tydens die opstel van die inventaris voldoen is, is die analise van data hoofsaaklik in twee dele uitgevoer: eerstens, in die analise van die inventaris van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-2018 (sien afdeling 2.2.6.1) en tweedens, in die analise van die semigestruktureerde onderhoude met die prominentste kinderboekuitgewers in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms vir die tydperk 2010-2018 (sien afdeling 2.2.6.2).

2.2.7.1 Analise van die inventaris

Die inventaris is uit twee afsonderlike teoretiese perspektiewe geanaliseer: uit 'n sisteemteoretiese invalshoek, deur te kyk na die hiate in die vorm van genres wat vertaalde kinderliteratuur van internasionale herkoms in die doelkultuur vul (sien afdeling 4.2) en na die posisie wat sodanige vertalings in die Afrikaanse kinderliteratursisteem inneem (sien afdeling 4.3) ten einde die funksie van vertalings in die doelkultuur te peil, en uit 'n vertaalsosiologiese perspektief, deur te kyk na die posisies wat die uitgewers van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms in die subveld van vertaalde

Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms ingeneem het (sien afdelings 6.2.2 en 6.2.3 afsonderlik) ten einde na te gaan watter funksie vertalings vir hulle verrig.

Buitelandse befondsing vir die vertaling van kinderboeke in Afrikaans soos dit in die inventaris aangeteken is, is enersyds gebruik in 'n ondersoek na die verskillende vorms wat die patronaat in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem inneem ná 1990 (sien afdeling 4.4.5) en andersyds, in 'n ondersoek na vertaling as 'n internasionale verhouding van mag en dominansie in die internasionale veld van kinderliteratuur (sien afdeling 6.2.3).

2.2.7.2 Analise van semigestruktureerde onderhoude met kinderboekuitgewers

Weens die aard van die semi-gestruktureerde onderhoude wat met kinderboekuitgewers gevoer is, het die navorser heelwat meer data bekom as wat daar in die analise van die onderhoude weergegee word (sien afdeling 4.4, afdeling 6.3 en addendum C). Tydens die analise is daar gepoog om sover moontlik slegs feite weer te gee, en slegs dié feite wat direk op die studie se navorsingsvrae van toepassing is. Inligting soos verkry uit semigestruktureerde onderhoude is getranskribeer, as 'n geheel saamgegroepeer en geanaliseer om bevindings te verkry oor:

- uitgewers se inisiële en preliminêre norme wat 'n rol speel in die seleksie van internasionale kinderliteratuur vir vertaling (sien afdelings 4.4.1 en 4.4.2);
- uitgewers se perspektief op die rol of funksie van vertalings van internasionale herkoms in die Afrikaanse doelkultuur (sien afdeling 4.4.3);
- die uitdagings en beperkings wat uitgewers ondervind tydens die seleksie van internasionale kinderliteratuur vir vertaling (sien afdeling 4.4.4);
- die verskillende vorms wat die patronaat inneem ná 1990 (sien afdeling 4.4.5); en
- die habitus van die uitgewer (sien afdeling 6.3.1).

Omdat onderhoude met slegs drie kinderboekuitgewers gevoer is, het die navorser besluit om nie van 'n kwalitatiewe data-analiseprogram (soos ATLAS.ti) gebruik te maak nie. Data uit onderhoude is saamgegroepeer volgens die vrae wat tydens die onderhoude gevra is en vraag-vir-vraag geanaliseer. Die navorser het gepoog om alle inligting wat op hierdie studie van toepassing is, getrou volgens die transkripsies weer te gee. Kinderboekuitgewers is ook in die analise verbatim aangehaal (sien afdeling 4.4 en afdeling 6.3).

In 'n bewuste poging om die analise vir die doeleindes van hierdie studie relevant te hou sowel as om aan die etiese bepalings van die Universiteit van Stellenbosch se Nagraadse Eksamineringskomitee vir hierdie studie te voldoen (sien afdeling 2.2.6.2.1) en die anonimiteit van die betrokke uitgewers te verseker, is uitlatings slegs verbatim weergegee wanneer dit direk op die studie se navorsingsvrae van toepassing is en wanneer dit geen direkte kommentaar bevat oor die uitgewery waar die betrokke kinderboekuitgewer werksaam is, of oor kompeterende uitgewerye nie.²⁸

²⁸ Weens etiese oorwegings is die transkripsies van die onderhoude nie as addenda by die studie gevoeg nie. Dit staan persone egter vry om die navorser persoonlik te kontak om 'n kopie van die transkripsies te versoek.

Hoofstuk 3

'n Sisteemteoretiese benadering tot vertaalde internasionale kinderliteratuur in Afrikaans

Translation/rewriting Studies tend to deal with the constraints that enter into play during the process of both the writing and rewriting of texts. These constraints both belong to the field of literary studies “proper” and transcend it. They ultimately have to do with power and manipulation, two issues potentially of enormous interest not only to those engaged in literary studies, but also to all their victims outside (Bassnett & Lefevere, 1990:12).

I cannot imagine anyone seriously arguing that authors of children’s books, whether past or present, operate in a political and ideological vacuum and pursue their artistic vision without constraint or limitation. Like other cultural artefacts, children’s literature is a product of convention that is rooted in, if not determined by, the dominant belief systems and ideologies of the times in which it is created (Taxel, 1995:159).

3.1 Inleiding

Vertaalstudie is ’n jong dissipline. Soos Munday (2012:13) dit stel:

While the practice of translation is long established, the study of the field developed into an academic discipline only in the latter part of the twentieth century.

Vertaling is baie jare bloot as ’n oefening gebruik om ’n nuwe taal aan te leer (Munday, 2012:13). Sodra ’n student die taal waarin die oorspronklike teks geskryf is genoegsaam bemeester het om die oorspronklike te kan lees en verstaan, is die vertaling opsy geskuif en is daar op enige verdere studie van die vertaling neergekyk (Bassnett, 2002:11; Munday, 2012:14). Soos Hermans (1985:8) sê:

The conventional approach to literary translation, then, starts from the assumption that translations are not only second-hand, but also generally second-rate, and hence not worth too much serious attention. A translation may have its limited use as a stepping-stone to an original work, but it cannot presume to form part of the recognized corpus of literary texts.

Ook Bassnett (1996:10) het die volgende te sê:

Translation has been frequently contrasted unfavourably with “original” writing, as a kind of lesser activity, or as a form of training for the “real” business of writing.

Dié afkeurende houding is een moontlike rede waarom vertaalnavorsing lank in akademiese kringe as sekondêr en minderwaardig beskou is (Bassnett, 2002:12; Munday, 2012:14). Weens vertalings se lae status is hulle tot die akademiese periferie verdring, tesame met populêre literatuur, kinderliteratuur en ander “minder belangrike” literatuurvorms (Hermans, 1985:8).

Navorsing in vertaling het hoofsaaklik geskied onder die vaandel van vergelykende literatuurstudies of toegepaste linguistiek, soos Catford (1965:1) se definisie van vertaling getuig:

Translation is an operation performed on languages: a process of substituting a text in one language for a text in another. Clearly, then, any theory of translation must draw upon a theory of language – a general linguistic theory.

Uit ’n linguistiese perspektief is vertaling beskou as ’n meganiese proses waarin sinonieme geruil is uit een taal in ’n ander. As sodanig is die vertaalhandeling as nabootsend gehuldig, sonder enige sprake van oorspronklikheid of kreatiwiteit, en is die vertaalproses gedefinieer as:

[A] linguistic operation consisting of the substitution of source-language grammatical and lexical elements with equivalent target-language grammatical and lexical elements, together with the simultaneous exchange of source-language phonological and/or graphological elements for target-language phonological and/or graphological elements (Hermans, 1994:11; sien ook Catford, 1965:22).

Die verhouding tussen ’n bron- en ’n doelteks is op die beginsel van ekwivalensie gebaseer en as sodanig, is die ekwivalensie-beginsel gehuldig as ’n definiërende aspek van vertaling.

Vertaalteorie was dus krities evaluerend en voorskrywend van aard, en het hoofsaaklik ten doel gehad om die vertaalpraktyk direk te beïnvloed (Hermans, 1994:12). Dit was ook bronteksgeoriënteerd: weens die ekwivalensie-begrip is die bronteks verhef tot ’n absolute standaard en is die doelteks onlosmaaklik aan die bronteks verbind.

Hoewel die linguistiese benadering tot vertaling vrugtevolle insigte gelewer het, het dit weldra begin blyk dat vertaalde literatuur as verskynsel te kompleks is vir die beperkte reikwydte van die linguistiek (Hermans, 1985:10). In die 1980's is dit voorgehou dat vertaling nie 'n eenvoudige linguistiese proses of die blote uitruiling van sinonieme is nie, maar dat vertaling erken moet word as 'n komplekse proses wat in 'n spesifieke sosiokulturele konteks plaasvind en 'n spesifieke funksie het om te verrig in die doelkultuur (en dan boonop 'n funksie wat kan verskil van die bronteks se oorspronklike funksie in die brontekstuur). Hiermee is vertalings dus erken as kultuurgebonde (sien ook Álvarez & Carmen-África Vidal, 1996:2).

Dit word beskou as die kulturele en/of sosiale wending in vertaalstudie (Snell-Hornby, 2006:3, 47-50). Dié wending het vertaalstudie losgemaak van 'n verbintenis met die linguistiek en gelei tot die vestiging van 'n onafhanklike dissipline (Snell-Hornby, 2006:3). Dit het ook 'n paradigmaskuif ingelei na 'n funksionalistiese en deskriptiewe benadering tot vertaling, oftewel:

[A] view of literature as a complex and dynamic system; a conviction that there should be a continual interplay between theoretical models and practical case studies; an approach to literary translation which is descriptive, target-oriented, functional and systemic; and an interest in the norms and constraints that govern the production and reception of translations, in the relation between translation and other types of text processing, and in the place and role of translations both within a given literature and in the interaction between literatures (Hermans, 1985:10-11).

Die erkende kompleksiteit van die vertaalproses betrek ook die magspel wat gedurende die vertaalproses afspeel – 'n spel waarin die agente wat by die vertaalproses betrokke is, 'n aktiewe rol speel. Vandat die fokus nie meer berus op die mag van die bronteks in die vertaalproses nie, word die mag wat die herskrywers (vertalers, reviseurs, proeflesers, uitgewers) en die sosiale prosesse wat tussen hierdie agente bestaan en op die vertaling uitgeoefen word, blootgelê (sien Bassnett & Lefevere, 1990:10).

'n Vertaling kan byvoorbeeld mag uitoefen in 'n doelkultuur deur 'n spesifieke ideologie voorop te stel (Álvarez & Carmen-África Vidal, 1996:5). Soos Álvarez en Carmen-África Vidal (1996:4) sê:

Translation always implies an unstable balance between the power one culture can exert over another. Translation is not the production of one text equivalent to another text, but rather a complex process of rewriting that runs parallel both to the overall view of language and of the "Other" people have throughout history; and to the influences and the balance of power that exist between one culture and another.

Even-Zohar (1978a; 1978b; 1979; 1990; 1997; 2000; 2004; 2005) se polisisteamteorie het 'n groot invloed gehad op hierdie paradigmaskuif in die ontluikende veld van vertaalstudie omdat dit vertaling beskryf het as 'n vormende krag in die evolusie van 'n literêre sisteem (Bassnett, 1996:13).

Die polisisteamteorie is 'n funksionele en beskrywende benadering. Dit beskou alle semiotiese verskynsels as deel van een of meer sisteme en analiseer hierdie verskynsels op grond van hulle funksies en onderlinge verhoudings (Codde, 2003:92). Dit is ook (volgens Hermans, 1999:107) 'n konstruktivistiese teorie: Dit veronderstel die idee van 'n meervoudige sisteem as 'n heuristiese konsep om die onsamehangende opeenhoping van geïsoleerde feite teë te werk (Even-Zohar, 1978a:30). Sisteme beskik dus nie oor enige ontologiese status nie en bestaan slegs in teorie as 'n konstruk wat in navorsing gebruik word om antwoorde te verkry op bepaalde vrae. Soos Hermans (1999:103) dit stel:

The decision to view, say literature, art or translation, or for that matter education or politics, as a system is made on the grounds that doing so will provide a certain kind of insight into that world – into its internal structure and evolution, and its relations with the outside world, for instance.

Die idee van literatuur as 'n oop en dinamiese sisteem met verskeie sisteme wat mekaar kruis en gedeeltelik oorvleuel, wat gestruktureerd is en waarvan die dele interafhanklik is ten spyte van moontlik teenstrydige en uiteenlopende kenmerke van elke sisteem afsonderlik, en waarvan al die dele saam as een heterogene geheel funksioneer, het nuwe navorsingsmoontlikhede vir vertaalstudie ingelei.

Daarby het die polisisteambenadering se verwerping van waardeoordele 'n nuwe teoretiese raamwerk voorsien waarin tekste nie meer inherent as waardig of onwaardig geklassifiseer

is nie. Die polisisteamteorie maak dit moontlik om gemarginaliseerde vorms van literatuur soos populêre literatuur, vertaalde literatuur en kinderliteratuur sonder waardeoordele te bestudeer (Even-Zohar, 1979:292; 1990a:13; sien ook Hermans, 1999:42) en beskou vertaalde literatuur as 'n subsisteam van die literêre polisisteam – nie net as 'n lukraak versameling tekste nie (Ben-Ari, 2013:146; sien ook Munday, 2012:166).

Polisisteamteorie het ook 'n invloed gehad op die ontwikkeling van Gideon Toury (1995; 2000; 2012) se deskriptiewe vertaalstudie (DTS). Die deskriptiewe benadering tot vertaalstudie is, net soos die polisisteamteorie, doelteksgeoriënteerd. Dit veronderstel dat 'n vertaling deur die doelkultuur geïnisieer word as 'n manier om plaaslike hiëte te vul (Toury, 1995:27). Soos Toury (1995:26) sê: “[A] text’s position (and function), including the position and function which go with a text being regarded as a translation, are determined first and foremost by considerations originating in the culture which hosts them.”

Volgens 'n deskriptiewe benadering word 'n vertaling gedefinieer as enige doeltaaluitspraak wat deur die doelkultuur as 'n vertaling beskou of voorgehou word, om watter redes ook al (Toury, 1995:32). Toury (1995:31-32) verwys na veronderstelde vertalings (*assumed translations*) en sê:

[A]n assumed translation would be regarded as any target-culture text for which there are reasons to tentatively posit the existence of another text, in another culture and language, from which it was presumedly derived by transfer operations and to which it is now tied by certain relationships, some of which may be regarded – within that culture – as necessary and/or sufficient.

Op dié manier het DTS die fokus in vertaalstudie verskuif vanaf die ekwivalensie tussen 'n bron- en 'n doelteks na norme wat as metodologiese gereedskap dien om lig te werp op die aard van die spesifieke verhouding tussen 'n bron- en 'n doelteks. Soos Hermans (1994:20) dit stel:

Since the cultural operation called translation is governed by norms, and norms patrol the perimeters of translation, they largely determine what kind of textual relation between source and target text we are likely to find, i.e. what kind of “informational core” a particular culture will want to see retained “invariant” (whatever precise meaning the term is given in a particular language and culture) in the process of transformation.

In DTS word vertalings dus as vertalings ondersoek en daar word gepoog om redes te vind vir die totstandkoming en die aard daarvan (Hermans, 1999:35). Deskriptiewe navorsers bestudeer dit wat vertalers doen en sê en wat vertaalkritici doen en sê, en op dié manier word nie net vertalings nie, maar ook uitlatings oor vertalings (waaronder voorskriftelike en waardebepalende uitsprake) bestudeer (Hermans, 1999:35).

Derhalwe het navorsingsvrae in vertaalstudie ook verander. Voorheen is dieselfde onproduktiewe en essensialistiese vrae oor en oor gevra (Hermans, 1985:9), soos: Hoe moet 'n vertaling gedefinieer word? Is vertaling werklik moontlik? Wat is 'n "goeie" vertaling? Hierdie vrae het ná die kulturele wending in vertaalstudie verander, soos Hermans (1994:16) getuig wanneer hy sê: "The leading questions are who translates what, when, how, for whom, in what context, with what effect – and always: why."¹

Om antwoorde op hierdie vrae te kry, word daar nie meer net woord vir woord gekyk na die verhouding tussen 'n bron- en 'n doelteks nie, maar na al die verskillende stadiums en aspekte van die vertaalproses – vanaf seleksie tot resepsie (Hermans, 1994:16).

Vervolgens word die literêre polisteem uiteengesit (afdeling 3.2) met 'n bespreking van die intraverhoudings in die polisteem (afdeling 3.2.1): sentrum vs. periferie (afdeling 3.2.1.1), gekanoniseer vs. niegekanoniseer (afdeling 3.2.1.2) en primêre modelle vs. sekondêre modelle (afdeling 3.2.1.3). Hierna word Afrikaanse kinderliteratuur as 'n subsisteem van die Afrikaanse literêre polisteem gepostuleer (afdeling 3.3), waarna vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur as 'n subsub sisteem van die Afrikaanse literêre polisteem ondersoek word (afdeling 3.4) deur te kyk hoe die vertaalde Afrikaanse kinderliteratuursisteem funksioneer (afdeling 3.4.1) in 'n bespreking van die produsent(e) (afdeling 3.4.1.1), die gebruiker(s) (afdeling 3.4.1.2), die institusie (afdeling 3.4.1.3), die mark (afdeling 3.4.1.4), die repertorium (afdeling 3.4.1.5) en die produk (afdeling 3.4.1.6).

Voorts kom sisteme wat 'n invloed uitoefen op die funksionering van die vertaalde kinderliteratuursisteem aan bod (afdeling 3.4.2), naamlik die opvoedkundige sisteem (afdeling 3.4.2.1) en die politieke en ekonomiese sisteem (afdeling 3.4.2.2). Hierna word beheermeganismes (afdeling 3.5) in die literêre polisteem uitgelig en bespreek as ideologie en poëtika (afdeling 3.5.1) en norme (afdeling 3.5.2).

¹ Dit herinner aan Lefevere (1992:7), wat dit as volg stel: "[W]ho rewrites, why, under what circumstances, for which audience."

In die ondersoek na norme in vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur word die vertaling van kinderliteratuur beskou as 'n normbeheersde aktiwiteit (afdeling 3.5.2.1), waarna Gideon Toury se vertaalnorme, soos dit op hierdie studie van toepassing is, bespreek word: die inisiële norm (afdeling 3.5.2.1.1) en die preliminêre norm (afdeling 3.5.2.1.2). Die bestudering van vertaalnorme kom volgende aan bod (afdeling 3.5.2.2) waarna kritiek teen Even-Zohar se polisisteesisteemteorie en Toury se normteorie onder die loep geneem word (afdeling 3.6), afgesluit deur die samevatting vir die hoofstuk (afdeling 3.7).

3.2 Die literêre polisisteesisteem

In sisteemteorie word literatuur beskou as 'n komplekse oop en heterogene sisteem wat verhoudings met ander kulturele sisteme onderhou en ook self uit diverse subsisteme bestaan. Literatuur word dus beskou as 'n polisisteesisteem, oftewel:

[A] multiple system, a system of various systems which intersect with each other and partly overlap, using concurrently different options, yet functioning as one structured whole, whose members are interdependent (Even-Zohar, 1990a:11).

'n Polisisteesisteem is hiërargies gestruktureerd en die sisteemelemente wat hierdie hiërargie uitmaak, is in 'n voortdurende stryd om mag en dominansie gewikkel. Die stryd tussen sisteemelemente word bestempel as dinamiese stratifikasie. Soos Even-Zohar (1979:295) dit verduidelik:

Similarly to a natural system, which needs, for instance, heat regulation, so do cultural systems need a regulating balance in order not to collapse or disappear. This regulating balance is manifested in the stratificational oppositions.

Tydens dinamiese stratifikasie in die literêre polisisteesisteem, probeer literatuur wat op die periferie van die sisteem voorkom deurdring na die sentrum van die sisteem (sien afdeling 3.2.1.1), streef niegekanoniseerde literatuurvorms na kanonisering (sien afdeling 3.2.1.2) en word sekondêre en geykte modelle in die polisisteesisteem verplaas deur primêre en innoverende modelle wat vernuwend te werk gaan (sien afdeling 3.2.1.3).

Op dié manier word 'n bepaalde dinamiek gegeneer, sodat die polisteem as 'n geheel, sowel as die subsysteme waaruit dit bestaan, in 'n dinamiese toestand van voortdurende verandering verkeer.

Dinamiese stratifikasie kan ook bestempel word as die wedywering tussen die intra- en interverhoudings in 'n literêre polisteem. Dié verhoudings word vervolgens onder die loep geneem.

3.2.1 Intraverhoudings in die literêre polisteem

Die belangrikste intraverhoudings in die literêre polisteem is: a) die verhouding tussen die sentrum en die periferie van die sisteem; b) die verhouding tussen gekanoniseerde en niegekanoniseerde strata in die sisteem; en c) die verhouding tussen primêre en sekondêre modelle in die sisteem (sien Even-Zohar, 1979:293).

3.2.1.1 Sentrum vs. periferie

Elke sisteem in 'n polisteem beskik oor 'n dominante en toonaangewende sentrum wat met die verloop van tyd deur vernuwende vorms uit die periferie verplaas word. Wanneer die onderlinge verhoudings tussen sisteemelemente verander, vind sisteemevolusie plaas. Só verkry sisteemelemente hulle waarde (dit wil sê hulle funksie en/of mag) uit die posisies wat hulle in die netwerk van sisteemelemente beklee (sien Hermans, 1999:105-107; Munday, 2012:166).

Elemente in die sentrum van die sisteem bied altyd weerstand teen verplasing deur elemente uit die periferie. Even-Zohar (1990d:89) sê:

Since the system is dominated by its center, and the latter's main interest is to maintain itself over time, change will be introduced or allowed into the center to the extent that it can provide such domination.

Indien dit in die dominante sentrum se belang is om geen verandering toe te laat nie ten einde dominansie te behou, sal verandering minimaal tot nul wees (Even-Zohar, 1990d:89). Indien 'n toestand van geen verandering kan lei tot die verlies aan dominansie, sal verandering wel toegelaat word (Even-Zohar, 1990d:89). Indien die sentrum verandering bly weier, kan die hele sentrum deur elemente uit die periferie verplaas word (Even-Zohar,

1990a:17). Dié sentrum-en-periferie-wedywering is dus 'n belangrike onderhoudende dinamika en is van wesenlike belang vir die voortbestaan van 'n literêre sisteem.

3.2.1.2 Gekanoniseerd vs. niegekanoniseerd

'n Literêre polissisteem kan ook in gekanoniseerde en niegekanoniseerde sisteme verdeel word, elkeen met hulle eie afsonderlike subsysteme of genres (Even-Zohar, 1978a:11).

Gekanoniseerde literatuur word aanvaar en as legitiem geag deur die dominante sentrum van 'n kultuur en word as deel van die kulturele erfenis bewaar; daarteenoor is niegekanoniseerde literatuur tekste wat deur die sentrum as illegitiem of onaanvaarbaar beskou word, en waarna dikwels verwys word as “subliteratuur” (Even-Zohar, 1978a:15; 1990a:15). Gekanoniseerde literatuur maak dikwels deel uit van die sentrum van die polissisteem, terwyl niegekanoniseerde literatuur op die periferie van die polissisteem beweeg.

Kanonisering is die gevolg van magsverhoudings binne 'n sisteem en verseker die behoud van die sisteem deur middel van 'n dinamiese wisselwerking (Even-Zohar, 2005:7). Die gekanoniseerde sisteem floreer onder die druk wat deur die niegekanoniseerde sisteem daarop geplaas word; daarteenoor, indien die niegekanoniseerde sisteem geen druk op die gekanoniseerde sisteem uitoefen nie of nie toegelaat word om druk uit te oefen nie, sal die sisteem stagneer² of heeltemal in duie stort (Even-Zohar, 1979:296; 2005:7). Sonder 'n dinamiese wisselwerking tussen gekanoniseerde en niegekanoniseerde vorms in die sisteem, kan die sisteem nie bly voortbestaan nie.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat sentrum-en-periferie-verhoudings gehipotetiseer word vir sowel die gekanoniseerde as niegekanoniseerde sisteme; daar is dus meer as een sentrum en meer as een periferie in elke sisteem teenwoordig (Even-Zohar, 1978a:32). Kanoniteit is dus nie 'n eenvoudige konsep nie: dit gee nie een duidelik afgebakende

² Even-Zohar (1990a:26) beklemtoon die verskil tussen “stabiliteit”, “stagnering”, “onstabiliteit” en “verandering” en sê: “stability or instability of *repertoire* do not reflect, or necessarily generate, stability or instability of the *system*” (Even-Zohar, 1990a:26). 'n Sisteem is dus nie noodwendig onstabiel wanneer veranderinge plaasvind nie en het ook nie noodwendig stagneer wanneer dit stabiel is nie. Even-Zohar (1990a:26) meen dat 'n sisteem wat permanente, beheerde en bestendige verandering ondergaan, wel stabiel is, en dat krisisse binne 'n polissisteem (soos gevalle van radikale verandering weens verskuiwings vanuit die periferie na die sentrum van die sisteem) tekens is van 'n gesonde sisteem eerder as 'n sisteem wat agteruitgaan. Die sisteem sal slegs in die moeilikheid wees indien verandering onbeheersd is (Even-Zohar, 1990a:26).

verhouding weer nie, en verwys eerder na 'n mengsel van verhoudings (Even-Zohar, 1978a:32).

Even-Zohar (1990a:19) onderskei tussen twee soorte kanonisiteit: statiese kanonisiteit (wat na tekste verwys) en dinamiese kanonisiteit (wat na modelle verwys). Kanonisiteit is staties wanneer 'n teks as 'n finale produk aanvaar en dan tot 'n stel gekonsekreerde tekste gevoeg word wat 'n kultuur as erfenis wil bewaar (Even-Zohar, 1990a:19). Daarteenoor is kanonisiteit dinamies wanneer 'n sekere literêre model as 'n produktiewe beginsel in die sisteem deur middel van dié model se repertorium gevestig word (Even-Zohar, 1990a:19). Dit is dinamiese kanonisiteit wat uiteindelik die kanon genereer (Even-Zohar, 1990a:19).

3.2.1.3 Primêre modelle vs. sekondêre modelle

Terwyl die konsep van kanonisering op hiërargiese verhoudings dui, verwys die primêre/sekondêre tweedeling na die graad en tipe toelaatbaarheid van nuwe elemente binne 'n geslote repertorium (Even-Zohar, 1978a:33). Wanneer 'n repertorium (soos grammatikale items of literêre modelle) gevestig is en alle nabootsende modelle volkome ooreenkom met dit wat die repertorium beskikbaar maak, is dit 'n konserwatiewe sisteem (Even-Zohar, 1979:298). Elke produk van die sisteem sal voorspelbaar wees en enige afwyking sal as onaanvaarbaar beskou word (Even-Zohar, 1979:299). Produkte uit die konserwatiewe sisteem word as sekondêr beskou.

Daarteenoor is die uitbreiding en herstrukturering van 'n repertorium deur middel van die bekendstelling van nuwe elemente, wat produkte lewer wat minder voorspelbaar is, uitdrukkings van 'n innoverende sisteem (Even-Zohar, 1979:299). Die modelle van 'n innoverende sisteem is primêr en vernuwend van aard (Even-Zohar, 1979:299). Die voorvereiste vir die funksionering van sodanige primêre modelle, is die breek met gevestigde modelle (Even-Zohar, 1979:299).

Wanneer 'n primêre model tot die sentrum van die gekanoniseerde sisteem toegelaat word en dit lank genoeg bly voortbestaan, sal dit weldra sekondêr word (Even-Zohar, 1979:299). Die stryd tussen primêre en sekondêre modelle in die polisisteem is nie minder van 'n beslissende faktor in sisteemevolusie as die stryd tussen gekanoniseerde en niegekanoniseerde vorms van literatuur binne die sisteem nie (Even-Zohar, 1979:299).

Daarby oorvleuel kanoniserings soms met primêre modelle, maar dit is nie noodwendig altyd die geval nie (Even-Zohar, 1979:299).

'n Polisistiem se dinamika word egter nie net bepaal deur die stryd tussen intraverhoudings nie. Inter-verhoudings speel ook 'n bepalende rol in sisteemevolusie, en sal vervolgens bespreek word.

3.2.2 Inter-verhoudings in die literêre polisistiem

Elke polisistiem (soos taal of literatuur) maak ook deel uit van 'n groter polisistiem, soos kultuur, waaraan dit onderworpe en ook gelyk is, en daarom ooreenkom met die groter geheel en al sy ander komponente (Even-Zohar, 1990a:22). Even-Zohar (1990a:24) verduidelik:

Just as an aggregate of phenomena operating for a certain community can be conceived of as a system constituting part of a larger polysystem, which, in turn, is just a component within the larger polysystem of the “total culture” of the said community, so can the latter be conceived of as a component in a “mega-polysystem”, i.e., one which organizes and controls several communities.

Hierdie “mega-polisistiem” waarna Even-Zohar (1990a:24) verwys, beheer en reguleer dan uiteindelik verskeie gemeenskappe. Die grense wat aanliggende sisteme binne die mega-polisistiem van mekaar skei, skuif ook voortdurend – en nie net binne sisteme nie, maar ook tussen sisteme. Dit volg dus dat die begrippe “binne” en “tussen” nie as staties beskou of as vanselfsprekend aanvaar kan word nie (Even-Zohar, 1990a:24).

Dit beteken indien Afrikaanse literatuur as 'n polisistiem beskou word, kan Afrikaanse kinderliteratuur gesien word as 'n subsistiem van die Afrikaanse literêre polisistiem.

3.3 Afrikaanse kinderliteratuur as 'n subsistiem van die Afrikaanse literêre polisistiem

O'Sullivan (2006:147) meen literatuur vir kinders het hoofsaaklik drie bronne:

Firstly the oral tradition of folklore – fairy tales, legends, myths and sagas. Secondly literature which was originally written for adults and adapted for children – this covers

Don Quixote, Robinson Crusoe, Gulliver and others. The third group represented – which is now probably the most dominant source of children’s literature altogether – is that written intentionally for children, a source that postdates the other two.

Volgens Shavit (1986:3) kon kinderliteratuur eers ontstaan nadat volwasse literatuur goed gevestig is. Die idee van “die kind” of “kinderjare” (*childhood*) moes ook eers ontstaan en ontwikkel voordat ’n volwaardige literatuur vir kinders kon volg. Sedertdien word kinders beskou as anders as volwassenes en het die gemeenskap begin om die periode van kindwees sorgvuldig af te baken en te vestig as ’n belangrike tyd van sielkundige en morele ontwikkeling vir die mens. Tóé eers kon literatuur ontstaan wat spesifiek op ’n kindergehoor gerig is.

Met hierdie nuwe idees van “die kind” en “kinderjare”, was die kinderliteratuursisteem dan ook reg van die begin af nou verbonde aan die pedagogiek (Ghesquiere, 1993:14). Kinderliteratuur is al vanaf die vroegste tye ingespan as ’n didaktiese medium (Lathey, 2006a:6) (sien ook afdeling 3.4.2.1).

Shavit (1986:178) meen kinderliteratuur het hoofsaaklik ontwikkel uit die nie-gekanoniseerde sisteem vir volwassenes en noem (net soos O’Sullivan, 2006:147 in die sitaat hierbo) boeke soos *Robinson Crusoe*³ en *Gulliver’s travels*.⁴ Hoewel dié boeke oorspronklik beskou is as literatuur vir volwassenes, is dit graag deur kinders gelees omdat ’n volwaardige kinderletterkunde ontbreek het.

Wat begin het as ’n homogene literatuur vir volwassenes het dus mettertyd ontwikkel en vertak tot ’n meer heterogene literatuur wat nou hoofsaaklik in twee verdeel kan word: literatuur vir volwassenes en literatuur vir kinders, of uit ’n polisistemiese benadering beskou: ’n literêre sisteem vir volwassenes en ’n subsisteem vir kinders. Soos Shavit (1986:64) sê:

Once a text is produced (written, published, and distributed) at a certain point in time, it occupies a particular position in the literary polysystem, determined by the different

³ Vir die eerste keer gepubliseer in 1719 en geskryf deur Daniel Defoe, met die volle titel: *The life and strange surprizing adventures of Robinson Crusoe, of York, Mariner: Who lived eight and twenty years, all alone in an un-inhabited island on the coast of America, near the mouth of the great river of Oroonoque; having been cast on shore by shipwreck, wherein all the men perished but himself. With an account how he was at last as strangely deliver’d by pyrates. Written by himself.*

⁴ Vir die eerste keer gepubliseer in 1726 en geskryf deur Jonathan Swift, met die volle titel: *Travels into several remote nations of the world. In four parts.*

constraints of the literary polysystem and the literary life ... The text acquires then a certain status that later may change in accordance with the dynamic changes of the literary system. But at a given point, in a given period, a text normally has an unequivocal status in the system it has entered. This status can be described in terms of binary opposition: either the text is for children or for adults,⁵ either it is canonized or non-canonized.

Binne 'n polisistemiese benadering, word Afrikaanse kinderliteratuur dus beskou as 'n subsisteem van die Afrikaanse literêre polisisteem.⁶ Vanuit dié perspektief, word Afrikaanse kinderliteratuur 'n volwaardige plek in die Afrikaanse literêre sisteem gegun, hoewel dit 'n randposisie beklee (sien Fairer-Wessels & Van der Walt, 1999:95; Oosthuizen, 2010:10; Wybenga & Snyman, 2005:12).

Die marginale posisie van kinderliteratuur in die Afrikaanse literêre sisteem word aan die hand van verskeie faktore geken. Eerstens, die feit dat die bestudering van Afrikaanse kinderliteratuur jare lank beskou is as die studiegebied van die Opvoedkunde, Biblioteekkunde of Inligtingkunde, en dít hoofsaaklik weens 'n gebrek aan letterkundige belangstelling (Fairer-Wessels & Van der Walt, 1999:95). Ook Wybenga en Snyman (2005:12) verwys na die “diskriminerende houding” wat in literêre kringe heers jeens kinder- en jeugliteratuur. Soos Fairer-Wessels en Van der Walt (1999:95) dit stel:

Kinderliteratuur, die enigste literêre kategorie wat 'n gehoor definieer eerder as 'n onderwerp of 'n outeur of 'n vorm, was inderdaad vir baie lank die stiefkind van die letterkunde.

Hoewel dit lyk asof daar 'n opbloeï is in die bestudering van Afrikaanse kinderliteratuur (sien Compion, 2005; Greyling, 2007; Greyling, 2009a; Kleyn & Snyman, 2010; Lessing-Venter, 2019; Loubser, 2012; Oosthuizen, 2010; Snyman & Venter, 2004; Steenkamp, 2011; Van

⁵ Die grense tussen kinder- en volwasse literatuur is nie meer so duidelik nie. Literatuur wat deur sowel kinders as volwassenes gelees word kom deesdae voor, en word geklassifiseer as oorgangsliteratuur, byvoorbeeld die *Harry Potter*-reeks (sien ook Nieman, 2005).

⁶ Hierdie studie gaan nie diepte-navorsing doen oor die Afrikaanse literêre sisteem nie. Vir 'n bespreking van die Afrikaanse literêre sisteem, sien byvoorbeeld Adendorff, 2003; Kleyn, 2013; en Vosloo, 2010.

Zyl, 2011; Visser, 2012; en Wybenga & Snyman, 2005⁷),⁸ word kinderliteratuur steeds nie beskou as deel van die hoofstroomletterkunde nie (aldus Wybenga & Snyman, 2005:12; sien ook Fairer-Wessels & Van der Walt, 1999:95; Oosthuizen, 2010:10).⁹ Daarom is die aantal Afrikaanse universiteitsdepartemente wat programme of modules in kinderliteratuur aanbied, steeds uiters beperk (Kleyn & Snyman, 2010:35).

Tweedens, word die outeurs van Afrikaanse kinderliteratuur dikwels nie as volwaardige skrywers geag nie. Menige kinderboekskrywer, onder meer die bekroonde skrywer Jaco Jacobs, word gereeld gevra wanneer hy 'n "regte boek" gaan skryf (Kleyn & Snyman, 2010:27; sien ook Nieman, 2005:135). Skrywers van kinderboeke sit dus as't ware agter die literêre kombuisdeur (aldus Ghesquiere, 1993:41) en dit is gevolglik ook waarom baie kinderboekouteurs ontken dat hulle bedoel om vir 'n kindergehoor te skryf (Ghesquiere, 1993:33). Skrywers van Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur figureer ook nie geredelik in literêre geskiedenis nie (Kleyn & Snyman, 2010:33).¹⁰

Derdens, lei hierdie ghetto-situasie (Ghesquiere, 1993:41) waarin kinderliteratuur dit bevind, tot 'n gebrek aan akademiese befondsing. Daarom heers daar ook 'n gebrekkige resensiekultuur ten opsigte van Afrikaanse kinder- en jeugboeke in Suid-Afrika. Die boeke wat wel in die media geresenseer word, spreek dikwels van 'n oppervlakkigheid weens 'n gebrek aan kundige resenseerders (Wybenga & Snyman, 2005:12).

Hoewel kinderliteratuur 'n randposisie in die Afrikaanse literêre polissisteem beklee, beteken dit nie dat kinderliteratuur geen waarde tot die literêre sisteem byvoeg nie. Inteendeel, hierdie sentrum- en periferie-dinamika speel juis 'n belangrike rol in die voortgesette

⁷ Die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaanse kinderliteratuursisteem is vir die heel eerste keer in hierdie publikasie omvattend bespreek. Vir die eerste keer is die Afrikaanse kinderliteratuursisteem waarlik 'n plek gegun binne die Afrikaanse literêre sisteem en is dit ook in genres of subsysteme verdeel: Afrikaanse kinder- en jeugprosa, Afrikaanse kinder- en jeugpoësie, die geïllustreerde Afrikaanse kinder- en jeugboek, die Afrikaanse jeugreeksboek, Afrikaanse kinder- en jeugtydskrifte en laastens ook vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur.

⁸ Studies oor vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur is ook aan die toeneem. Sien byvoorbeeld: Bedeker, 2004; Bruwer, 2005; De Roubaix, 2010; Fouché, 2007; Fouché, 2012; Grobler, 2004; Kruger, 2010 en 2012; Van der Merwe, 2016; Walters, 2004; en Zandberg, 2009.

⁹ Volgens Beckett (2009:14) kan kinderboeke beskou word as deel van hoofstroomliteratuur wanneer dit saam met volwasse literatuur om dieselfde pryse meeding, wat nie in die Afrikaanse literêre sisteem die geval is nie.

¹⁰ Volgens Van der Walt (2005a:23) is Alba Bouwer die enigste kinderboekskrywer wat met 'n plek in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis vereer is (in Kannemeyer, 1983:28). Dit is tog interessant dat verskeie Afrikaanse skrywers van volwasse literatuur al betrokke was by die vertaling van kinderboeke. Eiselen (2005:137) noem skrywers soos Jan Rabie, André P. Brink, R.K. Belcher, Freda Linde, Santie Grosskopf, Leon Rousseau, Philip de Vos en Pieter W. Grobbelaar. Gekanoniseerde Afrikaanse skrywer, Etienne van Heerden, het ook in 1978 gedebuteer met 'n kinderboek, *Matoli*, waarvoor hy die Perskor-prys gewen het (aldus Van der Walt, 2005a:26).

instandhouding van die Afrikaanse literêre polisie (sien ook afdeling 3.2.1.1). Daarin het vertaalde kinderliteratuur ook 'n aandeel, soos Ghesquiere (2006:19) tereg opmerk:

Children's literature is not just a peripheral literary phenomenon: in the dynamics of the literary field it fulfils a basic role in the establishment of canon(s). History teaches us that this basic role specifically is heavily influenced by translation, since the repertoire of children's books and children's (narrative/literary) discourse are systematically developed on the basis of international traditions.

Vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur as 'n subsubstelsiem van die Afrikaanse literêre polisie sal vervolgens aandag geniet.

3.4 Vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur as 'n subsubstelsiem van die Afrikaanse literêre polisie

Volgens Even-Zohar se polisie-teorie is vertaalde literatuur 'n stelsiem in eie reg. As Afrikaanse kinderliteratuur beskou word as 'n substelsiem van die Afrikaanse literêre stelsiem, kan vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur as 'n subsubstelsiem beskou word.

Even-Zohar (2004:199) meen vertaalde literatuur tree op minstens twee maniere as 'n stelsiem op:

(a) in the way their source texts are selected by the target literature, the principles of selection never being uncorrelatable with the home co-systems of the target literature (to put it in the most cautious way); and (b) in the way they adopt specific norms, behaviors, and policies – in short, in their use of the literary repertoire – which results from their relations with the other home co-systems.

Even-Zohar (1978a:24-25; 1990c:47-48; 2000:193-194) meen dat vertaalde literatuur gewoonlik 'n sekondêre posisie in 'n literêre polisie inneem en dat dit in die reël op die periferie van 'n literêre stelsiem beweeg. Hy noem drie gevalle wanneer vertaalde literatuur 'n primêre posisie in 'n literêre polisie kan inneem:

1. Wanneer 'n literatuur nog "jonk" en ongevestig is.
2. Wanneer 'n literatuur "perifeer" is (in 'n groep literatuurtypes wat onderling met mekaar verbind is) of "swak" is, of beide.
3. Wanneer daar draaipunte, krisis of literêre hiate in 'n literatuur ontstaan.

In die eerste geval voorsien vertaalde literatuur in die behoefte van 'n "jong" literatuur wat nie onmiddellik alle genres en tekstipes self kan genereer nie. Op dié manier trek die "jong" literatuur voordeel uit vertalings, speel vertalings 'n innoverende of primêre rol, en word vertaalde literatuur een van die belangrikste sisteme in die literêre polissisteem.

Dieselfde geld vir die tweede geval, waar 'n relatief gevestigde literatuur beperkte bronne het en waarvan die posisie binne 'n groter literêre hiërgargie in die algemeen perifeer is, want wanneer 'n literatuur se bronne en/of repertorium beperk is, kan vertalings belangrike hiate in die literêre sisteem vul.

In die laaste geval veroorsaak die dinamiek in die polissisteem keerpunte waar gevestigde modelle nie meer vir 'n jonger generasie volhoubaar is nie, en kan 'n vakuum ontstaan. Wanneer 'n vakuum ontstaan, is dit makliker vir uitheemse modelle om te infiltrer, en kan vertalings ook hier 'n primêre en innoverende rol speel.

Die vertaalde sisteem is egter self ook gestratifiseer, soos Even-Zohar (2004:202) verduidelik:

The hypothesis that translated literature may be either a central or peripheral system does not imply that it is always wholly one or the other. As a system, translated literature is itself stratified.

Dit beteken dat 'n gedeelte van vertaalde literatuur primêr kan wees, terwyl 'n ander gedeelte 'n sekondêre posisie kan inneem (sien ook Even-Zohar, 1978a:25; 1990c:49 en 2000:195). Even-Zohar (1978a:23-24; 1990c:47; 2000:193) meen ook dat teksseleksie geskied op grond van of 'n vertaling 'n innoverende of 'n konserwatiewe rol in die doelkultuursisteem moet verrig. Hy sê:

It is clear that the very principles of selecting the works to be translated are determined by the situation governing the (home) polysystem: the texts are chosen according to their compatibility with the new approaches and the supposedly innovatory role they may assume within the target literature (Even-Zohar, 2000:193).

Volgens Even-Zohar (2004:200, 204) verrig vertalings 'n primêre en innoverende funksie in 'n literêre sisteem wanneer dit posisies in die sentrum van die sisteem inneem. Daarteenoor,

verrig vertalings 'n sekondêre en nie-innoverende funksie in 'n literêre sisteem wanneer dit posisies op die periferie van die sisteem inneem.

Daar heers teenstrydigheid oor die rol of funksie van vertalings in die subsisteem van Afrikaanse kinderliteratuur. Kruger (2012:100) is van mening dat, hoewel vertalings in die subsisteem van Afrikaanse kinderliteratuur volop voorkom, vertalings nie in hierdie subsisteem 'n primêre en innoverende funksie het nie. Volgens Kruger (2012:80)¹¹ is die inheemse Afrikaanse kinderboekmark in Suid-Afrika redelik sterk, met 'n groot en diverse aanbod Afrikaanse kinderboeke, en kan vertaalde kinderboeke in Afrikaans as aanvullend en verrykend beskou word tot die verskeidenheid kinderboeke wat reeds op eie bodem geskep word. Kruger (2012:75, 86) is dus van mening dat vertaalde kinderliteratuur 'n sekondêre rol in die subsisteem van Afrikaanse kinderliteratuur speel (Kruger, 2012:75, 86).

Hierteenoor het Snyman en Venter (2004:129) bevind dat oorspronklike Afrikaanse tekste in die tydperk 1990-2001 gemiddeld slegs 34% van die totale produksie van Afrikaanse kinderliteratuur uitgemaak het; die grootste gedeelte van gepubliseerde Afrikaanse kinderboeke vir die periode 1990-2001 was dus vertalings.


Ook Pople (2016:24) is van mening dat die Afrikaanse kinderboekmark op vertalings steun, enersyds omdat vertalings ter aanvulling vir die inheemse verhaalskat benodig word en andersyds omdat vertalings 'n groot bydrae lewer tot die lewensvatbaarheid van die Afrikaanse boekbedryf (sien ook Eiselen, 2005:135). Die posisie en funksie van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms geniet in hierdie studie aandag (sien afdeling 4.3)

Vervolgens sal daar gekyk word na die verskillende sisteemelemente wat betrokke is by die funksionering van die vertaalde Afrikaanse kinderliteratuursisteem.

¹¹ Kruger (2010 en 2012) het 'n sinkroniese studie uitgevoer om te bepaal hoe vertalings (van spesifiek opvoedkundige boeke en prentebouke) in Suid-Afrika gebruik word om kinders van leesstof (in al 11 amptelike tale) te voorsien.

3.4.1 Die funksionering van die vertaalde Afrikaanse kinderliteratuursisteem

Even-Zohar (1990b:31) het Roman Jakobson (1960:353) se welbekende kommunikasiemodel aangepas om die makrofaktore voor te stel wat by die funksionering van 'n literêre sisteem betrokke is:



Figuur 2. Die funksionering van die literêre sisteem (aangepas uit Even-Zohar, 1990b:31).

Volgens hierdie skema is die teks nie meer die enigste of selfs die belangrikste faset of produk van 'n literêre sisteem nie (Even-Zohar, 1990b:33). Boonop is daar geen *a priori*-hiërargie van belangrikheid tussen die verskillende elemente in die literêre sisteem nie (Even-Zohar, 1990b:34). Inteendeel, dit is juis die onderlinge afhanklikheid tussen die elemente in die sisteem wat hulle toelaat om te funksioneer.

Die literêre sisteem funksioneer as volg: 'n **Gebruiker** kan 'n produk gebruik wat deur 'n **produsent** geproduseer is, maar vir die produk (byvoorbeeld 'n teks) om gegenereer en dan behoorlik gebruik te word, moet daar 'n gemeenskaplike **repertorium** bestaan waarvan die gebruik beperk, bepaal of beheer word deur 'n sekere **institusie** aan die een kant en 'n **mark** aan die ander kant, waarin sodanige goedere versprei kan word (Even-Zohar, 1990b:34; 1997:20). Nie een van hierdie elemente kan in isolasie funksioneer nie en die tipe verhoudings wat nagespeur kan word, kan alle moontlike asse van die skema kruis (Even-Zohar, 1990b:34; 1997:20).

Ten einde die werking van spesifiek die vertaalde kinderliteratuursisteem te analiseer, is dit belangrik om ook die kommunikasieproses in die kinderliteratuursisteem in ag te neem,

aangesien dit opmerklik verskil van die kommunikasieproses in die literêre sisteem vir volwassenes.

Ghesquiere (1993:26) is van mening dat literêre sisteme ook kommunikasiesisteme is. Die kommunikasiesisteem vir kinderliteratuur is egter heelwat meer kompleks as die kommunikasiesisteem vir volwasse literatuur omdat volwassenes as bemiddelaars optree tussen die kind en sy/haar literatuur (sien ook afdeling 1.3.2.1). Soos Ghesquiere (1993:25) dit stel:


De omskrywing van het begrip jeugd- en kinderliteratuur laat vermoeden dat de jonge lezer een centrale rol zal spelen; anders geformuleerd dat hij reëel deel zal uitmaken van het literaire object. Dit is in zekere mate wel zo, maar nader onderzoek onthult dat het toch vooral de volwassenen zijn die het beeld van deze literatuur bepalen.

Ook Ghesquiere (1993:25) het Roman Jakobson (1960:353) se kommunikasiemodel aangepas om aan te toon hoe die kommunikasieproses in die kinderliteratuursisteem verskil van die kommunikasieproses in die literêre sisteem vir volwassenes. Volgens Ghesquiere (1993:25) kan die kommunikasieproses in die literêre sisteem vir volwassenes as volg voorgestel word:



Figuur 3. Die kommunikasieproses in die literêre sisteem vir volwassenes (aangepas uit Ghesquiere, 1993:25).

Hierteenoor lyk die kommunikasieproses vir kinderliteratuur soos volg (aldus Ghesquiere, 1993:25):



Figuur 4. Die kommunikasieproses in die kinderliteratuursisteem (aangepas uit Ghesquiere, 1993:25).

Uit dié model blyk dit dat proses (a) eers moet verloop voordat proses (b) 'n aanvang kan neem. Dié opmerklige asimmetrie in kommunikasie hou bepaalde gevolge in vir die werking van die kinderliteratuursisteem.

Even-Zohar se makrofaktore wat by die funksionering van 'n literêre sisteem betrokke is – in dié geval by die vertaalde Afrikaanse kinderliteratuursisteem – sal vervolgens bespreek word soos dit aan die hand van hierdie kommunikatiewe assimetrie uitgelig is.

3.4.1.1 Die produsent(e)

Volgens Even-Zohar (1990b:34) word “produsent” verkies bo “skrywer” omdat “skrywer” 'n spesifieke idee vooropstel, wat moontlik onvanpas kan wees. 'n “Produsent” verwys dan na enige individu wat produseer deur 'n repertorium aktief te gebruik (Even-Zohar, 1997:30).

Die produsent(e) is sowel 'n gekondisioneerde as 'n kondisionerende mag in die literêre sisteem (Even-Zohar, 1990b:35). Daarby word die produsent(e) nie beperk tot een enkele rol in die literêre netwerk nie, maar neem deel aan 'n hele aantal aktiwiteite wat heeltemal of gedeeltelik teenstrydig kan wees (Even-Zohar, 1990b:35). Even-Zohar (1990b:35) sê:

It is not merely “a producer” we encounter, nor just a set of individual “producers”, but groups, or social communities, of people engaged in production, organized in a number of ways, and at any rate relating to each other no less than to their potential consumers.

Op dié manier maak die produsent(e) deel uit van sowel die literêre institusie (sien afdeling 3.4.1.3) as die literêre mark (sien afdeling 3.4.1.4) (Even-Zohar, 1990b:35).

Daar is reeds verwys na die ongelyke magsverhouding wat heers tussen die kinderleser en die volwasse produsent, waar die volwassene 'n groter rol speel in die produksie, verspreiding en die inhoud van kinderliteratuur as die kind self (sien afdeling 1.3.2.1). Op dié manier tree die onderskeie volwasse agente wat betrokke is by die produksie van kinderliteratuur elkeen afsonderlik as hekwagters op, soos Desmet (2007:31) dit stel:

Adults thus control the production and distribution of children's literature, may intervene at many points and mediate between children and their literature. Professional mediators include authors who write texts and censor themselves in

order to be published, publishers and editors who select narratives and make decisions about what is acceptable in a children's book, critics who express their opinion with regards to the suitability of that production for the intended audience, booksellers who stock or do not stock books and provide advice to, usually adult, buyers. They, each in their own way, are gatekeepers and decide what is considered appropriate for children.

Wanneer dit kom by vertaalde kinderliteratuur, is daar nog meer hekwagters betrokke: by oorspronklike kinderliteratuur kan die produsente beskou word as die outeur, die uitgewer en die illustreerder. By vertaalde kinderliteratuur kom hierby nog 'n doelteksuitgewer, 'n vertaler en soms ook 'n doelteksillustreerder wat elkeen afsonderlik as produsent en ook as hekwagter van vertaalde kinderliteratuur optree.

3.4.1.2 Die gebruiker(s)

Volgens Even-Zohar (1997:31) is 'n "gebruiker" enige individu wat 'n geproduseerde produk hanteer deur die passiewe gebruik van 'n repertorium. Even-Zohar (1997:31) beskryf die passiewe gebruik van 'n repertorium as volg:

To passively "operate" basically means to identify relations (connections) between the product and one's knowledge of a repertoire. In common language this is often described as to "understand", "know what it is about", "work out", or "decipher".

In die literêre sisteem kom enkelgebruikers voor, maar gebruikers kom ook as 'n groep voor, naamlik Jan Publiek (Even-Zohar, 1990b:37). Die publiek as gebruikersgroep besit die mag om uiteindelik oor die lot van 'n produk te beslis, en kan dus ook as die mark (sien afdeling 3.4.1.4) beskou word (Even-Zohar, 1997:31).

Alhoewel standaard literêre teorie die "leser" hipotetiseer as die gebruiker van literatuur, meen Even-Zohar (1990b:36) dat gebruikers literatuur kan gebruik sonder om dit daadwerklik te lees, nie net omdat die gebruiker moontlik 'n teks kan aanhoor in plaas van lees nie, maar ook omdat literatuur indirek 'n invloed op gebruikers uitoefen deurdat hulle literêre fragmente gebruik wat deel geword het van alledaagse diskoers.

Boonop, meen Even-Zohar (1990b:36), gebruik die direkte gebruikers (dit is die werklike lesers) dikwels nie slegs die teks as sodanig nie, maar ook bykomende gebeure om die teks, soos boekbekendstellings (of dalk selfs films, blogs of video's op YouTube). Op dié

manier gebruik gebruikers die sosiokulturele funksie van aktiwiteite wat by die produk betrokke is, eerder as die produk self (Even-Zohar, 1990b:36).

Dit is belangrik om hier terug te verwys na die kommunikasieproses in kinderliteratuur omdat die “gebruiker” van kinderliteratuur ’n problematiese konsep blyk te wees: kinderliteratuur word nie net deur kinders gebruik nie, maar ook deur volwassenes wat as hekwagters of bemiddelaars optree (sien Anderson, 2000:276; Ghesquiere, 1993:26; Lathey, 2016:107; Oittinen, 2006:35).

Dit is dikwels ook volwassenes wat boeke vir kinders koop (soos ouers, grootouers, bibliotekaris, onderwysers) en nie kinders self nie. Soms lees volwassenes ook boeke vir kinders voor omdat kinders self nog nie kan lees nie. Voeg daarby die verskynsel van oorgangsliteratuur (aldus Nieman, 2005:125), naamlik tekste wat vir kinders bestem is, maar deur volwassenes gelees word (en ook andersom) en dis duidelik dat die gebruikers van kinderliteratuur nie ’n homogene groep is nie.

Daarby maak Kruger (2012:6) die volgende uitlating oor die kulturele hibriditeit van spesifiek die kinderleser in Suid-Afrika:

[It] is therefore important to keep in mind that both English and Afrikaans children’s books (regardless of whether they are original or translated) have (potentially) heterogeneous target audiences in South Africa. English children’s books published in South Africa are not only aimed at white and Indian English mother-tongue speakers, but also at black speakers who speak English as a second language. Afrikaans children’s books have a potential target audience of not only white Afrikaans-speaking children, but also Coloured children – who also speak Afrikaans as a first language.

Dit is duidelik dat “die gebruiker” van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur nie ’n homogene groep is nie; daarom is dit ook nie binne die konteks van die Afrikaanse kinderliteratuursisteem ’n eenvoudige of voor die handliggende konsep nie.

3.4.1.3 Die institusie

Die “institusie” is die gesamentlike faktore¹² wat betrokke is by die instandhouding van literatuur as ’n sosiokulturele aktiwiteit (Even-Zohar, 1990b:37). Die institusie bepaal die norme (sien afdeling 3.5.2) wat in hierdie sosiokulturele aktiwiteit heers (Even-Zohar, 1990a:12; 1990b:37; 1997:31). Dit word bemagtig deur en maak deel uit van ander dominerende sosiale instansies en dit vergoed en straf produsente en agente (Even-Zohar, 1990b:37; 1997:31). As deel van amptelike kultuur, bepaal die institusie ook watter produkte tot die literêre kanon gevoeg word (Even-Zohar, 1990b:37; 1997:32).

Even-Zohar (1997:32) sê:

In blunt terms, the institution may be viewed, like the market, as the intermediary between social forces and repertoires of culture. But in contradistinction to the market, it is empowered with the ability to make decisions to last for longer periods of time.

Die “institusie” verwys eintlik na ’n uiteenlopende groep agente wat betrokke is by die literêre sisteem, soos kritici, uitgewers, literêre tydskrifte, skrywersgroepe, regeringsliggame, opvoedkundige instansies, die massamedia, en meer (Even-Zohar, 1990b:37). Omdat die groep hoegenaamd nie een homogene liggaam uitmaak nie, is daar ook magstruwelinge binne die groep teenwoordig: een groep domineer op ’n sekere tydstip en funksioneer as die sentrum van die instansie, terwyl ander groepe vanaf die periferie druk uitoefen op die groep in die sentrum (Even-Zohar, 1990b:38; 1997:32). Enige besluit wat geneem word, op watter vlak ook al, deur enige agent binne die sisteem, word bepaal deur die legitimering en beperkings wat deur sekere gedeeltes van die institusie afgedwing word (Even-Zohar, 1990b:38). Die institusie is dus in beheer van die produksie en die gebruik van literêre produkte binne die literêre sisteem (Even-Zohar, 1990b:38; 1997:32).

Hierdie studie kyk uitsluitlik na die rol van die doelteksuitgewer as institusie, naamlik as boekhandelaar betrokke by die literêre mark en ook as hekwagter wat besluit watter tekste toegelaat word om as vertalings op te tree in die Afrikaanse literêre sisteem.

¹² Met “faktore” verwys Even-Zohar na die totale groep agente en agentskappe wat betrokke is by die produksie en gebruik van ’n produk.

Thomson-Wohlgemuth (1998:50) het die volgende te sê oor die rol van die uitgewer as boekhandelaar in die seleksie van kinderboeke vir vertaling:

As businesses, publishing houses must operate on a profit-oriented basis with the primary goal of sales as high as possible in order to gain sufficient return on their money. Forced to maintain strict budgetary limits, they choose carefully for the list of books to be published (including books for translation) and finance re-translations and re-issues of books already on the market. As they can only produce what sells, they have a set of criteria to follow when making their selection. These are influenced by their fear of criticism from the intermediary groups, as well as by financial considerations.

Hieruit volg dit dat uitgewers boeke vir vertaling kies volgens 'n vertaalbeleid (sien afdeling 3.5.2.1.2) wat geskoei is op winsbejag.

Dit word beaam deur rolspelers in die Afrikaanse kinderboekbedryf, soos Carina Diedericks-Hugo (jeugverhaalskrywer en eertydse kinderboekredakteur by Human & Rousseau) en Jaco Jacobs (Afrikaanse kinderboekskrywer en eertydse uitgewer by LAPA Uitgewers), wat meen dat boeke gekies word vir vertaling wat sal goed vaar in die Afrikaanse mark en wat omset sal genereer (Van der Watt, 2014:8).

Volgens Jacobs (soos aangehaal in Van der Watt, 2014:8) is bekostigbaarheid dikwels 'n belangriker oorweging as literêre meriete. Jacobs (in Van der Watt, 2014:8) sê dat sommige internasionale ko-produksies beskou word as te duur om vir die plaaslike mark te produseer, terwyl die bekostigbaarheid van 'n internasionale ko-produksie wel 'n rede kan wees waarom dit moontlik goed kan vaar in die plaaslike mark, en derhalwe vir vertaling gekies word. Dit is dus belangrik dat die tekste wat vir vertaling geselekteer word, positief deur die mark ontvang word ten einde 'n wins te verseker.

Die komplikasies wat die heterogeniteit van die “gebruiker” van kinderliteratuur meebring (sien afdeling 3.4.1.2) moet ook deur die uitgewer in ag geneem word tydens die seleksie van kinderboeke vir vertaling in Afrikaans, want soos Ghesquiere (1993:51) sê:

Als econoom weet de uitgever dat zijn produkt slechts ruilwaarde heeft als het ook gebruikswaarde heeft. Alleen dan zal de lezer bereid zijn er een prijs voor te betalen.

Vir 'n vertaalde Afrikaanse kinderboek om gebruikswaarde te hê, is dit vir die uitgewer belangrik om nie net die volwasse bemiddelaar in gedagte te hou tydens die seleksie van kinderboeke vir vertaling in Afrikaans nie, maar ook die kinderleser, en spesifiek die hibriditeit van die Afrikaanse kinderleser as gebruiker in Suid-Afrika.

3.4.1.4 Die mark

Die “mark” verwys na die gesamentlike faktore wat betrokke is by die koop en verkoop van literêre produkte, soos boekwinkels, boekklubs, biblioteke, asook alle faktore wat deel uitmaak van die semiotiese uitruiling en wat daarmee verband hou (Even-Zohar, 1990b:38).

Net soos die institusie bemiddel die mark tussen die poging van 'n produsent om 'n produk te produseer en die kanse van daardie produk om die teikengroep (gebruikers) suksesvol te bereik (Even-Zohar, 1997:33). Terwyl die institusie gebruik kan probeer rig en lei deur die pryse (waarde) van produkte te bepaal, is dit die mark wat uiteindelik die sukses of mislukking van 'n produk beslis deur die tipe interaksie waartoe die produk in die mark in staat is (Even-Zohar, 1997:33).

In die afwesigheid van 'n mark, is daar geen ruimte waarin enige aspek van 'n kulturele repertorium gevestig kan word nie (Even-Zohar, 1997:33). Hoe groter dié ruimte, hoe meer moontlikhede is daar; 'n beperkte mark beperk dus ook die moontlikheid van 'n kultuur om te groei en ontwikkel (Even-Zohar, 1997:33).

Die jaarlikse boekebeurse in Bologne (Italië) en in Frankfurt (Duitsland) beslaan 'n groot deel van die internasionale kinderboekemark waar vertaalregte gekoop en verkoop word. Dit is hier waar die onderhandelinge vir ko-produksies plaasvind (sien Lathey, 2016:128). Dr. Nicol Stassen, stigter en hoof van Protea Boekhuis, meen die internasionale boekebeurse speel 'n baie belangrike rol in die seleksie van kinderboeke vir vertaling in Afrikaans:

Die twee belangrikste boekebeurse is die een in Frankfurt wat in Oktober is, en dan die kinderboekebeurs in Bologne wat Maart, April is. Ons het vaste vriendskappe of verhoudings met 'n stuk of 50, 60 uitgewers en by die geleentheid kyk ons dan na hulle heel beste boeke, vra dan sekeres aan en vra vir keurders om dit te evalueer. Dié wat dan vir ons die wonderlikste is, die snaakste partykeer, of net eenvoudig internasionaal baie, baie suksesvol is, is dan die boeke waarop ons besluit (Stassen, 2015).

Hoewel dit hieruit lyk asof die seleksie van vertaalde kinderboeke in Afrikaans nie opvoedkundig gedrewe is nie (sien ook Kruger, 2012:108), is die boekmark altyd aan sekere beperkings onderworpe. Hieroor maak Frank (2007:15) die volgende uitlating:

The books children read are subject to the constraints imposed on the book market by commercial, educational, social, political and ideological forces that determine what is desirable.

Hierdie beperkings (kommersieel, opvoedkundig, sosiaal, polities en ideologies) bepaal dus ook watter tekste uiteindelik geselekteer word vir vertaling (sien ook afdeling 1.3.2.4).

Van Krevelen (2010) is van mening dat die mark self ook al hoe meer druk op uitgewers plaas om sekere tekste bo ander te kies. Hy noem dit “marksensuur” en sê dat die mark self as sensor optree deur die literêr hoog geagte boek te vertrap en op groot skaal met prullektuur te vervang:

Hoewel kritiese, dissidente en kontroversiële kunswerke en boeke in die hiperkommersiële massamark van ons tyd nie werklik verbied word nie, soos dit onder die fascisme en stalinisme gebeur het, kry hulle steeds minder geleenthede om die leserspubliek te bereik. Die leserspubliek word te klein geag om boeke van hierdie aard winsgewend op die veranderde mark te kan bring (Van Krevelen, 2010).

Van Krevelen (2010) meen die mediabedryf se klem op die massamark in die hoop om wins op te stoot en meer reklame-inkomste te genereer, gee die blitsverkoper die oorhand en veroorsaak 'n afname in die verskeidenheid boeke wat uitgewers publiseer. Hiermee beaam Van Krevelen ook Hade (2002:509) se mening dat boeke gebruiksgoedere geword het, wanneer hy sê:

Die boekmark is as gevolg van die veranderde ondernemingsbeleid van uitgewerye en boekwinkels van 'n kulturele mark in 'n vermaaklikheidsmark omskep, gerig op 'n heel ander koperspubliek as wat in die vorige eeu die geval was (Van Krevelen, 2010).

Hade (2002) noem drie faktore wat bygedra het tot die transformasie van die boekmark se klem vanaf kultuur tot vermaak, naamlik die samesmelting van klein uitgewers om groot mediakonglomerate te vorm en die monopolie wat hierdie groot mediakonglomerate op die

mark uitoefen; 'n beleidsverandering by uitgewers in die seleksie van tekste vir publikasie weg van boeke wat kulturele en intellektuele waarde inhou in die rigting van vermaak en ontspanning; en die verandering van klein, onafhanklike boekwinkels in groot kettingwinkelgroepe (Hade, 2002:509-511).

Die Suid-Afrikaanse boekmark het beslis die afgelope twee dekades groot veranderinge ondergaan: uitgewers het saamgesmelt om groter mediakonglomerate te vorm (soos NB Uitgewers wat agt drukname beslaan)¹³ en uitgewers moes hulle uitgebeleid ná 1994 drasties hersien en verander om, weens die verdwene biblioteek- en skoolmark, meer te fokus op populêre boeke wat by die algemene publiek in aanvraag is ten einde winsgewend te bly (sien afdeling 3.4.2.2). As gevolg hiervan kraai die massamark koning.¹⁴ Soos Hade (2002:511) sê:

The mass marketplace selects which books will survive, and thus the children's book becomes less a cultural and intellectual object and more an entertainment looking for mass appeal.

Eiselen (2005:143) beaam Suid-Afrikaanse boekwinkels se neiging om te voorsien vir 'n vermaaklikheidsmark in stede van 'n kulturele mark wanneer sy sê:

Dit lyk of boekwinkels en boekbestelklubs die neiging tot "popularisasie" ondersteun. Swak boeke wat swak vertaal is, is vrylik in die handel verkrygbaar soos die WALT DISNEY- en die BARBIE-klubboeke, terwyl goeie vertalings van goeie Suid-Afrikaanse of internasionale werke moeiliker verkrygbaar is.

Dit word ook beaam deur Fairer-Wessels en Van der Walt (1999:101) wanneer hulle sê:

Dit is dikwels swak gehalte boeke wat in groot hoeveelhede vertaal word – meestal Amerikaanse boeke, boeke wat die Amerikaners self "trash", "mass-market books", "popups", "scratch and snuff level" noem [...] Die meerderheid boeke wat ingevoer of vertaal word, voldoen aan dié beskrywing. Dit is dié boeke wat opgeneem word in die katalogus van Leserskring en wat die rakke van CNA-winkels volstaan.

¹³ Protea Boekhuis is die enigste groot Afrikaanse uitgewer wat in privaat besit is en nie deel uitmaak van 'n mediagroep nie (aldus Stassen, 2016).

¹⁴ Carina Diedericks-Hugo was in 2004 die kinderboekredakteur by Human & Rousseau en as sodanig was haar titel: redakteur – massamark en ko-produksies (Grundling, 2004:70).

Daarby is boekwinkels in groot kettingwinkels omskep (soos Bargain Books en Exclusive Books). Hade (2002:511) is van mening dat klein, onafhanklike boekwinkels elkeen afsonderlik besluit watter boeke om aan te koop en in voorraad te hou, maar dat hierdie besluit in kettingwinkelgroepe aan slegs een of twee persone oorgelaat word, en dat dit verreikende gevolge vir die boekmark kan inhou, want “[t]he financial success of a particular book can be broken by the decision of a single buyer not to stock the title” (Hade, 2002:511).

Hieruit blyk dat die veranderinge in die Suid-Afrikaanse boekmark vir die tydperk 1990-2018 ’n groot invloed kon uitoefen op die kinderboeke wat in hierdie tydperk vir vertaling geselekteer is.

3.4.1.5 Die repertorium

The idea of repertoire suggests not only systemicity, i.e., dependencies between the assumed items of that repertoire, but also the idea of sharedness. Without a commonly shared repertoire, whether partly or fully, no group of people could communicate and organize their lives in acceptable and meaningful ways to the members of the group (Even-Zohar, 1997:21).

Die “repertorium” verwys na die versameling reëls en materiaal wat die produksie en gebruik van ’n produk bepaal (Even-Zohar, 1990b:39). Die repertorium beskik dus oor die kulturele items wat ’n produsent en gebruiker onderskeidelik benodig om ’n produk te skep aan die een kant, en die produk (of boodskap) te verstaan (of te dekodeer) aan die ander (Codde, 2003:95).

In die geval van produksie, kan daar van die aktiewe gebruik van ’n repertorium gepraat word, of ’n aktiewe repertorium (Even-Zohar, 1997:20). In die geval van gebruik, kan daar van ’n passiewe gebruik van repertorium gepraat word, oftewel ’n passiewe repertorium (Even-Zohar, 1997:20). Dit is egter belangrik om daarop te let dat daar nie werklik twee verskillende soorte repertoriums uitgeken kan word nie en dat “aktief” en “passief” slegs verwys na die gebruik van ’n repertorium (Codde, 2003:95; Even-Zohar, 1997:20).

Repertoriums neem ook deel aan die dinamiese wisselwerking van die polisistiem: Omdat sosio-semiotiese sisteme heterogeen is, is daar nooit ’n situasie waarin slegs een repertorium in ’n bepaalde gemeenskap funksioneer nie (Even-Zohar, 1997:21).

Repertorium is ook konstant in 'n dinamiese stryd met mekaar gewikkel om mag en sentraliteit in 'n sisteem te bekom, en sodra een repertorium dit vermag om as dominerend gevestig te word, sluit dit ander repertoriums uit (Even-Zohar, 1997:21). Dit is die onderlinge wisselwerking tussen die sisteemelemente wat dié stratifikasie bepaal en beheer (Even-Zohar, 1997:21). Dit beteken dus dat die bestaan van 'n repertorium nie noodwendig 'n waarborg is dat dit deur 'n produsent gebruik sal word nie; 'n repertorium kan nie net beskikbaar wees nie, dit moet ook legitiem as bruikbaar geag word (Even-Zohar, 1997:21).

Beperkings op die gebruik van 'n bepaalde repertorium word bepaal deur die institusie in ooreenstemming met die mark (Even-Zohar, 1997:21). Die gebruik van 'n spesifieke repertorium is dus normafhanklik (Even-Zohar, 2004:199) (sien ook afdeling 3.5.2).

Die repertorium funksioneer op twee vlakke, naamlik op dié van individuele elemente (dit kan in tradisionele linguistiese terme verstaan word as 'n kombinasie van die "grammatika" en die "leksikon" van enige gegewe taal) en modelle (elemente + reëls + sintagmatiese verhoudings wat met die produk verbind kan word) (Even-Zohar, 1997:22; Even-Zohar, 1990b:39).

Indien die mees opmerklike literêre verskynsel as "teks" beskou word, dan verwys repertorium na die versameling reëls en items waarmee 'n spesifieke teks geproduseer en verstaan word (Even-Zohar, 1990b:40).

Die leeftyd van 'n sisteem speel 'n bepalende rol in die repertorium beskikbaar vir gebruik (Even-Zohar, 1990b:40). Wanneer 'n sisteem nog "jonk" is, is die repertorium moontlik beperk, en kan die sisteem dalk gebruik maak van ander beskikbare sisteme se repertoriums (soos ander tale, kulture, literatuurtypes) (Even-Zohar, 1990b:40). Wanneer 'n sisteem "oud" of gevestig is, beskik dit moontlik oor 'n ryk repertorium en sal dit dus gedurende tydperke van verandering gebruik maak van herwinningsmetodes (Even-Zohar, 1990b:40).

Dit beteken dat repertoriums uit ander sisteme ingevoer kan word, onder meer deur middel van vertaling. Nuwe en innoverende literêre modelle uit ander tale is al in die Afrikaanse literêre sisteem nageboots of ingevoer deur middel van vertaling. Maritha Snyman se *Reënboogrant*-reeks is geskoei op die Engelse skoolboekreeks *Sweet Valley High* (geskryf deur Francine Pascal) en *Monstermaan* (geskryf deur Louis van Niekerk) en die *Nagmerrie-*

reeks (deur Vincent Swart) is geskryf na aanleiding van die gewilde Engelse griller-reeks *Goosebumps* van R.L. Stine.¹⁵

Die feit dat spesifieke literêre modelle in 'n doelkultuur ontbreek kan dus moontlik 'n rede wees vir seleksie vir vertaling. Soos Frank (2007:5) sê:

Books are selected on the basis of their success in the source culture as measured by factors such as book awards, print runs, sales figures and favourable reviews, or their selection may be provoked by preference for, or by low numbers of, specific genres in the target culture.

3.4.1.6 Die produk

'n Produk tree in wisselwerking met 'n repertorium op, want geen produk kan geproduseer word sonder dat 'n reeds gevestigde repertorium bestaan nie (Even-Zohar, 1997:28). Niemand kan totaal nuwe reëls en modelle genereer vir elke individuele produk terwyl die produk gemaak word nie (Even-Zohar, 1997:28). Nuwe items, waaronder nuwe kombinasies van opsies (oftewel "reëls"), kan net in samewerking met 'n beskikbare repertorium gegeneer word. Boonop is hierdie wisselwerking dinamies, want enige produksie-handeling val tussen die noukeurige toepassing van bestaande, gevestigde modelle aan die een kant en vernuwing aan die ander (Even-Zohar, 1997:28). Dus, net soos produksie-handeling 'n toepassing van opsies is, is dit ook 'n dinamiese onderhandeling binne hierdie opsies (Even-Zohar, 1997:28).

Even-Zohar (1997:27) verduidelik die "produk" as volg:

By "product" I mean any performed set of signs and/or materials, i.e., including a given behaviour. Thus, any outcome of any action, or activity, can be considered "a product", whatever its ontological manifestation may be, be it a semiotic or a physical "object": an utterance, a text, an artifact, an edifice, an "image", or an "event".

'n Produk, as daardie item wat deur al die deelnemende faktore in 'n sisteem hanteer en onderhandel word, is dus 'n konkrete manifestasie van daardie sisteem (Even-Zohar, 1997:27).

¹⁵ Die *Goosebumps*-reeks is deur Tafelberg Uitgewers (verskeie vertalers) in Afrikaans vertaal as *Grillers* (sien addendum D).

Hoewel “teks” die voor die hand liggende produk van die literêre sisteem is, kan dit nie noodwendig as die enigste produk beskou word nie (Even-Zohar, 1990b:43). Teksfragmente, byvoorbeeld aanhalings, wat deel uitmaak van daaglikse gebruik, kan ook as literêre produkte beskou word (Even-Zohar, 1990b:44). Dit hang dus af uit watter perspektief ’n analise uitgevoer word.

Vir die doeleindes van hierdie studie word die produk van die literêre sisteem inderdaad as “tekste” beskou, meer spesifiek: vertaalde Afrikaanse kinderboeke.

3.4.2 Sisteme wat ’n invloed uitoefen op die funksionering van die vertaalde kinderliteratuursisteem

Omdat sisteme in ’n polisisteem mekaar kruis en selfs gedeeltelik kan oorvleuel (Even-Zohar, 1990a:11), word ’n literêre sisteem beïnvloed deur die ander kulturele sisteme in die polisisteem waarin dit funksioneer.

Die invloed van die opvoedkundige sisteem (afdeling 3.4.2.1) en die politieke en ekonomiese sisteem (afdeling 3.4.2.2) op vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur vir die periode 1990-2018 word vervolgens bespreek.

3.4.2.1 Die opvoedkundige sisteem

Volgens O’Sullivan (2013:452) behoort kinderliteratuur gelyktydig aan twee sisteme, naamlik die literêre sisteem en die opvoedkundige sisteem. As gevolg hiervan oefen sosiale, kulturele en opvoedkundige norme, waardes en idees wat in die opvoedkundige sisteem heers, ’n invloed op die kinderliteratuursisteem uit en is die geskiktheid van onderwerpe, taalgebruik en illustrasies dikwels belangrike kwessies in die produksie van kinderliteratuur (O’Sullivan, 2013:452; sien ook Desmet, 2007:16; Frank, 2007:13-14; Ghesquiere, 1993:14-20; Lathey, 2006b:6).

Nodelman (2008:157) som dit só op:

What adults most frequently believe children need from their literature is education. Understood as innocent and inexperienced, children know less about the world they live in than they might, less about how to think about themselves and others than they might, less about how to behave than they might. Adults thus have a duty to

teach children what they don't yet know, so, from this point of view, children's literature is primarily a didactic literature.

Van der Walt (2005a:26) noem byvoorbeeld dat skrywers van kinderboeke tydens apartheid selfsensuur moes toepas (sien ook die invloed van die politieke sisteem op Afrikaanse kinderliteratuur in afdeling 3.4.2.2) omdat vloekwoorde of slordige taalgebruik nie in Afrikaanse kinderliteratuur geduld is nie. Volgens Fairer-Wessels en Van der Walt (1999:98) het die sensuurvoorskrifte vir die inhoud van boeke ingesluit “no slang, no disrespect of authority, no swearing, no subversive humour”.

'n Brief wat in *Die Burger* van 6 September 2008 verskyn met die opskrif: “Leer kinders korrekte Afrikaans” (Rousseau, 2008) met 'n pleidooi aan uitgewers om 'n hoë standaard Afrikaans te handhaaf in hulle kinderboeke, getuig ook van didaktiese voornemens. 'n Gedeelte uit dié brief lui:

Juis 'n uitgewer wie se boeke deur soveel duisende kinders gelees word, het 'n hoë plig om hulle korrekte Afrikaans te leer en hulle nie op 'n dwaalspoor te bring nie.

Boeke met 'n onderwerp wat internasionaal opspraak gemaak het, is byvoorbeeld J.K. Rowling se gewilde *Harry Potter*-reeks. Carina Diedericks-Hugo (Grundling, 2004:70) beaam dat dié reeks kinderboeke in sommige Suid-Afrikaanse skole verbied is (sien ook afdeling 4.3.1.2.2).

Ná die politieke en ideologiese wending in Suid-Afrika in die 1990's (sien afdeling 3.4.2.2), het uitgewers dit egter al hoe meer begin waag om vertaalde kinderboeke met meer onkonvensionele temas te publiseer. Eiselen (2005:144) noem twee internasionale titels wat in Afrikaans vertaal is waarvan die temas kontroversie ontlok het: *Neusboor is lekker* (1997)¹⁶ en *Die storie van die molletjie wat wou weet wie op sy kop gedinges het* (2002).¹⁷ 'n Meer onlangse gewaagde keuse is byvoorbeeld ook *Die groot poefwedstryd* (2013) (sien ook afdeling 4.2.2.1.4).¹⁸

¹⁶ Deur Linda Rode vertaal uit die Duitse *Nasebohren ist schön*, geskryf deur Daniela Kulot-Frisch en in Afrikaans uitgegee deur Human & Rousseau (sien ook addendum D).

¹⁷ Vertaal deur Linda Rode uit Duits, *Vom kleinen maulwurf, der wissen wollte, wer ihm auf den kopf gemacht hat*, geskryf deur Werner Holzwarth en in Afrikaans uitgegee deur Human & Rousseau (sien ook addendum D).

¹⁸ Vertaal deur Daniel Hugo uit Nederlands, *Het grote poepconcoors*, geskryf deur Guido van Genechten en in Afrikaans uitgegee deur Protea Boekhuis (sien ook addendum D).

Dit is belangrik om die opvoedkundige sisteem se invloed op die vertaalde Afrikaanse kinderliteratuursisteem in ag te neem en te kyk op watter manier die ideologie van “die kind” en wat “geskik” is vir die kind as norme manifesteer (sien afdeling 3.5.2) in die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans.

3.4.2.2 Die politieke en ekonomiese sisteem

Terreblanche (2015:16) meen Suid-Afrika het oor die afgelope honderd jaar twee magsverskuiwings¹⁹ beleef wat albei gelei het tot ’n nuwe ideologie en tot drastiese veranderinge in die politieke en ekonomiese bestel.

Volgens Terreblanche (2015:15) is Suid-Afrika se eerste magsverskuiwing geïnstusionaliseer vanaf 1909-1913. Dié magsverskuiwing het ’n politieke en ekonomiese stelsel ingelei wat gekenmerk is deur wit oorheersing en rasse-kapitalisme, en is geïnstusionaliseer deur ’n ooreenkoms tussen die drie grootste magte ná die Anglo-Boereoorlog: die Britse imperiale regering, die Engels-georiënteerde goudmynbedryf en die Afrikaans-georiënteerde landboubedryf (Terreblanche, 2015:16).

Volgens Terreblanche (2015:16) het die tweede magsverskuiwing plaasgevind tussen 1990 en 1994, geïnstusionaliseer deur die drie grootste magte ná die bevrydingstryd in Suid-Afrika: die Amerikaanse neoliberale globale mag, die wit korporatiewe sektor en die swart ANC-elite.

Ná die eerste magsverskuiwing is Afrikaans ’n lang tyd onregmatig begunstig en het Afrikaanse boeke weens politieke bevoordeling gedy (aldus Breytenbach, 1999:6). Dié begunstiging het ’n bloeitydperk vir die Afrikaanse uitgewerswese ingelei. Van der Walt (2005a:21; sien ook Le Roux, 1986:9) stel dit as volg:

Teen die einde van die 1940’s kom die Afrikaner aan bewind. Afrikaans is nou die taal van die maghebber en die Afrikaanse perswese is in ’n magsposisie. ’n Nuwe era breek aan vir die Afrikaanse kinderboek.

¹⁹ Terreblanche (2015:16) verwys hier na Alvin Toffler se interpretasie van ’n magsverskuiwing (*powershift*), naamlik ’n diepgaande verandering in die aard van mag, wat mag heeltemal laat verander.

Gedurende die 1950's en 1960's is 'n groot aantal klassieke kinderboeke van regoor die wêreld in Afrikaans vertaal (Van der Walt, 2005a:22).²⁰ Volgens Van der Walt (2005a:22) het hierdie "stortvloed" vertalings die leeslus van Afrikaanse kinders geprikkel, en ook gelei tot 'n verbetering in die literêre gehalte van Afrikaanse kinderboeke wat op eie bodem geskep is (vir 'n diepte-bespreking van vertalings in dié tyd, sien afdeling 5.2.3.3).

Die tweede magsverskuiwing en gepaardgaande ideologiese omwenteling in Suid-Afrika gedurende die 1990's het egter groot en skielike veranderinge meegebring vir die uitgewers en gebruikers van Afrikaanse boeke. Soos Snyman en Venter (2004:120) dit stel:

Anders as in die verlede, impliseer Afrikaanswees nou eerder benadeling as bevoordeling. Hierdie situasie het ook die uitgee van Afrikaanse boeke negatief beïnvloed. Uitgewerye wat Afrikaanse boeke uitgee, asook outeurs en lesers moes hulle by hierdie veranderings aanpas.

Hierdie ingrypende veranderinge het gelei tot 'n krisistydperk in die Afrikaanse uitgewerswese. Barnard (2005:85) en Struik (2008:219) sonder die eeuwending uit as 'n rampspoedige tyd vir die Afrikaanse boekbedryf.

In dié tyd het die Afrikaanse voorskryfmark bykans oornag drasties gekrimp. Struik (2008:219) getuig dat die regering se besteding aan skoolboeke in 1998 met 70% gedaal het en dat regeringsbesteding aan voorgeskrewe Afrikaanse boeke (wat vir meer as 60% van uitgewers se inkomste gesorg het) nagenoeg verdwyn het. Dit het gelei tot die ineensstorting van die Afrikaanse skoolboekmark in 1998/1999 (H&R se helder halfeeu, 2009).

Hierdie radikale veranderinge het gelei tot groot vrese in die kinderboekbedryf en daar is in die media berig dat die Afrikaanse kinderboek in gevaar verkeer (sien Loots, 2004:4 en Smith, 1998:8). Oor die toekoms van die Afrikaanse kinderboek het Koos Human, voormalige hoof van Human & Rousseau, die volgende uitlating gemaak:

²⁰ Byvoorbeeld: *Nils Holgersson se wonderbaarlike reis* (1950), *Somer by Ouma* (1961), *Gulliver se reis* (1964), *Die leeu, die heks en die hangkas: 'n Storie vir kinders* (1967), *Die mooiste sprokies van Grimm* (1969) (sien ook afdeling 5.2.3.3).

Wat is die toekoms van die Afrikaanse jeugboek in 'n omgewing waar die voorskryfmark verdwyn het en die provinsiale biblioteke nie meer, soos tevore, die helfte van hul begroting aan Afrikaanse boeke bestee nie? (Breytenbach, 1999:6).

Voor hierdie politieke omwenteling kon uitgewers 'n groot aantal kinder- en jeugboeke met literêre meriete in Afrikaans uitgee omdat dit in so 'n groot mate deur die voorskryfmark onderskraag is. Sonder die ekonomiese steun van die voorskryfmark, was dit egter nie meer vir uitgewers lonend nie (Breytenbach, 1999:6).

Daarby het uitgewers in so 'n mate op biblioteekaankope gesteun, dat Human & Rousseau na jeug- en geïllustreerde kinderboeke verwys het as “biblioteekmatige boeke” omdat die vrye mark vir hierdie boeke so klein was (Breytenbach, 1999:6). Biblioteekbegrotings is egter ook ingekort, sodat biblioteekaankope jaarliks oor 'n tydperk van tien jaar afgeneem het (Struik, 2008:219; sien ook Snyman & Venter, 2004:123; Venter, 2006:7).

Die verlies aan regeringsteun het Afrikaanse uitgewers genoop om meer ondernemend te wees en die fokus van hulle uitgeebeleid te verander om by die veranderde Afrikaanse markomstandighede aan te pas, naamlik na boeke wat by die Afrikaanse publiek in aanvraag sou wees, eerder as boeke wat die regering se goedkeuring sou wegdra. Soos Breytenbach (1999:6) dit verwoord:

Niemand kan gedwing word om enige boeke te publiseer nie – dis alleen die vraag na sekere soorte boeke wat kan bepaal of dit wel lonend sal wees om sulke boeke te publiseer.

Sommige rolspelers in die boekbedryf (soos Carina Diedericks-Hugo, jeugverhaalskrywer en eertydse kinderboekredakteur by Human & Rousseau) is van mening dat die veranderinge in die Afrikaanse boekmark en uitgewerswese in die 1990's gunstig was omdat dit gelei het tot die bevryding van die Afrikaanse boekmark en broodnodige vernuwing meegebring het (sien Grundling, 2004:70).

Die bevryding van die Suid-Afrikaanse boekmark in die 1990's het ook daartoe gelei dat skrywers van Afrikaanse kinderboeke nie meer genoop was om selfsensuur toe te pas nie. Van der Walt (2005a:26) noem dat Afrikaanse kinderboekskrywers tydens die apartheidsbestel as't ware geskryf het “met die onderwys en die biblioteekmark in die agterkop” (sien die invloed van die opvoedkundige sisteem op die vertaalde Afrikaanse

kinderliteratuursisteem in afdeling 3.4.2.1 en ook die ontstaan en ontwikkeling van 'n veld van Afrikaanse kinderliteratuur in ooreenstemming met die Afrikaanse taal tot 1990 in afdeling 5.2.2). Soos Fairer-Wessels en Van der Walt (1999:98) sê:

Om hulle boeke deur die onderwysowerhede voorgeskryf te kry, het uitgewers altyd die regte voetjie probeer voorsit en gepubliseer wat hulle gedink het die owerhede se goedkeuring sal wegdra. Regeringsdepartemente sou byvoorbeeld eenvoudig nie geld spandeer op boeke wat 'n negatiewe oordeel uitspreek op regeringsbeleid nie. Die handvol boeke wat dit wel gedoen het, het nie 'n kans gestaan om geld te maak vir hul uitgewers nie. En die feit dat min daarvan verskyn het – en dat so min Suid-Afrikaans jeugboeke verban is, toon duidelik die mag van selfsensuur deur Suid-Afrikaanse uitgewers.

Die invloed van die politieke en ekonomiese sisteme op die vertaalde Afrikaanse kinderliteratuursisteem van 1990-2018 het dus ernstige veranderinge ingehou vir die publikasiebeleid van Afrikaanse uitgewers, en het derhalwe ook 'n invloed uitgeoefen op die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans in hierdie tydperk (sien ook afdeling 6.2.2).²¹

3.5 Beheermeganismes in die literêre polisisteem

Lefevere (1985:224; 1992:2, 14) is van mening dat 'n literêre sisteem, weens die voortdurende interaksie met die sosio-ekonomiese omgewing waarin dit funksioneer (sien afdeling 3.4.2.1 en 3.4.2.2) aan bepaalde beheermeganismes onderworpe is.

Dié beheermeganismes oefen mag uit op en manipuleer prosesse in die literêre sisteem en is daarom van besondere belang vir hierdie studie, aangesien dit as beperkings (maar soms ook as dryfvere) kan optree tydens die seleksie en resepsie van vertaalde tekste.

Lefevere (1992:2) noem twee beheermeganismes wat van sowel binne as buite druk op die literêre sisteem uitoefen, naamlik ideologie en poëtika. Trouens, volgens Lefevere (1992:2) is dit veranderende poëtika en ideologie wat uiteindelik verantwoordelik is vir literêre evolusie:

²¹ Uitgewers was byvoorbeeld aanvanklik van ko-produksies (die gelyktydige druk van kleurprenteboeke) afhanklik om drukkoste laag te hou en Afrikaanse kinders van bekostigbare leesstof te voorsien (Fairer-Wessels & Van der Walt, 1999:100). Dit word ook deur Snyman en Venter (2004:129) beaam.

[T]he system acts as a series of “constraints”, in the fullest sense of the word, on the reader, writer and rewriter. He or she can, therefore, choose to “go with the system”, so to speak, to stay within the parameters delimited by the constraints – and much great literature does precisely that – or, alternatively, he or she may choose to go against the system, to try to operate outside the constraints of his or her time, by reading works of literature in other than the received ways, by writing them in ways different from those considered great at a particular time and in a particular place, by rewriting them in such a manner that they tend not to fit in with the dominant poetics or ideology of his or her time and place, but with an alternative ideology, an alternative poetics (Lefevere, 1985:225; sien ook Lefevere, 1992:13).

Die invloed van poëtika en ideologie in ’n literêre sisteem manifesteer dikwels in vertaalde tekste as norme. Norme kan beskou word as nielukraak keuses wat ’n individu (soos ’n vertaler of ’n uitgewer) maak uit ’n verskeidenheid beskikbare opsies, en impliseer altyd sosiale druk vanuit die gemeenskap; norme getuig dus van gesamentlik gehuldigde waardes en idees en tree op as ’n stel gedragsinstruksies.

Vervolgens sal ideologie en poëtika (afdeling 3.5.1) asook norme (afdeling 3.5.2) as beheermeganismes – dit is naamlik as beperkings, maar soms ook as dryfkragte – in die vertaalde Afrikaanse kinderliteratuursisteem bespreek word.

3.5.1 Ideologie en poëtika

Lefevere (1992:2) verwys spesifiek na die rol van herskrywings (waaronder vertalings) wanneer hy sê:


It is my contention that the process resulting in the acceptance or rejection, canonization or non-canonization of literary works is dominated not by vague, but by very concrete factors that are relatively easy to discern as soon as one decides to look for them, that is as soon as one eschews interpretation as the core of literary studies and begins to address issues such as power, ideology, institution, and manipulation.

Lefevere (1992:viii) beskou vertaling as ’n skeppende krag. Hy meen ’n vertaling is ’n herskrywing van ’n oorspronklike, en as sodanig, weerspieël dit ’n spesifieke ideologie en poëtika en manipuleer dit literatuur om op ’n spesifieke manier in ’n gemeenskap te funksioneer (Lefevere, 1992:vii). Vertalings beskik dus oor mag, soos Lefevere (1992:vii) dit stel:

Rewriting is manipulation, undertaken in the service of power, and in its positive aspect can help in the evolution of a literature and a society. Rewritings can introduce new concepts, new genres, new devices and the history of translation is the history also of literary innovation, of the shaping power of one culture upon another.

Lefevere (1992:14) meen daar is twee beheermeganismes wat mag op die literêre sisteem uitoefen.²² Dié beheermeganismes verseker dat die literêre sisteem tred hou met die ander subsisteme (sien afdeling 3.4.2.1 en 3.4.2.2) wat deel uitmaak van die samelewing. Dit is naamlik die patronaat, wat van buite die literêre sisteem 'n invloed uitoefen en verantwoordelik is vir die dominante ideologie van die dag, en professionele agente, wat binne die literêre sisteem werksaam is en verantwoordelik is vir die dominante poëtika van die dag.

Munday (2012:194) stel dit as volg voor:



Figuur 5. Poëtika en ideologie as beheermeganismes in die literêre sisteem (aangepas uit Munday, 2012:194).

Patronaat verwys na agente of institusies (soos uitgewers, die media, 'n regering) wat probeer om die verhouding tussen die literêre sisteem en die ander subsisteme waaruit 'n samelewing bestaan, te reguleer, deur die produksie en verspreiding van literatuur te bevorder of te onderdruk (Lefevere, 1992:15). Soos Lefevere (1982/2004:242) dit stel:

²² Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie mag nie net 'n negatiewe of 'n sogenaamde "repressive force" (aldus Lefevere, 1992:15) kan wees nie, maar ook 'n positiewe, skeppende mag.

The literary system possesses a regulatory body: the person, persons, institutions (Maecenas, the Chinese and Indian Emperors, the Sultan, various prelates, noblemen, provincial governors, mandarins, the Church, the Court, the Fascist or Communist Party) who or which extend(s) patronage to it.

Die patronaat bestaan uit minstens drie komponente: 'n ideologiese komponent, 'n ekonomiese komponent en 'n statuskomponent (Lefevere, 1982/2004:242; 1985:227; 1992:16). Die ideologiese komponent beperk die keuse van onderwerp en die vorm waarin literatuur gepubliseer word (Lefevere, 1985:227; 1992:16). Dié komponent beïnvloed dus die seleksie en resepsie van vertaalde tekste. Die patronaat voorsien ook agente wat tekste produseer van finansiële steun en ken soms ook 'n sekere statusposisie aan hulle toe (Lefevere, 1985:27; 1992:16).

Die patronaat beïnvloed 'n literêre sisteem selde direk en gaan dikwels indirek te werk deur middel van institusies wat in die literêre sisteem betrokke is by die produksie, verspreiding en regulering van literêre tekste (soos die uitgewer) (Lefevere, 1985:228). Op dié manier word die dominante poëtika van die dag deur literêre instansies gereguleer, soos Lefevere (1992:19) sê:

Institutions enforce or, at least, try to enforce the dominant poetics of a period by using it as the yardstick against which current production is measured.

Literêre sisteme kan beïnvloed word deur 'n patronaat wat gedifferensieerd of ongedifferensieerd is. Die patronaat is ongedifferensieerd wanneer al drie komponente (ideologies, ekonomies, status) deur een enkele persoon of groep voorsien word en gedifferensieerd wanneer hierdie drie komponente deur verskillende agente of institusies voorsien word, en dus nie van mekaar afhanklik is nie (byvoorbeeld wanneer ekonomiese sukses nie van ideologiese faktore afhang nie en nie noodwendig status meebring nie) (Lefevere, 1985:228; 1992:17).

Die Afrikaanse literêre sisteem was voor die politieke omwenteling van die 1990's in 'n groot mate van 'n ongedifferensieerde patronaat deur die Nasionale Party-regering afhanklik. Sedert die demokratiese verkiesing in 1994, is die patronaat in die Afrikaanse literêre sisteem egter gedifferensieerd (sien afdeling 4.4.5).

Die professionele agente wat binne die sisteem werksaam is, is onder meer kritici, akademië, onderwysers, reviseurs, vertalers, proeflesers en dies meer, en hulle bepaal uiteindelik die heersende poëtika in die literêre sisteem. Lefevere (1982/2004:242 en 1985:229) definieer poëtika as 'n gedragskode. Ook die kinderboekuitgewer wat kinderboeke selekteer vir vertaling in Afrikaans is 'n professionele agent en maak deel uit van 'n spesifieke literêre instansie wat 'n spesifieke ideologie en poëtika vooropstel. Vertalings word dus geproduseer onder die ideologiese en poëtikale beperkings van die dag waarin die kinderboekuitgewer as 'n agent 'n rol speel.

Ideologie en poëtika kan egter ook dryfvere wees, nie net beperkings nie. Lefevere (1992:7) sê:

If some rewritings are inspired by ideological motivations, or produced under ideological constraints, depending on whether rewriters find themselves in agreement with the dominant ideology of their time or not, other rewritings are inspired by poetological motivations, or produced under poetological constraints.

Poëtika beskik enersyds oor 'n inventariskomponent, naamlik genres, karaktertipes, prototipiese situasies en dies meer, en andersyds oor 'n funksionele komponent, naamlik 'n idee hoe literatuur in die samelewing moet of mag funksioneer (Lefevere, 1982/2004:242 en 1985:229). In 'n sisteem met 'n ongedifferensieerde patronaat kan die literêre "establishment" in beheer wees van die poëtika (soos die geval in Suid-Afrika tydens die apartheidstydperk vóór 1994), terwyl verskillende poëtikas in sisteme met 'n ongedifferensieerde patronaat wedywer om mag ten einde die sisteem te domineer (Suid-Afrika vandag) (sien afdeling 4.4.5).

Die invloed van die heersende ideologie en poëtika van die dag beïnvloed uiteindelik alle prosesse in die literêre sisteem, en vind uiteindelik waarneembaar in tekste neerslag as norme.

3.5.2 Norme

Die konsep "norm" verwys na 'n reëlmatigheid in gedrag, dit wil sê 'n herhalende patroon, en na die onderliggende meganisme wat verantwoordelik is vir sodanige reëlmatigheid (Hermans, 1999:80). Dié meganisme is 'n psigiese en sosiale entiteit wat as bemiddelaar

optree tussen die individu en die gemeenskap (Hermans, 1999:80). Hermans (1999:80) stel dit as volg:

Norms contribute to the stability of interpersonal relations by reducing uncertainty. They make behaviour more predictable by generalizing from past experience and making projections concerning similar types of situation in the future. They have a socially regulatory function.

Norme word lank reeds beskou as die algemene waardes of idees wat deur 'n gemeenskap gehuldig word oor wat in bepaalde sosiale situasies as aanvaarbare of onaanvaarbare optrede beskou kan word (Toury, 2012:63). Norme het dus 'n sosialiserende funksie en tree op as gedragsinstruksies vir wat in sosiale situasies voorgeskryf word, verbode is, geduld of toegelaat word (Toury, 1995:55; 2012:63). As sodanig impliseer norme altyd 'n keuse wat uit 'n reeks alternatiewe opsies gemaak word, en daarby dan ook 'n keuse wat nielukraak is (Toury, 2012:64). Norme is dus reëlmatige optrede in terugkerende situasies (Toury, 2012:64), of soos Hermans (1999:75) dit uitdruk:

[Norms] operate at the intermediate level between competence and performance, where competence stands for the set of options translators have at their disposal and performance refers to the options actually selected.

Norme is soortgelyk aan konvensies, maar norme is sterker (Hermans, 1999:81). Hermans (1999:81) som die verskil só op:

[C]onventions are regularities in behaviour which have emerged as arbitrary but effective solutions to recurrent problems of interpersonal coordination. Because they have proved effective, these solutions become the preferred course of action for individuals in a given type of situation. Conventions grow out of precedent and social habit. They do not have to be explicitly agreed, but they presuppose common knowledge and acceptance. They imply mutual expectations: the expectation of others that, in a given situation, I will adopt a certain course of action, and my expectation that others expect me to do just that.

Norme is dus sterker, voorskriftelike weergawes van sosiale konvensies en, net soos met konvensies, verkry norme hulle legitimiteit vanaf gedeelde kennis, wedersydse verwagtinge en aanvaarding asook die feit dat norme oorwegend geïnternaliseer is (Hermans, 1999:81). Soos Schäffner (1999:5) sê:

Translational behaviour is contextualised as social behaviour, and translational norms are understood as internalised behavioural constraints which embody the values shared by a community. All decisions in the translation process are thus primarily governed by such norms, and not (dominantly or exclusively) by the two language systems involved.

Norme bemiddel dus tussen die individu en die gemeenskaplike sfeer, tussen die individuele intensies, keuses en optrede en gemeenskaplik gehuldigde oortuigings, waardes en voorkeure (Hermans, 1996:26).

Toury (2000:199; 2012:65) meen norme kan op 'n gyskaal geposisioneer word tussen twee teenoorgestelde pole, naamlik absolute reëls aan die een kant en blote eienaardighede aan die ander (Toury, 2000:199; 2012:65). Tussen dié twee pole lê daar 'n enorme tussengrond wat deur norme ingeneem word (Toury, 2000:199; 2012:65), of soos Toury (2012:65) dit stel:

Being intersubjective in nature, norms therefore occupy the central part of the scale, very often amounting to the whole continuum minus the small patches taken up by the two extreme points.

Die norme self vorm ook 'n gyskaal, want sommige norme is sterker as ander en dus meer soos reëls, terwyl ander weer swakker is en bykans idiosinkraties voorkom (Toury, 2000:199; 2012:65).

Norme as gedragsinstruksies word deur 'n individu aangeleer tydens sy/haar sosialisering en impliseer altyd sanksies (Toury, 2000:199; 2012:64). Sodanige sanksies kan negatief en selfs strafwaardig wees wanneer 'n norm oortree word of daar versuim word om in ooreenkoms met 'n norm op te tree; of positief en lonend wanneer daar wel by 'n norm gehou word (Toury, 2000:199; 2012:64).

Omdat norme 'n mate van sosiale en sielkundige druk impliseer, tree norme beperkend op deur sekere opsies of keuses uit te sluit (hoewel hierdie opsies in beginsel steeds beskikbaar bly) en terselfdertyd sekere opsies of keuses voor te skryf (Hermans, 1999:82). In die praktyk kan 'n gegewe stel norme dus 'n aangeleerde gewoonte raak, of waarna daar in Bourdieu se terme verwys word as "habitus" (Hermans, 1999:83).

Die grense tussen die verskillende soorte beperkings is verspreid en elkeen van die konsepte, asook die gradering, is relatief (Toury, 2000:199). Optredes wat dus by 'n sekere heterogene groep goedkeuring vind, kan dalk meer bindend wees binne 'n spesifieke, meer homogene gedeelte van die groep, byvoorbeeld vertalers teenoor teksprodusente, literêre vertalers teenoor poësievertalers, vertalers aktief in die sentrum teenoor vertalers aktief op die periferie van 'n sisteem, ensovoorts (Toury, 2000:199; 2012:66). Daarby kan enige beperking na die naburige terrein beweeg deur middel van prosesse van toename en afname – 'n blote gier kan meer normatief raak, en norme kan soveel geldigheid bekom dat hulle vir alle praktiese doeleindes net so bindend word soos reëls, en ook andersom (Toury, 2000:199; 2012:66).

3.5.2.1 Die vertaling van kinderliteratuur as 'n normbeheersde aktiwiteit

Norms can influence not only translation of all kinds, but also at every stage of the act. Indeed, traces of their activity can be noticed in every aspect of the endproduct (Toury, 2012:81).

Norme beïnvloed die hele vertaalproses, vanaf die seleksie van 'n teks vir vertaling (Desmet, 2007:77; Hermans, 1999:76), en omdat vertaling 'n sosiale interaksie is, bemiddel norme die proses op elke vlak (Toury, 2012:81). Die vertaalproses geskied nie in 'n vakuum nie, maar in 'n spesifieke sosiale konteks met magstrukture wat 'n invloed op die proses uitoefen (Hermans, 1999:80). In hierdie sosiale konteks rig en lei vertaalnorme die besluitnemingsproses en maak dit sodoende ietwat makliker (Hermans, 1999:80).

Norme beïnvloed insgelyks die vertaling van kinderliteratuur, soos O'Connell (2006:23) sê:

As we have seen, translation, like all other cultural activity, is conducted according to certain norms. In the case of translation for children, these may be didactic, ideological, ethical, religious, etc. They determine what is translated when and where and they change continually.

Net soos norme het kinderliteratuur 'n sosialiserende funksie; kinderliteratuur is dus normatief van aard (sien Bottigheimer, 1998:192). As sodanig het kinderliteratuur ten doel om kinders te leer wat as gepaste of onvanpaste gedrag beskou word in 'n spesifieke kultuur en dra dit 'n samelewing se oortuigings, waardes en idees aan kinders oor. Gepastheid is dus 'n netelige kwessie in kinderliteratuur.

Boonop wissel die konsep van wat as “gepas vir kinders” beskou word van kultuur tot kultuur en met die verloop van tyd, en dit kan ook ’n invloed uitoefen op die seleksie van kinderboeke vir vertaling, soos Desmet (2007:77) sê:

A source text for children addresses its intended audience according to prevalent views of what is appropriate for children. Since the intended audience has already been written into the text, there is theoretically no need for the target text to be further adapted. However, what one culture allows its children to read will not necessarily coincide with what a different culture considers appropriate or suitable for children. Views on children, childhood and the purpose of children’s literature may differ across cultures, even when they are geographically close. The concepts of what is considered appropriate for children in a culture affects both the decision whether or not to select a text for translation and, when a source text is selected for translation, the particular form that translated text takes (sien ook O’Sullivan, 2013:452).

Vertaling as aktiwiteit behels minstens twee tale en twee kulturele tradisies, dit wil sê: minstens twee stelle normsisteme wat op elke vlak werkzaam is (Toury, 2000:200). Die waarde hiervan is tweërlei: ’n Vertaling is ’n teks wat in ’n sekere taal geproduseer word om ’n spesifieke posisie binne daardie taal se kultuur, of in ’n sekere gedeelte daarvan, in te neem; terselfdertyd is dit ook verteenwoordigend van ’n ander, voorafgaande teks in ’n ander taal wat behoort aan ’n ander kultuur en in daardie kultuur ’n bepaalde posisie inneem (Toury, 2000:200; 2012:69).

Twee van Toury (2000:200-203) se vertaalnorme kom in hierdie studie aan bod, naamlik die inisiële norm (*initial norm*) en die preliminêre norm (*preliminary norm*).

3.5.2.1.1 Die inisiële norm

Toury (2000:201) meen die vertaler kan hom/haar onderwerp aan die oorspronklike teks se norme, en dus die bronskultuurnorme, of aan die norme wat in die doelkultuur aktief is (of in die gedeelte daarvan waarin die vertaling gaan funksioneer), en dus die doelkultuurnorme.

Indien die vertaler hom/haar aan die bronskultuurnorme onderwerp, sal die vertaling hou by die norme soos dit in die bronteks manifesteer en daardeur ook by die norme van die brontaal en die bronskultuur (Toury, 2000:201). Dit kan lei tot teenstrydighede met doelkultuurnorme en -praktyke, veral indien dit verder strek as bloot linguistiese norme (Toury, 2000:201).

Indien die vertaler hom/haar onderwerp aan die norme wat in die doelkultuur aktief is, sal verskuiwings (*shifts*) in die doeltteks onvermydelik wees (Toury, 2000:201). Terwyl getrouheid aan bronkultuurnorme 'n vertaling se geskiktheid (*adequacy*) bepaal in vergelyking met die bronteks, bepaal getrouheid aan die doelkultuurnorme die aanvaarbaarheid (*acceptability*) van die vertaling in die doelkultuur (Toury, 2000:201).²³

Die inisiële norm word geag as 'n hoëvlakbesluit (teenoor alle ander besluite wat 'n laer vlak inneem) en verkry sodoende logiese prioriteit bo enige ander besluite wat geneem word (Toury, 2012:80). Dit beteken nie dat hierdie soort besluit net een keer gemaak word tydens die vertaalhandeling of dat dit altyd die eerste besluit is wat gemaak word nie; dit beteken wel dat die keuse tussen aanvaarbaarheid en geskiktheid oor en oor herhaal word tydens die vertaalhandeling, en dat die nabyheid aan óf die een óf die ander uiterste dien as 'n sentrale kenmerk in die laervlakbesluite (Toury, 2012:80). Die inisiële norm is inderdaad so sterk, dat dit neig om al die ander besluite wat tydens die vertaalhandeling geneem word, te weerspieël, selfs in gevalle waar geen bewuste keuse gemaak is om een bron van beperkings bo die ander te kies nie (Toury, 2012:80).

Die inisiële norm dien dus as 'n verklarende instrument sodat, selfs indien geen duidelike makrovlaaktendense onderskei kan word as “aanvaarbaar” of “geskik” nie, dit steeds moontlik sal wees om mikrovlaakbesluite te verklaar (Toury, 2012:80).

Puurtinen (2006:57) het die volgende te sê oor inisiële norme in vertaalde kinderliteratuur:

A translation of a children's book, for instance, generally has to operate in the target system like an original. It might be expected that in translations of children's books, which are often not even conceived of as being translations, translational norms tend to place the target text quite close to the acceptability pole.

Weens die invloed van die opvoedkundige sisteem op die kinderliteratuursisteem (sien afdeling 3.4.2.1) is toeganklikheid, geskiktheid en aanvaarbaarheid belangrike didaktiese of pedagogiese vertaalnorme in kinderliteratuurvertaling.

²³ Toury (1995:56) verwys ook na 'n bronteksgeoriënteerde vertaling (*adequate translation*) en 'n doelteksgeoriënteerde vertaling (*acceptable translation*). Waar die vertaler hom/haar aan die bronteks se norme en dus die bronkultuurnorme onderwerp, lei dit tot 'n bronteksgeoriënteerde vertaling; waar die vertaler hom/haar aan die doelkultuur se norme onderwerp, lei dit tot 'n doelteksgeoriënteerde vertaling.

Shavit (1981:171-172) meen kinderliteratuurvertalers is geneig om veranderinge te maak in 'n vertaling sodat dit bruikbaar is vir die kind (in ooreenstemming met wat die samelewing dink is "goed" vir die kind) en om die teks aan te pas sodat die kind dit makliker kan lees en verstaan. Ook Anderson (2000:276) sê:

Literature designated as "children's" is either adapted from works originally intended for adults or written directly for an audience of children. Because it is not generally taken seriously as literature but is filtered through adults for its pedagogical possibilities, the translation norms that apply to it are quite different from those applied to adult literature; in fact, they often resemble the norms used in adapting adult works for children. For example, the notion that a translation should be "faithful to its original" is usually abandoned or reinterpreted in favor of rendering the text suitable for children in the target culture.

Frank (2007:75) sê ook dat kinderboekvertalings klem lê op toeganklikheid:

Translation theory in the latter part of the twentieth century stresses the importance of communication between cultures rather than simply between languages. One of the universal aims of translation, therefore, and particularly of translating for children, is to render the text more transparent for readers in another culture.

Een manier om die doeltteks meer aanvaarbaar (aldus Toury, 2000), deursigtig (aldus Frank, 2007) of toeganklik te maak vir die doelttekslesers, is deur middel van kulturele konteksaanpassing (sien Klingberg, 1986:12). Kulturele konteksaanpassing is 'n etiese debatspunt in kinderliteratuurvertaling waar dit gaan om 'n domestikerende of vervreemdende vertaalbenadering, aldus Venuti (2008).

Venuti (2008:68) meen daar is twee hoofvertaalbenaderings wat 'n vertaler kan volg, naamlik vervreemding (*foreignization*) of domestikering (*domestication*):

A translator could choose the now traditional domesticating practice, an ethnocentric reduction of the foreign text to dominant cultural values in English; or a translator could choose a foreignizing practice, an ethnodeviant pressure on those values to register the linguistic and cultural differences of the foreign text.

'n Domestikerende vertaalbenadering is 'n deursigtige, vlot vertaalstyl wat die vreemdheid van 'n vertaalde teks verminder deur "die vreemde" te vervang met "die bekende". Op dié manier word die leser nie werklik aan 'n ander kultuur blootgestel nie, maar kyk die leser

as't ware in 'n spieël en sien sy/haar eie kultuur in die vertaalde werk. Dit maak die doeltteks dus toegankliker en inderdaad ook deursigtiger, want met 'n domestikerende vertaalbenadering lees die vertaalde werk soos 'n oorspronklike in die doelkultuur.

Daarteenoor stuur 'n vervreemdende vertaalbenadering die leser op reis na 'n ander land en kultuur deur vervreemdende elemente in die teks te behou, sodat die leser ook deurgaans daaraan herinner word dat sy/hy 'n vertaling lees. 'n Vervreemdende vertaalbenadering ontwig dus die kodes wat in die vertaalde taal heers (Venuti, 2008:15) en wyk in so 'n mate van die doelkultuurnorme af, dat dit lei tot 'n vervreemdende leeservaring (Venuti, 2008:16).²⁴

Die keuse tussen 'n domestikerende en 'n vervreemdende vertaalstrategie (oftewel 'n aanvaarbare of geskikte vertaling), is dus dikwels gekoppel aan didaktiese en pedagogiese norme (Van Coillie & Verschueren, 2006:viii). Desmet (2007:16) verduidelik die opvoedkundige sisteem se invloed as volg:

The educational concerns governing children's literature may influence the translation of children's literature in different ways, and they may include practices in which the foreign is explicitly introduced to children as well as their opposite, in which the foreign is avoided either because adults fear children will not be able to understand or because they consider the material to be inappropriate for children and not in line with their values, i.e. the values of the receiving culture.

Vervreemding en domestikering verwys nie net na vertaalstrategieë of vertaalbenaderings nie, maar betrek ook die keuse van tekste vir vertaling: Domestikering wys op vertaalbeleid wanneer 'n vertaling geselekteer word op grond van hoe vlot en onproblematies dit deur middel van 'n domestikerende vertaalstrategie en 'n vlot vertaalstyl na die doelkultuur oorgedra kan word (Venuti, 1998:241; 2008:13). Daarom is die heel eerste geleentheid om

²⁴ Buiten die duidelike ooreenkoms met Toury (1995) se bronteksgeoriënteerde vertaling (*adequate translation*) en doelteksgeoriënteerde vertaling (*acceptable translation*), toon Venuti se konsepte van vervreemding en domestikering ooreenkomste met 'n hele paar konsepte in vertaalteorie: Nord (2005) se dokumentêre vertaling (*documentary translation*) teenoor 'n instrumentele vertaling (*instrumental translation*), waar 'n dokumentêre vertaling kultuurspesifieke items in die vertaling behou sodat die leser bewus is van die feit dat hy/sy 'n vertaling lees waarteenoor 'n instrumentele vertaling vir die doelteksleser lees soos 'n oorspronklike; asook House (1997) se sigbare (*overt*) en onsigbare (*covert*) vertalings, waar 'n sigbare vertaling nie voorgee om 'n oorspronklike te wees nie, maar 'n onsigbare vertaling die status van 'n oorspronklike teks geniet in sowel die bron- as doelkultuur. Terwyl Toury se konsepte uit 'n deskriptiewe vertaalkonteks spruit, vloei Venuti se konsepte uit 'n ideologiese perspektief, Nord s'n uit 'n funksionalistiese perspektief en House s'n uit 'n tekslinguistiese perspektief.

'n vervreemdende of 'n domestikerende effek te weeg te bring in die seleksie van 'n teks vir vertaling, naamlik deur te hou by die dominante diskoers of direk daarteen in te gaan (Venuti, 2008:97). Soos Oittinen (2006:43) tereg opmerk:

Moreover, we may domesticate by choosing certain books for translation, while certain kinds of books or books from certain cultures remain untranslated.

Venuti (2008:97) merk ook op dat vervreemdende vertaling nie noodwendig op alle genres toegepas kan word nie. Verveemdende vertaalstrategieë is byvoorbeeld nie altyd in kinderliteratuur wenslik nie. Lathey (2006a:7) sê:

Young readers cannot be expected to have acquired the breadth of understanding of other cultures, languages and geographies that are taken for granted in an adult readership ... Adaptation rests on assumptions that young readers will find it difficult to assimilate foreign names, coinage, foodstuffs or locations, and that they may reject a text reflecting a culture that is unfamiliar.

Kinderlesers word dikwels teen kultuurvreemde elemente beskerm deur vreemde elemente aan te pas of weg te laat, wat kan lei tot 'n domestikerende vertaalstrategie, toeganklikheid vir die kinderleser en 'n "aanvaarbare" vertaling.

Aldré Lategan, eertydse kinder- en jeugboekuitgewer by Human & Rousseau, sê die uitdaging in vertaling is "om die teks Afrikaans te laat praat sonder dat die leser dit agterkom. As die boek in Spaans geskryf is en in Spanje afspeel, moet dit suiwer Spaans in Afrikaans wees" (Jacobs, 2006:19).

Ook in die Afrikaanse media word vertaalde kinderboeke geprys wanneer dit vlot lees en toeganklik is. Jaybee Roux (2013:3) beskryf Kobus Geldenhuys se vertalings van Jürgen Banscheraus se Duitse *Kwiatkowski*-reeks²⁵ in Afrikaans as volg: "Dis *page turners* hierdie! Albei boeke (en die voriges in die reeks) is vlot geskryf en vertaal."

Kobus Geldenhuys het ook in 2015 die Elsabé Steenberg-prys vir Vertaalde Kinder- en Jeugliteratuur in Afrikaans gewen. Geldenhuys (2015) se raad aan aspirantvertalers is: "Maak seker jou werk lees nie soos 'n korrekte vertaling nie, maar soos 'n vlot stuk werk wat oorspronklik in die vertaalde taal geskryf is."

²⁵ In Afrikaans is dit die *Speurder Kwaikofski*-reeks (sien addendum D).

Domestikerende vertaalbenaderings is volgens Venuti (2008:97) uiters gewild omdat dit maklik lees. 'n Vlot vertaalstyl het ook ekonomiese waarde en daarom dwing redakteurs, uitgewers en kritici dikwels 'n vlot vertaalstyl af ten einde vertalings te verseker wat hoogs leesbaar is en dus hoogs bruikbaar is deur die mark (Venuti, 2008:12).

Dit blyk dus dat die redes waarom vertaalde kinderliteratuur dikwels van domestikerende vertaalbenaderings gebruik maak, hoofsaaklik is om die teks toeganklik of “aanvaarbaar” te maak vir die kinderlesers en om te verseker dat vertalings kommersieel bruikbaar is (sien ook Lathey, 2006b:7).

Dis egter belangrik om daarop te let dat die betekenis van die “vreemde” en 'n “vervreemdende” vertaalstrategie binne die Suid-Afrikaanse konteks geïnterpreteer word deur onder meer globalisering en die media. Lathey (2016:37) maak die volgende opmerking:

Editors and translators have often made changes to translated texts, fearing that children may be alienated by “difficult” names, new foods or unfamiliar cultural practices. Just how far a translator should mediate a work of fiction depends on the breadth of reading experience in the target audience ... Cultural mediation is hardly necessary when readers have read translations from an early age, or when young readers are already familiar with a book's country of origin because of close economic or cultural ties.

Volgens Campbell (2000:35-36) is Amerika se invloed in Suid-Afrika ooglopend sigbaar in onder meer Amerikaanse musiek wat daagliks op die radio hoorbaar is en ook in kleremodes, films en Amerikaanse televisieprogramme (Campbell, 2000:35-36). Campbell (2000:34) sê:

An American arriving in South Africa today cannot help but be struck by how familiar it seems. South Africans, black and white, drink Coca-Cola, eat Kentucky Fried Chicken, and spend exorbitant sums on Nike shoes and sportswear. They shop in sprawling suburban malls, modeled on American prototypes and offering a dizzying array of American commodities. The local cineplexes carry the latest Hollywood blockbusters, while television, which the apartheid state prohibited until 1976, serves up an endless stream of American commercial programs.

Ook Keller (1993) sê: “South Africa is a country awash in American consumer goods, colonized by American pop culture, and obsessed with American celebrities.”

Suid-Afrikaanse kinders word daagliks aan ander kulture blootgestel deur middel van televisieprogramme, populêre musiek, gewilde boeke wat verfilm word (soos die *Harry Potter*-reeks wat in ’n Britse milieu afspeel), YouTube, die internet, rekenaarspeletjies en so meer. Dit problematiseer gevolglik die keuse tussen ’n vervreemdende en ’n domestikerende vertaalbenadering vir die vertaler omdat nie alle kulturele merkers noodwendig vir die gemiddelde Suid-Afrikaanse kinderleser vreemd sal wees nie.

Die betekenis van “vervreemding” en “domestikering” in die Suid-Afrikaanse konteks word verder geïnterpreteer deur die veeltaligheid en kulturele hibriditeit wat in Suid-Afrika heers. ’n Afrikaanssprekende kind in Suid-Afrika se taal en kultuur verskil van ’n Suid-Afrikaanse kind wie se moedertaal byvoorbeeld isiXhosa is en in die isiXhosa-kultuur grootgeword het. So word 11 tale, bykans elkeen met ’n eie kultuur, amptelik in Suid-Afrika erken, hoewel daar nie-amptelik nog meer tale is. Soos Kruger (2012:126) hierdie problematiek opsom:

Viewing “the domestic” as a singular entity does not take cognisance of the fact that the target culture in South Africa itself consists of a multiplicity of linguistic and cultural forms and expectations (often with one or more subculture and language dominating). And within this target culture, the various subcultures may be experienced as more or less familiar or foreign, depending on the position and background of the individual reader. In South Africa, multiple possible sets of “domestics” and “foreigns”, experienced as familiar and strange to various degrees, therefore, exist, depending on the subject position of the reader.

Dit volg dat, binne die konteks van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur, Toury (2000) se inisiële norm nie ’n eenvoudige of voor die hand liggende konsep is nie. Dit is egter duidelik dat die inisiële norm (naamlik of ’n teks vir vertaling neig tot ’n bronteks- of doelteksgeoriënteerde vertaling en dus moontlik na ’n vervreemdende of domestikerende vertaalstrategie onderskeidelik) die seleksie van tekste vir vertaling beïnvloed, en dus ook ’n invloed uitoefen op die preliminêre norm, wat volgende aan bod kom.

3.5.2.1.2 Die preliminêre norm

Volgens Toury (1995:58; 2000:202) bepaal die preliminêre norm 'n uitgewer se vertaalbeleid en die algemene beginsels wat daarin vervat is, asook die besluit om direk of deur middel van 'n mediërende taal te werk te gaan.

'n Vertaalbeleid verwys na die faktore wat die seleksie van tekste vir vertaling op 'n sekere tydstip bepaal en sodanige vertaalbeleid bestaan wanneer keuses wat gemaak word, as nielukraak beskou kan word (Toury, 2012:82). Verskillende beleide geld vir verskillende groepe wat betref tekstipes (soos literêr of nie-literêr), medium (soos verbaal teenoor geskrewe) en menslike agente en groepe agente (soos verskillende uitgewers) (Toury, 2012:82).

Die direktheid van vertaling verwys na die verdraagsaamheidsdrumpel om te vertaal vanaf tale buiten die primêre brontale, met ander woorde: word indirekte vertaling toegelaat, en indien wel, vanaf watter tale/tekstipes/tydperke, ensovoorts, word dit toegelaat/ver kies/verbied/geduld? Wat is die toegelate/verbode/verkose mediërende tale en hoekom het hulle hierdie status? Is daar 'n neiging om dit te ignoreer of weg te steek of selfs te ontken? Word 'n gemedieerde vertaling as sodanig aangedui en word die mediërende taal bekendgemaak?²⁶

Die preliminêre norm bepaal dus die kriteria vir die seleksie van kinderboeke vir vertaling. As sodanig, is dit belangrik om meer te wete te kom oor preliminêre norme wat vir die tydperk 1990-2018 'n invloed uitgeoefen het op Afrikaanse uitgewers in die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans.

3.5.2.2 Die bestudering van vertaalnorme

Toury (2012:87) meen dat norme nie direk vir die navorser toeganklik is nie en sê:

However, what is available for observation is never the norms themselves, but rather instances of norm-governed behaviour, or – to be even more precise – their end-products.

²⁶ Indirekte of mediërende vertaling kom voor wanneer vertaling nie direk uit die brontaal geskied nie. Byvoorbeeld wanneer 'n bronteks in Russies geskryf is en 'n vertaling uit Russies in Engels onderneem word, word dit beskou as 'n direkte vertaling. Indien 'n Afrikaanse vertaling onderneem word uit die Engelse vertaling van die Russiese bronteks in plaas daarvan om direk uit Russies in Afrikaans te vertaal, word dit beskou as 'n indirekte vertaling, met Engels as die mediërende taal.

Toury (2000:206; 2012:87) sê daar is twee hoofbronne vir die rekonstruering van vertaalnorme: tekstueel en ekstratekstueel. Tekstuele bronne verwys na die vertaalde tekste self (vir alle soorte norme), sowel as analitiese inventarisse van vertalings (vir die bestudering van preliminêre norme) (Toury, 2000:207; 2012:87). Ekstratekstuele bronne verwys na semiteoretiese of kritiese skrywes, soos voorskrywende vertaalteorieë, parateks en metateks deur vertalers, redakteurs of uitgewers self, asook deur ander persone wat by die vertaalaktiwiteit betrokke was of daarmee verbind word, resensies van individuele vertalings, en so meer (Toury, 2000:207; 2012:87-88).

Daar is 'n fundamentele verskil tussen dié twee bronne. Tekste kan as primêre produkte van normgereguleerde optredes beskou word en is dus onmiddellike voorstellings daarvan, oftewel primêre produkte van normgereguleerde gedrag (Toury, 2000:207; 2012:88). Daarteenoor is normatiewe uitsprake (dikwels in die vorm van metateks en parateks) slegs byprodukte van die bestaan en die aktiwiteite van norme, oftewel sekondêre produkte, wat afkomstig is vanaf belanghebbende partye, en is daarom gedeeltelik partydig en behoort ook as sodanig hanteer te word (Toury, 2000:207; 2012:64, 88).

Toury (2000:207) het die volgende te sê oor normatiewe uitsprake:

Like any attempt to formulate a norm, they are partial and biased, and should therefore be treated with every possible circumspection; all the more so since – emanating as they do from interested parties – they are likely to lean towards propaganda and persuasion. There may therefore be gaps, even contradictions, between explicit arguments and demands, on the one hand, and actual behaviour and its results, on the other, due either to subjectivity or naïveté, or even lack of sufficient knowledge on the part of those who produced the formulations. On occasion, a deliberate desire to mislead and deceive may also be involved.

Hoewel verbale uitsprake oor norme partydig kan wees, meen Toury (2012:64, 88) dat normatiewe uitsprake steeds gebruik kan word as bronne vir navorsing, mits dit nie naïef opgeneem en woord vir woord geglo word nie. Sodanige uitsprake moet gestroop word van enige moontlike belange wat dit sou kon dien voordat dit in deskriptiewe navorsing gebruik kan word (Toury, 2012:64, 88).

Wanneer vertaalnorme bestudeer word, moet daar ook in gedagte gehou word dat norme inherent onstabiele en veranderende entiteite is (Toury, 2000:204; 2012:86). Norme

verander soms baie vinnig en soms is hulle bestendiger, en neem langer om te verander (Toury, 2000:204; 2012:86). Daarby is norme ook sosiokultureel-spesifiek, wat beteken dat dieselfde norm nie noodwendig in alle sektore van 'n bepaalde gemeenskap geld nie (Toury, 2000:204; 2012:86). Soos Toury (2012:76) dit stel:

[A]t every point in the life of a social group, especially a comprehensive and/or heterogeneous one, there tends to be more than just one norm for each behavioural dimension.

Toury (2000:205; 2012:76-77) meen dit is moontlik om in 'n subsisteem of tussen verskeie subsisteme drie verskillende soorte wedywerende norme te vind, elk met sy eie volgelinge en 'n posisie van sy eie in die kultuur: dominante norme in die sentrum van die sisteem wat vertaaloptredes rig en lei en wat deel uitmaak van die sogenaamde "hoofstroom"; die oorblyfsels van die vorige stel "hoofstroom"-norme wat steeds in die sentrum is, maar swakker geword het en gerelegeer is tot die marge van die sentrum; en onvolkome ontwikkelde, onstabiele norme op die periferie (Toury, 2000:205; 2012:77). Dit is hoekom daar gepraat kan word van vertalings wat eietyds, verouderd of modern is (Toury, 2000:205; 2012:77).

Nog iets wat 'n navorser in gedagte moet hou tydens die bestudering van vertaalnorme, is die verskil tussen norme (wat nie direk sigbaar is nie) en reëlmatighede (wat wel direk waargeneem kan word). Toury (2012:64) meen 'n norm is aktief en effektief werkbaar indien dit vir die navorser moontlik is om reëlmatige optrede in herhaalde situasies na te speur. Norme en reëlmatighede verwys egter nie na een en dieselfde verskynsel nie (Toury, 2012:65). Trouens, reëlmatighede is die gevolg van norme wat aktief werkbaar is; reëlmatighede manifesteer as't ware as wenke van normbeheersde aktiwiteit (Toury, 2012:65), of soos Toury (2012:65) sê:

Thus, from the scholarly point of view, norms do not appear as entities at all, but rather as explanatory hypotheses for actual behaviour and its perceptible manifestations.

Die navorser kyk dus terug vanaf die eindproduk en na die waarneembare manifestasies van die herhalende entiteite daarin en vorm hipoteses oor die norme wat vir sodanige entiteite verantwoordelik is (Toury, 2012:65).

3.6 Kritiek teen Even-Zohar se polisistees teorie en Toury se normteorie

Gentzler (1996:116) kritiseer die polisistees teorie se hipotese dat vertalings oorwegend 'n sekondêre (nie-innoverende) posisie inneem in sogenaamde “sterk” kulture. Hy (Gentzler, 1996:117) sê:

While Even-Zohar observes that translations can function as primary or innovative in “young” literatures or in systems which are “weak”, he seldom observes such functioning in “strong” literary systems; the only time Even-Zohar allows for translations to occupy a primary position in such a literature is when that culture is in “crisis”. While Even-Zohar does recognize a paradox in his formulations, i.e. that translations even in strong cultures do introduce new ideas and literary devices into a system, he nevertheless maintains that they are used as “a means to preserve traditional taste”. I find Even-Zohar’s analysis of translations in well-developed literary systems highly formalistic and essentialist, invariably assuming the perspective of the literary centre itself.

Gentzler (1996:119, 136) meen daar is nog nie genoeg navorsing gedoen oor die manier waarop vertalings in verskillende lande se literêre sisteme werk om hierdie soort veralgemenings te staaf nie en betreur die feit dat die polisistees teorie se onvolledige hipoteses ook oorgespoel het na Toury se normteorie en dit beïnvloed het. Gentzler (1996:136) meen vertalings in die Verenigde State van Amerika gaan soms as 'n innoverende en selfs subversiewe mag te werk, hoewel Amerika 'n “sterk” en gevestigde literêre sisteem het, en vra dan die volgende vraag: “If indeed the polysystem in the United States differs so radically from western European cultures, how might literary systems in the developing world differ?”

Kruger (2012) bevestig dat sommige van die binêre hipoteses in Even-Zohar se polisistees teorie (en gevolglik ook in Toury se normteorie) inderdaad nie onproblematis na die Suid-Afrikaanse konteks oorgedra kan word nie. Kruger (2012:110) verwys spesifiek na Even-Zohar (2004:203-204) se hipotese dat, indien 'n vertaling 'n sentrale posisie in die literêre polisistees teem inneem, vertalers sal neig tot 'n vervreemdende vertaalstrategie en indien 'n vertaling 'n perifere posisie in die literêre polisistees teem beklee, vertalers sal neig tot 'n domestikerende vertaalstrategie:

In the Afrikaans and English literary systems, translation occupies a peripheral position in the subsystem of children's literature. Yet translators advocate a source-text orientation (or a flexible and individualised text-dependent decision about source-text or target-culture orientation), with a concomitant emphasis on adequacy and hence greater likelihood of the law of interference operating more strongly in the resulting translations. In the African-languages literary system, translation occupies a central position in the subsystem of children's literature. Yet, contrary to Even-Zohar and Toury's probabilistic laws or conditionalised predictions, translators advocate a target-culture orientation with an emphasis on acceptability and hence a greater likelihood of the law of standardisation exercising stronger influence (Kruger, 2012:111).

Kruger (2012) het 'n opname onder vertalers wat kinderboeke in die kombinasie Afrika-tale en Engels/Afrikaans vertaal, gedoen. In hierdie opname is vertalers gevra watter vertaalbenadering hulle meestal gebruik: 'n domestikerende vertaalbenadering of 'n vervreemdende vertaalbenadering. Die resultate vir vertalers wat kinderboeke vertaal in die kombinasie Engels/Afrikaans was dat hulle hoofsaaklik van 'n vervreemdende vertaalbenadering gebruik maak (sien Kruger, 2012:78-92). Dit is teenstrydig met die binêre opposisies in Even-Zohar se polisisteepteorie. In die ondersoek na die vertalings self (sien Kruger, 2012:213) is daar egter bevind dat prentebouke van internasionale herkoms wat in Afrikaans en Engels vertaal word, oorwegend gedomestikeer word, terwyl sowel plaaslik vertaalde kinderboeke en plaaslike leesreekse wat in Afrikaans en Engels vertaal word, van gemengde vertaalbenaderings gebruik maak. Kruger (2012) se navorsing wys dus daarop dat die Suid-Afrikaanse realiteit meer kompleks is as wat Even-Zohar se binêre opposisies in die polisisteepteorie dit veronderstel (sien ook afdeling 4.5).

Voorts is die polisisteepteorie se konsep "kanon" fel deur Sheffy (1990) gekritiseer. Sheffy (1990:153) is van mening dat die polisisteepteorie nie werklik met die "kanon"-konsep gemoed is nie, maar met "kanonisiteit" en "kanonisering", en dat hierdie konsepte net losweg met die kanon (altans die algemene interpretasie van dié konsep)²⁷ geassosieer kan word (Sheffy, 1990:511). Sheffy (1990:515) kritiseer voorts dat "kanonisiteit" uit 'n polisisteepteoretiese perspektief gereduseer word tot kontemporêre smaak, en "kanonisering" tot die verkryging van prestige of dominansie. Sy meen dié perspektief verduidelik slegs gevalle van literêre innovering, terwyl daar werke bestaan wat tot die

²⁷ Sheffy (1990:512) sê die volgende oor die algemene beskouing van die konsep "kanon": "In this context, thinking about canons is, in fact, thinking about the 'great literary tradition': the durability of celebrated past works and figures, and their invocation and reevaluation in order to establish the value of the contemporaries (i.e., 'the classic'...)."

literêre kanon behoort, maar lank nie meer 'n aktiewe rol speel in literêre innovering nie (Sheffy, 1990:515, 516). Buiten die innoverende rol van sommige gekanoniseerde werke, geskied literêre evolusie ook deur kanons te vestig, met ander woorde: deur die akkumulering van 'n relatief stabiele versameling van die hoogste geskatte en gevestigde literêre items uit vorige en huidige generasies. Hieroor maak Sheffy (1990:517) die volgende uitlating:

[C]anonized items are present in the system without actually taking part in the cycle of literary production. In other words, these items are canonized in the sense that they are largely recognized and their prestige acknowledged, yet they are not central in the sense that they do not meet contemporary prevailing literary norms nor serve as active models for producing new texts; in fact, some of them are hardly circulated in the literary system in any way (if we only think about a long list of indisputable literary figures and masterpieces). In short, these items attain a high status which does not derive from their position in actual center/periphery relations.

Dit volg dat daar gekanoniseerde items is wat vir altyd onproduktief bly sonder om hulle status op te gee (Sheffy, 1990:518).²⁸

Voorts meen Sheffy (1990:520) dat sentrum-en-periferie-verhoudings vir elke sisteem veronderstel kan word, maar dat nie alle kulturele sisteme noodwendig oor kanons beskik nie; dit is dus opsioneel om 'n kanon te vestig. Soos Sheffy (1990:520) sê:

It is indeed quite natural to speak about religious or legal – or even literary – canons, yet it seems rather inappropriate to speak about canons in the sphere of, say, gesticulation, diet, manners, even fashion, or many other activities, some of which we are hardly aware of. Not that these semiotic systems do not have their dominants and peripheries; further, every system tends to establish within itself a more stagnant repertoire which appears more obvious than others in regulating the activities of that system.

Die bewaring van tekste blyk dus 'n belangrike aktiwiteit te wees in die polisisteedinamika, aangesien die opposisie tussen “gekanoniseerd” en “niegekanoniseerd” dan ook betrekking

²⁸ Hoewel Even-Zohar (1990a:19) die polisisteedteorie aangepas het om die konsep van “kanonisiteit” te verdeel in “statische kanonisiteit” en “dinamiese kanonisiteit”, meen Sheffy (1990:519) dat dit steeds onvoldoende is omdat daar nie uitgebrei word op die funksie van “statische kanonisiteit” in literêre evolusie nie, en die polisisteedteorie dus steeds oneweredig gefokus bly op die veld van produksie sonder om aandag te gee aan enige ander aktiwiteite wat ook noodsaaklik is in literêre dinamika, soos die skep en vestiging van kanons.

het op die onderskeid tussen sisteme wat oor kanons beskik en sisteme wat nie oor kanons beskik nie. Kanonisering het dus minder te doen met die dominansie van modelle wat gereproduseer word en dit is meer waarskynlik dat kanoniteit die teenoorgestelde uitwerking sal hê, naamlik dat dit modelle sal uitsluit en hulle produktiwiteit sal ontmoedig omdat kanonisering hand aan hand gaan met stabilisering (Sheffy, 1990:522). Die funksie van gekanoniseerde items word dan bloot dié van voorbeelde (aldus Sheffy, 1990:522).

Volgens Codde (2003:103) lê die wortel van die probleem in Even-Zohar se oorvereenvoudigde gelykmaking van “kanon” en “sentrum” en die verwarring oor “prestige” en die potensiaal om as innoverende modelle te dien wat nuwe tekste kan genereer. Codde (2003:103) sê dit is duidelik dat items gekanoniseer kan wees (dat hul prestige erken word) sonder om sentraal te wees (nie aktief as modelle dien om nuwe tekste te produseer nie), en dat die gekanoniseerde status van ’n teks dus geen verband hou met ’n sentrale en invloedryke posisie in die literêre sisteem nie. Hy stel die volgende oplossing voor:

It might be best, then, not to use Even-Zohar’s ambiguous concept of the canon. Instead, one would reserve the term *canonized* for those items – texts and models – that enjoy or enjoyed cultural prestige, while the term *central* would refer to those texts and models that, at a certain point in time, influence the production of new texts (Codde, 2003:104).

Hermans (1999:119) en Wolf (2007:7) kritiseer die polisisteemteorie as reduceerbaar tot binêre opposisies, soos sentrum en periferie, hoë strata en lae strata, gekanoniseer en niegekanoniseer, primêr en sekondêr en is van mening dat, weens hierdie inherent binêre neiging, enige ambivalente, hibriede, onstabiele of oorvleuelende elemente moontlik deur die teorie misgekyk kan word.

Hermans (1999:118) voeg by dat studies wat op die polisisteembenadering gebaseer is, geneig is tot abstraksie en ontpersoonliking en dat sodanige studies die gevaar loop om deterministies te wees, en gee twee redes hiervoor.

Eerstens, dat die polisisteemteorie daarvan bewus is dat kulturele sisteme sosiaal vasgelê is, maar dat dit in die praktyk weinig ag slaan op politieke en sosiale magsverhoudings of meer konkrete entiteite (soos institusies of groepe met belange om na om te sien). Hermans (1999:118) meen dus die polisisteemteorie bly teksgebonde (sien ook Wolf, 2007:7).

Ten einde hierdie kritiek te hanteer, is Lefevere (1992) se idee van ideologie en poëtika as beheergemanismes (maar soms ook as politieke dryfvere) uitgelig en bespreek. Sodoende word die magte in ag geneem wat die literêre sisteem van binne en van buite beïnvloed.

Tweedens meen Hermans (1999:18), belê die polisisteemteorie groot in klassifikasies en onderlinge afhanklikheid, maar dit skram weg van spekulasie oor onderliggende oorsake vir sodanige fenomene. Hermans (1999:118) het hieroor die volgende te sê:

The unwillingness to identify an engine which drives the historical machine means that what the researcher describes as the abstract structures and evolutionary changes determine each other, as if they existed in a free-floating bubble.

Ook Wolf (2007:7) sluit haar by Hermans (1999) se kritiek teen die polisisteemteorie aan:

From a sociological point of view, however, it seems particularly relevant that throughout polysystem theory it is never made clear what driving forces are behind the ongoing dynamics in a system.

Wolf (2007:6) verwys hier spesifiek na die vormende mag van agente wat by die produksie van vertalings betrokke is, en dat Even-Zohar se polisisteemteorie nie hierdie agente in ag neem nie.

Hoewel Gideon Toury se deskriptiewe vertaalstudie en normteorie 'n groot bydrae lewer tot die veld van vertaalstudie, is die konsep van vertaalnorme ontoereikend vir omvangryke navorsing na die redes waarom menslike agente spesifieke keuses uitoefen (byvoorbeeld in die seleksie van tekste vir vertaling deur 'n uitgewer).

Hermans (1994:18) kritiseer normteorie en lig die invloed van menslike agentskap in die vertaalproses uit wanneer hy sê:

In other words, norms are by no means the be-all and end-all: they are only the rules of the game, as it were. Individuals, or groups of individuals, may be more or less aware of them, may interpret them differently, may decide to play the game their own way, and may aim to achieve particular goals by playing in one way rather than another.

Hermans (1999:79) is ook van mening dat Toury se beskouing van norme as bloot beperkings te nou is, en sê dat norme nie net beperkend te werk gaan nie, maar ook klaargemaakte oplossings bied vir spesifieke terugkerende probleme. Hiermee meen Hermans (1999:79-80) dat norme se beperkende funksie met agentskap gebalanseer moet word. Vertalers en uitgewers tree nie net bloot meganies op nie – sommige handeling is doelbewus, want “translators do not just mechanically respond to nods and winks, they also act with intent” (Hermans, 1999:79-80).

Ten einde hierdie kritiek te hanteer, word Pierre Bourdieu se teorie oor die kulturele veld van produksie ter aanvulling gebruik om die “engine” (aldus Hermans, 1999) of die “driving forces” (aldus Wolf, 2007) uit te lig wat deel uitmaak van die voortdurende dinamika in ’n literêre sisteem, naamlik die menslike agente wat met mekaar meeding om mag en status (sien hoofstuk 5) en die funksie wat vertalings ook vir hulle verrig.

3.7 Samevatting

Volgens Even-Zohar se polisisteemteorie en Toury se DTS is vertalings doelteksgeoriënteerd. Dit veronderstel dat vertalings deur die doelkultuur geïnisieer word as ’n manier om plaaslike hiëte te vul, en dat ’n gebrek aan sekere genres in die doelkultuursisteem die seleksie van kinderboeke vir vertaling motiveer (sien ook afdeling 4.2).

Uit ’n sisteemteoretiese beskouing, wedywer die elemente in ’n sisteem voortdurend met mekaar om mag. Op dié manier verkry sisteemelemente (soos vertaalde kinderliteratuur) hulle waarde, dit wil sê hulle funksie en/of mag, uit die posisies wat hulle in die netwerk van sisteemelemente bekleed. As sodanig, sal ’n vertaling wat op die periferie van die Afrikaanse kinderliteratuursisteem beweeg, ’n nie-innoverende en konserwatiewe funksie (of sekondêre funksie) verrig, terwyl vertalings wat nader aan die sentrum van die Afrikaanse kinderliteratuursisteem beweeg, ’n meer innoverende en niekonserwatiewe funksie (of primêre funksie) vervul.

Die funksie van vertalings kan dus bepaal word deur ondersoek in te stel na die posisies wat vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem inneem (sien afdeling 4.3).

'n Literêre sisteem ervaar ook druk, van binne die sisteem sowel as van buite. Die patronaat is verantwoordelik vir die dominante ideologie van die dag, en oefen van buite die literêre sisteem 'n invloed uit op die seleksie van kinderboeke vir vertaling in Afrikaans. Dit geskied deur middel van agente of institusies wat die produksie en verspreiding van kinderliteratuur kan aanvuur of teëstaan (sien ook afdeling 4.4.5). Daarteenoor oefen die poëtika van binne die literêre sisteem druk uit in die vorm van literêre agente (soos literêre kritici, vertalers en ook uitgewers) wat uiteindelik verantwoordelik is vir die dominante poëtika van die dag, naamlik die idee van hoe literatuur in die samelewing moet of mag funksioneer.

Vertalings word dus geproduseer onder die ideologiese en poëtikale beperkings van die dag, en die invloed van die heersende ideologie en poëtika beïnvloed alle prosesse in die literêre sisteem. Dit word uiteindelik in vertaalde tekste as norme teruggevind.

Norme is geïnternaliseerde waardes wat as 'n soort beliggamde gedragskode optree. In kinderliteratuur, lê vertaalnorme veral klem op toeganklikheid, geskiktheid en aanvaarbaarheid. Op dié manier, kan norme 'n bepalende invloed uitoefen op die seleksie van tekste vir vertaling.

Die invloed van die inisiële norm in kinderliteratuur kan aanleiding gee tot meer aanvaarbare of deursigtige vertalings, sodat vertalings as't ware as oorspronklike tekste in die doelkultuur kan optree. Die inisiële norm kan ook 'n invloed uitoefen op die seleksie van tekste vir vertaling, indien 'n teks vir vertaling geselekteer word op grond van hoe onproblematies dit deur middel van 'n vlot vertaalstyl na die doelkultuur oorgedra kan word (sien afdeling 4.4.1). Daarteenoor bepaal die preliminêre norm die uitgewer se vertaalbeleid en die algemene beginsels wat daarin vervat word. Op dié manier wys 'n vertaalbeleid op die faktore wat die seleksie van tekste vir vertaling op 'n sekere tydstop bepaal (sien afdeling 4.4.2).

Die afleidings soos verkry uit hierdie literatuurstudie word in hoofstuk 4 verder ondersoek.

Hoofstuk 4

Sistemeoretiese benadering: 'n Toepassing op vertaalde internasionale kinderliteratuur in Afrikaans

4.1 Inleiding

Volgens Even-Zohar (2000:193) se polisistemeorie word vertalings geselekteer op grond van hiëre in die doelkultuur, oftewel 'n gebrek aan repertorium. Spesifieke hiëre in die doelkultuur kan dus beskou word as 'n motivering vir die seleksie van een teks vir vertaling bo 'n ander. Ook Toury (1995:27) beaam dit wanneer hy sê: “[C]ultures resort to translating precisely as a major way of filling in gaps, wherever and whenever such gaps manifest themselves.”

Even-Zohar (2000:193) is van mening dat vertalings ook geselekteer word om 'n spesifieke funksie in die doelkultuur te verrig. Die funksie wat vertalings in 'n literêre sisteem verrig, word bepaal deur die posisie wat sodanige vertalings in dié sisteem inneem. Indien vertalings hoofsaaklik op die periferie van die sisteem beweeg, verrig dit 'n nie-innoverende en konserwatiewe funksie (of 'n sekondêre funksie). Indien vertalings hoofsaaklik in die sentrum van die sisteem beweeg, verrig dit 'n innoverende en niekonserwatiewe funksie (of 'n primêre funksie).

Die seleksie van 'n teks vir vertaling geskied ook in 'n spesifieke sosiale konteks met sosiokulturele magstrukture wat 'n invloed op die seleksieproses uitoefen, waaronder ideologie (sien Hermans, 1999:80; Lefevere, 1992: 14, 15). Van binne die literêre sisteem, oefen ideologie in die vorm van die dominante poëtika 'n invloed uit op die seleksie van tekste vir vertaling. Tekste moet voldoen aan vereistes van die idee van “die kind” en wat op daardie tydstip as gepaste literatuur vir kinders oftewel “kinderliteratuur” beskou word (sien ook afdeling 3.5.1). Van buite die literêre sisteem beïnvloed ideologie die seleksieproses in die vorm van die patronaat. Die patronaat gaan motiverend en beperkend te werk deur finansiële steun en status aan uitgewers te verleen indien spesifieke tekste vir vertaling onderneem word (sien ook afdeling 3.5.1). Die dominante ideologie van die dag vind uiteindelik ook 'n neerslag in die norme wat uitgewers se seleksiebesluite rig en lei (Toury, 2000:200; 2012:81).

Hierdie hoofstuk is in drie ondersoeke verdeel. Eerstens kom 'n inventarisondersoek aan bod (afdeling 4.2). In die inventarisondersoek word data uit die inventaris (addendum D) geanaliseer ten einde breë seleksietendense af te lei. Die doel van die ondersoek is om die hiate bloot te lê wat vertalings van internasionale herkoms in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem vul. Dié hiate dui op spesifieke tekorte in die repertorium van plaaslike Afrikaanse kinderliteratuur in die tydperk 1990-2018 wat deur internasionale vertalings aangevul is.

Tweedens volg 'n sistemiese ondersoek na die posisie van vertalings van internasionale herkoms in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem vir die tydperk 1990-2018 (afdeling 4.3). Die doel van hierdie ondersoek is om die funksie van internasionale vertalings in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem te probeer peil, na aanleiding van die posisie wat sodanige vertalings in dié sisteem inneem.

Derdens volg 'n uitgewery-ondersoek (afdeling 4.4). In die uitgewery-ondersoek word die invloed van ideologie in die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans ondersoek in die vorm van vertaalnorme en die patronaat. Die doel van hierdie ondersoek is om te bepaal in watter mate ideologie as 'n motivering maar ook as 'n beperking in die seleksieproses optree.

4.2 Inventarisondersoek: Seleksietendense in vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-2018

Professor Maritha Snyman, 'n kundige op die gebied van Afrikaanse kinderliteratuur, is van mening dat vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms as aanvullend tot die inheemse Afrikaanse kinderverhaalskat beskou moet word. Snyman (soos aangehaal in Jacobs, 2006:19) sê: “Vertaalde werke is ook 'n uitstekende aanvulling vir genres en spesifieke behoeftes van lesers vir wie daar nie kapasiteit in Afrikaans bestaan nie.”

Wat vertalings se aanvullende rol betref, meen Aldré Lategan (eertydse kinder- en jeugboekuitgewer by Human & Rousseau) dat Afrikaanse uitgewers versigtig te werk moet gaan in die seleksie en publikasie van vertaalde kinderboeke, sodat die Afrikaanse boekmark nie oorvloei word met “onbenullige vertalings” wat moontlik plaaslike skrywers kan bedreig nie. Lategan (soos aangehaal in in Jacobs, 2006:19) sê: “Vertalings moet

oordeelkundig beplan word, gapings vul en die mark pas.” In ’n poging om die gapings na te gaan wat vertaalde kinderliteratuur van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-2018 in Afrikaanse kinderliteratuur gevul het, is ’n analise op die inventaris (sien addendum D) uitgevoer met die doel om breë seleksietendense bloot te lê.

Die genres en subgenres wat vir vertaling geselekteer is in die tydperk 1990-2018 kom eerste aan bod (afdeling 4.2.1). Hierdie bespreking word ingedeel in drie tydperke, naamlik 1990-1999 (afdeling 4.2.1.1), 2000-2009 (afdeling 4.2.1.2) en 2010-2018 (afdeling 4.2.1.3). Innoverende vertalings in die tydperk van ondersoek kom volgende aan bod (afdeling 4.2.2). Vernuwende prenteboeke word heel eerste bespreek (afdeling 4.2.2.1), waaronder eksperimentele prenteboeke (afdeling 4.2.2.1.1), prenteboeke wat tot ’n volwasse leesgehoor spreek (afdeling 4.2.2.1.2), prenteboeke vir volwassenes (afdeling 4.2.2.1.3) en taboe-deurbrekende prenteboeke (afdeling 4.2.2.1.4). Hierna kom vernuwende fiksie aan bod (afdeling 4.2.2.2), gevolg deur ’n bespreking van internasionale prysweners wat in Afrikaans vertaal is vir die tydperk 1990-2018 (afdeling 4.2.3), naamlik prysweners uit die Verenigde State van Amerika (afdeling 4.2.3.1), prysweners uit die Verenigde Koninkryk (afdeling 4.2.3.2), prysweners uit Australië (afdeling 4.2.3.3), prysweners uit Nederland en België (afdeling 4.2.3.4), prysweners uit Duitsland (afdeling 4.2.3.5) en prysweners uit Italië (afdeling 4.2.3.6). Die vertaling van klassieke en/of wêreldliteratuur as ’n seleksietendens kom volgende aan bod (afdeling 4.2.4), gevolg deur die vertaling van kommersiële kinderboeke (afdeling 4.2.5).

Daar is tot nog toe geen grondige navorsing gedoen oor die seleksie van kinderboeke van internasionale herkoms vir vertaling in Afrikaans nie en hierdie studie poog om ’n inisiële vlak van data te voorsien waarop verdere navorsing kan voortbou.


4.2.1 Genres en subgenres wat vir vertaling geselekteer is in die tydperk 1990-2018

Die genres en subgenres van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-2018 is induktief afgelei deur die fisieke hantering en die lees van elke boek wat in die inventaris opgeneem is (sien afdeling 2.2.6.1.1.2).

Vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-2018 kom hoofsaaklik in die volgende genres voor: volksverhale en fabels, fantasieverhale en


sprokies, didaktiese boeke, avontuurverhale, reeksboeke, vermaaklike boeke (wat deel uitmaak van die vermaaklikheidsindustrie), boeke in rymvorm en kinderverse, realistiese verhale, mitologie, diereverhale, slaapydstories, humoristiese verhale, simboliese verhale, gruwelverhale, wetenskapfiksie, probleemboeke, historiese verhale en bildungsromans (sien ook afdeling 2.2.6.1.1.2). Vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur kom ook in die volgende subgenres voor: prenteboeke, geïllustreerde kinderboeke, kinderboeke sonder illustrasies, strokiesprente, kartonboeke, plakkerboeke, opwipboeke en boeke met flappies (sien ook afdeling 2.2.6.1.1.2).

Uit 'n inventaris-analise is die top tien vertaalde genres vir die tydperk 1990-2018 (in volgorde van die genre wat die meeste vertaal is tot die genre wat die minste vertaal is): reeksboeke, didaktiese boeke, avontuurverhale, fantasieverhale en sprokies, humoristiese verhale, vermaaklike boeke, volksverhale en fabels, boeke in rymvorm en kinderverse, realistiese verhale, en laastens, slaapydstories. Hierna volg diereverhale, probleemboeke, simboliese verhale, gruwelboeke, wetenskapfiksie, bildungsromans, historiese verhale en mitologie in die minderheid (sien figuur 6).




Figuur 6. Genres in vertaling vir die tydperk 1990-2018.

Wat die vertaling van subgenres betref, blyk dit uit 'n inventaris-analise dat prenteboeke die subgenre is wat die meeste vertaal is, gevolg deur geïllustreerde kinderboeke, kartonboeke, opwip- en lig-die-flappie-boeke, kinderboeke sonder illustrasies, strokiesprente en laastens, plakkerboeke (sien figuur 7).



Figuur 7. Subgenres wat vertaal is vir die tydperk 1990-2018.

Wanneer die tydperk van analise in drie verdeel word, sodat daar in ongeveer tienjaartydperke gekyk word na die periodes 1990-1999, 2000-2009 en 2010-2018 afsonderlik, kan daar 'n aantal breë seleksietendense vir elke tydperk bespeur word (sien figuur 8).



Figuur 8. Breë seleksietendense in genres vir die tydperke 1990-1999, 2000-2009 en 2010-2018.

Seleksietendense in die vertaling van genres en subgenres van internasionale herkoms in die periodes 1990-1999 (afdeling 4.2.1.1), 2000-2009 (afdeling 4.2.1.2) en 2010-2018 (afdeling 4.2.1.3) sal vervolgens aandag geniet.

4.2.1.1 1990-1999

Vir die tydperk 1990-1999 is didaktiese kinderboeke die genre wat die meeste vertaal is, gevolg deur volksverhale en fabels, en dan reeksboeke. Vermaaklike boeke is die vierde gewildste in vertaling, en avontuurverhale die vyfde gewildste.

Onder die kinderboeke met 'n didaktiese inslag vir die tydperk 1990-1999, tel boeke vir beginnerlesers (boeke met eenvoudige woordkeuse, korter sinne en 'n groter lettertype) wat dikwels in leesreëse voorkom, soos *Ek lees lekker: Die stadsmuis en die plaasmuis* (1990), *My eie leesboek: Bremen se stadsmusikante* (1998) en *Die beertjies: Ons eie huis* (1998) asook boeke met 'n duidelike didaktiese boodskap of lessie, soos *Dis lekker om te gee* (1990), *Eendag toe ek bang was* (1990), *Hoe moet ek wees?* (1993) en *Nooit ooit 'n jagter nie* (1994). Sommige skrywers se boeke is didakties van aard, en omdat dit telkens om een hoofkarakter sentreer, vorm dit 'n reeks, soos Eric Hill se *Otto*-reeks, waaronder *Otto slaap uit* (1990) en *Otto speel in die park* (1991) asook Max Velthuijs se *Padda*-reeks, waaronder

Padda en die voëlgesang (1993), *Padda is bang* (1995), *Padda is padda* (1996) en *Padda word 'n held* (1996).

Dit blyk ook dat volksverhale uiters gewild is in vertaling in dié tydperk. Daar is meer volksverhale in die tydperk 1990-1999 vertaal as in enige van die ander twee tydperke onder bespreking, en heelwat meer volksverhale as fabels het verskyn. Van die volksverhale van internasionale herkoms wat in dié tyd in Afrikaans vertaal is, is onder meer *Die reënmaker van Kapiti: 'n Nandi-verhaal* (1990), *Die ses dwase broers* (1990), *Haas maak 'n aap van Leeu: 'n Swahili-storie* (1991), *Die pratende eiers: 'n Volksverhaal uit die Suide van Amerika* (1991), *Die betowerde muurtapyt: 'n Chinese volksverhaal* (1991), *Waarom muskiete in mense se ore gons* (1992), *Die pratende pot: 'n Deense volksverhaal* (1992), *Die swaap en die vis: 'n Russiese volksverhaal* (1992), *Jamie en die groot aartappel: 'n Ierse volksverhaal* (1993), *Die drie broers: 'n Duitse volksverhaal* (1993), *Die sneeuwit moffie: 'n Volksverhaal uit die Oekraïne* (1993), *Hoe die olifant aan sy slurp gekom het* (1993), *Tonie se brood: 'n Italiaanse volksverhaal* (1994), *Zomo die konyn: 'n Volksverhaal uit Wes-Afrika* (1994), *Waarom die lug ver weg is* (1994), *Moefaro se pragtige dogters: 'n Verhaal uit Afrika* (1994), *Die sneeudogtertjie: 'n Ou Russiese volksverhaal* (1994), *Die legende van die Persiese tapyt* (1995), *Hoe het die os op die aarde beland?* (1996), *Hoe die nag uit die see gekom het* (1997) en *Die pratende pampoen* (1999). Onder fabels, is daar *Kantekleer en die jakkals* (1990), *Jakkals-stories* (1990) en *Fabels van Esopus* (1992).

Reeksboeke is die derde gewildste in vertaling in hierdie tydperk. Talle prenteboeke, geïllustreerde kinderboeke, kinderboeke sonder illustrasies en strokiesprente kom in die tydperk 1990-1999 in reekse voor. Prenteboekreekse is byvoorbeeld Val Biro se *Pronk-boeke*, onder meer *Pronk en die geheime skakelaars* (1994) en *Pronk in die moeilikheid* (1995) asook Frank Muir se *Bollie-Blaps*-boeke, soos *Bollie-Blaps in die herfs* (1990) en *Bollie-Blaps in die lente* (1990). Rose Impey se *Creepies*-reeks, 'n reeks griller-prenteboeke, is as *Grillers* vertaal, waaronder *Gril jouself simpel* (1990), *Ou platkop* (1990) en *Lappe-Lena* (1990).

Enid Blyton se geliefde reeks oor die speelgoedkarakter Noddy is ook in dié tyd in Afrikaans vertaal as Knikkie, met titels soos *Hoera vir klein Knikkie* (1993), *Knikkie in die moeilikheid* (1993), *Knikkie en die toweruitveër* (1993) en *Knikkie gaan skool toe* (1993).

Geïllustreerde kinderboeke wat as reekse verskyn het, is onder meer Jan Needle se *Skroef en Saar*-reeks, soos *Geraamte op skool* (1990) en *Oompie op solder* (1990) asook Terrance Dicks se *Die avonture van Dawid en Goliat*-reeks, waarvan *Atletiekbyeenkoms* (1990) en *Goliat se Kersfees* (1990) deel uitmaak. Hierby kom ook Allen Sharp se *Snuffelstories*-reeks, waaronder *Die graf van Amenosis* (1991), *Ontmoeting op 'n rooi planeet* (1991), *Wie die dood erf* (1992), *Vrees in die vierde dimensie* (1994) en *Nag van die komeet* (1995). In dié reeks kies die leser self aan die einde van elke hoofstuk wat volgende in die storie gaan gebeur.

Onder strokiesprente as reekse verskyn Hergé se *Die avonture van Kuifje*-reeks, soos *Die haaie van die rooi see* (1992), *Die geheim van Die Eenhoorn* (1992) en *Die geheime wapen* (1996). Ook René Goscinny en Albert Uderzo se Asterix-karakter praat Afrikaans in *Asterix en die Olimpiese Spele* (1997). 'n Laaste strokiesprentreeks wat in dié tyd vertaal is, is *Graffix* deur Pete Johnson, met titels soos *Die afkopspook* (1998), *Laserspel* (1998) en *Sabotasie* (1998).

R.L. Stine se gewilde *Goosebumps*-reeks, kinderboeke sonder illustrasies, is ook in hierdie tyd in Afrikaans vertaal as *Grillers*. Titels wat in dié reeks verskyn het, is onder meer *Kiek en koebai!* (1998), *Kom ons verdwyn!* (1998), *Nag van die mummies* (1998), *Monsterbloed* (1998), *Nagmerrie in groen* (1998), *Die verlore legende* (1998), *Monsterbloed II* (1998), *Juffrou is 'n monster!* (1998), *Jekyll en Heidie* (1999) en *As dooie poppe dans* (1999).

Vermaaklike boeke is die vierde gewildste in vertaling in dié tydperk. Onder vermaaklike boeke tel hoofsaaklik boeke in *Disney se wonderwêreld van lees*-reeks, waaronder boeke soos *Aladdin en sy wonderlamp* (1990), *Pinocchio en sy poppespel-avontuur* (1990), *101 dalmasiërs* (1990), *Sneeuwitjie en die sewe dwergies* (1990), *Die aristokatte doen kattedwaad* (1990), *Vossie en Wimpers van Die vos en die jaghond* (1990), *Lady en die vabond* (1990), *Peter Pan en Wendy* (1990), *Pluto die speurder* (1990), *Dumbo die olifant wat kon vlieg* (1990), *Bambi verdwaal* (1990), *Winnie-die-Poeh en Tier* (1990), *Die leekoning* (1994), *Die oerwoudboek* (1997) en *Tarzan* (1999). Versamelaarsuitgawes van Disney se ikoniese kinderkarakters is ook in hierdie tyd in Afrikaans vertaal, waaronder *Sneeuwitjie en die sewe dwergies* (1995), *Skoonlief en die ondiër* (1995), *Die leekoning* (1995), *Bambi* (1995), *Die aristokatte* (1995), *Pinocchio* (1995) en *Die oerwoudboek* (1995).

Laastens is avontuurverhale die vyfde gewildste in vertaling in dié tyd. Die meeste avontuurverhale in die tydperk 1990-1999 is reeksboeke en maak dus deel uit van onder meer Val Biro se *Pronk*-reeks, Allen Sharp se *Snuffelstories*-reeks, Jan Needle se *Skroef en Saar*-reeks, Terrance Dicks se *Die avonture van Dawid en Goliat*-reeks, Hergé se *Kuifje*-reeks en R.L. Stine se *Grillers*-reeks.

4.2.1.2 2000-2009

Vir die tydperk 2000-2009 is reeksboeke die gewildste genre wat vertaal is, gevolg deur vermaaklike boeke en dan avontuurverhale. Fantasië en sprokies is die vierde gewildste in vertaling in dié tydperk, en didaktiese boeke die vyfde gewildste.

Onder prenteboekreekse verskyn die *Barbie*-reeks vir die tydperk 2000-2009 met 'n groot aantal titels, waaronder *Redding van die eenhoring* (2001), *Drie hoera's vir Becky* (2002), *Die gelukkige skaatse* (2002), *'n Spook in die biblioteek* (2002), *Spesiale ballerina* (2002), *Die silwer takbok* (2003), *Die vertoonvenster* (2003), *Reis na Rados* (2003), *'n Mens se beste vriend* (2004) en *'n See vol vriende* (2004). Heelwat kleiner prenteboekreekse is byvoorbeeld Daniel Joris se *Arthur*-reeks, waaronder *Arthur by die molle* (2002), *Arthur word 'n padda* (2002) en *Arthur tussen die muise* (2002) asook Brigitte Weninger se *Miko*-reeks, soos *Miko loop weg* (2007) en *Miko gaan see toe* (2007).

Talle reeksboeke het ook as geïllustreerde kinderboeke verskyn, waaronder Astrid Lindgren se *Pippie Langkous*-reeks, met *Pippie Langkous* (2002), *Pippie Langkous aan boord* (2002) en *Pippie Langkous in die Suidsee* (2002). Ook C.S. Lewis se *Die verhale van Narnia*-reeks, waaronder *Die leeu, die heks en die hangkas* (2002), *Die towenaar se neef* (2002) en *Prins Kaspian* (2002) het verskyn. 'n Groot aantal titels uit Emma Thomson se *Lili die wensfeetjie*-reeks is in Afrikaans vertaal, waaronder *Lili se trippelduikdraai en ander stories* (2004), *Lili se pajamapartytjie en ander stories* (2004), *Lili in die kollig en ander stories* (2004) en *Lili die modepop en ander stories* (2004). Hierby kom ook nog Daisy Meadows se *Reënboogdrome*-reeks, waaronder titels soos *Angelika die groen feetjie* (2006), *Aster die oranje feetjie* (2006) en *Iris die indigo feetjie* (2006) asook Pippa le Quesne se *Blommefeetjiemaats*-reeks, onder meer *Zinnia se groot avontuur* (2006), *Laventel red die somerdans* (2006) en *Soetkersie se wens* (2006). Rex Stone se reeks oor dinosourusse, die *Dinowêreld*-reeks, moet ook hier genoem word, waaronder titels soos *Stormloop van die*

driehoringmonster (2009), *Stegosaurusprobleme* (2009) en *Vlug van die pterosaur* (2009).

Reekse wat as kinderboeke sonder illustrasies verskyn het, is byvoorbeeld J.K. Rowling se *Harry Potter*-reeks, naamlik *Harry Potter en die kamer van geheime* (2000), *Harry Potter en die gevangene van Azkaban* (2000), *Harry Potter en die towenaar se steen* (2000), *Harry Potter en die beker vol vuur* (2001), *Harry Potter en die orde van die feniks* (2002), *Harry Potter en die halfbloed prins* (2005) en *Harry Potter en die skatte van die dood* (2007). Twee boeke in Lemony Snicket se reeks met die naam 'n *Reeks ongelukkige gebeure* is ook in dié tyd in Afrikaans vertaal, naamlik *Die bese begin* (2004) en *Die reptielkamer* (2004). Laastens, figureer Cathy Hopkins se *Meisies se dinge*-reeks, met titels soos *Meisies se dinge en kosmiese soene* (2009), *Meisies se dinge en gruwelike glipse* (2009), *Meisies se dinge en enkele oorlewendes* (2009) en *Meisies se dinge en magneetkrag* (2009).

Onder strokiesprente wat in hierdie tyd in reeksvorm verskyn het, is daar slegs titels uit Hergé se *Die avonture van Kuif*-reeks, soos *Die blou lotus* (2004), *Die swart eiland* (2004), *Die sigare van die farao* (2005), *Die krap met die goue knypers* (2005), *Die 7 kristalballer* (2006) en *Bestemming maan* (2006).

Naas reeksboeke, is vermaaklike boeke vir die tydperk 2000-2009 die tweede gewildste genre in vertaling. Dit is hoofsaaklik prenteboeke in die *Barbie*-reeks (sien bo) asook prenteboeke in verskeie *Disney*-reekse, soos *Disney se wonderwêreld van lees*-reeks, waaronder titels soos *Winnie-die-Poeh en die wonderige dag* (2000), *Disney se Die leekoning* (2000), *Nemo is soek* (2003), *Doringrosie* (2004), *Disney se Peter Pan* (2004), *Disney se Die klokluier van Notre Dame* (2004) en *Die Ongelooflikes* (2004) asook die *Disney prinses*-reeks, met titels soos *Scoonlief: 'n Fees in die woud* (2003), *Doringrosie: Die geheime towerspreuk* (2003) en *Aspoestertjie: 'n Vrolike dansparty* (2003).

Avontuur is die derde gewildste genre in vertaling in hierdie tyd, en terwyl talle van die reeksboeke vir die tydperk 2000-2009 ook as avontuurverhale geklassifiseer is (waaronder titels in *Die avonture van Kuif*-reeks, die *Harry Potter*-reeks, die *Pippie Langkous*-reeks, *Die verhale van Narnia*-reeks, 'n *Reeks ongelukkige gebeure* asook die *Dinowêreld*-reeks), verskyn daar ook alleenstaande titels in die avontuurgenre, waaronder *Artemis Fowl* (2002) en titels in die *Libri*-reeks soos *Die avonture van Sherlock Holmes* (2005), *Die avonture van Tom Sawyer* (2005), *White Fang die wolfhond* (2005), *Skateiland* (2005), *Kaptein Cook*

(2006), *Robinson Crusoe* (2006), *Dr. Jekyll en mnr. Hyde* (2007) en *Jock van die Bosveld* (2007).

Die vierde gewildste genre in vertaling in dié tyd, is fantasieë en sprokies wat verskyn het as prentboeke, geïllustreerde kinderboeke en kinderboeke sonder illustrasies. Prentboeke met sprokies is onder meer 'n *Reis deur Sprokiesland* (2000), *Klassieke sprokies* (2003), *Die tonteldoos* (2005), *Die prinses en die ertjie* (2005), *Die skoenmaker en die elfies* (2006), *Doringrosie* (2006), *Jan en die boontjierank* (2006), *Sneeuwitjie en die sewe dwergies* (2006) en *Repelsteeltjie* (2006). Onder prentboeke met 'n fantasie-element, tel boeke soos *Die geheime wêreld van feë* (2003), *Drie klein beertjies in Agterstevoorland* (2000) en *Die teepot* (2005). Talle geïllustreerde kinderboeke wat deel uitmaak van die fantasie-genre maak deel uit van reekse, soos die *Pippie Langkous*-reeks, *Die verhale van Narnia*-reeks, die *Lili die wensfeetjie*-reeks, die *Reënboogdrome*-reeks en die *Blommefeetjemaats*-reeks. Geïllustreerde fantasieverhale wat nie as deel van 'n reeks verskyn het nie, is byvoorbeeld Roald Dahl se *Marius se merkwaardige medisyne* (2005), *Charlie en die sjokoladefabriek* (2005), *Charlie en die groot glashyser* (2006), *Matilda* (2006), *James en die reuseperske* (2007) en *Die GSR* (2007). Ook Cornelia Funke se *Hart van ink* (2009) is 'n geïllustreerde kinderboek met 'n sterk fantasie-element.¹ Geïllustreerde kinderboeke wat deel uitmaak van die sprokie-genre is heelwat minder as dié in die fantasie-genre, onder meer *Die verhale van Hans Christian Andersen* (2004) en *Die volledige sprokies van Grimm* (2006). Kinderboeke sonder illustrasies wat deel uitmaak van die fantasie-genre is onder meer J.K. Rowling se *Harry Potter*-reeks en Lemony Snicket se 'n *Reeks ongelukkige gebeure: Die bose begin* (2004) en 'n *Reeks ongelukkige gebeure: Die reptielkamer* (2004).

Didaktiese boeke is die vyfde gewildste in vertaling in hierdie tydperk. Die meerderheid kartonboeke en opwip- en lig-die-flappie-boeke vir die tydperk 2000-2010 is didakties, soos *Wie's honger?* (2001), *Wie se huis?* (2001), *Opstaan, Tommie!* (2002), *Op die plaas* (2002), *Tommie en die baba* (2002), *Otto gaan stap* (2005), *Waar's Otto?* (2005), *My huis* (2006), *My kos* (2006), *Otto se uitstappie* (2009) en *Otto se spesiale dag* (2009). Talle prentboeke het ook 'n didaktiese inhoud, meestal 'n lesie wat die kind kan leer, soos in *Mooi so, Kleinbeer* (2000), *Ruspe se droom* (2003), *Angelina die ballerina* (2003), *Handa se verrassing* (2005), *Kameelperde kan nie dans nie* (2006), *Jy kan nie 'n seekoei skuif nie*

¹ In hierdie studie is 'n vertaling as 'n geïllustreerde kinderboek beskou selfs indien daar slegs eenvoudige potloodsketse of 'n klein illustrasie bo-aan elke nuwe hoofstuk verskyn (sien ook afdeling 2.2.6.1.1.2).

(2007) en *Maar hy't dan meer as ek!* (2007). Daarby kom leesboeke vir beginnerlesers (eenvoudige woordkeuse, korter sinne en groter lettertipe) soos *Ek kan lees! Die drie klein varkies* (2007), *Ek kan lees! Gouelokkies en die drie bere* (2007), *Ek kan lees! Olifant se neus* (2007) en *Saamlees-stories vir kleuters* (2008).

4.2.1.3 2010-2018

Net soos die vorige tydperk, is reeksboeke die gewildste genre in vertaling in die tydperk 2010-2018, gevolg deur didaktiese boeke, avontuurverhale, fantasieë en sprokies en humoristiese boeke as die vyfde gewildste in vertaling.

'n Groot aantal vertaalde reeksboeke het in die tydperk 2010-2018 verskyn, hoofsaaklik in die vorm van prentboeke en geïllustreerde kinderboeke, hoewel 'n paar kinderboeke sonder illustrasies en een strokiesprentreeks ook verskyn het.

As prentboekreekse, verskyn 'n paar van Tove Jansson se *Moemin*-boeke, soos *Moemin se verjaarsdag* (2010) en *Moemin en die maanlig-avontuur* (2011). Ook Dirk Melling se reeks oor Douglas die beer verskyn in Afrikaans as Dirk, in byvoorbeeld *Dirk soek 'n drukkie* (2010) en *Toemaar, Dirk!* (2011). Hierby kom ook Guido van Genechten se *Dirkie*-reeks (Rikki in die oorspronklike Nederlands), met titels soos *Dirkie* (2011), *Dirkie en Annie* (2011), *Dirkie en die eekhoring* (2012) en *Dirkie en sy vriendjies* (2012) asook Elle van Lieshout en Erik van Os se *Mejuffrou Muis*-reeks, waaronder *Mejuffrou Muis gaan op reis* (2011) en *Mejuffrou Muis kry muisies* (2011) en An Melis se *Hekselientjie*-reeks, met *Hekselientjie en die draaktrane* (2013) en *Bonkie se eier* (2013).

Boeke uit Sven Nordqvist se bekende *Pettson och Findus*-reeks word in Afrikaans vertaal, in onder meer *Die verjaardagkoek* (2011) en *Die jakkalsjag* (2011). Selfs die bekende Smurfies kom in 'n prentboekreeks te voorskyn, met titels soos *Smurfien in die dorp!* (2011), *Spiere Smurf die ridder* (2011) en *Nutsman Smurf smurf die weer* (2011). Dan is daar ook Sam Walshaw se *Lawwe Lalie en die seerowers*-reeks, soos *Die seemonster* (2012) en *Die spookskip* (2012), asook Gillian Shields se prentboekreeks *Bella & Bollie*, waaronder *Bella & Bollie en die verjaardagverrassing* (2012) en *Bella & Bollie en die nagsoentjie* (2012). Hierby kom nog Karen King & Angela Hicks se *Sprokieperde*-reeks, soos *Sprankel die seeperdjie* (2014) en *Krulkop die feeperdjie* (2014) en nog 'n poniereeks

van Sarah Kilbride, *Evie's ponies*, wat in Afrikaans vertaal is as die *Prinses Nina*-reeks, met titels soos *Prinses Nina en die seeponie* (2013) en *Prinses Nina en die balletponie* (2015).

Hoewel reeksboeke in prenteboekformaat vir die tydperk 2010-2018 heelwat hoër is as enige van die ander twee tydperke, het verreweg die meeste reeksboeke in die tydperk 2010-2018 as geïllustreerde kinderboeke verskyn. Hieronder is Jenny Valentine se *Ek & Bella*-prenteboekreeks, met titels soos *Ek & Bella* (2010) en *Lekker verjaar!* (2011), Justin Richards se *Agent Alex*-reeks, met titels soos *Spioenkop Akademie* (2011), *Uitgesorteer!* (2012) en *Visvang verbode!* (2013), Rosie Banks se *Geheime koninkryk*-reeks met titels soos *Skitterende paleis* (2013), *Eenhoringvallei* (2013) en *Wolkeiland* (2013) asook haar *Geheime prinsesse*-reeks, met titels soos *Sterrewens* (2017), *Die wenshangertjies* (2017) en *Popprinses* (2017). Hierby kom ook nog Kate Finch se *Dierehotel*-reeks, waaronder *Alle diere welkom!* (2014), *Snuf in die neus* (2014) en *'n Groot verrassing* (2014). Nog 'n diereverhaal-reeks is Jenny Oldfield se *Modderspore*, met titels soos *Mooi so, Toffie!* en *Kom hier, Karnallie!* Ook die *Lana & Rakker*-reeks deur Holly Webb is 'n diereverhaalreeks, met titels soos *Vakansie by die see* (2017) en *Rakker en die troue* (2017). Bavo Dhooge se *Karel Kameleon*-reeks is ook in Afrikaans vertaal, met onder meer *Karel Kameleon en die towerdrankie van professor Borrie* (2013) en *Karel Kameleon en die geheime tempel* (2013). So ook Belinda Murrell se *Lulu Bell*-reeks, waaronder *Lulu Bell en die verjaarsdagponie* (2014) en *Lulu Bell en die pikkewynfeetjie* (2014), en Marc de Bel se *Roesty Spetter*-reeks, in Afrikaans vertaal as *Robbie Ramkat*, met titels soos *Die bal van Bil Jart* (2015) en *Katskenades onder die volmaan* (2015).

Storieman-omnibusse is ook in dié tyd heruitgegee. Vir hierdie publikasies is daar 'n seleksie gemaak uit die *Storieman*-reekse soos dit aanvanklik in 1984 deur Rubicon Pers uitgegee is.²

Jeff Kinney se gewilde *Diary of a wimpy kid* is ook in hierdie tyd as geïllustreerde kinderboeke in Afrikaans vertaal as die *Dagboek van 'n wimpy kid*-reeks, met titels soos *Die laaste strooi* (2013) en *Rodrick regeer* (2013). Hierby kom ook nog Jürgen Banscheraus se *Speurder Kwaikofski*-reeks, met titels soos *Die kougomstrik* (2012), *Die geheim van die vlieënde koei* (2012) en *Die pienk skoolspook* (2012). Sommige van Tove Jansson se *Moemin*-boeke verskyn ook as geïllustreerde kinderboeke, byvoorbeeld *Moemin en die*

² Die *Storieman*-reekse sluit vertaalde verhale van internasionale herkoms sowel as oorspronklike Afrikaanse verhale in.

komeet (2012) en *Moemin en die towenaar se hoed* (2012). Knister se *Hexe Lilli*-reeks is ook in Afrikaans vertaal as *Lillie die heksie*, met titels soos *Lillie die heksie se towerkaskenades* (2012), *Lillie die heksie keer die skool op sy kop* (2012), *Lillie die heksie in die wilde weste* (2013) en *Lillie die heksie by die seerowers* (2013).

Cressida Cowell se *Hoe om jou draak te tem*-reeks verskyn ook in Afrikaans, met titels soos *Hoe om jou draak te tem* (2013) en *Hoe om 'n seerower te wees* (2013), asook Alice Pantermüller se *Lotta*-boeke, waaronder *Lotta se lewe: Bendes, swape en skape* (2014) en *Lotta se lewe: Konyne by dosyne* (2014). Die laaste uitstaande boeke in C.S. Lewis se *Kronieke van Narnia*-reeks is ook in Afrikaans vertaal, waaronder *Die vaart van die dagbreker* (2015), *Die silwer stoel* (2015) en *Die laaste geveg* (2015).

R. McGeddon se *Disaster diaries*-reeks is in Afrikaans vertaal as *Wat 'n ramp!*, met titels soos *Breinslym* (2015), *Nag van die vlieënde piering* (2015) en *Doktor de Goede en die hipno-zirtser* (2015). Hierby kom ook nog Nick Falk se *Dinosaurusstraat*, met titels soos *'n Pterodaktiel steel my huiswerk* (2015) en *Tyrannosaurus in die groentetuin* (2015), Sonja Kaiblinger se *Harry Griesel*-reeks, waaronder *Operasie spookredding* (2016) en *Die spookplaag* (2017) en Chris Riddell se *Juffrou Goth*-reeks, met *Juffrou Goth en die onfeestelike fees* (2018) en *Juffrou Goth en die spookmuis* (2018).

M.G. Leonard se volledige kewertrilogie het ook in Afrikaans verskyn as *Kewerknaap* (2017), *Kewerkoningin* (2017) en *Kewerwraak* (2018) en drie reekse is in omnibusvorm uitgegee, naamlik *Pippie Langkous* (2016), *Polleke* (2017) asook *Dinowêreld 1* (2017) en *Dinowêreld 2* (2017).

As kinderboeke sonder illustrasies, verskyn Cathy Hopkins se *Meisies se dinge*-reeks, waaronder *Meisies se dinge & drome* (2010), *Meisies se dinge & sjokolade-verleiding* (2010) en *Meisies se dinge & 'n wegkomkans*, asook Astrid Lindgren se *Baasspeurder Blomkvist*-reeks, met titels soos *Baasspeurder Blomkvist* (2011), *Baasspeurder Blomkvist hier* (2011) en *Baasspeurder Blomkvist in die knyp* (2011). As strokiesprentreeks, verskyn verdere uitgawes van René Goscinny en Albert Uderzo se *Asterix*-reeks in Afrikaans, soos *Asterix die Galliër* (2012), *Asterix en die goue sekel* (2012) en *Asterix en Cleopatra* (2013).

Didaktiese boeke is die tweede gewildste genre in vertaling in die tydperk 2010-2018. Die meerderheid kartonboeke, opwip- en lig-die-flappie-boeke is didakties, soos *Otto se*

verjaardagballon (2010), *Waar's Otto* (2010), *Waar bly jy?* (2010), *Wat eet jy?* (2010), *Die groot drukkies-boek* (2011), *Die groot boude-boek* (2011), *Trek en ontdek: In die woud* (2013), *Trek en ontdek: Op die plaas* (2013), *Die groot eet-boek* (2014), *Die groot baba-boek* (2014), *Wag so 'n bietjie* (2011), *Opwip koekeloer! Speeltyd* (2011), *Opwip koekeloer! Plaas* (2011) en *Watter dier is dié* (2012).

'n Groot getal prentboeke in die tydperk 2010-2018 is ook didakties. Hieronder resorteer leesreëse vir beginnerlesers, soos die *Ek lees self*-reeks oor Wikus, met titels soos *Wikus op die plaas* (2012), *Wikus by die see* (2012) en *Wikus en die seerowers* (2012) asook Else Holmelund Minarik se *Beertjie*-reeks vir beginnerlesers, waaronder *Beertjie* (2013), *Pappa Beer kom huis toe* (2013) en *Beertjie se vriendin* (2013). Ook François Gilson se *Miesemuis*-reeks is vir beginnerlesers. Dit het plakkers voorin wat die leser moet gebruik wanneer woorde in die sin uitgelaat is, soos in *Miesemuis gaan visvang* (2015), *Miesemuis doen houtwerk* (2015) en *Miesemuis in die kombuis* (2015). Selfs die *Smurfies*-reeks is te kry as beginnerleesboeke (met plakkers voorin), soos byvoorbeeld: *Die Smurfies plakkerboek – leer lees: Die smurfpartytjie* (2010) en *Die Smurfies plakkerboek – leer lees: 'n Dag saam met die Smurfies* (2012).

Sylvia vanden Heede se Vos en Haas-boeke is ook vir beginnerlesers bedoel. Dit is unieke beginnerleesboeke: Dit is redelik dik en hoewel dit begin met eenvoudige woorde en kort sinne raak dit, soos die teks vorder, algaande moeiliker sonder dat die leser dit merk. Voorbeelde van dié leesboeke is *Vos en Haas* (2010), *Tot siens Vos en Haas* (2011), *Hallo Vos! Hallo Haas!* (2012) en *Vos en Haas op die eiland* (2012).

In sommige prentboeke word daar ook 'n lessie aan die jong leser oorgedra, daarom word dié prentboeke ook as didakties beskou. Voorbeelde van dié soort prentboeke, is *Nie eens 'n bietjie vuil nie* (2012), *Ouma-Emma-Mamma* (2012), *Die storie van die leeu wat nie kon skryf nie* (2012), *Cowboys kan ook jammer sê* (2012), *Seerowers sê altyd asseblief* (2012), *Prinsesse hou van deel!* (2012) en *Hoekom moet ek dit doen?* (2013).

Sommige didaktiese prentboeke het ten doel om kinders te leer hoe om emosies te hanteer. Trace Moroney se prentboeke is voorbeelde hiervan, soos *Ek voel geliefd* (2016), *Ek voel bang* (2016) en *Ek voel gelukkig* (2016) en so ook Rosie Greening se boeke, byvoorbeeld *Skaap is bang* (2018), *Krokodil is kwaad* (2018), *Seekoei is gelukkig* (2018) en *Eekhoring is hartseer* (2018).

Slegs 'n klein aantal geïllustreerde kinderboeke wat in hierdie tyd vertaal is het 'n didaktiese inslag met 'n lessie om oor te dra, byvoorbeeld *Nils Holgersson se wonderbaarlike reis* (2010), *Die oproep van die kabouters* (2010) en *Die lewe en werke van die kabouters* (2010). Jenny Valentine se *Ek & Bella*-leesreeks is ook geïllustreerde kinderboeke, en so ook Else Homelund Minarik se *Beertjie*-leesreeks.

Avontuurverhale is die derde gewildste genre in vertaling in die tydperk 2010-2018. Talle reeksboeke wat in dié tyd vertaal is, is avontuurverhale, waaronder boeke in die *Agent Alex*-reeks, boeke in die *Moemin*-reeks, boeke in die *Baasspeurder Blomkvist*-reeks, die *Asterix*-reeks, die *Speurder Kwaakofski*-reeks, die *Lillie die heksie*-reeks, die *Lawwe Lalie en die seerowers*-reeks, die *Karel Kameleon*-reeks, die *Hoe om jou draak te tem*-reeks, die *Lulu Bell*-reeks, die *Lotta se lewe*-reeks, die *Dierhotel*-reeks, die *Robbie Ramkat*-reeks, die *Kronieke van Narnia*-reeks, die *Wat 'n ramp!*-reeks, die *Dinosaurusstraat*-reeks, die *Pippie Langkous*-reeks, die *Kewerknaap*-reeks, die *Dinowêreld*-reeks, die *Geheime prinses*-reeks en die *Harry Giesel*-reeks.

Prentebouke in die avontuurgenre sluit in *Vang die monster* (2010), *Seerower avontuur* (2012), *5 minuut-stories: Ahooi, seerowers! en ander stories* (2013), *Die draakjagter* (2013), *My skatkis van avontuurverhale* (2015) en *Avonture in Dinosaurusland* (2015). Geïllustreerde kinderboeke met avontuur as genre sluit in *Vyfminuutstories* (2013), *Avontuurverhale vir seuns* (2013), *Gunstelingstories vir dogters* (2014), *Die rower Hotsenplots* (2014), *Wouter en die eenaardige eilandavontuur* (2014), en *Die groot klein kaptein* (2016). Jan Terlouw se kinderboek sonder illustrasies, *Oorlogswinter* (2015) is, buiten 'n historiese verhaal en 'n bildungsroman, ook 'n avontuurverhaal.

Fantasieë en sprokies is die vierde gewildste genre in vertaling vir hierdie tydperk. Talle van die reeksboeke wat in die tydperk 2010-2018 vertaal is, behoort tot die fantasie-genre, soos Tove Jansson se *Moemin*-boeke, Knister se *Lillie die heksie*-reeks, Cressida Cowell se *Hoe om jou draak te tem*-reeks, Rosie Banks se *Geheime koninkryk*-reeks, Karen King en Angela Hicks se *Sprokieperde*-reeks, C.S. Lewis se *Kronieke van Narnia*-reeks, Astrid Lindgren se *Pippie Langkous*-reeks, M.G. Leonard se *Kewerknaap*-reeks en Holly Webb se *Geheime prinsesse*-reeks.

Alleenstaande fantasieë wat as prentboeke geklassifiseer is, is byvoorbeeld *Oskar en die baie honger draak* (2010), *Die feetjepartytjie* (2012), *Die tier wat kom tee drink het* (2012), *Wildekanisland* (2013), *Laura se ster* (2014) sowel as *Laura se sterrereis* (2014), *Die Vallei van die Windmeulens* (2015), *Die Ruwe Berg* (2015), *Die Reus van der Bees* (2018) en *Die maanblom* (2018). Alleenstaande fantasieë in die geïllustreerde kinderboek subgenre, is onder meer *Nils Holgersson se wonderbaarlike reis* (2010), *Die oproep van die kabouters* (2010) en *Die lewe en werke van kabouters* (2010), *Koning van Katoren* (2010), *Minoes* (2011), *Ottie* (2011), *Joran Noordewind* (2012), *Mimus* (2014), *Pensie spoeg vuur en ander stories* (2014), *Lita in Towerland en ander towerponie-stories* (2014), *Alice se avonture in Wonderland* (2010), *Die GSR* (2016), *Charlie en die sjokoladefabriek* (2016), *Charlie en die groot glashyser* (2016), *James en die reuseperske* (2016), *Marius se merkwaardige medisyne* (2016), *Matilda* (2016), *Die hobbit of Daarheen en weer terug* (2017), *Momo of die vreemde verhaal van die tyddiewe en van die kind wat vir die mense hulle gesteelde tyd weer terugbring het* (2018), *Towenaars van toeka* (2018), *Wiplala* (2018) en *Die eindelose storie* (2018).

Onder sprokies, verskyn daar onder meer *Die mooiste sprokies van Grimm: 'n Keur* (2010), *Klassieke sprokies* (2011), *Hans Christian Andersen-sprokies* (2015) en *Grimm-sprokies* (2015).

Humoristiese boeke is die vyfde gewildste genre in vertaling vir die tydperk 2010-2018. Terwyl sommige reeksboeke humoristies is (byvoorbeeld die *Hoe om jou draak te tem*-reeks, die *Dagboek van 'n wimpy kid*-reeks en die *Asterix*-reeks), is die meerderheid van die humoristiese boeke vir die tydperk 2010-2018 in prentboekformaat, soos *Die trol* (2010), *Die wildewragtigs* (2010), *Prinses Anna of hoe mens 'n held vind* (2010), *'n Hond sal dit beslis nie wees nie* (2010), *Wie het bollie gegooi?* (2011), *Neuskrap is lekker* (2011), *Lawwe hond!* (2011), *Tobie Welgemoed en sy ongewone troetelgoed* (2011), *Sarel die supervark* (2011), *Ek sou graag 'n kind wil opvreet* (2012), *Wat soek jy in ons sprokie?* (2012), *Mamma Lucinda* (2013), *Die groot poefwedstryd* (2013), *Tant Bettie se broekie* (2014), *Die dag toe Louis deur 'n Grop gegryp is* (2014), *Die Goorgomgaai* (2014), *Voordat daar skole was* (2015), *My kat, die mees verspotte kat ter wêreld* (2015), *Met Baas Baba in die hoofrol* (2016) en *Baas Baba se Baas* (2017), *Die boek het my hond ingesluk!* (2016), *Word wakker, Walter* (2017) en *Moenie die boek oopmaak nie* (2017).

Die gewilde Britse skrywers, Roald Dahl en David Walliams, is verantwoordelik vir 'n groot aantal humoristiese boeke in die geïllustreerde kinderboek-subgenre, soos Walliams se boeke *Oupa ontsnap* (2018), *Rotburger* (2015), *Ouma is 'n kroek* (2015), *Mnr Stink* (2016), *Boudebiljoenêr* (2016), *Aaklige Ant Alberta* (2017), *Die tandeterroris* (2017) en *Die middernagbende* (2018). Hierby kom Dahl se *Die GSR* (2016), *Charlie en die sjokoladefabriek* (2016), *Charlie en die groot glashyser* (2016), *Matilda* (2016), *Die Twakke* (2016) en *Fantastiese meneer Vos* (2016).

4.2.2 Innoverende vertalings

Uit die inventaris-analise blyk dit dat vertalings van internasionale herkoms soms innoverend in die Afrikaanse doelkultuursisteem te werk gegaan het deur internasionale tendense en nuwe genres plaaslik bekend te stel.³ Vir die tydperk 1990-2018 is dit naamlik prenteboeke wat in vorm, inhoud of genre vernuwend is (afdeling 4.2.2.1) en kinderfiksie wat deur sowel kinders as volwassenes gelees word. Kinderfiksie wat deur volwassenes gelees word is 'n prominente internasionale tendens sedert ongeveer 2000, en word geklassifiseer as oorgangsliteratuur (afdeling 4.2.2.2). Voorbeelde van hierdie vertalings sal vervolgens aandag geniet.

4.2.2.1 Vernuwende prenteboeke

Volgens Beckett (2012:308) is die prenteboek weens sy aard as tekstuele sowel as visuele narratief 'n uiters veelsydige verskynsel wat dit leen tot eksperimentering deur kunstenaars. (Skrywers, boekontwerpers en illustreerders is almal kunstenaars in eie reg). Sy sê:

The picturebook is an extraordinarily rich field of literary and artistic creation, in which authors, illustrators, painters, sculptors, photographers, graphic artists and designers, printers, and book makers are engaged in exciting experimentations with the text-image relationship. The exploration of new formats, techniques, and media that result from this cross-pollination has made the picturebook an exceptionally vibrant and transformative genre.

Uit die inventaris blyk dit dat hierdie soort vernuwende prenteboeke deur middel van vertalings van internasionale herkoms veral in die tydperk 2010-2018 by Afrikaanse

³ Volgens Even-Zohar (1979:299) is die uitbreiding van 'n repertorium deur die bekendstelling van nuwe elemente 'n aanduiding van 'n innoverende sisteem (sien afdeling 3.2.1.3).

kinderliteratuur gevoeg is. Onder dié boeke tel prentebouke wat met inhoud, uitleg en boekontwerp eksperimenteer (afdeling 4.2.2.1.1), prentebouke wat as kunswerke in die kleiene beskou kan word, en prentebouke wat buiten 'n kindergehoor, ook tot 'n volwasse leesgehoor spreek en as oorgangsprentebouke geklassifiseer kan word (afdeling 4.2.2.1.2), prentebouke wat primêr of uitsluitlik tot 'n volwasse gehoor spreek (afdeling 4.2.2.1.3) en taboe-deurbrekende prentebouke (afdeling 4.2.2.1.4).

4.2.2.1.1 Eksperimentele prentebouke

In hierdie studie is prentebouke as eksperimenteel beskou wanneer daar gespeel word met die vorm van die fisieke boek, met illustrasies in die boek, met die verhouding tussen die teks en illustrasies, of met die besondere verhouding tussen die teks, die illustrasies en die leser. 'n Voorbeeld van 'n eksperimentele prentebouk is *Die boek het my hond ingesluk!* deur Richard Byrne (in Afrikaans vertaal deur Kobus Geldenhuys en in 2016 uitgegee deur Human & Rousseau). In dié boek “gaan stap Bella met haar hond oor die bladsy” (Byrne, 2016), maar haar hond verdwyn in die vou van die middelblad waar die boek gebind is. In Bella se soeke na haar hond, verdwyn ook haar maat Ben, sowel as die hondereddeeenheid, die brandweer en die polisie in die vou – totdat die leser gevra word om die boek op sy sy te draai en te skud, sodat almal wat die boek “ingesluk” het, uitval. Die fokus word hier geplaas op die gebinde boek as 'n voorwerp, en die boek self sowel as die leser tree in die verhaal as karakters op.

In *Die vertakte, verwikkelde, vervlakste storie van die vet klein hondjie* deur Hans Peter Willberg (in Afrikaans vertaal deur Nicol Stassen en in 2012 uitgegee deur Protea Boekhuis) word daar op 'n speelse manier met teksuitleg geëksperimenteer. Die verhaal begin aanvanklik met net een enkele reël, maar vertak dan in twee en later in drie reëls, elkeen met hulle eie illustrasies, sodat die hondjie in elke “storie” ander avonture beleef. Die leser kan dus kies watter verhaallyn om te volg.

Gaap deur Marco Viale (in Afrikaans vertaal deur Nicol Stassen en in 2018 uitgegee deur Protea Boekhuis) is 'n besondere slaaptydstorie. Die doel van dié prentebouk is om kinders te laat gaap – letterlik. Elke kleurvolle volbladillustrasie bevat karakters wat oopmond gaap, die een na die ander, en teen die einde van die boek, kan die leser nie keer om onwillekeurig self ook te gaap nie.

Die hasie wat aan die slaap wou raak deur Carl-Johan Forssén (in Afrikaans vertaal deur Aldré Lategan en in 2015 uitgegee deur Human & Rousseau) is ook 'n unieke slaapydstorie. Die doel van hierdie boek is om kinders met behulp van sielkundige leestegnieke, soos stadiger praat, beklemtoning en fisieke gaap-aksies, aan die slaap te kry. In dié prenteboek is sommige woorde in vetdruk of in skuinsdruk geplaas om vir die voorleser aan te dui watter woorde stadiger uitgespreek of beklemtoon moet word, en daar is selfs aanduidings waar die volwasse voorleser moet gaap. Dit word in 2016 opgevolg deur *Die olifantjie wat aan die slaap wou raak* (in Afrikaans vertaal deur Marietjie Delport en uitgegee deur Human & Rousseau).

Die prenteboek *Andries Anders* deur Miriam Koch (in Afrikaans vertaal deur Nicol Stassen en in 2013 uitgegee deur Protea Boekhuis) handel oor 'n eensame skaap wat nie inpas by die ander skape in sy trop nie. Andries vertrek op 'n simboliese reis op soek na sy identiteit en 'n plek waar hy voel hy hoort, en in pas met die tema, is die boek se vorm ook ongewoon of anders – dit is 'n smal en langwerpige boek wat 'n lang reghoek vorm, en dit is moeilik om te hanteer. Dit word opgevolg in 2016 met *Andries Anders: 'n Reis met die wind* (in Afrikaans vertaal deur Nicol Stassen en uitgegee deur Protea Boekhuis).

Ook die fisieke vorm van Einar Turkowski se prenteboek, *Die Ruwe Berg* (in Afrikaans vertaal deur Nicol Stassen en in 2015 uitgegee deur Protea Boekhuis) weerspieël die tema van die boek: dit vorm 'n lang, regop reghoek wat die Ruwe Berg in die verhaal simboliseer.

Karina Schaaapman se prenteboekreeks, *Die muishuis*, eksperimenteer met illustrasies in prenteboeke. Die illustrasies in dié reeks is in der waarheid foto's van klein handgemaakte materiaalmuise, Sam en Julia. Die muise leef in 'n muishuis waarin alles tot in die fynste besonderhede met die hand gemaak is uit kartondose en papiermaché. Al die binneversierings in die huis is handgemaak uit materiaal wat uit die 1950's, 1960's en 1970's dateer, en elke item in die muishuis (waaronder vadoeke, babadoeke, mandjies, piesangbokse, koekieblieke, koerante, boeke, musiekinstrumente, kunswerke en plakkate – onder meer ook 'n plakkaat van die Beatles – meubels, spieëls, hangligte en dies meer) is met die hand geskep en gefotografeer, spesiaal vir hierdie reeks.⁴ Daar het drie titels in dié prenteboekreeks in Afrikaans verskyn (vertaal deur Shané Kleyn en uitgegee deur

⁴ Meer inligting oor dié projek is te kry by www.themousemansion.com.

Protea Boekhuis), naamlik *Sam en Julia* (2017), *By die kermis* (2017) en *By die teater* (2017).

4.2.2.1.2 Prentebouke wat tot 'n volwasse leesgehoor spreek

Die verskil tussen 'n goeie prentebouk en 'n gemiddelde een is dat 'n goeie prentebouk ook deur volwassenes geniet kan word – dit is 'n boek wat op meer vlakke kan kommunikeer (Piet Grobler, soos aangehaal in Smith, 2004:6).

Prentebouke word dikwels deur ouers of onderwysers aan kinders voorgelees, en het daarom bykans altyd 'n dubbele leesgehoor. Sommige prentebouke is egter gesofistikeerd en meervlakkig, en spreek tot 'n volwasse leesgehoor terwyl dit steeds vir kinders toeganklik is. Dié bouke kan as oorgangsprentebouke beskou word.

Volgens Falconer (2009:4) wys die oorgangsliteratuurverskynsel daarop dat die gehuldigde konsepte van “kindwees” en “volwassewees” in vandag se kontemporêre samelewing al hoe meer soepel, buigbaar en poreus word, sodat kinderliteratuur en volwasse literatuur nader aan mekaar beweeg, of selfs ineenvloei en in mekaar verstrengel raak. Sommige prenteboukskrywers en -illustreerders is ook van mening dat hulle nie noodwendig prentebouke vir 'n kindergehoor skep nie. Soos Beckett (2012:3) dit stel:

In the eyes of many contemporary authors and illustrators, the picturebook is just a narrative form that can address any or all age groups. Authors and illustrators often deny and defy publishers' very age-specific categories of readers. Publishers themselves are questioning these borders and even creating series for all ages. The picturebook is, after all, merely a format.

Dit is byvoorbeeld die mening van die bekende skrywer, Maurice Sendak, wanneer hy sê: “we have created an arbitrary division between adult and children's books that does not exist” (soos aangehaal in Beckett, 2012:3). Dit is ook die mening van die welbekende Suid-Afrikaanse illustreerder, Piet Grobler. Grobler (soos aangehaal in Smith, 2004:6) maak die volgende uitlating: “My manier van stories vertel, is bloot geskik vir kinders, en soos die meeste illustreerders sê ek, as ek 'n boek maak, maak ek dit vir myself en vir die bepaalde teks.”

Oorgangsprenteboeke se inhoud (byvoorbeeld die tema, die vertelstrategie of die verhouding tussen die teks en illustrasies) is dikwels meer uitdagend en/of die illustrasies beweeg nader aan kuns. Franci Greyling verwys na oorgangsprenteboeke as “’n nismark binne ’n nismark”, en sê: “[d]it is boeke wat gewoonlik meer gesofistikeerd is en nie so maklik in ’n bepaalde kategorie inpas nie” (Myburgh, 2016:5).

Sandra Beckett (2012:201) verduidelik die oorgangsprenteboekverskynsel as volg:

The creators of these picturebooks offer their audience an array of reading experiences that range from the simple entertainment of discovering intertextual references and visual jokes through to decoding complex layers of meaning.

Terwyl sommige oorgangsprenteboeke swaarder, meer gesofistikeerde temas het of dalk meervlakkig voorkom, meen Falconer (2009:27) dat oorgangsliteratuur nie noodwendig oor bepaalde kenmerke beskik wat dit soos ’n waterskeiding van ander literatuur onderskei nie. Sy meen oorgangsliteratuur moet nie net benader word deur te vra wat dit *is* nie, maar ook wat dit *doen*, en volgens Falconer (2009:27) doen oorgangsliteratuur die volgende:

In my view, crossover fiction excels at increasing a reader’s awareness of the areas of overlap as well as the differences between children’s and adult fiction. It prompts a reader to interrogate everything that happens in these in-between territories, invites us to measure our difference from the recent past and the speed with which we are hurling towards new concepts of self, of childhood, of aging and dying.

Een prenteboek waarin die fyn simboliek, die verganklikheidsboodskap en die besondere verhouding tussen die teks en illustrasies tot ’n volwasse leesgehoor spreek, is Wolf Erlbruch se *Eend, Dood Tulp* (vertaal deur Amelia de Vaal en in 2009 uitgegee deur Protea Boekhuis). Die dood word in dié boek op ’n besondere manier uitgebeeld: as ’n karakter. Dood agtervolg vir Eend met ’n swart tulp (simbolies van Eend se dood) wat hy agter sy rug hou, vermoedelik sodat Eend dit nie sien nie. Nadat Eend vir Dood raaksien, word hulle bevriend en die swart tulp verdwyn, om eers weer te verskyn met Eend se dood aan die einde van die verhaal. In die vriendskap wat daar tussen dié twee karakters ontwikkel, word die dood personifiseer: “Dood glimlag net vriendelik. Eintlik is hy gaaf, as mens kan verbykyk by wié hy is – regtig heel gaaf” (Erlbruch, 2009) en die tyd wat Eend en Dood saam spandeer, is sprekend van Eend se agteruitgang in die dae voor sy dood: “Die volgende paar weke gaan Eend al hoe minder dam toe. Die meeste van die tyd sit hy en Dood êrens

in die gras en praat nie juis nie” (Erlbruch, 2009). Dié prenteboek is karig geïllustreer – dis meestal net Eend en Dood teen ’n spierwit agtergrond, en die illustrasies is ook nie kleurvol soos dit dikwels die geval is in ’n prenteboek nie – dit skep eerder ’n strakheid wat bydra tot die verganklikheidsboodskap van die boek. Eend is roomwit met ’n liggeel snawel en pote, en Dood word uitgebeeld as ’n glimlaggende roomwit kopbeen in ’n geruite roomwit-en-swart jurk met swart skoene.

Die meervlakkige illustrasies in Leen van den Berg en Kaatje Vermeire se prenteboek, *Olifant se vraag* (in Afrikaans vertaal deur Shané Kleyn en in 2016 uitgegee deur Protea Boekhuis) asook die besondere tema van dié boek, naamlik die liefde, spreek ook tot volwasse lesers. Kaatje Vermeire se illustrasies skep ’n collage van tegnieke, style en kleure – van fyn en gedempte potloodsketse tot helder verfwerk en kleurvolle pensketse – en die effek is een van ’n bisarre samevoeging van karakters in ’n fantastiese en ietwat surrealistiese droomlandskap. In die verhaal roep Olifant almal byeen om te vra: “Hoe weet jy dat jy lief is vir iemand?” (Van den Berg, 2016), waarop elke karakter ’n besondere antwoord het:

“Ek sal die eerste keer dat ek haar gesien het nooit vergeet nie,” sê die muis. “Ek het so groot en so sterk soos ’n olifant gevoel. Ek het nog nooit voorheen so gevoel nie.” “As ek my prins soen,” sê Sneeuwitjie, “vergeet ek van al die narigheid: bose stiefma’s, bakleiery, suur appels ... Ek weet nie hoe dit werk nie. Dis wat liefde aan jou doen, dink ek.” “As ek moeg is,” sug die son, “neem die maan by my oor, die liewe ding.” “Ons smelt vir mekaar,” koer die sneeuvlökkies. Almal kan sien dat hulle die waarheid praat, want onder hul bankie lê ’n plassie water.

Die bykans futuristiese fantasie-element en fyn verweefde simboliek in Noelia Blanco se prenteboekverhaal, *Die Vallei van die Windmeulens* (vertaal deur Nicol Stassen en in 2015 uitgegee deur Protea Boekhuis) spreek ook tot ’n volwasse leesgehoor. Dit vertel van die Volmaakte Masjiene wat mense se lewens oorgeneem het:

In die Vallei van die Windmeulens het die mans, vroue en kinders soos al die ander mans, vroue en kinders in die wêreld geleef. Tot die dag wat die Volmaakte Masjiene opgedaag het. Danksy die Volmaakte Masjiene was alles van daardie dag af volmaak. Dit was slegs nodig om ’n knoppie te druk om ’n volmaakte oomblik te beleef ... om die volmaakte nagereg te eet ... om die allerbeste vriend te hê. Dit was nie meer nodig om op ’n verskietende ster te wag om ’n wens te wens of ’n droom

te droom nie. Die mense van die Vallei van die Windmeulens het gewoon opgehou om te droom (Blanco, 2015).

Toe die mense in die verhaal ophou droom, het die wind wat die windmeulens draai, opgehou waai. In ons tyd waarin televisie, sosiale media (soos Twitter, Facebook en Instagram), die internet en elektroniese tegnologie die hoogty vier en mense daardeur van mekaar en van realiteit afgestomp word, is dié prenteboek op jonk en oud van toepassing. Uiteindelik het die Voëlman – ’n bisarre figuur met ’n lang papiersnawel en -vlerke – die mense van die vallei laat beseef dat die masjiene hulle afgestomp en van hulle drome ontnem het.

Daardie dag is ’n groot fees in die vallei gehou. Al die inwoners van die Vallei van die Windmeulens het op die dorpsplein bymekaargekom om die terugkeer van die wind te vier. En hoog in die hemel bokant hulle het ’n reusagtige voël rondgevlieg. Anna het geglimlag, want sy het geweet dit is die Voëlman wat in die wolke met die vlerke van sy drome dans (Blanco, 2015).

Agnès de Lestrade se *Die land van die groot woordfabriek* (in Afrikaans vertaal deur Nicol Stassen en in 2015 uitgegee deur Protea Boekhuis) spreek eweneens tot ’n volwasse leesgehoor, hoewel dit ook vir kinderlesers toeganklik is. Dié prenteboek is ’n fantasieverhaal in die klein. Dit vertel van ’n land waarin mense byna nooit praat nie – alle woorde in dié land word deur ’n groot woordfabriek vervaardig en voordat mense kan praat, moet hulle die woorde wat hulle wil sê, koop en insluk: “Daar is woorde wat onbetaalbaar is. ’n Mens spreek hulle nie dikwels uit nie behalwe as jy baie ryk is” (De Lestrade, 2015). Daarom soek arm mense in dié land deur asblikke vir woorde wat weggegooi is: “Maar die weggegooide woorde is nie baie interessant nie: Daar is flou grappies, skinderpraatjies en ouvroustories” (De Lestrade, 2015). Die illustrasies in hierdie verhaal dra by tot die besondere simboliek: Die fabriek besoedel die lug met vuil letters en mense se finansiële status word deur hulle kleredrag uitgebeeld. Ryker mense se klere is swart en wit met gedrukte woorde op; armer mense dra rooi en wit klere met strepe op of illustrasies wat lyk soos potloodsketse wat deur ’n kind geteken is. *Die land van die groot woordfabriek* is eintlik ’n liefdesverhaal wat in ’n fantasiewêreld afspeel. Dit vertel van Daniel se liefde vir Hanli en hoe hy graag vir haar wil sê dat hy van haar hou, maar nie die woorde kan bekostig nie. Die verhaal is simbolies en meervlakkig en kan op meer as een manier geïnterpreteer word.

Die illustrasies in Anthony Browne se *Willie die dromer* (in Afrikaans vertaal deur Shané Kleyn en in 2012 uitgegee deur Protea Boekhuis) bevat talle intertekstuele verwysings na beroemde kunstenaars en skrywers se werke. Die verhaal handel eintlik oor Willie, 'n sjimpansee, wat aan die slaap raak en droom. Terwyl kinderlesers dit sal geniet om te soek waar en hoeveel piesangs daar in elke illustrasie weggesteek is, sal volwasse lesers hulle kan verkneukel aan die manier waarop Browne in sy illustrasies speels verwys na die kunswerke van beroemde kunstenaars, soos Vincent van Gogh, Henri Rousseau en Salvador Dali, asook na karakters van beroemde skrywers, soos Lewis Carroll se *Die avonture van Alice in Wonderland*, Maurice Sendak se *Wildekanieland* en Hans Christian Andersen se sprokies, *Die klein meermin* en *Die standvastige bliksoldaatjie*. Hierdie boek (Browne, 2012) open reeds op die titelbaldsy met 'n intertekstuele verwysing na René Magritte se kunswerk *Ceci n'est pas une pipe* in 'n illustrasie van 'n swart bord met sketse daarop van 'n gorilla se kop (met die onderskrif "Boot"), 'n blou hardebandboek (met die onderskrif "Skoen"), 'n pienk enkelsitplekgemakstoel (met die onderskrif "Vlag") en 'n geel piesang (met die onderskrif "Piesang" – die enigste item wat die korrekte onderskrif het) (sien ook Beckett, 2012:192-193).

Ook Gilles Bachelet se *My kat, die mees verspotte kat ter wêreld*, in Afrikaans vertaal deur Nicol Stassen en in 2015 uitgegee deur Protea Boekhuis, verwys intertekstueel na beroemde kunstenaars in die illustrasies. In dié humoristiese prenteboek blyk die kat waarna die outeur verwys, in der waarheid 'n olifant te wees. Die "kat" se eienaar ('n volwasse man en duidelik 'n kunstenaar) is egter vas oortuig dat hy wel 'n kat het, en nie 'n olifant nie. Soos hy dit stel: "Een van my maats het onlangs vir my 'n boek oor katte gegee. Ek kon egter nog nie presies vasstel watter soort kat ek het nie" (Bachelet, 2015). Wanneer die man sy kat probeer skilder, verwys sy kunswerke intertekstueel na die werke van verskeie bekende kunstenaars, onder meer Pablo Picasso, Sandro Boticelli, Paul Cézanne en Édouard Manet. Op 'n staankassie in die vertrek lê daar ook boeke oor Magritte, Norman Rockwell, Ekspressionisme, Kubisme en 'n boek deur Jean de Brunhoff (laasgenoemde moontlik 'n intertekstuele verwysing na de Brunhoff se bekende olifantkarakter, Babar). Die prenteboek as geheel is moontlik ook 'n kopknik na Magritte se bekende kunswerk *Ceci n'est pas une pipe*, aangesien die "kat" in dié boek, inderwaarheid nie 'n kat is nie (sien ook Beckett, 2012:192-193).

Prenteboeke waarin die illustrasies in alle erns na kuns neig, is Einar Turkowski se prenteboeke *Die maanblom* (in Afrikaans vertaal deur Rentia Bartlett-Möhl en in 2018

uitgegee deur Protea Boekhuis) en *Die Ruwe Berg* (vertaal deur Nicol Stassen en in 2015 uitgegee deur Protea Boekhuis). Die fyn, gedetailleerde swart-en-wit-potloodsketse het 'n sterk surrealistiese inslag en skep 'n fantastiese, byna magiese droomatmosfeer. Agterin *Die maanblom* word daar oor Turkowski se illustrasietegniek uitgewy:

Einar Turkowski se potloodtegniek behels uiterste nougesetheid, wat meer is as net 'n presiese afbeelding of sorgsame uitvoering. Soos in die werk van enkele groot Surrealiste vorm die natuurgetroue besonderhede die boustene vir die dromerige atmosfeer. Turkowski vul sketsboek ná sketsboek met natuurlike vorms wat hy verder ontwikkel, of met vinnige gewaarwordinge wat hy tot indrukwekkende miniature herskep. In sy sketsboeke versamel hy ook koddige en oordrewe idees en gedagtes wat raak aan die fantastiese (Turkowski, 2018).

Hierdie prenteboeke spreek deur middel van die fyn gedetailleerde, kunssinnige en fantastiese illustrasies tot sowel 'n kinder- as 'n volwasse leesgehoor. Hier klink Johan Myburgh (2016:5) se woorde wanneer hy sê:

Dit is dié soort illustrasies wat vir die leser, groot of klein, wil wys dat die wêreld van prenteboeke wyd, kreatief, dikwels uitdagend en veelsydig is. Dit is dié soort boek wat die connoisseur se oog onmiddellik tref: 'n Kunswerk wat met groot sorg en noukeurigheid geskep is, betowerend is en desnoods 'n versamelstuk is.

Dit is egter nie net die illustrasies wat van dié twee prenteboeke oorgangsliteratuur maak nie – ook die inhoud is meervlakkig en gesofistikeerd. *Die maanblom* word op die voorblad beskryf as 'n fantasie. Dit is 'n poëtiese verhaal oor 'n man, meneer Ribblestone, wat alleen maar tevrede op 'n eiland woon en dan op 'n dag 'n onbekende soort blom in sy tuin ontdek, waarvoor hy begin sorg. Die interteks met Antoine de Saint-Exupéry se *Le petit prince* is opmerklik. Meneer Ribblestone verwys na die blom in vroulike vorm, hy sorg vir haar so goed hy kan, en sy word uiteindelik vir hom 'n vorm van geselskap.

Meneer Ribblestone verwyd baie tyd in sy tuin so in die somerlug. 'n Titseltjie water hier, 'n bietjie nuwe grond daar, en elke tweede dag 'n groot erdwurm om die grond los te maak ... alles goed wat maak dat die plantjie dag vir dag 'n entjie verder groei. Hy praat ook gereeld met haar, vertel haar van vreemde kruie uit verre lande, en saans voor sonsondergang lees hy vir haar voor uit sy gunstelingboek, waarna hy haar bevry van 'n dun stoflagie wat in die loop van die dag op haar sagte blaartjies versamel het (Turkowski, 2018).

Terwyl meneer Ribblestone alles in sy vermoë doen dat die blom se blare oopgaan en niks vermag nie, gaan die blom wel een volmaannag oop – en van toe af blom sy elke maand in die volmaan. Hierdie verhaal is simbolies en meervlakkig en kan op verskillende maniere deur 'n kinder- of volwasse leesgehoor geïnterpreteer word.

Ook Turkowski se *Die Ruwe Berg* het 'n onkonvensionele boodskap: Die verhaal maak gebruik van simboliek om die skryfproses te verbeeld as 'n man se uittoeg teen 'n magiese berg.

Ontelbare gevare bedreig elkeen wat dit waag om teen die berg uit te klim. Sy hange, omring deur skemerige plekke, het 'n slegte invloed op almal wat naby hom kom. Uiteindelik verander die berg elkeen wat daar was – bietjie vir bietjie, maar beslis. Sommige mense wat terugkeer, praat daarna deurmekaar, ander word heeltemal stom. Daar is mense wat lank ná hulle wedervaringe met die berg nog merkwaardige dinge sien. En hulle kry dikwels 'n behoefte om self merkwaardige dinge te doen. Dit is die stories wat van die Ruwe Berg vertel word (Turkowski, 2015).

Nie net simboliek nie, maar ook humor in prenteboeke kan tot 'n volwasse leesgehoor spreek. Marla Frazee se *Baas Baba in die hoofrol* (vertaal deur Amelia de Vaal en in 2016 uitgegee deur Protea Boekhuis) is 'n skreeusnaakse prenteboek. Die humor in dié prenteboek spruit uit die feit dat Baas Baba in 'n pak met 'n das in 'n taxi en met 'n klein aktetassie by sy ouerhuis opdaag – slaggereed om hulle lewens oor te neem.

Vanaf die oomblik toe die baba daar aankom ... is dit duidelik: Hy's die baas. Eers sit hy vir Ma en Pa op 'n vier-en-twintig-uur-werkprogram sonder enige aftyd. Toe rig hy sy kantoor in, reg in die middel van die huis. Hy is veeleisend. Baie, baie veeleisend. En hy is puntenerig. As dinge nie dadelik presies na sy sin gedoen word nie, is hy buite homself (Frazee, 2016).

Menige ouer sal met dié boek identifiseer. Die humor in die teks word uitstekend deur die illustrasies aangevul, soos in die byvoordele wat Baas Baba ontvang omdat hy die baas is: die spa (geïllustreer as badtyd), die ontwerpersgimnasium ('n eenvoudige optrektoestel waaraan die baba kan vasgryp en leer om homself regop te trek), drankies wat op bestelling bedien word (talle bababottels, die een na die ander) en sy privaatvliegtuig ('n babaskopswaai in die styl van 'n vliegtuig).

Ook die humor in Vincent Malone en André Bouchard se prentboeke *Voordat daar skole was* (vertaal deur Nicol Stassen in in 2015 uitgegee deur Protea Boekhuis) en *Toe pappa klein was, was daar dinosourusse* (vertaal deur Nicol Stassen en in 2015 uitgegee deur Protea Boekhuis) spreek tot 'n volwasse leesgehoor. Die humor spruit uit die besondere verhouding tussen die illustrasies, wat in albei boeke oermense weergee, en die teks, wat kwinkslae bevat soos: “Toe pappa klein was, was pelsonderbroeke vir almal in die mode” (Malone, 2015a) en “Voordat daar skole was, was dit moeilik om die regte voet voor te sit, want mense het nie geweet van links en regs nie” (Malone, 2015b).

4.2.2.1.3 Prentboeke vir volwassenes

The wind whispers soft through the grass, hun, the field mice – they make not a peep, it's been 38 minutes already, Jesus Christ, what the fuck? Go to sleep (Mansbach, 2011a).

Terwyl oorgangsprentboeke steeds vir 'n kindergehoor toeganklik is, gaan Adam Mansbach se boek, *Go the fuck to sleep*, nóg verder. Dit word amptelik beskou as 'n kinderboek vir volwassenes, of 'n prentboek vir ouers. In Afrikaans vertaal deur Cas Vos as *Fokken gaan slaap* en in 2011 uitgegee deur Penguin Books Suid-Afrika, is dit 'n eerste in Afrikaans.

Bogenoemde sitaat in die Afrikaanse *Fokken gaan slaap* lui as volg:

Die wind fluister deur die gras, soetlief. Die veldmuise skuil piepstil by die wal. Agt en dertig minute is reeds verby. Ag, fokkert! Kyk hoe laat is dit al (Mansbach, 2011b).

Elmarie Rautenbach (2011:14) beskryf dié boek as 'n “uitgewersfenomeen” en “'n slaapydboek vir moeë ouers”. Dit bevat volkleurillustrasies en is in rymvorm geskryf, daarom lyk dit op die oog af soos 'n prentboek vir kinders. Die laaste versreël van elke strofe wyk egter telkens profaan af. Op die Afrikaanse flapteks word die boek as volg beskryf:

Fokken gaan slaap is 'n slaapydboek vir ouers wat in die werklikheid leef, waar 'n paar slapende katjies en oulike rympies nie altyd 'n kleinding geluksalig droomland toe stuur nie. Profaan, liefderik en radikaal eerlik, vertolk dit die bekende – en onuitgesproke – beproewings om jou klein engeltjie aan die slaap te kry. *Fokken gaan slaap* is skitterend, revolusionêr en bitter snaaks – 'n boek vir nuwe, ou en

toekomstige ouers. Maar jy moet dit dalk liever nie vir jou kinders lees nie!
(Mansbach, 2011b).

Mansbach se boek, *Go the fuck to sleep*, was 'n topverkoper in Amerika. In 'n aanlyn-resensie van *Go the fuck to sleep* deur Alexis Dubief (2011), verklaar die resensent:

One reviewer on Amazon had this to say: "No child should ever have to listen to this story, I would never read this to children." Hear hear. But I would send this to a friend. Because sometimes you need a good laugh. And to know you aren't alone.

Beckett (2012:14-15) meen dat sommige kinderboeke, waaronder dalk ook dié een van Mansbach, op 'n interessante nuwe manier gekommodifiseer word deurdat dit byna as 'n soort Hallmark-kaartjie dien wat as 'n geskenk aan iemand gegee word. Dié boek is die ideale geskenk vir 'n verwagterende of 'n nuwe ouer. Deur vertaling is ook hierdie internasionale tendens na die Afrikaanse literêre sisteem gebring. (Die opvolg, *You have to fucking eat* (2014), is nog nie in Afrikaans vertaal nie.)

4.2.2.1.4 Taboe-deurbrekende prenteboeke

"Neuskrap is lekker," sê Olifant. En Muis, die buurkind, stem saam. Net Padda mag dit nie doen nie, want sy ma sê so. Daarom gaan Padda na Olifant en Muis en vra: "Weet julle hoekom neuskrap verbode is?" "Geen idee nie," sê Olifant. "Ek weet ook nie," sê Muis. "Kom ons gaan vind uit," roep Padda. "Ons vra dadelik my ma!" (Kulot, 2011).

Die tema van Daniela Kulot se prenteboek, *Nasebohren ist schön*, is deur sommige volwasse lesers bevraagteken toe dit vir die eerste keer in Afrikaans vertaal en in 1997 deur Human & Rousseau gepubliseer is as *Neusboor is lekker* (sien Eiselen, 2005:144). Dié boek het egter so goed verkoop dat Protea Boekhuis in 2011 'n tweede Afrikaanse uitgawe uitgebring het: *Neuskrap is lekker*, uit die Duits vertaal deur Nicol Stassen.

Sedert die 1990's het vertaalde prenteboeke van internasionale herkoms daartoe bygedra dat lankstaande taboes in Afrikaanse kinderliteratuur getoets, uitgedaag en deurbreek is. Dit is veral gedoen deur middel van humor.

Volgens Lessing-Venter (2019:341) is daar 'n paar soorte humor wat veral aanklank vind by kinders. Dit is naamlik oordrywing, teenstrydigheid, verrassing, verspotheid, die

absurde, menslike penarie, bespotting, uitdaging, geweld, verbale humor en skatologiese humor. In die tydperk van ondersoek (1990-2018) het humor geleidelik 'n meer prominente plek in vertaalde prenteboeke van internasionale herkoms verteenwoordig en dit is opmerklik hoeveel prenteboeke in dié tydperk van veral skatologiese humor of toilethumor gebruik maak – iets wat in die verlede (en steeds deur sommige mense) as 'n taboe in Afrikaanse kinderliteratuur beskou is.

Werner Holzwarth se *Die storie van die mollietjie wat wou weet wie op sy kop gedinges het* (2002 deur Human & Rousseau) was 'n baanbreker op die gebied. In hierdie verhaal steek Mol sy kop uit sy gat om te kyk of die son al opgekom het, net toe iemand op sy kop poef. Mol is briesend en gaan op soek na wie vir die poef op sy kop verantwoordelik is. In sy soektog gaan hy by verskeie diere om, onder meer Duif, Perd, Haas, Bok, Koei en Vark, wat elkeen verklaar dat dit nie hulle was nie, want hulle poef lyk anders – waarop hulle dan ook vir Mol demonstreer hóé hulle poef lyk. Uiteindelik vind Mol uit dat dit Hond was. Mol poef dan op Hond se kop en kruip terug by sy molsgat in.

In *Die wildewragtigs* van Manuela Olten (in Afrikaans vertaal deur Daniel Hugo en in 2010 uitgegee deur Protea Boekhuis) spot twee seuns met meisies, want: “Meisies is so vervelig! Hulle speel heeldag met hulle poppe! En trek hulle heeldag aan en uit aan en uit aan en uit aan en uit ...” (Olten, 2010). Terwyl hulle spot, draai hulle om en trek hulle broeke af om hulle kaal boude te wys. Hulle meen ook meisies is bang vir spoke, slaap met hulle teddiebere en piepie in hulle nagrokke, wat geïllustreer word as 'n grootoogmeisie met boksterte in 'n pienk nagrok waarvan daar 'n goudgeel straal tussen haar bene val en 'n plassie tussen haar voete vorm. Teen die einde van die boek lê al drie kinders egter saam in die bed, die seuns weerskante van die meisie, en terwyl die meisie al vas slaap, lê albei seuns nog grootoog wakker, omring deur hulle teddiebere. Die humor in dié prenteboek word geskep deur middel van toilethumor, asook bespotting en verrassing wanneer dit uiteindelik blyk dat die seuns die bangbroeke is.

Hierop volg daar nog talle boeke wat gebruik maak van skatologiese humor, soos Ben Redlich se *Wie het bollie gegeooi?* (2011, Topline Distributors), Guido van Genechten se *Mag ek in jou doek loer?* (2012, Human & Rousseau), *Die groot poefwedstryd* (2013, Protea Boekhuis) en die mees onlangse, Tom Fletcher en Dougie Poynter se *Dino poef 'n planeet* (2018, Human & Rousseau).

Taboes wat oorskry word, hang eintlik saam met die vervaging van grense tussen kind- en volwasse literatuur en weerspieël veranderinge in die konsep van “kindwees” wat in ’n kultuur gehuldig word. Hierdie konsep bepaal of die kind in kinderliteratuur beskerm word teen die ewels van die wêreld, of daaraan blootgestel word, en soos Beckett (2009:260) dit stel: “Today’s children’s authors do not hesitate to represent a more pessimistic view of the world.”

Volgens Beckett (2009:262) word die temas wat kinderboekouteurs aanraak toenemend donkerder, en figureer geweld en selfs die dood toenemend in kinderboeke. Terwyl die dood ’n lankstaande taboe in kinderliteratuur was, is talle vertaalde prentebouke waarin die dood ter sprake kom ná 1990 in Afrikaans uitgegee. Een voorbeeld is Max Velthuis se *Padda en die voëlgesang* waarvan die heel eerste Afrikaanse uitgawe in 1993 deur Garamond Uitgewers verskyn het, met ’n tweede Afrikaanse druk deur Protea Boekhuis in 2018. Ander voorbeelde is Wolf Erlbruch se *Eend, Dood, Tulp* (2009, Protea Boekhuis), Tine Mortier se *Martie en haar ouma* (2013, Protea Boekhuis), Jutta Bauer se *Oupa se engel* (2013, Protea Boekhuis) en Benji Davies se *Oupa se eiland* (2017, Protea Boekhuis). *Mamma Lucinda* deur Koen van Biesen (in 2013 uitgegee deur Protea Boekhuis) is die heel eerste gotiese of gruwelprentebouk wat in Afrikaans vertaal is:

Maar ons huis is heeltemal anders: leë gange, kerse en orrelmusiek, trappe wat kraak selfs as jy niemand sien nie. Dit is koud hier en kil. Om middernag klink daar ’n angswekkende gil. En wat die butler betref, die butler is nooit vaak nie, jy weet nooit wat hy agter jou rug gaan maak nie. Sien jy hom wel, sal jou hart woes klop, want daar is ’n yslike byl in sy kop (Van Biesen, 2013).

Dié prentebouk maak deurgaans gebruik van swart humor en terwyl geweld teen kinders geensins in dié prentebouk figureer nie, verdwyn een van die storieverteller (Mamma Lucinda se dogter) se maatjies, waarna die gesin heerlik aan stukkerige sop weglê:

In die huis van Mamma Lucinda kom geen maatjies meer op besoek. Vroeër was hier ’n outjie – hy’t gewoon net hier om die hoek – ons het heeldag wegkruipertjie gespeel, maar toe raak hy ’n bietjie seek. Het hy in die kombuis ingegaan om weg te kruip? Miskien. In elk geval het ek hom nooit weer gesien. Maar ek onthou dat die sop wat die butler daardie aand gemaak het so besonder lekker gesmaak het! ’n Heerlike sop was dit met lekker brokkies en stukkies. Hier is die kombuis, maar pas op, want daar gebeur wel soms ... ongelukkies (Van Biesen, 2013).

4.2.2.2 Vernuwende fiksie: kid(d)ult- of oorgangsliteratuur

Kinderliteratuur is nog altyd deur volwassenes gelees. Omdat volwassenes as bemiddelaars optree tussen kinders en hulle literatuur deur boeke aan te koop en/of boeke aan kinders voor te lees, publiseer uitgewers reeds sedert die vroegste tye boeke wat sowel 'n volwasse as kindergehoor aantrek (sien ook afdeling 1.3.2.1). Kinderboeke wat literêre toekennings ontvang, is ook dikwels boeke wat tot 'n volwasse leesgehoor spreek, aangesien toekennings meestal deur volwasse beoordelaars bepaal word. Net so is kanonieke kinderboeke dikwels boeke wat tot sowel volwassenes as kinders spreek (sien Beckett, 2009:85).

Die oorweldigende sukses van J.K. Rowling se *Harry Potter*-reeks as 'n oorgangsboek wat deur sowel kinders as volwassenes gelees is, het egter gelei tot 'n vernuwing in onder meer die Britse kinderliteratuursisteem: Kinderliteratuur het skielik deel geword van hoofstroom populêre fiksie.

Nine years ago, my sister handed me a paperback she had picked up in an airport shop on her way to India. It was a gloomy-looking book, with a black and white photo of a steam train approaching through the fog on the cover. Cutting across the top of the photo was a lurid strip of orange backing, a half-legible title, and in the middle, an author's name I didn't know: J.K. Rowling. I began to read the novel and by page three, I was hooked. I had become the child-reader I once was: voracious, oblivious to time, suspended by words in an attic room of excitement, fun, friendship and bravery. It was 1998, and my sister had handed me a copy of the first adult edition of *Harry Potter and the Philosopher's Stone*, which came out a year after its publication for children. Across the globe other readers, children and adults, were discovering Harry Potter and becoming hooked in their own ways. In Britain and elsewhere, there followed an extraordinary period in which children's literature exploded into the mainstream of popular and literary culture. Suddenly everyone was talking about children's books, and not just Harry Potter, not just fantasy, but children's fiction in all its variety and invention (Falconer, 2009:1).

Hoewel oorgangsliteratuur allermens 'n nuwe verskynsel is (sommige kinderboeke is al sedert die ontstaan van 'n afsonderlike literêre sisteem vir kinders deur volwassenes ook gelees, byvoorbeeld die fabels van Jean de La Fontaine en Esopus, Lewis Carroll se *Alice's adventures in Wonderland* (1865) en Antoine de Saint-Exupéry se *Le petit prince* (1943) om net 'n paar te noem), het die gewildheid van die *Harry Potter*-reeks oorgangsliteratuur weer ferm onder die kollig geplaas. Soos Falconer (2009:15) dit stel: "But unquestionably,

what kick-started the millennial crossover phenomenon was the unforeseen popularity of J.K. Rowling's Harry Potter series with adult readers."

Die Afrikaanse kinderboekskrywer en eertydse redakteur van kinderboeke by Human & Rousseau, Carina Diedericks-Hugo, verwys ook na 'n "opwindende oplewing" in "die internasionale kinder- en jeugboekmark" en sê:

Werke soos J.K. Rowling se *Harry Potter*-reeks en Philip Pullman se *His Dark Materials*-trilogie is internasionale topverkopers. Hollywood ding om die filmregte mee, en vertalers staan gereed. Die boeke word deur kinders, tieners én jong volwassenes geniet, sodat nou van 'n *kidult*-literatuur gepraat word (Diedericks-Hugo, 2003:7).

Volgens Beckett (2009:14) het die oorgangsliteratuurverskynsel in Brittanje die status van kinderliteratuur in die Britse literêre sisteem verhef. Skrywers wat in die verlede net vir volwassenes geskryf het, het hulle hand begin waag aan kinderliteratuur, en kinderboeke het selfs begin meeding om pryse wat in die verlede slegs aan boeke vir volwassenes toegeken is.

Commenting, in 2002, on the sudden rise in adult authors writing young adult fiction, Lois Lowry, two-time winner of the Newbery Medal, said: "In the past, there's been an attitude that writing for children is a lesser art. So for these highly respected authors to be taking it up *may* indicate that that attitude is changing." If there was still some doubt about the attitude shift in 2002, it has been clearly erased in the ensuing years. In 2003, kidult fiction was so fashionable and lucrative that Britain's trendy *Jack* magazine published an article titled "Should I Quit My Job and Pursue a Career Writing Children's Books for Adults?" (Beckett, 2009:14).

Aanvanklik is die term "kiddult"- of "kidult"-literatuur geskep om te verwys na die talle kinderboeke, waaronder die *Harry Potter*-reeks, wat sedert die einde van die 1990's ook deur volwassenes gelees is. Dié woord het egter negatiewe konnotasies gehad, en is geassosieer met kinderlike volwassenes oftewel "unthinking adults" wat as't ware agteruit beweeg het van volwasse literatuur na kinderliteratuur (Falconer, 2009:3). Die term "oorgangsliteratuur" is meer neutraal en ook heelwat meer inklusief: dit verwys nie net na kinderboeke wat deur volwassenes gelees word nie, maar ook na volwasse literatuur wat geredelik deur kinders gelees word, en dit wys ook pertinent op die grens wat vervaag tussen kinder- en volwasse literatuur, soos Beckett (2009:3) dit stel:

Crossover fiction blurs the borderline between two traditionally separate readerships: children and adults. However, crossover texts do not necessarily address a dual audience of children and adults. Some may even seem to target a single audience of hybrid adult-child readers. In fact, crossover literature addresses a diverse, cross-generational audience that can include readers of all ages: children, adolescents, and adults.

In die tydperke 2000-2009 en 2010-2018 is talle boeke uit die oorgangsliteratuurgenre in Afrikaans vertaal. In die konteks van hierdie studie, is dit egter belangrik om te noem dat, terwyl 'n bronteks in 'n bronkultuur 'n oorgangsgehoor kan trek, die vertaling of doelteks nie noodwendig in die doelkultuur 'n oorgangsgehoor sal hê of op 'n oorgangsgehoor gerig sal wees nie, hoewel dit 'n moontlikheid is. Die uitgewer van die doelteks in die doelkultuur kan moontlik besluit om 'n oorgangsgehoor as't ware "uit te skryf" en die teks slegs op 'n kindergehoor te rig, of die elemente in die bronteks wat tot 'n oorgangsgehoor spreek, soos kultuurspesifieke intertekstuele verwysings, kan dalk in die vertaling verlore gaan (veral humor is moeilik om te vertaal). Aangesien dié studie slegs ten doel het om 'n breë oorsig gee oor *wat* geselekteer is vir vertaling in Afrikaans vir die tydperk 1990-2018, sal vertalings voorts genoem word waarvan die brontekste in die bronkultuur as oorgangsfiksie beskou word.

Soos in die geval met J.K. Rowling se *Harry Potter*-reeks wat in Afrikaans vertaal is in die tydperk 2000-2007 (uitgegee deur Human & Rousseau), is dit meestal oorgangsfiksie wat tot die fantasiegenre behoort wat in Afrikaans vertaal is, byvoorbeeld C.S. Lewis se *Narnia*-reeks, J.R.R. Tolkien se *Die hobbit* (2017, Protea Boekhuis), Lili Thal se *Mimus* (2014, Protea Boekhuis) en *Joran Noordewind* (2012, Protea Boekhuis), Michael Ende se *Momo* (2018, Protea Boekhuis) asook *Die eindelose storie* (2018, Protea Boekhuis). Eoin Colfer se *Artemis Fowl* (2002, Human & Rousseau) en Lemony Snicket se *'n Reeks ongelukkige gebeure* (2004, Human & Rousseau) word ook as oorgangsliteratuur beskou.

Hoewel fantasie die oorgangsliteratuurgenre domineer, is dit nie net fantasieverhale wat 'n oorgangsgehoor trek nie. Chris Riddell se *Goth girl*-reeks (waarvan twee boeke in 2018 deur Protea Boekhuis in Afrikaans vertaal is, naamlik *Juffrou Goth en die spookmuis* en *Juffrou Goth en die onfeestelike fees*), spreek deur intertekstuele verwysings en skerp humor ook tot 'n volwasse leesgehoor.

Riddell is 'n spotprenttekenaar en maak dikwels gebruik van parodie vir 'n humoristiese effek in sy *Goth girl*-reeks. 'n Aanlynresensie deur Josh Lacey (2014) in *The Guardian* lui:

Unwary browsers might think that the heroine of Chris Riddell's new novel, shortlisted for the Costa book award, is a fan of Joy Division and the Cure. The cover of *Goth Girl* glows with purple and silver, the endpapers are splattered with skulls, and Ada Goth has a touch of Siouxsie Sioux. But her story is actually more Northanger Abbey than Bauhaus: it is a wonderfully witty parody of a gothic novel, packed with silly puns, even sillier literary references and, of course, Riddell's drawings (Lacey, 2014).

Lacey (2014) meen ook: "*Goth Girl* may be marketed at tween girls, but will undoubtedly find a very happy readership among adults; I can't imagine a better book to dispel the January blues." In die eerste en tweede boek in die reeks parodieer Riddell die gotiese genre en dryf hy die spot met sowel bekende literêre figure as beroemde Britse glanspersoonlikhede. Die kasteel, die Grommengrysherehuis,⁵ se skoorsteenveër heet Braam Stoker – 'n speelse kopknik na *Dracula* (1897) se outeur, Bram Stoker. Daar is ook regdeur *Juffrou Goth en die spookmuis* voetnote wat deur 'n voet geskryf word. Op die titelbladsy van die boek word daar verklaar: "In hierdie boek is daar voetnote, geskryf deur die afgekapte voet van 'n beroemde skrywer wat die genoemde voet tydens die slag van Baden-Baden-Württemberg-Baden verloor het" (Riddell, 2018a). 'n Parodie van Frankenstein se monster maak dan sy verskyning en doen hom voor as die monster van Mecklenburg (of Die Poolverkenner vir sy vriende). Uit die monster se verhaal en illustrasie is die interteks met Mary Shelly se *Frankenstein* duidelik.⁶ Die voet wat die voetnote skryf, is dan ook sy voet wat weggeraak het – hy verduidelik:

Jy sien, 'n jong student aan die Universiteit van Mecklenburg het my aanmeekaargesit vir sy waansinnige wetenskapprojek ... Hy het my gemaak deur stukkies aanmeekaar te sit wat van die slagveld by Baden-Baden-Württemberg-Baden oorgebly het. Ek het 'n trompetmajoor se bene, 'n grenadier se arms, 'n brigadier se lyf en 'n eersterangse pioniersersant se kop ... Ek is 'n maand lank in 'n vat vol gom gemarineer, en toe het 'n weerligstorm lewe in my geblaas ... Ongelukkig het sake van die begin af skeefgegaan ... 'n Slagter se hond het met my linkervoet weggehardloop en die student was absoluut woedend. Hy was nogal 'n perfeksionis.

⁵ Die Grommengrysherehuis heet in die bronteks die "Ghastly-Gorm Hall". Dit is moontlik 'n intertekstuele verwysing na die Britse outeur, Mervyn Peake, se gotiese *Gormenghast*-trilogie wat bestaan uit *Titus Groan* (1946), *Gormenghast* (1950) en *Titus Alone* (1959).

⁶ Hy ken ook die beroemde romanskryfster "Merrie Skellie".

Hy't gesê hy kan my onmoontlik só vir sy professor wys en toe storm hy weg na sy les. Hy het hom vir my geskaam ... (Riddell, 2018a).

In *Juffrou Goth en die onfeestelike fees* (2018) dryf Riddell die spot met beroemde Britse sjefs en aanbieders van die Britse televisieprogram, *The great British bake off*. In dié boek word daar 'n bakkompetisie by die Grommengrysherehuis aangebied, en van die bakkers wat vir die geleentheid opdaag, is Nigelliena Suikerlepel ('n verwysing na die sjef Nigella Lawson), Gordon Ramsgat ('n verwysing na die sjef Gordon Ramsey), Mary Hakkelberrie ('n verwysing na die aanbieder Mary Berry van *The great British bake off*) en haar metgesel Holliehoof ('n verwysing na Paul Hollywood, ook 'n aanbieder op *The great British bake off*). Heston Blumenthal maak ook sy opwagting as Heston Hardgebak.

Daarby het die Grommengrysherehuis 'n fontein waarna verwys word as die oordrewe ornamentele fontein, aangesien so ontsettend baie beelde deel van die fontein uitmaak dat daar byna geen plek oor is vir water nie. Dit word as volg beskryf:

Dis oortrek met standbeelde – meerminne, meermanne en meerperde worstel vir plek tussen springende dolfyne en sittende seegode; dit krioel van waterbabas wat om groot skulpe saamdrom en groepe watertieners wat hulle dikmond agter koraalkrulle probeer klein maak. Daar is só baie standbeelde dat daar in die oordrewe ornamentele fontein net plek oor is vir 'n klein poeletjie waarin 'n dun straaltjie water uit die lip van 'n nukkerige seemonster genaamd "Moupie Diek" drup (Riddell, 2018b).

Die seemonster "Moupie Diek" is geïllustreer as 'n spermwalvis, en is 'n verwysing na die walvis uit Herman Melville se bekende verhaal, *Moby Dick* (1851).⁷

Die vertaling van oorgangsliteratuur van 'n internasionale oorsprong in Afrikaans kan (mits die oorgangsgehoor in die vertaling behou word) moontlik in die toekoms daartoe lei dat, soos Beckett (2009:4) dit stel, "adults and children once again have a large body of shared

⁷ Dit is opmerklik dat die Engelse brontekste in hardeband uitgegee is met vergulde bladsye buite-om (die eerste boek is pers en die tweede boek, rooi) met blink silwer skedels wat as 'n dubbelblad sowel voor- as agterin die boeke voorkom. Agterin die brontekste is daar ook koeverte aangebring wat elkeen nog 'n boekie bevat: in *Goth girl and the ghost of a mouse* is dit die joernaal van die spookmuis, Ishmael, en in *Goth girl and a fete worse than death* is dit Ada se kamermeisie, Marylebone, se verhaal (Martelina in die Afrikaanse vertaling). Albei dié karakters se lewensverhale is dus in die vorm van 'n metateks beskikbaar wat as't ware parallel aan die hoofverhaallyn loop. Die Afrikaanse doeltekste daarenteen, is in 'n effens kleiner formaat en in sagteband uitgegee, sonder vergulde bladsye en silwer skedels en sonder die ekstra boekies agterin. Dié verskil in uitgawes is moontlik te wyte aan ekonomiese oorwegings aan die kant van die Afrikaanse uitgewer.

literature that they can discuss, if not around the fireside, then at least around the dinner table”.

4.2.3 Die vertaling van internasionale prysweners

Volgens Eiselen (2005:135), is een van die redes waarom kinderboeke van internasionale herkoms in Afrikaans vertaal word om gehaltelektuur, soos prysweners, aan Afrikaanse kinders beskikbaar te stel. Vir die tydperk 1990-2018 is die vertaling van internasionale prysweners inderdaad as 'n seleksietendens opgemerk.

Terwyl pryse dikwels aan kinderboeke toegeken word ten einde erkenning te gee aan die outeurs en illustreerders wat in die kinderliteratuursisteem werksaam is en om die skryf, publikasie en lees van kinderboeke aan te moedig, is literêre toekennings ook 'n vorm van prestige-oordrag. Dit speel 'n rol in die kanoniseringsproses en stel 'n standaard waarna ander skrywers en illustreerders in die literêre sisteem kan streef. As sodanig, is literêre toekennings deel van die magspel in die literêre sisteem waar daar voortdurend om status en erkenning meegeeding word.

Vervolgens sal die brontekste uit die inventaris wat literêre toekennings in hulle onderskeie literêre sisteme ontvang het en in die tydperk 1990-2018 in Afrikaans vertaal is, kortliks bespreek word. Dit is naamlik prysweners uit Amerika, Brittanje, Australië, Nederland, België, Duitsland en Italië. Hoewel daar talle internasionale toekennings vir kinderliteratuur bestaan, word slegs dié toekennings wat brontekste in die inventaris verower het, genoem. Pryswenens, naaswenens en boeke wat eervol vermeld is, word genoem. Vir sommige internasionale pryse kan sowel oorspronklike boeke as vertalings meeding; bekroonde vertalings word egter nie hier in ag geneem nie – daar is slegs ag geslaan op brontaalboeke wat in die bronkultuur literêre pryse ontvang het.⁸

⁸ Daar is twee uitsonderings: sowel Carlil Cneut (van Vlaamse afkoms) as Max Velthuijs (van Nederlandse afkoms) het hulle werke oorspronklik in Engels geskryf en gepubliseer, hoewel dit ook in Nederlands uitgegee is en in die Nederlandse literêre sisteem pryse verower het. Dié boeke is dus grensgevalle, en word wel hier in ag geneem.

4.2.3.1 Pryswenners uit die Verenigde State van Amerika

4.2.3.1.1 Die Boston Globe-Horn Book-toekenning

Die Boston Globe-Horn Book-toekenning word toegeken aan uitstaande literatuur vir kinders en jong volwassenes wat in die Verenigde State van Amerika gepubliseer is. Dit word sedert 1967 geborg deur *The Boston Globe* en *The Horn Book Magazine* en word in drie kategorieë toegeken: prenteboeke, fiksie en niefiksie (Zeece, 1999:234). Die volgende brontekste het die Boston Globe-Horn Book-toekenning ontvang in die tydperk 1990-2018 (sien tabel 1):

Boston Globe-Horn Book-toekenning							
Jaar van uitgawe	Brontekstittel	Bronteks-outeur	Wen-jaar	Jaar van uitgawe	Doeltekstittel	Vertaler	Doelteks-uitgewer
1985	<i>The paper crane</i>	Molly Bang	(1986)	1992	<i>Die kraanvoël</i>	Lydia Snyman	Anansi
1987	<i>Mufaro's beautiful daughters</i>	John Steptoe	(1987)	1994	<i>Moefaro se pragtige dogters: 'n Verhaal uit Afrika</i>	Lydia Snyman	Anansi
1989	<i>Lon Po Po: A Red Riding Hood story from China</i>	Ed Young	(1990)	1991	<i>Lon Po Po: 'n Rooikappie-verhaal uit China</i>	Lydia Snyman	Anansi
1992	<i>Seven blind mice</i>	Ed Young	(1992)	1993	<i>Die sewe muise</i>	Lydia Snyman	Anansi

Tabel 1. Wenner van die Boston Globe-Horn Book-toekenning.

4.2.3.1.2 Die Caldecott-medalje

Die Caldecott-medalje is vernoem na die neëntiende-eeuse illustreerder, Randolph Caldecott. Dit word jaarliks sedert 1937 deur die Association for Library Service to Children (ALSC)⁹ toegeken aan die kunstenaar van die voortreflikste Amerikaanse prenteboek vir kinders wat in die vorige jaar in die Verenigde State van Amerika gepubliseer is. Kriteria vir dié toekenning behels onder meer uitnemendheid in kunstegniek en illustrasies, gepastheid in illustrasies en die gehalte van uitbeelding in die intrige, tema of milieu van die boek (Zeece, 1999:233; Caldecott Medal – Terms and criteria, [s.a.]). Die volgende brontekste het die Caldecott-medalje ontvang in die tydperk 1990-2018 (sien tabel 2):

Caldecott-medalje							
Jaar van uitgawe	Brontekstittel	Bronteks-outeur	Wen-jaar	Jaar van uitgawe	Doeltekstittel	Vertaler	Doelteks-uitgewer
1956	<i>The last battle</i>	C.S. Lewis	(1956)	2015	<i>Die laaste geveg</i>	Kobus Geldenhuys	Protea Boekhuis
1957	<i>Time of wonder</i>	Robert McCloskey	(1958)	1991	<i>'n Tyd van wonder</i>	Freda Linde	Anansi
1958	<i>Chanticleer and the fox</i>	Barbara Cooney	(1959)	1990	<i>Kantekleer en die jakkals</i>	Ria du Toit	Anansi

⁹ Dit is 'n afdeling van die American Library Association (ALA).

1960	<i>Baboushka and the three kings</i>	Ruth Robbins	(1961)	1991	<i>Baboeskja en die drie konings</i>	Freda Linde	Anansi
1963	<i>Where the wild things are</i>	Maurice Sendak	(1964)	2013	<i>Wildekanisland</i>	Leo van der Westhuijzen	Human & Rousseau
1972	<i>The funny little woman</i>	Arlene Mosel	(1973)	1991	<i>Die koddige klein vroultjie</i>	Lydia Snyman	Anansi
1975	<i>Why mosquitoes buzz in people's ears</i>	Verna Aardema	(1976)	1992	<i>Waarom muskiete in mense se ore gons</i>	Freda Linde	Anansi
1989	<i>Lon Po Po: A Red Riding Hood story from China</i>	Ed Young	(1990)	1991	<i>Lon Po Po: 'n Rooikappie-verhaal uit China</i>	Lydia Snyman	Anansi
1992	<i>Mirette on the high wire</i>	Emily Arnold McCully	(1993)	1994	<i>Mirette op die hoë koord</i>	Lydia Snyman	Anansi
1994	<i>Smoky night</i>	Eve Bunting	(1995)	1996	<i>Rook in die nag</i>	Lydia Snyman	Anansi

Tabel 2. Wenner van die Caldecott-medalje.

4.2.3.1.3 Die Charlotte Zolotow-toekenning

Hierdie toekenning is vernoem na Charlotte Zolotow, wat 38 jaar lank die kinderboekredakteur by Harper Junior Books in Amerika was en self ook meer as 70 kinderboeke geskryf het. Dit is in 1998 ingestel en word jaarliks toegeken aan 'n outeur vir die beste prentboektteks wat in die voorafgaande jaar in die Verenigde State van Amerika gepubliseer is (The Charlotte Zolotow Award, [s.a.]). Die toekenning word deur die Cooperative Children's Book Center behartig, 'n kinderboekbiblioteek by die School of Education verbonde aan die Universiteit van Wisconsin-Madison. 'n Komitee van kinderliteratuurkenners kies elke jaar 'n wenner uit die boeke wat die voorafgaande jaar gepubliseer is. Enige prentboek wat vir jong kinders (van geboorte tot sewejarige ouderdom) in Engels geskryf is en in die Verenigde State van Amerika by 'n uitgewer gepubliseer is, kan in aanmerking kom vir hierdie toekenning (The Charlotte Zolotow Award, [s.a.]). *Jabari Jumps* (2017) deur Gaia Cornwall is in 2018 eervol vermeld vir die Charlotte Zolotow-toekenning. Dit is in 2018 deur LAPA Uitgewers uitgegee as *Sizwe spring*, vertaal deur Jaco Jacobs.

4.2.3.1.4 Die Children & Teen Choice-boektoekenning

Die Children & Teen Choice-boektoekenning is sedert 1974 die enigste toekenning in Amerika waar kinders self die pryswennerboeke kan kies. Met ander woorde: Dié toekenning gee 'n aanduiding watter boeke onder kinderlesers gewild is. Dit word behartig deur die Children's Book Council (CBC), 'n nuwingsgewinde organisasie van kinderboekuitgewers in Noord-Amerika, wat daaraan toegewy is om die Amerikaanse kinderboekindustrie te ondersteun en lees onder kinders te bevorder, in samewerking met die International Literacy Association (ILA) (Children's Choices, [s.a.]).

Harry Potter and the deathly hallows (2007) deur J.K. Rowling het dié toekenning in 2008 ontvang. Dit is in 2007 in Afrikaans uitgegee deur Human & Rousseau as *Harry Potter en die skatte van die dood* (vertaal deur Kobus Geldenhuys). In 2012 is *Diary of a wimpy kid* (2007) deur Jeff Kinney bekroon met die Children & Teen Choice-boektoekenning. Dit is in Afrikaans vertaal deur Carina Diedericks-Hugo as *Dagboek van 'n wimp* en in 2012 uitgegee deur Puffin Books, 'n drukkersmerk van Penguin Random House Suid-Afrika. In 2013 is *Diary of a wimpy kid: The third wheel* (2012) deur Jeff Kinney ook met dié toekenning bekroon. Dit is deur Tinus Horn in Afrikaans vertaal as *Dagboek van 'n wimpy kid: Drie is een te veel* en in 2017 uitgegee deur Puffin Books.

4.2.3.1.5 Die Coretta Scott King-toekenning

Hierdie toekenning is vernoem na Coretta Scott King, 'n Amerikaanse skrywer en aktivis, en ook die vrou van Martin Luther King Jr. Die toekenning is die eerste keer in 1970 gemaak en word sedert 1979 deur die American Library Association (ALA) se Social Responsibilities Round Table (SRRT) geadministreer. Dit het ten doel om Afro-Amerikaanse outeurs en illustreerders te erken vir hulle uitstaande bydraes tot kinderliteratuur (Zeece, 1999:236). In 1988 is *Mufaro's beautiful daughters* (1987) deur John Steptoe met dié toekenning bekroon. Dit is in 1994 deur Anansi Uitgewers uitgegee as *Moefaro se pragtige dogters: 'n Verhaal uit Afrika*, vertaal deur Lydia Snyman.

4.2.3.1.6 Die E.B. White Read Aloud-toekenning

Die E.B. White Read Aloud-toekenning is in 2004 ingestel deur die Association of Booksellers for Children (ABC). Die ABC is 'n nuwingsgewende organisasie wat met boekverkopers en ander agente in die boekindustrie skakel ten einde die sukses en winsgewendheid van privaatboekverkopers te verseker, en om die lees van boeke te bevorder (E.B. White Read Aloud Award Winners, 2019). Hierdie toekenning verleen erkenning aan kinderboeke wat aan hardoplees-standaarde voldoen soos dit deur die skrywer, E.B. White, daargestel is. Nominasies vir dié toekenning word deur die ABC self ingedien, en wenners word gekies deur 'n komitee van boekverkopers wat aan die ABC verbonde is (E.B. White Read Aloud Award Winners, 2019). In 2012 is *I want my hat back* deur Jon Klassen met dié toekenning bekroon. Dit is in 2016 deur Human & Rousseau uitgegee as *Ek soek my hoed*, vertaal deur Simone Hough.

4.2.3.1.7 Die (Theodor Seuss) Geisel-toekenning

Die Geisel-toekenning word jaarliks toegeken aan die outeur(s) en illustreerder(s) van die mees uitstaande Amerikaanse boek vir beginnerlesers wat die voorafgaande jaar in Engels in die Verenigde State van Amerika gepubliseer is. Die toekenning word behartig deur die Association for Library Service to Children (ALSC), 'n onderafdeling van die American Library Association (ALA) (Theodor Seuss Geisel Award, [s.a.]). In 2012 is Jon Klassen se *I want my hat back* eervol vermeld vir die Geisel-toekenning. Dit is in 2016 deur Human & Rousseau uitgegee as *Ek soek my hoed*, vertaal deur Simone Hough.

4.2.3.1.8 Die Golden Kite-toekenning

Hierdie toekenning is in 1973 ingestel en is die enigste kinderliteratuurtoekenning waar die wenners deur kinderboekskrywers en -illustreerders gekies word. Die Golden Kite-toekenning verleen erkenning aan uitnemendheid in vyf kategorieë: jong lesers, middelgraadfiksie (vir lesers tussen die ouderdomme van sowat agt tot 12 jaar), jeugfiksie (vir lesers tussen die ouderdomme van sowat 12 tot 18 jaar), niefiksie, prenteboekteks en prenteboekillustrasies. Dit word behartig deur die Society of Children's Book Writers and Illustrators (Golden Kite Award, [s.a.]). In 1990 is *Tom Thumb* (1989) deur Richard Jesse Watson met dié toekenning bekroon. Dit is in 1993 deur Anansi Uitgewers uitgegee as *Duimpie*, vertaal deur Lydia Snyman. In 1995 is Keith Baker se *Big fat hen* (1994) met die Golden Kite-toekenning bekroon. Dit is in 1994 deur Anansi Uitgewers uitgegee as *Tel tot tien met groot vet Lien*, vertaal deur Lydia Snyman.

4.2.3.1.9 Die Lewis Carroll Shelf-toekenning

Die Lewis Carroll Shelf-toekenning is in 1958 ingestel en is vir die tydperk 1958-1979 jaarliks toegeken aan kinderboeke wat "op dieselfde rak hoort" as Lewis Carroll se *Alice's adventures in Wonderland*.

The purpose and value of this award, the Lewis Carroll Shelf Award, is two-fold. First, it seems pertinent to demonstrate for parents, publishers, teachers, librarians, and writers that worthy books do have a measuring tool with which to compare other written material. In the area of children's literature one book stands out as the fitting measuring tool, Lewis Carroll's *Alice in Wonderland*. Alice has the test of time, imagination, genuine emotion, consistent characters, plausible events and plots, distinguished and artistic style that makes a book a symbol of civilized life. The second value in this Lewis Carroll Shelf Award is to gather together on the home,

school, and library shelf the many books that are worthy to sit on the shelf with Alice in Wonderland (Bartell, 1959:159).

Dit word behartig deur die Universiteit van Wisconsin-Madison se School of Education. Die volgende brontekste het die Lewis Carroll Shelf-toekenning ontvang in die tydperk 1990-2018 (sien tabel 3).

Lewis Carroll Shelf-toekenning							
Jaar van uitgawe	Brontekstittel	Bronteks-outeur	Wen-jaar	Jaar van uitgawe	Doeltekstittel	Vertaler	Doelteks-uitgewer
1926	<i>Winnie the Pooh</i>	A.A. Milne	(1958)	2007	<i>Winnie-die-Poeh</i>	Alba Bouwer	Tafelberg
1937	<i>And to think that I saw it on Mulberry Street</i>	Dr Seuss	(1961)	1991	<i>En dit nogal in Bosbessiestraat</i>	Lize Kampman	Anansi
1940	<i>Caps for sale</i>	Esphyr Slobodkina	(1958)	1991	<i>Pette te koop: Die verhaal van 'n smous, 'n klomp ape en hul apestreke</i>	Lydia Snyman	Anansi
1940	<i>Horton hatches the egg</i>	Dr Seuss	(1958)	1990	<i>Herrie broei die eier uit</i>	Marié Heese	Anansi
1950	<i>The lion, the witch and the wardrobe</i>	C.S. Lewis	(1962)	2002	<i>Die leeu, die heks en die hangkas</i> ¹⁰	Helene de Villiers	Human & Rousseau
1963	<i>Where the wild things are</i>	Maurice Sendak	(1964)	2013	<i>Wildekanisland</i>	Leo van der Westhuijzen	Human & Rousseau
1969	<i>Who's in Rabbit's house?</i>	Verna Aardema	(1978)	1990	<i>Wie is in Konyng se huis?</i>	Lydia Snyman	Anansi
1977	<i>Bridge to Terabithia</i>	Katherine Paterson	(1978)	2018	<i>Brug na Terabithia</i>	Kobus Geldenhuys	Protea Boekhuis

Tabel 3. Wenner van die Lewis Carroll Shelf-toekenning.

4.2.3.1.10 Die National Book Award for Young People's Literature

Hierdie toekenning verleen erkenning aan uitstaande literêre werke (nie net kinderliteratuur nie) deur Amerikaanse burgers, en word behartig deur die National Book Foundation (NBF), 'n nuwingsgewende organisasie.

The mission of the National Book Foundation is to celebrate the best literature in America, to expand its audience, and ensure that books have a prominent place in American culture (Mission & History, [s.a.]).

Dit is reeds in 1950 ingestel, hoewel die kategorie "Young People's Literature" eers in 1996 tot stand gekom het. In 1978 is William Steig se *Caleb & Kate* (1977) 'n finalis vir die National Book Award for Young People's Literature. Dit is in 1994 deur Anansi Uitgewers uitgegee as *Caleb & Kate*, vertaal deur Lydia Snyman.

¹⁰ Hierdie uitgawe, vertaal deur Helene de Villiers, het oorspronklik in 1967 by Human & Rousseau verskyn. In 2016 het 'n tweede Afrikaanse uitgawe by Protea Boekhuis verskyn, getiteld *Die leeu, die heks en die klerekas*, vertaal deur Kobus Geldenhuys.

4.2.3.1.11 Die Newbery-medalje

Die Newbery-medalje het in 1922 tot stand gekom en was die heel eerste kinderboekprys ter wêreld (Zeece, 1999:233). Dit is vernoem na die agtiende-eeuse boekverkoper, John Newbery, en dit word jaarliks toegeken deur die American Library Association (ALA) aan 'n outeur vir die voortreflikste bydrae tot Amerikaanse kinderliteratuur wat in die vorige jaar by 'n Amerikaanse uitgewer verskyn het (Newbery Medal Terms and Criteria, [s.a.]).

Kriteria vir hierdie toekenning spesifiseer dat die seleksie gemaak word op grond van die teks. Daar word onder meer gekyk na die interpretasie van die tema of konsep, akkuraatheid, helderheid en die manier waarop inligting aangebied word, die ontwikkeling van die verhaallyn, die uitbeelding van karakters, die milieu en die gepastheid van die skryfstyl vir 'n jong leesgehoor (Newbery Medal Terms and Criteria, [s.a.]).

In 1939 is *Mr Popper's penguins* (1938) deur Richard en Florence Atwater eervol vermeld vir die Newbery-medalje. Dit is in 1990 deur Leo Uitgewers uitgegee as *Meneer Popper se pikkewyne*, vertaal deur Wilna Liebenberg. In 1978 is *Bridge to Terabithia* (1977) deur Katherine Paterson met die Newbery-medalje bekroon, wat in 2018 deur Protea Boekhuis uitgegee is as *Brug na Terabithia*, vertaal deur Kobus Geldenhuys.

4.2.3.2 Pryswenners uit die Verenigde Koninkryk

4.2.3.2.1 Die British Book-toekennings: Die Children's Book of the Year-toekenning

Die British Book-toekennings is ook bekend as die Nibbies, en word deur *The Bookseller* geadministreer:

The British Book Awards or Nibbies has been the leading awards for the book trade since 1990. Celebrating the best books, the best bookshops and the best publishers it is supported by all major industry associations including The Publishers Association, The Booksellers Association and the Independent Publishers Guild. Owned and organized by The Bookseller and judged by leading industry experts it is regarded as "the BAFTAs of the book trade" (The British Book Awards, [s.a.]).

Deel van die British Book-toekennings, is die Children's Book of the Year-toekenning. Dié prys het in 1996 tot stand gekom deurdat twee vroeër pryse gekombineer is: die British

Illustrated Children's Book of the Year-toekenning en die British Children's Author of the Year-toekenning. Die British Illustrated Children's Book of the Year-toekenning is van 1991 tot 1995 jaarliks aan geïllustreerde kinderboeke toegeken. Uit die inventaris, het een bronteks dié toekenning ontvang: *Mummy laid an egg* (1994) deur Babette Cole. Dit is in 1994 deur Human & Rousseau uitgegee as *Mamma het 'n eier gelê!*, vertaal deur Linda Rode. In 1996 is die British Illustrated Children's Book of the Year-toekenning vervang met die National Book Awards: Children's Book of the Year-toekenning. Uit die inventaris, het verskeie brontekste die Children's Book of the Year-toekenning ontvang (sien tabel 4):

Children's Book of the Year-toekenning							
Jaar van uitgawe	Brontekstittel	Bronteks-outeur	Wen-jaar	Jaar van uitgawe	Doeltekstittel	Vertaler	Doelteks-uitgewer
1997	<i>Harry Potter and the philosopher's stone</i>	J.K. Rowling	(1999)	2000	<i>Harry Potter en die towenaar se steen</i>	Janie Oosthuysen	Human & Rousseau
1998	<i>Harry Potter and the chamber of secrets</i>	J.K. Rowling	(1998)	2000	<i>Harry Potter en die kamer van geheimenisse</i>	Janie Oosthuysen	Human & Rousseau
2001	<i>Artemis Fowl</i>	Eoin Colfer	(2002)	2002	<i>Artemis Fowl</i>	Janie Oosthuysen	Human & Rousseau
2004	<i>The Gruffalo's child</i>	Julia Donaldson	(2005)	2006	<i>Die Goorgomgaaitjie</i>	Philip de Vos	Human & Rousseau
2010	<i>Zog</i>	Julia Donaldson	(2010)	2014	<i>Zok</i>	Philip de Vos	Protea Boekhuis
2012	<i>Ratburger</i>	David Walliams	(2012)	2015	<i>Rotburger</i>	Kobus Geldenhuys	Protea Boekhuis
2013	<i>Demon dentist</i>	David Walliams	(2013)	2017	<i>Die tandeterroris</i>	Kobus Geldenhuys	Protea Boekhuis
2014	<i>Awful Auntie</i>	David Walliams	(2014)	2017	<i>Aaklige ant Alberta</i>	Kobus Geldenhuys	Protea Boekhuis

Tabel 4. Wenner van die Children's Book of the Year-toekenning.

4.2.3.2.2 Die Carnegie-medalje

Die Carnegie-medalje is vernoem na die Skotse filantroop, Andrew Carnegie. Dit is in 1936 ingestel en word sedertdien jaarliks toegeken aan die outeur van 'n uitstaande boek vir kinders en jongmense wat in Engels geskryf is. Die toekenning word deur die Chartered Institute of Library and Information Professionals (CILIP) behartig (The CILIP Carnegie Medal, [s.a.]).

In 1956 is *The last battle* (1956) deur C.S. Lewis bekroon met die Carnegie-medalje. Dit is in 2015 deur Protea Boekhuis uitgegee as *Die laaste geveg*, vertaal deur Kobus Geldenhuys.

4.2.3.2.3 Die Costa-boektoekenning

Die Costa-boektoekenning is in 1971 ingestel en gee erkenning aan uitnemende kinderboeke uit Brittanje en Ierland wat in die vorige jaar gepubliseer is (dit was van 1971 tot 1984 bekend as die Whitbread Literary Awards). Die toekenning word behartig deur die British Bookseller's Association en is voorheen geborg deur die Whitbread PLC ('n hotel- en restaurantmaatskappy). Sedert 2006 word dié toekenning deur Costa Coffee ('n koffiewinkelgroep in Brittanje) geborg. Daar word in vyf kategorieë om dié prys meegeding: debuutroman, roman, biografie, poësie en kinderboek. Een boek uit hierdie kategorieë word dan bekroon as die Costa Book of the Year (Costa Book Awards, [s.a.]).

In 1999 is *Harry Potter and the prisoner of Azkaban* (1999) deur J.K. Rowling met die Costa-boektoekenning bekroon. Dit is in 2000 uitgegee as *Harry Potter en die gevangene van Azkaban* deur Human & Rousseau, vertaal deur Janie Oosthuysen. In 2013 is Chris Riddell se *Goth girl and the ghost of a mouse* (2013) met die Costa-boektoekenning bekroon wat in 2018 deur Protea Boekhuis uitgegee is as *Juffrou Goth en die spookmuis*, vertaal deur Kobus Geldenhuys.

4.2.3.2.4 Die Kate Greenaway-medalje

Hierdie toekenning is in 1955 ingestel. Dit word jaarliks toegeken en vereer uitnemende illustrasies in kinderboeke. Dit is vernoem na Kate Greenaway, 'n neëntiende-eeuse kunstenaar wat bekend was vir haar kinderboekillustrasies, en is die enigste prys in Brittanje wat slegs erkenning gee aan illustrasies in kinderboeke. Die prys word behartig deur die Chartered Institute of Library and Information Professionals (CILIP) (The CILIP Kate Greenaway Medal, [s.a.]).

In 1967 is Charles Keeping se *Charlie, Charlotte and the golden canary* (1967) met die Kate Greenaway-medalje bekroon. Dit is in 1991 deur Anansi Uitgewers uitgegee as *Charlie, Charlotte en die goudgeel kanarie*, vertaal deur Freda Linde.

4.2.3.2.5 Die Nestlé Smarties-boekprys

Die Nestlé Smarties-boekprys is vanaf 1985 tot 2007 toegeken deur Booktrust, 'n onafhanklike welwillendheidsorganisasie wat boeke en lees in die Verenigde Koninkryk bevorder het, en is geborg deur Nestlé, die vervaardiger van Smarties. Hoewel 'n kortlys boeke deur volwassekeurders opgestel is, het kinders self uit dié kortlys gestem vir pryswennerboeke in drie ouderdomsgroepe: van geboorte tot vyf jaar, ses tot agt jaar en

nege tot 11 jaar en enige kinderboek wat deur 'n Britse burger geskryf en in die voorafgaande jaar uitgegee is, kon vir die prys in aanmerking kom (Nestlé Smarties Book Awards, [s.a.]; Nestlé Children's Book Prize 2007, [s.a.]; Nestlé Smarties Book Prize Winners, [s.a.]). Die volgende brontekste het die Nestlé Smarties-boekprys ontvang in die tydperk 1990-2018 (sien tabel 5):

Nestlé Smarties-boekprys							
Jaar van uitgawe	Brontekstittel	Bronteks-outeur	Wen-jaar	Jaar van uitgawe	Doeltekstittel	Vertaler	Doelteks-uitgewer
1992	<i>Hue Boy</i>	Rita Phillips Mitchell	(1993)	1992	<i>Klein-Tom</i>	Linda Rode	Human & Rousseau
1994	<i>So much</i>	Trish Cooke	(1994)	1996	<i>So graag</i>	Linda Rode	Tafelberg
1996	<i>The butterfly lion</i>	Michael Morpurgo	(1996)	2015	<i>Die skoenlapperleeu</i>	Kobus Geldenhuys	Protea Boekhuis
1997	<i>Ginger</i>	Charlotte Voake	(1997)	1998	<i>Gemmer</i>	Elsa Naudé	Human & Rousseau
1997	<i>Harry Potter and the philosopher's stone</i>	J.K. Rowling	(1997)	2000	<i>Harry Potter en die towenaar se steen</i>	Janie Oosthuysen	Human & Rousseau
1998	<i>Harry Potter and the chamber of secrets</i>	J.K. Rowling	(1998)	2000	<i>Harry Potter en die kamer van geheimenisse</i>	Janie Oosthuysen	Human & Rousseau
1999	<i>The Gruffalo</i>	Julia Donaldson	(1999)	1999	<i>Die Goorgomgaai</i>	Philip de Vos	Human & Rousseau
1999	<i>Harry Potter and the prisoner of Azkaban</i>	J.K. Rowling	(1999)	2000	<i>Harry Potter en die gevangene van Azkaban</i>	Janie Oosthuysen	Human & Rousseau
2007	<i>Ottoline and the yellow cat</i>	Chris Riddell	(2007)	2008	<i>Willemien en die geel kat</i>	Jaco Jacobs	LAPA Uitgewers

Tabel 5. Wenner van die Nestlé Smarties-boekprys.

4.2.3.2.6 Die Red House Children's Book-toekenning

Die Red House Children's Book-toekenning is die enigste kinderboekprys wat heeltemal deur kinders self gekies word. 'n Kortlys boeke word met behulp van nominasies deur kinders volgens drie kategorieë opgestel: boeke vir jong kinders, boeke vir jong lesers en boeke vir ouer lesers. Kinders stem dan vir hulle gunstelingboek in die kortlys uit elke kategorie en die boek wat die meeste stemme kry, word as die wenner aangekondig (Red House Children's Book Award Winners, [s.a.]). Die volgende brontekste het die Red House Children's Book-toekenning ontvang in die tydperk 1990-2018 (sien tabel 6):

Red House Children's Book-toekenning							
Jaar van uitgawe	Brontekstittel	Bronteks-outeur	Wen-jaar	Jaar van uitgawe	Doeltekstittel	Vertaler	Doelteks-uitgewer
1982	<i>The BFG</i>	Roald Dahl	(1983)	1993	<i>Die GSR</i>	Mavis de Villiers	Tafelberg
1988	<i>Matilda</i>	Roald Dahl	(1989)	2016	<i>Matilda</i>	Kobus Geldenhuys	Human & Rousseau
1997	<i>Harry Potter and the philosopher's stone</i>	J.K. Rowling	(1998)	2000	<i>Harry Potter en die towenaar se steen</i>	Janie Oosthuysen	Human & Rousseau
1998	<i>Harry Potter and the chamber of secrets</i>	J.K. Rowling	(1999)	2000	<i>Harry Potter en die kamer van geheimenisse</i>	Janie Oosthuysen	Human & Rousseau

1999	<i>Harry Potter and the prisoner of Azkaban</i>	J.K. Rowling	(2000)	2000	<i>Harry Potter en die gevangene van Azkaban</i>	Janie Oosthuysen	Human & Rousseau
2000	<i>Harry Potter and the goblet of fire</i>	J.K. Rowling	(2001)	2001	<i>Harry Potter en die beker vol vuur</i>	Janie Oosthuysen	Human & Rousseau
2007	<i>Ottoline and the yellow cat</i>	Chris Riddell	(2008)	2008	<i>Willemien en die geel kat</i>	Jaco Jacobs	LAPA Uitgewers
2011	<i>Gangsta granny</i>	David Walliams	(2013)	2015	<i>Ouma is 'n kroek</i>	Kobus Geldenhuys	Protea Boekhuis
2012	<i>Superworm</i>	Julia Donaldson	(2014)	2014	<i>Superwurm</i>	Philip de Vos	Protea Boekhuis
2013	<i>Demon dentist</i>	David Walliams	(2015)	2017	<i>Die tandeterroris</i>	Kobus Geldenhuys	Protea Boekhuis

Tabel 6. Wenner van die Red House Children's Book-toekenning.

4.2.3.2.7 Die Scottish Children's Book-toekenning

Hierdie toekenning vereer die beste in Skotse skryfkuns en illustrasies vir kinders, en die wenner word deur kinders self gekies (John Fardell wins the Scottish Children's Book Awards!, [s.a.]). In 2012 is John Fardell se *The day Louis got eaten* (2011) met die Scottish Children's Book-toekenning bekroon. Dit is in 2014 deur Human & Rousseau uitgegee as *Die dag toe Louis deur 'n Grop gegryp is*, vertaal deur Philip de Vos.

4.2.3.2.8 Die Waterstones Children's Book-prys

Hierdie prys word jaarliks toegeken aan 'n kinderboek wat in die voorafgaande jaar gepubliseer is, en bestaan sedert 2005. Slegs kinderboeke deur outeurs wat nog nie meer as drie boeke gepubliseer het nie kan vir dié prys in aanmerking kom, aangesien die Waterstones Children's Book-prys nuwe, verborge talent wil ontgin:

We are passionate about discovering new talent. Since the Waterstones Children's Book Prize first began in 2005, we've been sharing the best in new writing for children and teenagers. We've helped to launch the careers of some of the biggest names in children's writing, including Katherine Rundell, Kiran Millwood Hargrave and Michelle Harrison (15 Years of New Talent, [s.a.]).

In 2016 is David Litchfield se *The bear and the piano* (2016) met die Waterstones Children's Book-prys bekroon. Dit is in 2017 deur Human & Rousseau uitgegee as *Die beer en die klavier*, vertaal deur Marietjie Delpont.

4.2.3.3 Pryswenners uit Australië

4.2.3.3.1 The Children's Book Council of Australia Book of the Year-toekenning

Hierdie toekenning bestaan sedert 1946 en word jaarliks toegeken deur die Children's Book Council of Australia (CBCA). Met dié toekennings wil die CBCA die gehalte van literatuur vir jong Australiërs bevorder, Australiese skrywers en illustreerders van kinderboeke ondersteun en aanmoedig, en uitstaande bydraes tot Australiese kinderliteratuur vier (About the CBCA Book of the Year Awards, [s.a.]).

In 1993 is *Looking for crabs* (1992) deur Bruce Whatley met die Children's Book Council of Australia Book of the Year-toekenning bekroon. Dit is in 1994 deur Daan Retief/Kennis Onbeperk uitgegee as *Ons soek krappe*, vertaal deur H.J.M. Retief. In 1993 is *Belinda* (1992) deur Pamela Allen ook eervol vir hierdie toekenning vermeld. Dit is in 1994 deur Daan Retief/Kennis Onbeperk uitgegee is as *Breggie*, vertaal deur H.J.M. Retief.

4.2.3.4 Pryswenners uit Nederland en België

4.2.3.4.1 Die Boekenleeuw

Die Boekenleeuw is 'n Vlaamse literêre prys vir die beste kinderboek deur 'n Vlaamse outeur. Dit word toegeken deur Boek.be, 'n boekvereniging wat bestaan uit sowat 400 uitgewers en boekhandelaars wat in België gesetel is in Het Huis van het Boek in Borgerhout.¹¹ Die doel van Boek.be is om inligting weer te gee oor die Nederlandse boekeaanbod in België en om boekverkope in België te ondersteun en bevorder (Over Boek.be, [s.a.]). In 1999 is *Vos en Haas* (1998) deur Sylvia vanden Heede met 'n Boekenleeuw bekroon. Dit is in 2010 deur Protea Boekhuis uitgegee as *Vos en Haas*, vertaal deur Daniel Hugo.

4.2.3.4.2 Die Gouden Griffel

Die Gouden Griffel word sedert 1971 jaarliks toegeken deur die Collectieve Propaganda van het Nederlandse boek (CPNB) vir die beste kinderboek wat in die voorafgaande jaar in Nederlands verskyn het. Hoewel uitsluitlik Nederlandse werke vir Gouden Griffels in aanmerking kom, kan vertalings naas oorspronklike Nederlandse werke meeding om die Zilveren Griffel (sien afdeling 4.2.3.4.4) (Bekroonde Boeken – De Gouden Griffel, [s.a.];

¹¹ Boek.be ken ook 'n Boekenpauw-toekenning toe vir geïllustreerde Vlaamse kinderboeke; geen bronteks in die inventaris het egter 'n Boekenpauw gewen nie.

Griffels en Penselen 2018, 2018). Die volgende brontekste het in die tydperk 1990-2018 'n Gouden Griffel ontvang (sien tabel 7):

Gouden Griffel							
Jaar van uitgawe	Brontekstitle	Bronteks-outeur	Wen-jaar	Jaar van uitgawe	Doeltekstitle	Vertaler	Doelteks-uitgewer
1957	<i>Wiplala</i>	Annie M.G. Schmidt	(1957)	2018	<i>Wiplala</i>	Amelia de Vaal	Protea Boekhuis
1970	<i>De kleine kapitein</i>	Paul Biegel	(1972)	2016	<i>Die groot klein kaptein</i> ¹²	Daniel Hugo	Protea Boekhuis
1971	<i>Koning van Katoren</i>	Jan Terlouw	(1973)	2010	<i>Koning van Katoren</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis
1972	<i>Oorlogswinter</i>	Jan Terlouw	(1973)	2015	<i>Oorlogswinter</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis
1980	<i>Otje</i>	Annie M.G. Schmidt	(1981)	2011	<i>Ottie</i>	Marietjie Nelson	Protea Boekhuis
1991	<i>Kikker en het vogeltje</i>	Max Velthuijs	(1992)	1993	<i>Padda en die voëlgesang</i> ¹³	–	Garamond
1999	<i>Voor altijd samen, amen</i>	Guus Kuijer	(2000)	2017	<i>Polleke</i> ¹⁴	Martjie Bosman	Protea Boekhuis
2004	<i>Het boek van alle dinge</i>	Guus Kuijer	(2005)	2015	<i>Die boek van alle dinge</i>	Martjie Bosman	Protea Boekhuis
2008	<i>Het geheim van de keel van de nachtegaal</i>	Peter Verhelst	(2009)	2011	<i>Die geheim van die keel van die nagtegaal</i>	Nicol Stassen	Protea Boekhuis

Tabel 7. Wenner van die Gouden Griffel.

4.2.3.4.3 Die Gouden Penseel

Die Gouden Penseel word sedert 1973 jaarliks toegeken deur die Collectieve Propaganda van het Nederlandse boek (CPNB) aan die beste geïllustreerde kinderboek wat in die voorafgaande jaar by 'n Nederlandse of Vlaamse uitgewer in Nederlands verskyn het (Griffels en Penselen 2018, 2018).

In 1990 is *Boris Beer* (1989) deur Dick Bruna bekroon met 'n Gouden Penseel. Dit is in 1990 deur Garamond uitgegee as *Boris Beer* (vertaler onbekend). In 1997 is *Kikker is kikker* deur Max Velthuijs ook bekroon met 'n Gouden Penseel. Dit is in 1996 uitgegee as *Padda is padda* deur Garamond, vertaal deur Amelia de Vaal. In 2000 is *De prinses met de langen haren* (1999) deur Annemarie van Haeringen bekroon met 'n Gouden Penseel wat in 2017 deur Protea Boekhuis uitgegee is as *Die prinses met die lang hare*, vertaal deur Amelia de Vaal.

¹² Dit is 'n omnibus-uitgawe met *De kleine kapitein* (1970), *De kleine kapitein in het land van waan en wijs* (1973) en *De kleine kapitein in het land van schrik en vreze* (1975).

¹³ 'n Tweede uitgawe van *Padda en die voëlgesang* verskyn in 2018 by Protea Boekhuis.

¹⁴ Dit is 'n omnibus-uitgawe met *Voor altijd samen, amen* (1999), *Het is fijn om er te zijn* (2000), *Het geluk komt als de donder* (2000), *Met de wind mee naar de zee* (2001) en *Ik ben Polleke hoor!* (2001).

4.2.3.4.4 Die Zilveren Griffel

Die Zilveren Griffel word toegeken aan die naaswenners vir die Gouden Griffel. Terwyl slegs oorspronklike Nederlandse werke vir die Gouden Griffel in aanmerking kom, kan vertaalde werke in Nederlands ook om die Zilveren Griffel meeding. Vertalings is egter nie vir hierdie bespreking in ag geneem nie – daar is slegs gelet op oorspronklike Nederlandse werke wat 'n Zilveren Griffel ontvang het en in Afrikaans vertaal is. Die volgende brontekste het 'n Zilveren Griffel ontvang in die tydperk 1990-2018 (sien tabel 8):

Zilveren Griffel							
Jaar van uitgawe	Brontekstittel	Bronteks-outeur	Wen-jaar	Jaar van uitgawe	Doeltekstittel	Vertaler	Doelteks-uitgewer
1970	<i>Minoes</i>	Annie M.G. Schmidt	(1971)	2011	<i>Minoes</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis
1971	<i>Pluk van de petteflet</i>	Annie M.G. Schmidt	(1972)	2013	<i>Wannie van die woonstel</i>	Amelia de Vaal	Protea Boekhuis
1987	<i>De rode prinses</i>	Paul Biegel	(1988)	2015	<i>Die rooi prinses</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis
1989	<i>Kikker is verliefd</i>	Max Velthuijs	(1990)	2016	<i>Padda is verlief</i>	Carla Lang	Protea Boekhuis
2007	<i>Eén miljoen vlinders</i>	Edward van de Vendel	(2008)	2013	<i>Een miljoen vlinders</i>	Nicol Stassen	Protea Boekhuis
2008	<i>Het geheim van de keel van de nachtegaal</i>	Peter Verhelst	(2009)	2011	<i>Die geheim van die keel van die nagtegaal</i>	Nicol Stassen	Protea Boekhuis
2011	<i>Toen kwam Sam</i>	Edward van de Vendel	(2012)	2015	<i>En toe kom Tom</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis

Tabel 8. Wenners van die Zilveren Griffel.

4.2.3.4.5 Die Zilveren Penseel

Die Zilveren Penseel word toegeken aan die naaswenners vir die Gouden Penseel. In 1992 is Max Velthuijs se *Kikker en het vogeltje* (1991) met die Zilveren Penseel bekroon.¹⁵ Dit is in 1993 deur Garamond uitgegee as *Padda en die voëlgesang*.¹⁶ In 2003 word Carll Cneut se *Het ongelooflike liefdesverhaal van heer Morf* ook met die Zilveren Penseel bekroon.¹⁷ Dit is in 2010 deur Protea Boekhuis uitgegee as *Die ongelooflike liefdesverhaal van meneer Morf* vertaal deur Nicol Stassen, en in 2012 is Karina Schaapman se *Het muizenhuis* (2011) met die Zilveren Penseel bekroon wat in 2017 deur Protea Boekhuis uitgegee is as *Die muishuis*, vertaal deur Shané Kleyn.

¹⁵ Max Velthuijs is 'n Nederlandse kinderboekskrywer en -illustreerder. Sy eerste *Padda*-boeke het in Brittanje verskyn by Andersen Press, maar sommige is tegelyk as ko-produksies in Engels en Nederlands uitgegee; daarom word hulle hier bespreek, by brontekste wat in hulle tuissisteme literêre pryse verower het.

¹⁶ 'n Tweede Afrikaanse uitgawe van *Padda en die voëlgesang* verskyn in 2018 by Protea Boekhuis, vertaal deur Carla Lang.

¹⁷ Hoewel Carll Cneut hierdie boek aanvanklik in Engels geskryf en by Andersen Press uitgegee het, is hy van België afkomstig; daarom word dié Nederlandse uitgawe hier bespreek, by brontekste wat in hulle tuissisteme literêre pryse verower het.

4.2.3.4.6 Die Vlag en Wimpel

Kinderboeke wat met die Vlag en Wimpel bekroon word, is eervol vermeld vir óf 'n Griffel (teks) óf 'n Penseel (illustrasies). Hierdie vermeldings is in 1980 ingestel (Griffels en Penselen 2018, 2018). Die volgende brontekste het die Vlag en Wimpel ontvang in die tydperk 1990-2018 (sien tabel 9):

Vlag en Wimpel							
Jaar van uitgawe	Brontekstitel	Bronteks-outeur	Wen-jaar	Jaar van uitgawe	Doeltekstitel	Vertaler	Doelteks-uitgewer
1980	<i>Otje</i>	Annie M.G. Schmidt	(1981)	2011	<i>Ottie</i>	Marietjie Nelson	Protea Boekhuis
1989	<i>Kikker is verliefd</i>	Max Velthuijs	(1990)	2016	<i>Padda is verlief</i>	Carla Lang	Protea Boekhuis
1995	<i>Kikker is een held</i>	Max Velthuijs	(1996)	1996	<i>Padda word 'n held</i>	–	Garamond
1998	<i>Vos en Haas</i>	Sylvia vanden Heede	(1999)	2010	<i>Vos en Haas</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis
2006	<i>O monster, eet me niet op!</i>	Carl Norac	(2007)	2010	<i>O monster, moenie my opeet nie!</i>	Nicol Stassen	Protea Boekhuis
2008	<i>Mamma Lucinda</i>	Koen van Biesen	(2009)	2013	<i>Mamma Lucinda</i>	Nicol Stassen	Protea Boekhuis
2009	<i>Wolf en Hond</i>	Sylvia vanden Heede	(2010)	2011	<i>Wolf en Hond</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis

Tabel 9. Wenners van die Vlag en Wimpel.

4.2.3.4.7 Die Woutertje Pieterse-prys

Die Woutertje Pieterse-prys word sedert 1988 toegeken aan die beste oorspronklike Nederlandse kinder- of jeugboek wat in die voorafgaande jaar verskyn het. Die doel van dié toekenning is om die gehalte van die Nederlandse kinderboek te bevorder. Daarom let jurieledes van dié prys op kinderboeke wat uitsonderlik omgaan met taalgebruik, genre, tema of die vormgewing van die boek (Over de prijs, [s.a.]).

Woutertje Pieterse is 'n karakter uit die Nederlandse skrywer, Multatuli se *Ideeën*, en die aard van hierdie prys is op dié karakter geskoei:

Het verhaal van Woutertje Pieterse gaat over een dromerige Amsterdamse jongen met een levendige fantasie. Deze eigenschappen en zijn nieuwsgierigheid zorgen ervoor dat Wouter vaak botst met de kleinburgerlijke mensen in zijn omgeving. De Woutertje Pieterse Prijs is vernoemd naar dit boek, omdat de Prijs, net als Woutertje Pieterse, wil "afwijken van de deugd". De initiatienemers van de Prijs wilden nadrukkelijk breken met de traditie van moralisme in kinderboeken. De Prijs bekroont om die reden kinderboeken die uitzonderlijk zijn voor wat betref taal, inhoud en vormgeving (Over de prijs, [s.a.]).

In 2003 is *Ik ben Polleke hoor!* (2001) deur Guus Kuijer bekroon met die Woutertje Pieterse-prys. Dit is in 2017 uitgegee as deel van 'n omnibus *Polleke*, deur Protea Boekhuis, vertaal deur Martjie Bosman. In 2009 is *Het geheim van de keel van de nachtegaal* (2008) deur Peter Verhelst ook met die Woutertje Pieterse-prys bekroon. Dit is in 2011 deur Protea Boekhuis uitgegee as *Die geheim van die keel van die nagtegaal*, vertaal deur Nicol Stassen.

4.2.3.5 Pryswenners uit Duitsland

4.2.3.5.1 Die Deutscher Jugendliteratur-prys

Die Deutscher Jugendliteratur-prys word behartig deur die Arbeitskreis für Jugendliteratur en word geborg deur die staat (die Ausschreibung des Bundesministeriums für Familie, Senioren, Frauen und Jugend). Die prys is bedoel om die ontwikkeling van kinderliteratuur en jeugliteratuur te bevorder, om openbare belang te prikkel en te behou en om gesprekke in die veld van literatuur te stimuleer. Dit word in vier kategorieë toegeken: prenteboek, kinderboek, jeugboek en niefiksie. Die aankondiging en seremonie vir dié prys geskied jaarliks in Oktober tydens die Frankfurt-boekebeurs (German Children's Literature Award – Deutscher Jugendliteraturpreis, 2019).

In 2005 is Manuela Olten se *Echte kerle* (2004) vir die Deutscher Jugendliteratur-prys genomineer. Dit is in 2010 deur Protea Boekhuis uitgegee as *Die wildewragtigs*, vertaal deur Daniel Hugo. In 2008 is Wolf Erlbruch se *Ente, Tod und Tulp* (2007) vir hierdie toekenning genomineer, in 2009 deur Protea Boekhuis uitgegee as *Eend, Dood en Tulp*, vertaal deur Amelia de Vaal. In 2009 is Antje Damm se *Räuberkind* (2008) vir die Deutscher Jugendliteratur-prys genomineer wat in 2011 deur Protea Boekhuis uitgegee is as *Karnallies* (vertaal deur Daniel Hugo). In 2013 is ook Einar Turkowski se *Der Rauhe Berg* (2012) vir die Deutscher Jugendliteratur-prys genomineer. Dit is in 2015 deur Protea Boekhuis uitgegee as *Die Ruwe Berg* (vertaal deur Nicol Stassen).

4.2.3.6 Pryswenners uit Italië

4.2.3.6.1 Die Premio Alpi Apuane-prys

Die Premio Alpi Apuane-prys is 'n toekenning vir die beste geïllustreerde Italiaanse kinderboek. In 2003 is Fabian Negrin se *In bocca al lupo* (2003) met hierdie prys bekroon, in 2013 deur Protea Boekhuis uitgegee as *Uit die wolf se bek*, vertaal deur Nicol Stassen.

4.2.4 Die vertaling van klassieke en/of wêreldliteratuur

Hennie Aucamp (soos aangehaal in De Vries, 2010:8) meen uit die onsterflike karakters in die Afrikaanse letterkunde, neem karakters uit die Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur ook 'n plek in. Hy sê:

Wanneer 'n mens 'n galery van onsterflike karakters in die letterkunde oproep, sal kinder-karakters in kinder- en jeugboeke 'n plek opeis, en dit geld ook die Afrikaanse letterkunde. 'n Mens dink aan die “monsters”; aan Brolloks en Bittergal van Langenhoven, aan Waterbobbejaan van Ben Venter. Maar jy dink ook aan die fynsinnige kindergestaltes uit die pen van Alba Bouwer, soos Alie van Rivierplaas en Abdoltjie van die Bo-Kaap, wat blywend en tydloos geword het in die herinnering; kortom klassiek.

Te danke aan vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms, het ikoniese en onsterflike karakters uit kinderboeke van ander lande ook deel geword van die Afrikaanse letterkunde. Dié karakters kom voor in die boeke waarna Jaco Jacobs (2006:19) verwys as “wêreldliteratuur” wanneer hy sê:

Afrikaanse kinders het al jare lank die voorreg om die beste oorsese boeke in hul moedertaal te lees. Baie Afrikaanssprekendes se eerste kennismaking met “wêreldliteratuur” was Nerina Ferreira se briljante vertaling van die Pippie Langkous-boeke of die Afrikaanse vertalings van Asterix en Kuifie se avonture.

Volgens Desmet (2007:185) word klassieke kinderliteratuur dikwels beskou as literatuur wat aanvanklik op 'n volwasse gehoor gerig was en mettertyd tot kinderliteratuur ontwikkel het, byvoorbeeld sprokies en fabels, soos *Hans Christian Andersen-sprokies* (2015), *Grimm-sprokies* (2015), *Die mooiste sprokies van Grimm: 'n Keur* (2010) en *Die fabels van Esopus* (2011), asook mites en legendes, soos *Verhale uit die Arabiese Nagte* (2011). *Die avonture van Sherlock Holmes* (2005), *Die avonture van Tom Sawyer* (2005) en *Jock van die Bosveld* (2007) is ook voorbeelde van volwasse literatuur wat mettertyd kinderbesit geword het en vandag as klassieke werke geag word.

Klassieke kinderliteratuur word ook beskou as kinderboeke wat oor kanonieke status beskik, hetsy nasionaal (kanonieke status in net een land) of internasionaal (kanonieke status in meer as een land) (sien Desmet, 2007:185). Kinderboeke met kanonieke status is boeke

wat, soos Hennie Aucamp dit stel, “blywend en tydloos geword het in die herinnering”. Dit is moontlik kinderboeke wat in meer as net een land kanonieke status verwerf het waarna Jacobs verwys as “wêreldliteratuur” wat deur middel van internasionale vertalings aan Afrikaanse kinders beskikbaar gestel word.

Buiten Pippie Langkous, Asterix en Kuifie is daar vele ander karakters waarmee die Afrikaanse kind deur middel van vertaalde klassieke wêreldliteratuur kennis maak, waaronder ook Moemin, Nils Holgersson en Winnie-die-Poeh. ’n Paar van hierdie ikoniese karakters wat in vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur in die tydperk 1990-2018 in Afrikaans verskyn het, sal vervolgens aandag geniet.

Astrid Lindgren is een van die beroemdste kinderboekskrywers van die twintigste eeu. *Pippi Långstrump* het reeds in 1945 in Sweeds verskyn en die eerste Afrikaanse uitgawe, *Pippie Langkous*, is in 1972 gedruk deur Human & Rousseau, gevolg deur *Pippie Langkous gaan aan boord* (1974) en *Pippie Langkous in die Suidsee* (1975), almal vertaal deur Nerina Ferreira. Dié boeke is weer in 2002 herdruk en in 2016 in omnibusvorm uitgegee as die *Pippie Langkous-omnibus* ter viering van Pippie se 70ste bestaansjaar. Lindgren se *Pippie Langkous*-verhale is reeds in meer as 70 tale wêreldwyd vertaal.

Heelwat Afrikaanssprekendes wat in die negentigerjare grootgeword het, onthou die gewilde Moemin-tekenprentreeks wat op televisie uitgesaai is, met die kenwysie:

Weet julle wat? Die tyd is hier, vir nader skuif vir ’n avontuur! Wie laat ons kraai van pure plesier, vir ’n storie van sy nuutste gier? Dit is Moemin, die liewe lawwe Moemin! Moemamma, moepappa, Moemy, Mymy, Boeboe en Snifsnaf en Stinkie daarby! Almal woon saam in die Moevallei saam met Moemin, die liewe lawwe Moemin (Hough, 2011).

Die volledige reeks is later vir ’n nuwe generasie Afrikaanse kinders op kykNET uitgesaai (Hough, 2011). Hoewel Tove Jansson een van Finland se bekendste skrywers is (sy wen ook in 1966 die Hans Christian Andersen-prys vir kinderliteratuur) en haar Moemin-boeke wêreldwyd in meer as 35 tale vertaal is, is Jansson se Moemin-boeke eers in 2012 vir die eerste keer in Afrikaans vertaal, uitgegee deur Human & Rousseau. Volgens Simone Hough (2011), redakteur van kinder- en jeugboeke by Human & Rousseau, het Puffin Books ’n reeks boeke ontwerp ter herdenking aan die 65ste bestaansjaar van Jansson se Moeminkarakters, en dit is dié boeke (waaronder lig-die-flappie-boeke, prentboeke,

prenteboeke met plakkers en geïllustreerde kinderboeke) wat in Afrikaans vertaal is. Hierdie boeke sluit in *Moemin lig-die-flappie wegkruipertjie* (2010) vertaal deur Kobus Geldenhuys, *Moemin se verjaarsdag* (2010) vertaal deur Kobus Geldenhuys, *Moemin en die maanlig-avontuur* (2011) vertaal deur Kobus Geldenhuys, *Moemin en die komeet* (2012) vertaal deur Philip de Vos, en *Moemin en die towenaar se hoed* (2012) ook vertaal deur Philip de Vos.

Nog een van die bekendste karakters in kinderliteratuur die wêreld oor, is Lewis Carroll se Alice van *Alice's adventures in Wonderland* (1865). Dit is in vele tale vertaal, onder meer in Frans (*Alice au pays des Merveilles*), Duits (*Alice im Wunderland*), Nederlands (*Alice's avonturen in Wonderland*) en Italiaans (*Alice nel paese delle Meraviglie*). Die Afrikaanse vertaler, André P. Brink, noem dit “een van die merkwaardigste brokkies Engelse letterkunde” en meen “daar moet min tale wees waarin Alice se wedervaringe nog nie vertaal is nie” (Carroll, 2010). Die eerste Afrikaans uitgawe, *Alice se avonture in Wonderland*, verskyn in 1965 vertaal deur André P. Brink en uitgegee deur Human & Rousseau, en in 2010 verskyn 'n nuwe hersiene uitgawe (die vertaling is steeds deur André P. Brink, met illustrasies deur Marjorie van Heerden).

Antoine de Saint-Exupéry se *Le petit prince* (1943) is onomwonde deel van klassieke wêreldliteratuur. Die stofomslag van die Engelse vertaling deur Richard Howard, in 2013 uitgegee deur Egmont, lees:

A pilot stranded in the desert awakes one morning to see, standing before him, the most extraordinary little fellow. “Please,” asks the stranger, “draw me a sheep.” And the pilot realizes that when life's events are too difficult to understand, there is no choice but to succumb to their mysteries. He pulls out a pencil and paper ... And thus begins this wise and enchanting fable that, in teaching the secret of what is really important in life, has changed the world forever for its readers. Few books have been as universally cherished by children and adults alike as *The Little Prince*. This stunning new translation, together with restored artwork, is the definitive edition of a worldwide classic (Saint-Exupéry, 2013).

Die heel eerste Afrikaanse vertaling, *Die klein prinsie*, verskyn in 1957, uitgegee deur Balkema. Hierna verskyn 'n nuwe vertaling (deur André P. Brink) in 1994 by Tafelberg Uitgewers. Teen 2000 is Tafelberg se *Die klein prinsie* al in die derde druk en in 2015 word die negende druk uitgegee.

Die Sweedse skrywer en onderwyseres, Selma Lagerlöf, se boek *Nils Holgerssons underbara resa genom Sverige* (1906) is in 2010 in Afrikaans uitgegee deur Protea Boekhuis, vertaal deur R.M.R. as *Nils Holgersson se wonderbaarlike reis*. Dit is reeds in vele ander tale vertaal, onder meer in Engels, Frans, Duits, Hebreeus en selfs in Arabies. Diegene wat in die tagtigerjare grootgeword het, sal *Nils Holgersson* onthou as 'n oorgeklankte Afrikaanse animasiereeks met altesaam 52 episodes wat deur die destydse SAUK op televisie uitgesaai is.

A.A. Milne se Winnie-the-Pooh-karakter is ook oor die wêreld heen bekend. Die eerste boek waarin dié geliefde beer-karakter verskyn het, is *Winnie-the-Pooh* (1926). Hierna verskyn *The house at Pooh Corner* (1928) en sedertdien is hierdie verhaal in verskeie tale vertaal en tot verskeie televisiereekse en films verwerk (byvoorbeeld Disney se films, waaronder *The many adventures of Winnie the Pooh* in 1977, *Pooh's Heffalump Movie* in 2005, *Winnie the Pooh* in 2011 en *Christopher Robin* in 2018). Milne se bekende verhaal verskyn vir die eerste keer in Afrikaans in 1985, vertaal deur Alba Boucher as *Winnie-die-Poeh* en uitgegee deur Tafelberg. In 2007 verskyn 'n heruitgawe. Hierbenewens is talle van Disney se Pooh-verwerkings ook in Afrikaans vertaal, onder meer *Walt Disney se Winnie-die-Poeh en Tier ook* (2000), *Disney se Winnie-die-Poeh en 'n present vir Varkentjie* (2004) en *Disney se Winnie-die-Poeh en 'n goeie nagrus* (2004).

Die ikoniese monsters in Maurice Sendak se *Where the wild things are* (1963) is nie net in Afrikaans nie, maar oor die wêreld heen bekend. In Frans heet dit *Max et les maximonstres*, in Nederlands *Max en de maximonsters*, in Spaans *Donde viven los monstruos*, in Duits *Wo die wilden kerle wohnen* en in Italiaans *Nel paese dei mostri selvaggi*. Anthony Browne se prenteboek, *Willy the dreamer* (1997) (in Afrikaans vertaal as *Willie die dromer* deur Shané Kleyn en in 2012 uitgegee deur Protea Boekhuis), speel met intertekstuele verwysings na bekende kunswerke en klassieke kinderliteratuur, onder meer verwysings na Lewis Carroll se *Alice's adventures in Wonderland*, Hans Christian Andersen se *The little mermaid* asook na Maurice Sendak se *Where the wild things are* (sien ook afdeling 4.2.2.1.2). Willy droom van monsters en in die gepaardgaande illustrasie kyk hy in die spieël, en sien sy weerkaatsing as 'n monster uit Sendak se *Where the wild things are*. *Wildekanieland* (vertaal deur Leo van der Westhuijzen) is vir die eerste keer in 1967 in Afrikaans gepubliseer deur HAUM en die tweede uitgawe verskyn in 2013, gedruk deur Human & Rousseau.

René Goscinny en Albert Uderzo se *Asterix*-reeks is al in meer as 100 tale en dialekte vertaal, waaronder Nederlands, Spaans, Italiaans, Russies, Duits, Pools, Grieks, Chinees, Arabies, Hongaars, Baskies, Gallies, Wallies en Latyns. Terwyl Human & Rousseau in die 1970's en die 1990's begin het om die *Asterix*-reeks in Afrikaans uit te gee (byvoorbeeld *Asterix en die Olimpiese Spele* in 1997, vertaal deur Ludwig Visser) het Protea Boekhuis sedert 2012 al heelwat *Asterix*-titels in Afrikaans gepubliseer, vertaal deur Sonya van Schalkwyk-Barrois, waaronder *Asterix die Galliër* (2012), *Asterix en Cleopatra* (2013), *Asterix in Britannië* (2014), *Asterix en die speelplek van die gode* (2015), *Asterix by die Olimpiese Spele* (2016), *Asterix en die koperpot* (2017) en *Asterix en die groot moles* (2017).¹⁸

Hergé, oftewel Georges Prosper Remi, was 'n Belgiese skrywer en illustreerder en is die skepper van die alombekende Tintin-strokiesprentkarakter wat vir die eerste keer op 10 Januarie 1929 in die Belgiese koerant, *Le Vingtième Siècle* verskyn het. Dié gewilde reeks is al in sowat 60 tale vertaal en is in Afrikaans bekend as Kuifie (moontlik na aanleiding van die Nederlandse vertaling, Kuifje). Dit is in Afrikaans vertaal deur Sonya van Schalkwyk-Barrois en uitgegee deur Protea Boekhuis in titels soos *Die avonture van Kuifie: Die blou lotus* (2004), *Die avonture van Kuifie: Die swart eiland* (2004) en *Die avonture van Kuifie: Die sigare van die farao* (2005).

Die Britse skrywer, J.R.R. Tolkien, se werk was nog nooit uit druk nie. Hoewel sy *The lord of the rings*-trilogie waarskynlik vandag sy bekendste en gewildste werk is, het *The hobbit* ook 'n kultusaanhang. Tolkien het *The hobbit* (1937) aanvanklik vir sy kinders geskryf en sy *The lord of the rings*-trilogie (1954) het daaruit gespruit. *Die hobbit of Daarheen en weer terug* verskyn in 2017 by Protea Boekhuis, vertaal deur Janie Oosthuysen.¹⁹

C.S. Lewis se reeks *Narnia*-verhale het ook wêreldwyd klassieke status verwerf. Van der Watt (2015) sê:

¹⁸ Die oorspronklike skrywer, René Goscinny, is in 1977 oorlede. Die oorspronklike illustreerder, Albert Uderzo, het ná Goscinny se heengaan agt boeke op sy eie geskep. Sedert 2013 neem 'n nuwe skrywer en illustreerder die reeks waar: Jean-Yves Ferri (skrywer) en Didier Conrad (illustreerder). Hulle eerste *Asterix*-avontuur, *Asterix by die Pikte*, is op 24 Oktober 2013 regoor die wêreld bekendgestel (Walters, 2013b:11).

¹⁹ Die eerste boek in Tolkien se *The lord of the rings*-trilogie is in 2018 in Afrikaans vertaal deur Janie Oosthuysen as *Die kameraadskap van die ring*, gedruk deur Protea Boekhuis. Die tweede Afrikaanse boek in dié trilogie verskyn in 2019 by Protea Boekhuis as *Die twee torings*, vertaal deur Kobus Geldenhuys.

CS Lewis se kronieke van Narnia beklee 'n gevestigde plek in die kanon van kinder- en jeugliteratuur – daar is wêreldwyd reeds meer as 100 miljoen kopieë van die reeks verkoop sedert die verskyning van die eerste boek in 1950, en dit is in sowat 47 tale vertaal.

Die eerste en waarskynlik ook die heel bekendste boek in die reeks, is *The lion, the witch and the wardrobe*, wat in 1950 in Londen gepubliseer is en waarin die nou reeds nostalgiese karakters Aslan en die Pevensie-kindere, vir die eerste keer aan lesers voorgestel is. Dié boek is reeds in 1967 deur Human & Rousseau in Afrikaans gepubliseer as *Die verhale van Narnia: Die leeu, die heks en die hangkas*, gevolg deur *Die verhale van Narnia: Die towenaar se neef* in 1968 (vertaal deur Helene de Villiers). In 2002 verskyn hierdie twee boeke in 'n tweede uitgawe gevolg deur nog twee boeke in die reeks (daar is sewe in totaal), naamlik *Die perd en sy seun* (2002) en *Prins Kaspian* (2002). (Heruitgawes van die eerste twee boeke is ook in 2002 gedruk). In 2015 gee Protea Boekhuis die laaste van die boeke in die reeks uit as verhale in die *Kronieke van Narnia* vertaal deur Kobus Geldenhuys, naamlik *Die vaart van die Dagbreker*, *Die silwer stoel* en *Die laaste geveg*, gevolg deur dié uitgewer se eie weergawes van die eerste vier boeke in die reeks (ook vertaal deur Kobus Geldenhuys): *Die leeu, die heks en die klerekas* (2016), *Die perd en sy seun* (2016), *Prins Kaspian* (2016) en *Die towenaar se nefie* (2016).

4.2.5 Die vertaling van kommersiële kinderboeke

Globalization has brought major changes in the publishing industry and the literary marketplace over the past few decades. The influence of globalization and consumerism has been particularly striking in the field of children's literature, which has become increasingly commercialized in recent years (Beckett, 2009:202).

Volgens Jack Zipes (2001) beïnvloed hedendaagse neigings in die kulturele industrie kinderliteratuur in so 'n mate, dat boeke in produkte of gebruikersitems omskep word. Kinderboeke word toenemend deel van die kulturele industrie. Soos Zipes (2001:69) dit stel: "To a certain extent, books and reading material for the young are no different today from other products packaged and marketed for the young: baseball cards, computer games, doll sets, toys, T-shirts with logos, skateboards, running shoes, CDs, posters." Hoewel Zipes (2001) se navorsing hoofsaaklik op die Amerikaanse kinderliteratuursisteem van toepassing is, is 'n groot aantal kinderboeke uit Amerikaanse Engels in Afrikaans vertaal vir die tydperk

1990-2018 (sien afdeling 6.2.3). Daarom het dié tendens ook in 'n mate in vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms neerslag gevind.

Sommige kommersiële kinderboeke is byprodukte (sogenaamde *spin-offs*) van televisie-animasiereekse of -films. Voorbeelde hiervan, is *Disney se wonderwêreld van lees-reeks* wat meestal op gewilde Walt Disney-karakters of -films gebaseer is, soos *Aladdin en sy wonderlamp* (1990), *101 dalmasiërs* (1990), *Lady en die vabond* (1990), *Die leekoning* (1994), *Bambi* (1995) en *Die aristokatte* (1995). In die 1990's is die Amerikaanse kleutertelevisiereeks, *Barney*, ook op Suid-Afrikaanse televisie uitgesaai en 'n reeks boeke is op dié karakter geskoei en in Afrikaans vertaal, met titels soos *Barney se boek vol drukkies* (1997) en *Barney sê asseblief en dankie* (2002). Boeke is ook op populêre speelgoed gebaseer, soos die Amerikaanse Barbie-pop wat haar eie *Barbie*-boekreeks het. Heelwat titels uit dié reeks is in Afrikaans vertaal, soos *Barbie: Redding van die eenhoring* (2001) en *Barbie: 'n Spesiale ballerina* (2002).

Zipes (2001) meen dié boeke is bloot gebruiksitems, soos 'n T-hemp of 'n koffiebeker, wat op 'n gewilde karakter uit die vermaaklikheidsindustrie gebaseer is, en omdat hierdie boeke ontstaan het uit die vermaaklikheidsindustrie, word dit ook in die inventaris geklassifiseer as vermaaklike boeke (V).

Zipes (2001:11) meen die invloed van die vermaaklikheidsindustrie op kinderliteratuur is besig om kinders in gretige gebruikers van kommersiële goedere (waaronder boeke) te verander:

[O]ur society has cultivated reading and viewing habits that prey upon and exploit the desires and needs of the young to make it appear that virtue is constituted by one's ability to buy and consume whatever one chooses, and that the more one consumes of product names, the more one is identified with the successful, omnipotent product. Such consumption, they argue, while seeming to be free, is actually determined by mass-marketing techniques and technologies that have a profound effect on our culture.

Prentebouke is ook baie duur en word al meer as luukse items beskou, terwyl kommersiële of massamarkprentebouke (soos die *Disney*- en *Barbie*-reeks) dikwels heelwat goedkoper te kry is. Dit is ook waarom Zipes (2001:57) meen daar is "a certain tendency to purchase what the culture industry highlights and makes affordable".

Die reusesukses van J.K. Rowling se *Harry Potter*-reeks regoor die wêreld het gelei tot veranderinge in die kinderboekindustrie, deurdat die *hype*-verskynsel of bohaaiboek tot kinderliteratuur toegetree het. Dit het ook die vermaaklikheidsindustrie beïnvloed. Ná Harry Potter, is kinderboeke gesien as “big business, and it is a business that extends well beyond the book itself” (Beckett, 2009:203). Soos Zipes (2001:172) dit verduidelik:

Phenomena such as the Harry Potter books are driven by commodity consumption that at the same time sets the parameters of reading and aesthetic taste. Today the experience of reading for the young is mediated through the mass media and marketing so that the pleasure and meaning of a book will often be prescribed or dictated by convention.

Uitgewers het dadelik begin soek na die “volgende Harry Potter” – die volgende bohaaiboek wat wêreldwyd ’n topverkoper sal wees. Ook groot mediakonglomerate soos Disney het dié neiging in kinderpopkultuur raakgesien en dit begin uitbuit deur films en ander byprodukte te skep wat op topverkoperkinderboeke gebaseer is. Heel eerste was Harry Potter aan die beurt, en nadat die *Harry Potter*-reeks uiters suksesvol in afsonderlike films (en ander byprodukte, waaronder speelgoed) omskep is, is gewilde kinderboeke toenemend op dieselfde manier gekommersialiseer.

Met die verskyning van die bohaaiboek, is ’n splinternuwe kopersmark ontdek, naamlik kinders én volwassenes wat kinderboeke lees. Volgens Beckett (2009:14) het die Harry Potter-verskynsel veroorsaak dat kinderboeke se status in Brittanje verhef is en in Brittanje, Amerika en elders het kinderliteratuur deel geword van die hoofstroompopkultuur.

Hoewel die vertaling van die *Harry Potter*-reeks in Afrikaans nie in Suid-Afrika gelei het tot ’n merkbare hoër status vir kinderliteratuur in die Afrikaanse literêre sisteem nie (sien afdeling 4.3), het die bohaaiboektendens wel in vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms ’n neerslag gevind. Terwyl uitgewers dikwels as literêre hekwagters beskou word, is uitgewers per slot van sake ook besighede, en sedert 1994 moes Afrikaanse uitgewers begin gehoor gee aan markkragte in ’n vrye boekmark.

Talle kinderboeke wat ná 2000 in Afrikaans vertaal is, is gewilde internasionale boeke wat tot groot Hollywood-films verwerk is. Sodra ’n boek of ’n reeks in ’n film omskep is, beteken dit dat die boek eintlik deur middel van die film bemark word en hoewel die boek eerste daar

was, kan die boek steeds as 'n sogenaamde *tie-in* beskou word – as 'n kommoditeit of gebruikersprodukt wat aan die film verbonde is.²⁰ Volgens Taxel (2011:482) is dit hoe boeke deur die massamark as't ware tot handelsmerke omskep word:

A popular book invariably is followed by a sequel, or a series, which often leads to a film or a television program, that leads to a seemingly endless constellation of commodities, or “merch,” that advertise the books, that promote the film, that promote the merch in an endlessly repeating cycle. The ultimate objective is to “brand” the books and their characters so that children will return to them again and again.

Die verskil tussen hierdie boeke en boeke wat as vermaaklikheidsliteratuur in die inventaris geklassifiseer is, is dat dié boeke eers in boekvorm gepubliseer en eers later as films tot die kommersiële sfeer toegetree het. Die film (asook ander kommoditeite wat dikwels ná die film volg) is dus as't ware 'n byproduk van die boek, en nie andersom nie.

Boeke wat in Afrikaans vertaal is nadat die brontekste in 'n film omskep is, is byvoorbeeld Cornelia Funke se *Hart van ink* (2009), Jeff Kinney se *Dagboek van 'n wimp*-reeks en Cressida Cowell se *Hoe om jou draak te tem*-reeks, Michael Morpurgo se *Krygspersd* (2012), Katherine Paterson se *Brug na Terabithia* (2018) en J.R.R. Tolkien se *Die hobbit of Daarheen en weer terug* (2017).

Hoewel die eerste boek in C.S. Lewis se *Narnia*-reeks reeds in 1967 in Afrikaans vertaal is (naamlik as *Die verhale van Narnia: Die leeu, die heks en die hangkas*), het daar tot en met 2002 nog net vier van die sewe boeke in dié reeks in Afrikaans verskyn. Ná die verfilming van die reeks, is die laaste drie boeke in 2015 in Afrikaans vertaal, gevolg deur 'n heruitgawe van die eerste vier boeke in 2016.

Oor dié tendens in die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans, sê Sally Partridge (2008:28):

Sedert Suid-Afrika 'n demokrasie geword het, het ons literatuur, wat so lank 'n spreekbuis vir politiek en die struggle was, skielik 'n nuwe era betree. Ek glo dat ons as gevolg van die wêreldwye tendens in kinderboeke ook nou 'n nuwe tydperk in kinder- en jeugliteratuur beleef. Kinders van vandag word gestimuleer deur die globale bemarkingsmasjien. As 'n mens deesdae na 'n boekwinkel gaan, voel jy

²⁰ Dit word veral gesien wanneer 'n nuwe uitgawe van 'n boek se voorblad verander word om karakters uit die film weer te gee, byvoorbeeld in Roald Dahl se *Charlie en die sjokoladefabriek* (2005).

behoorlik oorweldig deur al die helder, gillende boekomslae van die Harry Potter-, *The Dark Materials*- en *Spiderwick Chronicles*-reekse wat almal van die boekrakke af om jou aandag meeding ... Kinders wil fantasieromans lees en weggevoer word na ander wêreldes. Die internasionale topverkoper-fantasiereekse, *The Spiderwick Chronicles*, Harry Potter en *Eragon*, is almal tot rolprente verwerk.

4.3 'n Sistemiese ondersoek: Die posisie wat die subsisteem van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms in die sisteem van Afrikaanse kinderliteratuur inneem vir die tydperk 1990-2018

Vir die doeleindes van hierdie studie, word Afrikaanse kinderliteratuur as 'n kleiner sisteem of 'n subsisteem in die Afrikaanse literêre polissisteem beskou. Afrikaanse kinderliteratuur is ook 'n polissisteem in eie reg. Vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms kan derhalwe as 'n kleiner sisteem of 'n subsisteem in die polissisteem van Afrikaanse kinderliteratuur ondersoek word, waar dit met ander subsisteme moet meeding om 'n posisie van mag en dominansie (soos oorspronklike Afrikaanse kinderliteratuur en vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van plaaslike herkoms) (sien afdeling 3.4).

Ten einde die posisie te probeer peil wat die subsisteem van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms in die polissisteem van Afrikaanse kinderliteratuur inneem, word 'n resensie-analise (afdeling 4.3.1) en 'n ondersoek na literêre toekennings (afdeling 4.3.2) gedoen.²¹

In die resensie-analise (afdeling 4.3.1) is kinderboekresensies geanaliseer wat in die tydperk 1990-2018 in die Afrikaanse media verskyn het. Dit is gedoen deur al die resensies wat in dié tyd verskyn het, op te spoor en noukeurig te lees. Tydens die lees van die resensies, is daar gelet op die oordeel wat in die resensie uitgespreek is oor die vertalings (positief of negatief) en die persepsies (in die vorm van uitlatings) van literêre agente oor die rol wat internasionale vertalings in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem speel. Die doel van die resensie-ondersoek is om die rol van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem na te gaan (afdeling 4.3.1.1) en die opname van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms

²¹ Die resensie-ondersoek is nie 'n diepte-resepsiestudie nie.

in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem te probeer peil (afdeling 4.3.1.2). Die opname-onderzoek word onderverdeel in 'n ondersoek na die kritiese oorweging van die vertaalhandeling in resensies (afdeling 4.3.1.2.1) en die polemieë oor Harry Potter in Afrikaans (afdeling 4.3.1.2.2).

In die ondersoek na literêre pryse en toekennings vir Afrikaanse kinderliteratuur (afdeling 4.3.2) word die status van die subsisteem van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms nagegaan. Literêre toekennings waarvoor hoofsaaklik oorspronklike Afrikaanse kinderliteratuur in aanmerking kom, geniet aandag (afdeling 4.3.2.1), gevolg deur 'n bespreking van die polemieë oor pryse vir Afrikaanse kinderliteratuur (afdeling 4.3.2.2) en 'n bespreking van die literêre toekennings waarvoor hoofsaaklik vertalings en/of vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur in aanmerking kom (afdeling 4.3.2.3).

4.3.1 Resensie-analise

Waarom moet verhale vir kinders en jongmense apart en as minderwaardig beskou word en deur die literatuurgeskiedskrywers en die media geminag en selfs geïgnoreer word. Die jeug en kinders is tog die toekoms. Sonder hulle is daar nie Afrikaans nie, wat nog van 'n Afrikaanse boek? (Hough, 1992:5).

Kinderboeke beweeg op die rand van die Afrikaanse literêre sisteem en as gevolg hiervan, beskik literatuur vir kinders oor weinig status (sien afdeling 3.3). Die lae status van kinderen jeugboeke – volgens die Afrikaanse skrywer Barry Hough, as “derdeklas burgers van die Afrikaanse literatuurkritiek en geskiedskrywing” – veroorsaak ook dikwels dat skrywers van dié boeke nie werklik die eer kry wat hulle toekom nie. Soos Hough (1992:5) dit stel:

Hoewel die Akademie al 'n geruime tyd erkenning gee aan jeugverhaalskrywers vir hul werk, staan die literatuurgeskiedskrywers en baie letterkundige kritici en kunsjoernaliste, wat die genre betref, in die teken van 'n belletristiese apartheid en snobisme. Dikwels vra skrywerkollegas en kunstejoernaliste my: Wanneer skryf jy nou 'n ordentlike boek? Of selfs wanneer skryf jy nou rêrig? Tot my groot verbasing het 'n uitgewer, wat naamloos sal bly, my ook al hierdie vraag gevra.

Ook Jaco Jacobs, veelbekroonde Afrikaanse kinderboekskrywer en gereelde vertaler van internasionale kinderboeke in Afrikaans, maak die volgende uitlating:

“So, waarom skryf jy nou juis kinderboeke?” As ek tien rand gekry het elke keer wat ek al hierdie vraag gehoor het, sou ek waarskynlik ’n nuwe HAT kon koop. (My ou osbloedrooie wat van my skooldae dateer, begin nou stadig maar seker ontbind.) Op die oog af is dit ’n doodonskuldige vraag. Maar kort op die hakke van hierdie vraag volg dikwels die opvolgvraag: “En wanneer gaan jy nou eendag ’n roman vir volwásseenes skryf?” Of nog erger: “Wanneer gaan jy nou eendag ’n régte boek skryf?” (Jacobs, 2014:27).

Aangesien kinderboeke nie as “régte boeke” beskou word nie,²² is die resensies oor kinderboeke wat in die gedrukte media verskyn min en yl versprei, en word kinderboeke dikwels nie deur kundiges geresenseer nie.²³ Terwyl plaaslike kinderboeke min media-dekking ontvang (sien ook Wybenga & Snyman, 2005:12), trek vertaalde kinderboeke van internasionale herkoms aan die heel kortste ent: Resensies oor vertalings is die uitsondering, en die handvol resensies oor vertaalde kinderboeke wat wel in die media verskyn, gee dikwels net ’n algemene idee van die boek se inhoud weer, of het ten doel om boeke aan kopers te bemark (veral net voor die Kersseisoen).

In die gedrukte media, is resensies oor plaaslike Afrikaanse jeugboeke in die meerderheid. Hoewel ’n groot hoeveelheid kinderboeke prentebouke is, word dié genre afgeskeep. Oor die gebrek aan resensies van prentebouke in Afrikaans, sê Lydia Snyman (1998:8):

C.P. Hoogenhout se *Eerste Afrikaanse printjies boeki ver soet kinders* het in 1879 in die Paarl verskyn – bestaande uit prentjies met lessies daarby. Soos die titel aandui, is dit geensins as letterkunde geag nie. Ten spyte van ’n wêreldwye en getalsgewyse ontploffing van hierdie unieke soort boek, is literêre minagting in ons land grootliks nog aan die orde van die dag – in so ’n mate dat besprekings van prentebouke nie in koerante en tydskrifte verskyn nie, “want daar is nie juis iets daarvoor te sê nie”.

Ook die bekroonde Suid-Afrikaanse kinderboekillustreerder, Piet Grobler, meen dat prentebouke as die “weeskind” van kinderboeke beskou kan word, en sê: “Niemand neem eienaarskap daarvan nie. Is dit letterkunde? Is dit beeldende kuns? En omdat niemand seker is nie, beland dit dikwels by die opvoedkunde” (soos aangehaal in Smith, 2004:6).

²² Die digter en vertaler van Adam Mansbach se *Go the fuck to sleep* in Afrikaans, Cas Vos, gesels met Anim van Wyk in *Die Burger* en verwys ietwat neerhalend na dié verse as “kindergoedjies” en “goetertjies” wanneer hy sê: “Lida, my vrou, is baie goed met kindergoedjies en -vertellings en so, en sy het na van die goetertjies gekyk en gesê: ‘Dié een werk, dié een werk nie.’” In antwoord op ’n vraag oor waarom hy dink hy genader is om die vertaling te behartig, sê hy: “Want dit is *poetry*, al is dit kindergoed” (Van Wyk, 2011:13).

²³ Hieroor maak Piet Grobler (soos aangehaal in Heyns, 2008:62) die volgende uitlating: “Prentebouke word byvoorbeeld dikwels geresenseer deur iemand met weinig formele kennis op die gebied. Ouerskap kwalifiseer nie ’n joernalis as ’n prentboekresensent nie!”

Ten einde resensies oor vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms op te spoor, is boekeblaaie in gedrukte en gebinde kopieë van *Die Burger* vir die tydperk 1990-2018 nagegaan. Voorts is daar ook 'n soektog op SAMedia geloods met behulp van sleutelwoorde wat in verskillende kombinasies saamgegroepeer is, soos “Afrikaans”, “kinderliteratuur”, “vertaalde”, “kinderboeke”, “kinder- en jeugliteratuur”, “vertaling”. Aangesien min kinderboekresensies in die media verskyn, is die navorser genoop om ook resensies in alternatiewe publikasies te soek, waaronder die Kaapse Bibliotekaris, persoonlike blogs (soos dié van oudbibliotekaris Lona Gericke) en onafhanklike internetjoernale, soos LitNet en Storiwerf. Uit hierdie resensie-soektog was dit opmerklik dat, terwyl daar werklik min vertaalde Afrikaanse kinderboeke geresenseer is in die tydperke 1990-1999 en 2000-2009 – met laasgenoemde 'n tyd waarin resensies oor J.K. Rowling se *Harry Potter*-reeks en die polemieë oor hierdie boeke in Afrikaans baie aandag in die media geniet het (sien ook afdeling 4.3.1.2.2) – resensies oor vertaalde Afrikaanse kinderboeke ietwat toegeneem het vir die tydperk 2010-2018, moontlik weens die toename in die getal vertalings van internasionale herkoms wat in dié tyd gepubliseer is.

Vervolgens sal daar deur middel van 'n resensie-analise gekyk word na die rol of funksie van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem (afdeling 4.3.1.1) en in watter mate vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem opgeneem is vir die tydperk 1990-2018 (afdeling 4.3.1.2).

4.3.1.1 Die rol van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem

Uit 'n resensie-ondersoek blyk dit dat die primêre rol van vertaalde kinderboeke van internasionale herkoms in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem is om as aanvullend tot plaaslike Afrikaanse kinderliteratuur te dien. Uitlatings soos die volgende getuig hiervan (vetdruk deur die navorser): “Hierdie verhale **gee diepte** aan die Afrikaanse literatuurskat” (Jacobs, 2006:19); “Hierdie boekies sal 'n lekker, leersame ervaring vir jong lesertjies verseker en is definitief 'n **aanwinst** vir die kinders se boekrak” (Gericke, 2015a); “Kennismaking met prentboeke uit die res van die wêreld kan 'n **waardevolle toevoeging** tot die Afrikaanse boekeskat wees” (Greyling, 2009b:7); “Afrikaans en ons kinder- en jeuglektuur word hiermee oneindig **verryk**” (Botha, 2011); “Suid-Afrikaanse

kinderboekpublikasies hou goed kers vas by dié van ander lande, maar vertalings soos hierdie **verdien ook ’n plek** op kleuterboekliefhebbers se rak. Al is dit net ter wille van volledigheid” (Roux, 2009:9); “hierdie pragtige prenteboeke ... [is] werklik ’n **aanwinst** vir Afrikaans” (Botha, 2015); “Kennismaking met prenteboeke uit die res van die wêreld kan ’n **waardevolle toevoeging** tot die Afrikaanse boekeskat wees” (Greyling, 2009b:7); “twee **welkome toevoegings** tot die Afrikaanse prenteboekrak” (Vorster, 2018); “die vertaling is ’n **groot geskenk** aan Afrikaanse lesers” (Bester, 2004:13); “**hoogtepunte** in elke huis se kinderboekery” (Rousseau, 2011:11); “’n Goeie Afrikaanse kinderboekversameling sal voortaan **onvolledig** wees” (Samuel, 2013:3); “In Afrikaans bestaan al ’n paar sogenaamde klassieke werke, soos *Brolloks en Bittergal*, D.J. Opperman se *Kleuterverseboek*, *Liewe Heksie* en *Huppelkind*, maar dit is belangrik om kennis te neem van die wêreldletterkunde se klassieke kinderboeke” (Samuel, 2013:3); “Dié is ’n **waardevolle bydrae** tot die verhaleskat vir kinders in Afrikaans” (Van der Walt, 2014:11); “Oorlogswinter sal inderdaad ’n **leemte vul** by Afrikaanse jeugverhale” (Gericke, 2015c), “Hierdie kinderboek is ’n **besondere aanwinst** vir Afrikaans” (Gericke, 2011:29); en “Protea Boekhuis het nou die geleentheid aangegryp om ons kultuurskat met hierdie ikoniese reeks te **verryk**” (Van der Watt, 2015).

Dit wil voorkom asof vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms ter aanvulling van die plaaslike Afrikaanse aanbod dien, en in die geval van die vertaling van klassieke kinderboeke van regoor die wêreld, ter verryking. Internasionale vertalings vul ook soms spesifieke leemtes in die Afrikaanse verhaalskat en dien om die aanbod van kinderliteratuur in Afrikaans te diversifiseer.

Oor die vertaling van Jan de Kinder se *Is jy bang in die bos, Pappa Wolf?* en *Rooi: Waarom boelies nie snaaks is nie* in Afrikaans, sê Magdel Vorster (2018):

Albei boeke kan in biblioterapie gebruik word en bydra tot bewusmaking van emosies waarmee baie jong kinders sukkel. In *Is jy bang in die bos, Pappa Wolf?* is daar ook ’n boodskap vir volwasse voorlesers. Biblioterapie kan die kind help om emosionele uitdagings te verwerk, daaglikse probleme te hanteer en sy selfbeeld te bou.

In ’n resensie oor Sonja Kaiblinger se *Harry Griesel*-reeks in Afrikaans, meen Lona Gericke (2016a) daar was “nog nie so ’n reeks in Afrikaans nie”. Gericke (2014b) sê ook van Philip Reeve se *Wouter en die eienaardige eilandavontuur*: “Ek het nog nie iets soortgelyks in Afrikaans gelees nie.”

Vertalings van internasionale herkoms beïnvloed ook skrywers van plaaslike kinderliteratuur in Suid-Afrika. Ingrid Mennen, bekroonde kinderboekskrywer, vertel in *Die Burger* (Pople, 2017:6) hoe haar ma, Rene Deetlefs – ook 'n kinderboekskrywer – vir haar as 'n kind voorgelees het uit die Grimm-broers se sprokies, die sprokies van Hans Christian Andersen, die sprokies van Perrault en uit die verhale van die *1001 Nagte*, asook Afrikaanse vertalings van ou Nederlandse, Russiese en Skandinawiese verhale. Oor die invloed van dié vertalings in haar lewe, sê sy:

'n Kind in die 1960's aan die suidpunt van Afrika is blootgestel aan 'n wyer wêreldkultuur ... Kinders het die reg om van dinge ver verby hulself en hul eie woonplek te leer. Stories ken geen grense nie, woorde is weerbarstig nes kinders ook kan wees en soos stories is kinders avontuurlustig.

4.3.1.2 Die opname van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem

Hetsy vertaalde kinderboeke van internasionale herkoms klassieke kinderboeke, gewilde reeksboeke of vermaaklike kinderboeke is wat op gewilde film- of televisiekarakters geskoei is, word vertaalde kinderboeke van internasionale herkoms algemeen as 'n aanwinst tot die inheemse Afrikaanse verhaalskat verklaar, of as verrykend tot die Afrikaanse kinderliteratuursisteem beskou (sien ook afdeling 4.3.1.1).

Oor die vertaling van Annie M.G. Schmidt en Fiep Westendorp se klassieke Nederlandse kinderboek *Jip en Janneke* in Afrikaans, verklaar Lona Gericke (2016b): “'n Lekker voorleesboek met situasies tipies uit 'n kind se ervaringswêreld. 'n Klassieke werk wat 'n plek verdien in biblioteke en tuisversamelings.”

Net so, oor die vertaling van die klassieke werke *White Fang*, *die wolfhond*, *Die avonture van Sherlock Holmes*, *Skateiland* en *Tom Sawyer* (al vier deel van die Libri-reeks wat klassieke werke in Afrikaans beskikbaar stel) sê die vertaler, Janie Oosthuysen:

Al vier is wonderlike boeke wat onlosmaaklik deel is van die Westerse literatuurskat en vanweë intrinsieke kwaliteite verdien om voort te leef ... Die gehalte van die skryfwerk en die oorspronklikheid en egtheid van die inhoud vra vir vertaling, ook in die Afrikaanse taal. Hierdie verhale gee diepte aan die Afrikaanse literatuurskat en moet deur almal gelees word wat ernstig is oor boeke en op soek is na goeie stories.

Elkeen is 'n tydlose “móét-lees” en geskik vir kinders, sowel as volwassenes (Jacobs, 2006:19).

Met die verskyning van Tove Jansson se Moemins in Afrikaans, sê Leatitia Pople (2012:11): “Tot nou toe het ons die Moemins in Engels gelees. ‘Gomverdorie’, soos die Moemins sou sê, dit was hoog tyd dat dit in Afrikaans vertaal word.” Susan Samuel (2013:3) meen ook Dr Seuss se klassieke kinderboeke word in Afrikaans verwelkom: “En dan is *Die kat kom kuier*, *Die kat kom weer* en *Die Loraks* deur Dr Seuss natuurlik 'n moet.”

Ook R.L. Stine se gewilde *Goosebumps*-reeks in Afrikaans word deur Maritha Snyman (2000a:13) verwelkom omdat dit kinders sou aanspoor om boeke in Afrikaans te lees: “Geluk aan Tafelberg dat hy dit reggekry het om nog 'n paar Afrikaanse kinders aan die lees te kry met sy ‘cool’ en ‘scary’ Grillers. Koop dit gerus – daar is al veertien boeke beskikbaar in die reeks – en ignoreer die gille uit die kamer. Dis van pure plesier!”

J.B. Roux (2013:3) noem Jürgen Banscheraus se kinderspeurder in die vertaalde Afrikaanse *Speurder Kwaaikofski*-reeks “die Afrikaanse *whodunnit*” en vergelyk dié kinderspeurder met die plaaslike Afrikaanse skrywer Deon Meyer se Bennie Griesel-karakter wanneer sy sê: “Koop gerus hierdie reeks vir jou toekomstige erfgename aan, maar pas op dat dit nie op jou eie bedkassie beland nie. Deon Meyer se Bennie Griesel sal oor sy skouer moet kyk: Hy is skielik nie meer die leesbaarste papierspeurder in Afrikaans nie.”

Hoewel die vertaling van J.K. Rowling se *Harry Potter*-reeks in Afrikaans aanvanklik opspraak verwek het (sien afdeling 4.3.1.2.2), sê Marina le Roux (2000:9) die volgende oor die vertaling van hierdie reeks: “'n Welverdiende pluimpie in die pet van die uitgewers en 'n welkome oplewing in die kinder- en jeuglektuur.”

Ook vermaaklike boeke in Afrikaans, soos *Die Smurfs*, word verwelkom as boeke wat kinders se leeslus sal prikkel omdat die karakters aan kinders bekend is:

Kleuters hou darem nog van fliëk. As jy LitNet se uitdaging wil aanneem om boeke deel van jou kleuter of peuter se lewe te maak, is die “film tie-inns” wat soms saam met kinderfliëks verskyn, 'n goeie wegspringplek. Jonger kinders word dikwels so aangegryp deur fliëkkarakters dat hulle maklik geprikkel word deur boeke wat op dié karakters gegrond is. Die animasie-weergawe van *Jock of the Bushveld* is 'n goeie voorbeeld. Dan is daar die Smurfies – dié karnallies is al dekades met ons en het

onlangs weer opgeduik. ... As jou kleuter aangegryp is deur die Smurfies, verlei hom of haar met een of meer Smurfie-boeke (uitgegee deur Fantasi) (Roux, 2012).

In resensies oor vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms, word vertaalde kinderboeke oorwegend positief beskou, en word daar weinig 'n negatiewe oordeel gevel (sien ook afdeling 4.3.1.2.2). Vertalings vir kinders word algemeen beskou as belangrike blootstelling tot internasionale kinderboeke, soos Van der Watt (2015) opmerk:

Die vraag kan wel gevra word waarom dit, binne die Suid-Afrikaanse konteks waarin die meeste Afrikaanse kinders ook Engels ken teen die tyd dat hulle self kan lees, nodig is om vertalings van Engelse brontekste te produseer, soos die *Harry Potter*- en *Narnia*-reekse. Die antwoord hierop is dat die kweek van 'n gesonde leeskuiluur grootliks afhang van die blootstelling wat kinders van kleins af aan goeie boeke gehad het – en dit is eenvoudig deur voorlesing in hulle moedertaal.

Vertaalde internasionale kinderboeke speel ook 'n belangrike aanvullende rol in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem (sien afdeling 4.3.1.1) en as sodanig, word vertaalde internasionale kinderboeke tot 'n groot mate beskou as deel van Afrikaanse kinderliteratuur. Soos Jaco Jacobs (2006:19) opmerk: “Verbeel jou: Afrikaans sonder Pippie Langkous, Knikkie, Otto, die Goorgomgaai en Kuifie. Ondenikbaar!” Ook Snyman (2003:11) maak die volgende uitlating: “Geen kind, oud of jonk, mag die voorreg ontsê word om Pippie Langkous te leer ken nie.”

Weens die beskouing van vertaalde internasionale kinderboeke se rol in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem as aanvullend en verrykend tot plaaslike Afrikaanse kinderliteratuur, en as gevolg van die lae status van Afrikaanse kinderliteratuur in die literêre sisteem, word daar weinig in resensies krities standpunt ingeneem teenoor die vertaalhandeling self. Kinderboeke waarvan die vertaling in resensies werklik krities oorweeg word, is in die minderheid, en dan is dit dikwels kinderboeke wat as klassieke werke beskou word, of wat onder volwasse lesers 'n kultusaanhang geniet, en daarom as't ware oor 'n verhewe status beskik. En terwyl daar weinig in vertaalde kinderboekresensies 'n negatiewe oordeel gevel word, het die vertaling van J.K. Rowling se *Harry Potter*-reeks in Afrikaans groot opspraak verwek, met sommige Afrikaanssprekendes wat die opinie huldig dat hierdie reeks nie geskikte leesstof vir Afrikaanse kinders is nie.

Kritiese oorweging van die vertaalhandeling in vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms sal vervolgens aandag geniet (afdeling 4.3.1.2.1) waarna die polemieë oor Harry Potter in Afrikaans aan bod kom (afdeling 4.3.1.2.2).

4.3.1.2.1 Die kritiese oorweging van die vertaalhandeling in resensies

In resensies van vertaalde Afrikaanse kinderboeke, word daar selde iets oor die vertaling van die teks geopper. Aangesien vertaalde kinderboeke dikwels nie geresenseer word deur kundiges op die gebied van kinder- en jeugliteratuur nie en ook nie deur kundiges in vertaalstudie nie, word die inhoud van 'n vertaalde kinderboek dikwels net bondig opgesom.

Soms sal 'n resensent wel 'n opinie oor die vertaling waag, soos in: “Die Afrikaans sprankel só dat 'n mens kwalik kan dink hoedat die Engels dit sou kon ewenaar!” (Buchhaus, 2016:28); “'n Spesiale kompliment aan Philip de Vos vir sy voortreflike en sensitiewe vertalings” (Botha, 2015), “die boek lees besonder gemaklik en die teks vloei moeiteloos” (Koning van Katoren, 2011:31); “Laastens lees die teks gemaklik en is die vertaling suksesvol” (Theron, 2018); “dié vertalings sprankel” (Walters, 2013:13); “Linda Rode bewys weereens met haar fyn vertaling dat sy 'n meester is met teks interpretasies” [sic] (Gericke, 2014a); “goed vertaal in keurige Afrikaans wat by die teikengroep pas” (Snyman, 2017); “Dié boek ... is knap deur Hester Carstens vertaal” (Roux, 2009:9); “Lemony Snicket se boeke is in Afrikaans vertaal en lees baie lekker” (Thomson, 2005:16); “meesterlik vertaal uit Duits” (Jonck, 2013:26); “uitstekende vertaling deur Kobus Geldenhuys” (Theron, 2018), “Geldenhuys se vertaling is sprankelend” (De Kock, 2017:13) en “Geldenhuys bewys weereens dat hy meesterlik kan vertaal” (Gericke, 2018); “Die Afrikaanse vertaling werk goed, hoewel daar hier en daar 'n krapperigheid is” (Torr, 2017:9); “Daniel Hugo se vertaling lees lekker” (Gericke, 2015b) en “Leon Rousseau se vertaling is meesterlik!” (Bester, 2004:13).

Kinderboeke waarvan die vertaling in resensies werklik krities oorweeg word, is dikwels geïllustreerde kinderboeke of kinderboeke sonder illustrasies (prenteboeke word selde krities geresenseer) en dan dikwels ook kinderboeke wat as klassieke werke beskou word, of wat onder volwasse lesers 'n kultusaanhang geniet en as oorgangsliteratuur beskou kan word, en waarvan die status derhalwe effens verhewe is.

Een voorbeeld is die ontsteltenis van 'n boekeredakteur van *Die Burger* se Boekeblad oor domestisering in Roald Dahl se *Charlie en die sjokoladefabriek*, vertaal deur Kobus

Geldenhuis. Die boekeredakteur, Gerrit Brand, het aangevoer dat – weens “opdatering” (oftewel domestisering) in die Afrikaanse vertaling van die Oempa-Loempas se liedjie oor Mike Teevee – die “klassieke status” van hierdie gewilde kinderboek “ontken én gekelder” is (Hugo, 2007:11).

In Geldenhuis se Afrikaanse vertaling sing die Oempa-Loempas oor Harry Potter, die Trompie-reeks en Balkie, terwyl die bronteks slegs verwys na die werke van die Britse kinderboekskrywer, Beatrix Potter:

The younger ones had Beatrix Potter with Mr Tod, the dirty rotter, and squirrel Nutkin, Pigling Bland, and Mrs Tiggy-Winkle and – Just How The Camel Got His Hump, and How The Monkey Lost His Rump, and Mr Toad, and bless my soul, there’s Mr Rat and Mr Mole – oh, books, what books they used to know, those children living long ago! (Dahl, 2016:163).

Hierteenoor lees die Afrikaanse doelteks (Dahl, 2019:154) as volg:

Vir die kleintjies vertel iemand soos Beatrix Potter van die wind in die wilgers en ’n nare ou otter. Vir die oueres – en die ouers! – is daar Harry Potter met Dumbledore en Snape, die nare ou rotter. Hier te lande is daar Trompie en die Boksombende en die besige Balkie wat sorg vir alshelwe ellende. Hoe kan jy jou kinders dit laat misloop deur ’n televisiestel te gaan koop?

Hierop het Daniel Hugo (2007:11) repliek gelewer, naamlik dat die vertaling ’n bemiddelde weergawe is, en dat die oorspronklike die enigste outentieke weergawe bly. Aldus Hugo (2007:11), bestaan daar nie iets soos “’n finale, korrekte vertaling nie”, maar kan ’n vertaling “slegs meer of minder getrou wees”. Hugo (2007:11) lewer ook sy oordeel oor Kobus Geldenhuis se vertaling van *Charlie en die sjokoladefabriek*, en sê: “Myns insiens het Kobus Geldenhuis ’n besonder verantwoorde, vlot en opwindende vertaling gemaak. Roald Dahl sou sekerlik nie beswaar gehad het dat hy verwysings na kinderkarakters insmokkel wat aan Afrikaanse lesers bekend is nie. En die uitbundige Oempa-Loempas nog minder.”

Kobus Geldenhuis se vertaling van *Die silwer stoel* in die ikoniese *Narnia*-reeks deur C.S. Lewis het eweneens onder vertaalkritiek deurgeloop. Volgens Marike van der Watt (2015) is daar vertaalkeuses en -foute wat haar leeservaring “so effens gedemp het”. Naas taalfoute soos “handig” in plaas van “nuttig” (bladsy 47), “opsoek” wat twee woorde moes

gewees het (bladsy 51) en “lank, lank later” (op bladsy 122) wat haar “in die laatnag weer vinnig laat regop sit het”, sê sy die volgende:

Maar wat menige Narnia-aanhanger se wenkbroue onmiddellik die hoogte in sal laat skiet, is die vertaling van Doemdrommel se verwysing na “fricasseed frogs and eel pie” wat in Afrikaans “paddapastei en palingpiepie” (70) word. Hoewel toilethumor deesdae hoogmode in kinderboeke is, pas sulke banaliteite eenvoudig nie in Narnia nie. Daarby bied die alternatiewe, naamlik “gestoofde padda” / “paddafrikkadel” en “palingpastei”, dieselfde mate van alliterasie as in die Engels (as dít dan nou die oorweging kon gewees het).

Van der Watt (2015) noem ook dat hierdie taalfoute en vertaalkeuses moontlik nie Afrikaanse kinders se entoesiasme vir die reeks sal demp nie, en fel uiteindelik ’n algehele positiewe oordeel wanneer sy sê: “Afgesien daarvan, kan ek die boek beslis as kandidaat vir die Kerskouse aanbeveel, en wens ouers en kinders heerlike gedeelde avonture in Narnia toe – in Afrikaans!”

Marina le Roux (2000:9) is van mening dat J.K. Rowling na aanleiding van haar *Harry Potter*-reeks haar kan skaar by “die groot skeppers van klassieke fantasieë soos Tolkien, Lewis, Alexander, Le Guin en ander”. Le Roux (2000:9) kritiseer egter die vertaling van *Harry Potter en die kamer van geheimenisse* (deur Janie Oosthuysen), en sê:

Die Afrikaanse vertaling is soos die hulpprediker in die spotprent se eier: goed (soms selfs baie goed), maar net ten dele – en dit is sagkens gestel. Daar is hinderlike lomphede, ongemaklike stylverwringings en foute wat die vlot leesproses versteur.

Le Roux (2000:9) is van mening dat hierdie lomphede en foute nie heeltemal “die Potterplesier bederf nie”, en prys die Afrikaanse uitgewers van hierdie reeks, Human & Rousseau, vir die uitgee van Rowling se Potter, wat volgens haar ’n “welkome oplewing” in Afrikaanse kinderliteratuur verteenwoordig.

Carina Diedericks-Hugo (2003:7) resenseer Janie Oosthuysen se vertaling van *Artemis Fowl* deur Eoin Colfer (wat, net soos J.K. Rowling se Harry Potter, as oorgangsliteratuur beskou word) en meen die humor in dié boek is deur die vertaling gepootjie en dat die vertaling plek-plek lomp en onidiomaties lees, soos in die “deur wyn opgeswelde geneser” (bladsy 13) vir die Engelse “wine-sodden healer”. Diedericks-Hugo fel egter algeheel ’n positiewe oordeel en sê: “Ondanks die gebreke is dié vertaling ’n aanwinst.”

Volgens Mariëtte van Graan is J.R.R. Tolkien se *The hobbit* “nie net ’n geliefde kinderboek nie, maar ook ’n boek wat steeds akademies ondersoek word en ook ’n boek met ’n kultusaanhang” (Van Graan, 2017). As gevolg van die kinderboek se meer verhewe status, is die Afrikaanse vertaling deur Janie Oosthuysen, naamlik *Die hobbit of Daarheen en weer terug* (2017) aan kritiek blootgestel. Buiten oneweredige naamgewing in die vertaling, is die hantering van die verskillende spesies wat in *The hobbit* voorkom, deur Van Graan as problematies uitgelig. Sy noem Tolkien se “Lake-men” wat “Meermense” is in die Afrikaanse doeltteks en derhalwe in Afrikaans sinspeel op meerminne, die “First Men of the North” wat “Noormanne” word en dus klink na Wikings in plaas van ’n unieke spesie in ’n fantasiewêreld, asook die vertaling van “goblin” as “aardgees”, wat na haar mening, die grootste vertaalprobleem in dié doeltteks verteenwoordig:

Die taaiste taaltameletjie is goblins, wat ’n groot rol speel in Die Hobbit. Hierdie magiese kreature figureer nie sterk in Afrikaanse kinderstories of folklore nie. Woordeboekvertalings vir goblin sluit in “spook”, “kabouter”, “aardgees” en “aardmannetjie”. Kenners van die ou Europese folklore en sprokies (waaruit heelwat Afrikaanse kinderstories oorgeneem is, en waaruit Tolkien beslis geput het) sal dadelik die probleem sien: nie een van hierdie genoemde vertalings verwys na dieselfde kreatuur nie; ’n spook en ’n kabouter is nie dieselfde ding nie. Oosthuysen gebruik “aardgees” vir goblin en “aardmannetjie” vir hobgoblin. Alhoewel dit tegnies korrek is, het “aardgees” net nie dieselfde impak nie. Dit roep die beeld op van ’n onstoflike wese, dalk ’n vriendelike gees (iets soos ’n bosfee of boomgees) wat uit die goeie aarde kom. Die probleem word goed geïllustreer wanneer Beorn ’n aardgees doodmaak en sy kop op ’n paal sit – hoe dood jy ’n gees, hoe sit jy ’n gees se kop op ’n paal? Tolkien se goblins is liggaamlik lelke, weersinwekkende karakters; alhoewel hulle in die diep aarde (grotte) woon, is hulle boos. Oosthuysen se vertaalde beskrywings is akkuraat, maar die benaming is nie geslaagd nie.

Van Graan (2017) eindig af met ’n positiewe oordeel in die geheel deur te sê dat die vertaler, Janie Oosthuysen, dit tog regkry om hierdie avontuurverhaal van Tolkien “in Afrikaans te verbeel(d)” en dat jong lesers en volwasse lesers wat vir ontspanning lees, hierdie verhaal sal geniet.

Die vertaling van geselekteerde kinderverse uit Annie M.G. Schmidt se bundel *Ziezo* deur Philip de Vos, *Die spreek met foete*, met oorspronklike illustrasies deur Piet Grobler, het gemengde reaksie ontvang. Annie M.G. Schmidt is een van die mees bekroonde skrywers in die Nederlandse letterkunde. Sy het in 1988 die uitgelese Hans Christian Andersen-

toekenning ontvang en word beskryf as die “koningin van die Nederlandse letterkunde” (Le Roux, 2002b:11).

Maritha Snyman verwys na Annie M.G. Schmidt se verse en sê “op literêre gebied is die vertaling van haar verse in Afrikaans ’n belangrike mylpaal – veral in ’n tyd waarin daar min prominente Europese kinderboekouteurs Afrikaans praat” (Snyman, [s.a.]). Snyman is egter van mening dat die vertaling moontlik nie by Afrikaanse kinders groot aftrek sal kry nie.

Die onbekende Europese konteks en kennis van verwysingstekste wat nie noodwendig deel van die Afrikaanse kind se verwysingsraamwerk uitmaak nie, is myn insiens, twee hindernisse. Daarom sal veel van die satire en sosiale kommentaar die Afrikaanse kind verbygaan – tensy dit natuurlik geduldig deur ’n volwassene [sic] leser aan die kind uitgewys en verduidelik word. Verder hinder die deugaanse [sic] weglating van die dubbele ontkenning in De Vos se verse my – soos ook in sy ander publikasies – steeds. Veral hier klink dit “Nederlands” en skep dit verwydering met gesproke Afrikaans wat afstand tussen die kind en teks kan teweegbring (Snyman, [s.a.]).

Hierteenoor het Marina le Roux (2002a:9) ’n heelwat meer positiewe oordeel gevel oor De Vos se vertaalde kinderverse in *Die spreek met foete*. Le Roux is van mening dat De Vos die brontekste met respek vertaal het deur getrou te bly aan die oorspronklike:

De Vos se spitsvondige vertalings en verwerkings is nie net vlot en humoristies nie, maar intelligent en sensitief teenoor die oorspronklike teks. Waar nodig is die Nederlandse sfeer en woordkeuse behou en gerespekteer in samehang met pittige en gepaste verafrikaansings soos bekende plekname en tipiese uitdrukkings: “grimmige bakkies”, “griepig en hees”, “rooibosdrankie”, ensovoorts. Schmidt se rare karakters kry by De Vos ’n inheemse aard soos ’n klipkoggelmander, ’n brakhond, ’n blaasmakou of selfs ’n oogpister.

Dit is dus opmerklik dat daar slegs in resensies oor kinderliteratuur waarvan die status tot klassiek verhef is of waar dit ’n oorgangsgeslag trek en ook deur volwassenes gelees word, werklik krities omgegaan word met die vertaalhandeling self en ’n oordeel (positief of negatief) oor die Afrikaanse vertaling gevel word.

Terwyl die oorgrote meerderheid internasionale vertalings in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem beskou word as ’n aanwinst tot plaaslike kinderlektuur, het die vertaling van J.K. Rowling se *Harry Potter*-reeks ’n herrie in die Afrikaanse media ontlok,

hoofsaaklik omdat sommige Afrikaanssprekendes dié reeks verbind met swart magie, satanisme, die okkulte en hekserij en daarom van mening is dat Afrikaanse kinders dit nie behoort te lees nie. Die polemieë oor Harry Potter in Afrikaans sal vervolgens aan bod kom (afdeling 4.3.1.2.2).

4.3.1.2.2 Die polemieë oor Harry Potter in Afrikaans

Harry Potter maak moeilikheid in Suid-Afrika. Die afgelope week was die skrywer en predikantsvrou Maretha Maartens en die uitgewer Kerneels Breytenbach in 'n hewige woordewisseling gewikkel oor die Harry Potter-boeke, waarvan drie reeds in Afrikaans vertaal en miljoene wêreldwyd verkoop is (Sonde met Harry Potter en die bose, 2000:1).

Die vertaling van J.K. Rowling se *Harry Potter*-reeks in Afrikaans het 'n opskudding veroorsaak. Maretha Maartens (bekende Afrikaanse skrywer van onder meer jeug- en godsdienstige boeke) het in haar rubriek, "Soos ek dit sien" in die *Die Volksblad* van 9 November 2000 beweer dat J.K. Rowling se *Harry Potter*-boeke uit die bose is en met satanisme verbind kan word, want "niemand kan in die goeie leef terwyl hy boosheid bemin nie" (Teoloog sien niks boos in Harry Potter, 2000:8). Maartens het ook gesê dat dit haar 'n "beklemming gee" om te dink dat dié boeke moontlik as geskenke in kinders se Kerskouse kan beland. Dit het 'n herrie ontketen wat lank ná die vertaling van die eerste *Harry Potter*-boeke, herhaaldelik nog in die media geopper is, dikwels met verwysing na woorde soos "okkulte", "magie" en "toordery".

Maartens se opvatting oor die *Harry Potter*-reeks is deur talle Afrikaanse ouers en kerklui gesteun. Een *Beeld*-leser het gesê: "Die Harry Potter-boeke is dodelike slange" (Harmse, 2000:2), en 'n leser van *Die Volksblad* het laat hoor: "Ons leef in 'n tyd waar kwaad omhels word deur gekondisioneerde wesens wat bevrees is dat hulle die regte van die mensgod kwansuis sal aantast. Hoe ideaal moet hierdie tendens nie wees vir die Satan wat in so 'n misleidende mooi gewaad homself as die engel van die lig voordoen en die kollig probeer steel nie" (Smith, 2000:14).

Wat kerklui betref, het dr. Isak Burger, voormalige president van die AGS-kerk, gemeen die *Harry Potter*-boeke is nie bloot "onskuldige kinderpret" nie, en gesê: "Kinders word blootgestel aan 'n geesteswêreld – en die geesteswêreld is iets wat regtig bestaan. Maar dit is nie 'n Bybelgegronde geesteswêreld nie, dit gaan oor 'n okkultiese spel tussen

verskillende soorte toordery.” ’n Woordvoerder van die His People-kerk, mnr. Errol Naidoo, het ook genoem dat hy nie sy kinders toelaat om die *Harry Potter*-boeke te lees nie, want “[d]ie meeste dinge wat sleg is vir kinders, word deesdae as vermaak vermom. Dit maak kinders minder sensitief vir die bose” (De Villiers & Smith, 2005:1).

Nie alle Afrikaanse ouers of kerklui was dit eens dat Harry Potter uit die bose is nie. Prof. Christina Landman, bekende teoloog, het gesê dat sy nog niks in die *Harry Potter*-boeke raakgelees het wat haar as ’n Christen bedreig laat voel oor haar godsdiens nie, en dat sy die boeke saam met haar seun lees (Teoloog sien niks boos in Harry Potter, 2000:8). Ook dr. Henk Gous, verbonde aan die NG Kerk se kommissie oor gemeente-ondersteuning, het gesê hoewel die *Harry Potter*-boeke toordery bevat, dit ook oor goeie aspekte beskik, soos dat Harry teen die bose veg (De Villiers & Smith, 2005:1).

Maartens se rubriek het nie net gelei tot ’n stortvloed briewe deur lesers en repliek van kerklui in die verskeie Afrikaanse koerante nie, dit het ook reaksie ontlok by Kerneels Breytenbach, eertydse publikasiebestuurder by Human & Rousseau. Breytenbach het gesê dit gee hóm ’n beklemming “om te dink dat iemand van Maretha Maartens se statuur dié soort dinge kan verkondig wat sy in haar rubriek skryf” (Breytenbach, 2000:6; sien ook Wasserman, 2000:4) en het gesê: “Ek het Maartens nog altyd beskou as iemand wie se onkreukbaarheid bo alle twyfel staan. As sy iets geskryf het, het dit die stempel gedra van haar integriteit. Maar nou is daar vir my ’n vraagteken agter haar naam en geloofwaardigheid.”

Aldus Breytenbach (2000:6) is Maartens mislei deur ’n satiriese internet-koerant, *The Onion*, waarvolgens J.K. Rowling aan die *London Times* (’n koerant wat nie bestaan nie, maar ’n sinspeling is op *The Times* wat in Londen uitgegee word), die volgende uitlating sou gemaak het: “I think it’s absolute rubbish to protest children’s books on the grounds that they are luring children to Satan. People should be praising them for that! These books guide children to an understanding that the weak, idiotic Son Of God is a living hoax who will be humiliated when the rain of fire comes.” Hierop het Breytenbach as volg gereageer:

Omdat hul inslag [dié van *The Onion* – AW] satiries is, is oordrywing en verdraaiing hul vernaamste wapens. Om van fabrikasie nie te praat nie – dit word geïllustreer deur die eenvoudige navorsing wat ek gedoen het oor die woorde wat hulle in Rowling se mond gelê het deur die “London Times”. Dit bring my terug by die eenvoudige vraag: Hoekom sou Maretha Maartens al die tekens dat sy hier met ’n

geweldige groot geksheerders te make het, ignoreer en voortgaan om Harry Potter en sy skrywer swart te smeer? Miskien sal haar antwoord die agterdog oor haar by my verwyder – maar dit sal nooit die agterdog laat verdwyn wat daar ná die verskyning van haar rubriek in Die Volksblad by duisende ma's ontstaan het oor Harry Potter nie.

Sommige het gevoel dat Maartens 'n verskoning verskuldig is, sowel aan die uitgewer van die *Harry Potter*-reeks in Afrikaans, Human & Rousseau, as aan die breë publiek (Alberts, 2000:6; Breytenbach, 2000b:6; Fowler, 2000:14). Ander het gevoel dat Maartens nie verskoning hoef te maak nie (Smith, 2000:14), en sy het uiteindelik ook geen verskoning gebied nie. In Maartens (2000:9) se repliek op Kerneels Breytenbach se artikel, hou sy voet by stuk, en sê:

Die primêre vraag is of die Harry Potter-boeke heilsame leesstof vir kinders is, met die sekondêre vraag oor die ware intensies van die outeur.... Die vraag is of die nuwe speelruimte van die intellek en die verbeelding waarin miljoene gretige lesers hulle nou met Harry, Ron, Hermien, Dhoewels, Ginny, Hagrid, Lockhart en andere bevind, 'n heilsame omgewing is. [...] Heksery en towery as aktiwiteit, skole vir heksery en towery, is 'n Skrifvreemde milieu. Dit is nie die milieu waarin gelowiges hul ses- tot twaalfjarige kinders in die werklike lewe wil sien rondspeel of studeer nie. Die Harry Potter-reeks verskil van die meeste ander sprokies in dié sin dat die hoofkarakters die hekse en towenaars nie slegs as verskynsels van buite ontmoet nie, maar self opleiding as towenaars en hekse ondergaan.

Hiermee wys Maartens dat dit vir haar nie net gaan om Christelike, Skrifgefundeerde waardes nie, maar ook oor die beskerming van die kind as onskuldige wese teen wat sy beskou as leesstof wat nie “heilsaam” is nie. Soos sy dit verduidelik:

Die lesers is nie volwassenes wat reeds wyd gelees het nie: Ons praat juis van die skaars kinders wat nou “vir die eerste keer met die Harry Potter-boeke nie kan ophou lees nie”. Om te lees, is om jou in 'n ander werklikheid te begewe: Met hart, siel en verstand. Deur die boek, veral die kinderboek, betree jy in 'n werklikheid so werklik as jou eie (Maartens, 2000:9).

Sommige skrywers en akademici het wel vir Harry 'n lansie gebreek. Oor die omstredenheid van Harry Potter, sê die skrywer en letterkundige, Charles Malan (2000:13):

Diegene wat sondebokke soek, sorg al sedert veral die Middeleeue periodiek vir die heksejag-verskynsel. Dit is nogtans veelseggend dat hekse in die 21ste eeu selfs in

die jeugliteratuur in Suid-Afrika gejaag word, en dit nogal met 'n bekende Afrikaanse skrywer as die voorste inkwisiitor. Dit laat jou hare soos Potter s'n rys. [...] Natuurlik is dit so dat Harry met die Bose kennis maak en, let wel, op 'n wyse wat vir hom en kinderlesers skrikwekkend is. Daar is verwysings na manipulasie, moord, swart magie, offerandes, al die manifestasies van die Bose. Maar moet Rowling nou ná elke gru-verwysing skryf: "Kindertjies, dis satanisties en sonde, hol!"?

Ook Elretha Britz (2000:14) het in *Die Volksblad* vir Harry in die bres getree, en gesê dat kinders nou, danksy J.K. Rowling se Harry Potter, eerder lees as televisie kyk of op die internet boer. Britz is ook van mening dat die debat oor Harry Potter in Suid-Afrika nie net Afrikaanse kinders aan die lees gekry het nie, maar ook onder meer bygedra het tot die verkoop van die *Harry Potter*-boeke in Afrikaans. Daarom sê sy: "Dankie, Maretha Maartens, dat jy 'n boekedebat aan die gang gesit het. Dis presies wat ons nodig het om die internetspook en TV-afhanklikheid te verjaag, die uitgewers en boekwinkels se kasregisters te laat tinkel en die kleinvolk aan die lees te kry."

Ook Charles Malan (2007:12) meen Harry Potter het Afrikaanse kinders weer aan die lees gekry. Hy sê: "Soos geen ander reeks in die geskiedenis nie het die Harry Potter-boeke internasionaal 'n leeskuil en geleterdheid gevestig."

Volgens die vertaler van die eerste vier boeke in die *Harry Potter*-reeks, Janie Oosthuysen, is Harry Potter "'n wonderlike rolmodel vir kinders" (De Klerk, 2001:13; Oosthuysen, 2000:14). Oor die polemieë oor Harry, sê sy:

Ek het reeds vier Harry Potter-boeke in Afrikaans vertaal en hoewel ek myself werklik nie as 'n intellektuele reus beskou nie, reken ek tog dat ek in die posisie is om 'n paar sinvolle woorde oor Harry te kan kwytraak. Ek het die boeke immers gelees. Etlie kere. En ek is sowaar nog nie 'n satanis nie, hoewel ek nog altyd graag sou wou toor. Daar is etlike mense wat ek rasend graag wil wegtuur: "Abrakadabra! Zits-boem! Hê-hê-hê!" (As ek selfs net 'n bietjie gesonde verstand in 'n paar koppe kan intoor, sal ek ook tevrede wees.) (Oosthuysen, 2000:14).

Ondanks omstredenheid, het die Afrikaanse *Harry Potter*-reeks uitstekende verkoopsyfers behaal – dié reeks se verkope het na bewering al die ander Afrikaanse kinderboeke ver oortref (Du Plessis & Pelsler, 2001:3). In 2000 berig *Die Burger* (Teoloog sien niks boos in Harry Potter, 2000:8) dat Human & Rousseau meer as 20 000 eksemplare van die eerste twee Afrikaanse *Harry Potter*-vertalings verkoop het en Kerneels Breytenbach, eertydse

publikasiebestuurder van NB Uitgewers, het beaam dat Human & Rousseau “ongekende welslae” met die eerste vier vertalings van J.K. Rowling se *Harry Potter*-reeks ervaar het. Dermate, dat die vyfde Afrikaanse vertaling in die *Harry Potter*-reeks, *Harry Potter en die orde van die feniks*, met ’n eerste drukoplaag van 15 000 vertalings landwyd op winkelrakke verskyn het (Jordaan, 2003:8).²⁴

Luidens ’n artikel in *Insig* deur Rachelle Greeff (2003:78), het die stof oor Harry Potter in 2003 reeds in so ’n mate gaan lê dat sommige skole selfs *Harry Potter*-boeke as verpligte leesstof vir stelwerk in Afrikaans tweede taal gekies het.

Maritha Snyman, ’n kundige in kinder- en jeuglektuur, meen: “As Harry Potter egter iets belangriks gedoen het, was dit om die doemprofete wat twyfel aan die bestaansreg van die jeugboek, ’n bietjie in die bek te ruk” (Snyman, 2000b:6). Teen die bekendstelling van die vyfde *Harry Potter*-boek in die reeks, het ook Suid-Afrikaners saam met die res van die wêreld aan Potter-koors gely, soos Sonja Loots (2003:3) berig:

Mense het Vrydag van middernag af begin tustaan om eksemplare van *Harry Potter and the Order of the Phoenix* in die hande te kry. Boekwinkels in Kaapstad, Johannesburg en Bloemfontein het spesiaal laat oopgebly vir die stormloop. Honderde kinders – en selfs sommige ouers – het in Potter-kostuums opgedaag om hulle te onderskei van *muggles* (doodgewone simpel sterflinge wat niks van toorkuns weet nie). Uiteindelik was die lang wag op die vyfde Potter-boek verby en om presies eenuur gisteroggend is die verseëelde kartondose onder groot gejuig oopgemaak en die boeke uitgehaal.

Die Afrikaanse vertaling deur Janie Oosthuysen, *Harry Potter en die orde van die feniks*, het teen Oktober 2003 op winkelrakke verskyn (Jordaan, 2003:8).

4.3.2 Literêre toekennings vir kinderliteratuur in Afrikaans

Afrikaans, Afrikaans en nogmaals Afrikaans. Asook, uitnemendheid, beloning van prestasie en geregtigheid (Coetzee, 2009:9).²⁵

²⁴ Omdat die Afrikaanse mark so klein is, druk Afrikaanse uitgewers gewoonlik nie meer as 3 000 kopieë van ’n titel nie.

²⁵ Dit was die antwoord van professor Hennie van Coller, eertydse voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en Jacques van der Elst, eertydse uitvoerende hoofbeampte, tydens ’n onderhoud op die vooraand van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se eeufeesviering in 2009 op die vraag hoe die organisasie dit vermag het om ’n eeu te bly voortbestaan (Coetzee, 2009:9).

Volgens Van Coller (2010: 486) is die toekenning van pryse 'n vorm van literêre prestige-oordrag. Literêre pryse vir kinderboeke is ingestel as 'n manier om die standaard van Afrikaanse kinderliteratuur te probeer verhoog en om erkenning aan Afrikaanse kinderliteratuur te probeer verleen, want “[i]n die Literatuurwetenskap was die kinderliteratuur nog maar altyd 'n randgebied” (Motivering, 1976).

Literêre pryse verleen aan Afrikaanse kinderliteratuur status as 'n genre in eie reg en stimuleer die skep en publikasie van kinderboeke deur skrywers, illustreerders en uitgewers en die koop van kinderboeke deur ouers, bibliotekarisse en onderwysers (sien ook Van der Walt, 2005b:163). Van der Walt (2005b:163) maak die volgende uitlating hieroor:

'n Groot aantal kinderboeke word jaarliks gepubliseer. Bekronings en toekennings kan help dat die boom in die bos onderskei word. Dit vestig die aandag op boeke wat die moeite werd is om te lees. Verder gee dit aan outeurs, illustreerders en uitgewers iets om na te streef en vereer dit hulle vir hoogstaande werk. Toekennings dra ook daartoe by dat kinder- en jeugliteratuur 'n bepaalde status bereik.

Literêre pryse waarvoor hoofsaaklik oorspronklike Afrikaanse kinderliteratuur sedert die jare sestig kon meeding, sal kortliks aandag geniet (afdeling 4.3.2.1) gevolg deur 'n polemiekk oor pryse vir kinderliteratuur in Afrikaans (afdeling 4.3.2.2). Laastens, sal die pryse waarvoor vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur sedert 1990 in aanmerking kon kom, uiteengesit word. Die wenners van dié pryse sal ook kortliks aandag geniet (afdeling 4.3.2.3).

4.3.2.1 Literêre toekennings waarvoor hoofsaaklik oorspronklike Afrikaanse kinderliteratuur in aanmerking kom

Die werklike groei in die Afrikaanse kinderliteratuur sedert die 1950's word dikwels aan twee faktore toegeskryf: die vertaling van die wêreld se beste kinderboeke in Afrikaans wat gedien het as maatstaf vir Afrikaanse skrywers, en die instelling van pryse en toekennings vir Afrikaanse kinder- en jeugboeke (Van der Walt, 2005b:163).

'n Verskeidenheid toekennings is sedert die 1960's ingestel in 'n poging om die skryf en lees van oorspronklike Afrikaanse kinderliteratuur aan te moedig: die Scheepersprys vir Jeuglektuur (afdeling 4.3.2.1.1), die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die Beste Afrikaanse Kinderboek (afdeling 4.3.2.1.2), Die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur (afdeling

4.3.2.1.3), die Katrine Harries-toekenning vir Kinderboekillustrasies (afdeling 4.3.2.1.4), die Alba Bouwer-prys vir Kinderliteratuur (afdeling 4.3.2.1.5), die M.E.R.-prys vir Kinder- en Jeuglektuur (afdeling 4.3.2.1.6), Die Sanlam-prys vir Jeuglektuur (afdeling 4.3.2.1.7) en die ATKV-kinderboektoekenning (afdeling 4.3.2.1.8). Hierdie pryse sal vervolgens aandag geniet.

4.3.2.1.1 Die Scheepersprys vir Jeuglektuur

Die oudste nasionale literêre prys vir Afrikaanse kinderboeke, is die Scheepersprys vir Jeuglektuur wat in 1956 ingestel is. Slegs oorspronklike Afrikaanse jeuglektuur (vir dié prys gestipuleer as boeke vir kinders en jong volwassenes tussen die ouderdomme 12 en 18) kom vir dié prys in aanmerking. Dit is moontlik gemaak deur 'n skenking van mnr. F.L. Scheepers en sy vrou gedurende die 1950's, toe daar nog geen pryse vir Afrikaanse jeuglektuur bestaan het nie, en dit is later aangevul deur 'n skenking van die egpaar se kinders (Kruger, 1991:103; Van der Walt, 2005b:164).

Die Scheepersprys vir Jeuglektuur het ten doel om hoogstaande Afrikaanse lektuur vir die jeug te bevorder en word sedert 1956 deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns toegeken. Vanaf 1956-1974 is die prys elke jaar toegeken, en ná 1974, al om die drie jaar (sien Kruger, 1991:103).

4.3.2.1.2 Die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die Beste Afrikaanse Kinderboek

Die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die Beste Afrikaanse Kinderboek vir kinders tussen die ouderdom van sewe en 12 jaar is sedert 1960 toegeken. Die belangrikste dryfveer agter die instelling van dié toekenning, was die bevordering van die gehalte van die Afrikaanse kinderboek (Kruger, 1991:49; Van der Walt, 2005b:165).

Hierdie toekenning is vernoem na die eertydse Afrikaanse skrywer en taalstryder, C.P. Hoogenhout, wat ook die eerste oorspronklike kinderboek in 'n vroeë vorm van Afrikaans geskryf het (sien afdeling 5.2.2) en is geïnisieer deur die Kaapse tak van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging (die SABV, later die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek en Inligtingwese of SAIBI) (Kruger, 1991:49; Van der Walt, 2005b:165).

Sedert 1982 is dié toekenning tweejaarliks gemaak tot in 1998, toe die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese (SAIBI) ontbind het. Ná die ontbinding van SAIBI, is

die C.P. Hoogenhout-toekenning vir eers nie weer toegeken nie. In 2000 het Unisa se Eenheid vir Navorsing in Kinderliteratuur (ENIK) in samewerking met die Stigting vir Afrikaans begin om die C.P. Hoogenhout-toekenning terugwerkend toe te ken aan kinderboeke wat vanaf 1996 en 1997 verskyn het (Oosthuysen bekroon vir kinderboeke, 2000:3).²⁶ Ná die ontbinding van ook hierdie eenheid, word die prys deur Protea Boekhuis geborg (aldus Van der Walt, 2005b:165).

4.3.2.1.3 Die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur

Naas die Scheepersprys vir Jeuglektuur en die C.P. Hoogenhout-toekenning, is die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur een van die oudste nasionale literêre pryse vir Afrikaanse kinderboeke. Dit is in 1969 deur die Akademie vir Wetenskap en Kuns ingestel as toekenning vir die beste werk van bevredigende gehalte in Afrikaans in die genre kleuterlektuur (met ander woorde, kinders onder die ouderdom van agt jaar) (Kruger, 1991:3; Van der Walt, 2005b:166).

Hierdie toekenning is deur dr. J.E. Holloway geïnisieer ter nagedagtenis aan sy vrou, Tienie Holloway. Die kriteria waaraan kleuterboeke moet voldoen, word nie in fyn besonderhede uiteengesit nie, maar dit word wel genoem dat die toekenning gemaak kan word vir kleuterverse, -prosa of -drama, maar dat verse voorkeur moet kry indien daar enige twyfel is (sien Kruger, 1991:4).

Hoewel die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur voorsiening maak vir “vertaalde werke van hoogstaande gehalte” (sien Kruger, 1991:3), het geen vertaling nog sedert die ontstaan van hierdie prys in 1969 die toekenning ontvang nie. Sedert 1973 word die prys al om die drie jaar toegeken.

4.3.2.1.4 Die Katrine Harries-toekenning vir Kinderboekillustrasies

Die Katrine Harries-toekenning vir Kinderboekillustrasies bestaan al sedert 1973 en het eintlik ontstaan uit die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die Beste Afrikaanse Kinderboek. Aanvanklik is die C.P. Hoogenhout-toekenning gemaak aan óf ’n kinderboekskrywer óf ’n kinderboekillustreerder óf aan albei saam. Dit het geduur tot in 1970, toe die destydse Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging (die SABV en later SAIBI) besluit het om ’n afsonderlike

²⁶ Terwyl die C.P. Hoogenhout-toekenning sedert 1960 ’n oorspronklike Afrikaanse kinderboek met ’n goue medalje bekroon het, is ’n lys van twaalf eervolvermelde oorspronklike Afrikaanse kinderboeke asook ’n lys van twaalf eervolvermelde vertaalde Afrikaanse kinderboeke saamgestel (Lohann, 1977:1). Hierdie eervolle vermeldings het ná 1996 weggeval.

toekenning vir illustreerders van Afrikaanse kinderboeke daar te stel. Sedert 1973 is 'n toekenning dus vir illustreerders ingestel.

Dit het aanvanklik bekend gestaan as die SABV-toekenning vir Suid-Afrikaanse kinderboekillustrasies (sien Van der Walt, 2005b:173) en sedert 1974 word die C.P. Hoogenhout-toekenning slegs aan skrywers toegeken. In 1977 is hierdie toekenning vir illustreerders vernoem na die Afrikaanse kinderboekillustreerder, Katrine Harries (Kruger, 1991:237), en het dit voortaan bekendgestaan as die Katrine Harries-toekenning vir Kinderboekillustrasies.

Ná die ontbinding van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingkunde (SAIBI, die eertydse SABV) in 1998, het Unisa se Eenheid vir Navorsing in Kinderliteratuur (ENIK) die prys oorgeneem. ENIK het egter besluit dat alle Suid-Afrikaanse illustreerders vir dié prys in aanmerking moet kom, selfs al word hulle werk in die buiteland gepubliseer (Van der Walt, [s.a.]). Sedertdien is hierdie prys aan twee vertalings van internasionale herkoms toegeken.

Die Suid-Afrikaanse illustreerder, Piet Grobler, het vir die tydperk 1999-2001 die Katrine Harries-toekenning ontvang vir sy illustrasies in *Dokter Me Di Syn en die keiser se seun*, in Afrikaans vertaal deur Linda Rode en in 2001 uitgegee deur Human & Rousseau, en vir die tydperk 2002-2003 vir die illustrasies in *Die spreek met foete*, in Afrikaans vertaal deur Philip de Vos en in 2002 uitgegee deur Human & Rousseau.

Albei hierdie boeke is as vertaalde literatuur van internasionale herkoms in die inventaris opgeneem, aangesien *Die spreek met foete* uit Nederlands vertaal is, en *Dokter Me Di Syn en die keiser se seun* ook 'n vertaling is, hoewel van onbekende oorsprong.²⁷

4.3.2.1.5 Die Alba Bouwer-prys vir Kinderliteratuur

Die Alba Bouwer-prys vir Kinderliteratuur is vernoem na die bekende Afrikaanse kinderboekskrywer, Alba Bouwer. Dit word sedert 1989 elke drie jaar deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns toegeken vir enige literêre werk in die kategorie kinderliteratuur vir lesers van sewe tot 12 jaar en word deur die Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging (ATKV) geborg. Alle literêre werke, oorspronklike Afrikaanse werke,

²⁷ Dié boek het gelyktydig in Italiaans, Engels en Nederlands verskyn en dis nie duidelik wat as die brontaal gedien het vir die Afrikaanse doeltjeks nie.

sowel as vertalings wat verskyn het gedurende die drie jaar wat die bekroningsjaar voorafgegaan het, kwalifiseer vir oorweging. Wanneer 'n vertaalde werk en 'n oorspronklike werk as van gelykstaande gehalte beskou word, word daar voorkeur gegee aan die oorspronklike werk, en wanneer twee of meer oorspronklike werke as gelykstaande beskou word, kan daar meer as een wenner in 'n jaar wees. Daarby mag 'n skrywer die prys meer as een keer ontvang (Van der Walt, 2005b:167).

Hoewel oorspronklike Afrikaanse kinderliteratuur sedert 1989 telkens hierdie toekenning ontvang het, wen Kobus Geldenhuys in 2016 die Alba Bouver-prys vir sy Afrikaanse vertaling van Michael Morpurgo se *Why the whales came* (1985) as *Hoekom die walvisse gekom het* (2015) in Afrikaans, uitgegee deur Protea Boekhuis. In die huldigingswoord by die bekroningsgeleentheid, opgestel deur Helize van Vuuren en gelewer deur Marisa Keuris, is die lees van die boek beskryf as “'n besonder verrykende ervaring” (Bruwer, 2016).

4.3.2.1.6 Die M.E.R.-prys vir Kinder- en Jeuglektuur

Die M.E.R.-prys vir Kinder- en Jeuglektuur is in 1983 ingestel. Die prys is vernoem na die bekende Afrikaanse skrywer, Maria Elizabeth Rothmann (oftewel M.E.R.), wat vir kinders stories geskryf het nog voordat sy vir volwassenes literatuur geskryf het (Van der Walt, 2005b:174). M.E.R. se bydrae tot die Afrikaanse kinderliteratuurskat word hoog geag, veral omdat sy vir Afrikaanse kinders literatuur geskryf het in 'n tyd toe daar weinig inheemse kinderliteratuur beskikbaar was, en hulle tevrede moes wees met stories “van Engelse matrose en Rooihuide”, soos sy dit opgesom het (M.E.R. is die vrou agter die Pers se prys, 1993:9). Die M.E.R.-prys word jaarliks deur die Nasionale Pers toegeken aan die beste kinder- of jeugboek wat by dié groep verskyn het, en slegs oorspronklike Afrikaanse kinderliteratuur word in ag geneem (Van der Walt, 2005b:173).²⁸

4.3.2.1.7 Die Sanlam-prys vir Jeuglektuur

Die Sanlam-prys vir Jeuglektuur word sedert 1984 in samewerking met Tafelberg Uitgewers aangebied. Dit is 'n jeugboekwedstryd en word toegeken op grond van die inskrywings wat

²⁸ Die Nasionale Boekhandelpryse het later verander na die Via Afrika-pryse, maar is steeds net toegeken aan skrywers wat by die Via Afrika-groep publiseer. Die Via Afrika-groep was: Tafelberg, Human & Rousseau, Kwela, Queillerie, Pharos, Sunbird, J.L. van Schaik, Jonathan Ball, Van Schaik Publishers en Nasou Via Afrika. Nou is dit Media24 Boeke Literêre Pryse. Alle boeke wat die voorafgaande jaar by Media24 Boeke verskyn het, kom in aanmerking vir die pryse. Die pryse is: die Recht Malan-prys vir niefiksie, die W.A. Hofmeyr-prys vir die beste literêre werk in Afrikaans, die Herman Charles Bosman-prys vir die beste literêre werk in Engels, die Elisabeth Eybers-prys vir digkuns in Engels of Afrikaans, die M.E.R.-prys vir die beste jeugroman, en die M.E.R.-prys vir die beste geïllustreerde kinderboek. Slegs laasgenoemde twee pryse is op kinderliteratuur van toepassing.

ontvang word, geskryf vir lesers tussen 12 en 18 jaar. Die wenroman word deur Tafelberg Uitgewers gepubliseer. Dié prys het ten doel om 'n sterk inheemse kinderlektuur te bevorder (dit is sedert 1996 oop vir inskrywings in al 11 amptelike tale en word in ses kategorieë aangebied: Afrikaans, Engels, Nguni-tale, Sotho-tale, Tshivenda en Xitsonga) en word sedert 1988 tweejaarliks toegeken (sien Van der Walt, 2005b:168).

4.3.2.1.8 Die ATKV-kinderboektoekenning

Die ATKV-Kinderboektoekennings [sic] is daarop gerig om kinders te laat lees en 'n liefde vir Afrikaans by hulle te kweek (Kinderboektoekennings, 2009:35).

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging se Kinderboektoekenning word in 1991 ingestel en is gebaseer op die kinderjuriestelsel uit Nederland. Dié toekenning is enig in sy soort, aangesien kinders self as beoordelaars optree en anders as ander literêre pryse vir kinderboeke, is die doel van die ATKV-kinderboektoekenning ook nie om waardeoordele uit te spreek oor wat as “die beste” kinderboek beskou moet word nie, maar eerder om die gewildste kinderboek wat in die voorafgaande jaar verskyn het, te bekroon.

Met dié prys wil die ATKV die uitgee, koop en lees van Afrikaanse kinderboeke bevorder. Daarby gee die uitslae van dié toekenning ook aan Afrikaanse kinderboekskrywers en uitgewers 'n aanduiding van die soort boeke waarvan Afrikaanse kinderlesers hou. Daar is vyf kategorieë waarin kinders kan deelneem, die voorleeskategorieë drie tot vyf jaar en ses tot sewe jaar, en die selfleeskategorieë agt tot nege jaar, nege tot 11 jaar en 13 tot 15 jaar. Kinders kan self kies in watter kategorie hulle wil deelneem, maar hulle mag net aan een kategorie deelneem. Enige nuwe, oorspronklike Afrikaanse kinderliteratuur wat by enige Suid-Afrikaanse uitgewer verskyn het, kom vir dié prys in aanmerking en uitgewers skryf self boeke vir dié prys in (Van der Walt, 1999:6-9; 2005b:170).

4.3.2.2 Die polemieë oor pryse vir Afrikaanse kinderliteratuur

In 1989 het literêre pryse vir Afrikaanse kinderboeke onder skoot gekom (sien Kinderboekpryse onder skoot, 1989:6). Op 'n radioprogram, “Perspektief”, wat deur Radio Suid-Afrika uitgesaai is op 3 Augustus 1989 het Lona Gericke (toe hoof van die kinderboekafdeling by Bellville-biblioteek), Annari van der Merwe (toe uitgewer by Tafelberg Uitgewers) en Pieter W. Grobbelaar (Afrikaanse kinderboekskrywer) onder leiding van Daniel Hugo (die

programleier) 'n gesprek gevoer oor die toekennings van literêre pryse vir Afrikaanse kinderliteratuur.

In dié gesprek is daar gesels oor die feit dat in die vorige twee dekades bekronings byna uitsluitlik gemaak is aan vier skrywers: Freda Linde, Rona Rupert, Alba Bouwer en Hester Heese. Melding is ook gemaak van Carl Lohann se navorsing wat meen dat kinders nie graag be kroonde boeke lees nie, en Lona Gericke het die feit betreur dat be kroonde kinderboeke telkens oor 'n sosiale probleem handel, en dat daar dus 'n patroon in be kroonde kinderboeke te bespeur is.

Die deelnemers het aanbevelings gemaak, naamlik dat beoordelaars van pryse moet roteer, sodat daar telkens by 'n toekenning 'n nuwe paneel optree, dat die name van sowel die prysweners as die beoordelaars vooraf bekendgemaak moet word en dat daar, soos in Amerika, van kinders gebruik gemaak moet word as keurders om elke jaar 'n spesiale toekenning te maak (Kinderboek-pryse onder skoot, 1989:6).

Die instelling van die ATKV-kinderboektoekenning het in 1991 gevolg, waar kinderlesers self as beoordelaars optree en die gewildste Afrikaanse kinderboeke wat in die voorafgaande jaar verskyn het, bekroon word (sien ook afdeling 4.3.2.1.8).

Met die instelling van die ATKV-toekenning, het Thomas van der Walt dié prys fel gekritiseer. Volgens Van der Walt (1991:2) was daar reeds te veel toekennings vir die klein aantal Afrikaanse kinderboeke wat op eie bodem geskep word, aangesien dieselfde skrywers, soos Alba Bouwer, Freda Linde en Rona Rupert, oor en oor bekroon word, en dit sowel die waarde van Afrikaanse kinderboektoekennings verwater as die geloofwaardigheid daarvan in gedrang bring. Van der Walt kritiseer die ATKV se besluit om nie ook vertaalde kinderboeke in Afrikaans vir die prys in aanmerking te neem nie, en maak hieroor die volgende uitlating:

Die ATKV bepaal verder dat slegs oorspronklike Afrikaanse boeke vir die prys in aanmerking kom, met ander woorde nie vertalings in Afrikaans nie. Alle Afrikaanse kinderboeke kom dus nie in aanmerking vir die prys nie. Dit is 'n vreemde besluit. Die kinderleser, vir wie die prys tog ingestel is, stel hoegenaamd nie daarin belang of 'n boek oorspronklik in Afrikaans geskryf is en of dit in Afrikaans vertaal is nie – hulle stel net belang in 'n goeie verhaal – in hierdie geval dan in Afrikaans. Is die doel van die prys nie juis om kinders aan te moedig om meer Afrikaanse kinderboeke

te lees nie? Om te bepaal dat slegs oorspronklike Afrikaanse boeke in aanmerking geneem word, wil 'n mens weer die idee gee dat 'n bepaalde uitgewer of uitgewers te veel inspraak gehad het. Boonop bestaan daar reeds 'n verskeidenheid ander pryse wat die skryf van oorspronklike Afrikaanse kinderboeke aanmoedig.

In replek op die artikel deur Van der Walt, het Frits Kok (1991:5), destyds die uitvoerende direkteur van die ATKV, die volgende gesê:

Die praktyk en prioriteite bepaal dat in hierdie eerste toekenningsjaar slegs oorspronklike Afrikaanse kinderboeke en nie ook vertaalde kinderboeke in Afrikaans vir die toekenning in aanmerking kom nie. Om geloofwaardigheid aan die toekenning te verleen, moet toegesien word dat alle boeke wat beoordeel word, deur die kinderbeoordelaars gelees word. Ongelukkig is dit so dat baie biblioteke nie eers alle oorspronklike Afrikaanse kinderboeke op hul rakke het nie, wat nog van vertalings, en sou die toevoeging van hierdie vertaalde kategorie gevolglik die beoordelingsmeganisme onmoontlik maak het. Daarby is dit ook belangrik vir die ontwikkeling van die mark dat ons eie goeie kinderboekskrywers geïdentifiseer en aangemoedig moet word. Van aansporingsmaatreëls kan daar nie te veel wees nie. Dit sluit egter nie uit dat vertaalde kinderboeke in Afrikaans ook mettertyd, indien moontlik, bygetrek kan word nie.

Vertaalde kinderboeke is tot op hede nog nie by die ATKV-toekenning ingesluit nie.

4.3.2.3 Literêre toekennings waarvoor hoofsaaklik vertalings en/of vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur in aanmerking kom

Terwyl daar 'n verskeidenheid inheemse pryse is waarvoor slegs oorspronklike Afrikaanse kinderliteratuur in aanmerking kom, is daar net een prys waarvoor slegs vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur kan meeding, naamlik die Elsabé Steenberg-prys vir Vertaalde Kinder- en Jeugliteratuur in Afrikaans, wat sedert 2008 toegeken word (sien afdeling 4.3.2.3.2).

Dat daar net een prys is waarvoor slegs vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur kan meeding en die feit dat dit so onlangs as 2008 eers ingestel is, is sprekend van vertalings se marginale posisie in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem.

Voor die ontstaan van die Elsabé Steenberg-prys vir Vertaalde Kinder- en Jeugliteratuur in Afrikaans moes vertalings saam met oorspronklike Afrikaanse kinderliteratuur om pryse

meeding, soos die Alba Bouwer-prys vir kinderliteratuur (sien afdeling 4.3.2.1.5), of teen ander vertaalde belletristiese werke, waaronder byvoorbeeld vertaalde poësie en dramas, vir die Suid-Afrikaanse Akademieprys vir Vertaalde Werk (sien afdeling 4.3.2.3.1).

Sedert 2003 het die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI) ook 'n prys vir vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur toegeken (sien afdeling 4.3.2.3.3) en sedert 1994 is boeke uit Suid-Afrika op die International Board of Books for Young People (IBBY) se ererol toegelaat, sodat vertaalde Afrikaanse kinderboeke ook kon meeding om IBBY se Internasionale Toekenning vir Vertaling (sien afdeling 4.3.2.3.4).

Hierdie pryse en die vertaalde Afrikaanse kinderboeke wat dié pryse vir die tydperk 1990-2018 verower het, sal vervolgens aandag geniet.

4.3.2.3.1 Die Suid-Afrikaanse Akademieprys vir Vertaalde Werk

Die Suid-Afrikaanse Akademieprys vir Vertaalde Werk word deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns toegeken. Dit is vir die eerste keer in 1948 toegeken nadat die keurkomitee van die Hertzogprys²⁹ vir Drama nie 'n bekroonbare drama kon vind nie, en die komitee gewillig was om J.P.J. van Rensburg se vertaling, *Die vroue van Troje*, vir bekroning te oorweeg.³⁰

Die Suid-Afrikaanse Akademieprys vir Vertaalde Werk volg dieselfde genre-indeling as by die Hertzogprys (prosa, poësie en drama) en die regulasies bepaal dat die prys toegeken word vir die vertaling van 'n belletristiese werk uit enige taal in Afrikaans. By beoordeling word daar gelet op die aansien wat die vertaalde werk binne sy eie letterkunde geniet en op die juistheid en algemene geslaagdheid van die vertaling (Akademiepryse, [s.a.]).

Die heel eerste kinderboek wat met 'n Suid-Afrikaanse Akademieprys vir Vertaalde Werk bekroon is, is Mavis de Villiers se vertaling van *Die Groot Sagmoedige Reus* in 1996,

²⁹ Die Hertzogprys is die oudste literêre prys vir skeppende skryfwerk in Afrikaans en is die prys met die meeste aansien (Burger, 2018). Akademici, soos dr. Lydia Pienaar (Snyman) en prof. Carl Lohann, het dit al in die verlede betreur dat Afrikaanse kinderboekouteurs nie ook vir die Hertzogprys in aanmerking kan kom nie (sien Botha, 1982:38).

³⁰ Dit is vertaal uit die Grieks van Euripedes.

uitgegee deur Tafelberg Uitgewers. In *Die Burger* van 1996 het prof. Marius Scholtz die volgende oor De Villiers se vertalings van Roald Dahl se kinderboeke in Afrikaans gesê:³¹

Mavis de Villiers, wat die Akademieprys vir vertaalde werk ontvang het, se vertalings getuig nie net van haar kreatiewe vindingrykheid nie, maar ook van die ryk en geskakeerde toonomvang van die Afrikaanse taal om aan so 'n skeppingsvermoë 'n tuis te bied ... Die artistieke sensitiwiteit en verfyndheid wat in elke opsig die vertaling van Mavis de Villiers kenmerk, stempel haar as woordkunstenaar van formaat (Vooraanstaandes ontvang lof, pryse van die Akademie, 1996).

Hierna is ook Janie Oosthuysen in 2002 met die Suid-Afrikaanse Akademieprys vir Vertaalde Werk vereer vir haar vertaling van die eerste vier titels in J.K. Rowling se *Harry Potter*-reeks, naamlik *Die towenaar se steen* (2000), *Die kamer van geheime nisse* (2000), *Die gevangene van Azkaban* (2000) en *Die beker vol vuur* (2001) almal uitgegee deur Human & Rousseau.³²

4.3.2.3.2 Die Elsabé Steenberg-prys vir Vertaalde Kinder- en Jeugliteratuur in Afrikaans

Hierdie prys is vernoem na die Afrikaanse skrywer, Elsabé Steenberg. Dit word sedert 2008 elke drie jaar deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns toegeken aan kinderliteratuur en jeugliteratuur wat uit enige taal in Afrikaans vertaal is vir lesers in die ouderdomsgroep vyf tot 12 jaar en word geborg deur die PUK-Kanselierstrust te Noordwes Universiteit, Potchefstroom. By die beoordeling van die vertaling word daar gelet op die aansien wat die vertaalde werk binne sy eie letterkunde geniet en op die juistheid, oorspronklikheid en die gehalte van die vertaling (Bekronings: Elsabe Steenbergprys vir Vertaalde Kinder- en Jeugliteratuur, [s.a.]; sien ook Britz, 2009:16; Gewilde kinderboeke word bekroon, 2009:8).

In 2009 wen Jaco Jacobs die Elsabé Steenberg-prys vir sy vertaling van Chris Riddell se *Ottoline and the yellow cat* (2007) as *Willemien en die geel kat* (2008) in Afrikaans, uitgegee

³¹ Mavis de Villiers het vyf van Roald Dahl se kinderboeke in Afrikaans vertaal: *Kalie Emmer en die groot glashyser* (1983), *Hendrik en die reuse perske* (1984), *Slimjan die jakkalsman* (1984), *Die toorvingertjie* (1984) en *Die groot sagmoedige reus* (1993).

³² Die oorspronklike Engelse brontekste heet *Harry Potter and the philosopher's stone* (1997), *Harry Potter and the chamber of secrets* (1998), *Harry Potter and the prisoner of Azkaban* (1999) en *Harry Potter and the goblet of fire* (2000).

deur LAPA Uitgewers (Britz, 2009:16; Gewilde kinderboeke word bekroon, 2009:8). Jacobs het die volgende oor die Afrikaanse vertaling gesê (Britz, 2009:16):

[D]ie grootste lekkerte in die vertaalproses was om met die karakters se name vorendag te kom. Ek vind besonder sterk aanklank by Riddell se humoristiese skryfstyl, daarom het ek groot pret gehad om met name soos Willemien van Rooyen (vir Ottoline Brown), Vreesloos Flerremuiz ('n hond) en die Om-i-Bos Akademie vir Misleiding vorendag te kom. Die harige gediertetjie se Engelse naam is Mr Munroe, wat ek meneer Knuffel noem. In Nederlands staan 'n sagte speelding soos 'n teddiebeer as 'n "knuffelbeest" bekend, vandaar die naam.

In 2012 word die Elsabé Steenberg-prys vir Vertaalde Kinder- en Jeugliteratuur in Afrikaans aan Amelia de Vaal toegeken vir die vertaling van Wil Huygen en Rien Poortvliet se boeke *Leven en werken van de kabouter* (1976) en *De oproep der kabouters* (1981) as *Die lewe en werke van kabouters* (2010) en *Die oproep van die kabouters* (2010), uitgegee deur Protea Boekhuis.

In 2015 wen Kobus Geldenhuys die Elsabé Steenberg-prys vir sy vertaling van Cressida Cowell se *How to speak dragonese* (2005) as *Hoe om drakonees te praat* (2014), uitgegee deur Protea Boekhuis. In 2018 wen Kobus Geldenhuys weer die Elsabé Steenberg-prys vir sy vertaling van M.G. Leonard se *Beetle boy* (2016) as *Kewerknaap* (2017), ook uitgegee deur Protea Boekhuis. Willie Burger skryf in *Vrouekeur* (Burger, 2018) die volgende: "Geldenhuys het talle werke in die afgelope drie jaar op besonder kreatiewe manier vertaal. Sy weergawes van Roald Dahl en David Walliams se werk sprankel soos die oorspronklikes."

4.3.2.3.3 Die SAVI-prys vir die Voortreflike Vertaling van Kinderliteratuur

Die SAVI-prys vir Voortreflike Vertaling gee erkenning aan voortreflike gepubliseerde vertalings en woordeboeke in Suid-Afrika se 11 amptelike tale. Hierdie prys is ingestel in 'n poging om die publikasie van vertalings van oorspronklike werke in inheemse Suid-Afrikaanse tale aan te moedig, om die gehalte van vertalings te verbeter, om veeltaligheid en die gebruik van inheemse Suid-Afrikaanse tale te bevorder, om interkulturele begrip te bevorder en om 'n bewustheid te skep van die bydrae wat vertalers lewer om mense in Suid-Afrika te verenig (Boers, 2006:69).

Die SAVI-prys vir Voortreflike Vertaling word sedert 2000 elke drie jaar toegeken om min of meer met Internasionale Vertalersdag saam te val, wat elke jaar op 30 September gevier word. In 2000 is die SAVI-prys nog nie in kategorieë toegeken nie en as gevolg hiervan, is kinderliteratuur nie in aanmerking geneem nie. Sedert 2003 kon vertaalde kinderboeke ook in aanmerking kom vir dié toekenning.

Die meerderheid van die vertalings wat in die tydperk tussen 2003 en 2018 met die SAVI-prys vir die Voortreflike Vertaling van Kinderliteratuur bekroon is, is vertalings van internasionale herkoms, naamlik in 2003, 2009, 2015 en 2018.

In 2003 wen Janie Oosthuysen die SAVI-prys vir haar vertaling van J.K. Rowling se *Harry Potter and the goblet of fire* (2000) as *Harry Potter en die beker vol vuur*, in 2001 uitgegee deur Human & Rousseau (sien Williams, 2003:6) en in 2009 wen Jaco Jacobs die SAVI-prys vir sy vertaling van Chris Riddell se *Ottoline and the yellow cat* (2007) as *Willemien en die geel kat*, in 2008 uitgegee deur LAPA Uitgewers.

In 2012 wen 'n plaaslike vertaling die SAVI-prys. Dit is toegeken aan Elsa Silke vir die vertaling van Linda Rode se *In die Nimmer-Immer-Bos* in Engels as *In the Never-Ever Wood*, uitgegee deur Tafelberg Uitgewers. 'n Vertaling van internasionale herkoms is ook eervol vermeld, naamlik die Afrikaanse vertaling van Joyce Dunbar se kinderboek, *I want a mini tiger* (2010) as *Ek soek 'n tier* deur Jaco Jacobs, in 2011 uitgegee deur LAPA Uitgewers. Die ander vertalings van internasionale herkoms wat vir 2012 genomineer is, is Rachel Rivett se *Are you sad, little bear?* (2009) in Afrikaans vertaal as *Is jy hartseer, Beertjie?* deur Linda Rode en in 2011 uitgegee deur Human & Rousseau, Mij Kelly se *A bed of your own* (2010) in Afrikaans vertaal as *My bed is my bed* deur Philip de Vos en in 2011 uitgegee deur Human & Rousseau, en Jenny Valentine se *Iggy and me and the happy birthday* (2010) in Afrikaans vertaal as *Ek en Bella: Lekker verjaar!* deur Lydia du Plessis en in 2011 uitgegee deur LAPA Uitgewers.

In 2015 verower Naòmi Morgan die SAVI-prys vir haar vertaling van Eric-Emmanuel Schmitt se *Oscar et la dame rose* en *Monsieur Ibrahim et les fleurs du Coran*, vertaal as *Oskar en die pienk tannie* en *Monsieur Ibrahim en die blomme van die Koran* (en onderskeidelik in 2013 en 2014 uitgegee deur Human & Rousseau). Die beoordelaars was van mening dat dié Franse vertalings as 'n mylpaal beskou moet word in Suid-Afrikaanse kinderliteratuur,

en vergelyk dit met die vertaling van Antoine de Saint-Exupéry se *Le petit prince* in Afrikaans (SATI Judge's Comments, 2015).

Die beoordelaars was enersyds van mening dat vertalings uit Frans uiters betekenisvol is, aangesien Franse boeke nie vir die deursnee-Afrikaanssprekende kind toeganklik is nie, en andersyds omdat Eric-Emmanuel Schmitt een van Frankryk se grootste skrywers is (SATI Judge's Comments, 2015). Oor die vertaling, het die beoordelaars die volgende te sê gehad:

Her translations convey the word and the spirit of the original French texts almost perfectly. Monsieur Ebrahim [sic] ... in particular impressed the jurors with the way in which the smells, colours, sounds and ambience of the ordinary streets of Paris and the ecosystems of the suburbs were faithfully conveyed. The reader feels immersed in that word [sic], like a fly on the wall. The jurors would like to highlight the natural and idiomatic language used and the fact that the translator was so successful is [sic] creating – in pure but everyday Afrikaans – two apparently so widely differing registers, that of an old lady and an old gentleman and that of a young child. Her translations remain true to the essence, the style and the tone of the original writer and the source, but in such a way that an Afrikaans-speaking child on another continent has no difficulty understanding it (SATI Judge's Comments, 2015).

Die ander vertalings van internasionale herkoms wat vir 2015 genomineer is, is Ingrid vander Veken se *Sam: Het waar gebeurde verhaal van een meisje en haar olifant* (2000) in Afrikaans vertaal deur Antjie Krog as *Sam: 'n Ware verhaal van 'n dogtertjie en haar olifant* en in 2012 uitgegee deur LAPA Uitgewers, Jenny Downham se *Before I die* (2007) in Afrikaans vertaal as *As ek val* deur Lydia du Plessis en in 2014 uitgegee deur LAPA Uitgewers,³³ Philip Reeve se *Oliver and the seawigs* (2013) in Afrikaans vertaal deur Jaco Jacobs as *Wouter en die eienaardige eilandavontuur* en in 2014 uitgegee deur LAPA Uitgewers.

In 2018 verower Kobus Geldenhuys die SAVI-prys vir Voortreflike Vertaling vir sy vertaling van Roald Dahl se *Fantastic mr Fox* (1970) as *Fantasiese meneer Vos*, in 2016 uitgegee deur Human & Rousseau. Oor die vertaling, het die beoordelaars die volgende te sê gehad:

One often reads that the problems faced by translators for adults and children work [sic] are essentially the same. After all, the purpose of any translator is to render the

³³ Hierdie boek is nie by die inventaris ingesluit nie omdat die navorser dit as jeugliteratuur beskou. Op die flapteks van die Afrikaanse vertaling word dit aangedui as geskikte leesstof vir leerders van graad tien tot 12.

work under his or her hand as clearly and accurately as possible, and to carry over from the original as many of its peculiar qualities as possible. In the case of children's books there are certain hindrances that are not at play in the case of translating for adults, amongst others the fact that children are not yet linguistically competent; that their vocabulary is not fully developed yet, and that there are certain taboos when it comes to children that cannot be spoken of in certain communities. However, translators of children's books are usually also "allowed" more freedom to change, add or to leave out from the original text – of course only if the changing or adapting makes the text more applicable or accessible for the reader in the target language. The jurors were full of praise for Geldenhuys' particular successful translation of and interplay with Dahl's humorous story. His language skills are illustrated by one after the other creative translation solution and flexible and idiomatic use of language. Mention is made of his original naming, play with words and sounds, assonance and alliteration; new creations and rhythmic sentences that contribute to the reading and dramatization possibilities of the new text (SATI Judge's Comments, 2018).

4.3.2.3.4 Die IBBY Internasionale Toekenning vir Vertaling

Die International Board on Books for Young People (IBBY) is 'n organisasie sonder winsbejag wat in 1953 in Zürich, Switzerland begin is. Dit verteenwoordig 'n netwerk mense regoor die hele wêreld wat onderneem om boeke en kinders bymekaar te bring. IBBY se doelstelling is om internasionale begrip te bevorder deur middel van kinderboeke, om vir kinders van regoor die wêreld die geleentheid te gee om toegang te verkry tot boeke van hoogstaande literêre en kuns-standaarde, om die publikasie en verspreiding van gehalte kinderboeke aan te moedig, veral in ontwikkelende lande, om ondersteuning en opleiding te bied aan diegene wat betrokke is by kinders en kinderliteratuur, om navorsing en akademiese skrywes in die veld van kinderliteratuur te stimuleer en om die regte van kinders te beskerm volgens die VN-konvensie oor die Regte van die Kind (What is IBBY, [s.a.]).

IBBY stel elke tweede jaar 'n Erelys saam. Hierdie Erelys bevat 'n seleksie van uitstaande, onlangs gepubliseerde boeke en vereer skrywers, illustreerders sowel as vertalers uit lande wat IBBY-lede is.

Important considerations in selecting the Honour List titles are that the books are representative of the best in children's literature from the country and that the books are suitable for publication throughout the world. The selection provides insight into the diverse cultural, political and social settings in which children live and grow and it can be used by all those involved with developing educational and literacy

programmes and publishing initiatives to develop exemplary “international” collections (IBBY Honour List, [s.a.]).

Suid-Afrika kon vir die eerste keer in 1994 meeding (Tweekuns vir Linda Rode, Tafelberg, 1995:9) en sedertdien, het ’n hele paar vertalings al op die IBBY-ere lys verskyn: *Was oupa rêrig ’n seerower* – Linda Rode (1994), *Harry Potter en die towenaar se steen* – Janie Oosthuysen (2002), *Dokter Me Di Syn en die keiser se seun* – Piet Grobler (2002), *Die spreek met foete* – Philip de Vos (2004), *Die wolf wat outjie geskree het* – Philip de Vos (2006), *Willemien en die geel kat* – Jaco Jacobs (2010), *Die avonture van Alice in Wonderland* – André P. Brink (2012), *Hoe om jou draak te tem* – Kobus Geldenhuys (2014) en *Die leeu en die muis* – Philip de Vos (2018).

Een van die belangrikste oorwegings wanneer die IBBY-ere lys saamgestel word, is dat die boeke op die lys die beste van elke land se kinderliteratuur moet verteenwoordig, en dat dit geskik moet wees vir publikasie regoor die wêreld, aangesien dié boeke deel uitmaak van rondreisende uitstallings wat by verskeie internasionale konferensies en literêre feeste te siene sal wees en ook deel vorm van die permanente uitstallings in die Internasionale Jeugbiblioteek in München, Duitsland (LAPA Uitgewers, 2015).

Hierdie prysondersoek wys daarop dat die vertaalde Afrikaanse kinderliteratuursisteem van internasionale herkoms as geheel hoofsaaklik perifeer is. As dit deelgeneem het aan die sentrum van die Afrikaanse kinderliteratuursisteem, sou internasionale vertalings meer in aanmerking kom vir pryse waarom oorspronklike Afrikaanse boeke kan meeding (byvoorbeeld die ATKV-prys).

4.4 Uitgewery-ondersoek: Die invloed van ideologie in die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans

Individuals have individual knowledge of norms, but norms are only recognized by virtue of their social existence (Chesterman, 2000:54).

Norme is in die kollektiewe bewussyn gesetel as geïnternaliseerde waardes wat as ’n gedragskode uiting vind. Ten einde meer te wete te kom oor die sistemiese beperkings wat

op 'n spesifieke tydstip in 'n literêre sisteem geld en 'n invloed uitoefen op die seleksie van tekste vir vertaling, kan die norme wat in die sisteem werksaam is, bestudeer word. Terwyl norme van binne die literêre sisteem 'n invloed uitoefen op die seleksie van tekste vir vertaling, beïnvloed die patronaat die literêre sisteem van buite.

In hierdie afdeling word daar ondersoek ingestel na die invloed van vertaalnorme en die patronaat op die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans vir die tydperk 2010-2018. Die inventaris (sien addendum D) is geanaliseer ten einde die prominentste uitgewers van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms vir die tydperk 2010-2018 te identifiseer. Die uitgewers wat die meeste internasionale kinderboeke vir dié tydperk in Afrikaans vertaal het, is Human & Rousseau ('n druknaam van NB Uitgewers), LAPA Uitgewers en Protea Boekhuis.

Die drie uitgewers is elkeen afsonderlik genader vir toestemming om semigestruktureerde onderhoude te voer met 'n kinderboekredakteur of -uitgewer wat by die seleksie van internasionale kinderboeke in Afrikaans betrokke is (sien ook afdeling 2.2.6.2.1). Data soos verkry uit die onderhoude is anoniem saamgevoeg vir analise in 'n poging om die betrokke uitgewers se privaatheid te beskerm (sien addendum C vir die vrae wat aan uitgewers gestel is tydens onderhoude).

In die uitgewery-ondersoek word daar aandag gegee aan die invloed van die inisiële norm (*initial norm*) in die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans. Afrikaanse kinderboekuitgewers is gevra wat die belangrikste oorweging is by die seleksie van internasionale kinderliteratuur vir vertaling in Afrikaans: toeganklikheid in die vorm van 'n doelteksgeoriënteerde vertaling wat doelkultuurnorme voorop stel, of geskiktheid in die vorm van 'n bronteksgeoriënteerde vertaling wat prioriteit verleen aan getrouheid aan die bronteks en aan bronkultuurnorme. Aangesien 'n domestikerende vertaalstrategie die toeganklikheid van 'n vertaling vir kinders kan verhoog, is uitgewers ook gevra watter vertaalstrategie (domestikerend of vervreemdend) vir hulle verkieslik is by die vertaling van 'n internasionale kinderboek in Afrikaans (sien afdeling 4.4.1).

Dit word gevolg deur 'n ondersoek na die invloed van die preliminêre norm (*preliminary norm*) in die seleksie van internasionale kinderliteratuur vir vertaling in Afrikaans. Dit is naamlik die kriteria wat die seleksie van tekste vir vertaling in Afrikaans bepaal asook die vertaalbeleid van die uitgewer waarin dié kriteria vervat word (waaronder die praktyk van

indirekte vertaling, naamlik of vertalings soms deur middel van mediërende tale geskied, watter tale dikwels as mediërende tale funksioneer en waarom indirekte vertaling plaasvind) (sien afdeling 4.4.2).

Voorts is uitgewers uitgevra oor wat na hulle mening die rol of funksie van internasionale vertalings in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem is (sien afdeling 4.4.3), en watter uitdagings en beperkings in die seleksie van internasionale kinderliteratuur vir vertaling in Afrikaans voorkom (sien afdeling 4.4.4). Laastens kom die vorm wat die patronaat ná 1990 inneem, aan bod (sien afdeling 4.4.5).

In die bespreking wat volg, is Afrikaanse kinderboekuitgewers tussendeur verbatim anoniem aangehaal ten einde belangrike besprekingspunte uit te lig en te beklemtoon.

4.4.1 Die inisiële norm: Geskiktheid vs. aanvaarbaarheid in die seleksie van kinderboeke vir vertaling in Afrikaans

As ek kyk na die teks, dan dink ek altyd na wie gaan dit lees? Die ouer gaan dit dalk voorlees, of die kind gaan dit self lees. So ... en kyk, met ko-produksies is hulle nie altyd so streng dat jy by die bronteks moet hou nie. Jy moet obviously by die crux van die storie hou, maar as jy iets moet aanpas vir Afrikaanse ouers, dan doen ek dit.

Vir Afrikaanse uitgewers staan die toeganklikheid van die vertaalde kinderboek sentraal. Eerstens, is toeganklikheid tot die Afrikaanse ouer vir uitgewers 'n prioriteit. Aangesien Afrikaanse ouers boeke vir hulle kinders koop en boeke ook deur ouers aan hulle kinders voorgelees word, hou uitgewers ouers in gedagte deurdat vertalings oorwegend by 'n doelteksgeoriënteerde vertaalbenadering sal hou indien norme in die bronteks met norme en waardes in die doelkultuur bots.

Toeganklikheid tot die vertaalde teks staan beslis voorop. Dis belangrik dat 'n vertaling vlot lees. Dit is ook die uitgewer se werk om seker te maak dat dit gebeur. Boeke moet vir kinders lekker wees om te lees, dit is veral waarom dit moet vlot lees. Ek probeer nog tot op die heel laaste om die teks so idiomaties moontlik in Afrikaans te laat lees.

Tweedens, is toeganklikheid tot die Afrikaanse kind vir die uitgewer belangrik. Toeganklikheid tot die kind word enersyds bewerkstellig deurdat kultuurvreemde elemente

aangepas word indien die uitgewer voel dit is nodig (deur byvoorbeeld domestikerend of neutraliserend in die vertaling te werk te gaan) en andersyds deurdat 'n vertaling geskep word wat vlot en idiomaties lees.

Ten einde die toeganklikheid van die vertaalde teks vir Afrikaanse kinderlesers te verhoog, sal Afrikaanse kinderboekuitgewers geredelik aan kulturele merkers verander (deur merkers te domestikeer, neutraliseer of weg te laat) indien hulle voel dat die deursnee Afrikaanse kind nie daarmee sal identifiseer nie.

As ek iets vertaal oor diere en daar is vreemde diere wat nie by ons voorkom nie, dan pas ek dit aan. Jy kan nie iets in 'n boek sit wat hulle nie mee gaan kan identifiseer nie. Wat ek altyd vir die vertaler sê is onthou, die Afrikaans moet op sy eie bene staan. Dis nou in Afrikaans. Dis 'n ander boek, eintlik.

Dit volg dat Afrikaanse uitgewers nie sal voorkeur gee aan 'n vervreemdende vertaalstrategie indien hulle voel dat dit die toeganklikheid van 'n vertaling vir die Afrikaanse kind sal belemmer nie.

Ons het al sulke boeke gekry wat jy die inhoud bietjie verinheems en dan is mense ongelukkig daarvoor en sê nee, jy kon meer by die oorspronklike gebly het, maar dit is nie regtig so eenvoudig nie, dis meer kompleks. En die belangrike ding dink ek is jy moet jou leser of toehoorder daar bereik wat 'n rol behoort te speel. Om nou die twee of drie ouens wat dit nou gaan oor die literêre meriete, om boeke vir hulle uit te gee, dis nie vir wie ons uitgee nie.

Dit blyk ook dat boeke van internasionale herkoms soms geselekteer kan word op grond van hoe maklik dit vir die Afrikaanse kinderleser (of tot die Suid-Afrikaanse doelkultuur) aangepas kan word.

So, ek kyk altyd hoeveel goed is te vreemd. So, dit hang af hoeveel daar is. Wel, hulle kan maar iets leer ook. So, sê maar dis 'n boek wat net oor die Amazon gaan, dan sal ek dit nie oorweeg nie. Want hulle moet darem iets ook hê wat aan hulle bekend is. As daar 'n boek is oor verskillende diere en daar is 'n stuk in die boek wat oor die reënwood gaan, dan is dit oukei. Hulle kan ietsie leer daar. Maar dit moenie totally iets wees wat hulle nog nooit van gehoor het nie. Jy moet maar kyk. Soos byvoorbeeld, jy kyk hoeveel illustrasies daar is as jy sê nou 'n reeks doen. En jy gaan na die volgende een in die reeks en jy sien maar hierdie boek speel net af in die sneeu. Dan moet jy kyk hoeveel van dit gaan jy kan uitskrif, hoeveel illustrasies is

daar, hoeveel gaan jy kan verander na net koud en reën toe. Weereens, jy kyk maar na die spesifieke boek en wat daarin is.

Dit is moontlik een rede waarom talle geselekteerde vertalings in die inventaris (sien addendum D) van antropomorfe karakters gebruik maak, soos hasies of beertjies in plaas van mense, en in neutrale, onherkenbare milieus afspeel, byvoorbeeld Elle van Lieshout en Erik van Os se *Mejuffrou Muis*-reeks, waaronder *Mejuffrou Muis en haar lieflike huis* (2011) en *Mejuffrou Muis gaan op reis* (2011) en David Melling se *Dirk*-reeks (wat sentreer rondom 'n beerkarakter), waaronder *Dirk soek 'n drukkie* (2010), *Toemaar, Dirk!* (2011) en *Dirk slaap oor* (2012), Else Holmelund Minarik se *Beertjie*-leesreeks, soos *Beertjie* (2013), *Pappa Beer kom huis toe* (2013) en *Beertjie se vriendin* (2013) asook Sylvia vanden Heede se leesreeks, waaronder titels soos *Vos en Haas* (2010), *Wolf en Hond* (2011) en *Tot siens Vos en Haas* (2011).

4.4.2 Die preliminêre norm: 'n Onderzoek na die vertaalbeleid van Afrikaanse uitgewers

So, ek sou sê jy kyk maar na die spesifieke tema van die boek. Soos, as jy kyk na 'n niefiksieboek sal jy kyk na is daar iets wat 'n kind kan leer. Ja, nie eintlik nie ... daar is nie spesifieke kriteria nie. Ek vat maar elke projek op sy eie.

In die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans, werk Afrikaanse uitgewers nie volgens 'n vooraf bepaalde stel seleksiekriteria nie. Sommige uitgewers laat hulle wel lei deur ouderdomsgroepe en selekteer dan boeke volgens wat hulle dink gepas sal wees vir 'n spesifieke ouderdomsgroep, maar dikwels word elke boek op eie meriete oorweeg. Afrikaanse uitgewers werk ook nie noodwendig volgens 'n vasgestelde vertaalbeleid nie.

Nee, ons het nie 'n lang dokument wat elkeen moet lees en sê jy moet nou daarby bly nie, maar kyk, ons het 'n beperkte klompie mense wat ons gebruik om te vertaal. Hulle weet wat ons werkswyse is en so aan. Ons is huiwerig om ander ouens te gebruik, want alhoewel ons nie 'n vertaalbeleid het nie, is daar sekere goed wat ons op ons manier doen wat ons dink is reg, wat ons nie noodwendig ander maniere van doen aanpak nie.

Elke uitgewer het 'n unieke huisstyl en vertalers wat vir die vertaling van internasionale kinderboeke gebruik word, is vertrouwd met die uitgewer se styl en manier van werk. As daar 'n kwessie in die vertaling opduik, sal die uitgewer of redakteur en die vertaler dit bespreek en saam 'n oplossing daarvoor probeer vind, maar geen riglyne word vooraf aan vertalers gegee ten opsigte van die vertaalhandeling self nie. Elke bronteks word op eie meriete beoordeel en die vertaling daarvan word as 'n unieke projek aangepak waarin sowel die vertaler as die eindredakteur die finale inspraak het.

Ons het 'n styl. Jy't obviously 'n styl, goedjies wat jy altyd doen, maar daar is nie enige beleid wat ek van weet nie. Ek voel ook, ons werk met vertalers wat weet wat hulle doen. Hulle werk al so lank met ons, hulle weet wat om te doen. Met elke dingetjie sal hy vir my bel, dan gesels ons daaroor en maak 'n besluit. Andersins doen hy dit en as ek die teks kry, dan edit ek dit obviously en as ek dit wil verander, dan verander ek dit en dan bel ek hom net en sê dink jy dis fine, dan kan ons daaroor praat.

Hoewel talle vertalings uit Europese tale soos Nederlands, Duits, Frans en by uitsondering soms ook tale soos Russies en Italiaans direk geskied, skram Afrikaanse kinderboekuitgewers nie weg van indirekte vertaling deur middel van 'n mediërende taal nie, en in die meeste gevalle is die mediërende taal Engels.

Ons het Duits, ons het Italiaans. Maar die lekker ding is, al hierdie mense kan dit vir my in Engels gee. So, wat hulle doen is, hulle vertaal dit aan hulle kant in Engels en dan gee hulle vir my die tekste, dan vra ek die Italiaans ook aan ... so wat ek doen is, ek kry die Italiaans en die Engels en dan kan ek beide stuur vir die vertaler en sê luister, die Engels is nie goed nie, gaan kyk na die oorspronklike en dan ... ja.

Heelwat vertalings van internasionale herkoms geskied indirek via 'n Engelse vertaling wat reeds gepubliseer is of met behulp van 'n ruwe Engelse vertaling of konsepvertaling saam met die oorspronklike bronteks, aangesien daar weinig Afrikaanse vertalers is wat uitgewers vertrou om uit Europese tale (buiten byvoorbeeld Nederlands, Frans en Duits) te vertaal.

Ons is partykeer gelukkig, ons het al 'n boek hier uit Pools uitgegee, ons wil meer uitgee, maar hier's niemand wat ons ken wat Pools ... dalk is daar ouens wat dit verstaan ... maar ouens wat dit goed vertaal is weer 'n ander storie. Dan is daar gelukkig dalk 'n Engelse uitgawe daarvan beskikbaar. So, jy is daar gebonde aan die vertalers wat jy het. En nie noodwendig ook net die vertalers nie – jy het vertrou in sekere vertalers en ander nie. Nou, die ooglopende tale is dan maar Engels en

Nederlands en Duits en wat makliker is om vertalers te kry en wat ons meer vertalers het.

Voorbeelde van indirekte vertalings in die tydperk 2010-2018, is onder meer *Bella blaas borrels* (2012). Dit is uit Engels vertaal, hoewel die bronteks in Hebreeus is. Ook *Wie woon hier?* (2018) is uit Engels vertaal is, hoewel die bronteks in Hebreeus is (sien addendum D).

Die seleksie van kinderliteratuur van internasionale herkoms vir vertaling in Afrikaans geskied ook dikwels met behulp van 'n kort omskrywing van die bronteks se inhoud in Engels, of met behulp van 'n konsepvertaling van die hele boek in Engels.

4.4.3 Die rol of funksie van internasionale vertalings in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem

Ons het as 'n Suid-Afrikaanse uitgewershuis in 'n Afrikaanse konteks 'n balans om te handhaaf tussen die plaaslike en die ko-produksie. Eerstens, is daar te min plaaslike skrywers wat goed skryf en die leesmark in Europa en Noord-Amerika is veel groter, in alle opsigte. Dis dan ook makliker om boeke te vertaal omdat dit alreeds daar is.

Volgens Afrikaanse uitgewers, is daar hoofsaaklik drie redes waarom boeke van internasionale herkoms in Afrikaans vertaal word. Eerstens omdat daar te min plaaslike kinderboekskrywers is om in Afrikaanse kinders se leesbehoefte te voorsien. In dié opsig, voorsien vertalings van internasionale herkoms Afrikaanse kinders van 'n diverse aanbod boeke wat nie andersins beskikbaar sou wees nie.

Ek dink as ons nie dit doen nie, gaan ons nie genoeg Afrikaanse kinderboeke op die rakke hê nie. En ek dink ook, as jy kyk na byvoorbeeld die massamark, plakkerboeke, sprokiesboeke, aktiwiteitsboeke, hoeveel Afrikaanse plaaslike skrywers doen sulke goeters? Om plakkers te druk is baie duur. En ek doen aktiwiteitsboeke vir baie goedkoop. So dit maak net sin. So ja, ek dink my antwoord sal wees, as ons dit nie doen nie, sal ons nie genoeg Afrikaanse boeke in boekwinkels hê nie.

Tweedens blyk vertalings van internasionale herkoms ook vir die Afrikaanse uitgewer 'n ekonomiese publikasie-opsie te wees, veral as dit 'n ko-produksie is wat gesamentlik deur verskillende uitgewers gelyk gedruk word (hoe groter die drukoplaag, hoe kleiner is die

eenheidskoste). Wanneer 'n boek plaaslik geskep word, kom tantiemes vir die outeur aan bod, sowel as vergoeding vir die illustreerder en medewerkers (soos die redakteur en proefleser). Daarby is sommige kinderboeke te duur om plaaslik te skep, en word dié boeke geredelik as ko-produksies gepubliseer (byvoorbeeld kartonboeke, plakkerboeke, lig-die-flappie-boeke, 3D-prentboeke, aktiwiteitsboeke en nie-fiksieboeke).³⁴ Sommige uitgewers druk ook prentboeke as ko-produksies om koste te bespaar.

Die rede hoekom jy na oorsese boeke kyk, is hoofsaaklik om twee redes. Nommer een is die gehalte van die boeke. Dis net oneindig beter as dit wat plaaslik beskikbaar is. Die tweede rede ... daar is ook 'n koste-aspek, want as jy nie die boek hoef te ontwikkel en die storie hoef te ontwikkel en die kunstenaar te kry nie ... jy kry eintlik nie so 'n duur bedrag nie.

Derdens is die gehalte van internasionale kinderboeke goed en Afrikaanse uitgewers poog om deur middel van vertalings kinderboeke van goeie gehalte aan Afrikaanse kinders beskikbaar te stel.

Ons filosofie met die keuse van kinderboeke is altyd om die heel beste boeke ter wêreld in Afrikaans beskikbaar te stel. En ek dink daar is 'n klomp dinge wat 'n rol speel, maar dit is definitief iets wat belangriker is as ander goed, dat die beste kinderboeke in die wêreld beskikbaar is.

4.4.4 Uitdagings en beperkings in die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans

Kulturele verskille blyk 'n uitdaging te wees in die seleksie van kinderliteratuur vir vertaling in Afrikaans. Boeke wat net voor Kersfees uitgegee word waarin dit byvoorbeeld sneeu en waarin kinders sneeumanne bou, word nie geredelik geselekteer vir vertaling in Afrikaans nie. Daarbenewens verskil die kulturele tradisies van oorsese lande van dié in Suid-Afrika. Advent word byvoorbeeld in Duitse Kersboeke gevier.

Lewensomstandighede van kinders oorsee verskil ook merkbaar van dié in Suid-Afrika, en sommige uitgewers meen dat Afrikaanse kinders hulle nie daarmee sal kan vereenselwig

³⁴ Talle kundiges se hulp word dikwels by die produksie van nie-fiksieboeke ingewin en dan raak dit duur. In wetenskaplike nie-fiksieboeke word daar byvoorbeeld eksperimente gedoen of items gebou wat alles deur die uitgewer nagegaan moet word vir juistheid voor publikasie, en dus ook koste opjaag.

nie. Anders as in Suid-Afrika, woon talle kinders in byvoorbeeld Nederland in woonstelle sonder tuine, of in klein skakelhuisies.

En dan, jy weet, normale omstandighede in baie van daai lande is verskillend. Dis miskien normaal vir 'n kind in Nederland om, jy weet, hulle bly dalk nie in 'n huis soos ons nie, of wat ook al, dit is bietjie verskillend. Ook as jy boeke oor die natuur het, sal jy kyk, jy weet, as dit nou Europese voëls of Europese diere is, dit help nie om dit uit te gee nie.

Die diversiteit van karakters in internasionale kinderboeke blyk ook 'n uitdaging te wees. Suid-Afrika het 'n unieke multikulturele samelewing wat dikwels nie in boeke van internasionale herkoms weerspieël word nie en moontlik kan verhinder dat alle Afrikaanssprekende kinders met die doeltjeks kan identifiseer. Dit is nog 'n rede waarom antropomorfe dierekarakters dikwels in vertaalde kinderboeke van internasionale herkoms voorkom.

Sommige uitgewers meen ook dis 'n uitdaging om te probeer peil wat in die Afrikaanse kinderboekemark gaan verkoop en wat nie.

Eerstens, dit gaan oor of jou boek gaan verkoop en dis moeilik om te bepaal, want die mark verander so vinnig. Een dag hou mense van dit, en die ander dag is dit in en die ander dag is dit in ... So ja, ek sou sê dit is my grootste uitdaging om daai besluit te neem. En ook of die tema van die boek in die Afrikaanse mark gaan werk. Dit is my grootste ding altyd. Ná dit kyk ek of hierdie boek vir Afrikaanse ouers gaan werk. So dit help nou nie jy doen nou 'n outrageously ding soos, ja ... ek kan nie nou aan iets dink nie ... en Afrikaanse mense gaan dit nie koop nie. Jy moet dink aan die kultuur, wat hulle vir hulle kinders wil lees, en so.

Daarby is die Afrikaanse mark sensitief vir sekere onderwerpe. Aangesien uitgewers graag wil hê hulle kinderboeke moet verkoop, probeer hulle om grotendeels van dié onderwerpe af weg te bly, byvoorbeeld boeke met hekse, toordery of swart magie.

Mens moet maar die Afrikaanse kultuur in gedagte hou. Ouers koop en lees ook kinderboeke, so ook onderwysers, grootouers, en dies meer. Toordery en hekserie is al uitgewys as 'n teer puntjie in die Afrikaanse kultuur.

4.4.5 Patronaat

In hierdie afdeling word daar gekyk na die invloed van die patronaat op Afrikaanse kinderboekuitgewers wat 'n rol gespeel het by die vertaling van internasionale kinderboeke in Afrikaans vir die tydperk 2010-2018. Die klem lê hier op magstrukture wat van buite die literêre sisteem 'n invloed uitoefen op die seleksie van tekste vir vertaling in Afrikaans.

Die patronaat kan die produksie en verspreiding van literatuur bevorder of onderdruk. Dit het dikwels 'n ideologiese komponent met voorskrifte wat betref die keuse, onderwerp en vorm van tekste vir publikasie, 'n ekonomiese komponent in die vorm van geldelike vergoeding of subsidiëring, en 'n statuskomponent, en gaan meestal indirek van buite die literêre sisteem te werk deur middel van instellings wat in die literêre sisteem betrokke is by die produksie, verspreiding en regulering van literêre tekste – soos die uitgewer.

Die patronaat kan gedifferensieerd óf ongedifferensieerd wees, met ander woorde: Die komponente waaruit die patronaat bestaan kan deur een enkele persoon, groep of organisasie voorsien word en ongedifferensieerd wees, of die komponente van die patronaat kan deur verskillende persone, groepe of organisasies voorsien word en gedifferensieerd wees.

Afrikaanse kinderboekuitgewers is in die tydperk 2010-2018 beïnvloed deur 'n gedifferensieerde patronaat van buite die literêre sisteem in die vorm van gedeeltelike of algehele befondsing vir vertalings van internasionale herkoms in Afrikaans. Buitelandse befondsing vir die vertaling van kinderboeke in Afrikaans is hoofsaaklik uit België en Nederland afkomstig: uit Nederland, vanaf die Nederlands Letterenfonds en die Stichting Mondriaan, en uit België, vanaf die Fonds voor de Letteren. Befondsing is egter ook toegestaan deur die Duitse Goethe-instituut, Die Switserse Kunsteraad Pro Helvetia en die Franse Institut Français. Publikasiesubsidies is ook deur die Fonds Neerlandistiek Suid-Afrika toegestaan. Inligting oor publikasiesubsidies is gevind op die kopieregbladsye van die vertalings self tydens die fisieke hantering van die boeke met die opstel van die inventaris.

Etlke gevalle van hierdie patronaat wat vir die tydperk 2010-2018 in die subsubstelsiem van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms voorgekom het, sal kortliks bespreek word.

Die Nederlands Letterenfonds verleen vertaalsubsidies aan buitelandse uitgewers vir die vertaling van fiksie, niefiksie, poësie, strokiesprente en kinderboeke ten einde die vertaling van Nederlandse literatuur in die buiteland te stimuleer. Dit was aanvanklik van 1991-2010 bekend as die Nederlands Literair Produktie- en Vertalingenfonds, maar sedert 2010 is dié fonds bekend as die Nederlands Letterenfonds of die Dutch Foundation for Literature (Nederlands Letterenfonds Dutch Foundation for Literature, [s.a.]).

Vir die vertaling van 'n Nederlandse werk wat as klassiek beskou word, kan befondsing aan buitelandse uitgewers tot 100% wees. Die Nederlands Letterenfonds spesifiseer nie watter titels vertaal moet word ten einde befondsing te ontvang nie – dit staan die buitelandse uitgewer vry om te kies – maar 'n aansoek om befondsing moet ingedien word, wat dan op sekere voorwaardes goedgekeur word. Een voorwaarde is die gehalte van die vertaling:

Een van de aandachtspunten van het Nederlands Letterenfonds is de kwaliteit van de vertaling. In het geval het fonds de vertaler nog niet kent, zal zij vragen om een fragmentvertaling zodat het werk van de vertaler beoordeeld kan worden. Subsidie is alleen mogelijk voor vertalingen van hoge kwaliteit (Nederlands Letterenfonds Dutch Foundation for Literature, [s.a.]).

Ander voorwaardes is byvoorbeeld dat die oorspronklike Nederlandse titel by 'n erkende Nederlandse of Vlaamse uitgewer verskyn het, dat die buitelandse uitgewer moet toesien dat die vertaling en bemerking van die vertaling sal geskied en dat 'n kontrak tussen die Nederlandse en buitelandse uitgewer in verband met vertaalregte asook 'n kontrak tussen die buitelandse uitgewer en die vertaler onderteken moet word.

Vertaalde Afrikaanse kinderboeke van Nederlandse herkoms wat vir die tydperk van 2010-2018 befondsing ontvang het vanaf die Nederlands Letterenfonds, volg in tabelvorm (sien tabel 10).

Nederlands Letterenfonds								
2010	<i>Die oproep van die kabouters</i>	Amelia de Vaal	Protea Boekhuis	1981	Nederlands	<i>De oproep der kabouters</i>	Wil Huygen	Van Holkema & Warendorf
2010	<i>Die lewe en werke van kabouters</i>	Amelia de Vaal	Protea Boekhuis	1976	Nederlands	<i>Leven en werken van de kabouter</i>	Wil Huygen	Van Holkema & Warendorf
2010	<i>Vos en Haas</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis	1998	Nederlands	<i>Vos en Haas</i>	Sylvia vanden Heede	Uitgeverij Lannoo
2010	<i>Koning van Katoren</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis	1971	Nederlands	<i>Koning van Katoren</i>	Jan Terlouw	Lemniscaat
2011	<i>Minoes</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis	1970	Nederlands	<i>Minoes</i>	Annie M.G. Schmidt	Querido Uitgeverij

2011	<i>Ottie</i>	Marietjie Nelson	Protea Boekhuis	1980	Nederlands	<i>Otje</i>	Annie M.G. Schmidt	Querido Uitgeverij
2011	<i>Tot siens Vos en Haas</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis	2006	Nederlands	<i>Tot kijk, Vos en Haas</i>	Sylvia vanden Heede	Uitgeverij Lannoo
2012	<i>Wolf, hond en kat</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis	2010	Nederlands	<i>Wolf, hond en kat</i>	Sylvia vanden Heede	Uitgeverij Lannoo
2015	<i>Is dit al?</i>	Shané Kleyn	Protea Boekhuis	2012	Nederlands	<i>Is dat alles?</i>	Jan Paul Schutten & Kees de Boer	Uitgeverij J.H. Gottmer
2015	<i>En toe kom Tom</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis	2011	Nederlands	<i>Toen kwam Sam</i>	Edward van de Vendel	Querido's Uitgeverij
2015	<i>Die rooi prinses</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis	1987	Nederlands	<i>De rode prinses</i>	Paul Biegel	Uitgeverij Holland
2015	<i>Die boek van alle dinge</i>	Martjie Bosman	Protea Boekhuis	2004	Nederlands	<i>Het boek van alle dinge</i>	Guus Kuijer	Querido's Uitgeverij
2015	<i>Oorlogs-winter</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis	1972	Nederlands	<i>Oorlogs-winter</i>	Jan Terlouw	Lemniscaat
2016	<i>Die groot klein kapitein</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis	2007	Nederlands	<i>De grote klein kapitein</i>	Paul Biegel	Lemniscaat
2016	<i>Jip en Janneke</i>	Amelia de Vaal	Protea Boekhuis	1977	Nederlands	<i>Jip en Janneke</i>	Annie M.G. Schmidt	Querido's Kinderboeken Uitgeverij
2017	<i>Die muishuis: By die kermis</i>	Shané Kleyn	Protea Boekhuis	2016	Nederlands	<i>Het muizehuis: Op de kermis</i>	Karina Schaapman	Uitgeverij Rubinstein bv

Tabel 10. Vertalings wat befondsing ontvang het vanaf die Nederlands Letterenfonds.

Die Stichting Mondriaan is 'n openbare fonds vir visuele kuns en kultuurerfenis in Nederland wat hoofsaaklik ten doel het om die werk van kunstenaars, museums en ander kunsorganisasies te bevorder.

Whether it's about the acquisition of a magic sword from the Bronze Age, the Dutch presentation at the Venice Biennale, or the pioneering with Internet art. We take care of the preservation of treasures and open up the way for top works of the future. Enriching, abrasive and connecting: the Mondriaan Fund is the public fund for heritage and visual art. We annually contribute 30 million euros to the work of young talents, proven artists and cultural institutions; we stimulate the development of expertise but also assignments to artists. In this way, we strengthen the connection between heritage, art, and society, in the interest of an open democracy (Mondriaan Fund, [s.a.]).

Hoewel dié fonds nie op Nederlandse literatuur fokus nie, kan persone of organisasies van buite die veld van visuele kuns en kultuurerfenis ook aansoek doen om befondsing deur die Mondriaanfonds indien hulle kan verantwoord hoe hulle projek tot die bevordering van Nederlandse kuns en kultuurerfenis sal bydra.

Vertaalde Afrikaanse kinderboeke wat vir die tydperk 2010-2018 gedeeltelike befondsing vanaf die Stichting Mondriaan ontvang het, volg in tabelvorm (sien tabel 11).

Stichting Mondriaan								
2010	<i>Die oproep van die kabouters</i>	Amelia de Vaal	Protea Boekhuis	1981	Nederlands	<i>De oproep der kabouters</i>	Wil Huygen	Van Holkema & Warendorf
2010	<i>Die lewe en werke van kabouters</i>	Amelia de Vaal	Protea Boekhuis	1976	Nederlands	<i>Leven en werken van de kabouter</i>	Wil Huygen	Van Holkema & Warendorf
2010	<i>Vos en Haas</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis	1998	Nederlands	<i>Vos en Haas</i>	Sylvia vanden Heede	Uitgeverij Lannoo
2010	<i>Koning van Katoren</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis	1971	Nederlands	<i>Koning van Katoren</i>	Jan Terlouw	Lemniscaat
2011	<i>Minoes</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis	1970	Nederlands	<i>Minoes</i>	Annie M.G. Schmidt	Querido Uitgeverij
2011	<i>Ottie</i>	Marietjie Nelson	Protea Boekhuis	1980	Nederlands	<i>Otje</i>	Annie M.G. Schmidt	Querido Uitgeverij
2011	<i>Wolf en Hond</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis	2009	Nederlands	<i>Wolf en hond</i>	Sylvia vanden Heede	Uitgeverij Lannoo
2011	<i>Tot siens Vos en Haas</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis	2006	Nederlands	<i>Tot kijk, Vos en Haas</i>	Sylvia vanden Heede	Uitgeverij Lannoo
2012	<i>Wolf, Hond en Kat</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis	2010	Nederlands	<i>Wolf, Hond en Kat</i>	Sylvia vanden Heede	Uitgeverij Lannoo

Tabel 11. Vertalings wat befondsing ontvang het vanaf die Stichting Mondriaan.

Die Vlaams Fonds voor de Letteren poog ook om deur middel van subsidies vir die vertaling van fiksie, kreatiewe niefiksie en literatuur vir kinders en jong volwassenes deur buitelandse uitgewers, die Vlaamse literatuur “op de wereldkaart te zetten” (Vlaams Fonds voor de Letteren: Subsidies Buitenland, [s.a.]). Sedert Maart 2017 geskied dié befondsing onder die naam Flanders Literature.

Flanders Literature awards grants to foreign language publishers to facilitate the publication abroad of high-quality fiction, creative nonfiction, and literature for children and young adults, written by Dutch-speaking Belgian authors and originally published by a Dutch or Flemish professional publishing house (Flanders Literature: Translation Grants Guidelines, 2019).

Befondsing word toegeken op grond van sekere voorwaardes, naamlik die literêre gehalte van die bronteks, die status van die doelteksuitgewer, die vertaalkontrak, vertroue in die vertaler en die gehalte van die vertaling, asook die mate waarin die publikasie uiteindelik tot die bevordering van Vlaamse literatuur sal lei. Lande met ’n swakker ekonomie word ook in ag geneem deurdat befondsing van tot 80% verleen kan word en die vertaling van klassieke literêre werke kan kwalifiseer vir 100% befondsing. Vertaalde Afrikaanse

kinderboeke wat vir die tydperk 2010-2018 met behulp van befondsing deur die Vlaams Fonds voor die Letteren in Afrikaans gepubliseer is, volg in tabelvorm (sien tabel 12).

Vlaams Fonds voor de Letteren								
2011	<i>Die geheim van die keel van die nagtegaal</i>	Nicol Stassen	Protea Boekhuis	2008	Nederlands	<i>Het geheim van de keel van de nachtegaal</i>	Peter Verhelst	Uitgeverij De Eenhoorn
2011	<i>Omdat ek so lief is vir jou</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis	2003	Nederlands	<i>Omdat ik zoveel van je hou</i>	Guido van Genechten	Clavis Uitgeverij
2011	<i>Dirkie</i>	Shané Kleyn	Protea Boekhuis	1999	Nederlands	<i>Rikki</i>	Guido van Genechten	Clavis Uitgeverij
2011	<i>Tot siens Vos en Haas</i>	Daniel Hugo	Protea Boekhuis	2006	Nederlands	<i>Tot kijk, Vos en Haas</i>	Sylvia vanden Heede	Uitgeverij Lannoo
2012	<i>Sprokies vir 'n prinsessie</i>	Amelia de Vaal	Protea Boekhuis	2006	Nederlands	<i>Sprookjes voor een prinsesje</i>	Henri van Daele	Uitgeverij Manteau/ Standaard Uitgeverij
2013	<i>Een miljoen vlinders</i>	Nicol Stassen	Protea Boekhuis	2007	Nederlands	<i>Eén miljoen vlinders</i>	Edward van de Vendel	Uitgeverij De Eenhoorn
2013	<i>Tommie en die toringhoë toebroodjie</i>	Shané Kleyn	Protea Boekhuis	2009	Nederlands	<i>Tommie en de torenhoge boterham</i>	Lorraine Francis	Uitgeverij Lannoo
2014	<i>Klein wit vissie</i>	Caren van Houwelingen	Protea Boekhuis	2004	Nederlands	<i>Klein wit visje</i>	Guido van Genechten	Clavis Uitgeverij
2014	<i>Klein wit vissie is so bly</i>	Caren van Houwelingen	Protea Boekhuis	2004	Nederlands	<i>Klein wit visje is zo blij</i>	Guido van Genechten	Clavis Uitgeverij
2015	<i>Robbie Ramkat: Katskenades onder die volmaan</i>	Zandra Bezuidenhout	Protea Boekhuis	2009	Nederlands	<i>Roesty Spetter: Kitnapping bij vollemaan!</i>	Marc de Bel	Uitgeverij Manteau/ Standaard Uitgeverij
2016	<i>Olifant se vraag</i>	Shané Kleyn	Protea Boekhuis	2016	Nederlands	<i>De vraag aan Olifant</i>	Leen van den Berg	Uitgeverij De Eenhoorn

Tabel 12. Vertalings wat befondsing ontvang het vanaf die Vlaams Fonds voor de Letteren.

Ook die Goethe-instituut het 'n vertaaltoelaagprogram met die doel om die vertaling van Duitse boeke in die buiteland te bevorder. Die Goethe-instituut “supports non-German publishers in publishing German-language literature, with the aim of making accessible to non-German speaking readers current works of contemporary literature, literature for children and young people, important academic titles and non-fiction works” (Goethe Institut: Translation Grant Programme, 2019). Die voorwaardes vir 'n vertaaltoelaag by die Goethe-instituut sluit in: dat slegs aansoeke deur nie-Duitse uitgewers aanvaar word, dat die werke waarin buitelandse uitgewers belangstel in drukvorm moet wees, uitgegee deur 'n Duitse uitgewer, dat die vertaling vanaf die oorspronklike Duitse teks moet geskied (dus geen indirekte vertaling nie), dat die vertaling slegs vir subsidiëring in aanmerking kan kom as dit nog nie ter perse gegaan het wanneer die kontrak geteken word nie, dat die Goethe-instituut slegs 'n gedeelte van die vertaal-, redigerings- en drukkoste betaal en nie die volle

bedrag nie, en dat die uitgewer van die gesubsideerde vertaling die Goethe-instituut noem op die vertaling se kopieregbladsy tesame met die Goethe-instituut se logo.

Die Goethe-instituut het 'n vertaaltoelaag toegestaan vir die vertaling van Michael Ende se verhaal, *Die unendliche geschichten*, in Afrikaans. Dit is vertaal deur Gunther Pakendorf en in 2018 deur Protea Boekhuis gepubliseer as *Die eindelose storie*.

Die Switserse Kunsteraad Pro Helvetia ondersteun en versprei Switserse kuns en kultuur in Suid-Afrika.

Pro Helvetia promotes literature from Switzerland, with a focus on diversity as well as on national and international appeal. It supports the creation of literary works, the dissemination of Swiss literature abroad, cultural exchange within Switzerland as well as audience outreach of Swiss literature (Pro Helvetia: Literature – Funding and Support, [s.a.]).

Pro Helvetia stel fondse beskikbaar vir die vertaling van kontemporêre literatuur wat deur 'n Switserse outeur geskryf is in enige genre, waaronder ook kinderliteratuur. Die Switserse Kunsteraad Pro Helvetia het die vertaling van *Ouma-Emma-Mamma* help befonds. Dit is uit Duits vertaal deur Carmen Hansen-Kruger en in 2012 uitgegee deur Protea Boekhuis. Die Franse departement van buitelandse sake en die Institut Français bied ook 'n vertaaltoelaagprogram wat uitgewers help met befondsing ten einde vertaalregte vir Franse boeke te koop (Institut Français Afrique du Sud: Books – Publishing Support, [s.a.]). Dié vertaaltoelaagprogram het ten doel om oorspronklike boeke deur Franse skrywers aan Suid-Afrikaanse lesers beskikbaar te stel en bied aan geselekteerde uitgewers 'n toelaag wat die koste van 'n vertaling uit Frans in 'n Suid-Afrikaanse taal gedeeltelik befonds, mits sodanige vertaling nog nie in Suid-Afrika onderneem is nie.

Die Franse Instituut van Suid-Afrika (Institut Français) het die vertaling van Eric-Emmanuel Schmitt se *Monsieur Ibrahim en die blomme van die Koran* (vertaal deur Naomi Morgan) in Afrikaans help befonds, in 2014 gepubliseer deur Human & Rousseau.

Die Fonds Neerlandistiek Suid-Afrika is verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch en stel fondse beskikbaar vir boekpublikasies (in die vorm van publikasiesubsidies) vir boeke wat handel oor die Neerlandistiek. Hoewel die fonds eintlik op navorsing fokus, het die Fonds Neerlandistiek Suid-Afrika finansiële ondersteuning verleen vir die vertaling van *Die*

oproep van die kabouters en *Die lewe en werke van kabouters* wat uit Nederlands vertaal is deur Amelia de Vaal en in 2010 uitgegee is deur Protea Boekhuis.

Elke organisasie wat in die tydperk 2010-2018 befonding aan Afrikaanse uitgewers toegestaan het vir die vertaling van internasionale kinderboeke in Afrikaans, het spesifikasies gehad rondom die subsidiëring – meestal wat betref die status wat die bronteks in die bronkultuur verteenwoordig en die gehalte van die vertaalde doelteks in die doelkultuur. Hierdie vertaalsubsidies was ook dikwels verbonde aan 'n spesifieke taal, en dus ook aan 'n spesifieke kultuur.

Die oorgrote meerderheid van die buitelandse befonding vir vertaalde kinderboeke tussen 2010 en 2018 is uit Nederland en België afkomstig, en hoofsaaklik vir vertalings wat onderneem is deur Protea Boekhuis. Dié subsidies uit die buiteland het daartoe bygedra dat 'n groot aantal vertalings vir die tydperk 2010-2018 uit veral Nederlands in Afrikaans onderneem is (sien afdeling 6.2.5).

Op die manier het die gedifferensieerde patronaat van buite die Afrikaanse literêre sisteem in die tydperk 2010-2018 opgetree as motivering vir die seleksie van sekere tekste (van veral Belgiese en Nederlandse herkoms) vir vertaling in Afrikaans, maar terselfdertyd ook beperkend te werk gegaan, deurdat hierdie gesubsidieerde tekste geselekteer is vir vertaling bó ander kinderboeke van internasionale herkoms.

4.5 Samevatting

Volgens die polisisteenbenadering word vertalings geselekteer op grond van hiate in die doelkultuur. 'n Onderzoek na die genres en subgenres van kinderboeke van internasionale herkoms wat vir vertaling in Afrikaans geselekteer is in die tydperk 1990-2018, wys op die hiate wat internasionale vertalings in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem gevul het.

Die vyf genres wat die meeste vir vertaling geselekteer is in die tydperk van ondersoek, is reeksboeke, didaktiese boeke, avontuurverhale, fantasieë en sprokies en humoristiese verhale. Wat subgenres betref, is prenteboeke en geïllustreerde kinderboeke die meeste vertaal. Plakkerboeke, opwip- en lig-die-flappie-boeke en 3D-prenteboeke is ook van internasionale herkoms vertaal. Dié kinderboeke vul 'n spesifieke leemte in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem omdat hierdie soort boeke te duur is om plaaslik te vervaardig.

Buiten die genres en subgenres wat vir vertaling geselekteer is, kon breër seleksietendense ook afgelei word. Vertaalde kinderboeke van internasionale herkoms het innoverend en vernuwend in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem te werk gegaan deur internasionale tendense plaaslik deur middel van vertalings bekend te stel, deur met die vorm en/of inhoud van prentboeke te eksperimenteer, deur lankstaande taboes in Afrikaanse kinderliteratuur te deurbreek en deur nuwe, innoverende genres te skep. Die seleksie van internasionale prysweners, die seleksie van klassieke kinderboeke van regoor die wêreld en die seleksie van kommersiële kinderboeke is ook as tendense geïdentifiseer.

Benewens hiate in die doelkultuur, word vertalings volgens die polisisteemteorie ook geselekteer om 'n spesifieke funksie in die doelkultuur te verrig. Die polisisteemteorie veronderstel 'n hiërgargiese manier van dink, waar tekste in 'n oop en dinamiese sisteem met mekaar wedywer om posisies in die sentrum van die sisteem teenoor posisies op die periferie van die sisteem in te neem, waar die posisie wat 'n teks inneem die funksie van daardie teks in die literêre sisteem bepaal. Vertalings verrig 'n primêre en innoverende funksie wanneer dit oor 'n hoë status beskik en hoofsaaklik deel uitmaak van die kanonieke sentrum van die literêre sisteem, en 'n sekondêre, nie-innoverende funksie wanneer dit oor 'n lae status beskik en hoofsaaklik op die periferie van die literêre sisteem beweeg.

In 'n ondersoek na die posisie van vertaalde kinderboeke van internasionale herkoms in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem, is daar bevind dat internasionale vertalings oor 'n baie lae status beskik en dat sodanige vertalings bloot as “aanvullend” en “verrykend” tot plaaslike Afrikaanse kinderliteratuur beskou word. Vertalings van internasionale herkoms neem derhalwe 'n perifere posisie in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem in.

Vertaalde kinderliteratuur ding nie geredelik met plaaslike literatuur mee om literêre toekennings nie, en hoewel vertaalde kinderboeke soms pryse wen waarvoor plaaslike boeke ook in aanmerking kom, is dit die uitsondering op die reël. Min vertalings word tot die kanonieke sentrum van die Afrikaanse kinderliteratuursisteem toegelaat, en daar is slegs twee plaaslike vertaalpryse waarvoor vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur in aanmerking kan kom: SAVI se prys vir die Voortreflike Vertaling van Kinderliteratuur wat sedert 2003 toegeken word en die Elsabé Steenberg-prys vir Vertaalde Kinder- en Jeugliteratuur in Afrikaans, wat sedert 2008 toegeken word. Dat hierdie vertaalpryse so onlangs ingestel is,

is sprekend van vertaalde Afrikaanse kinderboeke se marginale status in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem.

Min resensies oor vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms verskyn in die Afrikaanse media. Die resensies wat wel verskyn, is selde deur kundiges op die gebied van kinder- en jeugliteratuur geskryf. Selfs wanneer vertaalde kinderboeke deur kundiges geresenseer word, word daar selde krities standpunt ingeneem teenoor die vertaalhandeling.

Vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms word oor die algemeen in resensies positief beoordeel en word verklaar as 'n welkome "toevoeging" of "aanwinst" vir Afrikaanse kinderliteratuur. Vertalings van internasionale herkoms word dus oorwegend positief deur die Afrikaanse doelkultuur ontvang en geredelik in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem opgeneem.

Ten spyte van vertalings van internasionale herkoms se lae status en perifere posisie tot plaaslike Afrikaanse literatuur in die kinderliteratuursisteem, het internasionale vertalings in die tydperk 2000-2018 vernuwend opgetree deur nuwe genres by die Afrikaanse kinderliteratuursisteem te voeg en deur populêre internasionale tendense na die Afrikaanse kinderliteratuursisteem te bring. As sodanig het vertalings van internasionale herkoms in die tydperk 2000-2018 nie-konserwatief en innoverend te werk gegaan en 'n primêre en vernuwendende funksie in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem verrig.

Hierdie bevindings problematiseer Even-Zohar (2004:200, 202) se uiteensetting van die posisie en funksie van vertaalde literatuur in die literêre polisisteem. Hoewel die funksie van vertalings met 'n perifere posisie gehipotetiseer word as konserwatief en nie-vernuwend, is vertalings van internasionale herkoms in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem gedeeltelik verantwoordelik vir innovering en vernuwing in dié sisteem, ten spyte van die randposisie wat dit beklee. Hieruit blyk dat die vereenvoudigde binêre opposisies in Even-Zohar se polisisteemteorie nie onproblematies na die Afrikaanse kinderliteratuursisteem oorgedra kan word nie, aangesien die Suid-Afrikaanse realiteit meer kompleks is (sien ook Kruger, 2012:111).

Die seleksie van kinderboeke vir vertaling geskied ook in 'n spesifieke sosiale konteks met sosiokulturele magstrukture wat 'n invloed op die seleksieproses uitoefen, waaronder

ideologie. In die tydperk 2010-2018 het sommige Afrikaanse kinderboekuitgewers gesteun op internasionale patronaat. In hierdie gedifferensieerde vorm van die patronaat, is die vertaling van sekere internasionale kinderboeke gedeeltelik of ten volle gesubsideer, mits daar aan spesifieke ideologiese vereistes voldoen is – in die meeste gevalle deur uit 'n spesifieke taal in Afrikaans te vertaal en uit 'n beperkte aantal boeke te kies vir vertaling (dikwels kanonieke kinderboeke uit die bronkultuur).

Die patronaat is 'n vormende sosiale mag met 'n ideologiese agenda. Die instellings wat patronaat verleen, bevorder hulle eie ideologie deur die beeld van 'n spesifieke taal en kultuur deur vertaling in ander lande te versprei. Die Afrikaanse uitgewer waaraan die patronaat toegestaan word, verkry ekonomiese voordeel in die vorm van 'n gedeeltelike of algehele vertaalsubsidie, asook verhoogde status in die doelkultuur wanneer die vertaling van 'n kanonieke teks uit 'n bronkultuur in Afrikaans onderneem word.

In Bourdieu (1989:375, soos aagehaal in Swartz, 1997:43) se woorde tree die patronaat op as “a social relation of power”. Die vertaling van 'n bronteks met 'n hoë status in die bronkultuur voorsien die Afrikaanse uitgewer van mag in die vorm van simboliese kapitaal, terwyl die befondsing vir die vertaling die uitgewer ook voorsien van ekonomiese kapitaal (sien afdeling 6.2.2). Deur middel van hierdie patronaat uit die buiteland behou Afrikaans ook sterk bande met 'n Europese verlede in stede daarvan om, byvoorbeeld, uit inheemse of ander Afrika-tale te vertaal.

Terwyl ideologiese oorwegings in die vorm van die patronaat die Afrikaanse kinderliteratuursisteem van buite beïnvloed, beïnvloed ideologie ook die Afrikaanse kinderliteratuursisteem van binne, in die dominante diskoers of poëtika van die dag. Die idee van “die kind” en “kinderliteratuur” wat gehuldig word beïnvloed die seleksieproses en vind uiteindelik 'n neerslag in tekste as norme. In 'n ondersoek na die norme wat die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans beïnvloed, is daar bevind dat die inisiële norm en die preliminêre norm as motiewe (maar ook as beperkings) in die seleksieproses optree.

As inisiële norm, stel Afrikaanse kinderboekuitgewers die toeganklikheid van die doeltteks voorop deur 'n doeltteksgeoriënteerde vertaalbenadering voor te staan. Hierdie norm word beïnvloed deur die sosialiserende funksie van literatuur in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem (sien die oorleueling van die kinderliteratuursisteem met die

opvoedkundige sisteem in afdeling 3.4.2.1) en deur die rol wat die volwassene as bemiddelaar tussen die Afrikaanse kind en sy/haar literatuur inneem (sien ook afdeling 1.3.2.1). Daarom kies uitgewers dikwels brontekste vir vertaling op grond van hoe eenvoudig die milieu by die Afrikaanse kind se verwysingswêreld aangepas kan word, en brontekste met temas wat vir Afrikaanse ouers aanvaarbaar sal wees. As sodanig word daar in die seleksieproses reeds sterk domestikerend te werk gegaan.

Om te verseker dat Afrikaanse kinders met die doeltteks identifiseer, sal Afrikaanse uitgewers ook geredelik aan kulturele merkers in die bronteks verander, veral indien hulle voel dat dié merkers die toeganklikheid van die doeltteks kan belemmer. Uitgewers is ook van mening dat die doeltteks in vlot, idiomatiese Afrikaans weergegee moet word wat vir die kind lekker en gemaklik lees. Dit kan verder daarop dui dat uitgewers oorwegend domestikerende of neutraliserende vertaalstrategieë verkies.

As inisiële norm verkies Afrikaanse uitgewers dus 'n doeltteksgeoriënteerde vertaling (*acceptable translation*) bo 'n bronteksgeoriënteerde vertaling (*adequate translation*). Indien norme in die bronteks met norme in die doelkultuur bots, sal dit deur middel van vertaalstrategieë (soos domestikering, neutralisering of weglating) gemanipuleer word.

Wat die preliminêre norm betref, selekteer Afrikaanse uitgewers nie internasionale kinderboeke vir vertaling volgens voorafbepaalde seleksiekriteria nie. Uitgewers oordeel wel tydens die seleksieproses of 'n boek in die Afrikaanse mark sal verkoop of nie. Onderwerpe of temas waarvoor die Afrikaanse kopersmark sensitief is, word deur sommige uitgewers vermy (soos hekserie en swart magie) en kan veroorsaak dat sekere brontekste nie vir vertaling in Afrikaans oorweeg word nie. Kulturele tradisies en milieus wat vir die Afrikaanse kind kultuurvreemd sal wees (soos Kersfeesboeke waarin Advent gevier word of waarin dit baie sneeu) sal ook nie geredelik vir vertaling oorweeg word nie.

As preliminêre norm maak Afrikaanse uitgewers ook dikwels gebruik van indirekte vertaling, hoofsaaklik omdat hulle nie oor bekwame of betroubare vertalers in alle Europese tale beskik nie, met Engels wat hoofsaaklik as mediërende taal gebruik word. Derhalwe kan die brontaal as 'n preliminêre norm sowel beperkend as motiverend in die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling te werk gaan. Sommige Afrikaanse uitgewers sal 'n konsepvertaling in Engels aanvra indien die bronteks in 'n taal geskryf is waarin daar nie 'n bekwame Afrikaanse vertaler beskikbaar is nie, terwyl ander uitgewers eers gemotiveer sal

wees om die vertaling te onderneem indien dit reeds in Engels gepubliseer is. Hierdie preliminêre norm is moontlik een van die redes waarom soveel Afrikaanse vertalings van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-2018 oor Engelse brontekste beskik (sien ook afdeling 6.2.3).

Hoofstuk 5

'n Sosiologiese benadering tot vertaalde internasionale kinderliteratuur in Afrikaans

The uniqueness of the production of books for children is very closely linked to ideology and to the market-place, to tradition and genre. Plotting all the societal and literary influences is like describing the shadows on a wall beside a log fire; the outline of the process of burning wood is relatively straight-forward in principle, but no two moments of burning are the same (Hunt, 1991:155).

We are all products of culture (socially constructed), but we occupy different positions in terms of power – which, unsurprisingly, features centrally in what we call “children’s literature” (Rudd, 2010:9).

5.1. Inleiding

Uit 'n sosiologiese invalshoek, is die literêre teks 'n produk van die struktuur van die veld waarin dit ontstaan het. Johnson (1993:9) stel dit as volg:

The full explanation of artistic works is to be found neither in the text itself, nor in some sort of determinant social structure. Rather, it is found in the history and structure of the field itself, with its multiple components, and in the relationship between that field and the field of power.

In 'n sosiologiese benadering tot vertaling skuif die klem vanaf die vertaalde teks self na die institusionele raamwerk waarin dit geskep word en die veld van mag waarin dit funksioneer. Johnson (1993:16) sê: “[F]or Bourdieu texts must be analysed both in relation to other texts and in relation to the structure of the field and to the specific agents involved.” Derhalwe word daar gekyk na die verskillende vorms van sosiale mag wat as dryfkragte in die vertaalproses optree (aldus Wolf, 2007:10).

Die belangstelling in Bourdieu se werk maak deel uit van 'n paradigmaskuif in vertaalstudie na 'n beskouing van vertaling as 'n sosiale, kulturele en politieke handeling wat verband hou met plaaslike en internasionale verhoudings van mag, met 'n fokus op die mag van agentskappe (*agencies*) en agente (*agents*) wat by die vertaalproses betrokke is (Cronin, 2003 soos aangehaal in Inghilleri, 2005:125). Wolf (2007:4) stel dit as volg:

The process of translation seems, to different degrees, to be conditioned by two levels: the “cultural” and the “social”. The first level, a structural one, encompasses influential factors such as power, dominance, national interests, religion or economics. The second level concerns the agents involved in the translation process, who continuously internalize the aforementioned structures and act in correspondence with their culturally connotated value systems and ideologies.

In hierdie studie word daar spesifiek gekyk na die kinderboekuitgewer as ’n literêre agent en Afrikaanse uitgewers as literêre agentskappe wat betrokke is by die seleksie van kinderboeke van internasionale herkoms vir vertaling in Afrikaans. Hierin staan die idee van agentskap sentraal. Bourdieu (1998:25) verduidelik agentskap as volg:

In fact, “subjects” are active and knowing agents endowed with a *practical sense*, that is, an acquired system of preferences, of principles of vision and division (what is usually called taste), and also a system of durable cognitive structures (which are essentially the product of the internalization of objective structures) and of schemes of action which orient the perception of the situation and the appropriate response.

Bourdieu gebruik die konsepte “veld”, “kapitaal” en “habitus” in ’n poging om die interafhanklikheid tussen objektiewe strukture (institusies, diskoerse, ideologieë) en menslike optrede (wat mense doen en waarom hulle dit doen) te verduidelik (Webb, Schirato & Danaher, 2002:1). Wat Bourdieu voorstel, is “a conceptual apparatus for the study of practical life” en nie ’n teorie in die ware sin van die woord nie. Dit is ’n metode, ’n manier van dink en ’n manier van vrae stel (sien Mahar, Harker & Wilkes, 1990:3).

Vir Bourdieu volg aksie uit ’n komplekse wisselwerking tussen habitus, kapitaal en veld (Swartz, 1997:141). Webb *et al.* (2002:36) som dit as volg op:

Bourdieu, reading across both subjectivist and objectivist approaches simultaneously, insists that practice is always informed by a sense of agency (the ability to understand and control your own actions), but that the possibilities of agency must be understood and contextualised in terms of its relation to the objective structures of a culture – what he refers to, generally, as cultural fields.

Vervolgens word die konsepte “veld” (afdeling 5.1.1), “kapitaal” (afdeling 5.1.2) en “habitus” (afdeling 5.1.3) uiteengesit. Die verskil tussen die konsepte “veld” en “mark” geniet kortliks aandag (afdeling 5.1.1.1), en so ook die verskil tussen “habitus” en “norme” (afdeling 5.1.3.1). Daarna word die verskillende soorte kapitaal afsonderlik bespreek, naamlik

ekonomiese kapitaal (afdeling 5.1.2.1), kulturele kapitaal (afdeling 5.1.2.2), sosiale kapitaal (afdeling 5.1.2.3) en simboliese kapitaal (afdeling 5.1.2.4). Die idee van die literêre veld word kortliks uiteengesit (afdeling 5.2), gevolg deur die idee van 'n veld van Afrikaanse kinderliteratuur (afdeling 5.2.1). Die ontstaan en ontwikkeling van 'n veld van Afrikaanse kinderliteratuur in ooreenstemming met die Afrikaanse taal tot 1990 kom volgende aan bod (afdeling 5.2.2), waarna vertalings van internasionale herkoms se invloed op die ontwikkeling van 'n veld van Afrikaanse kinderliteratuur vir die tydperk 1875-1990 bespreek word (afdeling 5.2.3). Dié ondersoek is in tydperke ingedeel: ±1875-1925 (afdeling 5.2.3.1), ±1925-1948 (afdeling 5.2.3.2) en ±1948-1990 (afdeling 5.2.3.3). 'n Ondersoek na die idee van 'n subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms volg (afdeling 5.2.4). Die rol van die uitgewer se habitus in die seleksie van kinderliteratuur vir vertaling kom volgende aan bod (afdeling 5.3). Hierna word vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur in die internasionale veld van mag geïntegreer (afdeling 5.4), gevolg deur kritiek teen Bourdieu se metodologie soos dit op hierdie studie van toepassing is (afdeling 5.5) en die samevatting vir die hoofstuk (afdeling 5.6).

5.1.1 Veld

Bourdieu beskou die moderne samelewing as 'n reeks relatief outonome dog struktureel eenvormige velde van produksie, sirkulasie en gebruik van verskeie soorte kulturele en materiële bronne (Swartz, 1997:9, 40). Volgens Webb *et al.* (2002:21-22) kan 'n kulturele veld as volg gedefinieer word:

A cultural field can be defined as a series of institutions, rules, rituals, conventions, categories, designations, appointments and titles which constitute an objective hierarchy, and which produce and authorise certain discourses and activities.

Die veld verwys egter nie net na institusies en reëls nie; dit behels ook die interaksies tussen institusies, reëls en praktyke (Webb *et al.*, 2002:22). 'n Veld word dus beskou as die ruimte waarbinne sosiale agente optree en as sodanig, medieer die veld tussen objektiewe sosiale strukture en agentskap, oftewel die agent se habitus (sien afdeling 5.1.3).¹

¹ Daar moet in gedagte gehou word dat Bourdieu se “veld” verwys na 'n heuristiese konsep, en nie 'n konkrete entiteit nie (Swartz, 1997:5). Soos Webb, Schirato en Danaher (2002:68) dit stel: “His field exists only relationally, only as a set of possibilities, or a series of moves; as the site of particular forms of capital and particular narratives; and, especially, as the site of regulatory and coercive discourses.”

'n Veld is ook die ruimte waarbinne agentskappe en agente meeding om mag in die vorm van kapitaal (sien afdeling 5.1.2). Soos Swartz (1997:120) dit stel: “[F]ields are arenas of struggle for control over valued resources.” Bourdieu (1993:163-164) beskryf die veld en sê:

It is a veritable social universe where, in accordance with its particular laws, there accumulates a particular form of capital and where relations of a particular type are exerted.

Velde verwys dus na ruimtes waarin verskillende vorms van kapitaal (ekonomies, kultureel, sosiaal of simbolies) geïntesteer, verruil en geakkumuleer word (Swartz, 1997:44). As sodanig is “veld” ’n dinamiese en vloeibare konsep, en kan velde beskou word as ruimtes wat gestruktureer is om ’n spesifieke soort kapitaal of kombinasies van kapitaal (Swartz, 1997:117; Webb *et al.*, 2002:22). Bourdieu (1990a:87-88) verduidelik die hegte verhouding tussen veld, habitus en kapitaal en sê:

[F]ields ... [are] historically constituted areas of activity with their specific institutions and their own laws of functioning. The existence of a specialized and relatively autonomous field is correlative with the existence of specific stakes and interests: via the inseparably economic and psychological investments that they arouse in the agents endowed with a certain habitus, the field and its stakes (themselves produced as such by relations of power and struggle in order to transform the power relations that are constitutive of the field) produce investments of time, money and work, etc.

Sosiale agente in ’n veld neem posisies teenoor mekaar in op grond van hulle geakkumuleerde kapitaal. Hierdie posisies in die veld word ook verduidelik as ’n “space of possibles” (Bourdieu, 1993:176). Volgens Bourdieu, het produsente in die kulturele veld as gevolg van die “beskikbare posisies” ’n gedeelde raamwerk gemeen. Die beskikbare posisies word geskep met die verloop van tyd – met ander woorde, deur middel van die geskiedenis of trajeksie van die veld – en wys op dié manier na posisies wat reeds in die veld ingeneem word, sowel as die posisies wat deur die posisie-innames ontbloot word. Bourdieu (1993:176) verduidelik dit as volg:

The space of possibles, which transcends individual agents, functions as a kind of system of common reference which causes contemporary directors, even when they do not consciously refer to each other, to be objectively situated in relation to the others, to the extent that they are all interrelated as a function of the same system of intellectual co-ordinates and points of reference.

Sosiale agente wat in 'n veld werksaam is, ding dus met mekaar mee om beskikbare posisies in 'n veld – posisies wat moontlik gemaak is deur die trajeksie of geskiedenis van die veld en die “space of possibles” wat daardeur tot stand gebring is.

In hierdie magstryd gaan dit dikwels om 'n bepaalde ideologie, of wat Bourdieu verduidelik as 'n stryd om ortodoksie teenoor heterodoksie. Dit kom daarop neer dat sosiale agente óf streef na nuwe posisies in die veld (heterodoksie) óf streef daarna om ou, bekende posisies in die veld te onderhou (ortodoksie). Op dié manier kan dinamika en verandering in die veld bewerkstellig word: as posisie-innames in die veld verander, verander die struktuur van die veld en die “space of possibles” dienooreenkomstig. Bourdieu (1993:183) beskryf dit as volg:

It is certain that the direction of change depends on the state of the system of possibilities (stylistic, for example) that is offered by history and that determines what is possible and impossible at a given moment within a particular field. But it is no less certain that it also depends on the interests (often totally disinterested) that orient agents – as a function of their position *vis-à-vis* the dominant pole or the dominated pole of the field – towards more open and more innovative possibilities, or towards the most secure and established possibilities, towards the newest possibilities among those which are already socially constituted, or even towards possibilities that must be created for the first time.

Die stryd om posisies kom uiteindelik neer op wat as “legitieme kultuur” op 'n bepaalde tydstop in 'n veld beskou kan word. Daarom is dit belangrik om ook ondersoek in te stel na die trajeksie of geskiedenis van 'n veld ten einde die beskikbare posisies in 'n veld na te speur wat as 'n gedeelde raamwerk optree en die verskillende kulturele produsente in 'n veld met mekaar verbind.

Afrikaanse kinderliteratuur sal vervolgens as 'n veld ondersoek word waarin vertalings van internasionale herkoms en die agentskappe wat vir die produksie van sodanige vertalings verantwoordelik is, verskillende posisies in die veld inneem (sien afdeling 5.2.1).

5.1.1.1 Veld vs. mark

Volgens Swartz (1997:120) is “veld” ’n inklusiewer konsep as “mark”. Terwyl die mark in ’n sisteemteoretiese perspektief spesifiek verwys na die boekmark, met ander woorde, die ruimte waarbinne die koop en verkoop van boeke sowel as die bemarking van boeke plaasvind (Even-Zohar, 1990b:38), bestaan die veld uit al die posisies wat agente en agentskappe (individue sowel as instansies) asook die kulturele produkte wat in daardie veld gegeneer word, teenoor mekaar inneem. Daarom beskryf Swartz (1997:120) die idee van veld as volg:

[A]s a spatial metaphor it suggests rank and hierarchy as well as exchange relations between buyers and sellers. Interactions among actors within fields are shaped by their relative location in the hierarchy of positions.

Bourdieu se idee van die veld kan dus as ’n dinamiese ruimte beskou word waarin die verspreiding van kapitaal op ’n hiërargiese stel magsverhoudings dui. Terwyl die ekonomiese beginsel in die mark die botoon voer, word magsverhoudings in die veld bepaal deur die verspreiding van verskillende soorte geakkumuleerde kapitaal: soos met die idee van die mark, ekonomiese kapitaal, maar hierby kom ook nog kulturele kapitaal, sosiale kapitaal en simboliese kapitaal. Die verskillende vorms van kapitaal wat in ’n veld sirkuleer, sal vervolgens bespreek word.

5.1.2 Kapitaal

The social world is accumulated history, and if it is not to be reduced to a discontinuous series of instantaneous mechanical equilibria between agents who are treated as interchangeable particles, one must reintroduce into it the notion of capital and with it, accumulation and all its effects (Bourdieu, 1986: 241).

Die dinamika en konflik binne ’n kulturele veld word deur verskillende soorte kapitaal gedryf. Dit is die term wat Bourdieu gebruik om die dienste, goedere en hulpbronne te beskryf wat in ’n veld sirkuleer. Met hierdie term, skep Bourdieu die nosie van ’n politieke ekonomie van kultuur. As sodanig interpreteer Bourdieu die sirkulasie van alle goedere, ekonomies sowel as nie-ekonomies, volgens ekonomiese beginsels. Soos Swartz (1997:67) dit stel:

The great merit of Bourdieu’s work lies in the demonstration that there is a political economy of culture, that all cultural production – including science – is reward-

oriented, and that stylistic preferences are selected and rejected in ways that are analogous to the general notions of investment and search for profits in the economy.

Kapitaal verwys dus na “*all* goods, material and symbolic, without distinction, that present themselves as *rare* and worthy of being sought after in a particular social formation” (Bourdieu, 1977:178). Dit volg dat enige hulpbron wat in ’n veld as ’n “social relation of power” (Bourdieu, 1989:375, soos aangehaal in Swartz, 1997:43) funksioneer, as kapitaal gereken kan word.

Kapitaal wys dus op magsverhoudings, en is oneweredig in ’n veld versprei. Soos Johnson (1993:6-7) dit verduidelik: “In any given field, agents occupying the diverse available positions (or in some cases creating new positions) engage in competitions for control of the interests or resources which are specific to the field in question.” Instansies en individue in ’n veld ding voortdurend met mekaar mee om kapitaal en die hoeveelheid mag waarvoor ’n instansie of ’n individu beskik, hang af van hulle posisie in die veld, wat weer deur kapitaalbesit bepaal word (Webb *et al.*, 2002:23).

Kapitaal is in wese versamelde of opgegaarde arbeid. Hierdie opgegaarde arbeid kan beliggaam wees of in materiële vorm voorkom, en is verantwoordelik vir die “underlying immanent regularities of the social world” (aldus Bourdieu, 1986:241). Soos Bourdieu (1986:241) dit verduidelik:

It is what makes the games of society – not least, the economic game – something other than simple games of chance offering at every moment the possibility of a miracle. Roulette, which holds out the opportunity of winning a lot of money in a short space of time, and therefore of changing one’s social status quasi-instantaneously, and in which the winning of the previous spin of the wheel can be staked and lost at every new spin, gives a fairly accurate image of this imaginary universe of perfect competition or perfect equality of opportunity, a world without inertia, without accumulation, without heredity or acquired properties, in which every moment is perfectly independent of the previous one, every soldier has a marshal’s baton in his knapsack, and every prize can be attained, instantaneously, by everyone, so that at each moment anyone can become anything.

Wat Bourdieu (1986:241) hier bedoel, is dat niemand se kanse in ’n veld gelyk is nie, oftewel: “everything is not equally possible or impossible”. Kapitaal (in beliggaamde of in materiële vorm) neem tyd om te akkumuleer, en dit word nie in gelyke hoeveelhede geakkumuleer

nie. Die verspreiding van kapitaal op 'n gegewe tydstip verteenwoordig in wese die struktuur van die sosiale wêreld, en bepaal die beperkings wat die kansen van sukses of mislukking van aksies verteenwoordig.

Bourdieu identifiseer hoofsaaklik vier soorte kapitaal: ekonomiese kapitaal, waaronder materiële welvaart, soos geld en eiendom (afdeling 5.1.2.1), kulturele kapitaal, waaronder kennis en vaardighede, soos opvoedkundige kwalifikasies (afdeling 5.1.2.2), sosiale kapitaal, waaronder hulpbronne en mag wat agente via kennis en sosiale netwerke verkry (afdeling 5.1.2.3) en simboliese kapitaal, naamlik erkenning of legitimering (afdeling 5.1.2.4) (Hillier & Rooksby, 2005:24; Swartz, 1997:74). Hierdie soorte kapitaal sal vervolgens kortliks bespreek word.

5.1.2.1 Ekonomiese kapitaal

Ekonomiese kapitaal kan direk in geld omgesit word en dit word in die vorm van eiendomsregte geïnstusionaliseer (Bourdieu, 1986:242). Al die ander soorte kapitaal (kultureel, sosiaal, simbolies) berus primêr op die investering van ekonomiese kapitaal; ekonomiese kapitaal is dus die bron waaruit al die ander vorms van kapitaal spruit (Bourdieu, 1986:250).

5.1.2.2 Kulturele kapitaal

Volgens Bourdieu dien kulturele kapitaal naas ekonomiese kapitaal as 'n bron van mag. Swartz (1997:43) verduidelik dat kulturele kapitaal na 'n verskeidenheid hulpbronne kan verwys, byvoorbeeld "verbal facility, general cultural awareness, aesthetic preferences, scientific knowledge, and educational credentials".

Kulturele kapitaal kom hoofsaaklik in drie vorms voor. Eerstens beliggaam, in die vorm van aangeleerde ingesteldhede wat individue oor 'n lang tydperk deur 'n sosialiseringproses internaliseer (soos 'n waardering vir en die verstaan van kuns, musiek of wetenskap). Dit verwys egter ook na meer subtiele vorms van beliggaming, soos maniere van praat (uitspraak), liggaamshouding of smaak in kleredrag. Soos Bourdieu (1986:243) dit stel: "Most of the properties of cultural capital can be deduced from the fact that, in its fundamental state, it is linked to the body and presupposes embodiment."

Kulturele kapitaal word dus oor 'n tydperk opgebou of versamel, en dit deur middel van 'n proses van sosialisering en internalisering wat bewus of onbewus kan plaasvind. Bourdieu (1986:244) verwys ook na kulturele kapitaal as “embodied capital, external wealth converted into an integral part of the person, into a habitus”.

Beliggaamde kulturele kapitaal vorm dus deel van die habitus (sien ook afdeling 5.1.3) en die akkumulering daarvan verg tyd, inspanning en dikwels ook ekonomiese kapitaal wat die agent in hom- of haarself belê. Bourdieu vergelyk dié proses met die verkryging van 'n gespierde of 'n sonbruin liggaam, en sê “it cannot be done at second hand (so that all effects of delegation are ruled out)”.

Tweedens, kom kulturele kapitaal objektief in materiële vorm voor, byvoorbeeld in die vorm van boeke, kunswerke, musiekinstrumente, en dies meer. Objektiewe vorms van kulturele kapitaal insinueer die teenwoordigheid van beliggaamde kulturele kapitaal (in die vorm van 'n habitus) ten einde hierdie objekte te gebruik/verstaan/bespeel. Op dié manier is objektiewe vorms van kulturele kapitaal onlosmaaklik aan beliggaamde kulturele kapitaal (of habitus) verbonde, want hoewel byvoorbeeld boeke of kuns geërf kan word of selfs met ekonomiese kapitaal gekoop kan word, word beliggaamde kulturele kapitaal benodig om dit te gebruik/verstaan/waardeer. Soos Bourdieu (1986:246) dit stel:

But what is transmissible is legal ownership and not (or not necessarily) what constitutes the precondition for specific appropriation, namely, the possession of the means of “consuming” a painting or using a machine, which, being nothing other than embodied capital, are subject to the same laws of transmission.

Derdens, kan kulturele kapitaal geïnstitusioneel wees in die vorm van formele opvoedkundige kwalifikasies (Swartz, 1997:76). In geïnstitusioneel vorm word dit moontlik om omskakelingswaardes tussen kulturele kapitaal en ekonomiese kapitaal in plek te stel deur die monetêre waarde van 'n spesifieke kwalifikasie te waarborg (Bourdieu, 1986:247). Soos Bourdieu (1986:247) dit verduidelik:

This product of the conversion of economic capital into cultural capital establishes the value, in terms of cultural capital, of the holder of a given qualification relative to other qualification holders and, by the same token, the monetary value for which it can be exchanged on the labor market (academic investment has no meaning unless a minimum degree of reversibility of the conversion it implies is objectively guaranteed).

5.1.2.3 Sosiale kapitaal

Sosiale kapitaal kom neer op mag in die vorm van netwerke. Bourdieu (1986:247) definieer dit as volg:

Social capital is the aggregate of the actual or potential resources which are linked to possession of a durable network of more or less institutionalized relationships of mutual acquaintance and recognition – or in other words, to membership in a group – which provides each of its members with the backing of the collectively-owned capital, a “credential” which entitles them to credit, in the various senses of the word.

Die hoeveelheid sosiale kapitaal waaroor agente beskik, hang af van die omvang van die sosiale netwerk wat hulle effektief kan mobiliseer en op die hoeveelheid kapitaal (ekonomies, kultureel, simbolies) waaroor hulle in eie reg beskik deur elkeen van die agente aan wie hulle in hierdie netwerk verbind is (Bourdieu, 1986: 247).

Sosiale kapitaal word verkry deur ekonomiese kapitaal, tyd, energie en moeite in sosiale verhoudings te belê. Dit verg ook 'n sekere disposisie in die vorm van aangeleerde ingesteldhede (en dus beliggaamde kulturele kapitaal of habitus) om hierdie vaardigheid te verwerf en te behou (Bourdieu, 1986:249).

5.1.2.4 Simboliese kapitaal

Simboliese kapitaal is materiële kapitaal (soos politieke kapitaal, ekonomiese kapitaal, akademiese kapitaal, en dies meer) wat nie as sodanig erken word nie en daarom as't ware *miskien* word. Terwyl die materiële vorm van dié kapitaal miskien word, word 'n ander, meer simboliese waarde daaraan toegeken. Soos Bourdieu (1977:183) dit stel:

Symbolic capital, a transformed and thereby disguised form of physical “economic” capital, produces its proper effect inasmuch, and only inasmuch, as it conceals the fact that it originates in “material” forms of capital which are also, in the last analysis, the source of its effects.

As sodanig, verkry simboliese kapitaal doeltreffendheid uit materiële vorm, maar hoofsaaklik deur die miskening daarvan as ekonomiese of politieke kapitaal (Mahar, Harker & Wilkes, 1990:5). Simboliese kapitaal lei dus (in die lang termyn) na ekonomiese kapitaal, status of prestige. Soos Bourdieu (1993:75) in 'n later definisie van simboliese kapitaal verduidelik:

“Symbolic capital” is to be understood as economic or political capital that is disavowed, misrecognized and thereby recognized, hence legitimate, a “credit” which, under certain conditions, and always in the long run, guarantees “economic” profits.

5.1.3 Habitus

The most profitable strategies are usually those produced, on the hither side of all calculation and in the illusion of the most “authentic” sincerity, by a habitus objectively fitted to the objective structures (Bourdieu, 1977:214).

Vir Bourdieu word menslike aksie nóg bepaal deur die direkte invloed van eksterne faktore (sosiaal, politiek, kultureel, ekonomies) nóg deur middel van bewuste menslike intensies. Sy konsep “habitus” verbind individuele aksie met objektiewe strukture, kultuur en mag in ’n dialektiese interaksie tussen sosiale strukture en menslike agentskap (Swartz, 1997:9; Hillier & Rooksby, 2005:10).

Bourdieu (1990b:53) definieer habitus as “systems of durable, transposable dispositions, structured structures predisposed to function as structuring structures, that is, as principles which generate and organize practices and representations that can be objectively adapted to their outcomes without presupposing a conscious aiming at ends or an express mastery of the operations necessary in order to attain them”.

Bourdieu gebruik dikwels sportmetafore om die habitus te beskryf as ’n geïnternaliseerde vaardigheid, ’n “feel for the game” – byna soos ’n sesde sintuig – wat ’n agent toelaat om te antisipeer wat die regte besluit sal wees in ’n bepaalde situasie, soos in die volgende:

The habitus is this kind of practical sense for what is to be done in a given situation – what is called in sport a “feel” for the game, that is, the art of anticipating the future of the game, which is inscribed in the present state of play (Bourdieu, 1998:25).

Bourdieu (1998:79) beskryf hierdie aspek van die habitus ook as:

[L]ike a good tennis player, one positions oneself not where the ball is, but where it will be; one invests oneself and one invests not where the profit is, but where it will be.

Die habitus is nie natuurlik of aangebore nie – dit word aangeleer en as sodanig, is dit 'n produk van sosialisering, of soos Bourdieu (2005:45) dit stel, “a product of history”. Die habitus is egter nie staties nie, en kan verander en deur nuwe kontekste en nuwe ervarings beïnvloed word, want “being a product of history, that is of social experience and education, it may be changed by history, that is by new experiences, education or training” (Bourdieu, 2005:45).

Die habitus is ook 'n beliggaamde konsep (sien ook afdeling 5.1.2.2 oor beliggaamde kulturele kapitaal), of wat Hillier en Rooksby (2005:22) na verwys as “an embodied sensibility”. Soos Hillier en Rooksby (2005:22) dit stel:

The dispositions of habitus serve to predispose actors to choose behaviour which appears to them more likely to achieve a desired outcome with regard to their previous experiences, the resources available to them and the prevailing power relations.

Aangesien norme, net soos habitus, geïnternaliseerde waardes verteenwoordig wat die agent se besluite rig en lei, sal die verskil tussen habitus en norme kortliks bespreek word.

5.1.3.1 Habitus vs. norme

I can say that all of my thinking started from this point: how can behaviour be regulated without being the product of obedience to rules? (Bourdieu, 1990a:65).

Vir Bourdieu word optrede bepaal deur belange (*interests*) en soms is dit byvoorbeeld in 'n agent se belang om nie volgens aanvaarde norme op te tree nie.² Daarom beklemtoon Bourdieu dat agente ook oor agentskap beskik: Agente kan norme of reëls bewus omverwerp of ignoreer indien dit in hulle belang is om dit te doen.

² Bourdieu (1998:76-77) gebruik eintlik verskillende woorde om na belange te verwys, waaronder *interest/investment/illusio/libido* en verduidelik dan 'n verskil tussen “interest” en “illusio” wanneer hy sê: “*Illusio* is the fact of being caught up in and by the game, of believing the game is ‘worth the candle’, or, more simply, that playing is worth the effort. In fact, the word interest initially meant very precisely what I include under the notion of *illusio*, that is, the fact of attributing importance to a social game, the fact that what happens matters to those who are engaged in it, who are in the game. *Interest* is to ‘be there’, to participate, to admit that the game is worth playing and that the stakes created in and through the fact of playing are worth pursuing; it is to recognize the game and to recognize its stakes.”

Hoewel norme 'n belangrike aspek van sosiale interaksie uitmaak,³ volg Bourdieu se agente nie slaafs reëls of norme na nie, maar hulle kies na regte om daaraan gehoor te gee, of nie.⁴ Op dié manier, tree hulle strategies op. Soos Swartz (1997:99) dit verduidelik:

Behaviour, then, is *strategic* rather than rule or norm conforming, for, as the label suggests, actors in their everyday practices attempt to move through a maze of constraints and opportunities that they grasp imperfectly through past experience and over time.

Bourdieu se nosie van agentskap is egter nie gelyk aan Sartre se idee van vrye wil nie. Vir Bourdieu, moet sowel die agent se belange as die agent se habitus in ag geneem word ten einde optrede te verduidelik. Agente tree op volgens hulle unieke habitus, gevorm en beïnvloed deur objektiewe strukture uit hulle omgewing (velde), wat weer 'n strukturende invloed op hierdie strukture uitoefen. Daarby funksioneer die habitus onbewus, met ander woorde, “below the level of consciousness and language, beyond the reach of introspective scrutiny or control by the will” (Bourdieu, 1984:466). Sodoende bepaal die habitus watter optredes vir 'n agent as “waarskynlik” of “moontlik” voorkom, maar dit tree ook beperkend op deur sekere optredes vir die agent as “onmoontlik” voor te stel omdat die disposisies van die habitus daartoe aanleiding gee dat agente optredes kies wat die waarskynlikste sal slaag in die lig van hulle beskikbare hulpbronne en ondervinding uit die verlede.

Agente tree dus nie buite die omvang van hulle habitus op nie. Soos Swartz (1997:78) dit stel:

Bourdieu's actors pursue strategies, but not as conscious maximizers of limited means to achieve desired ends. Their choices are more tacit, practical, and dispositional, reflecting the encounter between the accumulated capital and corresponding dispositions from past experience and the present opportunities and constraints of fields where they act.

Bourdieu se nosie van agentskap, belange en die idee van strategiese handeling beteken nie dat agente se strategieë of optrede gebaseer is op bewuste, rasonele berekeninge nie,

³ Norme is hoegenaamd nie oorbodig of waardeloos nie omdat dit 'n groot rol speel in die vorming van sosiale strukture en as gevolg hiervan opsigself as 'n sosiale krag in vertaling bestempel kan word. Soos Wolf (2007:8) dit stel: “[I]f we accept the significance of norms in moulding social structures, they become paramount to the discussion of social forces in translation.”

⁴ Dit is belangrik om te noem dat Bourdieu nie van mening is dat optrede buite normatiewe beperkings kan geskied nie. Hy beklemtoon bloot dat alle optrede 'n mate van onsekerheid behels, selfs in situasies wat streng deur norme beheer word (sien Swartz, 1997:99).

maar op 'n *sens pratique* of 'n “sense of the game” wat deur die habitus gegenerer word. Swartz (1997:100) som dit goed op wanneer hy sê: “Actors are not rule followers or norm obeyers but strategic improvisers who respond dispositionally to the opportunities and constraints offered by various situations.”

Ook Prunč (2007:41) beklemtoon dié belangrike verskil tussen habitus en norme wanneer hy sê:

[T]he concept of norms defined the social space in which the translators acted *ex negativo*, i.e. as a reactive space that is subject to constraints and restrictions, and not as an interactive space in which the translators as social beings act and interact.

Daarby funksioneer die habitus op 'n onbewuste, geïnternaliseerde vlak terwyl norme meer bewuste, reëlmatige optrede veronderstel, soos Kruger (2012:279) dit verduidelik: “[W]hile habitus may be seen as related to norms; the concept of a ‘norm’ evokes something external and conscious, whereas the habitus remains largely unconscious and internalised.”

5.2 Die literêre veld

Bourdieu (1990a:143; 1993:30) beskryf die literêre veld as 'n oorlogsveld, “the war of everyone against everyone”. In 'n definisie van die literêre veld, sê Bourdieu (1990a:143):

I would say that the literary field is a force-field as well as a field of struggles which aim at transforming or maintaining the established relation of forces: each of the agents commits the force (the capital) that he has acquired through previous struggles to strategies that depend for their general direction on his position in the power struggle, that is, on his specific capital.

Die literêre veld word verduidelik as 'n oorlogsveld of 'n strydveld omdat agente wat in die veld aktief is, met mekaar meeding om mag in die vorm van kapitaal en om posisies in die veld. Die posisies waarvoor agente meeding, word bepaal deur die hoeveelheid kapitaal waarvoor elke agent afsonderlik beskik, daarom verwys Bourdieu (1993:163) ook na 'n veld as “a particular social game”.

In die literêre veld is kapitaal 'n basis vir dominansie en as sodanig, is dit aan mag verbonde. Bourdieu (1993:163) definieer die literêre veld ook as volg:

The literary field (one may also speak of the artistic field, the philosophical field, etc.) is an independent social universe with its own laws of functioning, its specific relations of force, its dominants and its dominated, and so forth. Put another way, to speak of “field” is to recall that literary works are produced in a particular social universe endowed with particular institutions and obeying specific laws.

Met “independent social universe” bedoel Bourdieu dat die literêre veld relatief outonoom funksioneer, met ander woorde: relatief onafhanklik van politieke en ekonomiese eise.⁵ Met die verwysing na “specific relations of force”, word geïmpliseer dat daar in elke veld spesifieke soorte kapitaal sirkuleer waarvoor agente wedywer en dat dié kapitaal van veld tot veld kan verskil, en die “dominants and its dominated” wys daarop dat sekere agente oor meer mag (in die vorm van kapitaal) beskik as ander. Ten einde te bepaal watter soort(e) kapitaal in ’n spesifieke literêre veld sirkuleer, moet die struktuur van die veld bestudeer word.

Die literêre veld kan op twee verskillende maniere gestruktureer word. Eerstens kan die produkte in die literêre veld (naamlik boeke) in twee subvelde verdeel word: die veld van beperkte produksie en die veld van grootskaalse produksie. In die veld van beperkte produksie, is simboliese kapitaal die dominante beginsel (byvoorbeeld in die vorm van literêre pryse en gekanoniseerde literatuur). Johnson (1993:15-16) beskryf die veld van beperkte produksie as volg:

The field of restricted production concerns what we normally think of as “high” art, for example “classical” music, the plastic arts, so-called “serious” literature. In this sub-field, the stakes of competition between agents are largely symbolic, involving prestige, consecration and artistic celebrity.

Hierteenoor, in die veld van grootskaalse produksie, is ekonomiese kapitaal die dominante beginsel (byvoorbeeld in die vorm van blitsverkopers). Teenoor die gekonsekreerde vorms van literatuur in die veld van beperkte produksie, ondersteun die veld van grootskaalse produksie massa- of populêre kultuur. Sapiro (2008:154) verduidelik dit as volg:

⁵ Bourdieu (1993:162) beskryf die konsep “veld” en sê: “[A] field is a separate social universe having its own laws of functioning independent of those of politics and the economy.” Wat Bourdieu hiermee bedoel is dat, hoewel politieke en ekonomiese faktore literatuur beïnvloed, dit nie ’n direkte invloed daarop het nie. Om ’n direkte invloed te postuleer, noem Bourdieu die “short circuit effect” (Bourdieu, 1993:181). Bourdieu meen eksterne invloede, soos ekonomie en politiek, beïnvloed literêre produkte deur middel van veranderinge in die struktuur van die literêre veld self. Johnson (1993:13-14) stel dit as volg: “In other words, the fields’ structure *refracts*, much like a prism, external determinants in terms of its own logic, and it is only through such refraction that external factors can have an effect on the field.”

The law of the market rules the pole of large-scale circulation, where sales are the main criterion for measuring success. By contrast, at the pole of small-scale circulation, aesthetic or intellectual criteria, arising from the judgement of peers (writers, literary critics), prevail over the larger public's approbation.

In die veld van beperkte produksie streef agente dus hoofsaaklik na simboliese kapitaal. Simboliese kapitaal (literêre meriete, prestige en status) kan mettertyd omgesit word in ekonomiese kapitaal, maar dit is 'n langtermynproses. Sapiro (2008) verwys na dié tekste in 'n literêre veld as langverkopers (*longsellers*), en dit teenoor kortverkopers (*shortsellers*) wat agente in die subveld van grootskaalse produksie produseer in hulle strewe na ekonomiese kapitaal. Hierdie soeke na korttermynprofyt is kenmerkend van die literêre veld se kommersiële pool (Sapiro, 2008:155).

Tweedens neem literêre tekste as kulturele objekte asook die agente en agentskappe wat vir die produksie, verspreiding en resepsie van hierdie literêre tekste verantwoordelik is, posisies in die veld in. Dié posisie-innames kom verspreid deur die veld voor volgens die hoeveelheid kapitaal waaroor die tekste en die agente/agentskappe elkeen afsonderlik beskik. Sapiro (2008:155) beskryf dit as volg:

According to the amount of symbolic capital (recognition based on the field's specific criteria) they hold, agents occupy different positions in this field, where they compete to achieve recognition and impose their idea of cultural legitimacy. The structure of the field arises from the unequal distribution of social properties and symbolic capital among the agents. It is organized around two main oppositions: dominant versus dominated (usually old agents and newcomers), and autonomy versus heteronomy (small-scale versus large-scale circulation).

In die Afrikaanse literêre veld neem verskillende soorte literatuur of genres soos die roman, poësie, misdaadfiksie of liefdesverhale, verskillende posisies in die veld in op grond van die hoeveelheid kapitaal (hoofsaaklik simbolies of ekonomies) waaroor elkeen van dié genres afsonderlik beskik. In die Afrikaanse literêre veld, is poësie 'n langverkoper met meer simboliese waarde, terwyl liefdesverhale kortverkopers is met meer ekonomiese waarde.⁶ Die skrywers van hierdie genres neem dienooreenkomstig in die veld posisies in: nader aan die meer simboliese pool vir poësie-outeurs en nader aan die meer ekonomiese pool vir

⁶ Sien Bonthuys (2016:29) vir 'n bespreking oor die hiërargie van genres in die Afrikaanse literêre veld.

outeurs van liefdesverhale. Ook die uitgewers wat vir die publikasie van dié tekste verantwoordelik is, kan gevolglik in die literêre veld geposisioneer word: nader aan die meer simboliese pool vir die uitgewer van poësie en nader aan die meer ekonomiese pool vir die uitgewer van liefdesverhale.

Indien kinderliteratuur as 'n posisie-inname of genre in die veld van Afrikaanse literatuur beskou word, maak dit hoofsaaklik deel uit van die subveld van grootskaalse produksie. Hoewel sommige Afrikaanse kinderboeke oor meer simboliese waarde beskik (byvoorbeeld gekanoniseerde kinderboeke, soos Alba Bouwer se *Stories van Rivierplaas*), beweeg die meerderheid Afrikaanse kinderboeke nader aan die kommersiële pool van die literêre veld, en toon kinderboeke en hulle outeurs oor die algemeen 'n gebrek aan status en aansien (sien ook afdeling 3.3 in verband hiermee). Afrikaanse kinderliteratuur maak dus deel uit van die veld van massaproduksie of populêre kultuur.⁷

Afrikaanse kinderliteratuur kan ook as 'n outonome veld binne die veld van kulturele produksie beskou word. Soos Nodelman (2008:117) dit stel:

In Bourdieu's terms, the publishing, distribution, and consumption of children's literature would constitute a specific field within the larger field of cultural production, which is itself within the economic field and the overriding field of social interaction – what Bourdieu calls the field of power.

As sodanig, kan vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms as deel van die veld van Afrikaanse kinderliteratuur bestudeer word, met ander woorde: as 'n posisie-inname naas al die ander posisies wat in die veld beskikbaar is om ingeneem te word (byvoorbeeld naas vertalings van plaaslike herkoms, naas oorspronklike Afrikaanse kinderboeke, en dies meer). Die idee van 'n veld van Afrikaanse kinderliteratuur sal vervolgens onder die loep geneem word.

⁷ Dit is ook in die sistemiese ondersoek (sien afdeling 3.3) bevind dat Afrikaanse kinderliteratuur op die periferie van die Afrikaanse literêre sisteem beweeg.

5.2.1 Die veld van Afrikaanse kinderliteratuur

For us, children's literature is a field – it's our field, and many things have grown on our field, and we have planted and continue to plant many things that we call subjects. These subjects have roots, many deep roots, and we call them genres or types of children's literature that we cultivate and continue to cultivate (Zipes, 2001:70).

Die struktuur van die veld van Afrikaanse kinderliteratuur weerspieël die breër veld van kulturele produksie waarin dit geleë is. Daarom word die veld van Afrikaanse kinderliteratuur gestruktureer deur verskillende kinderboeke wat posisies in die veld teenoor mekaar inneem, sowel as die posisies van individue en instansies wat 'n rol speel in die produksie, verspreiding en die uiteindelijke resepsie van hierdie kinderboeke.

Bourdieu (1993:37) meen 'n literêre veld is geskoei op een spesifieke onderliggende beginsel, naamlik die produksie van geloof. Dié geloofsbeginself veronderstel dat literatuur nie oor enige inherente waarde beskik nie, maar dat die waarde van literatuur bewus oor en oor geskep moet word. Met ander woorde, “[t]he work of art is an object which exists as such only by virtue of the (collective) belief which knows and acknowledges it as a work of art” (Bourdieu, 1993:37). Ook Johnson (1993:11) verduidelik dit as volg:

In this universe of belief one must consider, in other words, “not only the material production but also the symbolic production of the work, i.e. the production of the value of the work or, which amounts to the same thing, of belief in the value of the work”.

Dit is veral vir hierdie studie van belang, aangesien die veld van kinderliteratuur geskoei is op 'n geloof in die idee van “die kind” as anders as “die volwassene”. As sodanig kan kinderliteratuur beskou word as 'n simboliese objek waarvan die waarde deur die veld van kinderliteratuur self geskep en onderhou moet word (sien ook Zipes, 2001:40). Soos Nodelman (2008:139) dit stel:

[T]here would be no such thing as children's literature – even just as an arbitrary line drawn, a label, or a publishing category imposed on a body of diverse texts – if adults did not believe that children are different enough from adults to need a special group of books and imagine a category to contain them.

Die rolspelers (individue sowel as instansies) wat by die produksie en resepsie van Afrikaanse kinderliteratuur betrokke is, is dus gesamentlik verantwoordelik vir die skep van

die simboliese waarde van dié literatuur. As sodanig is Afrikaanse kinderliteratuur deur verskeie rolspelers in die veld geskep, en was dit nie net nog altyd maar daar nie.

Afrikaanse kinderliteratuur het 'n proses van ontwikkeling ondergaan, en dié proses was nou verbonde aan die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans as taal. Die ontstaan en ontwikkeling van 'n veld van Afrikaanse kinderliteratuur in ooreenstemming met die Afrikaanse taal sal vervolgens onder die loep geneem word.

5.2.2 Die ontstaan en ontwikkeling van 'n veld van Afrikaanse kinderliteratuur in ooreenstemming met die Afrikaanse taal tot 1990⁸

Afrikaans is een van die jongste erkende tale ter wêreld. As gevolg hiervan, het Afrikaanse kinderliteratuur ontwikkel met 'n agterstand om in te haal. Soos Snyman (1983:103) dit verduidelik:

Afrikaans is 'n jong taal en daarom het die Afrikaanse kinderboek stadia van die ontwikkelingsproses van die kinderliteratuur in Engeland en die ander Europese lande, oorgeslaan. Ons het byvoorbeeld nooit *horn books* in Afrikaans gehad nie. Toe Newbery sy kinderboekies met kleurrike omslae uitgegee het, toe kinders in Engeland toegang gehad het tot die verhale van die Arabiese Nagte, Gulliver, Robinson Crusoe, selfs toe sir Walter Scott en kap. Marryat hul kinderboeke geskryf het, het die Afrikaanse taal nog nie eens bestaan nie.

Hoewel verhale moontlik mondelings in 'n vroeë vorm van Afrikaans oorvertel is, word die ontstaan van Afrikaanse kinderliteratuur teruggevoer na die geskiedenis en die ontstaan van Afrikaans as skryftaal tydens die Eerste Afrikaanse Taalbeweging (±1875-1899) (Lohann, 1988:184; Snyman, 1983:103; Van der Walt, 2005a:14).

Dit is 'n tydperk waarin daar vir die erkenning van Afrikaans as spreek- en skryftaal beywer is en waarin die eerste Afrikaanse nuusblad, *Di Afrikaanse Patriot*, op die been gebring is.⁹

⁸ Dit is slegs 'n kort oorsig oor die ontstaan en ontwikkeling van die veld van Afrikaanse kinderliteratuur tot 1990, aangesien hierdie studie fokus op vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms. Vir meer inligting oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaanse kinderliteratuur, raadpleeg Fouché, 2012; Le Roux, 1986; Oosthuizen, 2010; en Van der Walt, 2005a.

⁹ Die stigting van *Di Afrikaanse Patriot* is die werk van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA). Die GRA is op 14 Augustus 1875 gestig met die spesifieke doelstelling om Afrikaans as skryf- en gebruikstaal erken te kry. C.P. Hoogenhout word beskou as die dryfkrag agter die stigting van die GRA (Le Roux, 1986:5).

Hoewel die Eerste Afrikaanse Taalbeweging nie veel tot die ontwikkeling van die veld van Afrikaanse kinderliteratuur bygedra het nie (aldus Schrecker, 1979:95), is dit die tyd waarin die eerste Afrikaanse boek vir kinders gepubliseer is. Dit is 'n Bybelverhaal met die titel: *Di geskiedenis van Jozef voor Afrikaanse kinders en huissourens in hulle eige taal geskrywe deur een vrind*, geskryf deur C.P. Hoogenhout onder die skuilnaam "Klaas Waarzegger" en uitgegee deur N.H. Marais in Kaapstad in 1873 (Carstens & Raidt, 2019:322; Le Roux, 1986:5; Snyman, 1983:103; Van der Walt, 2005a:14).

C.P. Hoogenhout is ook die outeur van die eerste wit-en-swart-prentboek vir kinders in Afrikaans, naamlik *Eerste Afrikaanse printjies boeki ver soet kinders, deur Jan wat versies maak* (Carstens & Raidt, 2019:329; Le Roux, 1986:5; Snyman, 1983:103). 'n Derde publikasie vir kinders in hierdie tyd, is die eerste Afrikaanse skoolboek met die titel: *'t Spel en leesboek ver Afrikaanse kinders*, geskryf deur J.W. Van der Rijst onder die skuilnaam "Oom Willem" (Carstens & Raidt, 2019:329; Snyman, 1983:103).

Hoewel boeke vir kinders in die neëntiende eeu skaars was, het die meeste kinders toegang tot tydskrifte gehad. Die eerste Afrikaanse tydskrif wat op 'n kindergehoor gerig was, *Maandwerkje voor de jeugd*, was hoofsaaklik 'n godsdienstige tydskrif. Dit is in 1845 begin deur Cornelius van der Schalk en in Kaapstad gedruk deur Saul Solomon (Bester, 1989:20). Hierna volg *Maandbladje voor kinderen*, nog 'n godsdienstige tydskrif, wat vanaf 1861-1914 deur die sendingstasie op Genadendal uitgegee is as 'n byblad tot die kerkblad, *De Bode*. Sedert 1863 het dit bekend gestaan as *Kinder vriend*. Afgesien van die godsdienstige aard daarvan, was dit volgens Bester (1989:20) "werklik 'n kinderblad, iets waarmee die kind hom kon identifiseer".

Schrecker (1979:96) verwys na verskeie volksverhale wat gedurende dié tyd in die tydskrif *Ons Klyntji* gepubliseer is (sien ook afdeling 5.2.3.1). Hoewel hierdie verhale – waaronder jagstories, spookstories en dierestories – nie spesifiek op 'n kindergehoor gerig was nie, is baie van die stories moontlik deur kinders gelees en kan sommige van die diereverhale en sprokies in latere verwerkings as volwaardige kinderliteratuur beskou word (aldus Snyman, 1983:104).¹⁰ Een verhaal wat in 1896 in *Ons Klyntji* gepubliseer is as 'n vervolghoofstuk (in

¹⁰ G.R. von Wielligh se *Dierestories* dien hier as voorbeeld, waar dit oorspronklik in *Ons Klyntji* gepubliseer is en daarna, in 1907-1922, as 'n reeks boeke deur J.L. van Schaik uitgegee is. Dit is opnuut weer in 2010-2013 deur Protea Boekhuis heruitgegee, met illustrasies deur Dale Blankenaar.

April en Mei onderskeidelik) en duidelik op 'n kindergehoor gerig was, is *Ou Pa syn hoeki. Winter-aand storiis fir Afrikaanse kinders* (sien *Ou Pa syn hoeki. Winter-aand storiis fir Afrikaanse kinders*, 1986a:21-23 en 1986b:44-46).

Die ywer gedurende die Eerste Afrikaanse Taalbeweging was om Afrikaans as lees- en skryftaal te ontwikkel, en om Afrikaanstaliges te leer lees (Kannemeyer, 1984:83). Die beweging het hoofsaaklik in die Boland afgespeel, gesentreer om S.J. du Toit en die stigting van die Genootskap vir Regte Afrikaners (GRA) op 14 Augustus 1875. Die Eerste Taalbeweging het egter in 1899 gesneuwel weens S.J. du Toit, die leier van dié beweging, se politieke bedrywighede (Kannemeyer, 1984:83).

Die ywer vir en die ontwikkeling van Afrikaans is voortgesit gedurende die Tweede Afrikaanse Taalbeweging (1900-1930). In teenstelling met die Eerste Taalbeweging, het die Tweede Taalbeweging regoor die land plaasgevind, met hooffigure in verskillende provinsies, en met verskeie blaaië en verenigings. Die doel van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging was ook nie net bloot om Afrikaners te leer lees nie. Kannemeyer (1984:83-84) verduidelik die milieu waarin die Tweede Taalbeweging afgespeel het en sê:

Ná die Anglo-Boereoorlog is die Afrikaner nie alleen gestel voor die enorme taak om sy land weer materieel op te bou nie, maar om homself ook geestelik weerbaarder te maak. In vergelyking met die Eerste Beweging was dit dus nie slegs die strewe om leesbare rympies te skryf of om die volk op te voed nie, maar om uiting te gee aan die grootste behoeftes en die diepste wese van die Afrikanervolk. Daarom was die stryd dan ook ernstiger en meer doelgerig.

Ná die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) was Engels die administratiewe en geregtelike voertaal van Suid-Afrika, met voorsiening vir die gebruik van Nederlands. Ten spyte hiervan, het Engels Nederlands mettertyd op staatkundige, kerklike sowel as opvoedkundige gebied verdring. Die Tweede Afrikaanse Taalbeweging was dus ook 'n reaksie op dié geleidelike verengelsing (Kannemeyer, 1984:84).

Die Tweede Taalbeweging het 'n beskeie maar waardige bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die veld van Afrikaanse kinderliteratuur. Kinderliteratuur uit hierdie tyd word beskryf as “van geen noemenswaardige letterkundige gehalte nie”, maar met “literêre-historiese betekenis” (Snyman, 1983:105). Dit sluit onder meer in G.R. von Wielligh se

Dierestories en Boesmanstories (1919),¹¹ C.J. Langenhoven se *Loeloeraai* (1923), *Mof en sy mense* (1926) en *Die Krismiskinders* (1926). M.E.R. se *Kinders van die voortrek* (1920) (later *Die tweeling trek saam*)¹² en E.B. Grosskopf se *Patrys-hulle* (1926) word as uitsonderings beskou (Schrecker, 1979:96; Snyman, 1983:104-105). Kinderverse is ook gedurende dié tyd geskryf deur outeurs soos Eugène Marais en C. Louis Leipoldt, en die eerste kinderversebundel, *Die kleinspan*, is uit die pen van A.G. Visser afkomstig (Snyman, 1983:105).

In 1910 kom die Unie van Suid-Afrika tot stand en word Nederlands naas Engels as amptelike taal erken (Kannemeyer, 1984:88). Mense beywer hulle steeds vir Afrikaans, en op 23 April 1914 dien die skrywer C.J. Langenhoven 'n mosie by die Kaapse Provinsiale Raad in met die versoek dat Afrikaans in stede van Nederlands vir alle Afrikaanstaliges tot standerd ses as voertaal in skole gebruik moet word (Kannemeyer, 1984:88). Hierdie mosie is goedgekeur, en het later uitgekling tot in die destydse Transvaal, Oranje-Vrystaat en Natal.

Die tydskrif, *Die Brandwag* (1910-1922), het in dié tyd die Afrikaanse kind van leesstof voorsien met die Tannie van die Brandwag (Mevrou van Heerden) se kinderrubriek (Bester, 1989:21-23). Hierby tel dan ook *Die Huisgenoot*, waarvan die eerste uitgawe in Mei 1916 verskyn het en aan kinders leesstof voorsien het in die vorm van 'n rubriek, *Uit die kinderwêreld*, wat vanaf Mei 1916 tot Augustus 1920 verskyn het (Bester, 1989:23). Bester (1989:23) sê:

Die inhoud van die rubriek was deurgaans van goeie gehalte en van die begin af was [sic] daar eweveel aandag aan inligting en aan ontspanning bestee. Daar is sprokies, swaapstories, inheemse Griekwastories en dierestories vertel deur medewerkers soos Ida Theron, Albert Coetzee en G.R. von Wielligh. Rympies en gediggies is dikwels gepubliseer. M.E.R. het spesiaal vir die kinders rympties geskryf.

Vanaf 1917 is Afrikaans al hoe meer by skole ingevoer, sodat byna alle ondderrig vir Afrikaanstalige kinders teen 1925 in Afrikaans geskied (Kannemeyer, 1984:89). In 1925 vervang Afrikaans ook Nederlands as amptelike taal in Suid-Afrika, naas Engels. Hieroor sê Snyman (1983:105):

¹¹ Von Wielligh se *Boesmanstories* is in twee uitgawes, *Versamelde Boesmanstories 1* en *Versamelde Boesmanstories 2*, deur Protea Boekhuis in onderskeidelik 2009 en 2010 heruitgegee, asook in 2017 as *Boesmanstories Deel 1-2* deur !Kwha ttu & Mantis Books.

¹² M.E.R. wen in 1961 die Scheepersprys vir Jeuglektuur vir *Die tweeling trek saam*.

Afrikaans is nou ook in skole as voertaal gebruik en is ook as taal gedoseer, maar daar was hopeloos te min boeke in Afrikaans. Die gevolg was 'n stroom kinderboeke van die kant van skrywers en uitgewers om in dié behoefte te voorsien. Die literêre waarde van dié boekies was swak en die tegniese versorging nog erger, met swak illustrasies, papier en drukwerk en meesal was hulle nie eens behoorlik gebind nie, maar net vasgekram.

Helena J.F. Lochner, wat meer as 150 kinderverhale geskryf het, word beskou as een van die produktiefste skrywers van Afrikaanse kinderboeke in hierdie tyd (Snyman, 1983:105). Volgens Bosman (1945:5) was Helena Lochner “seker die bekendste skrywer onder die kinders” en haar bekendste verhale sluit in *Die geleende veldskoene* (1932), *Die goue sleuteltjie* (1932), *Ou Mama kromneus* (1932), *Drie ou broertjies* (1935), *Die poppe se rusie* (1936) en *Die prinses se pêrels* (1931) (Bosman, 1945:5).

Ander skrywers uit dié tyd is C.J. Langenhoven, C. Louis Leipoldt, W.J. du Preez Erlank, Mev. A.E. Carinus, Lulu Latsky, Christine le Roux, Maxie de Villiers, Elizabeth Saunders, H. Scholtemeyer, Rikie Postma en M.E. Rothmann.

Hoewel die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) die uitgee van boeke in Suid-Afrika belemmer het, het die einde van die 1940's 'n vrugbare tydperk vir die ontwikkeling van die Afrikaanse taal ingelei. Vanaf 1948, met die begin van die Nasionale Party se bewind, het die politieke beleid van Suid-Afrika die groei en ontwikkeling van die Afrikaanse taal, asook die produksie van kinderboeke in Afrikaans, bevoordeel. Van der Walt (2005a:21) stel dit as volg:

Teen die einde van die 1940's kom die Afrikaner aan bewind. Afrikaans is nou die taal van die maghebber en die Afrikaanse perswese is in 'n magposisie. 'n Nuwe era breek aan vir die Afrikaanse kinderboek. Die armblanke van vroeër jare vorm nou skielik die stedelike middelklas. Verpligte onderwys wat die opvoedingspeil van die Afrikaner verhoog, gratis provinsiale biblioteekdienste en die koopkrag van die Afrikanermiddelklas wat styg, laat 'n groot mark vir die Afrikaanse kinderboek ontstaan.

Gedurende die 1950's, met die publikasie van Alba Boucher se *Stories van Rivierplaas* (1955) asook die instelling van literêre pryse en toekennings vir kinderliteratuur in

Afrikaans,¹³ ondergaan die Afrikaanse kinderboek 'n vernuwing. Hiermee kry die moderne Afrikaanse kinderboek sy beslag (Schrecker, 1979:98; Snyman, 1983:106) en 'n volwaardige veld van Afrikaanse kinderliteratuur kom tot stand.¹⁴

Van der Walt (2005a:23) is van mening dat Alba Bouwer die eerste Afrikaanse kinderboekskrywer was “wat werklik kindgerig geskryf het” en sê:

Dis miskien heel toevallig dat die instelling van die pryse saamgeval het met die begin van Alba Bouwer se literêre loopbaan. Die verskyning van haar eerste boek, *Stories van Rivierplaas* (1955), word egter beskou as 'n mylpaal in die geskiedenis van die Afrikaanse kinderliteratuur en die begin van die moderne Afrikaanse kinderboek.

Dit is opmerklik dat die moderne Afrikaanse kinderboek sy beslag gekry het in 1955 terwyl die moderne kinderboek in Engeland reeds in 1865 ingelei is met die publikasie van Lewis Carroll se *Alice's adventures in Wonderland* – 'n verskil van 96 jaar (sien Snyman, 1983:106).

Volgens Schrecker (1979:96), het die veld van Afrikaanse kinderliteratuur egter sedert 1958 vinnig gegroei en ontwikkel: nie net het meer boeke die lig gesien nie, maar die gehalte van boeke het ook merkbaar verbeter. Onder boeke uit dié tyd wat graag deur kinders gelees is, tel veral reekse, soos Topsy Smith se *Trompie*-reeks met boeke soos *Trompie* (1950), *Trompie die onnut* (1950), *Trompie die soet seun* (1951), *Trompie die hoërskoolseun* (1951) en *Trompie die dromer* (1952) asook die *Saartjie*-reeks waaronder *Saartjie Baumann* (1953), *Saartjie se vakansie* (1953), *Saartjie se geheim* (1953), *Saartjie se nuwe maat* (1953) en *Saartjie se slim plan* (1953).¹⁵ Leon Rousseau se Fritz Deelman-reeks was ook

¹³ Die Scheepersprys vir Jeuglektuur is vir die eerste keer in 1956 toegeken, naamlik aan P.J. Schoeman vir *Drie jong jagters*, *Fanie se veldskooldae*, *Fanie word wildjagter* en *Uitspring, kêrels*. Die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die Beste Afrikaanse Kinderboek vir kinders tussen sewe en 12 jaar is vir die eerste keer in 1960 aan W.O. Kühne toegeken vir *Huppel verjaar*.

¹⁴ Volgens Bourdieu (1993:112) beskik 'n veld oor minstens die volgende wanneer dit outonoom word: 'n mark ('n Afrikaanse kindergehoor), produsente (uitgewers van Afrikaanse boeke wat spesifiek op 'n kindergehoor gerig is) en konsekrasie-tipes (literêre toekennings vir Afrikaanse kinderboeke).

¹⁵ Die *Saartjie*-reeks is geskryf deur Topsy Smith onder die skuilnaam Bettie Naudé. Albei hierdie reekse is verskeie kere herdruk en is opnuut in 2007-2008 deur Human & Rousseau uitgegee. *Saartjie*-omnibusse het ook gevolg: *Saartjie Omnibus 1* in 2013, *Saartjie Omnibus 2* in 2013, *Saartjie Omnibus 3* in 2014, *Saartjie Omnibus 4* in 2015, *Saartjie Omnibus 5* in 2016, *Saartjie Omnibus 6* in 2017 en *Saartjie Omnibus 7* in 2018, almal uitgegee deur Human & Rousseau. Topsy Smith se *Saartjie*- en *Trompie*-reeksboeke is in die verlede deur sommige kundiges veroordeel. Snyman (1983:33) sê byvoorbeeld: “Die karakterbeelding is onoortuigend – die karakters word nooit werklik méns nie – die styl is sonder literêre verdienste, daar is 'n verbeeldingloosheid en 'n gebrek aan diepte.” Hierteenoor is Carina Diedericks-Hugo (2009:21) van mening dat dié reekse as 'n “nostalgiese oplewing van ons kultuurgoedere” en as “klassieke reekse” beskou kan word na aanleiding van hulle jarelange gewildheid. Ook Jaco Jacobs verwys na die *Saartjie*- en *Trompie*-reeks as “goue Afrikaanse jeugreekse” (Jacobs, 2007:28).

baie gewild, met boeke soos *Fritz Deelman en die Suidpoolbende* (1957), *Fritz Deelman en die groen dood* (1958), *Fritz Deelman en die woestynrowers* (1960), asook Cor Dirks se *Uile*-reeks, met boeke soos *Die uile by die see* (1959), *Die uile langs die Limpopo* (1961) en *Die uile in die wapad* (1961).

Die 1960's en 1970's word beskou as 'n bloeitydperk vir die publikasie van Afrikaanse kinderliteratuur, met talle nuwe Afrikaanse skrywers en temas wat na vore getree het, 'n toename in meelewing met die kind, asook 'n diepgang in karakteruitbeelding (aldus Van der Walt, 2005a:24-25).

Prominente skrywers van Afrikaanse kinderboeke in dié tyd is byvoorbeeld Alba Boucher, met boeke soos *Katrientjie van Keerweder* (1961),¹⁶ *Stories van Bergplaas* (1963) en *Stories van Ruyswyck* (1963),¹⁷ Hester Heese met *Aljander, aljander so deur die bos* (1966), *Loekie die rondloper* (1966), *Hierdie lente* (1969), *Bokmakierie sing: Opsêgoed vir kleingoes* (1966) en *Sêra Madêra* (1979),¹⁸ Pieter W. Grobbelaar met boeke soos *Die mooiste Afrikaanse sprokies* (1968),¹⁹ *Klaas Luiard en ander sprokies* (1969), *Trippe, trappe, trone: Die groot Afrikaanse rymboek* (1969) en *Wolf en Jakkals en die lang pad en ander Afrikaanse sprokies* (1969),²⁰ Freda Linde met *Snoet alleen* (1964),²¹ *Jos en die sog* (1971), *Jos en die bok* (1972),²² *Jos en Klos* (1973)²³ en *Die kokkewiet en sy vrou* (1977),²⁴ Rona Rupert met boeke soos *Wat maak jy, Hektor?* (1974),²⁵ *Die dag toe name volop was* (1975) en *Luister, Lefa* (1976) en W.O. Kühne met sy *Huppelkind*-reeks: *Huppelkind* (1976), *Huppel maak 'n plan* (1976), *Wip-Huppel-Wip* (1976), *Vrolike Huppelkind* (1976), *Huppelkind by die water* (1976) en *Huppel verjaar* (1976).²⁶

¹⁶ Alba Boucher wen in 1961 die C.P. Hoogenhout-toekenning vir *Katrientjie van Keerweder*.

¹⁷ Alba Boucher wen in 1965 die Scheepersprys vir Jeuglektuur vir *Katrientjie van Keerweder*, *Stories van Ruyswyck* en *Stories van Bergplaas*.

¹⁸ Hester Heese wen in 1979 die C.P. Hoogenhout-toekenning vir *Sêra Madêra*.

¹⁹ Pieter W. Grobbelaar wen in 1968 die C.P. Hoogenhout-toekenning vir *Die mooiste Afrikaanse sprokies*.

²⁰ Pieter W. Grobbelaar wen in 1971 die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur vir al sy kleuterboeke.

²¹ Freda Linde wen in 1964 die C.P. Hoogenhout-toekenning vir *Snoet alleen*.

²² Freda Linde wen in 1973 die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur vir *Jos en die bok*.

²³ Alba Boucher wen in 1973 die C.P. Hoogenhout-toekenning vir *Jos en Klos*.

²⁴ Freda Linde wen in 1977 die C.P. Hoogenhout-toekenning vir *Die kokkewiet en sy vrou*.

²⁵ Rona Rupert wen in 1976 die C.P. Hoogenhout-toekenning vir *Wat maak jy, Hektor?*

²⁶ W.O. Kühne wen in 1960 die C.P. Hoogenhout-toekenning vir *Huppel verjaar*. Hierdie reeks word as Afrikaanse kultuurskat geag, en is al met A.A. Milne se *Winnie-die-Poeh* vergelyk: "W.O. Kühne se Huppel is in die Afrikaanse kinderlektuur naastenby wat A.A. Milne se Christopher Robin in die geskiedenis van die kinderboek in Brittanje is" (Kruger, 1991:59).

In die 1980's het Suid-Afrika se politieke en sosiale probleme in die Afrikaanse kinderboek 'n neerslag begin vind, hoewel glad nie in dieselfde mate as in volwasse literatuur nie. Soos Van der Walt (2005a:26) getuig:

Oor die algemeen is daar egter nooit in die Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur so duidelik en openlik as in die volwasse literatuur kritiek uitgespreek teen die regeringsbeleid, die negatiewe aspekte van nasionalisme en die foute van die "volk" nie. Globaal gesien was die outeurs van kinder- en jeugboeke nooit in dieselfde mate betrokke by politieke sake as hulle volwasse eweknieë nie.

John Miles se *Stanley Bekker en die boikot* (1980) was 'n uitsondering. Dit het kritiek teenoor die Nasionale regering se apartheidsbeleid uitgespreek, en is die eerste (en enigste) kinderboek wat ná publikasie verbied is (Van der Walt, 2005a:16). Boeke wat kritiek teenoor die regering uitgespreek het, is soms deur uitgewers in die buiteland gefinansier, soos Taurus Uitgewers (Fairer-Wessels en Van der Walt, 1999:97), maar die meerderheid Afrikaanse kinderboekouteurs het selfsensuur toegepas, soos Van der Walt (2005a:26) getuig: "Vloekwoorde en slordige taal is nie geduld nie en die bevraagtekening van die regering se beleid en enige gesag was ondenkbaar."

Volgens Oosthuizen (2010:75) was daar 'n vernuwing in veral die Afrikaanse jeugboek ten opsigte van politieke en sosiale kwessies gedurende die 1980's, en het die milieu waarin verhale afgespeel het, al meer na 'n stedelike omgewing verskuif. Teen die einde van die 1980's het die aanloop tot die val van die nasionalistiese Afrikanerbewind reeds begin, en ná 1990 kon die Afrikaanse kinderboek uittree onder die "ban van Afrikaner-nasionalisme" (Van der Walt, 2005a:25).

Dit was die begin van die aanloop tot 'n vrye boekmarkstelsel en die bevryding van die Afrikaanse uitgewerswese, en het ook gelei tot 'n vernuwing in die aard en inhoud van die Afrikaanse kinderboek. Soos Oosthuizen (2010:76) opmerk:

Sedert die ontstaan van kinderliteratuur en ook die Afrikaanse kinderliteratuur, is die een konstante en bepalende invloed op die ontwikkeling van die genre die politieke en sosiale omgewing waarin dit funksioneer. Soos wat die politieke en sosiale faktore verander het, het die aard en inhoud van kinderliteratuur ook verander.

Die finansiële voordele wat Afrikaanse kinderliteratuur onder die apartheidsregering geniet het, het in 'n groot mate ook die ontwikkeling van Afrikaanse kinderliteratuur gestrem, veral

wat onderwerpe betref (Oosthuizen, 2010:75). Ná die val van apartheid kon uitgewers begin “boeke uitgee waarin die jeug kon lees van die smart wat apartheid veroorsaak het, sonder om hulle die wraak van politici wat dikwels ook as direksieledede gefungeer het, op die hals te haal” (Fairer-Wessels & Van der Walt, 1999:98), en kon uitgewers begin eksperimenteer met nuwe temas. Terwyl daar ook veral gedurende die 1970’s en 1980’s ’n mate van literêre snobisme in die veld van Afrikaanse kinderliteratuur geheers het, het die klem ná die bevryding van die boekemark begin skuif vanaf pryswennerboeke na lekkerleesboeke (aldus Oosthuizen, 2010:75).

Vervolgens word die invloed van vertaalde kinderliteratuur van internasionale herkoms op die ontstaan en ontwikkeling van die veld van Afrikaanse kinderliteratuur onder die loep geneem.

5.2.3 Die invloed van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms op die ontwikkeling van ’n veld van Afrikaanse kinderliteratuur: 1875-1990

Vertalings van internasionale herkoms het ’n bydrae gelewer tot sowel die ontwikkeling as die instandhouding van ’n veld van Afrikaanse kinderliteratuur. ’n Bondige oorsig van hierdie bydrae volg, opgedeel in tydperke wat met belangrike gebeure in die ontwikkeling van die Afrikaanse taal ooreenstem, naamlik ±1875-1925 (afdeling 5.2.3.1), ±1925-1948 (afdeling 5.2.3.2) en ±1948-1990 (afdeling 5.2.3.3). Die hiante wat vertalings in die veld gevul het in terme van genres, asook prominente vertalers en uitgewers vir elke tydperk, word telkens uitgelig.

5.2.3.1 ±1875-1925

Aan die einde van die neëntiende eeu het Afrikaanse tydskrifte ’n belangrike rol gespeel in die voorsiening van leesstof vir kinders. Trouens, volgens Bester (1989:19-20), was tydskriflektuur byna die kind se enigste kontak met geskrewe Afrikaans:

Die lektuur waarmee die Afrikaanse kind vóór die Eerste Taalbeweging, 1875-1900, grootgeword het en wat vormend ingewerk het op sy geesteslewe, moet gesien word teen die agtergrond van die destydse ongunstige lewensmilieu. In die deursnee plattelandse Boerehuis was leesstof in die negentiende eeu skaars en diegene wat wel boeke besit het, was gewoonlik welgesteldes en professionele mense van

Kaapstad of van die groter sentra in Wes-Kaapland. Die landelike boeremense was in hierdie tyd nie geletterd nie en lees het nie 'n belangrike deel van die lewenspatroon uitgemaak nie.

Vanaf 1896 het *Di Afrikaanse Patriot* 'n politiek-neutrale byblad, *Ons Klyntji* (1896-1906), onder die redaksie van S.J. du Toit uitgegee waarin onder meer oorspronklike Afrikaanse verhale, rympies en staaltjies, ingestuur deur die intekenaars self, geplaas is. Dit was 'n maandblad wat daarop gemik was om die ontwikkeling van 'n eie Afrikaanse letterkunde te bevorder (Bester, 1989:21).

Die eerste bladsy van *Ons Klyntji* se eerste uitgawe in Maart 1896 lees: “Daar is *Ons Klyntji* nou. Gen baster ni, alles suiwer Afrikaans. Syn titel is geteken op ons kantoor deur 'n kereltji wat ons so van di letterkas weggeneem het, en al die Prente is hiir an di Paarl gemaak deur Mnr. Glasberg. Di stukke is oek almal oorspronkelik” (Du Toit, 1896a:1). Daar is ook 'n spesiale uitnodiging aan kinders om saam te lees: “Di ouers kan gerus hulle kinders en jonge mense met my laat omgaan; al is ek nou en dan 'n bitji plisirig, ek sal ni onbehoorlik wees ni” (Du Toit, 1896b:1).

Hoewel *Ons Klyntji* groot klem geplaas het op die ontwikkeling van 'n oorspronklike Afrikaanse letterkunde, is verskeie vertalings ingesluit – soms selfs onwetend (aldus Coetzee, 1940:20). Talle van die sogenaamde “oorspronklike verhale” wat deur intekenaars ingestuur en geplaas is, was eintlik erfgoed uit Europa. Coetzee (1940:34) haal vir S.J. du Toit aan waar hy erken “dat di dire storiis oek nie algar oorspronkelik is nie, mar gewysig al in andere lande en tale beskrywe is, bevoorbeeld deur Grimm in Duitsland, ens.” (Coetzee, 1940:34).

Hoewel daar op dié tydstip nog nie verhale verskyn het wat spesifiek op 'n kindergehoor gerig is nie, maak die oorvertelde dierestories waarna S.J. du Toit hier verwys, deel uit van die leesstof in *Ons Klyntji* waaraan kinders hulle moontlik kon verkneukel. Dit kan dus beskou word as van die heel eerste verwerkings of oorvertellings van lektuur vir kinders in Afrikaans.²⁷

²⁷ Dit is moeilik om in die lektuur wat in *Ons Klyntji* verskyn het te onderskei tussen stories vir volwassenes en stories vir kinders, aangesien daar dikwels geen pertinente onderskeiding gemaak word nie. Slegs by die verskyning van raaisels sal 'n opskrif moontlik aandui dat dit op 'n kindergehoor gerig is, byvoorbeeld in 'n opskrif soos “Fer kinders en jongmense” (sien Fer kinders en jongmense, 1898:215). In dié tyd is kleur geensins gebruik nie, en ook nie illustrasies nie.

Dit is inderdaad ook nie altyd moontlik om 'n vertaling in *Ons Klyntji* uit te ken tensy dit pertinent as sodanig aangedui word nie, wat selde die geval is. In die Oktober 1897-weergawe van *Ons Klyntji* verskyn daar wel 'n gedig oor vertalings wat uit ander lande na Suid-Afrika gebring word, naamlik *Blomme in freemde lande gepluk* (sien Blomme in freemde lande gepluk, 1897:197). Dit lui as volg:

So nou en dan,
As ek mar kan,
Dwaal ek o'er onse grense,
En loop daar rond,
Op freemde grond,
En onder freemde mense.

Ek bring dan na
Suid-Afrika,
Di freemde blomme same;
En bid hul dan
Myn lesers an
Met Afrikaanse name.

Ná die plasing van hierdie gedig, het daar gereeld vertalings in *Ons Klyntji* verskyn onder die titel "Blomme in freemde lande gepluk", soos *Di hyde-rosi*, oorspronklik geskryf deur Göthe en in Afrikaans vertaal deur Jaduto (Göthe, 1897:195; sien ook Coetzee, 1940:20).

Ander verhale wat moontlike oorvertellings of verwerkings is, maar nie as sodanig aangedui word nie, is die verhaal van Baron Munchausen wat voorafgegaan word deur die verhaal van 'n *Afrikaansse Baron Munchausen* (sien 'n *Afrikaansse Baron Munchausen*, 1903:154) en dan ingelui word met "Hoe di Duitse Munchausen dit fertel", sowel as *Di skimmel poni* (sien *Di skimmel poni*, 1900:5) wat aangedui word as "'n Amerikaanse spook-stori".

Indien 'n vertaling in *Ons Klyntji* aangedui word, word dikwels daarna verwys as 'n verwerking of oorvertelling wat vry aangepas is om in te pas in die Afrikaanse leefwêreld. Hierdie domestikerende vertaalstrategie is moontlik gebruik ten einde die doeltteks in so 'n mate te verafrikaans, dat dit kon bydra tot die vestiging en ontwikkeling van 'n eie Afrikaanse kinderliteratuur (sien ook Fouché, 2012:151-152). 'n Nota van die redakteur by 'n vertaalde

reeks verhale uit die Julie 1897-weergawe van *Ons Klyntji*, naamlik *Ferhale uit belangrike tyde* (sien *Ferhale uit belangrike tyde*, 1897:109), verduidelik dié verinheemsende vertaaltegniek as volg:

Di bedoeling is om onder di hoof boeiende ferhale te gé uit belangrike tyde fan di wêreld geskiedenis, sodat myn lesers meteen nut en fermaak, lering en pelsiir daaruit kan trek. Soseul molik sal dit oorspronklik wees, en selfs waar di werk fan andere gebruik word, word dit so fry, na ons toestande, bewerk, dat dit so goed as oorspronklik is.

Een vertaling in *Ons Klyntji* wat as sodanig aangedui word en wat sonder twyfel op 'n kindergehoor gerig was, is *Di skool op di Heide*. Dit is 'n vroeë vorm van die skoolstorie wat deur S.J. du Toit uit Duits vertaal en as 'n vervolgerhaal in *Ons Klyntji* geplaas is, en word beskou as die heel eerste kinderboek wat in Afrikaans vertaal is.²⁸

Di skool op di Heide vertel die verhaal van 'n welgestelde Duitse familie, die Echtermeyers, gedurende die Napoleontiese oorloë. Die Echtermeyers vlug net betyds voordat die Franse leer Hamburg binneval, en die kinders en ouers vlug om veiligheidsonthalwe na verskillende plekke. Die verhaal volg eintlik die wedervaringe van die drie Echtermeyer-kinders, Guido, Paulene en Thekla, wat na die Heide vlug om daar by 'n pleegfamilie te gaan woon.

Die verhaal is, soos meeste kinderverhale uit hierdie tyd (sien Bester 1989:20), didakties-moraliserend van aard. Die skoolmeester op die Heide, mnr Welly, leer die kinders (en by uitstek dus ook die kinderlesers) telkens iets nuut, byvoorbeeld waar mnr. Welly vir die kinders 'n lessie gee in "kruidkunde" terwyl hulle in mev. Holm se tuin speel (sien Nieritz, 1903a:18):

Beskou eers, myn liwe kinders, noukeurig di form fan di blare. Di een blad ferskil fan di ander, selfs di groen kleur is onderskyde fan makaar. Soseul soorte blomme, sofeul bladforme find 'n mens. Wat 'n afwisseling het di Skepper alleen in di groen blade daargestel!

²⁸ *Di skool op di Heide* is oorspronklik in Duits geskryf deur Karl Gustav Nieritz. Die uitgewer, N.H. Marais in Kaapstad, het in 1864 'n Nederlandse vertaling (deur M.W.D. Middelhoven) gedruk. Dit is dus moontlik dat S.J. Du Toit *Di skool op di Heide* uit Nederlands vertaal het, en nie uit die oorspronklike Duits nie.

So leer mnr Welly ook vir die kinders dat lug materie is (sien Nieritz, 1903b:24):

“Wat draag jy daar in die kan?” “Niks ni, mnr Welly,” sê di mysi, “di kan is leeg, ek gaan om water te haal fer di koeie.” “Jy het dit mis kind,” sê meester, “jou kan is ni leeg nie.” Geswind kyk Guido in di kan en sê: “En tog is dit inderdaad so, mnr Welly, dat di kan leeg is.” “Gewis is dit ni so ni,” seg mnr Welly, “as dit leeg was, sou di kan netso gou breek as ’n yerdop as jy met ’n hamer daarop slaan.” “Hoe kan dit wees?” fra Guido ferwonderd?! “Stel jou foor dat ek ’n stuk yster fan 100 pond swaar,” seg meester, “op di kan neerleg, sou dit dan ni in ’n oogwenk breek ni?” “Ja, seker!” antwoord Guido. “Wel,” seg meester, “net so ’n gewig druk nou fan rondom teen di sye fan di kan, en as dit inderdaad leeg is, sal dit dadelik breek fan wege di samenpersing. Wat befat di kan nou?” “Lug, mnr Welly!” antwoord Pauline heel gou.

Vertaalde fabels was ook gewilde leesstof vir kinders in *Ons Klyntji. Di Fabels fan Aesop* verskyn in vervolgverhaalvorm (onder meer in Julie 1905, September 1905, Desember 1905, April 1906 en Mei 1906) en is uit Engels vertaal deur Darius Bendolf. Voorbeelde daarvan is “Di leeu en die muis”, “Di wolf en di lam”, “Di esel en di sprinkhaan”, “Di wolf en di kransfo’el”, “Di fader en sijn seuns”, “Di flermuis en di muishonde”, “Di haan en di edelgesteente”, “Di swaweltji en di kraai”, “Di koninkryk fan di leeu” en “Di rysiger en syn hond” (sien Aesop, 1905a:12-13 en Aesop, 1905b:11-12). ’n Vertaalde fabel van La Fontaine, *Di kraai en di jakhals* uit Frans vertaal deur Lasaticus, verskyn ook (sien La Fontaine, 1905:16).²⁹

In dié tyd, is gewilde Europese kinderverse ook in Afrikaans vertaal. Volgens Fouché (2012:145) was daar twee vertaalde kinderversebundels in sirkulasie voor 1925, naamlik: William Versfeld se *Springbok rympies en stories voor die kinders* (1907) en Tante Kota se *Kinderrympies vir Afrikaanse kinders* (1917), eersgenoemde met vertaalde Moeder Gansrympies, soos “Griet en Pieter” (*Jack and Jill*) en “Oompie Doompie” (*Humpty Dumpty*), terwyl laasgenoemde bestaan het uit verwerkings van meer as 50 gewilde Nederlandse kinderrympies in Afrikaans.

Naas die vertaalde sprokies en fabels wat sporadies in *Ons Klyntji* verskyn het, het ook *Die Brandwag* (1910-1922) literatuur vir kinders geplaas. ’n Afrikaanse weergawe van *Jock of the Bushveld*, naamlik *Bosveld-Jock*, verskyn as ’n vervolgverhaal vanaf 15 Oktober 1911.

²⁹ Eiselen (2005:138) noem dat, volgens Schrecker (1979:96), Pannevis hierdie gedig van La Fontaine uit Frans vertaal het.

Die vertaler word nie genoem nie, maar dit word wel genoem dat die verhaal uit Engels “vrij vertaal en bewerk” is (sien Fitzpatrick, 1911:421-324).

Die kinderrubriek in *Die Brandwag* is behartig deur Mevrou Izak (Hester) van Heerden, oftewel Tannie van die Brandwag. Sy het, met die hulp van medewerkers, soos onder meer Julia Villiers en Alletta Hoog, hoofsaaklik oorspronklike stories en raaisels vir dié rubriek geskryf. Soms is verwerkte en oorvertelde sprokies en kinderverhale uit ander lande ook geplaas, dikwels sonder dat die verwerker of oorverteller genoem word, soos *Kinder-sprokie* op 14 Junie 1910, *Die drie varkies* op 15 Februarie 1911 en *Rooikappie* op 1 April 1912 (sien Van Heerden, 1910b:27-28; Villiers, 1911:580-581; Rooikappie, 1912:716). 'n Reeks verhale uit ander lande verskyn ook onder die titel *Stories van ander lande* (vertaler onbekend) en sluit in *Die dogters van die sterre* (geplaas op 15 Februarie 1912) en *Die skatkamer van die koning* (geplaas op 1 Augustus 1913) (sien *Stories uit ander lande: Die dogters van die sterre*, 1912:614; *Stories van ander lande: Die skatkamer van die koning*, 1913:163-164).

Sommige verhale word glad nie as vertalings of oorvertellings gemeld nie, maar is duidelik nie inheems nie, byvoorbeeld *Die ou gespikkelde wolf* geplaas op 1 Maart 1914, waar die verhaal as volg begin:

Die meeste kinders het al dikwels stories gehoor van die uitgehongerde wolwe in Rusland en hoe gevaarlik hulle is, viral in die winter wanneer alles toe is onder sneeu, en hulle nie kos kan krij om te eet nie. Van één ou russiese wolf wil ik julle nou vertel (*Die ou gespikkelde wolf*, 1914:626-628).

Een van Tannie van die Brandwag se mees gewilde vervolghverhale was *Die kaskenades van klein Duimpie*. Dit klink na 'n vertaling van die Klein Duimpie-verhaal deur die Grimm-broers, maar dit is nie. Hoewel dit geskoei is op die oorspronklike Duitse verhaal, beleef Klein Duimpie in Tannie se weergawe 'n hele spul nuwe avonture in 'n Suid-Afrikaanse milieu, met karakters soos Bosveld Spinnepkop en die Koning van Tokkelosieland. Die Tannie lui die verhaal in deur kortliks te verwys na Duimpie se “oorspronklike” avonture, en noem dat sy vir die kinders nog avonture van Duimpie gaan vertel:

Wie is daar van julle, wat nog nie van Klein Duimpie gehoor't nie? Jij Koos? Nou wie dan? Fransie, Annie, Martjie, Freek? Kom, luister dan maar, en ik sal julle vertel van dié manhaftige klein mannetje! Hij was die oudste van sijn ma haar kinders, maar hij

het nooit groter geworde dan sijn pa s'n duim, daarom het hij dié bijnaam gekrij. Daar is seker maar min kinders wat nog nie gehoor het van Klein Duimpie s'n kaskenades: hoe hij eendag in die skottel gemaalde vlees geval't, en sijn ma hem saam in die wors gestop het; hoe ou Moffie hem eendag ingesluk't en sijn pa verplig was om dié ou koei te slag. En onthou julle nog die grap, hoe Klein Duimpie eendag wou gaan vrij, met 'n hoenderhaan v'r 'n rijpêrd? Nou ja, d'is alles goed, maar wat julle nog nie weet nie, is, dat ik dié mannetje goed ken, dat hij nog lewe en nog net so vol dingetjes is als altijd. Eén daarvan wil ik nou vertel, en als ik verneem dat julle graag meer van hem wil hoor, dan skrijf ik weer so gou als ik tijd krij (Van Heerden, 1910a:26-27).

Tannie van die Brandwag se reeks Duimpie-verhale is geskoei op leengoed uit Europa. Die oorspronklike volksverhaal is uit Duitsland afkomstig, geskryf deur die Grimm-broers. Hierdie verhaal is as basis en ook as inspirasie gebruik vir nuwe verhale waarin dié karakter van Europese herkoms na 'n eg Suid-Afrikaanse leefwêreld verplaas is. 'n Oorvertelling van die Grimm-broers se oorspronklike Klein Duimpie-verhaal word wel in *Die Brandwag* van 1 Desember 1914 geplaas, ingestuur deur 'n intekenaar en getiteld *Die eerste stories van Duimpie* (sien *Die eerste stories van Duimpie*, 1914:405-406).

In *Die Brandwag* van 1 April 1914 verskyn 'n lys boeke wat tot op daardie datum in Afrikaans geskryf en uitgegee is, of oor Afrikaans handel (sien *Boeke in of oor Afrikaans*, 1914:683). In hierdie lys van 83 boeke (waaronder Afrikaanse verhale, gedigte, toneelstukke, enkele vertaalde Bybelboeke en selfs 'n resepteboek) is daar slegs drie kinderboeke: *Di geskiedenis van Jozef voor Afrikaanse kinders en huissouwens in hulle eige taal geskrywe deur een vrind* deur C.P. Hoogenhout, *Dierstories* deur Reynecke en *Di skool op di Heide* deur S.J. du Toit.

Agt jaar later, teen 1922, blyk daar heelwat meer vertaalde Afrikaanse kinderboeke in sirkulasie te wees. In Van Bruggen se *Lektuurvoorsiening vir kinders en jeugdige persone* (1922) verskyn daar 'n lys kinderboeke wat volgens Van Bruggen (1922:59) op skoolbiblioteke se rakke hoort. Dié lys is in twee verdeel: boeke vir kinders onder 14 jaar en boeke vir kinders bo 14 jaar. Vir kinders onder 14 jaar word daar 22 boeke genoem, waarvan 13 vertalings van Europese herkoms blyk te wees: *Hansie en die bessie-kindere*, *Sprokies van H.C. Andersen*, *Sprokies van gebr. Grimm*, *Gulliver in Lilliput*, *Die fabels van Esopus*, *Verhale uit die Arabiese Nagstories*, *Awonture van die swerwer held Don Quixote*, *Aladdin met die wonderlamp*, *Hans en Grietjie*, *Vrou Holle*, *Klein Duimpie*, *Robinson Crusoe* en *Die Robinson Familie*.

Die eerste vertaling op Van Bruggen (1922) se lys, *Hansie en die bessie-kindere*, was die heel eerste kleurprenteboek vir kinders in Afrikaans. Dit is in 1922 deur Van Schaik Uitgewers in Afrikaans gepubliseer en is vertaal deur M.E. Rothmann vanaf die oorspronklike Sweeds deur Elsa Beskow, met die kleurplate van die oorspronklike boek.

Volgens Van Bruggen (1922:48) was lektuurvoorsiening vir kinders in Suid-Afrika gedurende die vroeë twintigste eeu steeds onskiedbaar van die taalkwessie (die stryd tussen Engels, Nederlands en Afrikaans). Van Bruggen (1922:48) skets die Suid-Afrikaanse milieu van dié tyd en sê:

Daar is in die eerste plek die kind wat tuis Afrikaans praat en wat Engels moet aanleer, en dan die kind wat Engels van kinds af hoor en Afrikaans moet aanleer. Die Engelse kinders is gewoonlik gekonsentreer in die stede, die Afrikaanse yl versprei in die distrikte. Die Engelse kind het dadelik, wat lektuur-voorsiening aangaan 'n voorsprong, daar die hele Engelse kinderlektuur vir hom oopstaan. Die Afrikaanse kind moet hom in die eerste plek tevrede stel met die handjie-vol Afrikaanse kinderlektuur, en wag tot hy Engels so goed geleer het dat hy kan profiteer van wat sy Engelse buurmannetjie lees. Die Afrikaanse kind leer egter Hollands gouer as die Engelse kind, en kan van die midde-puberteit af ook voordeel trek van veel van die Nederlandse jeuglektuur. Omdat die Engels-sprekende kinders meestal in die groot dorpe gekonsentreer is, is dit veel makliker hul te voorsien van lektuur as dit die geval is met die plaasskooltjies, wat êrens in die eensaamheid werk aan die opvoeding van die Afrikaans-sprekende jeug.

Van Bruggen (1922:48-50) bekla ook die feit dat skoolbiblioteke op daardie tyd nie veel Afrikaanse boeke gehad het vir kinders om te lees nie en sê “orals word daar gekla oor 'n tekort aan Afrikaanse kinderboeke, wat letterlik stukkend gelees word deur die kinders, en soms in die hele familie die ronde doen”. Hoewel die aantal Afrikaanse kinderboeke dus aan die begin van die twintigste eeu begin toeneem het, het kinders bes moontlik steeds beter toegang gehad tot tydskrifte.

Prominente uitgewers van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur gedurende dié tyd is onder meer Van Schaik Uitgewers en H.A.U.M, met P.A.M. Brink en D.J. Smal as gereelde vertalers.

5.2.3.2 ±1925-1948

Die kinderblad, *Ons Kleintjie*, is vanaf 1925-1931 as 'n byblad van die eerste Afrikaanse vrouetydskrif, *Die Boerevrou* uitgegee, en is behartig deur A.E. Carinus-Holtzhausen (Van

Rensburg & Pretorius, 2012:183).³⁰ Oorspronklike kinderverhale en vervolghverhale is in *Ons Kleintjie* geplaas, tesame met oorvertellings van “die wêreld se bekendste sprokies en legendes”, aldus Bester (2005:153). Hierdie kindertydskrif het ook van kleur gebruik gemaak, hoewel dit beperk is tot een kleur per bladsy (Bester, 2005:153).³¹

Sedert 1925 het die publikasie van kinderboeke in Afrikaans toegeneem. Die meerderheid boeke was verwerkings of oorvertellings van Europese kinderboeke (Van der Walt, 2005a:18) met die klem op sprokies, fabels en klassieke kinderboeke van regoor die wêreld.

Sprokies wat in dié tyd in Afrikaans vertaal is, sluit onder meer in *Rübezahl-sprokies* (1927), *Die water-nooientjie* (1927), *Sasha die slaaf* (1927), *Die jong reus en die snyer* (1927), *Roland en Meiblom* (1927), *Die wit takbokkie* (1927), *Koning Midas* (1928), *Sinbad die seevaarder* (1930), *Sprokies van Hauff* (1931) en *Sprokies van Andersen* (1932).

Klassieke kinderboeke van internasionale herkoms is ook vertaal, onder meer: *'n Gelukkige huisgesin* (1928),³² *Robinson Crusoe* (1929), *Rip van Winkel* (1930), *Gulliver by die reuse* (1931), *Die avonture van Pinokkio* (1937), *Gulliver se reise* (1942), *Oom Tom se pondok* (1944) en *Heidi* (1945).

Klassieke kinderboeke is ook as vertaalde reekse in Afrikaans uitgegee, byvoorbeeld De Bussy se *Boekies vir die kleinspan* en Van Schaik se *Ons leesuurtjie*. *Boekies vir die kleinspan* was ko-produksies in samewerking met 'n Europese uitgewer,³³ en sluit in *Sprokies van H.C. Andersen*, *Die fabels van Esopus vir kinders*, *Verhale uit die Arabiese Nag stories*, *Die awonture van Baron Münchhausen*, *Die hut van outa Tom*, *Gulliver by die reuse*, *Die denneboompie en ander sprokies* en *Sprokies van Hauff*. In die *Awonture van die swerwer-held Don Kwiksot* van hierdie reeks, is die teks verinheems om by die Afrikaanse kind se ervaringswêreld in te pas. Die illustrasies dui aan hoe Don Kwiksot windpompe te perd met sy lans bestorm (sien Le Roux, 1986:7).

³⁰ *Ons Kleintjie* is voorafgegaan deur *Fakkeldraers*, wat as middelblad van *Die Boerevrou* uitgegee is sodat kinders dit kon uithaal en in boekvorm vou (Van Rensburg & Pretorius, 2012:183).

³¹ As gevolg van hierdie navorsing se fokus op vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms, is *Ons Kleintjie* die laaste tydskrif wat hier genoem word. Dié tydskrif het heelwat vertaalde verhale van Europese herkoms vir kinders in Afrikaans geplaas in die tydperk 1925-1931, toe Afrikaanse kinderliteratuur in boekvorm nog min was. Hoewel *Die Kleinspan* (1925-1934) ook gewilde leesstof was vir kinders, word dit, weens die inligtinggewende aard daarvan, nie hier in ag geneem nie. Vir meer inligting oor kindertydskrifte in Afrikaans ná 1930, raadpleeg Bester (1989) en Bester (2005).

³² Oorspronklike titel: *Little Women*, geskryf deur Louisa May Alcott.

³³ Hierdie reeks is vertaal uit Duits, oorspronklik uitgegee deur Deutsche Verlags-Anstalt.

Ons leesuertjie: Van Schaik se kinderboekery se eerste reeks (vir kinders van ses tot agt jaar) bevat *Die wit takbokkie* deur die Grimm-broers, *Die troue hond* deur Bray, *Die skoelapper se partytjie* (outeur onbekend) en *Roland en Meiblom*, ook deur die Grimm-broers. Die tweede reeks (vir kinders van nege tot tien jaar) bevat *Wollie en Donsie* deur Geraldine Mockler, *Willie Swart* (outeur onbekend), *Die jong reus en die snyer* deur die Grimm-broers en *Die skippie* deur A.B. Romney. Die derde reeks (vir kinders van tien tot 12 jaar) bevat *Die koning van Goudrivier* deur John Ruskin, *Die towerpaleis* deur Nathaniel Hawthorne, *Doen jou plig* deur G.A. Henty en *Die leuningstoel* deur Mary T. M’Kenna. Die vyfde reeks (vir kinders van 12 tot 14 jaar) bevat *Manco, die hoofman* deur Kingston, *Die twee prisoniers* deur G.A. Henty, *Die koraaleiland* deur R.M. Ballantyne en *Die rooihuid* deur G.A. Henty. Die sesde reeks (vir kinders van 12 tot 16 jaar) bevat *Sendingreise* deur David Livingstone, *Sydney Carton* deur Charles Dickens, *Silas Marner* deur George Eliot en *Neerlaag van generaal Braddock* deur William Makepeace Thackeray. Al die verhale is deur A.E. Carinus vertaal.

Ook van Beatrix Potter se klassieke diereverhale is deur A.E. Carinus in Afrikaans vertaal, onder meer *Die verhaal van Bennie Blinkblaar* (1935), *Die verhaal van die Flopsie-familie* (1935) en *Die verhaal van Mevrouw Piekfyn* (1935).

Die talle vertalings van kinderboeke van internasionale herkoms gedurende dié tyd word dikwels beskryf as van swak gehalte. Van Bruggen (1922:58) sê: “Soms dra die werkies selfs die spore van ’n al te haastige uitvoering.” Eiselen (2005:139) meld ook dat min aandag gegee is aan die tegniese versorging van kinderboeke omdat “die gedagte dat enigiets goed is solank dit in Afrikaans is” geheers het sedert die Tweede Taalbeweging van 1905. Desondanks, het hierdie vertalings volgens Eiselen (2005:138) daartoe bygedra om Afrikaans as skryf- en leestaal uit te bou en te help vestig.

Prominente uitgewers op die gebied van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur in dié tyd is onder meer Van Schaik Uitgewers, Nasionale Pers, De Bussy en HAUM met onder meer A.E. Carinus, Tannie van die Brandwag, P.A.M. Brink en D.J. Smal as gereelde vertalers.

5.2.3.3 ±1948-1990

Sedert die 1950’s het vertalings in kwaliteit, maar veral ook in kwantiteit begin toeneem. Van der Walt (2005b:163) verwys na vertalings sedert die 1950’s as “die vertaling van die wêreld

se beste kinderboeke in Afrikaans". Casanova (2010:299) meen vertaling is 'n vorm van oordrag van literêre kapitaal (sien afdeling 5.4),³⁴ en gedurende hierdie tyd het vertalings van internasionale herkoms 'n groot bydrae gelewer om kinderliteratuur in Afrikaans as 'n aparte kunsgenre te help vestig. Schrecker (1979:96) maak die volgende uitlating oor vertalings in die 1950's:

Daar is ook op steeds groter skaal gebruik gemaak van vertalings en op die huidige tydskop het die Afrikaanse kind 'n groot persentasie van die wêreld se beste kinderboeke tot sy beskikking. Die vertaling van boeke op groot skaal het tot gevolg gehad dat daar by skrywers en uitgewers die besef ontstaan het dat kinderliteratuur 'n aparte kunsgenre is en die kinderboek het vir die eerste keer status verkry.

Volgens Lohann (1972:61) en Töttemeyer (1992:4) het die talle vertalings van internasionale herkoms in dié tyd ook gehelp om Afrikaanse kinders van leesstof te voorsien omdat inheemse Afrikaanse kinderlektuur nie voldoende was nie. Soos Lohann (1972:198) dit stel:

In Suid-Afrika vul vertaalde kinderboeke 'n groot leemte. Ons klein bevolking lewer min goeie kinderboekskrywers op, en die omset is in ons eie land beperk. Dit bring hoë produksiekoste mee. In die buiteland is daar geen noemenswaardige omset van Afrikaanse kinderboeke nie. Die gevolg is dat min Afrikaanse kinderboeke gepubliseer word. 'n Groot aantal vertaalde kinderboeke is dus nodig om ons eie kinderlektuur aan te vul.

Om in Afrikaanse kinders se leesbehoefte te voorsien, is 'n hele aantal reekse vertaal, onder meer die *Libri*-reeks (1954-1964) deur J.L. van Schaik Uitgewers. Dit is 'n reeks vertaalde klassieke jeuglektuur wat ongeveer 40 titels beslaan, en sodoende 'n groot leemte gevul het in Afrikaanse leesstof vir kinders (Eiselen, 2005:140). Dit sluit onder meer in *Die wiel op die skool* deur Meindert de Jongh vertaal deur E.H. Hoekstra, *Robinson Crusoe* deur Daniel Defoe vertaal deur G.R. von Wielligh, *Sewe jaar in Tibet* deur Heinrich Harrer vertaal deur J.J. Human, *Die muitery op die Bounty* deur Charles Noordhoff vertaal deur Leon Rousseau, en *20 000 myl onder die see* van Jules Verne vertaal deur Bep Rompel.

Ook die Central News Agency (CNA) se *Ladybird*-reeks wat sedert 1950 in Afrikaans vertaal en gepubliseer is, moet hier in ag geneem word. Dié boekies is, aldus Eiselen (2005:140),

³⁴ Casanova (2010:294) meen ook dat 'n groot aantal vertalings in 'n nasionale literêre veld onderneem kan word wanneer dié veld moet opmaak vir "literêre tyd" omdat dit later as ander tale tot die internasionale literêre veld toegetree het. Dit is moontlik, buiten die invoer van kulturele kapitaal, nog 'n rede vir die groot aantal vertalings van internasionale herkoms in Afrikaans gedurende hierdie tyd.

“kleurvol, goed geïllustreer, van goeie kwaliteit, bekostigbaar en maak voorsiening vir alle ouderdomsgroepe”.

Tafelberg Uitgewers het in 1959 twee vertaalde reekse vir kinders begin publiseer, naamlik *Klein kadette* (vir lesers ouer as agt) en *Kadette* (vir lesers ouer as 11) (Eiselen, 2005:140). Voorbeelde van titels in die *Klein kadette*-reeks is: *Die Eseltjie Grisella* (1961) uit H.M. Denneborg se oorspronklike Duits vertaal deur Santie Grosskopf, *Tina se swart kat* (1961) uit H.M. Denneborg se oorspronklike Duits vertaal deur Leo van der Westhuijzen, *Die geheime reis* (1961) uit Harry Kullman se oorspronklike Sweeds vertaal deur Willem en Vaj Gravett, *Die wildeperd Balthasar* (1962) uit H.M. Denneborg se oorspronklike Duits vertaal deur Santie Grosskopf, *Die rooi rower* (1961) uit Ursula Wolfel se oorspronklike Duits vertaal deur S. Vivier, *Die walvisjagtertjie* (1961) uit Peter Freuchen se oorspronklike Amerikaanse Engels vertaal deur Gawie Theron en *Die heksie en die kraai* (1962) uit Otfried Preussler se oorspronklike Duits vertaal deur Piet Muller. Hierdie vertaalde reekse het volgens Van der Walt (2005a:22) “die skepping van steeds hoër kwaliteit oorspronklike Afrikaanse kinderboeke, sowel as die leeslus van Afrikaanssprekendes, bevorder”.

Ook Enid Blyton se *Noddy*-karakter is in die 1950's uit Engels in Afrikaans vertaal as Knikkie, in onder meer *Knikkie se avontuur* (1957), *Knikkie en Stompie* (1957), *Knikkie en die toetels* (1957) en *Jy's 'n goeie maat, Knikkie!* (1957).

Die middel van die 1960's tot die middel van die 1980's word as 'n bloeitydperk beskou vir vertaalde Afrikaanse kinderboeke van 'n hoë gehalte. Hierdie vertalings het die aantal oorspronklike Afrikaanse kinderboeke oorskry (Eiselen, 2005:140; Schrecker, 1979:97). In dié tyd is gevestigde Afrikaanse skrywers dikwels as vertalers vir kinderboeke gebruik, soos Alba Bouwer, Freda Linde, Elsabé Steenberg, W.O. Kühne, Pieter W. Grobbelaar, D.J. Opperman, W.E.G. Louw, Jan Rabie, Ingrid Jonker en André P. Brink. Ander prominente vertalers sluit in Linda Rode, Helene de Villiers, Nerina Ferreira, Lydia Pienaar, Marié Opperman, Leon Rousseau en E.P. du Plessis.

Klassieke kinderboeke was steeds 'n populêre genre vir vertaling vir kinders in Afrikaans in die 1960's, 1970's en 1980's. 'n Paar van die klassieke kinderboeke wat in dié tyd vertaal is, is onder meer *Die avonture van Tom Sawyer* (1960) vertaal deur André Rousseau, *Somer by Ouma* (1961) vertaal deur Willem en Vaj Gravett, *Die vindingryke Don Quijote de la Mancha* (1966) vertaal deur A.P. Brink, *Alice se avonture in Wonderland* (1965) vertaal deur

A.P. Brink, *Koning Babar* (1966) vertaal deur A.P. Brink, *Dokter Dolittle en sy diere* (1967) vertaal deur Pieter W. Grobbelaar, *Mary Poppins in Kersieboomlaan* (1967) vertaal deur A.P. Brink, *Die leeu, die heks en die hangkas: 'n Storie vir kinders* (1967) vertaal deur Helene de Villiers, *Die towenaar se neef* (1968) vertaal deur A.P. Brink, *Alice deur die spieël* (1968) vertaal deur A.P. Brink, *Die verhaal van Tom Sawyer* (1968) vertaal deur Hettie Crous en *Die verhaal van Heidie* (1969) vertaal deur Hettie Crous, *Die ongelooflike towenaar van Oz* (1970) vertaal deur Pieter W. Grobbelaar, *Pippie Langkous* (1972) vertaal deur Nerina Ferreira, *Wildekanisland* (1973) vertaal deur Leo van der Westhuyzen, *Die kat kom weer* (1973) vertaal deur Leon Rousseau, *Die Loraks* (1973) vertaal deur Leon Rousseau, *Die wind in die wilgers* (1974) vertaal deur A.P. Brink, *Black Beauty* (1979) vertaal deur Ulrice Schiller, *Charlotte se web* (1980) vertaal deur Leon Rousseau en *Winnie-die-Poeh* (1985) vertaal deur Alba Bouwer.

Talle rympieboeke is ook vertaal, soos *Willie Rympies* (1971) vertaal deur E.P. du Plessis, *My sustertjie is twaalf voet hoog: Lawwe stories, rympies en raaisels uit baie lande* (1973) vertaal deur Leon en Winnie Rousseau, *Hoog omhoog, krom geboog: Tradisionele Russiese liedjies en rympies* (1975) vertaal deur E.P. du Plessis, *Dieremaniere: Vrolike rympies oor goeie maniere* (1976) vertaal deur D.J. Opperman en ander, *Reënboogrympies* (1976) vertaal deur E.P. du Plessis met enkele berymings deur Leon Rousseau en *Rympies van Moeder Gans* (1976), *Kaatjie Kalbas en ander rympies vir kinders* (1976), *Koning seekoei en ander rympies vir kinders* (1976), *Slaap kindjie slaap en ander rympies* (1976) almal vertaal deur D.J. Opperman en ander.

'n Stortvloed sprokies en fabels het in die tydperk tussen die 1960's en 1980's verskyn. 'n Paar hiervan is onder meer: *Die mooiste verhale van die Arabiese Nagte* (1966) vertaal deur A.P. Brink, *Rooikappie* (1968) vertaal deur Hester Waher, *Doringrosie: 'n Sprokie van die broers Grimm* vertaal deur Ria Jansen van Rensburg (1968), *Raponsie: 'n Sprokie van die broers Grimm* vertaal deur Ria Jansen van Rensburg (1968), *Die gelukkige prins en ander sprokies* (1969) vertaal deur A.P. Brink, *Die mooiste sprokies van Grimm* (1969) vertaal deur Helene de Villiers, *Fabels van Aesopus* (1970) vertaal deur Toni Field, *Moedertjie Lindeboom: 'n Sprokie uit Rusland* (1971) vertaal deur E.P. du Plessis, *Varenka: 'n Russiese sprokie* (1971) vertaal deur Hester Waher, *'n Ou sprokie* (1971) vertaal deur Lydia Pienaar, *Die groot sprokie-omnibus* (1972) vertaal deur Len Strydom, *Die vet kat: 'n Deense sprokie* (1972) vertaal deur Leon Rousseau, *Die Geluksvoël: 'n Tsjeggiese sprokie* (1973) vertaal deur Anna Minnaar-Vos, *Doringrosie* (1975) vertaal deur Pieter Claassens, *Fabels van la*

Fontaine (1975) vertaal deur E.P. du Plessis, *'n Pootvol vere: 'n Verhaal gebaseer op 'n fabel van Esopus* (1976) vertaal deur Anneke van Niekerk, *Hansie en Grietjie* (1979) vertaal deur Helene de Villiers, *Repelsteeltjie: 'n Storie deur die Grimm-broers* (1979) vertaal deur Petrus Lessing, *Jan en die boontjierank* (1979) vertaal deur Lydia Pienaar, *Die drie varkies* (1980) vertaal deur Lydia Pienaar, *Sneeuwitjie en Rooirosie* (1980) vertaal deur Elsabé Steenberg, *Twintig fabels van Aesopus* (1980) vertaal deur Leon Rousseau, *Fabels* (1981) vertaal deur Louise Steyn, *Fabels oud en nuut* (1981) vertaal deur Jean van Velden, *Die standvastige bliksoodaat* (1982) vertaal deur Freda Linde, *Duimelise* (1982) vertaal deur Freda Linde, *Aspoestertjie: 'n Sprokie van die Grimm-broers* (1982) vertaal deur Linda Rode, *Klein Duimpie* (1983) vertaal deur A.P. Brink, *Die volledige sprokies van Grimm* (1984) vertaal deur Marita van der Vyfer en *Die gans wat die goue eier gelê het* (1986) vertaal deur Annelie Ferreira.³⁵

Volgens Eiselen (2005:141) is daar in dié tyd gereeld van ko-produksies gebruik gemaak om vertalings koste-effektief in Afrikaans te publiseer. Human & Rousseau se *Storieman*-reeks (30 volkleurboeke met oudiokasette) is byvoorbeeld 'n mengsel van inheemse tekste en vertaalde tekste vanaf die oorspronklike Europese uitgewer. *Storieman Deel 4* se inhoud sien byvoorbeeld as volg daaruit: *Rachelkje de Beer*, *Gobolino die kombuiskat*, *Die prinses en die ertjie*, *Gouelokkies*, *Die mier en die sprinkaan*, *Die tamaai groot harige bogman*, *Narana se vreemde reis*, *Hansie en Grietjie sing*.

Volgens Eiselen (2005:139) het vertaalde kinderboeke van internasionale herkoms gehelp om kinder- en jeuglektuur in Afrikaans as 'n selfstandige en volwaardige genre te help vestig. Hoewel daar nie in dié tyd 'n literêre toekenning vir vertaalde kinder- en jeugliteratuur in Afrikaans was nie (die Elsabé Steenberg-prys vir Vertaalde Kinder- en Jeugliteratuur in Afrikaans word sedert 2008 toegeken), is verskeie vertalings deur die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging (SABV) eervol vermeld vir die C.P. Hoogenhout-toekenning, en die meerderheid van hierdie vertalings is uitgegee deur Tafelberg Uitgewers, onder meer: *Pieter en die wolf* (1958) van Sergey Prokofiëf, vertaal deur Alba Boucher uit Duits, *Kasper se wêreldreis* (1960) van Marlene Reidel, vertaal deur W.E.G. en Rosa Louw uit Duits, *Die drie rowers* (1961) deur Tomi Ungerer, vertaal deur P.J. Cillié uit Engels, *Somer by Ouma* (1961) van Edith Unnerstad, vertaal deur Willem en Vaj Gravett uit Sweeds, *Angélique* (1961) deur Janice Angélique, vertaal deur P.J. Cillié uit Frans, *Die mallemeule* (1961) deur Lisa-Marie

³⁵ Daar is nog vele, vele meer. Nie alles kan hier genoem word nie.

Blum, vertaal deur Santie Grosskopf uit Duits, *Die eseltjie Grisella* (1961) deur H.M. Denneborg, vertaal deur Santie Grosskopf uit Duits, *Die dogtertjie van êrens* (1961) deur Hertha von Gebhardt, vertaal deur Alba Bouwer uit Duits, *Jan en die wildeperd* (1961) deur H.M. Denneborg, vertaal deur Santie Grosskopf uit Duits, en *Peppie se hoed* (1961) deur Ali Mitgusch, vertaal deur Alba Bouwer uit Duits en *Die geheime reis* (1961) vertaal deur Willem en Vaj Gravett. *Die koei wat in die water geval het* (s.a.) is deur Phyllis Krasilovsky uit Engels vertaal en is uitgegee deur HAUM.³⁶

Prominente uitgewers van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur vir die tydperk is onder meer Daan Retief Uitgewers, Van Schaik Uitgewers, Nasionale Boekhandel, Kinderpers, Malherbe, Qualitas, HAUM, Tafelberg Uitgewers en Human & Rousseau.

Sedert die 1980's het vertalings van internasionale herkoms afgeneem en die oor-en-weer-vertaling van plaaslike kinderboeke was 'n merkbare tendens. Dit is enersyds moontlik te wyte aan die internasionale boikot as gevolg van apartheid, en andersyds omdat die erkenning van Suid-Afrika se multikulturele bevolking 'n prioriteit geword het (Eiselen, 2005:141).

Ten spyte van die toename in plaaslike vertalings, het dr. H.J.M. Retief (toe hoofuitgewer by Daan Retief Uitgewers) in 1990 gesê dat die uitgewer van Afrikaanse kinderboeke steeds genoop is om vertalings van internasionale kinderliteratuur na Afrikaans te onderneem ten einde die aantal beskikbare kinderboeke in Afrikaans aan te vul (Retief, 1990:37).

Hoewel vertalings van internasionale herkoms dus in die veld van Afrikaanse literatuur teen 1990 die botoon gevoer het, was uitgewers van Afrikaanse kinderboeke positief oor die rol van vertalings in dié veld.

Schrecker (1979:97) het vertalings beskou as “'n positiewe invloed” wat 'n doel gedien het as “aansporing vir ons eie skrywers” en ook Retief (1990:37) was van mening dat vertalings voordele inhou, naamlik “dat die kind in aanraking kom met goeie wêreldliteratuur, hetsy

³⁶ In 1986 word die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die eerste keer aan 'n uitgewer oorhandig in plaas van aan 'n persoon, naamlik aan Tafelberg Uitgewers vir die samestelling en publikasie van *Goue lint, my storie begint* (1985). Kruger (1991:99) maak die volgende uitspraak: “Hoewel Tafelberg-Uitgewers hierdie toekenning ontvang het op grond van hierdie enkele publikasie, is dit nietemin opvallend hoeveel van die bekroonde boeke oor die jare heen juis deur Tafelberg-Uitgewers uitgegee is. Al was dit dan nie die bedoeling met die toekenning om erkenning aan Tafelberg-Uitgewers te verleen vir sy bydrae tot die bevordering van die goeie Afrikaanse kleuter-, kinder- en jeugboek nie, is dit nietemin gepas dat hierdie uitgewer vandag sy plek inneem in die ry van bekroondes.”

Engels, Duits, Frans, Spaans ens. en die vertaalde werk word dan ook deel van ons Afrikaanse kinderlektuurskat”.

Dit blyk dat vertaalde kinderliteratuur van internasionale herkoms ’n beduidende rol gespeel het, nie net in die vroeë ontwikkeling en in die totstandkoming van ’n veld van Afrikaanse kinderliteratuur nie, maar ook in die volgehoue ondersteuning daarvan.

Hoewel vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur tot dusver beskou is as ’n posisie-inname naas al die ander posisies wat in die veld van Afrikaanse kinderliteratuur beskikbaar is, blyk dit uit hierdie oorsig dat vertalings van internasionale herkoms as ’n subveld van Afrikaanse kinderliteratuur bestudeer kan word.³⁷ Die idee van ’n subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms sal vervolgens aandag geniet.

5.2.4 Die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms

Aangesien die veld van Afrikaanse kinderliteratuur nader aan die kommersiële pool van die veld van kulturele produksie geleë is, is die strewe na ekonomiese kapitaal in dié veld primêr (sien afdeling 5.2.1). Die heteronomieit van die veld van Afrikaanse kinderliteratuur veroorsaak ook dat dit in ’n groot mate deur omliggende kulturele velde beïnvloed word.³⁸

Dit volg dus dat die strewe na ekonomiese kapitaal en die invloed van omliggende kulturele velde op die veld van Afrikaanse kinderliteratuur moontlik ook geld in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms (nadere ondersoek word ingestel in afdeling 6.2).

Wat die invloed van omliggende kulturele velde op die veld van kinderliteratuur betref, lewer rolspelers in die veld van kinderliteratuur in Amerika veral uitspraak oor die invloed van die die sogenaamde “entertainment industry” (sien byvoorbeeld Mackey, 2011; Zipes, 2001). Zipes (2001) meen die invloed van die vermaakindustrie in Amerika lei tot die

³⁷ Hoewel vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms allermens as ’n outonome veld buite die veld van Afrikaanse kinderliteratuur optree, word dit wel vir hierdie studie nuttig geag om vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms as ’n subveld van die veld van Afrikaanse kinderliteratuur te beskou ten einde die navorsingsgebied vir hierdie studie af te baken.

³⁸ Terwyl die subveld van beperkte produksie relatief outonoom funksioneer, is die subveld van grootskaalse produksie (waarvan Afrikaanse kinderliteratuur deel uitmaak) relatief heteronoom (sien afdeling 5.2).

hipperkommersialisering van Amerikaanse kinderboeke, en dat dit die kinderboek as't ware in 'n kommoditeit verander.

Ook Engelhardt (in Zipes, 2001:7) sê die vermaakindustrie in Amerika is besig om die konsep van “kindwees” (*childhood*) in Amerika drasties te verander.

For even the youngest readers, the “book” has, in a sense, been freed from the page and can now be encountered in an almost unending variety of audio, video, play and fashion formats. In the same sense, the habits of reading, listening, viewing, playing, dressing, and buying have come more and more to resemble one another. That children, culture and commercialism have long been wedded is undeniable. After all, John Newbery, the eighteenth-century publisher who first grasped the existence of a children’s book market, worked his patent medicines right into his books. In *The History of Goody Twoshoes*, the heroine’s father actually dies for lack of Newbery’s “fever powder”. Nonetheless, past commercial book ventures for children – even those of a few decades ago – seem quaint and limited, matters of momentary opportunism, when set against the ongoing rhythms of the present entertainment environment, which involves not just the blurring of bookish boundaries but the changing nature of childhood.

Die invloed van die vermaakindustrie op die veld van Amerikaanse kinderliteratuur is vir hierdie studie belangrik, aangesien 'n groot aantal kinderboeke uit Amerikaanse Engels in Afrikaans vertaal word (sien byvoorbeeld Hugo, 2004:12).

5.3 Die habitus van die uitgewer

If one takes into account that publishers select the books (translations and non-translations) to be published, it becomes obvious that there is a need to emphasize the role played by the publisher in translation (Alvstad, 2003:268).

Ondersoek na die rol van agente in sosiale prosesse is van deurslaggewende belang in 'n sosiologiese benadering tot vertaling. Aangesien hierdie studie gemoeid is met 'n ondersoek na die seleksieproses van kinderliteratuur vir vertaling, staan die rol van die uitgewer van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur, asook die kinderboekuitgewer wat verantwoordelik is vir die seleksie van tekste vir vertaling, sentraal.

Bourdieu gebruik spel-teorie (*game theory*) wanneer hy verwys na die aktiwiteite in 'n kulturele veld en na analogie daarvan, word die habitus van die uitgewer verstaan as 'n *sens pratique* wat die uitgewer lei om te kies “vóór deze titel, met voorbijgaan aan allerlei anderen” (aldus De Glas, 1992:292-293). Hillier en Rooksby (2005:23) verduidelik dit as volg:

To be successful in a game situation requires not just understanding and following the rules, but having a sense of the game. It requires constant awareness of and responsiveness to the play of all the actors involved. It requires assessment of one's own team-mate/s resources, strengths and weaknesses and also those of the opponent/s. It requires improvisation and flexibility and above all, it requires use of anticipation as to what one's team-mate/s and one's opponent/s will do.

Volgens Bourdieu (1993) se voorgestelde wisselwerking tussen 'n agent se habitus en die objektiewe strukture wat in die veld werksaam is, betree elke agent 'n veld wat met sy of haar habitus ooreenstem. Johnson (1993:8) stel dit as volg:

To enter a field (the philosophical field, the scientific field, etc.), to play the game, one must possess the habitus which predisposes one to enter that field, that game, and not another. One must also possess at least the minimum amount of knowledge, or skill, or “talent” to be accepted as a legitimate player. Entering the game, furthermore, means attempting to use that knowledge, or skill, or “talent” in the most advantageous way possible. It means, in short, “investing” one's (academic, cultural, symbolic) capital in such a way as to derive maximum benefit or “profit” from participation.


Volgens Bourdieu (1993:165) is daar dus 'n ooreenkoms tussen die habitus van 'n agent en dié van die institusie waar hy of sy werksaam is, want: “Significantly, all statistical inquiries show that the social properties of agents, thus their dispositions, correspond to the social properties of the position they occupy.” Bourdieu (1993:96) verduidelik dit ook aan die hand van 'n voorbeeld in die veld van joernalistiek, en sê:

[A] good *Figaro* editor, who has chosen himself and been chosen through the same mechanisms, chooses a *Figaro* literary critic because “he has the right tone for speaking to the readers of the paper”, because, without having deliberately tried, “he naturally speaks the language of *Le Figaro*, and is the paper's ‘ideal reader’”.

Daarom kies 'n kinderboekuitgewer boeke vir publikasie wat in ooreenstemming is met die institusionele habitus van die uitgewer as instansie: die kinderboekuitgewer praat as't ware

die uitgewer se “taal” en kies boeke wat die instansie se posisie in die literêre veld sal behou of versterk. In hierdie studie word daar ondersoek ingestel na die habitus van die uitgewer as instansie in die literêre veld. Die dialektiese wisselwerking tussen die literêre veld en die habitus van die uitgewer beteken dat ’n institusionele habitus die kinderboekuitgewer se keuse vir die seleksie van kinderboeke vir vertaling beïnvloed, boeke wat weer deel word van die veld van Afrikaanse kinderliteratuur en as sodanig, weer die habitus van die kinderboekuitgewer sowel as dié van die uitgewer as literêre instansie beïnvloed en struktureer.

Elke keuse wat ’n kinderboekuitgewer maak, verklap indirek die posisie waarvoor die uitgewer as ’n instansie in die literêre veld wedywer. Uitgewers behou of verander hulle posisie in die veld met elke keuse wat vir publikasie uitgeoefen word. Bourdieu se opvatting kan in ’n grafiese voorstelling as volg uiteengesit word:



Figuur 9. Bourdieu se metodologie (soos aangepas uit Harker, 1990:101).³⁹

Daarom is die habitus van die uitgewer waarneembaar in die vorm van die strategieë waartoe dit in die praktyk aanleiding gee. Johnson (1993:17) verduidelik strategie as ’n produk van die habitus, en sê:

As a product of the habitus, strategy is not based on conscious calculation but rather results from unconscious dispositions towards practice. It depends both on the position the agent occupies in the field and on what Bourdieu calls the state of the “legitimate problematic” – the issues or questions over which confrontation takes place, which constitute the stakes of the struggle in the field and which orient the search for solutions.

³⁹ Historiese konteks word nie in hierdie voorstelling apart uitgebeeld nie – dit word beskou as “gefiltreer” deur die habitus, want die habitus word beïnvloed deur historiese konteks en dit het weer ’n invloed op praktyk (sien Harker, 1990:101-102). Dit beteken dat die keuses wat uitgewers oor ’n bepaalde tydperk uitoefen, veranderinge in die historiese konteks sal weerspieël deur middel van die keuses wat daar gemaak is. Op dié manier voorsien Bourdieu ’n basis vir ’n teorie van praktyk wat sowel menslike agentskap as sosiale verandering in ag neem (Harker, 1990:102).

Op dié manier manifesteer die kinderboekuitgewer se habitus as 'n soort "flair" vir die ontdekking van nuwe titels vir publikasie. Soos Bourdieu (1993:134) dit stel:

The publisher's image of his "vocation" combines the aesthetic relativism of the discoverer, conscious of having no other principle than that of defiance of all canonical principles, with the most complete faith in an absolute kind of "flair". This ultimate and often indefinable principle behind his choices finds itself continually strengthened and confirmed by his perception of the selective choices of authors and by the representations authors, critics, the public and other publishers have of his function within the division of intellectual labour.

Dit volg dus dat, ten einde die habitus van die uitgewer as instansie te probeer peil, uitgewers se publikasie-strategieë en die posisies waarna hulle in 'n literêre veld streef, nagevors moet word. Hoewel uitgewers in die literêre veld verspreid posisies inneem, is Bourdieu (1993:97) van mening dat uitgewers van literêre tekste daarna streef om óf nader aan die simboliese óf nader aan die ekonomiese pool van die veld posisies in te neem.

Bourdieu (1993:97) meen uitgewers lê nader aan die ekonomiese of kommersiële pool van die literêre veld indien die tekste wat hulle publiseer aan 'n voorafbestaande aanvraag voorsien. In dié lae-risiko-publikasie-strategie word boeke met 'n korter produksiesiklus en relatief vinnige opbrengste vir publikasie gekies, en dit kan as 'n soort ekonomiese belegging beskou word. Hierdie strategie plaas klem op ekonomiese kapitaal. Hierteenoor lê uitgewers nader aan die simboliese pool van die literêre veld indien die tekste wat hulle publiseer nie 'n voorafbepaalde mark het nie. In dié hoë-risiko-publikasie-strategie word boeke met 'n langer produksiesiklus en relatief stadige opbrengs vir publikasie gekies, en dit kan as 'n soort kulturele belegging beskou word. Dié strategie plaas klem op kulturele kapitaal, wat moontlik later vir die uitgewer tot simboliese kapitaal (asook ekonomiese kapitaal) kan lei.

Die habitus van die uitgewer as 'n literêre instansie word in hierdie studie ondersoek deur te kyk na die vorm wat kinderboekuitgewers se seleksie-strategieë in die praktyk aanneem. Dit word gedoen deur ondersoek in te stel na die kinderboeke van internasionale herkoms wat geselekteer is vir vertaling in Afrikaans vir die tydperk 1990-2018 (sien afdeling 6.2.2). Soos Sapiro (2008:158) dit stel:

Studying books in translation requires us to shift the focus from the national to the international book market, in which the former is increasingly embedded as globalization proceeds. This international market has its own structure, one that partly determines the processes of buying or selling rights, and these transactions must also be analyzed in the light of publishers' strategies and their lists: what are publishers' criteria for selecting books to be translated? What is the balance between economic and symbolic criteria? How are different languages represented in the lists? From a methodological standpoint, this implies working on a database of books.

Ten einde die inventarisering te versterk, is die prominentste uitgewers geïdentifiseer wat vir die tydperk 2010-2018 aktief 'n rol gespeel het in die publikasie van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms. Kinderboekuitgewers by hierdie instansies is genader vir semigestruktureerde onderhoud, waarin uitgewers uitgevra is oor hulle seleksiestrategieë, die rol van die sogenaamde "uitgewersneus" en die redes waarom sekere boeke vir vertaling in Afrikaans gekies word en ander nie.

5.4 Vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur en die internasionale veld van mag: Vertaalstrome, dominansie en taal as kulturele kapitaal

Volgens Casanova (2010:287), fokus vertaalstudie gewoonlik net op een verhouding, naamlik die oordrag van 'n teks uit een taal in 'n ander, en word die vertaling van literêre tekste algemeen aanvaar as 'n neutrale, liniêre en simmetriese proses wat tussen twee gelyke tale plaasvind. Hierdeur word die magspel tussen tale in die vertaalproses misken. Sy maak hieroor die volgende uitlating:

Literary translation is normally defined as the movement of a text from one language into another in an equal linguistic exchange. This operation is supposed to be neutral and symmetrical; it is conceived as linear and "horizontal" transfer. Comparative literary studies in its most traditional form presupposes closed national fields which are synchronous, of equal power and with no real relation apart from the visible interaction of the exchange of translations. In exactly the same way, literary translation, (pre)conceived as a "simple" operation of transfer, presupposes the existence of national languages which are equal and juxtaposed. This monadic representation of national languages, which can be deduced in part from the incorporation of intra-national divisions, leads to a vision of translation as a simple matter of conveying texts from one national literary field to another.

Die vertaalproses oor nasionale grense heen is egter nóg gelyk nóg eenvoudig. Dit word gekenmerk deur 'n magswanbalans tussen tale en kulture en hierdie wanbalans beïnvloed die aantal vertalings wat onderneem word, en uit watter tale. Soos Prunč (2007:44) dit stel:

The power balance between interacting cultures determines how much is being translated and also the preferred translation flows ... Seen from the perspective of the more prestigious cultures, it can be said that the greater the power imbalance between two cultures, the smaller the number of texts that are translated into the language of the more prestigious culture. Hegemonic and prestigious cultures, on the other hand, are reluctant to invest in translation because they believe in the dominance of their culture and expect the weaker cultures will undertake translations if they want access to information and cultural goods.

Ten einde hierdie magspel te ondersoek, veronderstel Heilbron (2010:308) uit 'n sisteemteoretiese perspektief die idee van 'n wêreldsisteem wat op 'n sentrum-periferie-model gegrond is. Om die rol van vertalings te probeer peil, word die posisie geanaliseer wat tale of taalgroepe in die wêreldsisteem inneem. Die internasionale sisteem van vertalings word dan as volg gedefinieer:

The international translation system is, first and foremost, a hierarchical structure, with central, semi-peripheral and peripheral languages. Using a simple definition of centrality, one can say that a language is more central in the world-system of translation when it has a large share in the total number of translated books worldwide (Heilbron, 2010:309).

Volgens Heilbron (2010:311, 314) beweeg die vertaalvloeï in die wêreldsisteem meestal vanuit die sentrum na die periferie, en minder dikwels uit die periferie na die sentrum. Kommunikasie tussen perifere tale geskied ook dikwels deur middel van die sentrum (in die vorm van indirekte vertaling), en hoe meer sentraal 'n taal in die wêreldsisteem is, hoe minder vertalings word in daardie taal onderneem, terwyl hoe meer perifere 'n taal is, hoe meer vertalings in daardie taal onderneem word (Heilbron, 2010:311, 314).⁴⁰

Soortgelyke magverhoudings word deur Casanova (2010) veronderstel in 'n oorsig van die internasionale literêre veld. Waar Heilbron (2010) steun op sisteemteorie, gebruik Casanova (2010) 'n sosiologiese invalshoek met die klem op Bourdieu se konsep van kapitaal, in die

⁴⁰ Op dié manier daag Heilbron (2010:314) Even-Zohar (1978a:24-25; 1990c:47-48; 2000:193-194) se postulaat uit dat vertalings gewoonlik 'n perifere posisie in 'n literêre sisteem inneem, want die rol van vertalings kan verskil op grond van die posisies wat tale onderskeidelik in die wêreldsisteem inneem.

vorm van literêre kapitaal. Literêre kapitaal word beskou as die hoeveelheid prestige waaroor 'n taal beskik op grond van die literêre waarde wat daaraan geheg word, byvoorbeeld in die invloed van 'n taal se digkuns of die aansien van literêre genres wat in 'n taal ontwikkel is, asook hoe oud 'n taal is. Op dié manier neem tale hiërargies posisies in op grond van hulle beskikbare literêre kapitaal in die internasionale literêre veld. Casanova (2010:288) beskryf die struktuur van die internasionale literêre veld en sê:

The international literary field is organized according to the opposition between, on the one hand, at the autonomous pole, the literary fields which are the most endowed with capital, and on the other hand, the most deprived national fields or emergent fields which are usually dependent on national political authorities. There is a structural homology between each national field and the international literary field: the national fields are also structured according to the opposition between an autonomous cosmopolitan pole and a heteronomous national and political pole. The opposition is seen in the rivalry between "international" and "national" writers. The position of each national field in the world structure depends on its proximity to one of the two poles, that is, on its volume of capital. The world literary universe can therefore be represented as an entity formed of the entire group of national literary fields, which are themselves bipolarized and situated differentially (and hierarchically) in the world structure according to the relative weight which the international pole and the national (and nationalistic) pole hold in each field.

In die plek van Heilbron (2010) se sentrale tale en perifere tale in 'n wêreldstelsel, verwys Casanova (2010) in 'n internasionale literêre veld na gedomineerde tale teenoor dominante tale. Hierdie opposisie, dominant teenoor gedomineerd, beklemtoon die hiërargie en magstryd wat daar vir wêreldtale in die internasionale veld gepostuleer word. Casanova (2010:289) verantwoord dié konsepte as volg:

Dominated languages have been recently nationalized (that is, have become national languages relatively recently), are relatively deprived of literary capital, have little international recognition, a small number of national or international translators, or are little known and have remained invisible for a long time in the great literary centres. Dominating languages are endowed with a relatively large volume of literary capital due to their specific prestige, their age, and the number of texts which are considered universal and which are written in these languages.

Casanova (2010:290) bespreek vier soorte gedomineerde tale, oftewel tale met weinig literêre kapitaal. Dit is eerstens orale tale, met ander woorde: tale wat nog tot onlangs toe nie oor 'n geskrewe literêre tradisie beskik het nie, en wat weens gebrek aan 'n geskrewe

sisteem ook aan literêre kapitaal ontbreek (soos sommige Afrika-tale). Tweedens, tale wat betreklik onlangs eers ontstaan het of wat weens politieke druk gemarginaliseer en/of onderontwikkel is. Hierdie tale het min sprekers en min tekste word in dié tale geskep (soos lers). Derdens is tale wat, ondanks 'n lang geskiedenis of selfs antieke status en aansienlike prestige, relatief min sprekers het en weinig buite hulle nasionale grense erkenning kry (soos Nederlands). Vierdens is tale wat, ondanks groot getalle sprekers, in die literêre veld gedomineer word weens die feit dat hulle nie in die internasionale literêre mark welbekend is nie (soos Arabies) (Casanova, 2010:290).

Taal kan dus beskou word as 'n vorm van kulturele kapitaal. Tale se strukturele ongelykheid in die internasionale literêre veld, beteken dat vertaling 'n vorm van dominansie inneem, want vertaling is 'n manier om kulturele kapitaal vanaf 'n dominante taal na 'n gedomineerde taal as't ware in te voer (Casanova, 2010:290).

In die breër veld van mag neem Afrikaans op grond van geakkumuleerde literêre kapitaal 'n gedomineerde posisie in. Afrikaans het betreklik onlangs ontstaan (sien afdeling 5.2.2), dit het 'n klein aantal sprekers, relatief min oorspronklike tekste word in Afrikaans geskep, en dit wat geskep word, word selde in dominante tale vertaal.⁴¹ Wat meer is, in die veld van Afrikaanse kinderliteratuur, word daar jaarliks 'n groot aantal tekste van internasionale herkoms vertaal om oorspronklike Afrikaanse kinderliteratuur aan te vul. Dit volg dat, wanneer 'n kinderboek uit 'n dominante taal (soos Britse of Amerikaanse Engels) in Afrikaans vertaal word, dit neerkom op wat Casanova (2010:290) "translation-accumulation" noem: literêre kapitaal wat as't ware deur middel van vertaling na Afrikaans ingevoer word.

As sodanig kan vertaling as 'n belangrike faktor in die wedywering om legitimering in die internasionale veld beskou word. Vertaling is ook een van die hoofmaniere van konsekrasie vir skrywers en hulle tekste. Uit dié perspektief, is vertaling ook nie net bloot 'n eenvoudige verhouding tussen 'n teks en 'n herskrywing nie, maar word vertaling geplaas binne die netwerk van magsverhoudings van literêre dominansie waarin dit funksioneer en waarvan vertaling een spesifieke vorm is (Casanova, 2010:288).

In hierdie studie word die verhouding tussen die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms en die internasionale literêre veld van mag

⁴¹ Sien in verband hiermee ook Barend J. Toerien (1998) se *Afrikaans literature in translation: A bibliography*.

ondersoek deur te kyk na die verskillende vorms wat vertaalstrome na Afrikaans ingeneem het vir die tydperk 1990-2018 (sien afdeling 6.2.3).

5.5 Kritiek teen Bourdieu

Volgens Croce (2015:327) is Bourdieu se nosie van habitus 'n omstrede intellektuele konsep. Bourdieu het die konsep van habitus deur middel van 'n kreatiewe samevoeging van verskeie konsepte geformuleer in 'n doelbewuste poging om die subjektiewe/objektiewe dualisme in die veld van sosiologie te oorbrug.⁴² Soos King (2000:417) dit stel:

For Bourdieu, the habitus which consists of corporal dispositions and cognitive templates overcomes the subject-object dualism by inscribing subjective, bodily actions with objective social force so that the most apparently subjective individual acts take on social meaning.

Kritiek volg egter dat die habitus nie werklik daarin slaag om dié probleem te oorbrug nie, en dat dit uiteindelik verval in 'n gesofistikeerde vorm van objektivisme (sien onder meer Croce, 2015 en King, 2000).

Volgens King (2000) kan Bourdieu se oeuvre hoofsaaklik in twee verdeel word, hoewel dié dele nie met mekaar strook nie, naamlik 'n praktiese teorie en die konsep van habitus. Terwyl die praktiese teorie agentskap toelaat en die subjektiewe-objektiewe-probleem oorbrug, laat die habitus nie werklik agentskap of sosiale verandering toe nie, en verander dit die agent, wat in praktiese teorie as 'n "virtuoso" optree, in "a cultural dope" (King, 2000:425).

Bourdieu appeals to the concept of the habitus according to which society consists of objective structures and determined – and isolated – individuals. Although Bourdieu believes that the habitus is compatible with his practical theory and overcomes the impasse of objectivism and subjectivism in social theory, neither claim is the case; the habitus is incompatible with his practical theory, and it retreats quickly into objectivism (King, 2000:417).

Dié kritiek volg omdat daar veronderstel word dat die habitus agente se optrede bepaal, maar dat dié optredes daartoe verdoem is om die strukture waarin dit uitgevoer word, te

⁴² Onder meer Aristoteles se idee van *hexis*, Husserl se idee van *habitualität* en Maurice Merleau-Ponty se idee van *habitude* vind almal in "habitus" 'n weerklank. Sien Wacquant (2016:64-65) vir meer inligting oor vormende invloede op Bourdieu se habitus-konsep.

beïnvloed en weer in ooreenkoms met die habitus te herskep, en sodoende 'n geslote siklus vorm wat sosiale verandering negeer (Croce, 2015:328; Mahar, Harker & Wilkes, 1990:204). King (2000:427) som dit as volg op:

If the habitus were determined by objective conditions, ensuring appropriate action for the social position in which any individual was situated, and the habitus were unconsciously internalized dispositions and categories, then social change would be impossible. Individuals would act according to the objective structural conditions in which they found themselves, and they would consequently simply reproduce those objective conditions by repeating the same practices.

As sodanig, verloor die habitus enige aanspraak op agentskap of refleksiwiteit. Soos Croce (2015:328) dit stel: "This deprives Bourdieu's theory of heuristic and explanatory force, especially when it comes to understanding how people's activity affects their environment and triggers social change."

Mahar, Harker & Wilkes (1990:4) verdedig habitus teen dié kritiek. Hulle meen dit is waarom die rol wat strategie speel nie buite rekening gelaat moet word nie. Daarby meen King (2000:425) dat, indien die habitus in die konteks van die veld bestudeer word, dit minder deterministies oorkom:

In fact, when Bourdieu connects the habitus to the "field", by which he means the objective structure of unequal positions which accumulate around any form of practice, the flexibility which Bourdieu intends to be present in the concept of the habitus – but which in fact is ruled out by the concept – appears. The notion of the habitus begins to lose its rigidity. Individuals begin to transform their habitus strategically, given their relations with others, in order to establish their distinction from other groups and individuals in the field.

Deur habitus met veld te kombineer, laat 'n mate van intersubjektiewe wedywering en verandering toe, en voorsien sodoende 'n ryker en meer oortuigende verduideliking van sosiale lewe (aldus King, 2000:425). Dit los egter steeds nie die probleem op dat die formele definisie van habitus as objektivisties en deterministies geformuleer is nie, soos King (2000:425) dit stel:

Strictly, he [Bourdieu – AW] cannot allow individuals the choices or strategies which he gives them when he discusses the field because any choice individuals can make are always already given by the habitus which is itself determined by their objective,

prior and, therefore, unchangeable position in the field. If he is serious about the openness of the habitus to transformation, then he must reformulate the habitus, rejecting the definitions cited above, and return to notions like “the sense of the game” which featured in his practical theory and which emphasized intersubjective negotiation.

Daarby kritiseer King (2000:246) ook die konsep “veld” omdat dit verwys na objektiewe strukture van mag en materiële ongelykheid, en daarom die mate van buigzaamheid of soepelheid wat die idee van die veld in Bourdieu se werk impliseer, eintlik heeltemal negeer.

Ander kritici, soos Wacquant (1987) en Harker (1984) meen dat, hoewel dit nie ten volle daarin slaag om die struktuur/agentskap-probleem in die veld van sosiale teorie te oorbrug nie, die habitus-konsep steeds ’n waardige vooruitgang in sosiale teorie verteenwoordig en dat die kritiek teen habitus as reproduktief, objektivisties en deterministies ongegrond is. Volgens Harker (1984:12), wanneer objektiewe strukture verander, beïnvloed dit die habitus en verander die habitus dienoooreenkomstig saam met hierdie strukture.⁴³ Die habitus bly dus nie staties nie. Hieroor haal Harker (1984:20) vir Sulkunin (1982:109-110) aan waar hy sê:

The habitus is constantly being formed in the daily practices of individual subjects ... and while it is a structured system of meanings it does not follow any mechanistic formal or “algebraic” logic. People do not simply reproduce their meaning systems, they also produce and use them. One must see classes and their members not just as actors in a prefabricated play but also as creative subjects.

Wacquant (2016) verdedig ook Bourdieu se habitus. Volgens Wacquant (2016:65) is die habitus ’n mediërende konstruk tussen individuele agentskap en sosiale strukture.

[H]abitus is a mediating construct that helps us revoke the common-sense duality between the individual and the social by capturing the “internalization of externality and the externalization of internality”, that is, the ways in which the sociosymbolic structures of society become deposited inside persons in the form of lasting dispositions, or trained capacities and patterned propensities to think, feel and act in determinate ways, which in turn guide them in their creative responses to the constraints and solicitations of their extant milieu.

⁴³ Bourdieu (1984:142; 1996:157; 1990b:59) beskryf die verandering van die habitus ooreenkomstig die strukture in die veld volgens die histerese-effek, waar die habitus effens stadiger as die objektiewe strukture verander.

Op dié manier verteenwoordig die habitus sosiale geskiedenis wat geïnternaliseer is, oftewel “social structure turned mental structure” (aldus Wacquant, 2016:66), en word agente se sosiale optrede nóg bepaal deur objektiewe strukture nóg deur bewuste intensies.

Wacquant (2016:68) verwerp ook die idee dat die habitus die replika van een enkele sosiale struktuur is, en wys daarop dat die konsep van habitus in werklikheid die idee van laag-op-laag-strukture impliseer wat saam as ’n dinamiese skema optree.⁴⁴ Soos Wacquant (2016:64) dit stel: “[H]abitus is never the replica of a single social structure, but a dynamic, multiscalar, and multilayered set of schemata subject to ‘permanent revision’ in practice.” Daarom kan die habitus ook nie noodwendig as koherent of eenvormig beskou word nie, maar dit impliseer verskillende vlakke van spanning en integrasie na gelang van hoe dit oor tyd deur verskillende sosiale strukture beïnvloed en gevorm is (Wacquant, 2016:68).

Voorts, meen Wacquant (2016:69), kan habitus ook gebruik word om sosiale verandering te bestudeer omdat die habitus nie noodwendig ooreenstem met die sosiale strukture waarin dit funksioneer nie. Hy haal Bourdieu (1980:62-63)⁴⁵ aan en maak die volgende uitlating:

Bourdieu warns repeatedly that one must “avoid unconsciously universalizing the model of the quasi-circular relation of near-perfect reproduction that is completely valid only in the case where the conditions of production of habitus are identical or homologous to its conditions of functioning”.

Daarby meen Wacquant (2016:69) dat die habitus ook nie as ’n selfstandige oorsaak van sosiale handeling beskou moet word nie, want “it cannot be considered in isolation from the definite social worlds (and eventually fields) within which it operates”.

Navorsing wat op die habitus-konsep van Bourdieu steun, moet dus daarop let om nie die idee van habitus in isolasie te gebruik nie. Soos Wacquant (2016:69) dit verduidelik:

⁴⁴ Hier verwys Wacquant (2016:68) byvoorbeeld na die idee van die “primêre habitus” wat in die vroeë kinderjare in die konteks van die familie ontwikkel en na die “sekondêre habitus” wat in die skool en later ook in tersiêre onderrig of ander didaktiese omgewings verder ontwikkel (byvoorbeeld in ’n bokskryt, ’n kunstenaarsateljee, ’n politieke party, ’n godsdienstige sekte en dies meer) en sê: “The result is a compromise formation that dynamically articulates generic and specific dispositions across the life cycle into an operative set of schemata.”

⁴⁵ Hierdie aanhaling is afkomstig uit: Bourdieu, P. 1980. *Le sens pratique*. Parys: Minuit.

A full accounting of practice thus requires a triple coordinated elucidation of the social genesis and structures of habitus as historicized subjectivity, of the formation and dynamics of social space as a historical distribution of possibles (which, in certain limiting cases, assumes the form of a field), and of the situated specifics of their confrontation in the microdialectic of dispositions and positions.

Kritiek word ook teen Bourdieu se idee van agentskap geopper. Mahar *et al.* (1990:203) sê: volgens Bourdieu is almal agente – of hulle daarvan hou of nie, maar “[w]hen an individual only has one option, ‘making a virtue of necessity’ does not resolve the fact that they are no longer an agent” (Mahar *et al.*, 1990:204).

Ten spyte van kritiek teen Bourdieu se konsepte “habitus” en “agentskap”, is albei konsepte steeds bruikbaar, aangesien dit oplossings bied vir sommige strukturele probleme in die veld (aldus Mahar *et al.*, 1990:206). Die konsepte is ook spesifiek vir hierdie studie van waarde omdat dit, tesame met die idee van strategie, vertaalnorme as beperkings in die seleksie van tekste vir vertaling as’t ware verleng en die motiverings blootlê waartoe mense as agente in die literêre veld tot die seleksie van tekste vir vertaling bydra, ook in die vorm van die sogenaamde “uitgewersneus”.

In hierdie studie word Bourdieu se konsep van habitus gebruik om ’n navorsingspostuur te verteenwoordig, of soos Wacquant (2016:64) dit stel, “a stenographic manner of designating a research posture that puts the genetic mode of thinking at the heart of social analysis”, en word die habitus nie in isolasie bestudeer nie, maar as deel van die veld van sosiale strukture wat dit beïnvloed en waarop die veld weer ’n invloed uitoefen.

5.6 Samevatting

In ’n sosiologiese benadering tot vertaling lê die klem op mag en agentskap en staan die rol wat agente en agentskappe in boekproduksie speel, sentraal. Mag, in die vorm van kapitaal wat in die literêre veld sirkuleer, beïnvloed die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans. ’n Vertaling word geselekteer op grond van die hoeveelheid kapitaal (meer simbolies of meer ekonomies) waaroor dit beskik, in ooreenstemming met die posisies wat in die literêre veld beskikbaar is en die habitus van die uitgewer wat dit publiseer. Op dié manier is die literêre teks ’n produk van die struktuur van die veld waarin dit ontstaan. Soos Bourdieu (1993:30) dit stel: “[T]he essential explanation of each work lies outside of them, in the objective relations which constitute this field.”

Aangesien die posisie-innames van tekste en literêre agente 'n veld struktureer, is die geskiedenis of sogenaamde “trajeksie” van 'n literêre veld van wesenlike belang. Die trajeksie van tekste se posisie-innames in die literêre veld (in die vorm van genres) struktureer die veld deur sekere posisies in te neem en ander posisies beskikbaar te maak vir inname, en dien ook as 'n soort gedeelde raamwerk vir uitgewers wat in die veld aktief is. Omdat die struktuur van die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-2018 in hierdie studie ondersoek word (sien afdeling 6.2), is daar 'n ondersoek onderneem na die ontstaan en ontwikkeling van die veld van Afrikaanse kinderliteratuur tot 1990, met 'n fokus op die rol wat vertalings van internasionale herkoms in die trajeksie van dié veld gespeel het (sien afdeling 5.2.2).

In die 1900's het 'n veld van Afrikaanse kinderliteratuur nog nie bestaan nie, en weinig literatuur was spesifiek op 'n kindergehoor gerig. In dié tyd het 'n literatuur vir Afrikaanse kinders stelselmatig ontwikkel, en in hierdie vroeë stadium van ontwikkeling, is buitelandse vertalings verwerk, oorvertel en vry aangepas om naatloos by die Afrikaanse kind se leefwêreld in te pas. Die funksie van vertalings in dié tyd was om soos oorspronklike tekste op te tree deur domestikerend te werk te gaan, en as sodanig, die leemte wat deur die gebrek aan 'n plaaslike kinderliteratuur veroorsaak is, te probeer vul. Vertalings van internasionale herkoms het dus tydens die ontwikkeling van Afrikaans in die 1900's as 'n vorm van ingevoerde kulturele kapitaal uit die buiteland bygedra tot die ontstaan en ontwikkeling van kinderliteratuur in Afrikaans (sien ook Casanova, 2010:294, 299).

Buitelandse vertalings wat die veld van Afrikaanse kinderliteratuur help vorm het, was hoofsaaklik uit Europa afkomstig uit tale soos Duits, Russies, Frans, Italiaans, Nederlands en Engels, en die genres wat hoofsaaklik in Afrikaans vertaal is, is sprokies, fabels, diereverhale, kinderverse en klassieke kinderboeke – eers min gedurende die 1900's en later as 'n stortvloed vertalings vanaf die 1960's tot in die 1980's.

Vertalings van internasionale herkoms het nie net 'n belangrike leemte gevul toe Afrikaans as taal nog besig was om te ontwikkel en ook later, toe nog weinig plaaslike kinderboeke in 'n vroeë vorm van Afrikaans beskikbaar was nie – vertalings het ook 'n belangrike rol gespeel in die vernuwing van die inheemse Afrikaanse kinderboek in die 1950's, die instelling van literêre pryse vir Afrikaanse kinderboeke, die erkenning van kinderliteratuur in Afrikaans as

'n aparte kunsgenre in eie reg, en die totstandkoming van 'n volwaardige veld van Afrikaanse kinderliteratuur.

Sedert die ontstaan van 'n veld van Afrikaanse kinderliteratuur in die 1950's, het vertalings van internasionale herkoms 'n aanvullende rol gespeel in Afrikaanse kinderboekproduksie, maar vanaf die middel van die 1960's tot in die middel van die 1980's het die aantal vertalings van internasionale herkoms skerp toegeneem en inheemse boekproduksie oorskry.

Hoewel die aantal buitelandse vertalings in die middel van die 1980's afgeneem en plaaslike oor-en-weer-vertalings toegeneem het, oorheers internasionale vertalings steeds die Afrikaanse kinderboekmark (sien Kleyn & Snyman, 2010:37; Snyman & Venter, 2004:129).⁴⁶

As gevolg van internasionale vertalings se prominente en volgehoue teenwoordigheid in die veld van Afrikaanse kinderliteratuur sedert die 1900's asook die instelling van 'n literêre toekenning vir vertaalde kinderliteratuur in 2008, die Elsbé Steenberg-prys vir Vertaalde Kinder- en Jeugliteratuur in Afrikaans, kan daar vervolgens in hierdie studie ondersoek ingestel word na vertalings van internasionale herkoms as 'n subveld van die veld van Afrikaanse kinderliteratuur vir die tydperk 1990-2018 (sien hoofstuk 6).

Die struktuur van die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms word ondersoek deur te kyk na die uitgewers wat in die veld aktief was vir die tydperk 1990-2018 (sien afdeling 6.2.1). Elke uitgewer in dié subveld streef na 'n spesifieke soort of kombinasie van kapitaal. Hierdie streef na kapitaal verklar die uitgewer se posisie in die veld, en werp sodoende lig op die uitgewer se habitus.

Deur ondersoek in te stel na uitgewers se publikasie-strategieë (deur te kyk na die kinderboeke van internasionale herkoms wat geselekteer is vir vertaling in Afrikaans vir die tydperk 1990-2018), kan uitgewers in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms geposisioneer word op grond van die kapitaal waarna hulle streef, naamlik meer simboliese kapitaal, met posisies nader aan die simboliese pool van die subveld, of meer ekonomiese kapitaal, met posisies nader aan die ekonomiese pool van die subveld (sien afdeling 6.2.2).

⁴⁶ Volgens Snyman en Venter (2004:129) was slegs 34% van die totale produksie van Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur vir die periode 1990-2001 oorspronklike Afrikaanse kinderboeke.

Die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms word ook gestruktureer deur die posisies of genres wat die kinderboeke vir die tydperk 1990-2018 in die veld ingeneem het. Hierdie posisie-innames beïnvloed die toekomstige seleksie van boeke vir vertaling deur 'n soort raamwerk daar te stel vir uitgewers wat in die veld met mekaar wedywer om posisies, naamlik uitgewers wat vernuwend te werk gaan (heterodoks) deur oorspronklike, vernuwendes genres vir vertaling te selekteer en uitgewers wat behoudend te werk gaan (ortodoks) deur genres vir vertaling te selekteer wat reeds posisies in die subveld inneem (sien afdeling 6.2.2). Op dié manier kan die struktuur van die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms gekarteer en bespreek word.

Sowel die veld van Afrikaanse kinderliteratuur as die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms word beïnvloed deur die groter veld van mag waarin dit geleë is. In hierdie veld van mag, word taal gereken as 'n vorm van kulturele kapitaal en uit 'n internasionale perspektief beskou, is Afrikaans 'n gedomineerde taal.

Volgens Casanova (2010:299) se hipotese sal Afrikaanse uitgewers in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms hoofsaaklik brontekste vir vertaling selekteer uit tale wat oor meer kulturele kapitaal beskik (die sogenaamde dominante tale in die internasionale veld van mag). Daarom word daar ondersoek ingestel na die prominentste vertaalstrome na Afrikaans vir die tydperk 1990-2018 ten einde ook die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms in die internasionale veld van mag te posisioneer (sien afdeling 6.2.3).

In die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling, speel die habitus van die kinderboekuitgewer 'n belangrike rol, naamlik as 'n instink of die sogenaamde “uitgewersneus” soos dit in die seleksie van tekste vir vertaling manifesteer. Johnson (1993:17) verduidelik dit as volg:

The relationship between positions and position-takings is mediated by the dispositions of the individual agents, their feel for the game. Agents' strategies are a function of the convergence of position and position-taking mediated by habitus.

Daarom is individuele kinderboekuitgewers by prominente Afrikaanse uitgewers in die veld van Afrikaanse kinderliteratuur vir die tydperk 2010-2018 genader vir semigestruktureerde onderhoude, waartydens hulle uitgevra is oor die sogenaamde “uitgewersneus”: of dit 'n

beduidende rol speel in die seleksie van tekste vir vertaling en waarop dit in die praktyk neerkom (sien afdeling 6.3.1).

Die afleidings soos verkry uit hierdie literatuurstudie word in hoofstuk 6 verder ondersoek.

Hoofstuk 6

Sosiologiese benadering: 'n Toepassing op vertaalde internasionale kinderliteratuur in Afrikaans

[T]he study and practice of translation is inevitably an exploration of power relationships within textual practice that reflect power structures within the wider cultural context (Álvarez & Carmen-África Vidal, 1996:1).

Leaving the canon of children's literature aside, we discover that a power struggle is at work in the field of children's literature. The export of books and translations is not always based on the intrinsic literary value of the texts concerned; they are more often the result of cultural dominance and of the concentration of power at the level of the publishing houses (Ghesquiere, 2006:20).

6.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar gekyk na die rol wat literêre agente speel in die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans. Waar die posisie en die funksie van vertaalde kinderboeke van internasionale herkoms in die Afrikaanse doelkultuur met behulp van Even-Zohar (1979:295; 1990a:11) se polisisteamteorie en die heuristiese konsep van die literêre "sisteam" nagegaan is (sien hoofstuk 3), word Pierre Bourdieu (1990a:87-88; 1993:163-164) se konsepte van die "literêre veld", "kaptiaal" en "habitus" hier in 'n sosiologiese benadering tot vertaling gebruik om Afrikaanse kinderboekuitgewers se belang by die seleksie en publikasie van vertalings van internasionale herkoms bloot te lê en te kyk na die funksie wat vertalings vir hulle verrig.

Terwyl Even-Zohar (1979:295; 1990a:11) se heuristiese konsep van die "literêre polisisteam" 'n hiërargiese wedywering tussen literêre tekste veronderstel waar tekste in die gekanoniseerde en dominante sentrum die tekste op die nie-gekanoniseerde periferie domineer, plaas Bourdieu se idee van die "literêre veld" nie net literêre tekste nie, maar ook die literêre agente wat vir die produksie van hierdie tekste verantwoordelik is, in hiërargiese posisies in die veld op grond van geakkumuleerde mag of kapitaal.

Volgens Bourdieu (1993:163-164) ontstaan 'n veld om 'n spesifieke vorm van kapitaal of spesifieke kombinasies van kapitaal. Deur literatuur dus as 'n veld te beskou, word die wedywering om mag tussen literêre agente blootgelê, en daar word lig gewerp op die

magstrukture, in die vorm van verskillende soorte kapitaal, wat 'n invloed uitoefen op die produksie van literêre werke.

Hierdie toepassingshoofstuk word in twee verdeel met eerstens, 'n inventarisondersoek (afdeling 6.2) en tweedens, 'n uitgewery-ondersoek (afdeling 6.3). Deur middel van 'n inventarisondersoek (afdeling 6.2) word die struktuur van die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-2018 uiteengesit met 'n fokus op die prominente en naasprominente uitgewers wat in die subveld aktief is (afdeling 6.2.1). Hierna volg 'n ondersoek na die posisies wat Afrikaanse uitgewers in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms inneem (afdeling 6.2.2).

Aangesien Bourdieu se idees wat betref die veld van kulturele produksie op oorspronklike boeke geskoei is en hierdie studie met vertaalde kinderboeke gemoed is, word daar nie net gekyk na die posisie wat die vertaalde kinderboeke in die veld van Afrikaanse kinderliteratuur ingeneem het nie (sien ook afdeling 4.3), maar ook na die kapitaal waaroor die oorspronklike kinderboeke of brontekste in die bronkultuur beskik het voordat dit vir vertaling in Afrikaans geselekteer is. Sodoende word die spesifieke soorte kapitaal waarna die doeltekstuitgewer in die literêre veld streef, blootgelê, en verrai dit nie net die posisie van die uitgewer in die veld nie, maar ook die habitus van die uitgewer (sien afdeling 6.2.2).

Die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms word ook beïnvloed deur die breër veld van mag waarin dit geleë is. In die internasionale veld word taal beskou as 'n vorm van kulturele kapitaal, en dié magsverhouding beïnvloed die seleksie van kinderboeke vir vertaling in Afrikaans (sien afdeling 6.2.3).

Die seleksieproses word ook beïnvloed deur die uitgewer se habitus. Deur middel van 'n uitgewery-ondersoek (afdeling 6.3) waarin uitgewers tydens semigestruktureerde onderhoude uitgevra is oor die rol van die sogenaamde “uitgewersneus” in die seleksie van kinderboeke vir vertaling, tesame met die inligting oor die posisies wat Afrikaanse uitgewers in die subveld beklee in die tydperk van ondersoek (afdeling 6.2.2), kan die rol van die habitus van die uitgewer in die seleksieproses ondersoek word. In hierdie ondersoek word Afrikaanse kinderboekuitgewers tussendeur verbatim anoniem aangehaal ten einde belangrike besprekingspunte uit te lig en te beklemtoon. Dit word gevolg deur die samevatting vir die hoofstuk (afdeling 6.4).

6.2 Inventarisondersoek: 'n Uiteensetting van die struktuur van die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-2018

In 'n sosiologiese benadering tot vertaling, word die motiverings en beperkings vir die seleksie van tekste vir vertaling in die literêre veld gevind in die verhoudings tussen die verskillende literêre tekste wat in die veld sirkuleer, in die verhoudings tussen die literêre agente wat vir die produksie van hierdie tekste verantwoordelik is, en in die magstrukture wat dié verhoudings verteenwoordig.

Vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms word vervolgens as 'n subveld van die veld van Afrikaanse kinderliteratuur ondersoek. Volgens Bourdieu (1993:163-164) ontwikkel 'n veld om die wedywing na spesifieke soorte of kombinasies van kapitaal en literêre agente, sowel as die literêre produkte wat die agente produseer, neem verspreid in die veld posisies in op grond van die kapitaal wat hulle in die veld akkumuleer.

Uit hierdie oogpunt beskou, word die seleksie van internasionale kinderliteratuur vir vertaling in Afrikaans beïnvloed deur magsverhoudings wat in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms heers. Soos Johnson (1993:11) dit stel:

Scientific analysis must work to relate to each other two sets of relations, the space of works or discourses taken as differential stances, and the space of the positions held by those who produce them. To be fully understood, literary works must be reinserted in the system of social relations which sustains them.

Vervolgens sal die struktuur van die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms uiteengesit word. Uitgewers wat in die subveld aktief is in die tydperk 1990-2018 kom eerste aan bod (afdeling 6.2.1), waarna uitgewers in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms geposisioneer word op grond van die soorte kapitaal waarna hulle in dié subveld streef (afdeling 6.2.2).


6.2.1 'n Ondersoek na uitgewers in die subveld

Hierdie ondersoek is in drie tydperke verdeel: 1990-1999 (afdeling 6.2.1.1), 2000-2009 (afdeling 6.2.1.2) en 2010-2018 (afdeling 6.2.1.3). Al die uitgewers wat in die subveld van

vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms betrokke is by die uitgee van vertaalde Afrikaanse kinderboeke vir 'n spesifieke tydperk word genoem, maar slegs prominente en naasprominente uitgewers word bespreek.

6.2.1.1 In die tydperk 1990-1999

Prominente uitgewers vir dié tydperk, is Anansi Uitgewers en Human & Rousseau. Naas Anansi Uitgewers en Human & Rousseau figureer ook Grolier, Daan Retief/Kennis Onbeperk, Garamond Uitgewers en Tafelberg Uitgewers, maar heelwat minder prominent (sien figuur 10).



Figuur 10. Prominente en naasprominente uitgewers vir die tydperk 1990-1999.

Randfigure vir dié tydperk is Jonathan Ball Uitgewers, J.L. van Schaik Uitgewers, Struik Uitgewers, Oxford University Press Suid-Afrika, J.P. van der Walt en Seun, Rubicon Pers, HAUM, Leo Uitgewers en Hodder & Stoughton Suid-Afrika.

6.2.1.1.1 Anansi Uitgewers

Anansi Uitgewers was toegespits op die publikasie van hoëgehalte Afrikaanse kinderboeke, hoofsaaklik vir die biblioteekmark (aldus Snyman & Venter, 2004:124).¹ Dit is nie aan die navorser bekend wanneer Anansi tot die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur toegetree het nie, maar in die tydperk 1990-1999, was Anansi Uitgewers die grootste uitgewer van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms. In hierdie tyd is die bestuur van die publikasie van kinderboeke by Anansi Uitgewers deur dr. Lydia

¹ Anansi Uitgewers het ook kinderboeke in ander Suid-Afrikaanse tale gepubliseer, waaronder Engels, Suid-Sotho, Tswana en Zoeloe (Anansi Publisher of Children's books, [s.a.]).

Snyman behartig, 'n kundige op die gebied van kinder- en jeugliteratuur.² In 1998 het Anansi egter die uitgee van nuwe Afrikaanse kinder- en jeugboeke gestaak (Snyman & Venter, 2004:124) en sedert 2004 geen nuwe boeke gepubliseer nie (Kleyn & Snyman, 2010:39).

6.2.1.1.2 Human & Rousseau

Human & Rousseau is op 1 Februarie 1959 gestig deur Koos Human en Leon Rousseau. Op 1 Julie 1959 is Human & Rousseau se eerste publikasie uitgegee: 'n Engelse gedig deur Anthony Delius getiteld *The last division* (H&R se helder halfeeu, 2009:38). Human & Rousseau se eerste Afrikaanse boek was 'n heruitgawe van W.E.G. Louw se vertaling, *Die legende van die heilige Julianus, die herbergsame*, deur Flaubert, gevolg deur 'n heruitgawe van Eugène Marais se *Dwaalstories* en 'n vertaling deur Elisabeth Eybers, *Die os en die esel van die krip*, deur Jules Supervielle (H&R se helder halfeeu, 2009:38). Teen 1962 is Human & Rousseau se reputasie as 'n toonaangewende literêre uitgewer gevestig met die publikasie van vier belangrike Afrikaanse literêre werke in dié jaar: N.P. van Wyk Louw se *Tristia*, Elisabeth Eybers se *Balans*, Etienne Leroux se *Sewe dae by die Silbersteins* en André P. Brink se *Lobola vir die lewe*.

Dit was veral die publikasielys van 1962 en die belangrike rol wat die firma gespeel het met die uitgee van die Sestigters wat die aandag getrek het en veroorsaak het dat baie skrywers hul manuskripte aan H&R gestuur het. So het onder die jong skrywers mense soos Breyten Breytenbach, André P. Brink, Abraham H. de Vries, Etienne Leroux, Jan Rabie en Bartho Smit (almal belangrike Sestigters) asook ander nie-Sestigterskrywers soos Karel Schoeman by H&R gepubliseer (H&R se helder halfeeu, 2009:38).

In die 1960's het Human & Rousseau ook Afrikaanse kinderboeke begin uitgee – oorspronklike Afrikaanse kinderboeke (soos dié deur Helena J.F. Lochner) sowel as vertaalde kinderboeke van internasionale herkoms – en 'n voorste uitgewer geword van oorsese ko-produksies en oorspronklike kinderboeke in Afrikaans (H&R se helder halfeeu, 2009:38) (sien ook afdeling 5.2.3.3). In 1964 was Human & Rousseau verantwoordelik vir die eerste groot ko-produksie-kinderboek: *My eerste rympiesboek*, deur Richard Scarry. Human & Rousseau het ook die volledige sprokies van die Grimm-broers vertaal (in ses dele, vertaal deur Helene de Villiers) asook die sprokies van Hans Christian Andersen (in

² Dr. Lydia Snyman het in 1973 'n MA-graad aan die Universiteit van Kaapstad behaal met die tesis, *Die kinderverhaal as literatuur met spesiale verwysing na werke deur Freda Linde en Alba Bouwer*, en in 1975 'n DPhil-graad met die tesis, *Die kinderleser en kinderliteratuur met verwysing na standerd vier-biblioteekgebruikers in Kaapstad se beleving van Snoet-Alleen, Dakkuiken en Dirkie van Driekuul*.

sewe dele, vertaal deur Marié Opperman). Die gewilde *Storieman*-reeks (30 volkleurboeke met oudiokasette) van die 1980's het ook by dié uitgewer verskyn onder die leiding van Leon Rousseau. Hierdie reeks word beskou as een van die mees suksesvolle kinderboekpublikasies in Suid-Afrika (Human & Rousseau: Oor die boek, 2009).

Op 1 April 1977 het Human & Rousseau deel geword van die Nasionale Boekhandel-groep. Die stigters, Koos Human en Leon Rousseau, is as medehoofbestuurders aangestel. In 1979 het Leon Rousseau egter die uitgewer verlaat, en in 1994 het ook Koos Human uitgetree (H&R se helder halfee, 2009:38; Venter, 2006:322).

Die ineerstorting van die skoolboekmark in 1998 het Human & Rousseau groot skade berokken. Die uitgewer is gedwing om in 1999 en 2000 onder die dak van Jonathan Ball Publishers in te skuif ('n uitgewer wat in dié tyd onder die vaandel van Nasboek gepubliseer het) en in April 2001 het Human & Rousseau en Tafelberg Uitgewers hulle fondslyste saamgesmelt en drukname geword van NB Uitgewers (H&R se helder halfee, 2009:38). Tans publiseer Human & Rousseau Afrikaanse en Engelse boeke, sowel fiksie as niefiksie:

Aan die fiksie kant is die klem op gehalte Afrikaanse en Engelse letterkunde, gewilde leesstof, kinder- en jeugboeke vir die algemene, massa- en skolemarkte. Human & Rousseau is die tuiste van internasionaal-bekende skrywers soos André Brink, Breyten Breytenbach en Karel Schoeman. Aan die nie-fiksie kant is Human & Rousseau dié toonaangewende uitgewer van kookboeke, met klassieke kosboeke (soos *Kook en Geniet*, en Leipoldt se *Kos vir die kenner*) in ons stal, saam met die heel nuutste en mooiste kos- en leefstylboeke (Wie is Human & Rousseau, 2009).

6.2.1.1.3 Grolier

Grolier, 'n internasionale uitgewer wat in 1909 in Amerika gestig is en in 1988 deur Hachette oorgekoop is, het ook 'n filiaal in Suid-Afrika gehad. Grolier Suid-Afrika het hoofsaaklik kinderboeke, opvoedkundige materiaal en ensiklopedieë gepubliseer.³ Hierdie filiaal is egter uit protes teen apartheid in Suid-Afrika verkoop (Grolier sells South African Unit, [s.a.]). Stephen Tomann, toe Grolier se uitvoerende onderhoofbestuurder vir die Verenigde State van Amerika en Kanada, het die volgende oor die verkope te sê gehad:

³ Dit is nie aan die navorser bekend wanneer Grolier Suid-Afrika tot die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms toegetree het nie.

I think all American companies are taking a look at their South African connections. We had an offer from a South African company and we took advantage of it (Grolier sells South African Unit, [s.a.]).

Ná 1993 het daar geen vertaalde Afrikaanse kinderboeke meer deur Grolier verskyn nie, en het Grolier uit die subveld van vertaalde kinderliteratuur van internasionale herkoms verdwyn.

6.2.1.1.4 Daan Retief/Kennis Onbeperk

Daan Retief Uitgewers (later Daan Retief/Kennis Onbeperk) het in die 1970's ontstaan as 'n boekklub-uitgewery. In die 1980's het dié uitgewer uitgebrei en gegroei tot 'n belangrike produsent van oorspronklike Afrikaanse kinderboeke sowel as vertaalde kinderboeke van internasionale herkoms in Afrikaans (Venter, 2006:356). Daan Retief het sowat 15 kinderboeke per jaar uitgegee, waaronder ook internasionale vertalings soos *Die avonture van Tom Sawyer* (1980) en *Heidi die huppelkind* (1989), albei vertaal deur Susan Kotzé. In 1996 het die uitgewer egter hulle deure gesluit en uit die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms verdwyn (Snyman & Venter, 2004:124).

6.2.1.1.5 Garamond Uitgewers

Garamond Uitgewers was in die tydperk 1990-1998 in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms aktief,⁴ maar volgens Snyman en Venter (2004:135) het Garamond Uitgewers in 1998 van die Afrikaanse kinder- en jeugboektoneel verdwyn. Dit is egter nie heeltemal waar nie: Garamond Uitgewers het ná 1998 steeds vertaalde Afrikaanse kinderboeke uitgegee, maar hoofsaaklik plaaslike vertalings, en ook kinderboeke in ander Suid-Afrikaanse tale vertaal (soos isiNdebele, isiXhosa, isiZoeloe, Sepedi, Sesotho, Siswati, Tshivenda en Xitsonga) meestal in samewerking met Biblionef Suid-Afrika.⁵

⁴ Dit is nie aan die navorser bekend wanneer Garamond tot die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms toegetree het nie.

⁵ Biblionef Suid-Afrika is 'n nuwingsgewende organisasie. Dit is in 1998 gestig en maak deel uit van 'n internasionale netwerk van organisasies met kantore in onder meer België, Nederland, Frankryk, Suriname en Ghana. Biblionef skenk nuwe kinderboeke met 'n opvoedkundige fokus aan behoeftige organisasies, soos skole en weeshuise, met die doel om behoeftige kinders van boeke te voorsien ten einde 'n liefde vir lees aan te wakker en geletterdheid te bevorder (Who we are, 2019).

6.2.1.1.6 Tafelberg Uitgewers

Tafelberg Uitgewers het begin as 'n filiaal van Die Goeie Hoop Uitgewers van Johannesburg se boekklub. Die maatskappy is op 1 Augustus 1951 gestig met J.D. Pretorius aan die stuur. Aanvanklik het Tafelberg ligte leesstof vir boekklubs gepubliseer en dit bemark tussen boekklublede. In die 1950's het Tafelberg toegetree tot die publikasie van literêre werke (onder meer *Man van Ciréne* deur F.A. Venter in 1957 en *Die meul teen die hang* deur André P. Brink in 1958), en op 1 Julie 1959 is Tafelberg ingekoop as 'n filiaal van Nasionale Boekhandel (sien Venter, 2006:319).

Op 1 April 1970 het Nasionale Boekhandel hulle afdeling van algemene publikasies gesluit en hierdie fondslus aan Tafelberg Uitgewers oorgedra, wat daartoe gelei het dat Tafelberg die grootste algemene uitgewer van Afrikaanse publikasies geword het (sien Venter, 2006:319).

Volgens Venter (2006:319) het Tafelberg Uitgewers, ondanks 'n nederige ontstaan as boekklub-uitgewery, bekend geraak as “die uitgewer van groot romans”, met die werke van outeurs soos Anna M. Louw, Elsa Joubert, Dalene Matthee, Marita van der Vyfer, Klaas Steytler en Etienne van Heerden. In dié tyd was Tafelberg Uitgewers ook 'n baie prominente uitgewer van sowel plaaslike Afrikaanse kinderliteratuur as vertaalde kinderliteratuur van internasionale herkoms. Talle bekroonde kinderboeke het by Tafelberg Uitgewers verskyn⁶ en in 1985 is dié uitgewer met die C.P. Hoogenhout-toekenning vereer vir hulle bydrae tot Afrikaanse kinderliteratuur (sien ook afdeling 5.2.3.3).

Internasionale kinderboekvertalings wat in die tydperk 1960-1989 in Afrikaans verskyn het, is onder meer Marlene Reidel se *Kasper se wêreldreis* (1960) vertaal deur W.E.G. en Rosa Louw,⁷ Edith Unnerstad se *Somer by Ouma* (1961) vertaal deur Willem en Vaj Gravett,⁸ Otfried Preussler se *Die heksie en die kraai* (1962) vertaal deur Piet Muller,⁹ en Carlo Collodi se *Die avonture van Pinokkio* (1972) vertaal deur Marie Malherbe. Tafelberg Uitgewers was ook in die 1980's verantwoordelik vir die vertaling van 'n paar van Roald Dahl se gewilde kinderboeke in Afrikaans, soos *Kalie Emmer en die sjokoladefabriek* (1981) vertaal deur Leon Rousseau, *Die toorvingertjie* (1981) vertaal deur Mavis de Villiers, *Kalie*

⁶ 'n Groot aantal vertalings van internasionale herkoms wat deur Tafelberg Uitgewers gepubliseer is, is ook deur die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging eervol vermeld vir die C.P. Hoogenhout-toekenning.

⁷ In 1961 deur die Suid-Afrikaanse Biblioteek Vereniging (SABV) eervol vermeld vir vertaling.

⁸ In 1961 deur die Suid-Afrikaanse Biblioteek Vereniging (SABV) eervol vermeld vir vertaling.

⁹ In 1962 deur die Suid-Afrikaanse Biblioteek Vereniging (SABV) eervol vermeld vir vertaling.


Emmer en die groot glashyser (1983) vertaal deur Mavis de Villiers, *Slimjan die jakkalsman* (1984) vertaal deur Mavis de Villiers en *Hendrik en die reuse perske* (1984) ook vertaal deur Mavis de Villiers.

Die ineenstorting van die skoolboekmark in 1998 het dié uitgewer 'n groot knou toegedien. Tafelberg Uitgewers is in 'n kleiner struktuur saamgegroepeer met ander uitgewers soos Pharos, Kwela Boeke en Quiellerie, en het deel geword van die Nasboek-groep (nou NB Uitgewers). In April 2001 het Human & Rousseau en Tafelberg Uitgewers hulle fondslyste saamgesmelt, hoewel hulle steeds hulle aparte drukname behou het (H&R se helder halfeeu, 2009:38; Venter, 2006:319-320).

Vandag publiseer Tafelberg Uitgewers Afrikaanse literêre fiksie asook Engelse fiksie, niefiksie (waaronder aktuele sake, geskiedenis en besigheid), kinder- en jeugliteratuur in die meeste van Suid-Afrika se amptelike tale, asook liefdesverhale onder die drukname Jasmyn, Melodie en Hartklop (Wie is Tafelberg, 2009).

6.2.1.2 In die tydperk 2000-2009

Prominente uitgewers vir dié tydperk is Human & Rousseau (sien afdeling 6.2.1.1.2) en Jacklin Ondernemings. Naas Human & Rousseau en Jacklin Ondernemings, figureer ook LAPA Uitgewers, Fantasi Boeke en Pearson Education/Maskew Miller Longman, maar heelwat minder prominent (sien figuur 11).



Figuur 11. Prominente en naasprominente uitgewers vir die tydperk 2000-2009.

Randfigure vir dié tydperk is Malan Media, Protea Boekhuis, Tafelberg Uitgewers, Struik Uitgewers, Giraffe Books, Garamond Uitgewers en Zebra Press.

6.2.1.2.1 Jacklin Ondernemings

Jacklin Ondernemings is in 1998 gestig deur Mike Jacklin. Dit is 'n boekklub-uitgewery wat gebaseer is op 'n intekenaarsakemodel waar 'n verskeidenheid boeke (meestal kinderboeke, romantiese fiksie, soos die Afrikaanse *Mills & Boon*-boekklub, en niefiksie, soos handwerkboeke) aan intekenaars via 'n posdiens gelewer word. In die tydperk 2000-2009 het Jacklin Ondernemings slegs vertaalde oorsese titels en ko-produksies uitgegee. Jacklin Ondernemings was ook in dié tyd die verspreiders van die *Disney*- en *Barbie*-boekklubboeke (sien ook Struik, 2008:226; Venter, 2006:353-354).

6.2.1.2.2 J.P. van der Walt en Seun/LAPA Uitgewers

LAPA Uitgewers het voor die Tweede Wêreldoorlog in 1941 ontstaan as Springbok Biblioteek onder die vaandel van Unie Boekhandel, gestig deur Johannes Petrus (J.P.) van der Walt. Sedert 1961, nadat J.P. se seun Manie in 1958 tot die maatskappy toegetree het, het die uitgewer bekend gestaan as J.P. van der Walt en Seun (Oor LAPA, 2019).

Springbok Biblioteek (en later J.P. van der Walt en Seun) was, net soos Daan Retief, 'n boekklub-uitgewery gedurende die 1950's en 1960's. Volgens Struik (2008:226) het J.P. van der Walt en Seun en Daan Retief op die hoogtepunt van hulle bestaan saam meer as 170 000 lede gehad. Elke boekklublid het maandeliks 'n Afrikaanse boek in die pos ontvang.

In Oktober 1996 het die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging J.P. van der Walt en Seun oorgekoop en het die naam van hierdie uitgewer verander na LAPA, 'n akroniem vir Lees Afrikaans Praat Afrikaans (sien Oor LAPA, 2019; Venter, 2006:350-351). LAPA was steeds 'n boekklub-uitgewery, maar het ook tot die algemene mark toegetree. Sowat die helfte van LAPA se fiksietitels is plaaslik gewerf, en die ander helfte was vertaalde ko-produksies met internasionale uitgewers (aldus Struik, 2008:226).

In 2000 het LAPA begin om kinderboeke uit te gee onder die redaksionele bestuur van Miemie du Plessis. LAPA het aanvanklik begin met 12 kinderboeke per jaar en teen 2006 het hulle meer as 60 kinderboeke per jaar uitgegee, waarvan sowat die helfte oorspronklike Afrikaanse kinderboeke was en die ander helfte, internasionale ko-produksies (sien Kruger,

2012:74). As filiaal van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging, is dit ook LAPA se missie om Afrikaans te bevorder en as sodanig, publiseer LAPA hoofsaaklik Afrikaanse boeke:

Bekostigbare boeke vir elke ouderdomsgroep en smaak is LAPA se doelwit. Ons weet dis belangrik dat kinders boeke in hul moedertaal lees, daarom bied ons 'n keur van eietydse, opwindende kinder- en jeugverhale (Oor LAPA, 2019).

6.2.1.2.3 Fantasi Boeke

Fantasi Boeke het in 1998 tot die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms toegetree (sien addendum D) en spesialiseer in die publikasie van kinderboeke. Hoewel Fantasi hoofsaaklik kinderboeke in Afrikaans publiseer, publiseer die uitgewer ook kinderboeke in Engels, en 'n klein aantal kinderboeke in ander Suid-Afrikaanse tale (soos isiZoele en isiXhosa) (Fantasi Katalogus, 2019). Oorspronklike Afrikaanse kinderboeke sowel as vertaalde kinderboeke van internasionale herkoms word deur Fantasi Boeke uitgegee, laasgenoemde veral in die vorm van ko-produksies met internasionale uitgewers.


6.2.1.2.4 Pearson Education/Maskew Miller Longman

Thomas Maskew Miller het in 1893 met 'n winkel begin wat opvoedkundige boeke ingevoer en skryfbehoeftes verkoop het. Hy het later self ook boeke begin druk, en in 1924 is die uitgewer Maskew Miller Beperk as 'n maatskappy in Kaapstad gestig. In hierdie tyd het Maskew Miller sowat 24 Afrikaanse kinderboeke gepubliseer, hoewel dié boeke meestal op die skoolmark gerig was. In 1983 het Maskew Miller en Longman saamgesmelt om Maskew Miller Longman te vorm (Kaapse uitgewer 100 jaar oud, 1993:8). Vandag behoort Maskew Miller Longman as 'n druknaam aan Pearson Education Suid-Afrika.¹⁰ Pearson Education is by uitstek 'n opvoedkundige uitgewer, en publiseer hoofsaaklik opvoedkundige leesmateriaal (waaronder onderwysergidse, woordeboeke, atlasse, handboeke en beginnerleesboeke) (Pearson South Africa, [s.a.]).

6.2.1.3 In die tydperk 2010-2018

Prominente uitgewers vir dié tydperk is Protea Boekhuis, Human & Rousseau (sien afdeling 6.2.1.1.2) en LAPA Uitgewers (sien afdeling 6.2.1.2.2). Hiernaas figureer ook Fantasi Boeke (sien afdeling 6.2.1.2.3) en Bargain Books, maar heelwat minder prominent (sien figuur 12).

¹⁰ Vandag sluit Pearson Education, buiten die Maskew Miller Longman-druknaam, ook Heinemann as 'n druknaam in.



Figuur 12. Prominente en naasprominente uitgewers vir die tydperk 2010-2018.

Randfigure vir dié tydperk is Struik Uitgewers, Puffin Books en Penguin Books Suid-Afrika, Jacana Media, Malan Media, Pan Macmillan, Pearson Education Suid-Afrika, Topline Book Distributors en Jacklin Ondernemings.

6.2.1.3.1 Protea Boekhuis

Protea Boekhuis is aanvanklik in 1992 deur dr. Nicol Stassen begin as 'n klein, tweedehandse boekwinkel in Hatfield, Pretoria, met 'n sterk fokus op die akademiese en skoolboekmark. In 1998 het Protea Boekhuis begin om hier en daar self boeke uit te gee, waaronder herdrukke soos F.A. Venter se *Offerland* en Cor Dirks se *Uile*-reeks en later ook oorspronklike boeke, waaronder Afrikaanse dramas en poësie (Malan, 2016:15; Protea Boekhuis Katalogus, 2017; Stassen & Botha, 2016). In 2001 het Protea Boekhuis tot die Afrikaanse kinderboekmark toegetree (aldus Snyman & Venter, 2004:130).

Vandag is Protea Boekhuis 'n boekwinkelgroep én 'n uitgewer. Protea Boekhuis het gegroei tot die tweede grootste akademiese boekhandelgroep in Suid-Afrika, met 15 akademiese boekwinkels regoor die land, en die uitgewer spesialiseer in die publikasie van Afrikaanse poësie en dramas, vertaalde kinderboeke in Afrikaans, niefiksie en Suid-Afrikaanse geskiedenis (Protea Boekhuis Katalogus, 2017).

Tans is Protea Boekhuis die grootste onafhanklike uitgewer in Suid-Afrika wat nie deel uitmaak van 'n groter mediagroep of organisasie nie, en ook die grootste uitgewer van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms.

6.2.1.3.2 Bargain Books

Bargain Books is 'n boekhandelgroep wat sedert 2012 ook vertaalde Afrikaanse kinderboeke uitgee. John O'Sullivan, stigter en hoof van Bargain Books Suid-Afrika, het 'n gaping in die Suid-Afrikaanse mark gesien vir die publikasie van ko-produksiekinderboeke in samewerking met internasionale uitgewers wat deur middel van die Bargain Books-winkelgroep as 'n afsetpunt versprei kan word. Bargain Books fokus derhalwe op die publikasie van ko-produksiekinderboeke in Afrikaans en Engels, en hoofsaaklik in samewerking met Australiese en Europese uitgewers. Buiten kinderboeke deur middel van ko-produksies, gee Bargain Books geen ander boeke self uit nie (Griebenow, 2019).

6.2.2 'n Onderzoek na die posisie van uitgewers in die subveld

In hierdie ondersoek word uitgewers in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms geposisioneer na aanleiding van die kapitaal waarna hulle in dié subveld streef. Dit kan afgelei word uit uitgewers se publikasie-strategieë, deur te kyk na die internasionale kinderboeke wat geselekteer is vir vertaling in Afrikaans in die tydperk 1990-2018.

Die hoofvorms van kapitaal in die literêre veld is ekonomiese kapitaal en simboliese kapitaal. Sommige uitgewers streef by uitstek na simboliese kapitaal, ander streef by uitstek na ekonomiese kapitaal, en nog ander streef in verskillende mates na sowel ekonomiese as simboliese kapitaal, sodat al die uitgewers in die literêre veld uiteindelik gekarteer kan word in posisie-innames tussen die ekonomiese en die simboliese pole van die betrokke veld.

Daarbenewens kan uitgewers ortodoks te werk gaan in hulle publikasie-strategieë deur genres te selekteer wat reeds in die veld sirkuleer, of uitgewers kan heterodoks of vernuwend te werk gaan deur innoverende, nuwe genres vir publikasie te selekteer wat nuwe posisies in die veld inneem.

Volgens Bourdieu (1993:30) neem nie net literêre agentskappe (in hierdie geval uitgewers) in die veld posisies in nie, maar ook die literêre produkte self. Kinderliteratuur as 'n genre in

die Afrikaanse literêre veld, lê nader aan die ekonomiese pool van die veld. As sodanig maak kinderliteratuur deel uit van die veld van grootskaalse produksie, en dit word in 'n groot mate beïnvloed deur populêre kultuur en die vermaaklikheidsindustrie. As 'n subveld van die veld van Afrikaanse kinderliteratuur, beïnvloed populêre kultuur dus ook die produksie van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms (sien ook afdeling 4.2.5).

As gevolg van kinderliteratuur se posisie in die veld van Afrikaanse literatuur, wedywer uitgewers in dié veld hoofsaaklik om ekonomiese kapitaal, en kan alle genres in die veld van Afrikaanse kinderliteratuur tot 'n mindere of meerdere mate as kommersieel geklassifiseer word. Die genres in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur kan daarom op 'n glyskaal van grootskaalse produksie geplaas word, naamlik in posisies van die mees kommersiële genre tot die minste kommersiële genre. Hierdie posisies word bepaal deur die status wat elke genre in die subveld handhaaf deur te onderskei tussen die tipe mark waarop dit gerig is: dit kan op 'n groter mark gerig wees met 'n verwagting van hoër verkoopsyfers, of dit kan op 'n kleiner mark gerig wees met 'n verwagting van laer verkoopsyfers.

Die genres wat uit boeke in die inventaris afgelei is, is naamlik: volksverhale en fabels, fantasieverhale en sprokies, didaktiese boeke, avontuurverhale, reeksboeke, vermaaklike boeke (wat deel uitmaak van die vermaaklikheidsindustrie), boeke in rymvorm en kinderverse, realistiese verhale, mitologie, diereverhale, slaapydstories, humoristiese verhale, simboliese verhale, gruwelverhale, wetenskapfiksie, probleemboeke, historiese verhale en bildungsromans (sien ook afdeling 4.2.1).

Indien 'n glyskaal vir hierdie genres opgetrek word met die een pool gemerk as die meer kommersiële pool (oftewel die meer ekonomiese pool van dié subveld) en die ander gemerk as die minder kommersiële pool (oftewel die meer simboliese pool van dié subveld) sal vermaaklike boeke (**V**) die heel naaste aan die meer kommersiële pool van die subveld beweeg omdat dit boeke is wat op groot skaal geproduseer word en gerig is op 'n massamark. Ander genres wat naas vermaaklike boeke nader aan die meer kommersiële pool posisies inneem, is populêre genres, soos reeksboeke (**RB**), avontuurverhale (**A**), fantasieë (**F**) en gruwelverhale (**G**). Hierteenoor beweeg genres wat op 'n effe kleiner mark gerig is, soos simboliese verhale (**S**), bildungsromans (**B**), historiese verhale (**HV**) en mitologie (**M**), nader aan die minder kommersiële pool.

Ten einde al die genres in die subveld se posisie-innames akkuraat te karteer, is verkoopsyfers egter nodig. Aangesien hierdie studie nie oor verkoopsyfers beskik nie, steun die ondersoek in 'n groot mate op genres wat vernuwend te werk gegaan het in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms deur nuwe posisies in te neem (sien ook afdeling 4.2.2) en wys op 'n ekonomiese risiko wat aan die kant van die uitgewer aangegaan is ten einde heterodoksie in die subveld te bekwerkstellig, asook op die simboliese kapitaal waarvoor geselekteerde brontekste beskik in die vorm van literêre toekennings wat in die bronkultuur verower is (sien ook afdeling 4.2.3).

Vertalings van internasionale herkoms het nuwe posisies in die subveld ingeneem in die tydperk van ondersoek in die vorm van eksperimentele prenteboeke, prenteboeke waarin die illustrasies nader beweeg aan kuns, prenteboeke wat 'n volwasse leesgehoor trek en taboe-deurbrekende prenteboeke. Die boeke is gerig op 'n kleiner gehoor, en daarom is die verwagting van verkope relatief laag. As gevolg hiervan neem hierdie boeke posisies nader aan die minder kommersiële pool (oftewel die simboliese pool) van die subveld in. Uitgewers wat dié boeke geselekteer het vir vertaling in die tydperk van ondersoek, streef met die publikasie daarvan na meer simboliese kapitaal in die subveld.

Nuwe posisies is ook in die subveld ingeneem deur die vertaling van oorgangsfiksie. Oorgangsfiksie is sedert 2000 'n tendens in die internasionale veld van kinderliteratuur. Hoewel dit nuwe posisies in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms inneem, word dit verbind aan populêre kultuur en dit is op 'n baie breë mark gerig. As sodanig neem hierdie boeke posisies baie naby aan die meer kommersiële pool van die subveld in omdat die verwagting van verkope relatief hoog is. Uitgewers wat dié boeke geselekteer het vir vertaling in die tydperk van ondersoek, streef dus met die publikasie daarvan na meer ekonomiese kapitaal in die subveld.

Simboliese kapitaal sirkuleer ook in die veld as literêre toekennings. Literêre toekennings dra status, prestige en erkenning oor aan sowel agente as produkte in die literêre veld. As sodanig, is literêre toekennings deel van die magspel en wedywering tussen agente in die subveld om verskillende soorte kapitaal te akkumuleer, en sekere posisies in die veld te bekleed.

Literêre pryse het egter nie almal ewe veel status nie. Pryse kan byvoorbeeld verdeel word in dié wat deur volwasse bemiddelaars toegeken word, en dié wat deur kinderlesers toegeken word. Literêre pryse wat deur volwassenes toegeken word, gaan normatief te werk en verleen status aan boeke in die literêre veld wat as merietewaardig geag word. As gevolg hiervan verteenwoordig dié pryse (in 'n mindere of meerdere mate) 'n vorm van meer simboliese kapitaal. Daarenteen dui pryse wat deur kinderlesers self toegeken word op die gewildheid van 'n boek en nie op die literêre meriete daarvan nie. Hierdie pryse verteenwoordig dus meer ekonomiese kapitaal.

Vervolgens word daar ondersoek ingestel na prominente en naasprominente Afrikaanse uitgewers (sien afdeling 6.2.1) se publikasie-strategieë in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms in die tydperk 1990-2018. Die akkumulering van meer simboliese en meer ekonomiese kapitaal word beoordeel aan die hand van literêre pryse wat in die bronkultuur verwerf is (indien enige) deur te onderskei tussen pryse wat deur volwassenes toegeken is en pryse wat deur kinderlesers toegeken is. Daar word ook gelet op die genres wat elke uitgewer vir publikasie geselekteer het, met 'n onderskeid tussen boeke wat op 'n kleiner mark gerig is (soos simboliese boeke) asook boeke wat nuwe posisies in die veld inneem en op 'n niche-gehoor gerig is, en derhalwe naaste aan die minder kommersiële pool van die subveld beweeg, teenoor boeke wat op groot skaal geproduseer word en op 'n massamark gerig is (soos vermaaklike boeke) asook boeke wat nuwe posisies in die subveld inneem, maar op 'n groot kommersiële massamark gerig is, en derhalwe nader aan die meer kommersiële pool van die subveld posisie inneem.

Soos reeds gesê, is hierdie ondersoek in drie tydperke ingedeel, naamlik 1990-1999 (afdeling 6.2.2.1), 2000-2009 (afdeling 6.2.2.2) en 2010-2018 (afdeling 6.2.2.3). In die inventaris is daar aangeteken watter brontekste vir literêre pryse genomineer is of literêre pryse gewen het. Sowel nominasies as toekennings is in die ondersoek betrek. Waar brontekste wat toekennings ontvang het te veel is om gemaklik te beskryf, is dit in tabelle voorgestel (sien tabel 6.1 en tabel 6.2). In dié tabelle, is pryse afsonderlik met rooi kolpunte aangedui. Dit beteken dat kolpunte en brontekste in tabelle nie in 'n 1:1 verhouding voorgestel word nie: een bronteks het moontlik drie pryse gewen, wat dan as drie afsonderlike kolpunte in die tabel voorgestel word. Pryswennerbrontekste is ook nie in die ondersoek volledig in die lopende teks beskryf of volledig getabelleer nie. (Vir 'n meer volledige uiteensetting van brontekspryse, met 'n aanduiding van die bronteks se publikasiedatum, die brontekstitel, die brontaal, die bronteksouteur en die bronteksuitgewer,

die jaar van publikasie van die doelteks, die doelteksvertaler en die doelteksuitgewer, sien afdeling 4.2.3).

Voorts is daar in hierdie ondersoek 'n onderskeid getref tussen pryse wat deur volwassenes toegeken is (en derhalwe meer simboliese kapitaal in die subveld verteenwoordig, as 'n vorm van meriete-toekenning) en pryse wat deur kinders toegeken is (en derhalwe meer ekonomiese kapitaal in die subveld verteenwoordig, as 'n vorm van gewildheid-toekenning). Literêre pryse uit al die verteenwoordigende brontaallande is ondersoek, en daar is bevind dat brontekste vir die tydperk 1990-2018 pryse verower het uit Amerika, Brittanje, Australië, Nederland, België, Duitsland en Italië.

Die meriete-toekennings wat brontekste in die inventaris in hulle onderskeie bronkulture verower het, is uit Amerika, die Boston Globe-Horn Book-toekenning, die Caldecott-medalje, die Charlotte Zolotow-toekenning, die Coretta Scott King-toekenning, die E.B. White Read Aloud-toekenning, die Geisel-toekenning, die Golden Kite-toekenning, die Lewis Carroll Shelf-toekenning, die National Book Award for Young People's Literature en die Newbery-medalje. Uit Brittanje is dit die British Book-toekenning/Children's Book of the Year-toekenning, die Carnegie-medalje, die Costa-boektoekenning, die Kate Greenaway-medalje, die Scottish Children's Book-toekenning en die Waterstones Children's Book-prys. Uit Australië, die Children's Book Council of Australia Book of the Year-toekenning. Uit Nederland en België, die Boekenleeuw, die Gouden Griffel, die Gouden Penseel, die Zilveren Griffel, die Zilveren Penseel, die Vlag en Wimpel en die Woutertje Pieterse-prys. Uit Duitsland, die Deutscher Jugendliteratur-prys en uit Italië die Premio Alpi Apuane-prys (sien ook afdeling 4.2.3). Die gewildheid-toekennings wat brontekste in die inventaris in hulle onderskeie bronkulture verower het, is uit Amerika die Children & Teen Choice-boektoekenning, uit Brittanje die Nestlé Smarties-boekprys en die Red House Children's Book-toekenning, en uit Australië die Books I Loved Best Yearly (BILBY)-toekenning (sien ook afdeling 4.2.3).

Nog 'n prys wat in hierdie ondersoek as meriete-toekenning in ag geneem word, is die hoogaangeskrewe Astrid Lindgren Memorial-toekenning. Dié toekenning word sedert 2002 deur die Sweedse Kunsteraad toegeken, en is die belangrikste toekenning vir kinder- en jeugliteratuur in die wêreld. Dit word egter nie aan spesifieke boeke toegeken nie:


Authors receive the award for their entire oeuvre, not for individual works. You do not, however, need to have written a word to be considered. Illustrators and storytellers can also be rewarded. The award may also be presented to persons or organisations working to stimulate reading by children and young adults (Astrid Lindgren Memorial Award, [s.a.]).

Die toekenning is vernoem na die Sweedse skrywer, Astrid Lindgren, wie se kinderboeke (waaronder die *Pippie Langkous*-reeks) al in meer as 90 tale vertaal is. Die doel van hierdie toekenning, is om belangstelling in kinder- en jeugliteratuur regoor die wêreld te bevorder (Astrid Lindgren Memorial Award, [s.a.]).

6.2.2.1 In die tydperk 1990-1999

6.2.2.1.1 Anansi Uitgewers

Anansi Uitgewers is die prominentste uitgewer in hierdie tydperk. Anansi het slegs prenteboeke vir vertaling in Afrikaans geselekteer, en was hoofsaaklik verantwoordelik vir die groot aantal vertaalde volksverhale en didaktiese boeke wat tussen 1990 en 1999 in Afrikaans verskyn het. Hoewel die genres wat Anansi Uitgewers vir vertaling in hierdie tyd vertaal het hoofsaaklik volksverhale en didaktiese boeke was, het Anansi ook fantasieë en sprokies, kinderboeke in rymvorm, realistiese verhale, humoristiese boeke, simboliese verhale, probleemboeke, diereverhale en reeksboeke vir vertaling geselekteer (sien figuur 13).¹¹




Figuur 13. Genres vertaalde Afrikaanse kinderboeke deur Anansi Uitgewers: 1990-1999.

¹¹ Die genres slaapydstories en avontuurverhale was in die minderheid, en word nie op figuur 13 aangetoon nie.

Anansi is ook die uitgewer wat in dié tyd die meeste brontekste geselekteer het wat merietepryse in die bronkultuur ontvang het: nege brontekste was Caldecott-medaljewenners en nog agt is eervol vermeld vir die Caldecott-medalje, vier brontekste het die Lewis Carroll Shelf-toekenning ontvang, nog vier brontekste het die Boston Globe Horn-Book toekenning ontvang, twee ander is bekroon met die Golden Kite-toekenning, en een met die Coretta Scott King-toekenning (sien ook afdeling 4.2.3).

6.2.2.1.2 Human & Rousseau

Human & Rousseau is ná Anansi Uitgewers die prominentste uitgewer in hierdie tydperk. Hoewel Human & Rousseau hoofsaaklik prenteboeke vertaal het, is opwipboeke, kartonboeke, plakkerboeke en geïllustreerde kinderboeke ook vir vertaling geselekteer. By die genres wat Human & Rousseau in die tydperk 1990-1999 vertaal het, is didaktiese boeke in die meerderheid. Buiten didaktiese boeke, het Human & Rousseau ook humoristiese boeke, avontuurverhale, reeksboeke, volksverhale en fabels, realistiese verhale, fantasieë en sprokies, probleemboeke, diereverhale, kinderboeke in rymvorm en slaapydstories vir vertaling geselekteer (sien figuur 14).¹²




Figuur 14. Genres vertaalde Afrikaanse kinderboeke deur Human & Rousseau: 1990-1999.

¹² Die genres simboliese verhale, gruwelverhale en wetenskapfiksie was in die minderheid, en word nie op figuur 14 aangetoon nie.

Daarby het Human & Rousseau vier brontekste vir vertaling geselekteer wat gewildheid-toekennings in die bronkultuur ontvang het: drie Nestlé Smarties Book-pryse en een British Illustrated Children's Book of the Year-toekenning (sien ook afdeling 4.2.3).

6.2.2.1.3 Grolier

Uit die naasprominente uitgewers vir hierdie tydperk, is Grolier die aktiefste in die subveld. Grolier het in dié tyd slegs prenteboeke vertaal en slegs in een genre, naamlik vermaaklike boeke, in die vorm van *Disney se wonderwêreld van lees*-reeks (sien figuur 15).



Figuur 15. Genres vertaalde Afrikaanse kinderboeke deur Grolier: 1990-1999.


Grolier het geen brontekste vir vertaling geselekteer wat toekennings in die bronkultuur ontvang het nie.

6.2.2.1.4 Daan Retief/Kennis Onbeperk

Daan Retief/Kennis Onbeperk het in hierdie tyd hoofsaaklik reeksboeke vertaal, en daarnaas didaktiese boeke. Die derde genre wat prominent was in vertaling, is avontuurverhale en humoristiese boeke gesamentlik.

Daan Retief Uitgewers het ook vermaaklike boeke in Afrikaans vertaal in die vorm van boeke uit *Disney se wonderwêreld van lees*-reeks. Naas dié genres, is daar ook fantasieë en sprokies, volksverhale en fabels, diereverhale, realistiese verhale en slaapydstories vir vertaling geselekteer (sien figuur 16).


Drie van die brontekste wat Daan Retief Uitgewers vir vertaling geselekteer het in die tydperk het meriete-toekennings in die bronkultuur ontvang: een bronteks is eervol vermeld vir die Caldecott-medalje, een het die Children's Book Council of Australia Book of the Year-toekenning ontvang, en 'n ander is eervol vermeld vir die Children's Book Council of Australia Book of the Year-toekenning (sien ook afdeling 4.2.3).



Figuur 16. Genres vertaalde Afrikaanse kinderboeke deur Daan Retief/Kennis Onbeperk: 1900-1999.

6.2.2.1.5 Garamond Uitgewers

Garamond Uitgewers het slegs prentboeke vir vertaling geselekteer en slegs in vyf genres. Hierdie genres is, van die genre wat die meeste vertaal is tot die genre wat die minste vertaal is: didaktiese boeke, kinderboeke wat in rymvorm geskryf is, reeksboeke, volksverhale en probleemboeke (sien figuur 17).




Figuur 17. Genres vertaalde Afrikaanse kinderboeke deur Garamond Uitgewers: 1990-1999.

Vyf van die brontekste wat Garamond vir vertaling geselekteer het, het meriete-toekennings in die bronkultuur ontvang: twee was wenners van die Gouden Penseel-toekenning, een van 'n Gouden Griffel, een van 'n Zilveren Penseel, en een van 'n Vlag en Wimpel (sien ook afdeling 4.2.3).

6.2.2.1.6 Tafelberg Uitgewers

Tafelberg Uitgewers het in hierdie tydperk hoofsaaklik geïllustreerde kinderboeke en kinderboeke sonder illustrasies vir vertaling geselekteer, gevolg deur prenteboeke. Die genres waarop die uitgewer dit in dié tyd toegespits het, is reeksboeke, veral gruwelverhale en avontuurverhale in die vorm van R.L. Stine se gewilde *Grillers*-reeks. Die ander genres wat Tafelberg Uitgewers in hierdie tyd vir vertaling geselekteer het, is simboliese verhale, didaktiese boeke, fantasieë en sprokies, wetenskapfiksie, probleemboeke en slaapydstories (sien figuur 18).

Twee van Tafelberg Uitgewers se geselekteerde brontekste vir die tydperk het pryse in die bronkultuur verower, en albei is bekroon met gewildheid-toekennings: een brontekste het 'n Red House Children's Book-toekenning ontvang sowel as 'n Books I Loved Best Yearly (BILBY)-toekenning, en 'n ander het die Nestlé Smarties Book-prys ontvang (sien ook afdeling 4.2.3).



Figuur 18. Genre vertaalde Afrikaanse kinderboeke deur Tafelberg Uitgewers: 1990-1999.

6.2.2.1.7 Die posisie van uitgewers in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur vir die tydperk 1990-1999

Uitgewers neem posisie in die veld in op grond van die soorte kapitaal of kombinasies van kapitaal wat hulle in die veld wil akkumuleer. Hierdie strategie maak deel uit van die uitgewer se habitus en is 'n manier waarop uitgewers vir hulle 'n unieke identiteit skep deur 'n spesifieke nis in die veld te beklee en literêre produkte te publiseer wat hulle van ander uitgewers in die veld sal onderskei.

In die struktuur van die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-1999, het Anansi Uitgewers 'n posisie naaste aan die minder kommersiële pool van die subveld ingeneem. Ook Garamond Uitgewers het tot 'n groot mate na meer simboliese kapitaal gestreef, en het 'n posisie naas Anansi Uitgewers nader aan die minder kommersiële pool van die subveld ingeneem.

Human & Rousseau, Daan Retief/Kennis Onbeperk en Tafelberg Uitgewers het in verskillende mates na sowel meer simboliese as meer ekonomiese kapitaal gestreef, en het as gevolg hiervan posisies nader aan die middel van die subveld se twee pole ingeneem, met Daan Retief en Tafelberg Uitgewers effe nader aan die meer kommersiële pool, en Human & Rousseau effe nader aan die minder kommersiële pool. Hierteenoor het Grolier

uitsluitlik na meer ekonomiese kapitaal gestreef, en het dié uitgewer 'n posisie die heel naaste aan die meer kommersiële pool van die subveld vir hierdie tydperk ingeneem.¹³

Omdat Afrikaans gedurende apartheid begunstig is, was daar nog in die begin van die tydperk 1990-1999 'n sterk en gevestigde Afrikaanse skoolboekmark en biblioteekmark in die veld teenwoordig wat die publikasie van boeke met meer simboliese kapitaal in 'n groot mate vir uitgewers onderskraag het. Die rede waarom Anansi Uitgewers na meer simboliese kapitaal in die subveld gestreef het, kan dalk daaraan toegeskryf word dat dié uitgewer hoofsaaklik kinderboeke vir die biblioteekmark geproduseer het (sien Snyman & Venter, 2004:124). Dit is ook die geval met Garamond Uitgewers. Die ruim staatsubsidies wat Afrikaanse skole en openbare biblioteke jaarliks vir boekaankope ontvang het, kan beskou word as 'n vorm van ongedifferensieerde patronaat¹⁴ wat Afrikaanse uitgewers indirek deur middel van biblioteke en skole se jaarlikse boekaankope begunstig het. As gevolg van die gevestigde biblioteekmark kon Anansi Uitgewers en Garamond Uitgewers hulle in hulle publikasiestrategieë toespits op die seleksie van hoë gehalte internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans wat pryse in die bronkultuur verower het en derhalwe meer simboliese kapitaal (maar terselfdertyd ook meer ekonomiese kapitaal) in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms akkumuleer.

Terwyl Anansi Uitgewers en Garamond Uitgewers hoofsaaklik op die publikasie van vertaalde prenteboeke vir kinders toegespits was, het vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms vir Human & Rousseau en Tafelberg Uitgewers slegs 'n klein gedeelte van hulle algehele publikasielys uitgemaak. Ook Daan Retief het 'n gediversifiseerde publikasielys in die veld van Afrikaanse literatuur verteenwoordig, met vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms as net 'n gedeelte van die uitgewer se totale uitset.

Sowel Human & Rousseau as Tafelberg Uitgewers was meer gefokus op die uitgee van plaaslike Afrikaanse kinderboeke vir die groot Afrikaanse voorskryfmark wat in dié tyd deur staatsubsidies onderskraag is. As sodanig het hierdie uitgewers deel gehad aan die indirekte en ongedifferensieerde patronaat vanaf die staat in die vorm van subsidies aan skole en biblioteke, wat 'n groot mark geskep het vir die publikasie van kinder- en jeugboeke

¹³ Omdat geen inligting beskikbaar is oor die datums waarop Anansi Uitgewers, Garamond Uitgewers of Grolier tot die subveld toetree het nie, kon 'n eenvoudige voorstelling van die posisies wat uitgewers in die subveld ingeneem het vir die tydperk 1990-1999 nie opgestel word nie (sien figuur 6.15 en figuur 6.21).

¹⁴ Dit is ongedifferensieerd omdat dit net van een patronaat, in dié geval die staat, afkomstig is.

met meer simboliese kapitaal. Omdat dié uitgewers hoofsaaklik op die plaaslike Afrikaanse voorskryfmark toegespits was en vertalings van internasionale herkoms gebruik het om hulle publikasielyste aan te vul, kan dit 'n rede wees waarom albei uitgewers van gemengde strategieë gebruik gemaak het in die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling deur in 'n mindere of meerdere mate na die akkumulering van sowel meer simboliese kapitaal as meer ekonomiese kapitaal te streef.

Daan Retief/Kennis Onbeperk het 'n gediversifiseerde publikasielys in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms verteenwoordig en titels uitgegee wat op die biblioteekmark gerig was, maar ook titels uit die vermaaklikheidsindustrie gepubliseer wat op 'n breë massamark gerig was. Dit is moontlik 'n rede waarom Daan Retief/Kennis Onbeperk ook van 'n gemengde strategie gebruik gemaak het in die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling deur te streef na sowel die akkumulering van meer simboliese as meer ekonomiese kapitaal in die subveld.


Hierteenoor was Grolier slegs toegespits op die seleksie van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms wat aan die vermaaklikheidsindustrie verbonde was en op 'n breë massamark gerig was. Grolier is die enigste uitgewer in hierdie tydperk wat die posisie in die subveld naaste aan die meer kommersiële pool ingeneem het.

6.2.2.2 In die tydperk 2000-2009

6.2.2.2.1 Human & Rousseau

Human & Rousseau is die prominentste uitgewer in hierdie tydperk, en het 'n verskeidenheid subgenres vir vertaling in Afrikaans geselekteer, waaronder kartonboeke, opwipboeke, prenteboeke, geïllustreerde kinderboeke, kinderboeke sonder illustrasies en strokiesprente. Die genres wat Human & Rousseau die meeste vertaal het, is reeksboeke, gevolg deur avontuurverhale, fantasieë en sprokies, didaktiese boeke, humoristiese boeke, kinderboeke in rymvorm en volksverhale en fabels (sien figuur 19).¹⁵

¹⁵ Die genres diereverhale, mitologie, probleemboeke, realistiese verhale, slaapydstories, simboliese verhale en wetenskapfiksie is in die minderheid, en word nie in figuur 19 aangetoon nie.



Figuur 19. Genres vertaalde Afrikaanse kinderboeke deur Human & Rousseau: 2000-2009.


In hierdie tydperk het Human & Rousseau ook kommersiële kinderboeke vertaal wat as oorgangsfiksie geklassifiseer word, in die vorm van J.K. Rowling se gewilde *Harry Potter*-reeks, Eoin Colfer se *Artemis Fowl* (2002) en Lemony Snicket se *'n Reeks ongelukkige gebeure* (2004) (sien afdeling 4.2.5).

Human & Rousseau het ook agt brontekste vir vertaling geselekteer wat toekennings in die bronkultuur ontvang het. Twee brontekste het meriete-toekennings ontvang: 'n Lewis Carroll Shelf-toekenning en 'n Children's Book of the Year-toekenning. Sewe ander het gewildheid-toekennings ontvang: vyf Books I Loved Best Yearly (BILBY)-toekennings, een Red House Children's Book toekenning, en een Children & Teen Choice-toekenning (sien ook afdeling 4.2.3).

6.2.2.2 Jacklin Ondernemings

Ná Human & Rousseau, is Jacklin Ondernemings die prominentste uitgewer in hierdie tydperk. Jacklin Ondernemings het hoofsaaklik prentboeke en enkele geïllustreerde kinderboeke vir vertaling geselekteer, en die oorweldigende meerderheid van Jacklin se publikasies was vermaaklike boeke uit *Disney se wonderwêreld van lees*-reeks en boeke uit die *Barbie*-reeks.

Naas hierdie genres, het Jacklin ook fantasieë en sprokies, avontuurverhale, didaktiese boeke, volksverhale en fabels en enkele bildungsromans vir vertaling geselekteer (laasgenoemde is twee verwerkte vertalings van Johanna Spyri se *Heidi* en een is 'n verwerkte vertaling van Louisa May Alcott se *Little Women*) (sien figuur 20).¹⁶ Jacklin Ondernemings het geen prysweners in hierdie tydperk vir vertaling geselekteer nie.



Figuur 20. Genres vertaalde Afrikaanse kinderboeke deur Jacklin Ondernemings: 2000-2009.

6.2.2.2.3 LAPA Uitgewers


LAPA Uitgewers is een van die naasprominente uitgewers in hierdie tydperk, en het kantonboeke, opwipboeke, prentboeke, geïllustreerde kinderboeke en kinderboeke sonder illustrasies vir vertaling geselekteer.

Die genres wat LAPA hoofsaaklik vertaal het, is reeksboeke, gevolg deur didaktiese boeke, fantasieë en sprokies, kinderboeke in rymvorm, avontuurverhale, humoristiese boeke, volksverhale en fabels, vermaaklike boeke en slaapydstories (sien figuur 21).¹⁷

Een van die brontekste wat LAPA in hierdie tyd vir vertaling geselekteer het, is in die bronkultuur met twee gewildheid-toekennings bekroon: die Red House Children's Book-toekenning en die Nestlé Smarties Book-prys (sien ook afdeling 4.2.3).

¹⁶ Die genres diereverhale, humoristiese boeke, historiese verhale en wetenskapfiksie is in die minderheid, en word nie op figuur 20 aangetoon nie.

¹⁷ LAPA Uitgewers het ook bildungsromans, probleemboeke en realistiese boeke vir vertaling geselekteer, maar dit is in die minderheid en word nie op figuur 21 aangetoon nie.



Figuur 21. Genres vertaalde Afrikaanse kinderboeke deur LAPA Uitgewers: 2000-2009.


6.2.2.2.4 Fantasi Boeke

Ná LAPA is Fantasi Boeke ook 'n naasprominente uitgewer in die subveld gedurende hierdie tyd. Fantasi Boeke het in hierdie tydperk hoofsaaklik prentboeke vir vertaling geselekteer, maar het ook vertaalde plakkerboeke en geïllustreerde kinderboeke in Afrikaans uitgegee.

Die genres wat Fantasi hoofsaaklik vir vertaling geselekteer het, is didaktiese boeke, gevolg deur reeksboeke, avontuurverhale, volksverhale en fabels, fantasieë en sprokies, slaaptydstories en diereverhale (sien figuur 22).¹⁸

In hierdie tydperk het Fantasi Boeke geen brontekste vir vertaling geselekteer wat pryse in die bronkultuur ontvang het nie.


¹⁸ Fantasi Boeke het ook humoristiese boeke, kinderboeke in rymvorm, probleemboeke en realistiese verhale vir vertaling geselekteer, maar dit is in die minderheid en word nie op figuur 22 aangetoon nie.



Figuur 22. Genres vertaalde Afrikaanse kinderboeke deur Fantasi Boeke: 2000-2009.

6.2.2.2.5. Pearson Education/Maskew Miller Longman

Pearson Education/Maskew Miller Longman is die laaste naasprominente uitgewer vir hierdie tydperk. Hierdie uitgewer het slegs prentboeke uitgegee, en slegs in drie genres: vermaaklike boeke, fantasieë en sprokies, en volksverhale en fabels (sien figuur 23).



Figuur 23. Genres vertaalde Afrikaanse kinderboeke deur Pearson Education/Maskew Miller Longman: 2000-2009.

Die vermaaklike boeke wat in hierdie tyd by Pearson Education/Maskew Miller Longman verskyn het, is hoofsaaklik boeke uit die *Klassieke verhale van Walt Disney*-reeks en die *Fantastiese storietydversameling*-reeks (wat ook Walt Disney-verhale bevat). Die genres fantasieë en sprokies, volksverhale en fabels word hoofsaaklik verteenwoordig deur boeke in Pearson Education/Maskew Miller Longman se *Ladybird stories*-reeks.

6.2.2.2.6 Die posisie van uitgewers in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur vir die tydperk 2000-2009

In die tydperk 2000-2009 het die aantal vertalings wat gepubliseer is merkbaar verminder en nie een van die prominente of naasprominente uitgewers in die subveld het nader aan die minder kommersiële pool van die veld posisies ingeneem nie. Ná die politieke omwenteling in die 1990's het die skool- en biblioteekmark in 1998 'n insinking beleef en ongedifferensieerde patronaat deur die staat het weggeval. Hierdie politieke en ekonomiese invloed van buite het indirek 'n invloed op die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms gehad deurdat die struktuur van die subveld groot veranderinge ondergaan het. Uitgewers wat nog in 1995 in die subveld aktief was, soos Anansi Uitgewers, Grolier en Daan Retief/Kennis Onbeperk, het teen die eeuwending permanent uit die subveld verdwyn. Human & Rousseau en Tafelberg Uitgewers het hulle onafhanklikheid verloor, en drukname geword van die NB Uitgewers-groep. Ook J.P. van der Walt en Seun het finansiële gesukkel om die mas op te kom, en is uiteindelik oorgekoop deur die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV), waarna dit bekend gestaan het as LAPA Uitgewers.

Terwyl Afrikaanse uitgewers wat teen die eeuwending indirek deur die ongedifferensieerde patronaat van die staat begunstig is óf hulle deure moes sluit óf moes sukkel om aan te pas by die markomstandighede in 'n vrye mark sonder ongedifferensieerde patronaat, het daar ook nuwe uitgewers tot die subveld toegetree, soos Fantasi Boeke. Dié uitgewer het dit slegs toegespits op die publikasie van kinderboeke en meestal prenteboeke van internasionale herkoms wat in ko-produksie met internasionale uitgewers gedruk en op 'n massamark gerig is.

Moontlik weens die groot strukturele veranderinge wat in die subveld plaasgevind het asook die groot ekonomiese onsekerheid in die oorgang na 'n vrye boekmark sonder staatsbeheer, het die aantal vertalings wat uitgegee is in dié tydperk afgeneem, en het al die uitgewers wat hierdie tyd in die subveld aktief was tot 'n mindere of meerdere mate nader aan die


meer kommersiële pool van die subveld beweeg. Dit beteken dat uitgewers in dié tyd in 'n groot mate ekonomiese risiko's probeer vermy het deur internasionale kinderboeke vir vertaling te selekteer wat op 'n groter gehoor gerig was en vinniger 'n hoër ekonomiese opbrengs sou lewer. Uitgewers het ook in dié tyd vertaalde kinderboeke wat vroeër baie suksesvol was heruitgegee, soos die immergewilde *Pippie Langkous*-reeks (2002) van Human & Rousseau vertaal deur Nerina Ferreira, *Winnie-die-Poeh* (2007) van Tafelberg Uitgewers vertaal deur Alba Bouwer, *Die GSR* (2007) van Tafelberg Uitgewers vertaal deur Mavis de Villiers, *Marius se merkwaardige medisyne* (2005) van Human & Rousseau vertaal deur Leon Rousseau, asook die eerste twee boeke in die *Narnia*-reeks deur Human & Rousseau naamlik *Die leeu, die heks en die hangkas* (2002) vertaal deur Helene de Villiers en *Die towenaar se neef* (2002) vertaal deur André P. Brink.¹⁹

Na aanleiding van uitgewers se seleksiestrategieë in die subveld, het Jacklin Ondernemings, Pearson Education en Fantasi Boeke hoofsaaklik gestreef na meer ekonomiese kapitaal in die subveld, en daarom verspreid posisies naaste aan die meer kommersiële pool van die subveld ingeneem. LAPA Uitgewers en Human & Rousseau het in verskillende mates gestreef na sowel meer ekonomiese as meer simboliese kapitaal, en daarom verspreid posisies ingeneem tussen die minder kommersiële pool en die meer kommersiële pool van die subveld.

Hierdie posisie-innames kan in 'n eenvoudige figuur voorgestel word deur die posisies wat uitgewers in die veld ingeneem het te karteer as posisies tussen die minder kommersiële pool van die veld (gemerk met 'n plus en verteenwoordigend van meer simboliese kapitaal) en die meer kommersiële pool van die veld (gemerk met 'n minus en verteenwoordigend van meer ekonomiese kapitaal) en ook in ag te neem hoe lank die uitgewer reeds in die subveld aktief is (aangedui as uitgewers wat meer of minder gevestig is).

Uitgewers wat nader aan die positiewe pool van die veld posisie inneem streef in 'n groot mate na meer simboliese kapitaal, uitgewers wat nader aan die negatiewe pool van die veld posisie inneem streef in 'n groot mate na meer ekonomiese kapitaal, en uitgewers wat tussen die twee pole posisie inneem streef in verskillende mates na sowel meer ekonomiese as meer simboliese kapitaal (sien figuur 24).

¹⁹ Gewilde oorspronklike Afrikaanse kinderboeke is ook heruitgegee, soos Topsy Smith se *Trompie*- en *Saartjie*-reeks van Human & Rousseau.



Figuur 24. 'n Eenvoudige voorstelling van die struktuur van die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms vir die tydperk 2000-2009.


6.2.2.3 In die tydperk 2010-2018

6.2.2.3.1 Protea Boekhuis

Protea Boekhuis is die prominentste uitgewer vir hierdie tydperk, en het hoofsaaklik prentebouke en geïllustreerde kinderbouke vir vertaling geselekteer, maar het ook kartonbouke, opwipbouke, strokiesprente en kinderbouke sonder illustrasies in Afrikaans vertaal. Die genres wat Protea Boekhuis vir vertaling geselekteer het, is hoofsaaklik reeksbouke, gevolg deur avontuurverhale, humoristiese bouke, fantasieë en didaktiese bouke. Hiernaas is ook kinderbouke in rymvorm, realistiese verhale, simboliese verhale, probleembouke, diereverhale en slaapydstories vir vertaling geselekteer (sien figuur 25).²⁰

Protea Boekhuis was ook in die tydperk 2010-2018 verantwoordelik vir die vertaling van eksperimentele prentebouke wat nuwe posisies in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms ingeneem het, naamlik Hans Peter Willberg se *Die vertakte, vervlakste storie van die vet klein hondjie* (2012), Marco Viale se *Gaap* (2018), Miriam Koch se *Andries Anders* (2013) en *Andries Anders: 'n Reis met die wind* (2016), asook Einar Turkowski se *Die Ruwe Berg* (2015) en Karina Schaapman se *Die muishuisreeks* (2017) (sien afdeling 4.2.2.1.1).

²⁰ Protea Boekhuis het ook volksverhale en fabels, gruwelverhale, bildungsromans en historiese verhale vir vertaling geselekteer, maar dit is in die minderheid en word nie op figuur 25 aangetoon nie.



Figuur 25. Genres vertaalde Afrikaanse kinderboeke deur Protea Boekhuis: 2010-2018.

Daarby het Protea Boekhuis prentboeke vir vertaling geselekteer wat nuwe posisies in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms ingeneem het deurdat dit ook, deur middel van illustrasies, intertekstuele verwysings, gesofistikeerde inhoud of skerpsinnige humor, tot 'n volwasse leesgehoor spreek. Dit is naamlik Leen van den Berg en Kaatje Vermeire se *Olifant se vraag* (2016), Noelia Blanco se *Die Valle van die Windmeulens* (2015), Agnès de Lestrade se *Die land van die groot woordfabriek* (2015), Anthony Browne se *Willie die dromer* (2012), Gilles Bachelet se *My kat, die mees verspotte kat ter wêreld* (2015), Einar Turkowski se *Die maanblom* (2018) en *Die Ruwe Berg* (2015), Marla Frazee se *Baas Baba in die hoofrol* (2016) en Vincent Malone en André Bouchard se prentboeke *Voordat daar skole was* (2015) en *Toe pappa klein was, was daar dinosourusse* (2015).

Ook taboe-deurbrekende prentboeke is vir vertaling geselekteer, soos Daniela Kulot se *Neuskrap is lekker* (2011) en Manuela Olten se *Die wildewragtigs* (2010) met kinderboeke wat handel oor die dood soos Max Velthuis se *Padda en die voëlgesang* (2018), Tine Mortier se *Martie en haar ouma* (2013), Jutta Bauer se *Oupa se engel* (2013) en Benji Davies se *Oupa se eiland* (2017). Protea Boekhuis het ook die eerste gotiese of gruwelprentboek in Afrikaans vertaal wat 'n nuwe posisie in dié subveld inneem, naamlik Koen van Biesen se *Mamma Lucinda* (2013).

Hierdie uitgewer het ook oorgangsfiksie vertaal, naamlik Lili Thal se *Mimus* (2014) en Joran Noordewind se *Noordewind* (2012), Michael Ende se *Momo* (2018) en *Die eindelose storie* (2018) en die eerste twee boeke in Chris Riddell se *Goth girl*-reeks (2018). Chris Riddell se *Goth girl*-reeks

is ook 'n nuwe posisie-inname in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms as 'n gotiese parodie.

Onder kommersiële oorgangsfiksie wat deur films gepopulariseer is, het Protea Boekhuis C.S. Lewis se *Narnia*-reeks, Cressida Cowell se *Hoe om jou draak te tem*-reeks, J.R.R. Tolkien se *Die hobbit* of *Daarheen en weer terug* (2017) en Katherine Paterson se *Brug na Terabithia* (2018) in Afrikaans vertaal. Katherine Paterson het egter ook in 2006 die Astrid Lindgren Memorial-toekenning ontvang; die vertaling van haar literêre werke verteenwoordig dus ook meer simboliese kapitaal. Ander outeurs wat die Astrid Lindgren Memorial-toekenning ontvang het en wie se werk deur Protea Boekhuis in Afrikaans vertaal is, is Guus Kuijer in 2012 en Wolf Erlbruch in 2017. Protea Boekhuis het ook brontekste vir vertaling geselekteer wat pryse in die bronkultuur ontvang het, waaronder sowel meriete- as gewildheid-toekennings (sien tabel 13).


Meriete-toekennings	Getal
Boekenleeuw	•
Boekenpluim	•
Caldecott-medalje	•
Carnegie-medalje	•
Children's Book of the Year-toekenning	•••
Costa-boektoekenning	•
Deutscher Jugendliteratur-prys	•••••••
Gouden Boekenuil	••
Gouden Griffel	•••••••
Gouden Penseel	•
Lewis Carroll Shelf-toekenning	•
Newbery-medalje	•
Premio Alpi Apuane-prys	•
Vlag en Wimpel	•••••••
Woutertje Pieterse-prys	••
Zilveren Griffel	•••••••
Zilveren Penseel	•
Gewildheid-toekennings	Getal
Nestlé Smarties-boekprys	•
Red House Children's Book-toekenning	•••
Books I Loved Best Yearly (BILBY)-toekenning	•

Tabel 13. 'n Eenvoudige voorstelling van Protea Boekhuis se seleksie van pryswennerbrontekste.

6.2.2.3.2 Human & Rousseau

Human & Rousseau is die tweede prominentste uitgewer vir hierdie tydperk en het verskeie subgenres vir vertaling geselekteer, naamlik opwipboeke, kartonboeke, plakkerboeke,

prenteboeke, geïllustreerde kinderboeke en kinderboeke sonder illustrasies. Onder die genres wat Human & Rousseau in dié tyd vertaal het, is reeksboeke die meeste, gevolg deur avontuurverhale, didaktiese boeke, humoristiese boeke en fantasieë en sprokies. Kinderboeke in rymvorm, slaapydstories, volksverhale en fabels, realistiese verhale en gruwelverhale is ook vertaal (sien figuur 26).²¹



Figuur 26. Genres vertaalde Afrikaanse kinderboeke deur Human & Rousseau: 2010-2018.

Human & Rousseau is ook in die tydperk 2010-2018 verantwoordelik vir die vertaling van eksperimentele prenteboeke wat nuwe posisies in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms ingeneem het, naamlik Richard Byrne se *Die boek het my hond ingesluk!* (2016) en Carl-Johan Forssén se *Die hasie wat aan die slaap wou raak* (2015) en *Die olifantjie wat aan die slaap wou raak* (2016) (sien afdeling 4.2.2.1.1), asook taboe-deurbrekkende prenteboeke soos Guido van Genechten se *Mag ek in jou doek loer?* (2012) en Tom Fletcher se *Dino poef 'n planeet* (2018). Human & Rousseau het werke van een outeur vertaal wat die Astrid Lindgren Memorial-toekenning ontvang het, naamlik Maurice Sendak, wat dié toekenning in 2003 ontvang het. Daarby het Human & Rousseau ook pryswennerbrontekste geselekteer in hierdie tydperk, waaronder sowel meriete- as gewildheid-toekennings (sien tabel 14).


²¹ Human & Rousseau het ook probleemboeke en bildungsromans vir vertaling geselekteer, maar dit is in die minderheid en word nie op figuur 26 aangetoon nie.

Meriete-toekennings	Getal
Caldecott-medalje	•
Children's Book of the Year-toekenning	•••••
E.B. White Read Aloud-toekenning	•
Geisel-toekenning	•
Lewis Carroll Shelf-toekenning	•
Scottish Children's Book-toekenning	•
Waterstones Children's Book-prys	•
Gewildheid-toekennings	Getal
Nestlé Smarties-boekprys	•••
Red House Children's Book-toekenning	•••••
Books I Loved Best Yearly (BILBY)-toekenning	•••••

Tabel 14. 'n Eenvoudige voorstelling van Human & Rousseau se seleksie van pryswennerbrontekste.

6.2.2.3 LAPA Uitgewers

LAPA Uitgewers is die derde prominentste uitgewer vir hierdie tydperk. Hoewel LAPA Uitgewers hoofsaaklik prenteboeke, geïllustreerde kinderboeke en kinderboeke sonder illustrasies vir vertaling geselekteer het, is kartonboeke en opwipboeke ook vertaal. Die genre waarin LAPA die meeste kinderboeke vir vertaling geselekteer het, is reeksboeke gevolg deur didaktiese kinderboeke, met daarna fantasieë en sprokies, diereverhale en avontuurverhale. Humoristiese boeke, kinderboeke in rymvorm en slaapydstories is ook vertaal (sien figuur 27).²²



Figuur 27. Genres vertaalde Afrikaanse kinderboeke deur LAPA Uitgewers: 2010-2018.


²² LAPA Uitgewers het ook probleemboeke, realistiese verhale, wetenskapfiksie, volksverhale en fabels en gruwelverhale vir vertaling geselekteer, maar dit is in die minderheid en word nie op figuur 27 aangetoon nie.

LAPA het twee pryswennerbrontitels vir vertaling in die tydperk geselekteer, waarvan albei meriete-toekennings in die bronkultuur ontvang het: een bronteks het die Boekenwelp gewen, en een is eervol vermeld vir die Charlotte Zolotow-toekenning.

6.2.2.3.4 Fantasi Boeke

Fantasi Boeke is 'n naasprominente uitgewer wat hoofsaaklik prentebouke vir vertaling geselekteer het, maar ook plakkerbouke en opwipbouke in Afrikaans vertaal het. Die genres wat Fantasi hoofsaaklik vir vertaling geselekteer het, is reeksbouke, gevolg deur didaktiese bouke, vermaaklike bouke (in die vorm van *Die Smurfies*-reeks), avontuurverhale, fantasieë en sprokies asook diereverhale (sien figuur 28).²³

Fantasi Boeke het in hierdie tyd geen brontekste vir vertaling geselekteer wat toekennings in die bronkultuur ontvang het nie.



Figuur 28. Genres vertaalde Afrikaanse kinderbouke deur Fantasi Boeke: 2010-2018.

6.2.2.3.5 Bargain Books

Bargain Books is die laaste naasprominente uitgewer vir hierdie tydperk en het prentebouke en geïllustreerde kinderbouke vir vertaling geselekteer, hoofsaaklik in die genres fantasieë en sprokies, gevolg deur didaktiese bouke, volksverhale en fabels, slaapydstories en avontuurverhale (sien figuur 29). Baie van hierdie fantasieë, sprokies, volksverhale en fabels, avontuurverhale en slaapydstories is in die vorm van storiebundels uitgegee.

²³ Fantasi Boeke het ook humoristiese bouke, slaapydstories en volksverhale en fabels vir vertaling geselekteer, maar dit is in die minderheid en word nie op figuur 28 aangetoon nie.

Bargain Books het in hierdie tyd geen brontekste vir vertaling geselekteer wat literêre toekennings in die bronkultuur ontvang het nie.



Figuur 29. Genres vertaalde Afrikaanse kinderboeke deur Bargain Books: 2010-2018.

6.2.2.3.6 Die posisie van uitgewers in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur vir die tydperk 2010-2018

In die tydperk 2010-2018, het die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms bestendige groei getoon, wat daarop dui dat die veld gestabiliseer het ná die grootskaalse herstrukturering teen die eeuwending. Hierdie toename in vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms dui moontlik op 'n strategie wat Afrikaanse uitgewers in die subveld gebruik om kinderboeke op 'n meer ekonomiese manier in 'n vrye boekmark te publiseer.

In hierdie meer stabiele tyd het uitgewers hulle ook strategies van mekaar in die veld begin onderskei deur spesifieke kombinasies van kapitaal in die veld te akkumuleer en deur ortodoks of heteroks in hulle seleksiestrategieë te werk te gaan. Protea Boekhuis en ook Human & Rousseau het groot risiko's geneem deur heterodoksie in die subveld te bewerkstellig en internasionale kinderboeke vir vertaling te selekteer wat nuwe posisies in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms ingeneem het.


Protea Boekhuis het in die tydperk 2010-2018 in 'n groot mate gestreef na die akkumulering van meer simboliese kapitaal in die subveld, en in 'n mindere mate ook na die akkumulering van meer ekonomiese kapitaal. Ook Human & Rousseau het gestreef na die akkumulering van sowel meer simboliese kapitaal as meer ekonomiese kapitaal. Human & Rousseau se seleksiestrategieë toon egter 'n groter belang in die akkumulering van meer ekonomiese kapitaal in die subveld as dié van Protea Boekhuis.

LAPA Uitgewers gaan in dié tydperk meer ortodoks te werk wat seleksiestrategieë betref, en streef hoofsaaklik na meer ekonomiese kapitaal in die subveld, en in 'n mindere mate ook na meer simboliese kapitaal. Sowel Fantasi Boeke as Bargain Books se seleksiestrategieë toon egter 'n groot belang in die akkumulering van meer ekonomiese kapitaal deurdat kinderboeke wat dié uitgewers vir vertaling geselekteer het, tot 'n mindere of meerdere mate op 'n massamark gerig was.

In die struktuur van die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms vir die tydperk 2010-2018, het Protea Boekhuis 'n posisie die heel naaste aan die minder kommersiële pool van die subveld ingeneem. Human & Rousseau het naas Protea Boekhuis 'n posisie nader aan die minder kommersiële pool ingeneem, gevolg deur LAPA Uitgewers. Fantasi Boeke en Bargain Books het posisies naaste aan die meer kommersiële pool van die subveld ingeneem.

Hierdie posisie-innames kan in 'n eenvoudige figuur voorgestel word deur die posisies wat uitgewers in die veld ingeneem het te karteer as innames tussen die minder kommersiële pool van die veld (gemerkt met 'n plus en verteenwoordigend van meer simboliese kapitaal) en die meer kommersiële pool van die veld (gemerkt met 'n minus en verteenwoordigend van meer ekonomiese kapitaal) en ook in ag te neem hoe lank die uitgewer reeds in die subveld aktief is (aangedui as meer gevestig of minder gevestig).

Uitgewers wat nader aan die positiewe pool van die veld posisies inneem streef hoofsaaklik na meer simboliese kapitaal, uitgewers wat nader aan die negatiewe pool van die veld posisies inneem streef hoofsaaklik na meer ekonomiese kapitaal, en uitgewers wat tussen die twee pole posisies inneem streef in verskillende mates na sowel meer ekonomiese as meer simboliese kapitaal (sien figuur 30).



Figuur 30. 'n Eenvoudige voorstelling van die struktuur van die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms vir die tydperk 2010-2018.

Een rede waarom Protea Boekhuis na meer simboliese kapitaal in die subveld kon streef, is omdat dit 'n privaat uitgewer is wat nie deel uitmaak van 'n groter mediagroep nie en daarom nie ander belanghebbendes (soos aandeelhouers) by seleksiebesluite in ag hoef te neem nie. Dit beteken egter ook dat dié uitgewer nie die uitgebreide finansiële steun geniet soos uitgewers wat wel aan 'n groot mediagroep behoort nie. Dit is moontlik waarom Protea Boekhuis in dié tydperk finansiële steun ingewin het in die vorm van gedifferensieerde patronaat uit die buiteland. Die patronaat is gedifferensieerd wanneer die drie komponente waaruit die patronaat bestaan (die ideologiese komponent, ekonomiese komponent en status-komponent) deur verskillende agente of institusies voorsien word, en dus nie van mekaar afhanklik is nie (sien ook afdeling 3.5.1). Hierdie patronaat het dit vir Protea Boekhuis moontlik gemaak om internasionale kinderboeke van hoë gehalte en met literêre meriete in Afrikaans te vertaal sodat die uitgewer ook meer simboliese kapitaal in die subveld kon akkumuleer. Simboliese kapitaal is 'n miskende vorm van ekonomiese kapitaal. Hierdie literêre produkte genereer weldra ook vir die uitgewer ekonomiese kapitaal, maar in die lang termyn, terwyl die produksie van hierdie vertalings ook finansiëel deur die internasionale patronaat ondersteun is en as sodanig ook meer ekonomiese kapitaal vir die uitgewer verteenwoordig.

Teenoor Protea Boekhuis wat 'n klein en onafhanklike uitgewer is, behoort Human & Rousseau as 'n druknaam tot die groot Media24-groep. Die Media24-groep beskik oor gediversifiseerde kulturele produkte. Buiten koerante (soos *Die Burger* en *Die Son*), tydskrifte (soos *Sarie*, *Huisgenoot*, *Landbouweekblad* en *Weg!*) en ander boekuitgewers (soos Pharos, Human & Rousseau, Kwela en Tafelberg) besit Media24 ook onder meer betaalde televisiekanale in die vorm van DSTV en die Showmax-internetstroomdiens. Die

Media24-groep is 'n gelyste maatskappy op die Johannesburgse effektebeurs (JSE) en het as sodanig aandeelhouers wat 'n belang het by die finansiële omset wat dié maatskappy lewer. As gevolg hiervan het Human & Rousseau die uitgebreide finansiële steun in 'n mediagroep om na simboliese kapitaal te streef deur kinderboeke wat literêre pryse in die bronkultuur verower het vir vertaling in Afrikaans te selekteer en ook deur soms heterodoks in seleksiebesluite te werk te gaan deur boeke vir vertaling in Afrikaans te selekteer wat innoverend is en nuwe posisies in die subveld inneem. Hierdie vryheid word egter getemper deur die feit dat aandeelhouers finansiële wins verwag, daarom streef hierdie uitgewer in 'n gemengde mate na sowel meer simboliese as meer ekonomiese kapitaal in die subveld.

Ook LAPA Uitgewers is 'n afhanklike uitgewer. LAPA (Lees Afrikaans Praat Afrikaans) is 'n volle filiaal van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging. Dié uitgewer se fokus is bekostigbare boeke in Afrikaans en om die Afrikaanse taal te bevorder. Net soos Human & Rousseau, is LAPA ook genoop om finansiële wins te toon, hoewel LAPA nie die ondersteuning het van 'n groot en gediversifiseerde mediagroep nie. Die fokus op bekostigbare boeke en 'n strewe na finansiële wins kan moontlike redes wees waarom LAPA Uitgewers in hulle seleksiestrategieë hoofsaaklik ortodoks te werk gegaan het en ook waarom hierdie uitgewer in 'n gemengde strategie na sowel meer simboliese kapitaal as meer ekonomiese kapitaal gestreef het, maar 'n groter belang getoon het in die akkumulering van meer ekonomiese kapitaal.

Fantasi Boeke neem in hierdie tydperk nog dieselfde posisie in as toe dit in 1998 tot die subveld toegetree het. Dit is naamlik 'n gevestigde posisie nader aan die meer kommersiële pool van die subveld. Hierdie uitgewer is toegespits op die publikasie van kinderboeke. Die internasionale kinderboeke wat Fantasi Boeke vir vertaling in Afrikaans selekteer, naamlik volkleur kinderboeke wat op 'n breë gehoor gerig is en in samewerking met internasionale uitgewers gedruk word, versterk die uitgewer se posisie in die veld nader aan die meer ekonomiese pool van die subveld. Fantasi Boeke onderskei dit van ander uitgewers in die subveld deurdat dit slegs toegespits is op die seleksie en publikasie van bekostigbare kinderboeke wat op 'n massamark gerig is – sowel oorspronklike kinderboeke as vertaalde kinderboeke van internasionale herkoms.

Bargain Books is 'n kettingboekwinkelgroep in Suid-Afrika wat net vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms in die vorm van ko-produksies in samewerking met internasionale uitgewers publiseer en na Bargain Books-winkels regoor die land versprei en

verkoop. Bargain Books verskaf bekostigbare boeke aan die publiek, soos dit ook uit dié groep se naam afgelei kan word. Daarvan kan die vertaalde ko-produksies wat hierdie uitgewer publiseer en wat op 'n baie breë mark gerig is, ook getuig. Dié uitgewer is hoofsaaklik in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms toegespits op die akkumulering van meer ekonomiese kapitaal deur die publikasie van boeke wat op 'n massamark gerig is, daarom neem hierdie uitgewer ook 'n posisie nader aan die meer kommersiële pool van die subveld in. Terwyl Bargain Books en Fantasi Boeke min of meer dieselfde teikengehoor het, verskil die produkte wat die uitgewers vir vertaling selekteer. Bargain Books spesialiseer in dié tyd veral in die publikasie van vertaalde storiebundels.

Die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms word ook beïnvloed deur die groter veld van mag waarin dit geleë is. Die posisie wat hierdie subveld in die veld van mag beklee, word vervolgens ondersoek.

6.2.3 Die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms en die veld van mag

Vertaling is nie 'n liniêre of simmetriese proses nie, en dit geskied nie in 'n vakuum nie. Die subveld van Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms word beïnvloed deur die internasionale veld van mag waarin dit geleë is. In die internasionale veld van mag wedywer nasionale literêre velde met mekaar om mag en dominansie en in dié veld, is vertaling een spesifieke vorm waardeur dominansie waargeneem kan word. Soos Casanova (2010:288) dit stel:

The transnational point of view re-establishes relations, hierarchies and power struggles between national fields, and thus inverts the presupposition of equivalent national and linguistic entities and the representation of the literary world as the juxtaposition of self-sufficient universes which are closed and irreducible one to the other, with separate and autarkic languages of equal power.

In die internasionale veld van mag, wedywer tale om mag en dominansie. Tale is struktureel ongelyk, en in hierdie wedywing om mag is sommige tale dominant terwyl ander tale gedomineer word. Dominante tale beskik oor 'n groot hoeveelheid literêre kapitaal. Dit is gewoonlik ouer tale met 'n gevestigde repertorium wat oor 'n groot aantal besondere skrywers beskik, wat deur die verloop van tyd heelwat nuwe en innoverende genres en

literêre modelle ontwikkel het, en waarvan die kanonieke literatuur wêreldwyd in verskillende tale vertaal is. Daarteenoor beskik gedomineerde tale oor weinig literêre kapitaal. Dit is gewoonlik tale wat jonk is en nog besig is om literêre modelle te vestig, of tale wat klein is, met min gerekende skrywers, en waarvan daar weinig kanonieke boeke wêreldwyd in verskillende tale vertaal is (sien ook afdeling 5.4).

In die internasionale veld van mag, is Engels 'n dominante taal met 'n groot hoeveelheid literêre kapitaal (sien Casanova, 2010:296). Volgens Heilbron (2010:309) word meer as 40% van boeke wêreldwyd uit Engels vertaal, terwyl ongeveer 50%-70% van die boeke wat in Europese tale vertaal word, uit Engels gedoen word. Terwyl die meerderheid boeke wêreldwyd uit Engels vertaal word, is die tale naas Engels waaruit internasionale vertalings die meeste onderneem word, Russies, Frans en Duits (Heilbron, 2010:309). Russies, Frans en Duits kan derhalwe ook as dominante tale in die internasionale veld beskou word (sien ook Casanova, 2010:291, 292, 296).


Ghesquiere (2006:26) kyk spesifiek na die internasionale veld van kinderliteratuur en na die dominansie-verhouding wat vertaling ook in hierdie veld inneem, en het bevind dat Engels – hoofsaaklik Britse Engels – Frans en Duits die dominante tale is wat in die internasionale veld van kinderliteratuur sirkuleer.

Tale se strukturele ongelykheid in die internasionale veld van mag, beteken dat vertaling 'n vorm van dominansie in dié veld kan inneem. Vertaling kan 'n manier wees waarop literêre kapitaal vanaf 'n dominante taal na 'n gedomineerde taal oorgedra word. Vertaling kan ook as 'n manier van erkenning en legitimering dien wanneer 'n skrywer se werk uit 'n gedomineerde taal in 'n dominante taal vertaal word (sien Casanova, 2010:290).

Ten einde die posisie van die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms in die veld van mag te ondersoek, kan daar gekyk word na die vertaalstrome wat na vore tree in 'n analise van die inventaris van internasionale kinderboeke wat in Afrikaans vertaal is vir die tydperk 1990-2018 (sien addendum D).

Uit 'n inventaris-analise blyk die taal waaruit die meeste kinderboeke in die tydperk 1990-2018 in Afrikaanse vertaal is, Engels (69%) te wees. Frans (13%) is tweede, gevolg deur Duits (9%) en dan Nederlands (7%) (sien figuur 31). 'n Klein aantal kinderboeke (2%) is ook

vertaal uit Sweeds, Italiaans, Deens, Spaans, Fins, Noors, Pools, Iers, Japannees en Chinees (in figuur 31 aangedui as Ander).



Figuur 31. Tale waaruit Afrikaanse kinderboeke vertaal is in die tydperk 1990-2018.

Hierdie vertaalstrome dui op 'n magswanbalans in die seleksie van kinderboeke vir vertaling, of uit 'n beskouing van 'n literêr-linguistiese ekonomie, 'n “unequal exchange” soos Casanova (2010:288) dit stel:

The literary and linguistic inequalities and hierarchies which organize the world literary field reveal another economy of linguistic exchange: far from being the horizontal exchange and peaceful transfer often described, translation must be understood, on the contrary, as an “unequal exchange” that takes place in a strongly hierarchized universe. Translation can therefore be described as one of the specific forms that the relationship of domination assumes in the international literary field. It is an important factor in the struggles for legitimacy which occur in this universe, and one of the principal means of consecration of authors and texts.

In die tydperk 1990-2018, het Afrikaanse kinderboekuitgewers hoofsaaklik brontekste uit Engels geselekteer vir vertaling in Afrikaans en ook van Engels gebruik gemaak as 'n mediërende taal vir indirekte vertaling (sien afdeling 4.4.2). Die Engelse brontekste is

oorwegend uit Britse en daarnaas uit Amerikaanse Engels vertaal, met 'n groeiende aantal brontekste uit Australiese Engels (brontekste uit Kanadese Engels en Nieu-Seelandse Engels is in die minderheid).

In die internasionale veld van kinderliteratuur is Afrikaans 'n gedomineerde taal met weinig literêre kapitaal (sien afdeling 5.4). Die veld van Afrikaanse kinderliteratuur steun al sedert die ontstaan van Afrikaans aan die einde van die neëntiende eeu en die ontwikkeling van 'n literatuur wat spesifiek op Afrikaanse kinders gerig is, op vertalings van internasionale herkoms. Ook in die tydperk van ondersoek vir hierdie studie, naamlik 1990-2018, het die veld van Afrikaanse kinderliteratuur in 'n groot mate op die vertaling van internasionale kinderboeke staatgemaak – hoofsaaklik kinderboeke uit Britse en Amerikaanse Engels.

Terwyl die veld van Afrikaanse kinderliteratuur jaar na jaar 'n groot aantal internasionale kinderboeke vertaal en hoofsaaklik uit die dominante tale in die internasionale veld van kinderliteratuur, word min Afrikaanse kinderboeke in hierdie dominante tale, soos Britse en Amerikaanse Engels, vir vertaling geselekteer (sien Buitendach & Le Roux, 2018:288-289).²⁴

Bekroonde Britse kinderboekvertaler, Sarah Ardizzone, meen slegs 1%-3% van die boeke wat elke jaar in Brittanje en Amerika gepubliseer word, is vertalings (Frost, 2019). As gevolg van Britse en Amerikaanse Engels se dominante status in die internasionale veld, word baie min vertalings daarin onderneem, en is die fokus in hierdie literêre velde eerder op die uitvoer van literêre produkte, nie op die invoer daarvan nie (Ghesquiere, 2006:27).

Hierteenoor is die fokus van die veld van Afrikaanse kinderliteratuur andersom georiënteerd, naamlik op die invoer van literêre produkte en nie op die uitvoer daarvan nie. Die veld van Afrikaanse kinderliteratuur, en derhalwe ook die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms, neem 'n gedomineerde posisie in die internasionale veld van mag in. As sodanig is vertaling verteenwoordigend van 'n verhouding van mag en dominansie in die internasionale veld.

²⁴ Die vertaalregte van Jaco Jacobs se kinderboek, *'n Goeie dag vir boomklim*, is wel in 2017 deur Oneworld Publications gekoop en in 2018 in Brittanje gepubliseer as *A good day for climbing trees* (vertaal deur Kobus Geldenhuys).

Afrikaans se gedomineerde posisie beïnvloed die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling. In 'n analise van die vertaalstrome na hierdie subveld, is dit duidelik dat die kinderboeke wat vir vertaling in Afrikaans geselekteer word, uit sekere tale gekies word bo ander: naas Engels, ook Frans, Duits en Nederlands.

Terwyl Frans en Duits saam met Engels dominante posisies in die internasionale veld inneem, is Nederlands (net soos Afrikaans) 'n gedomineerde taal (sien Casanova, 2010:290). Daar is egter vroeër bevind (sien afdeling 4.4.5) dat 'n aantal kinderboeke uit Nederlands in die tydperk 2010-2018 deur bemiddeling van patronate uit die buiteland vir vertaling gesubsideer is. Dié magsverhouding uit die internasionale veld dui op 'n vorm van meer dominansie vir 'n ondergeskikte taal soos Nederlands. Deur vertaalsubsidies aan Afrikaanse uitgewers beskikbaar te stel, word Nederlands se posisie in die internasionale veld versterk en word Afrikaans se posisie in hierdie magspel verder verswak.

Lande se kulturele beleid om vertaalsubsidies toe te staan word gedryf deur politieke en ideologiese doelwitte. Deur vertaalsubsidies beskikbaar te stel maak 'n gedomineerde taal soos Nederlands van vertaling gebruik as 'n strategie om die Nederlandse taal en kultuur te bevorder en in die internasionale literêre veld meer sigbaar te maak. Soos Heilbron en Sapiro (2018:185) dit stel:

Cultural export policies, on the other hand, aim at “soft power” and have been a standard tool in cultural diplomacy: for dominant powers to strengthen their hegemony or influence, for dominated countries to obtain a certain cultural visibility in the international arena.

Voorts is dit uit die inventaris opmerklik dat brontekste wat uit Frans vertaal is, nie noodwendig uit Frankryk afkomstig is nie. Die meerderheid Franse brontekste is uit België afkomstig. Daarby is brontekste wat uit Nederlands vertaal is, nie net uit Nederland afkomstig nie, maar uit sowel België as Nederland (sien addendum D). Die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms het dus, naas sterk verhoudings met Brittanje en Amerika en 'n groeiende verhouding met Australië, ook vaste verhoudings met België, Duitsland, Nederland en Frankryk. Al die ander wêreldtale en lande word ondervteenwoordig.

Die veld van Afrikaanse kinderliteratuur se sterk bande met Engels, wat ook dikwels as 'n mediërende taal in dié subveld gebruik word, en Nederlands kan ook moontlik teruggevind

word in Suid-Afrika se koloniale verlede. Suid-Afrika is vanaf 1652 eers deur Nederland as verversingspos vir hulle seevaarders onderweg na die Ooste gebruik voordat grondgebied later in die 1600's aan Nederlandse, Franse en Duitse setlaars beskikbaar gestel is (sien Carstens & Raidt, 2019:30-5, 66-71). Die Kaap is twee keer deur Brittanje beset voor dit in 1814 'n Britse kolonie geword het. Britse setlaars het hulle sedert 1820 ook in die Oos-Kaap gevestig en Suid-Afrika is in die 1800's en vroeë 1900's geleidelik deur Brittanje gekoloniseer (sien Carstens & Raidt, 2019:126-127, 144, 162-163, 277-284). As gevolg van hierdie koloniale invloed, het Suid-Afrika post-koloniaal steeds bande met Engels, en Afrikaans het steeds noue linguïstiese bande met Nederlands. Suid-Afrika het ook nouer bande met Duitsland en Frankryk as met ander Europese lande. Duits en Frans word steeds by Suid-Afrikaanse skole as derde taal aangebied en by verskeie universiteite (onder andere die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van Wes-Kaapland) word Afrikaans saam met Nederlands in dieselfde departement aangebied.

6.3 Uitgewery-onderzoek

Vir hierdie ondersoek, is semigestruktureerde onderhoude gevoer met die prominentste Afrikaanse kinderboekuitgewers vir die tydperk 2010-2018 (sien afdeling 2.2.7.2). Kinderboekuitgewers word tussendeur verbatim anoniem aangehaal ten einde belangrike besprekingspunte uit te lig en te beklemtoon.

6.3.1 Die habitus van die uitgewer

Een van ons bekende boekeredakteurs sê altyd van 'n boek wat haar nie beïndruk nie: “Dit laat nie my beenhare regop staan nie.” 'n Ander (manlike) kollega sê weer: “Dit blaas nie my *skirts* op nie” (Van der Merwe, 2009:6).

Die habitus word beskryf as 'n *sens pratique* wat maak dat agente in spesifieke situasies op 'n manier reageer wat nie noodwendig vooraf bedink is, of bloot gerelativeer kan word tot die volg van konvensies, norme of reëls nie. Die habitus is “a set of dispositions which generate practices and perceptions” (Johnson, 1993:5). Dit manifesteer in die agent as 'n soort tweede natuur en gee aan die uitgewer 'n “neus” of 'n “gevoel” watter boeke om vir publikasie te selekteer.

Bourdieu (1993:95) beskryf die invloed van die habitus op die uitgewer as volg: “This practical mastery gives its possessors a ‘nose’ and a ‘feeling’, without any need for cynical calculation, for ‘what needs to be done’, where to do it, how and with whom, in view of all that has been done and is being done, all those who are doing it and where.”

Uitgewers posisioneer hulleself in die literêre veld deur middel van ’n habitus wat hulle van ander uitgewers in die veld onderskei. Die habitus gaan vanuit die onderbewussyn te werk as ’n manier van klassifikasie en posisionering en verskil daarom van een uitgewer na ’n volgende. Soos Bourdieu (1998:8) dit verduidelik:

But habitus are also classificatory schemes, principles of classification, principles of vision and division, different tastes. They make distinctions between what is good and what is bad, between what is right and what is wrong, between what is distinguished and what is vulgar, and so forth, but the distinctions are not identical. Thus, for instance, the same behavior or even the same good can appear distinguished to one person, pretentious to someone else, and cheap or showy to yet another.

Een manier hoe uitgewers hulle in die veld posisioneer, is deur middel van hulle sosiale kapitaal in die vorm van vaste verhoudings met sekere internasionale uitgewers wie se boeke hulle al jare in Afrikaans publiseer. Hierdie vaste verhoudings vorm sosiale netwerke, sodat spesifieke Afrikaanse uitgewers dikwels net spesifieke internasionale uitgewers se kinderboeke vir vertaling in Afrikaans selekteer.

Nog ’n manier waarop uitgewers hulle in die veld posisioneer, is deur middel van die boeke wat hulle besluit om te publiseer, met ander woorde: deur die tipe kapitaal wat aan die vertaling van die brontekste verbode is (meer simbolies of meer ekonomies). Uitgewers skep vir hulle ’n unieke identiteit deur middel van hulle publikasielyste: Elke boek wat vir vertaling geselekteer word, verklap die posisie waarna die betrokke uitgewer in die veld streef, oftewel die “nis” wat hulle in die boekbedryf wil beklee, want elke seleksiebesluit berus op ’n strategie.

Strategie is ’n produk van die habitus, en soos Johnson (1993:17) dit verduidelik: “As a product of the habitus, strategy is not based on conscious calculation but rather results from unconscious dispositions towards practice.”

As sodanig selekteer uitgewers boeke vir vertaling wat hulle posisie in die veld sal ondersteun of versterk – nader aan die meer ekonomiese pool van die veld of nader aan die meer simboliese pool van die veld. In die seleksieproses manifesteer die habitus van die kinderboekuitgewer dikwels as 'n aanvoeling. Hierdie aanvoeling word beskryf as 'n uitgewersinstink, uitgewersneus 'n “fingerspitzengefühl” of 'n “gut-feel”.

Die seleksie van 'n boek vir vertaling begin altyd by 'n “gut-feel”. Ons praat van 'n pensgevoel. En dan vat 'n mens dit van daar af, vra PDF's aan, gesels met die ander uitgewer, ensovoorts.

Uitgewers wat 'n posisie nader aan die meer ekonomiese pool van die subveld inneem, se instink steun sterk op markverwagtinge en of die boek in die doelkultuur sal verkoop.

Jy voel net ... hierdie boek gaan werk [...] Ek dink dis maar onbewustelik weet jy in jou agterkop wat gaan aan in die mark, en waarvan hou mense op die oomblik, en jy kry net daai gevoel van ... ek dink hierdie gaan werk. En die oomblik wanneer ek begin twyfel oor iets, dan weet ek ek moet dit nie doen nie. As jy enigsins twyfel. So, ja. Die “gut-feel” is baie belangrik.

Uitgewers wat 'n posisie nader aan die meer simboliese pool van die subveld inneem, se instink steun minder op markverwagtinge, en meer op die identiteit wat die uitgewer probeer skep om dit van ander in die subveld te onderskei.

My eie voor- en afkeure of instink speel 'n rol. So as ek goed sien wat vir my snaaks is sal ek baie meer lus wees om dit te publiseer as ander goed wat vir my vervelig is om te publiseer. Elke uitgewer probeer uniek wees. So as ek nou probeer om presies dieselfde boeke uit te gee wat ander uitgewers publiseer of dieselfde boeke wat in ander lande gepubliseer word, of wat ook al, jy moet jou unieke manier afdruk op 'n uitgewery, want anders is jy maar net 'n rubberstempel vir goeters. So, ons het ons unieke goed wat ons uitgee en dit word bepaal deur goed wat ons geniet om te doen.

Die habitus van die uitgewer dien op dié manier as 'n beperking, maar ook as 'n motivering vir die seleksie van sekere kinderboeke vir vertaling bo ander. Die habitus gaan grotendeels vanuit die onderbewussyn te werk, sodat elke seleksie wat 'n kinderboekuitgewer uitoefen, 'n skuif is in die magspel om 'n sekere posisie in die veld in te neem en derhalwe 'n sekere vorm van kapitaal te akkumuleer.

Op dié manier verteenwoordig elke posisie in die veld as't ware 'n strategie in die spel. Soos Bourdieu (1993:137) dit stel:

If the relations which make the cultural field into a field of (intellectual, artistic or scientific) position-takings only reveal their meaning and function in the light of the relations among cultural subjects who are holding specific positions in this field, it is because intellectual or artistic position-takings are also always semi-conscious *strategies* in a game in which the conquest of cultural legitimacy and of the concomitant power of legitimate symbolic violence is at stake.

6.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk, is die struktuur van die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-2018 ondersoek. Deur die loop van hierdie tydperk het die subveld verskeie strukturele veranderinge ondergaan. Reeds vóór 1990 het daar veranderinge in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms plaasgevind toe sommige buitelandse uitgewers teenstand getoon het teen Suid-Afrika se apartheidswetgewing. Op grond hiervan het party internasionale uitgewers hulle bande met Suid-Afrika verbreek (die koop van internasionale vertaalregte geweier en samewerking in die druk van ko-produksies gestaak). Sommige ander internasionale uitgewers wat filiale in Suid-Afrika gehad het, het van hierdie filiale afstand gedoen.

Sedert 1990 het die subveld egter op 'n groot skaal strukturele veranderinge ondergaan. Ná die politieke magsverskuiwing in Suid-Afrika in 1994, is staatstoelaes vir Afrikaanse skoolboeke en biblioteke drasties verminder. Tussen 1998 en 1999 het die Afrikaanse skoolboekmark in duie gestort en in 2000 is ook openbare biblioteke se begrotings ernstig ingekort (sien Kleyn & Snyman, 2008:29, Snyman & Venter, 2004:123; Venter, 2006:322). Die voorgeskrewe skoolboekmark en boekaankope deur openbare biblioteke was jare lank die murg in die pype van die Afrikaanse kinderboekbedryf en hierdie skielike verlies het talle Afrikaanse uitgewers negatief beïnvloed. Dit het daartoe gelei dat sommige Afrikaanse uitgewers hulle deure moes sluit of met ander, groter uitgewers moes saamsmelt (sien ook afdeling 3.4.2.2).

Terwyl Anansi Uitgewers en Human & Rousseau die prominentste uitgewers was vir die tydperk 1990-1999, het Anansi Uitgewers in 1998 die uitgee van vertaalde Afrikaanse

kinderboeke gestaak en uit die subveld verdwyn. Uit hierdie twee prominente uitgewers, was slegs Human & Rousseau ná 1999 nog in die subveld aktief. Uit die naasprominente uitgewers vir dié tydperk, naamlik Grolier, Daan Retief/Kennis Onbeperk, Garamond Uitgewers en Tafelberg Uitgewers, was net Tafelberg Uitgewers en tot 'n geringe mate ook Garamond ná 1999 nog in die subveld aktief. Sowel Grolier as Daan Retief/Kennis Onbeperk het in die loop van die 1990's uit die subveld verdwyn.

Vir die tydperk 2000-2009 was Human & Rousseau steeds 'n prominente uitgewer, en terwyl LAPA Uitgewers as J.P. van der Walt en Seun in die tydperk 1990-1999 (en ná 1996 as LAPA Uitgewers) 'n marginale rol ingeneem het in die produksie van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms, was LAPA Uitgewers die ander prominente uitgewer in die tydperk 2000-2009, met die naasprominente uitgewers, Fantasi Boeke en Jacklin Ondernemings.

Deur die loop van die tydperk 2010-2018 het ook Protea Boekhuis by Human & Rousseau en LAPA Uitgewers aangesluit as 'n prominente rolspeler in die produksie van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms, en teen 2018 was Protea Boekhuis die aktiefste uitgewer in hierdie subveld. Fantasi Boeke was steeds 'n naasprominente uitgewer, maar Jacklin Ondernemings het 'n randfiguur geword, terwyl Bargain Books tot die subveld toetree het as 'n naasprominente uitgewer.

Dit is opmerklik dat, terwyl daar in die tydperk 2000-2009 (waarin die veld van Afrikaanse kinderliteratuur grootskaalse herstrukturering ondergaan het ná die onttrekking van staatsubsidies vir boekaankope aan Afrikaanse skole en biblioteke) die minste aantal vertaalde kinderboeke van internasionale herkoms gepubliseer is, daar in die tydperk 2010-2018 die grootste aantal vertaalde boeke van internasionale herkoms gepubliseer is. Hierdie groei in die boekbedryf is moontlik 'n teken dat die bedryf ná die politieke omwentelinge van die 1990's gestabiliseer het. Die toename in vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms dui ook moontlik op 'n strategie wat Afrikaanse uitgewers gebruik om Afrikaanse kinderboeke op 'n meer ekonomiese manier in 'n vrye boekmark te publiseer.

Die genres en subgenres wat Afrikaanse uitgewers vir vertaling geselekteer het varieer ook heelwat meer in die tydperk 2010-2018 as in enige van die vorige tydperke in hierdie ondersoek. Daarby is daar ook internasionale kinderboeke vertaal wat nuwe posisies in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms ingeneem het.

Hierdeur het die struktuur van posisie-innames in die subveld verander en gelei tot heterodoksie of verandering en vernuwing in die veld. Die magstryd in die veld om beskikbare posisies en die strewe na nuwe, innoverende posisies is ook hierdeur uitgewys as 'n motivering in die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans.

Die strewe na nuwe, innoverende posisies (heterodoksie) of die strewe na ou, gevestigde posisies (ortodoksie) en die strewe na meer simboliese kapitaal of die strewe na meer ekonomiese kapitaal is strategieë wat uitgewers gebruik om hulle van ander in die veld te onderskei en om die posisie wat hulle in die veld wil inneem, te versterk. As sodanig, beïnvloed hierdie magstryd tussen literêre agente in die veld die seleksie van tekste vir vertaling in Afrikaans, deurdat slegs dié tekste vir vertaling geselekteer word wat die uitgewer se posisie in die veld sal ondersteun of bevorder. Hierdie strategieë is 'n produk van die uitgewer se habitus, en die habitus manifesteer dikwels by die kinderboekuitgewer as 'n "neus" of 'n "gevoel", sodat spesifieke boeke vir vertaling bo ander geselekteer word.

Alle uitgewers streef dus in die veld na kapitaal, maar die habitus van die uitgewer bepaal die strategieë waarvolgens verskillende soorte kapitaal in die veld geakkumuleer word. Daarom streef uitgewers in verskillende mates na die twee hoofvorms van kapitaal wat in die subveld sirkuleer, naamlik ekonomiese en simboliese kapitaal, maar ook na sosiale kapitaal in die vorm van vaste verhoudings met spesifieke bronteksuitgewers.

Net soos wat die posisie van die uitgewer in die veld en die habitus van die kinderboekuitgewer as motivering maar ook as 'n beperking kan dien in die seleksieproses, word die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms ook beïnvloed deur die groter veld van mag waarin dit geleë is.

In hierdie veld wedywer tale om mag, met Afrikaans as 'n gedomineerde taal, en die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur wat 'n gedomineerde posisie in hierdie veld inneem. As gevolg hiervan, heers daar 'n magswanbalans in die vertaling van internasionale kinderboeke in Afrikaans: Hoewel 'n groot aantal kinderboeke jaar na jaar uit hoofsaaklik Engels, Frans, Duits en Nederlands in Afrikaans vertaal word, word weinig Afrikaanse kinderboeke in hierdie tale vertaal.

Die vertaalstrome uit die internasionale veld van kinderliteratuur na die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms dui op 'n magsverhouding

wat beperkend in die seleksieproses te werk gaan deurdat Afrikaanse uitgewers kinderboeke vir vertaling selekteer uit sekere tale bo ander, naamlik hoofsaaklik uit Engels, Frans, Duits en Nederlands, en nie uit 'n volle internasionale aanbod nie.

Engels, Frans en Duits is dominante tale wat in die internasionale veld van kinderliteratuur sirkuleer. As sodanig, verteenwoordig vertaling uit dié tale die akkumulering van literêre kapitaal. Hierteenoor is Nederlands, net soos Afrikaans, in die internasionale veld van mag 'n gedomineerde taal. Dit beteken dat vertalings uit Nederlands nie soseer as die akkumulering van literêre kapitaal beskou word nie. Die vertaling van kinderboeke uit Nederlands wys op 'n internasionale magsverhouding waardeur die vertaling van kinderboeke uit Nederlands in Afrikaans gesubsideer word. Hierdie vertalings versterk uiteindelik Nederlands se posisie in die internasionale veld van mag terwyl Afrikaans se posisie verder as gedomineerde taal bevestig word en sodoende eintlik verswak word. Afsien van hierdie internasionale magspel, dra vertalings uit Nederlands steeds daartoe by om die plaaslike Afrikaanse kinderliteratuurskat uit te brei, en dit teen 'n minimale koste vir die Afrikaanse uitgewer. Afrikaanse kinderliteratuur word dus ook deur die patronaat bevoordeel.

Hoofstuk 7

Gevolgtrekkings

7.1 Inleiding

Hierdie navorsing het in 'n probleemgeoriënteerde benadering bruikbare konsepte uit verskillende studievervelde benut ten einde die studie se navorsingsvrae te beantwoord en die doel van die studie te bereik (sien Fokkema, 1997:184): uit kulturele en literêre studies, Even-Zohar se polisisteemteorie, uit vertaalstudie, Gideon Toury se deskriptiewe vertaalstudie en uit sosiologie, Pierre Bourdieu se idee van die veld van kulturele produksie. Deur 'n probleemgeoriënteerde benadering te volg, het hierdie studie interdisiplinêr te werk gegaan en die studie se navorsingsvrae aan 'n meer diepgaande mate van ondersoek onderwerp deur dit uit meer as een teoretiese perspektief te benader.

Itamar Even-Zohar se polisisteemteorie en Gideon Toury se deskriptiewe vertaalstudie (DTS) vorm die basis van hierdie studie. Die ontwikkeling van die polisisteemteorie en later DTS het gelei tot die vestiging van die veld van vertaalstudie as 'n onafhanklike wetenskaplike dissipline. Een van die polisisteemteorie se sleutelaannames in die besonder het 'n groot invloed uitgeoefen op die erkenning van vertaalstudie as 'n volwaardige studiegebied, naamlik dat alle vorms van literatuur, waaronder ook vertalings, 'n rol speel in die dinamika van die literêre sisteem (sien Bassnett, 1996:13).

Die polisisteemteorie verwerp vooropgestelde waardeoordele en bied 'n teoretiese raamwerk waarin tekste nie inherent as waardig of onwaardig geklassifiseer word nie, maar as deel van 'n literêre polisisteem bestudeer word. Die polisisteemteorie wys derhalwe op die belangrike rol wat vertaalde literatuur en kinderliteratuur in die dinamika van die literêre sisteem speel, en wys op die funksie van vertaalde kinderliteratuur in die literêre sisteem.

Even-Zohar se polisisteemteorie word egter gekritiseer dat dit neig tot abstraksie en ontpersoonliking (sien Hermans, 1999:118). Hermans (1999:118) en Wolf (2007:7) meen die polisisteemteorie bly teksgebonde en neem nie die belange van literêre agente (politiek, maatskaplik, sosiaal) in die produksie en resepsie van literatuur na behore in ag nie. Ten einde hierdie kritiek te hanteer, is Lefevere (1992) se konsepte "patronaat" en "poëtika" gebruik om die polisisteemteorie uit te bou en ideologie as 'n vormende mag in die produksie

van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur en die dinamika van die literêre sisteem uit te wys. Pierre Bourdieu se konsepte “veld”, “kapitaal” en “habitus” is ook ter aanvulling van die polisisteemteorie gebruik om die menslike agente (in hierdie geval Afrikaanse kinderboekuitgewers) wat met mekaar meeding om mag en status en hulle belange in die seleksie van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur meer in ag te neem. Gideon Toury se normteorie word ook gekritiseer: Hermans (1999:79-80) is van mening dat norme se beperkende funksie met menslike agentskap gebalanseer moet word. Pierre Bourdieu se konsep van die habitus is derhalwe gebruik om Toury se konsep van vertaalnorme uit te bou ten einde menslike agentskap in die seleksieproses meer in aanmerking te neem.¹

Omdat sommige sleutelkonsepte in Even-Zohar se polisisteemteorie, Gideon Toury se normteorie en Pierre Bourdieu se veldteorie ooreenkomste toon, word dié konsepte hier in oënskou geneem deur te kyk hoe Bourdieu se “veld”, “kapitaal” en “habitus” in hierdie studie gebruik is om die polisisteemteorie van Even-Zohar (afdeling 7.2) en normteorie van Gideon Toury (afdeling 7.3) aan te vul.

Hierná kom die gevolgtrekkings (afdeling 7.4) vir die studie aan bod in die vorm van antwoorde op die navorsingsvrae wat by die aanvang van hierdie studie uiteengesit is (in afdeling 1.2), naamlik watter internasionale kinderboeke is geselekteer vir vertaling in Afrikaans vir die tydperk 1990-2018 (afdeling 7.4.1), wat is die motiewe en beperkings wat die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans beïnvloed het vir die tydperk 1990-2018 (afdeling 7.4.2), en wat is die funksie van internasionale kinderboeke wat in Afrikaans vertaal is vir die tydperk 1990-2018 (afdeling 7.4.3).

Die antwoorde op hierdie studie se navorsingsvrae word gevolg deur 'n uiteensetting van die studie se wetenskaplike bydrae en relevansie (afdeling 7.5), 'n bespreking van die studie se tekortkomings (afdeling 7.6), voorstelle vir verdere navorsing (afdeling 7.7) en slotopmerkings (afdeling 7.8).

¹ Weens die afbakening van hierdie studie (vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-2018) kon die navorser nie net Bourdieu se veldteorie gebruik om die navorsingsvrae te beantwoord nie. Bourdieu se komplekse en tydwende metodologie plaas naas agente, ook literêre tekste in posisies teenoor mekaar in die literêre veld. Dit sou beteken dat, ten einde die funksie van vertalings in die Afrikaanse doelkultuur te peil, elke vertaling in die inventaris in posisie gekarteer sou moes word teenoor sowel oorspronklike Afrikaanse kinderboeke as vertalings van plaaslike herkoms, en dit is inligting wat nie deel uitgemaak het van hierdie studie se fokus nie. Derhalwe is daar op 'n probleemgeoriënteerde benadering besluit.

7.2 Die idee van literatuur as 'n polisistiem vs. die idee van literatuur as 'n veld van kulturele produksie

Hoewel Even-Zohar se polisistiemteorie en Pierre Bourdieu se idee van die veld van kulturele produksie met mekaar ooreenkomste toon, word dit uit hierdie navorsing duidelik dat dié twee benaderings ook van mekaar verskil. Die sleutelkonsepte wat hierdie benaderings afsonderlik verteenwoordig, dié van “sistiem” en dié van “veld”, word soms aan mekaar gelykgestel en uitruilbaar gebruik (sien byvoorbeeld Ghesquiere, 2006:26; Hermans, 1996:35), hoewel elkeen van dié konsepte 'n spesifieke analitiese perspektief verteenwoordig en derhalwe 'n ander manier van dink vooropstel.

Die onderskeie konsepte wat in hierdie benaderings gebruik word dien as instrumente vir analise. Dié konsepte verskil dus nie net in naam nie. Soos Casanova (2010:289) dit stel: “[F]ar from being a simple semantic change, it transforms the perspective of the analysis.” Derhalwe kan konsepte uit hierdie twee benaderings nie aan mekaar gelykgestel of uitruilbaar gebruik word nie.

Die polisistiemteorie veronderstel 'n oop en dinamiese sistiem waarin literêre tekste met mekaar wedywer om mag en dominante posisies in die sentrum van die sistiem teenoor nie-dominante posisies op die periferie van die sistiem. Tekste verkry dus mag deur middel van 'n proses van kanonisering en toelating tot die sentrum van die sistiem. In die idee van literatuur as 'n veld van kulturele produksie word daar 'n wedywering tussen literêre tekste veronderstel, sowel as tussen die literêre agente wat vir die produksie van sodanige tekste verantwoordelik is. In dié benadering word magsverhoudings in die veld voorgestel as die oneweredige verspreiding van verskillende soorte kapitaal (ekonomiese kapitaal, kulturele kapitaal, simboliese kapitaal en sosiale kapitaal) en literêre tekste en literêre agente neem op grond van kapitaalbesit dominante of gedomineerde posisies in die literêre veld in.

In die polisistieembenadering bepaal die posisie wat 'n teks in die literêre sistiem inneem ook die funksie van daardie teks in die sistiem. Terwyl die polisistieembenadering die fokus plaas op die wedywering tussen tekste in die literêre sistiem en op die funksie wat tekste in die literêre sistiem verrig, plaas die veld van kulturele produksie die fokus op die wedywering tussen die literêre agente, die belange van hierdie agente in die literêre veld en op die funksie wat literêre tekste ook vir hulle verrig. Sodoende kan Even-Zohar se

polisisteamteorie met Bourdieu se idee van die veld van kulturele produksie aangevul word om ook die belange van literêre agente by teksseleksie in ag te neem.

Vervolgens word konsepte uit Even-Zohar se idee van die literêre sisteem en Bourdieu se idee van die literêre veld met mekaar vergelyk ten einde te toon hoe konsepte uit Bourdieu se veld van kulturele produksie in hierdie studie gebruik is om Even-Zohar se polisisteamteorie aan te vul. Die konsep “sisteem” teenoor “veld” kom eerste aan bod (afdeling 7.2.1), gevolg deur die stryd om kanonisering in die literêre sisteem teenoor die stryd om ortodoksie of heterodoksie in die literêre veld (afdeling 7.2.2) en die idee van die repertorium in die literêre sisteem teenoor die idee van beskikbare posisies in die literêre veld (afdeling 7.2.3). Hierna word Toury se idee van vertaalnorme vergelyk met Bourdieu se idee van die habitus ten einde te toon hoe die habitus-konsep in hierdie studie gebruik is om Toury se norm-konsep aan te vul (afdeling 7.3).

7.2.1 Sisteem vs. veld

Bourdieu het die konsep “veld” geformuleer om dit van “sisteem” te onderskei omdat hy die Russiese Formaliste se sistemiese benadering as ontoereikend beskou het. Johnson (1993:11) verduidelik Bourdieu se kritiek teen Even-Zohar se polisisteamteorie as volg:

Yet for Bourdieu the concept of literary system is ultimately inadequate, for it fails to recognize that formal properties, both past and present, are themselves socially and historically constituted, and it remains imprisoned by immanent modes of analysis. By isolating texts from the social conditions of their production, circulation and consumption, formalist analysis eliminates from consideration the social agent as producer (e.g., the writer), ignores the objective social relations in which literary practice occurs and avoids the questions of precisely what constitutes a work of art at a given historical moment and of the “value” of the work, which constantly changes in accordance with structural changes in the field. Internal explication, furthermore, ignores the fact that “what makes a given work a literary work” is a complex social and institutional framework which authorizes and sustains literature and literary practice.

Indien daar van die konsep “sisteem” gebruik gemaak word om na literêre aktiwiteite te verwys, impliseer dit dat die belange van menslike agente en die rol van ideologiese magstrukture in die produksie, sirkulasie en resepsie van literêre tekste nie na behore in ag geneem word nie. Hierteenoor word die rol wat menslike agente en die rol wat veranderende

ideologieë in die produksie en resepsie van literatuur speel in die literêre “veld” op die voorgrond geplaas en word die literêre agent beskou as ’n sosiale mag wat oor agentskap beskik in die vorm van ’n habitus wat tot spesifieke strategieë aanleiding gee, sodat die agent bewus of onderbewus volgens sy of haar eie belange in die veld optree.

7.2.2 Kanoniserings in die literêre sisteem vs. die stryd om ortodoksie of heterodoksie in die literêre veld

Teenoor Even-Zohar se kanoniseringskonsep, waar literêre tekste met mekaar meeding om mag en toelating tot die dominante sentrum van die literêre sisteem, en waar tekste in die sentrum van die sisteem ’n vernuwende, primêre rol kan speel deur byvoorbeeld nuwe genres en literêre modelle by die sisteem se repertorium te voeg, verwys Bourdieu in die literêre veld na ’n stryd om ortodoksie of heterodoksie wat primêr tussen literêre agente in die literêre veld geskied.

Vir Bourdieu gaan die stryd om ortodoksie of heterodoksie nie net om die toevoeging van nuwe genres en literêre modelle nie, maar om ideologiese vernuwing in die veld te bewerkstellig. Nuwe genres en literêre modelle is derhalwe sekondêr tot die vernuwing wat primêr deur sosiale agente meegebring word. As sodanig verteenwoordig ’n vernuwing in genres en literêre modelle ’n spesifieke literêre ideologie en wys dit op die belange van die agente wat in die veld werksaam is.

Literêre agente se stryd om ortodoksie (konstantheid sonder verandering) of heterodoksie (vernuwing en verandering) in die veld te bewerkstellig, kan beskou word as die dryfkrag agter die dinamika van die literêre veld. Soos Bourdieu (1993:182-183) dit stel:

Thus several fundamental problems, and first of all the problem of change, find themselves at once resolved. For example, the impetus behind the process of “banalization” and “de-banalization” described by the Russian formalists is not inscribed in the works themselves but rather in the opposition between orthodoxy and heresy which is constitutive of all fields of cultural production ... The process that carries works along is the product of the struggle among agents who, as a function of routine and routinization, or in subversion, that is, a return to sources, to an original purity, to heretical criticism and so forth.

Die dryfkrag vir die dinamika van die literêre veld word dus nie in literêre tekste self gevind nie, maar in literêre agente se stryd om ideologiese vernuwing. As sodanig, hanteer Bourdieu se idee oor die stryd om ortodoksie of heterodoksie die kritiek teen Even-Zohar se polisisteamteorie dat die dryfkrag agter literêre dinamika nie teksgebonde is nie (sien Wolf, 2007:7), maar deur die belange van literêre agente gedryf word.

7.2.3 Die repertorium in die literêre sisteem vs. beskikbare posisies in die literêre veld

Bourdieu se idee van die veld as 'n ruimte met beskikbare posisies (Bourdieu, 1993:21) klink soortgelyk aan Even-Zohar se idee van die repertorium in die literêre sisteem. Volgens Bourdieu het uitgewers 'n gedeelde raamwerk gemeen as gevolg van die veld se trajeksie of geskiedenis en die beskikbare posisies wat deur dié trajeksie moontlik gemaak word. Bourdieu (1993:30) verduidelik die idee van beskikbare posisies in 'n literêre veld as volg:

The space of literary or artistic position-takings, i.e. the structured set of the manifestations of the social agents involved in the field – literary or artistic works, of course, but also political acts or pronouncements, manifestos or polemics, etc. – is inseparable from the space of literary or artistic positions defined by possession of a determinate quantity of specific capital (recognition) and, at the same time, by occupation of a determinate position in the structure of the distribution of this specific capital. The literary or artistic field is a field of forces, but it is also a field of struggles tending to transform or conserve this field of forces. The network of objective relations between positions subtends and orients the strategies which the occupants of the different positions implement in their struggles to defend or improve their positions (i.e. their position-takings), strategies which depend for their force and form on the position each agent occupies in the power relations [rapports de force].

Terwyl Even-Zohar se idee van die repertorium verwys na die gevestigde en/of beskikbare genres of literêre modelle wat in 'n literêre sisteem gebruik kan word, verwys Bourdieu se beskikbare posisies na sowel die literêre genres wat posisies in die literêre veld inneem, as die magstryd wat tussen literêre agente woed om spesifieke posisies in die veld te beklee. Aangesien literêre agente wedywer om spesifieke soorte kapitaal in die veld te akkumuleer en om meer ortodoksie of meer heterodoksie in die veld te bewerkstellig, wys Bourdieu se idee van die beskikbare posisies dus ook op die belange van die literêre agente in die keuse van repertorium wat in die literêre veld gebruik word.

7.3 Gideon Toury se norme vs. Pierre Bourdieu se habitus

Norme is 'n belangrike sosiale mag in die vertaalhandeling en speel 'n rol in die ontwikkeling en onderhouding van objektiewe magstrukture in die samelewing (sien Wolf, 2007:8). Toury se normteorie is in 'n groot mate beïnvloed deur Even-Zohar se polisisteamteorie en albei hierdie teorieë maak deel uit van 'n deskriptiewe benadering tot vertaalstudie wat as basis vir hierdie studie gebruik is.

In hierdie studie is Toury se konsep van vertaalnorme gebruik om ondersoek in te stel na die inisiële norm en die preliminêre norm in die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans (sien afdeling 4.4.1 en 4.4.2). Hierdie perspektief het die navorser se ondersoek gerig en gelei na *waar* om te soek na antwoorde op die navorsingsvrae (naamlik in die doelkultuur) asook spesifiek *waarna* om te soek (naamlik na aanvaarbaarheid teenoor geskiktheid in die seleksie van kinderboeke vir vertaling en na die vertaalbeleid van die uitgewer) (sien afdeling 4.4.1 en 4.4.2).

Gideon Toury se normteorie het tot hierdie studie bygedra deur die invloed van die ideologie van “die kind” (sien afdeling 1.3.2.1) en die invloed van die opvoedkundige sisteem op die kinderliteratuursisteem (sien afdeling 3.4.2.1) bloot te lê deurdat dié invloede as inisiële norme in die seleksie van internasionale kinderliteratuur vir vertaling 'n neerslag vind (sien afdeling 4.4.1 en afdeling 7.4.2). Dit het ook lig gewerp op die invloed van die preliminêre norm as 'n beperking (maar ook as 'n motief) in die seleksieproses (sien afdeling 4.4.2 en afdeling 7.4.2).

Terwyl die idee van norme in vertaalstudie 'n belangrike konsep is, laat die konsep se formulering min beweegruimte toe vir individuele agentskap. As sodanig is norme nie heeltemal voldoende om die kompleksiteit van die seleksieproses na behore te ondersoek nie. Daarom is Pierre Bourdieu se habitus ter aanvulling van Gideon Toury se vertaalnorme gebruik ten einde ook die onderbewuste aard van die seleksiebesluit, wat dikwels as 'n uitgewersinstink beskryf word, na behore te probeer ondersoek.

Bourdieu se idee van die habitus werp lig op die sogenaamde “intuïsie”, “neus” of “gevoel” wat kinderboekuitgewers in die seleksieproses ervaar deur dié uitgewersinstink bloot te lê as onderbewuste strategieë wat uitgewers gebruik om hulleself van ander in die literêre veld te onderskei.

As sodanig verduidelik die habitus-konsep die rede vir uitgewers se besluite om sekere boeke vir vertaling bo ander te selekteer: eerstens omdat die habitus uitgewers lei om boeke vir publikasie te selekteer wat hulle as uniek sal uitsonder en tweedens omdat uitgewers in die literêre veld nie net normatief optree nie, maar ook strategies in eie belang optree deur besluite te neem wat hulle posisie in die literêre veld sal ondersteun of bevorder.

7.4 Gevolgtrekkings

In hierdie studie is die motiewe en beperkings wat werkzaam is in die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans in die tydperk 1990-2018 en die funksie van sodanige vertalings in die Afrikaanse doelkultuur ondersoek. Vervolgens word die navorsingsvrae vir hierdie studie beantwoord (sien ook afdeling 1.2).

7.4.1 Navorsingsvraag 1: Watter internasionale kinderboeke is geselekteer vir vertaling in Afrikaans vir die tydperk 1990-2018?

Hoewel 'n stortvloed sprokies, fabels, diereverhale en kinderverse van internasionale herkoms in Afrikaans vertaal is vóór 1990, het die aanbod van vertaalde kinderboeke ná 1990 verander. Terwyl volksverhale en fabels steeds 'n baie gewilde genre was in vertaling vir die tydperk 1990-1999, is vertaalde reeksboeke, didaktiese boeke, avontuurverhale, fantasieë en ook humoristiese boeke ná 1999 heelwat meer prominent.

Uit die inventaris van internasionale kinderboeke wat in Afrikaanse vertaal is in die tydperk 1990-2018 (sien addendum D), blyk dat daar verskillende genres en subgenres van internasionale herkoms in Afrikaans vertaal is. Vertaalde kinderliteratuur kom in die volgende genres voor: volksverhale en fabels, fantasieverhale en sprokies, didaktiese boeke, avontuurverhale, reeksboeke, vermaaklike boeke (wat deel uitmaak van die vermaaklikheidsindustrie), boeke in rymvorm en kinderverse, realistiese verhale, mitologie, diereverhale, slaapydstories, humoristiese verhale, simboliese verhale, gruwelverhale, wetenskapfiksie, probleemboeke, historiese verhale en bildungsromans. Die subgenres is naamlik prenteboeke, geïllustreerde kinderboeke, kartonboeke, opwip- en lig-die-flappieboeke, kinderboeke sonder illustrasies, strokiesprente en plakkerboeke. Die algeheel gewildste genre in die tydperk 1990-2018, was reeksboeke en uit die subgenres, is prenteboeke die meeste vertaal.

Breër seleksietendense is ook in die tydperk 1990-2018 afgelei. Innoverende en vernuwende kinderboeke in die vorm van prentebouke (vernuwende prentebouke, eksperimentele prentebouke, prentebouke wat tot 'n volwasse leesgehoor spreek, prentebouke vir volwassenes en taboe-deurbrekeende prentebouke) asook vernuwende kinderfiksie (oorgangsfiksie) is in die tydperk 2010-2018 vir vertaling geselekteer.

Internasionale prysweners is ook vir vertaling geselekteer, hoofsaaklik in die tydperk 1990-1999 en 2010-2018 (weinig pryswennerbrontekste is vir vertaling geselekteer in die tydperk 2000-2009). Dit is naamlik brontekste uit Brittanje, die Verenigde State van Amerika, Australië, Nederland, België, Duitsland en Italië.

Voorts is die seleksie van klassieke en/of wêreldliteratuur as 'n tendens opgemerk. Dit is dié bouke wat ikoniese internasionale karakters soos Pippie Langkous, Paddington, Winnie-die-Poeh en Nils Holgersson aan Afrikaanse kinderlesers bekendstel. Internasionale kinderboeke wat deel uitmaak van klassieke en/of wêreldliteratuur is hoofsaaklik vir vertaling geselekteer in die tydperk 2000-2009 en 2010-2018 (weinig klassieke kinderboeke is vir vertaling geselekteer in die tydperk 1990-1999).

Laastens, is die seleksie van kommersiële kinderboeke as 'n tendens waargeneem. Hoewel heelwat kommersiële kinderboeke reeds in die tydperk 1990-1999 vir vertaling geselekteer is, was daar 'n toename in kommersiële kinderboeke wat in die tydperk 2000-2009 in Afrikaans verskyn het. Onder die kommersiële kinderboeke wat in laasgenoemde tydperk vir vertaling geselekteer is, was daar heelwat kinderboeke wat op die voorgrond van internasionale tendense in kinderliteratuur gestaan het, soos J.K. Rowling se *Harry Potter*-reeks. Teenoor die toename in die seleksie van kommersiële kinderboeke in die tydperk 2000-2009, toon die tydperk 2010-2018 'n afname in die aantal kommersiële kinderboeke wat vir vertaling geselekteer is.

Hierdie seleksietendense hou verband met die ideologiese magstrukture wat as motiverings en/of beperkings 'n invloed uitgeoefen het op die seleksie van internasionale kinderliteratuur vir vertaling in Afrikaans. Hierdie motiewe en beperkings sal vervolgens aandag geniet.

7.4.2 Navorsingsvraag 2: Wat is die motiewe en beperkings wat die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans beïnvloed het vir die tydperk 1990-2018?

Daar is ondersoek ingestel na die rol wat die uitgewer speel in die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans en na die motiewe en beperkings wat hierdie seleksieproses beïnvloed.

Die bevinding is dat die seleksie van tekste vir vertaling – dit wat aanvaar word en dit wat verwerp word – en die ondersoek na die magstrukture wat die produksie van vertaling beheer, inherent 'n ideologiese kwessie is (sien ook Hatim, 2013:90).

Verskeie ideologiese magstrukture in die samelewing beïnvloed die seleksie van kinderliteratuur vir vertaling in Afrikaans. Die invloed van die volwassene as bemiddelaar in kinderliteratuur lei tot 'n algemene ideologiese diskoers oor wat as gepaste literatuur vir kinders beskou word. Dit word beskou as die poëtika wat in 'n spesifieke kultuur geld (sien afdeling 7.4.2.1). Hierdie poëtika vind neerslag in die vertaalnorme wat die seleksie van kinderliteratuur vir vertaling beïnvloed (sien afdeling 7.4.2.2) en speel ook 'n vormende rol in die habitus van die uitgewer, wat die uitgewer se besluite in die seleksieproses rig en lei (sien afdeling 7.4.2.3). Hierdie magstrukture kring wyer uit na die politieke en ideologiese omstandighede in Suid-Afrika (afdeling 7.4.2.4) en gaan ook verder, naamlik na die internasionale politieke en ideologiese magstrukture wat die seleksieproses beïnvloed en na die magswanbalans wat heers tussen internasionale tale waaruit kinderboeke vir vertaling in Afrikaans geselekteer word (afdeling 7.4.2.5).

Hierdie ideologiese magstrukture en die manier waarop dit die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans beïnvloed het vir die tydperk 1990-2018, sal vervolgens meer breedvoerig aandag geniet.

7.4.2.1 Die poëtika

Afrikaanse uitgewers publiseer kinderboeke wat die volwasse bemiddelaar in Afrikaanse kinderliteratuur (ouers, grootouers, onderwysers) sal koop. Dit beteken dat sodanige kinderboeke moet voldoen aan vereistes van die dominante diskoers of poëtika van die dag oor wat as gepaste literatuur vir Afrikaanse kinders beskou word.

Omdat Afrikaanse kinderboekuitgewers van dag tot dag in die Afrikaanse kultuur funksioneer en daarom aan hierdie ideologie blootgestel en ook daaraan onderworpe is, word die poëtika as't ware deur uitgewers geïnternaliseer (dit word deel van die uitgewer se habitus) en beïnvloed sodoende die seleksie wat uitgewers maak uit internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans (sien afdeling 7.4.2.3). Die dominante poëtika vind uiteindelik ook 'n neerslag as vertaalnorme in die proses waarin kinderboeke vir vertaling geselekteer word.

7.4.2.2 Vertaalnorme

Norme is in hierdie studie beskou as nielukraak seleksiebesluite wat die kinderboekuitgewer maak uit 'n verskeidenheid beskikbare opsies en impliseer sosiale druk uit die gemeenskap. Die dominante poëtika van die dag vind neerslag in die vertaalnorme wat die uitgewer se seleksiebesluite beïnvloed (sien afdeling 7.4.2.3) en pas druk toe op uitgewers om internasionale kinderboeke vir vertaling te selekteer wat met hierdie poëtika ooreenstem.

Twee vertaalnorme is in hierdie studie ondersoek: die inisiële norm (afdeling 7.4.2.2.1) en die preliminêre norm (afdeling 7.4.2.2.2) en sal vervolgens aandag geniet.

7.4.2.2.1 Die inisiële norm

Weens die invloed van die opvoedkundige sisteem op die Afrikaanse kinderliteratuursisteem enersyds en die invloed van die volwasse bemiddelaar in kinderliteratuur en die dominante poëtika van die dag andersyds (sien afdeling 7.4.2.1), is toeganklikheid en geskiktheid belangrike didaktiese vertaalnorme in die seleksie van internasionale kinderliteratuur vir vertaling in Afrikaans. Die didaktiese norme *toeganklikheid* en *geskiktheid* beïnvloed ook die inisiële norm in die seleksie van kinderboeke vir vertaling in Afrikaans.

As inisiële norm, verkies Afrikaanse uitgewers 'n aanvaarbare of doelteksgeoriënteerde vertaling (*acceptable translation*) bo 'n geskikte of bronteksgeoriënteerde vertaling (*adequate translation*). Hierdie inisiële norm beïnvloed die seleksieproses deurdat uitgewers dikwels brontekste vir vertaling sal selekteer op grond van hoe maklik dit tot die Afrikaanse doelkultuur aangepas kan word. Uitgewers gaan dus reeds in die seleksieproses domestikerend te werk deur internasionale kinderboeke vir vertaling te selekteer op grond van hoe eenvoudig die bronteks se milieu en die bronteksnorme by die Afrikaanse kind se verwysingswêreld aangepas kan word.

Omdat 'n doelteksgeoriënteerde vertaalbenadering prioriteit geniet, sal norme in die bronteks wat teen gevestigde doelkultuurnorme bots, deur middel van vertaalstrategieë (soos domestikering, neutralisering of weglating) aangepas word ten einde die toeganklikheid van die doelteks te verhoog. Die besluit om 'n doelteks te domestikeer ten einde die teks so toeganklik moontlik te maak vir Afrikaanse kinders, is gekoppel aan didaktiese norme in die doelkultuur weens die opvoedkundige sisteem se invloed op die kinderliteratuursisteem. Afrikaanse uitgewers is van mening dat vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms so gemaklik en vlot moontlik in Afrikaans moet lees, en sal kultuurvreemde items waarmee hulle voel Afrikaanse kinders nie geredelik sal identifiseer nie, na goeddunke aanpas.

7.4.2.2.2 Die preliminêre norm

Die preliminêre norm bepaal 'n uitgewer se vertaalbeleid en die beginsels wat daarin vervat is, soos die faktore wat die seleksie van tekste vir vertaling op 'n sekere tydstip bepaal, asook of die uitgewer bereid is om deur middel van 'n mediërende taal te werk te gaan en indirekte vertaling toe te pas en indien wel, watter taal of tale as mediërende tale gebruik word.

Afrikaanse kinderboekuitgewers is van mening dat hulle nie van spesifieke vooropgestelde seleksiekriteria, oftewel preliminêre norme, gebruik maak in die seleksie van internasionale kinderliteratuur vir Afrikaans nie. Hierdie norme is dus grotendeels geïnternaliseer en is in hierdie studie verder ondersoek as die habitus van die uitgewer (sien afdeling 7.4.2.3).

Uitgewers is wel daarvan bewus dat hulle moet oordeel of 'n vertaalde kinderboek in die Afrikaanse kinderboekmark sal verkoop of nie. As gevolg hiervan, is dit 'n preliminêre norm dat internasionale kinderboeke met temas of onderwerpe wat nie met die dominante poëtika in die Afrikaanse doelkultuur strook nie, nie vir seleksie in aanmerking sal kom nie. (Dit is byvoorbeeld kinderboeke met hekserij, toordery of swart magie as tema.)

Die inisiële norm (sien afdeling 7.4.2.2.1) beïnvloed ook die preliminêre norm en Afrikaanse kinderboekuitgewers sal as 'n preliminêre norm nie internasionale kinderboeke vir seleksie oorweeg indien die milieu (byvoorbeeld swaar sneeuweer) of kulturele tradisies in die bronteks (byvoorbeeld die vier van Advent voor Kersfees) Afrikaanse kinders sal vervreem nie.

Wat betref Afrikaanse kinderboekuitgewers se beleid oor indirekte vertaling, maak uitgewers dikwels van indirekte vertaling gebruik, met Engels as die mediërende taal. Dit is hoofsaaklik omdat die meeste Afrikaanssprekendes wat by uitgewers werk sowel Afrikaans as Engels magtig is. Uitgewers is ook van mening dat daar 'n gebrek is aan bekwame, betroubare vertalers in tale buiten Frans, Duits en Nederlands wat kinderboeke uit kleiner internasionale tale (byvoorbeeld uit Pools of Hebreeus) in Afrikaans kan vertaal.

As preliminêre norm, vertaal Afrikaanse uitgewers dikwels brontekste indirek uit Engels, of direk uit 'n internasionale taal met 'n Engelse konsepvertaling byderhand. As sodanig, kan die preliminêre norm beperkend of motiverend te werk gaan in die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans. Hierdie preliminêre norm kan beperkend te werk gaan indien die boek nog nie in 'n Engelse weergawe gepubliseer is nie en indien 'n konsepvertaling in Engels ook nie beskikbaar is nie, of dit kan motiverend te werk gaan indien 'n konsepvertaling in Engels wel beskikbaar is of indien die boek reeds in Engels vertaal en gepubliseer is.

7.4.2.3 Die habitus van die uitgewer

Hoewel Afrikaanse kinderboekuitgewers van mening is dat hulle nie volgens spesifieke seleksiekriteria te werk gaan nie, maak elke uitgewer wel keuses uit 'n aanbod van internasionale kinderboeke wat as nielukraak beskou kan word. Hierdie kriteria is dus in 'n groot mate geïnternaliseer en uitgewers maak nie besluite wat op voorafbedinkte kriteria gegrond is nie. Hierdie keuses word *strategies* uitgeoefen en word gegeneer deur die uitgewer se habitus.

Die habitus gaan vanuit die onderbewussyn te werk as 'n manier van klassifikasie en posisionering en verskil daarom van een uitgewer na 'n volgende. Dit manifesteer as't ware as 'n soort tweede natuur of 'n instink wat uitgewers se seleksiebesluite lei. Afrikaanse kinderboekuitgewers beskryf dit dikwels as 'n "gevoel" oor watter kinderboeke om vir vertaling in Afrikaans te selekteer.

Die habitus word gevorm en beïnvloed deur die objektiewe strukture waarin dit funksioneer en die uitgewer se seleksiestrategieë word as 'n produk van die habitus beskou. As sodanig word die seleksiebesluit ook beïnvloed deur die objektiewe strukture waarin die agent

funksioneer. Dit beteken dat die dominante poëtika (ideologie) (sien afdeling 7.4.2.1) en vertaalnorme (sien afdeling 7.4.2.2) ook die kinderboekuitgewer se seleksiebesluit beïnvloed.

Die habitus veronderstel egter 'n mate van agentskap. Dit beteken dat uitgewers nie meganies optree deur altyd slaafs norme na te volg of altyd kinderboeke te selekteer wat voldoen aan die vereistes van die dominante poëtika van die dag nie. Uitgewers se habitus genereer strategieë wat die uitgewer se belange in die veld sal versterk; habitus kan 'n uitgewer dus lei om seleksiebesluite te neem wat in 'n mindere of meerdere mate teen die dominante ideologie of poëtika van die dag ingaan, mits dit in die uitgewer se belang sou wees om dit te doen (byvoorbeeld indien dit die uitgewer se posisie in die veld sal versterk).

Die habitus lei die uitgewer dus na seleksiestrategieë wat meer ortodoks of meer heterodoks in die literêre veld te werk kan gaan. Heterodokse seleksiestrategieë breek met die gevestigde ideologie van die dag deur meer innoverend en vernuwend in die literêre veld te werk te gaan, terwyl ortodokse seleksiestrategieë behoudend te werk gaan deur min of geen verandering in die literêre veld teweeg te bring nie. Hierdie ideologiese magstryd tussen literêre agente om ortodoksie of heterodoksie bepaal uiteindelik die trajeksie van die literêre veld en wat op 'n gegewe tydstip as "literatuur" in die veld beskou word en bring ideologiese vernuwing mee. Dit beïnvloed derhalwe ook die dominante poëtika van die dag (sien afdeling 7.4.2.1).

Die uitgewer se posisie in die literêre veld is tekenend van die habitus en van die wyse waarop vertaalde kinderboeke van internasionale herkoms die uitgewer se spesifieke belange in die veld dien. Omdat die kinderboekuitgewer se seleksiestrategieë 'n produk is van die institusionele habitus, verrai die kinderboekuitgewer se seleksiebesluite (in die vorm van die internasionale kinderboeke wat vir vertaling selekteer word) die belange van die uitgewer in die literêre veld. Uitgewers streef algemeen in die literêre veld daarna om 'n spesifieke ideologie te bewerkstellig (meer ortodoks of meer heterodoks) asook na die akkumulering van spesifieke soorte kapitaal of kombinasies van kapitaal (meer ekonomiese kapitaal of meer simboliese kapitaal). Hierdie belange rig en lei die kinderboekuitgewer se seleksiebesluite oor watter internasionale kinderboeke om vir vertaling in Afrikaans te selekteer.

Veranderinge in die politieke en ideologiese magstrukture in die omgewing waarin uitgewers funksioneer beïnvloed ook die seleksieproses. Hierdie invloed kom vervolgens aan bod.

7.4.2.4 Die invloed van plaaslike politieke en ideologiese magstrukture

Regerings speel dikwels 'n sentrale rol in die regulering van vertalings en die vorm wat sodanige vertalings in die praktyk aaneem. Regerings kan vertalings motiveer of beperk deur 'n patronaat in die vorm van vertaalsubsidies en ander vorms van ondersteuning te bied, of deur sekere beperkings op vertalings te plaas, of selfs deur sensuur toe te pas. As sodanig kan regerings direk of indirek as kulturele bemiddelaars optree in die seleksie van literatuur vir vertaling (Heilbron & Sapiro, 2018:184).

Hierdie studie is gestel teen die agtergrond van die drastiese politieke en ideologiese veranderinge in Suid-Afrika in die 1990's. Die politieke en ideologiese omwenteling wat Suid-Afrika ondergaan het ná die eerste demokratiese verkiesing in 1994 het groot veranderinge vir die uitgewers van Afrikaanse kinderboeke meegebring. Vir 'n lang tyd vóór 1990 is Afrikaanse uitgewers indirek deur 'n ongedifferensieerde patronaat van die destydse apartheidsregering bevoordeel in die vorm van ruim staatsubsidies wat jaarliks aan openbare biblioteke, skoolbiblioteke en skole toegestaan is vir die aankoop van Afrikaanse kinderboeke. Ná die politieke magsverskuiwing in 1994 het hierdie staatsubsidies bykans heeltemal verdwyn en Afrikaanse kinderboekuitgewers moes hulle uitgewerstrategieë hersien om aan te pas by die veranderde markomstandighede in 'n bevryde Afrikaanse boekemark. Hierdie veranderinge het gelei tot 'n krisis in die Afrikaanse uitgewersbedryf en grootskaalse herstrukturering van die bedryf in die 1990's.

Veranderinge in die breë politieke en ideologiese klimaat in Suid-Afrika in die 1990's en die ekonomiese gevolge wat dit vir Afrikaanse kinderboekuitgewers ingehou het, het uitgewers se seleksie- en publikasiebesluite in die tydperk 1990-2018 beïnvloed.

In die tydperk 2000-2009, nadat die Afrikaanse uitgewersbedryf in die 1990's grootskaalse herstrukturering ondergaan het en staatsubsidiëring nagenoeg verdwyn het, het die aantal vertaalde kinderboeke van internasionale herkoms in Afrikaans drasties verminder. Sommige Afrikaanse kinderboekuitgewers het hulle in hierdie tydperk gewend tot herwinningstrategieë deur gewilde vertalings van internasionale kinderboeke af te stof en weer uit te gee (soos Astrid Lindgren se *Pippie Langkous*-reeks in 2002, vertaal deur Nerina

Ferreira, en A.A. Milne se *Winnie-die-Poeh* in 2007, vertaal deur Alba Bouwer). As gevolg hiervan word 'n toename in die aantal vertaalde klassieke kinderboeke van internasionale herkoms in dié tyd waargeneem. 'n Toename in die seleksie van meer kommersiële boeke en massamarkboeke vir vertaling is ook in hierdie tydperk waargeneem. Hierdie konserwatiewe uitgewerstrategieë dui moontlik daarop dat uitgewers in dié tyd in 'n groot mate ekonomiese risiko's probeer vermy het deur vertaalde kinderboeke uit te gee wat op 'n breër gehoor gerig is en vinniger 'n hoër ekonomiese opbrengs sou lewer.

Teenoor 'n afname in sowel die aantal as die diversiteit van kinderboeke wat in die tydperk 2000-2009 vir vertaling geselekteer is, toon die tydperk 2010-2018 'n toename in vertaalde kinderboeke van internasionale herkoms, asook 'n toename in die diversiteit in die genres en subgenres wat vir vertaling geselekteer is.

In die tydperk 2010-2018 was Afrikaanse kinderboekuitgewers se seleksiestrategieë meer ondernemend. Sommige uitgewers het meer heterodoks in hulle publikasie-strategieë te werk gegaan deur nuwe en innoverende genres en literêre modelle deur middel van vertaling na die Afrikaanse doelkultuur te bring, soos eksperimentele prenteboeke, taboe-deurbrekende prenteboeke, prenteboeke wat tot 'n volwasse leesgehoor spreek, kinderfiksie wat tot 'n volwasse leesgehoor spreek en prenteboeke vir volwassenes. In hierdie tydperk toon die aantal vertaalde internasionale kinderboeke ook groei. Hierdie groei is moontlik 'n teken dat die boekbedryf ná die politieke en ideologiese veranderinge in Suid-Afrika in die 1990's gestabiliseer het. Die toename in vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms kan ook moontlik dui op 'n nuwe publikasie-strategie wat Afrikaanse uitgewers gebruik om Afrikaanse kinderboeke op 'n meer ekonomiese manier in 'n vrye boekmark te publiseer.

Terwyl plaaslike politieke en ideologiese magstrukture 'n bepalende invloed uitgeoefen het op uitgewers se seleksiebesluite in die tydperk 1990-2018, het internasionale politieke en ideologiese magstrukture ook 'n rol gespeel in die seleksie van kinderboeke vir vertaling in Afrikaans. Hierdie internasionale invloed sal vervolgens aandag geniet.

7.4.2.5 Die invloed van internasionale politieke en ideologiese magstrukture

Hierdie studie het bevind dat vertaalstrome uit die internasionale veld van kinderliteratuur na die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur dui op 'n magsverhouding in die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans.

In die internasionale veld van kinderliteratuur wedywer tale om mag in die vorm van literêre kapitaal. In hierdie veld is Afrikaans 'n gedomineerde taal met weinig literêre kapitaal en Engels (hoofsaaklik Britse Engels), Frans en Duits is die dominante tale met die meeste literêre kapitaal wat in die veld sirkuleer (sien Ghesquiere, 2006:26).

Afrikaanse kinderboekuitgewers selekteer hoofsaaklik internasionale kinderboeke vir vertaling uit dominante tale, naamlik uit Engels, Frans en Duits. Deur internasionale kinderboeke uit dominante tale vir vertaling in Afrikaans te selekteer, word literêre kapitaal as't ware na Afrikaans ingevoer deur middel van vertaling (sien Casanova, 2010:290).

Naas kinderboeke uit die dominante tale Engels, Frans en Duits, het Afrikaanse kinderboekuitgewers ook internasionale kinderboeke vir vertaling geselekteer uit Nederlands. In die internasionale veld van mag is Nederlands 'n minder dominante taal. Die vertaling van kinderboeke uit Nederlands kan derhalwe nie soseer as 'n vorm van kapitaal-oordrag beskou word nie. Hierdie vertaalstroom is gedeeltelik te wyte aan die internasionale befondsing wat in die vorm van 'n gedifferensieerde patronaat vir die vertaling van sommige Nederlandstalige kinderboeke in Afrikaans toegestaan is vir die tydperk 2010-2018, en dui as sodanig op 'n internasionale magsverhouding. Deur vertaalsubsidies aan Afrikaanse uitgewers beskikbaar te stel, word Nederlands se posisie in die internasionale veld van kinderliteratuur versterk en word Afrikaans se posisie verder verswak.

Johnson (1993:8) meen die werwing van fondse afkomstig van die patronaat is 'n spesifieke strategie van die uitgewer se habitus (sien ook afdeling 7.4.2.3). Hy sê: "In each and every field, certain interests are at stake even if they are not recognized as such; a certain 'investment' is made, even if it is not recognized as an investment." In die literêre veld kan die patronaat beskou word as 'n strategie van die uitgewer se habitus om sowel meer simboliese kapitaal as meer ekonomiese kapitaal te akkumuleer deur die vertaling van gekanoniseerde en invloedryke internasionale brontekste in Afrikaans.

Die patronaat verminder die publikasiekoste wat in die vertaling van internasionale kinderboeke ter sprake is en dit verminder terselfdertyd ook die finansiële risiko vir die doelteksuitgewer (sien Heilbron & Sapiro, 2018:193). Die patronaat het egter ook 'n ideologiese inslag en tekste wat deur die patronaat goedgekeur word, dien spesifieke ideologiese belange. In dié geval, om die beeld en/of die invloed van die Nederlandse taal en kultuur internasionaal te versterk. Afgesien daarvan, dra vertalings uit Nederlands daartoe by om die aanbod van Afrikaanse kinderliteratuur uit te brei en te diversifiseer terwyl Afrikaanse uitgewers op produksiekoste bespaar. Afrikaanse kinderliteratuur word dus ook deur die patronaat bevoordeel.

Aangesien die patronaat uit die buiteland daartoe bygedra het dat 'n groot aantal vertalings vir die tydperk 2010-2018 uit Nederlands in Afrikaans onderneem is, het die patronaat opgetree as motivering vir die seleksie van sekere internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans (hoofsaaklik van Nederlandse en Belgiese herkoms), maar terselfdertyd ook beperkend te werk gegaan deurdát hierdie gesubsideerde kinderboeke vir vertaling in Afrikaans geselekteer is bó ander kinderboeke van internasionale herkoms. Op dié manier versterk die patronaat ook Afrikaans se post-koloniale bande met Nederlands.

Derhalwe selekteer Afrikaanse uitgewers internasionale kinderboeke vir vertaling uit sekere tale bo ander en seleksie geskied nie waarlik uit 'n volle internasionale aanbod nie. Hierdie vertaalstrome dui op magsverhoudings wat beperkend sowel as motiverend in die seleksieproses te werk kan gaan. Dit dui ook op 'n magswanbalans: terwyl 'n groot aantal kinderboeke jaarliks uit Engels, Frans, Duits en Nederlands in Afrikaans vertaal word, word weinig Afrikaanse kinderboeke in hierdie tale vertaal.

7.4.3 Navorsingsvraag 3: Wat is die funksie van internasionale kinderboeke wat in Afrikaans vertaal is vir die tydperk 1990-2018?

Kinderliteratuur in Afrikaans het min aansien. Die skryf van kinderliteratuur word dikwels beskou as 'n tweederangse soort oefening met die doel om uiteindelik literatuur vir volwassenes te skryf, daarom beskik Afrikaanse kinderboekskrywers (en -illustreerders) oor 'n laer status.

Net soos Afrikaanse kinderliteratuur, het vertalings ook 'n laer status (sien Hermans, 1985:8). Vertaling as 'n literêre aktiwiteit word dikwels beskou as sekondêr of as 'n skryfoefening, "training for the real business of writing", soos Bassnett (1996:10) dit stel. Derhalwe beskik vertaalde kinderliteratuur as't ware oor 'n dubbelgemarginaliseerde status as sowel vertalings én kinderliteratuur.

Ten spyte van 'n gebrek aan erkenning en die perifere posisie wat vertalings in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem inneem, speel vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms 'n belangrike rol in die dinamika en lewenskragtigheid van die Afrikaanse kinderliteratuursisteem.

Dit is uit hierdie navorsing duidelik dat internasionale vertalings 'n groot leemte in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem vul. Weens 'n tekort aan plaaslike Afrikaanse skrywers en illustreerders (moontlik weens die lae status wat dié beroepe meebring) moet kinderliteratuur deur middel van internasionale vertalings aan Afrikaanse kinders beskikbaar gestel word. Dit is ook deur middel van internasionale vertalings dat nuwe genres, temas en tendense tot die Afrikaanse kinderliteratuursisteem gevoeg word.

Volgens Even-Zohar (2000:193) word vertalings geselekteer op grond van die rol (konserwatief of innoverend) wat dit in die doelkultuur moet verrig. Dit blyk uit hierdie studie dat sommige vertalings van internasionale herkoms in die tydperk 1990-2018 innoverend en/of vernuwend in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem te werk gegaan het deur nuwe genres, nuwe temas en populêre internasionale tendense in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem bekend te stel. Op dié manier het vertalings van internasionale herkoms in 'n groot mate bygedra tot die volgehoue dinamika van die Afrikaanse kinderliteratuursisteem in hierdie tydperk.

Hierdie bevindings problematiseer Even-Zohar (2004) se binêre uiteensetting van die posisies en funksies van vertalings binne die konteks van die Afrikaanse kinderliteratuursisteem, want hoewel vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms in die algemeen 'n perifere of randposisie in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem inneem en die rol van vertalings in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem as "aanvullend" of "verrykend" tot plaaslike Afrikaanse kinderliteratuur beskou word, blyk dit uit hierdie studie dat sommige internasionale vertalings 'n primêre of innoverende funksie in die Afrikaanse

kinderliteratuursisteem verrig en dat die Afrikaanse kinderliteratuursisteem nie optimaal sonder vertalings van internasionale herkoms kan funksioneer nie.

7.5 Wetenskaplike bydrae en relevansie

Translating children's literature is not essentially different from translating other forms of literature, but there are elements peculiar to this domain which call for special theoretical and methodological consideration. Analysis of children's literature in translation therefore focuses on aspects not at the centre of attention in translation studies in general and thus has an important contribution to make to the discipline as a whole (O'Sullivan, 2013:451).

Volgens Wybenga en Snyman (2005:13) heers daar 'n "nypende tekort aan wetenskaplike inligting oor Afrikaanse kinder- en jeugboeke op alle vlakke". Hierdie sitaat kom uit die heel eerste geskiedenis van Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur wat so onlangs as 2005 gepubliseer is, naamlik *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom: 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek* (Wybenga & Snyman, 2005).

Fouché (2012:3) verwys na die studieveld as "byna 'n braakland, 'n veld wat per geleentheid besaai word deur die teorieë en denke van opvoedkundiges, bibliotekarisse en akademici" (sien ook Fairer-Wessels & Van der Walt, 1999:95).

Kinderliteratuur is al as die stiefkind of aspoestertjie van hoofstroomliteratuur bestempel (Fairer-Wessels & Van der Walt, 1999:95; Snyman, 1983:12). Volgens Wybenga en Snyman (2005:12) word kinderliteratuur nie as "die regte" letterkunde beskou nie, en daarom minderwaardig geag. Soos Hunt (2005:2) opmerk: "Children's literature is important – and yet it is not."

Hoewel studies in kinderliteratuurvertaling in Suid-Afrika nog in 'n vroeë ontwikkelingsfase verkeer (Kruger, 2010:16; 2012:13), sluit hierdie studie by veral drie onlangse studies aan: Kruger (2010; 2012), Fouché (2012) en Spies (2013). Kruger (2010 en 2012) ondersoek die wyse waarop vertalings bydra tot die algemene produksie van kinderliteratuur in Suid-Afrika. Kruger (2010; 2012) se navorsing oorvleuel tot 'n mate met dié studie deurdat daar gekyk word na die norme wat in die seleksieproses van vertalings werkzaam is, asook deurdat die ondersoek uitgevoer is met behulp van 'n opname onder plaaslike uitgewers (en vertalers). 'n Belangrike bevinding wat deur Kruger (2010; 2012) gemaak is en ook in hierdie studie klink, is dat vertaalde Afrikaanse literatuur hoofsaaklik 'n perifere posisie in die Afrikaanse

literêre sisteem inneem. Kruger (2010; 2012) fokus egter hoofsaaklik op die opvoedkundige konteks van vertaalde kinderboeke in Suid-Afrika en haar studie is stewig geplaas binne die Suid-Afrikaanse opvoedkundige diskoers met klem op die produksie van vertaalde kinderliteratuur in Afrikatale, terwyl hierdie studie 'n diepte-onderzoek onderneem na die seleksie van kinderboeke vir vertaling in spesifiek Afrikaans. Fouché (2012) fokus op die vertaling van die kindervers uit Frans in Afrikaans. Haar navorsing werp hoofsaaklik lig op die vertaalstrategieë en teoriegebaseerde vertaalbenaderings wat vertalers van kinderverse in Afrikaans volg. Laastens sluit hierdie studie ook by Spies (2013) aan. Hoewel Spies (2013) se studie nie op vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur gerig is nie (die fokus is op volwasse literatuur), bied dit belangrike insigte in die wisselwerking tussen die agente wat betrokke is in die produksieproses van literêre vertalings, waaronder die seleksieproses.

Hierdie studie het primêr ten doel om 'n bydrae tot vertaalde kinderliteratuur te lewer, spesifiek vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur, deur insig te bied in die motiverings, beperkings en magstrukture wat 'n invloed uitoefen op die seleksie van kinderboeke vir vertaling in Afrikaans en die funksie wat sodanige vertalings in die Afrikaanse doelkultuur verrig. Die inventaris van vertaalde Afrikaanse kinderboeke wat tydens hierdie ondersoek saamgestel is vul ook 'n hiaat in produksiestatistiek van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur vir die tydperk 1990-2018 en lê sodoende die grondslag vir verdere ondersoek in die veld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur in Suid-Afrika.

7.6 Tekortkomings van hierdie studie

Die bestudering van die inisiële norm en preliminêre norm het in hierdie studie geskied deur middel van normatiewe uitsprake deur Afrikaanse kinderboekuitgewers. Normatiewe uitsprake word deur Toury (2000:207) beskou as byprodukte of sekondêre produkte van normatiewe gedrag, en word daarom as gedeeltelik partydig geklassifiseer. Normatiewe uitsprake is dus nie te vertrou nie, want “emanating as they do from interested parties – they are likely to lean towards propaganda and persuasion” (Toury, 2000:207). Daarom behoort alle normatiewe uitsprake, en dus ook die bevindings van hierdie studie, getoets te word aan die hand van vertaalde tekste self om te kyk of hierdie norme wel in die Afrikaanse doelt tekste na vore tree.

Die metode van data-insameling, naamlik die samestelling van 'n inventaris van vertaalde Afrikaanse kinderboeke van internasionale herkoms vir die tydperk 1990-2018 deur middel

van besoekaflegging aan pligleweringbiblioteke in Suid-Afrika, het ook bygedra tot tekortkomings in hierdie studie.

Omdat die inventaris so ver terug in die verlede strek as 1990, en ten einde die inligting wat in die inventaris versamel is, so volledig moontlik te kry deur betroubare inligting (soos die naam van die vertaler, die jaar van publikasie van die bronteks, die naam van die bronteks en die naam van die bronteksuitgewer) oor elke titel in die inventaris in te win, is daar besluit om nie inligting hoofsaaklik deur middel van uitgewerskatalogusse of resensies in die media in te samel nie, maar om die fisieke boeke en die inligting op dié boeke se kopieregbladsye na te gaan.

Hierdie metode is problematies weens vier redes. Eerstens wil dit voorkom asof nie alle Afrikaanse kinderboekuitgewers die Wet op Pliglewering gehoorsaam nie. Tweedens kon die navorser slegs by die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Navorsingsentrum en Museum boeke self van pligleweringrakke afhaal en by die inventaris voeg; by die Nasionale Biblioteek in Pretoria moes die navorser 'n bibliotekaris van 'n lys boeke voorsien wat deur biblioteekpersoneel gaan haal is, en waarvan slegs 'n klein aantal titels opgespoor kon word. Derdens toon sommige vertalings se kopieregbladsye 'n gebrek aan inligting: 'n vertaling se ko-produksiestatus word nie altyd gemeld nie; soms word vertalers se name uitgelaat; soms word brontekstitels uitgelaat; en herdrukke word nie altyd op kopieregbladsye aangedui nie. Weens hierdie tekortkomings, kon die navorser byvoorbeeld nie gebruik maak van die data oor ko-produksies of herdrukke in die inventaris vir 'n ondersoek na die posisies van Afrikaanse uitgewers in die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms nie. Laastens is die inventaris vir die jaartal 2018 onvolledig omdat die navorser vroeg in 2019 boeke by die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Navorsingsentrum en Museum en die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek in Pretoria nagegaan het, toe alle pliggelewerde boeke vir 2018 nog nie die biblioteke bereik het nie en sommige nog nie genommer, tot die sisteem gevoeg, en op die rakke beskikbaar was nie.

7.7 Voorstelle vir verdere navorsing

In hierdie studie is die struktuur van die subveld van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms uiteengesit ten einde te probeer vasstel watter motiewe en

beperkings in die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling in Afrikaans aan bod kom. Johnson (1993:18) sê egter:

Bourdieu's model necessarily involves different levels of analysis which account for different aspects of cultural practice, ranging from the relationship between the cultural field and the broader field of power to the strategies, trajectories and works of individual agents. All levels of analysis, each composed of multiple components, must be taken into consideration to gain a full understanding of cultural works.

Uit 'n vertaalsosiologiese perspektief verteenwoordig hierdie studie slegs een vlak van analise. Verdere navorsing kan die hele veld van Afrikaanse kinderliteratuur bestudeer deur die posisies wat oorspronklike Afrikaanse kinderliteratuur in die veld inneem te vergelyk met die posisies wat vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur van internasionale herkoms en plaaslik vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur in die veld inneem.

Hierdie studie het ook sterk klem gelê op die rol van die Afrikaanse kinderboekuitgewer in die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling. Daar is egter 'n verskeidenheid agente by die seleksie- en produksie van literatuur betrokke. Soos Bonthuys (2016:22) dit stel:

Die literatuursosiologiese navorser moet dus nie net die rol van die direkte produsent van die teks ondersoek nie, maar almal wat daartoe bydra dat waarde aan die teks geheg word (byvoorbeeld kritici, uitgewers, akademici, onderwysers, lesers, boekwinkels, biblioteke en jurielede) want die teks is as't ware 'n manifestasie van die hele veld waarin dit geskep word.

Toekomstige navorsing kan moontlik ook lig werp op die rol van ander agente wat by die seleksie en produksie van vertaalde Afrikaanse kinderliteratuur betrokke is, byvoorbeeld die invloed van instansies soos boekwinkels en biblioteke asook individuele agente soos ouers, onderwysers, bibliotekarisse en akademici, maar ook vertalers, illustreerders, proeflesers en ander redaksionele medewerkers wat by die produksie van vertalings betrokke is.

Die sosiale netwerke wat Suid-Afrikaanse kinderboekuitgewers met internasionale uitgewers verbind is een manier hoe uitgewers hulleself in die literêre veld posisioneer. Hierdie vaste verhoudings het tot gevolg dat Afrikaanse uitgewers gereeld sekere internasionale uitgewers se boeke vir vertaling selekteer. Verdere navorsing op die spesifieke sosiale netwerke wat tussen uitgewers heers en die invloed daarvan op die

produksie van internasionale vertalings in Afrikaans sou moontlik met behulp van Latour se akteur-netwerk-teorie uitgevoer kon word (sien byvoorbeeld Buzelin, 2005 en 2007 in verband hiermee).

'n Ander studiemoontlikheid wat na aanleiding van hierdie navorsing geïdentifiseer is, is 'n diepte-ondersoek na die verskille en ooreenkomste tussen Even-Zohar se polisisteamteorie en Bourdieu se veldteorie. Verdere navorsing sou moontlik meer kon lig werp op die wyse waarop die sisteem- en veldteorie sowel as verwante konsepte (soos norme en habitus) met mekaar vergelyk.

Laastens, terwyl hierdie studie ondersoek ingestel het na die vertaling van internasionale kinderboeke in Afrikaans, is daar tot op hede nog nie studies onderneem na die vertaling van oorspronklike Afrikaanse kinderboeke in die buiteland nie. In die internasionale veld van mag, waar Afrikaans 'n gedomineerde taal is, is vertaling uit Afrikaans in 'n dominante taal soos Engels een manier waarop Afrikaanse kinderboekskrywers hulle status kan verhoog. Soos Buitendach en Le Roux (2018:289) dit stel: "One way in which authors working in a minority language like Afrikaans can expand their reach, is to publish in European languages and thus reach an extended market outside South African borders."

7.8 Slotopmerkings

Waarom word boeke vir kinders vertaal? Daar is hoofsaaklik drie redes hoekom uitgewers kinderboeke van internasionale herkoms in Afrikaans vertaal: omdat daar plaaslik nie genoeg kinderboeke in Afrikaans beskikbaar is nie, omdat die vertaling van internasionale kinderboeke vir uitgewers 'n ekonomiese publikasie-opsie bied, en omdat internasionale kinderboeke dikwels van 'n hoë gehalte is.

Vertalings van internasionale herkoms toon 'n volgehoue en prominente teenwoordigheid in Afrikaanse kinderliteratuur, al sedert die ontwikkeling van 'n aparte literatuur vir Afrikaanse kinders in die neëntiende eeu. Afrikaanse kinderliteratuur het stelselmatig ontwikkel en in 'n vroeë stadium van ontwikkeling, is internasionale vertalings verwerk, oorvertel en vry aangepas om naatloos in te pas by die Afrikaanse kind se leefwêreld. Vertalings is in dié tyd as't ware as oorspronklike Afrikaanse boeke beskou weens 'n gebrek aan plaaslike kinderliteratuur in Afrikaans.

Vertalings van internasionale herkoms het nie net 'n belangrike leemte gevul toe Afrikaans as taal nog besig was om te ontwikkel en ook later toe nog weinig oorspronklike kinderboeke in Afrikaans beskikbaar was nie. Vertalings het ook 'n belangrike rol gespeel in die vernuwing van die oorspronklike Afrikaanse kinderboek in die 1950's, die instelling van literêre pryse vir kinderboeke, die totstandkoming van 'n volwaardige Afrikaanse kinderliteratuur en die erkenning van literatuur vir kinders as 'n kunsgenre in eie reg.

Ten spyte van 'n gebrek aan erkenning en status, speel vertalings van internasionale kinderboeke vandag nog 'n belangrike rol in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem. Hoewel uitgewers ná Suid-Afrika se politieke transformasie in die 1990's en die ineenstorting van die skool- en biblioteekmark meer klem gelê het op die vertaling van kommersiële kinderboeke, blyk dit uit hierdie studie dat dit net 'n tydelike strategie was terwyl uitgewers aangepas het in 'n bevryde boekmark. Ná 'n aanpassingsperiode het uitgewers weer hulle aanbod van kinderboeke gediversifiseer, en terwyl internasionale vertalings bloot as aanvullend en verrykend tot oorspronklike Afrikaanse kinderliteratuur beskou word, blyk uit hierdie studie dat vertalings 'n belangrike rol speel in die volgehoue dinamika en lewenskragtigheid van die Afrikaanse kinderliteratuursisteem. Nuwe temas, genres en innoverende literêre modelle, soos oorgangsprenteboeke en oorgangsfiksie is deur middel van internasionale vertalings by Afrikaanse kinderliteratuur gevoeg, en populêre internasionale tendense het as vertalings in die Afrikaanse kinderliteratuursisteem neerslag gevind in karakters soos J.K. Rowling se Harry Potter, Eoin Colfer se Artemis Fowl en Chris Riddell se Ada Goth.

Die uitgewer as bemiddelaar by die seleksie van internasionale kinderboeke vir vertaling speel dus 'n deurslaggewende rol in die aanbod van boeke wat vir kinders in Afrikaans beskikbaar is. Alba Bouwer (in Terblanche, 2016) gebruik die woorde van die welbekende Sweedse kinderboekskrywer Astrid Lindgren om die rol van boeke vir kinders te beskryf én van die uitgewers wat kinderboeke vir publikasie selekteer, en sê:

Alle groot dinge wat in die wêreld plaasgevind het, het allereers in iemand se fantasie tot stand gekom, en hoe die wêreld van môre daaruit sal sien, hang in groot mate af van die krag van die verbeelding van hulle wat op die oomblik leer lees. Daarom moet kinders boeke hê en daarom moet daar mense wees wat werklik 'n oog het vir die soort boeke wat die kind in die hand gelê word.

Bronnelys

Primêre bronne:

15 Years of New Talent. [S.a.]. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.waterstones.com/the-waterstones-childrens-book-prize> [2019, 9 Julie].

About the CBCA Book of the Year Awards. [S.a.]. [Intyds]. Beskikbaar: <https://cbca.org.au> [2019, 9 Julie].

Adendorff, E.M. 2003. Digdebutte teen die millenniumwending: 'n Polistemiese ondersoek. MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Aesop. 1905a. (vert.). Di fabels van Aesop, deur D. Bendolf. *Ons Klyntji*, Julie:12-13.

Aesop. 1905b. (vert.). Di fabels van Aesop, deur D. Bendolf. *Ons Klyntji*, September:11-12.

'n Afrikaanse Baron Munchausen. 1903. *Ons Klyntji*, Desember:154.

Akademiepryse. [S.a.]. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.akademie.co.za/wp-content/uploads/2015/06/Akademiepryse_1909.pdf [2019, 14 Maart].

Alberts, P. 2000. Stel fout reg, Maretha. *Die Volksblad*, 14 November:6.

Álvarez, R. & Carmen-África Vidal, M. 1996. Translating: A political act, in Álvarez, R. & Carmen-África Vidal, M. (reds.). *Translation, power, subversion*. Clevedon: Multilingual Matters.1-9.

Alvstad, C. 2003. Publishing strategies of translated children's literature in Argentina: A combined approach. *Meta: Translator's Journal*, 48(1-2):266-275.

Anansi Publisher of Children's Books. [S.a.]. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.anansibooks.co.za> [2019, 10 Julie].

- Anderson, K.J. 2000. Children's literature in English translation, in Classe, O. (red.). *Encyclopedia of literary translation into English*. Londen en Chicago: Fitzroy Dearborn. 276-278.
- Astrid Lindgren Memorial Award. [S.a.]. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.alma.se/en/About-the-award/> [2019, 2 Augustus].
- Bamberger, R. 1978. The influence of translation on the development of national children's literature, in Klingberg, G., Ørvig, M. & Amor, S. (reds.). *Children's books in translation: The situation and problems*. Stockholm: Almqvist & Wiksell International. 19-27.
- Barnard, R. 2005. Die uitdaging van volhoubare groei: 'n Kritiese ondersoek na uitgewerstrategieë. MBA-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Bartell, J. 1959. The Lewis Carroll Shelf Award. *Elementary English*, 36(3):159-166.
- Bassnett, S. 1996. The meek or the mighty: Reappraising the role of the translator, in Álvarez, R. & Carmen-África Vidal, M. (reds.). *Translation, power, subversion*. Clevedon: Multilingual Matters. 10-24.
- Bassnett, S. 2002. *Translation studies*. 3de uitgawe. Londen en New York: Routledge.
- Bassnett, S. & Lefevere, A. 1990. *Translation, history and culture*. Londen en New York: Pinter.
- Bay, A. 2006. "Wanneer heeft u voor het laatst een Nederlandse boek gelezen?" De receptie van Nederlandse literatuur in Deense vertaling, 1990-2004, in Broomans, P., Linn, S., Vogel, M., Van Voorst, S. & Bay, A. (reds.). *Object: Nederlandse literatuur in het buitenland. Methode: onbekend*. Groningen: Barkhuis. 21-35.
- Beckett, S. L. 2009. *Crossover fiction: Global and historical perspectives*. New York en Londen: Routledge.

- Beckett, S. L. 2012. *Crossover picture books: A genre for all ages*.
New York en Londen: Routledge.
- Bedeker, L. 2004. Interferensie in die Afrikaanse Harry Potter. MPhil-tesis.
Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Bekronings: Elsabe Steenbergprys vir Vertaalde Kinder- en Jeugliteratuur. [S.a.]
[Intyds]. Beskikbaar: http://www.storiwerf.co.za/lyste/elsabe_steenbergprys.html
[2019, 18 April].
- Bekroonde Boeken – De Gouden Griffel. [S.a.] [Intyds]. Beskikbaar:
<https://www.hebban.nl/de-gouden-griffel> [2019, 9 Julie].
- Ben-Ari, N. 2013. An open system of systems: Itamar Even-Zohar and the polysystem theory, in Millán, C. & Bartrina, F. (reds.). *The Routledge handbook of translation studies*. Londen en New York: Routledge. 144-150.
- Bester, M. 1989. Die kindertydskrif as kultuurhistoriese inligtingsbron. *South African Journal of Culture and Art History*, 3(1):19-30.
- Bester, M. 2004. Ongelukkige gebeure in heerlike Afrikaans. *Beeld*, 6 Desember:13.
- Bester, M. 2005. Afrikaanse kinder- en jeugtydskrifte, in Wybenga, G. & Snyman, M. (reds.). *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom: 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek*. Pretoria: LAPA. 147-162.
- Blomme in freemde lande gepluk. 1897. *Ons Klyntji*, Oktober:179.
- Boeke in of oor Afrikaans. 1914. *Die Brandwag*, 1 April:683.
- Boers, M. 2006. *Bridging language barriers. SATI: The first fifty years 1956-2006*.
Johannesburg: SATI.

- Bonthuys, M. 2016. 'n Vergelykende ondersoek na die toekenning van debuutpryse vir Afrikaanse en Nederlandstalige poësie, 1990-2009. PhD-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Bosman, L. 1945. Bibliografie van Afrikaanse kleuterboeke ontvang in die Suid-Afrikaanse openbare biblioteek, Kaapstad, tot in Junie, 1945. PhD-verhandeling. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.
- Botha, A. 1982. Op die literêre werf. *Die Vaderland*, 28 Oktober:38.
- Botha, A. 2011. Amanda Botha gesels oor Afrikaanse vertalings van kinderboeke uit die Lae Lande. [Intyds]. Beskikbaar: <http://protea.bookslive.co.za/blog/2011/10/24/amanda-botha-gesels-oor-afrikaanse-vertalings-van-kinderboeke-uit-die-lae-lande/> [2019, 9 Julie].
- Botha, A. 2015. Resensie: Stories deur Julia Donaldson leer kinders om te lag. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.litnet.co.za/resensie-stories-deur-julia-donaldson-leer-kindere-om-te-lag/> [2019, 9 Julie].
- Bottigheimer, R. 1998. An important system of its own. Defining children's literature. *Princeton University Chronicle*, 59(2):191-210.
- Bourdieu, P. 1977. *Outline of a theory of practice*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Bourdieu, P. 1984. *Distinction: A social critique of the judgement of taste*. Cambridge: Harvard University Press.
- Bourdieu, P. 1986. The forms of capital, in Richardson, R.G. (red.). *Handbook of theory and research for the sociology of education*. New York: Greenwood Press. 241-258.
- Bourdieu, P. 1990a. *In other words: Essays towards a reflexive sociology*. Stanford: Stanford University Press.
- Bourdieu, P. 1990b. *The logic of practice*. Cambridge: Polity Press.

Bourdieu, P. 1991. *Language and symbolic power*. Cambridge: Harvard University Press.

Bourdieu, P. 1993. *The field of cultural production. Essays on art and literature*.
Cambridge: Polity Press.

Bourdieu, P. 1996. *Homo academicus*. Cambridge: Polity Press.

Bourdieu, P. 1998. *Practical reason: On the theory of action*. Cornwall: Polity Press.

Bourdieu, P. 2005. Habitus, in Hillier, J. & Rooksby, E. (reds.). *Habitus: A sense of place*.
Aldershot: Ashgate Publishing. 43-49.

Breytenbach, K. 1999. Is dit ons erns met Afrikaanse jeugboeke? *Die Burger*, 28 Julie:6.

Breytenbach, K. 2000. Sulke verkondiging gee 'n beklemming om die hart.
Die Volksblad, 13 November:6.

Britz, E. 2000. 'n Herrie oor niks ... *Die Volksblad*, 16 November:14.

Britz, E. 2009. Van Schalkwyk, Jacobs beste op hul gebied: Pryse vir musiek,
vertaling onderstreep talent. *Volksblad*, 2 April:16.

Broomans, P., Linn, S., Vogel, M., Van Voorst, S. & Bay, A. (reds.). 2006. *Object:
Nederlandse literatuur in het buitenland. Methode: onbekend*. Groningen: Barkhuis.

Bruwer, D. 2005. Die Afrikaanse vertaling van eiename in Harry Potter: Konsekwensies
vir kultuuroordrag. MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Bruwer, N. 2016. Foto's: Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se suidelike
bekroningsgeleentheid. [Intyds]. Beskikbaar: [https://www.litnet.co.za/fotos-
die-sa-akademie-vir-wetenskap-en-kuns-se-suidelike-bekroningsgeleentheid/](https://www.litnet.co.za/fotos-die-sa-akademie-vir-wetenskap-en-kuns-se-suidelike-bekroningsgeleentheid/)
[2019, 30 Junie].

- Buchhaus, E. 2016. Walliams, David Ouma is 'n kroek! *Kaapse Bibliotekaris*, Maart-April:28.
- Buchholtz, K. 2001. *Publishers and translation policy: The challenges and solutions in translating children's literature into African languages in South Africa*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.icon.co.za/~firechildren/ithemba/ithemba/htm> [2012, 31 Januarie].
- Buitendach, S. & Le Roux, E. 2018. Travelling stories: Selling translation rights of Afrikaans fiction to Dutch publishers. *Publishing Research Quarterly*, 34(2):288-303.
- Burger, W. 2018. Ken jou storie: Dis prysseisoen. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.vrouekeur.co.za/nuus-vermaak/prysseisoen> [2019, 21 April].
- Buzelin, H. 2005. Unexpected allies: How Latour's network theory could complement Bourdieusian analyses in translation studies. *The Translator: Special issue: Bourdieu and the sociology of translation and interpreting*, 11(2):193-218.
- Buzelin, H. 2007. Translations "in the making", in Wolf, M. & Fukari, A. Constructing a sociology of translation. Amsterdam: John Benjamins. 135-169.
- Caldecott Medal – Terms and criteria. [S.a.]. [Intyds]. Beskikbaar: www.ala.org/alsc/awardsgrants/bookmedia/caldecottmedal/caldecotterms/caldecotterms [2019, 9 Julie].
- Campbell, J.T. 2000. The Americanization of South Africa, in Wagnleitner, R. & May, E.T. (reds.). "*Here, there and everywhere.*" *The foreign politics of American popular culture*. Hanover en Londen: University Press of New England. 34-63.
- Carstens, W.A.M. & Raidt, E.H. 2019. *Die storie van Afrikaans: Uit Europa en van Afrika – Biografie van 'n taal. Deel 2*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Casanova, P. 2010. Consecration and accumulation of literary capital: Translation as unequal exchange, in Baker, M. (red.). *Critical readings in translation studies*. Londen en New York: Routledge. 287-303.

- Catford, J.C. 1965. *A linguistic theory of translation*. Londen: Oxford University Press.
- Chesterman, A. 2000. *Memes of translation*. Amsterdam en Philadelphia: John Benjamins.
- Children's Choices. [S.a.]. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.cbcbooks.org/readers/reading-lists/best-of-lists/childrens-choices/> [2019, 9 Julie].
- Codde, P. 2003. Polysystem theory revisited: A new comparative introduction. *Poetics Today*, 24(1):91-126.
- Coetzee, A. 1940. *Die verhaalskat van Ons Klyntji*. Johannesburg: Voortrekkerpers Beperk.
- Coetzee, G. 2009. Afrikaans die hart van lewenskragtige Akademie: Organisasie vier 100 j. glansryk. *Volksblad*, 19 Junie:9.
- Compion, M. 2005. 'n Ondersoek na Scheherezade as moontlike voorganger in 'n vroulike verteltradisie in enkele Afrikaanse literêre tekste. MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Costa Book Awards. [S.a.]. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.costa.co.uk/costa-book-awards/welcome/> [2019, 9 Julie].
- Croce, M. 2015. The *habitus* and the critique of the present: A Wittgensteinian reading of Bourdieu's social theory. *Sociological Theory*, 33(4):327-346.
- De Glas, F. 1992. Hebben uitgeverijen invloed op de literaire canon? *Spiegel der Letteren*, 34:289-304.
- De Klerk, E. 2001. Vierde Harry Potter binnekort in Afrikaans op winkelrakke. *Die Burger*, 14 Februarie:13.
- De Kock, C. 2017. Speurder los sake sommer maklik op. *Die Burger*, 20 Maart:13.

- De Roubaix, L. 2010. Alice se avonture in Afrikaans: 'n Vertaalteoretiese beskouing van geskiktheid, aanvaarbaarheid en gepastheid. MPhil-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Desmet, M.K.T. 2007. *Babysitting the reader: Translating English narrative fiction for girls into Dutch (1946-1995)*. Bern: Peter Lang.
- Desmidt, I. 2006. A prototypical approach within descriptive translation studies? Colliding norms in translated children's literature, in Van Coillie, J. & Verschueren, W.P. (reds.). *Children's literature in translation: Challenges and strategies*. Manchester: St Jerome. 79-96.
- De Villiers, J. & Smith, C. 2005. Kerklui vaar uit teen Harry Potter. *Die Burger*, 16 Julie:1.
- De Vries, W. 2010. Alba Bouwer op 90: 'n Lewe ryk aan verhale en erkenning. *Die Burger*, 16 Maart:8.
- Diedericks-Hugo, C. 2003. Artemis Fowl, deur Eoin Colfer, in Afrikaans vertaal deur Janie Oosthuysen. *Die Burger*, 6 Junie:7.
- Diedericks-Hugo, C. 2009. Woord en wederwoord. *Boeke-Insig*, 1 Januarie:21.
- Die eerste stories van Duimpie. 1914. *Die Brandwag*, 1 Desember:405-406.
- Die ou gespikkelde wolf. 1914. *Die Brandwag*, 1 Maart:626-628.
- Di skimmel poni. 1900. *Ons Klyntji*, Januarie:5.
- Duarte, J.F., Rosa, A.A. & Seruya, T. (reds.). 2006. *Translation studies at the interface of disciplines*. Amsterdam en Philadelphia: John Benjamins.
- Dubief, Alexis. 2011. Parental catharsis in profane children's book. [Intyds]. Besikbaar: <https://www.preciouslittlesleep.com/go-the-fk-to-sleep-book-review/> [2019, 30 Junie].

Du Plessis, L. & Pelsler, W. 2001. Potter-boeke vlieg met flik oppad.

Die Burger, 21 November:3.

Du Toit, S.J. 1896a. An ons intekenaars en medewerkers. *Ons Klyntji*, Maart:1.

Du Toit, S.J. 1896b. "Ons Klyntji" spreek. *Ons Klyntji*, Maart:1.

E.B. White Read Aloud Award Winners. 2019. [Intyds]. Besikbaar:

<https://www.bookweb.org/membership/ABC/EBWhitewinners> [2019, 9 Julie].

Eiselen, U. 2005. Vertaling en Afrikaanse kinder- en jeugboeke, in Wybenga, G. & Snyman, M. (reds.). *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom: 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek*. Pretoria: LAPA. 135-146.

Even-Zohar, I. 1978a. *Papers in historical poetics. Papers on poetics and semiotics 8*.

Tel Aviv: Universiteit van Tel Aviv.

Even-Zohar, I. 1978b. The position of translated literature within the literary polysystem, in Holmes, J.S., Lambert, J. & Van den Broeck, R. (reds.). *Literature and translation*.

Leuven: Acco. 117-127.

Even-Zohar, I. 1979. Polysystem theory. *Poetics Today*, 1(1-2):287-310.

Even-Zohar, I. 1990a. Polysystem theory. *Poetics today*, 11(1):9-26.

Even-Zohar, I. 1990b. The literary system. *Poetics today*, 11(1):27-44.

Even-Zohar, I. 1990c. The position of translated literature within the literary polysystem.

Poetics Today, 11(1):45-51.

Even-Zohar, I. 1990d. System, dynamics and interference in culture: A synoptic view.

Poetics Today, 11(1):85-94.

- Even-Zohar, I. 1997. Factors and dependencies in culture: A revised outline for polysystem culture research. *Canadian Review of Comparative Literature*, Maart:15-33.
- Even-Zohar, I. 2000. The position of translated literature within the literary polysystem, in Venuti, L. (red.). *The translation studies reader*. Londen: Routledge. 192-197.
- Even-Zohar, I. 2004. The position of translated literature within the literary polysystem, in Venuti, L. (red.). *The translation studies reader*. 2de uitgawe. Londen en New York: Routledge. 199-204.
- Even-Zohar, I. 2005. Polysystem theory (revised), in Even Zohar, I. *Papers in culture research*. Tel Aviv: Porter Chair of Semiotics. (Tydelike elektroniese boek.)
- Fairer-Wessels, F. & Van der Walt, T. 1999. Temas en tendense in hedendaagse kinderliteratuur. *Stilet*, (11)1:95-105.
- Falconer, R. 2009. *The crossover novel. Contemporary children's fiction and its adult readership*. Londen en New York: Routledge.
- Fantasi Katalogus. 2019. [Intyds]. Beskikbaar: <http://fantasi.co.za/wp-content/uploads/2019/06/Fantasi-Katalogus.pdf> [2019, 9 Julie].
- Ferhale uit belangrike tyde. 1897. *Ons Klyntji*, Julie:109.
- Fer kinders en jongmense. 1898. *Ons Klyntji*, November:215.
- Fitzpatrick, P. 1911. Bosveld-Jock. *Die Brandwag*, 15 Oktober:321-324.
- Flanders Literature: Translation Grants Guidelines. 2019. [Intyds]. Beskikbaar: <https://assets.flandersliterature.be/documents/0dca927e66b572bf17facf0525b7d8b9.pdf> [2019, 17 April].

- Fokkema, D. 1997. The system-theoretical perspective in literary studies: Arguments for a problem-oriented approach. *Canadian Review of Comparative Literature*, 24(1):177-185.
- Fouché, M. 2007. 'n Afrikaanse vertaling uit Cornelia Funke se Tintenherz. MPhil-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Fouché, M. 2012. Vertaling en die kindervers: 'n Vergelykende studie van Franse en Afrikaanse vertalings van geselekteerde humoristiese Engelse kleuter- en kinderverse. PhD-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Fourie, I. & Burger, M. 2007. History of bibliographic control in South Africa. *Mousaion*, 25(2):95-119.
- Fowler, D. 2000. Maretha vra nie om verskoning. *Die Volksblad*, 16 November:14.
- Frank, H.T. 2007. *Cultural encounters in translated children's literature: Images of Australia in French translation*. Manchester: St Jerome.
- Frost, E. 2019. The planet's coolest jobs: children's book translator. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.lonelyplanet.com/kids/the-planets-coolest-jobs-childrens-book-translator/> [2019, 18 Julie].
- Geldenuys, K. 2015. Respekteer die bronteks en die skrywer. [Intyds]. Beskikbaar: <http://protea.bookslive.co.za/blog/2015/08/11/respekteer-die-bronteks-en-die-skrywer-kobus-geldenuys-deel-sy-goue-reel-vir-vertaling/> [2016, 15 Januarie].
- Gentzler, E. 1996. Translation, counter-culture, and the fifties in the USA, in Álvarez, R. & Carmen-África Vidal, M. (reds.). *Translation, power, subversion*. Clevedon: Multilingual Matters. 116-137.
- Gentzler, E. 2001. *Contemporary translation theories*. 2de uitgawe. Clevedon: Multilingual Matters.

- Gericke, L. 2011. Oskar en die baie honger draak. *Kaapse Bibliotekaris*, September-Oktober:29.
- Gericke, L. 2014a. Pensie spoeg vuur en ander draakstories. [Intyds]. Beskikbaar: <http://lonareviews.blogspot.com/2014/> [2019, 9 Julie].
- Gericke, L. 2014b. Stalmaats, spookstories, 'n eiland avontuur. [Intyds]. Beskikbaar: <http://lonareviews.blogspot.com/2014/> [2019, 9 Julie].
- Gericke, L. 2015a. Dapper klein mol. *Kaapse Bibliotekaris*, Julie-Augustus:58.
- Gericke, L. 2015b. Van de Vendel, Edward: En toe kom Tom. [Intyds]. Beskikbaar: <http://lonareviews.blogspot.co.za/2015/09/uitmuntende-vertaalde-boeke-van-protea.html> [2019, 9 Julie].
- Gericke, L. 2015c. Oorlogwinter. [Intyds]. Beskikbaar: <http://lonareviews.blogspot.com/2015/> [2019, 9 Julie].
- Gericke, L. 2016a. Harry Griesel vergesel Padda van Max Velthuijs. [Intyds]. Beskikbaar: <http://lonareviews.blogspot.com/2016/10/> [2019, 9 Julie].
- Gericke, L. 2016b. Karel Krokodil en Willem Wreedaard ontmoet Jip en Janneke en tem 'n draak. [Intyds]. Beskikbaar: <http://lonareviews.blogspot.com/2016/09/> [2019, 9 Julie].
- Gericke, L. 2018. Paterson, Katherine: Brug na Terabithia. [Intyds]. Beskikbaar: <http://lonareviews.blogspot.com/2018/04/> [2019, 9 Julie].
- German Children's Literature Award – Deutscher Jugendliteraturpreis. 2019. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.jugendliteratur.org/english-key-facts> [2019, 9 Julie].
- Gewilde kinderboeke word bekroon. 2009. *Ons Stad*, 16 April:8.
- Ghesquiere, R. 1993. *Het verschijnsel jeugdliteratuur*. Leuven: Acco.

- Ghesquiere, R. 2006. Why does children's literature need translations? in Van Coillie, J. & Verschueren, W.P. (reds.). *Children's literature in translation: Challenges and strategies*. Manchester: St Jerome. 19-33.
- Goethe Institut. Translation Grant Programme. 2019. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.goethe.de/en/uun/auf/lit/eub.html> [2019, 30 Junie].
- Golden Kite Award. [S.a.]. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.scbwi.org/awards/golden-kite-award/> [2019, 9 Julie].
- Göthe. 1897. (vert.). Blomme in freemde lande gepluk: Di hyde-rosi, deur Jaduto. *Ons Klyntji*, November:195.
- Gouanvic, J.M. 2005. A Bourdieusian theory of translation, or the coincidence of practical instances: Field, "habitus", capital and "illutio". *The Translator*, 11(2):147-166.
- Greeff, R. 2003. Vuurslag-spoed! *Insig*, 30 September:78.
- Greyling, F. 2007. Die baie lewens van Balkie: Tegnologie, kinderliteratuur, grense, hibriditeit. *Stilet*, 19(2):144-161.
- Greyling, F. 2009a. Die skepping van die fiksionele wêreld in kinder- en jeugliteratuur deur middel van die kreatiewe gebruik van paratekstuele elemente. *Mousaion*, Spesiale Uitgawe 1:209-226.
- Greyling, F. 2009b. Duitse prenteboek vertaal vir kieskeuriges. *Rapport*, 1 November:7.
- Griebenow, F. 2019. Persoonlike korrespondensie. Vrydag, 2 Augustus.
- Griffels en Penselen 2018. 2018. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.cpnb.nl/campagnes/griffels-en-penselen-2018> [2019, 9 Julie].
- Grobler, P. 2004. 'n Ondersoek na betekenis in prenteboeke vanuit 'n vertaalteoretiese perspektief: Met spesiale verwysing na illustrasies vir die werk van Annie M.G.

Schmidt en ander herskrywing tussen Afrikaans en Nederlands. MA-tesis.
Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Grolier sells South African Unit. [S.a.]. [Intyds]. Beskikbaar:

<https://www.upi.com/Archives/1988/08/02/Grolier-sells-South-Africanunit/5856586497600/> [2019, 9 Julie].

Grundling, E. 2004. Engel sonder brieke. *Insig*, 29 Februarie:70.

Gubar, M. 2011. On not defining children's literature. *The Modern Language Association of America*, 126(1):209-216.

Hade, D. 2002. Storyselling: Are publishers changing the way children read?
The Horn Book Magazine, September-Oktober 78(5):509-517.

Harker, R. 1984. On reproduction, habitus and education. *British Journal of Sociology of Education*, 5(2):117-127.

Harker, R. 1990. Bourdieu: Education and reproduction, in Harker, R., Mahar, C. & Wilkes, C. (reds.). *An introduction to the work of Pierre Bourdieu: The practice of theory*. Londen: Macmillan. 86-108.

Harmse, L. 2000. Potter-boeke dodelike slange. *Beeld*, 17 November:2.

Hatim, B. 2013. *Teaching and researching translation*. 2de uitgawe. Londen: Pearson.

Heilbron, J. 2010. Towards a sociology of translation: Book translations as a cultural world system, in Baker, M. (red.). *Critical readings in translation studies*. Routledge: Londen en New York. 306-316.

Heilbron, J. & Sapiro, G. 2018. Politics of translation: How states shape cultural transfers, in Roig-Sanz, D. & Meylaerts, R. (reds.). *Literary translation and cultural mediators in 'peripheral' cultures. Customs officers or smugglers?* Londen en New York: Palgrave Macmillan. 183-208.

- Hermans, T. 1985. Translation studies in a new paradigm, in Hermans, T. (red.). *The manipulation of literature: Studies in literary translation*. New York: St Martin's Press. 7-15.
- Hermans, T. 1994. Disciplinary objectives: The shifting grounds of translation studies, in Nistal, P.F & Gozalo, J.M.B. (reds.). *Perspectivas de la traducción Inglés/Español. Tercer curso superior de traducción*. Valladolid: Universiteit van Valladolid. 9-26.
- Hermans, T. 1996. Norms and the determination of translation: A theoretical framework, in Álvarez, R. & Carmen-África Vidal, M. (reds.). *Translation, power, subversion*. Clevedon: Multilingual Matters. 25-49.
- Hermans, T. 1999. *Translation in systems: Descriptive and system-oriented approaches explained*. Manchester: St Jerome.
- Heyns, N. 2008. Ontmoet Hoi Hannelore se pa. *Boeke-Insig*, 1 April:62.
- Hillier, J. & Rooksby, E. (reds.). 2005. *Habitus: A sense of place*. Aldershot: Ashgate Publishing.
- Hough, B. 1992. 'n Jeugverhaal is mos 'n ordentlike boek! *Die Burger*, 30 Junie:5.
- Hough, S. 2011. Tove Jansson se fantasie-vallei: Die gewilde Moemin is terug in Afrikaans! [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.storiewerf.co.za/artikels-dinkskrum/moemin.htm> [2019, 30 Junie].
- House, J. 1997. *Translation quality assessment: A model revisited*. Tübingen: Gunter Narr.
- Hugo, D. 2007. Die vertaler bly immer 'n verraaiër. *Die Burger*, 6 Augustus:11.
- Hugo, P. 2004. *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom. Konferensie oor Afrikaanse kinderen jeugliteratuur*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.westerncape.gov.za/text/2004/4/05_bookworld_jan04.pdf [2014, 31 Januarie].
- H&R se helder halfeeue. 2009. *Boeke-Insig*, 1 April:38.

Human & Rousseau: Oor die boek. 2009. [Intyds]. Beskikbaar:

<http://www.humanrousseau.com/Books/12485> [2019, 31 Julie].

Hunt, P. 1991. *Criticism, theory and children's literature*. Oxford: Basil Blackwell.

Hunt, P. 2005. Introduction: The expanding world of children's literature studies, in Hunt, P. (red.). *Understanding children's literature*. 2de uitgawe. Londen: Routledge. 1-14.

IBBY Honour List. [S.a.]. [Intyds]. Beskikbaar: www.ibby.org/awards-activities/awards/ibby-honour-list/ [2019, 30 Junie].

Inghilleri, M. 2005. The sociology of Bourdieu and the construction of the "object" in translation and interpreting studies. *The Translator*, 11(2):125-145.

Institut Français Afrique du Sud: Books – Publishing Support. [S.a.]. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.ifas.org.za/index.php/books/publishing-support/623-books-publishing-support> [2019, 30 Junie].

Jacobs, J. 2006. Kuifie, Knikkie & kie praat Afrikaans. *Taalgenoot*, 1 April:19.

Jacobs, J. 2007. Trompie & kie hier om te bly. *Taalgenoot*, 1 April:28.

Jacobs, J. 2014. Boeke is my speelplek. *Rapport*, 6 April:27

Jakobson, R. 1960. Linguistics and poetics, in Sebeok, T. (red.). *Style in Language*. Cambridge: MIT Press. 350-377.

John Fardell wins the Scottish Children's Book Awards! [S.a.]. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.andersenpress.co.uk/john-fardell-wins-the-scottish-childrens-book-awards/> [2019, 9 Julie].

Johnson, R. 1993. Editor's introduction: Pierre Bourdieu on art, literature and culture, in Bourdieu, P. *The field of cultural production: Essays on art and literature*. Cambridge: Polity Press. 1-25.

- Jonck, S. 2013. Jeug- en tienerverhale in Afrikaans vertaal. *Kaapse Bibliotekaris*, September-Oktober:26.
- Jordaan, M. 2003. Potter-hulle praat weer Afrikaans: 'Orde van die Feniks' verskyn vandeeweek. *Beeld*, 28 Oktober:8.
- Kaapse uitgewer 100 jaar oud. 1993. *Die Burger*, 6 April:8.
- Kannemeyer, J.C. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur. Deel II*. Pretoria: Human & Rousseau Academica.
- Kannemeyer, J.C. 1984. Die geskiedenis van die Afrikaanse literatuur. Band 1. [Intyds]. Beskikbaar: https://www.dbnl.org/tekst/kann003gesk01_01/kann003gesk01_01_0011.php [2018, 13 September].
- Keller, B. 1993. Transition in Africa: American culture (and goods) thrive in South Africa. *The New York Times*, 25 September [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.nytimes.com/1993/09/25/world/transition-in-africa-american-culture-and-goods-thrive-in-south-africa.html> [2016, 5 September].
- Kinderboek-pryse onder skoot. 1989. *Die Burger*, 4 Augustus:6.
- Kinderboektoekennings. 2009. *Taalgenoot*, 1 November:35.
- King, A. 2000. Thinking with Bourdieu against Bourdieu: A 'practical' critique of the habitus. *Sociological Theory*, November 18(3):417-433.
- Kleyn, L. 2013. 'n Sisteemteoretiese kartering van die Afrikaanse literatuur vir die tydperk 2000-2009: Kanonisering in die Afrikaanse literatuur. PhD-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Kleyn, L. & Snyman, M. 2010. "Haai, Jaco Jacobs! Wanneer skryf jy 'n regte boek?" 'n Bestekopname van Afrikaanse kinder- en jeugboeke (1999-2009). *Mousaion*, 28(2):26-49.

- Klingberg, G. 1986. *Children's fiction in the hands of the translators*. Lund: Gleerup.
- Kok, F. 1991. Alle uitgewers skryf in vir ATKV-prys. *Beeld*, 16 Augustus:5.
- Koning van Katoren. 2011. *Kaapse Bibliotekaris*, Mei-Junie:31.
- Kruger, H. 2010. The translation of children's literature in the South African educational context. DPhil-verhandeling. Johannesburg: Universiteit van die Witwatersrand.
- Kruger, H. 2012. *Postcolonial polysystems: The production and reception of translated children's literature in South Africa*. Amsterdam en Philadelphia: John Benjamins.
- Kruger, J.A. 1991. *Kinderkeur: 'n Gids tot bekroonde Suid-Afrikaanse kleuter-, kinder- en jeugboeke tot 1989*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Kuhiwczak, P. & K. Littau (reds.). 2007. *A companion to translation studies*. Clevedon: Multilingual Matters.
- Lacey, J. 2014. Goth Girl and the ghost of a mouse – review. *The Guardian*, 4 Januarie. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.theguardian.com/books/2014/jan/04/goth-girl-ghost-mouse-riddell-review> [2019, 30 Junie].
- La Fontaine. 1905. (vert.). Di kraai en di jakhals, deur Lasaticus. *Ons Klyntji*, Desember:16.
- LAPA Uitgewers. 2015. IBBY-toekennings: LAPA groei van trots. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.litnet.co.za/ibby-toekennings-lapa-groei-van-trots/> [2019, 30 Junie].
- Lathey, G. 2006a. Introduction, in Lathey, G. (red.). *The translation of children's literature: A reader*. Clevedon: Multilingual Matters. 1-12.
- Lathey, G. 2006b. The translator revealed: Didacticism, cultural mediation and visions of the child reader in translators' prefaces, in Van Coillie, J. & Verschueren, W.P.

(reds.). *Children's literature in translation: Challenges and strategies*. Manchester: St Jerome. 1-18.

Lathey, G. 2016. *Translating children's literature: Translation practices explained*. Londen en New York: Routledge.

Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. 2013. *Practical research planning and design*. 10de uitgawe. Boston: Pearson.

Lefevere, A. 1982. Mother Courage's cucumbers: Text, system and refraction in a theory of literature, in Venuti, L. 2004. (red.). *The translation studies reader*. 2de uitgawe. New York en Londen: Routledge. 239-255.

Lefevere, A. 1985. Why waste our time on rewrites? The trouble with interpretation and the role of rewriting in an alternative paradigm, in Hermans, T. (red.). *The manipulation of literature: Studies in literary translation*. New York: St. Martin's Press. 215-243.

Lefevere, A. 1992. *Translation, rewriting, and the manipulation of literary fame*. Londen en New York: Routledge.

Le Roux, J. de V. 1986. 'n Kort oorsig van die geskiedenis van die Afrikaanse kinderliteratuur, in Hölscher, M. (red.). *Doer-Land-y: Suid-Afrikaanse geïllustreerde kinderboeke*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Kunsmuseum. 4-10.

Le Roux, M. 2000. Afrikaanse 'Potter' is welkome oplewing. *Die Burger*, 10 Mei:9.

Le Roux, M. 2002a. Geniale spanpoging lei almal na sprokiesland. *Die Burger*, 8 Julie:9.

Le Roux, M. 2002b. Gevierde Annie Schmidt praat nou ook Afrikaans. *Die Burger*, 29 April:11.

Lesnik-Oberstein, K. 1999. Essentials: What is children's literature? What is childhood? in Hunt, P. (red.). *Understanding children's literature*. Londen: Routledge. 15-29.

- Lessing-Venter, N. 2019. Humor in kinderliteratuur: 'n Beskouende ondersoek na enkele soorte humor en die waarde van humor in fiksietekste vir kinders. *LitNet Akademies*, Jaargang 16(1):341-366.
- Lohann, C. 1972. Die bekroonde kinderboek en die aanvaarding daarvan deur die kind, met spesiale verwysing na Suid-Afrika. DPhil-verhandeling. Potchefstroom: Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- Lohann, C. 1977. *C.P. Hoogenhout-toekenning, 1960-1975*. Potchefstroom: Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging.
